Theophostic Prayer Ministry (TPM):
'n Prakties-teologiese beoordeling

JOHANNES URBANUS BOTHA
M.Th. (Diakoniologie); B.Th.; B.A.Hons. (Wysbegeerte); B.A. (Admissie)

Studentenommer: 13133306

Proefskrif voorgelê vir die graad
Philosophiae Doctor in Pastoraal
aan die
Noordwes-Universiteit
(Potchefstroomkampus)

Promotor: Prof. dr. G.A. Lotter

November 2008

VOORWOORD EN BEDANKINGS

Die mens en sy psigologiese samestelling het my van kleins af gefassineer. Daarom was Psigologie een van die hoofvakke wat ek op universiteit geneem het tydens my voorbereiding vir die Woordbediening in die NG Kerk. Ten spyte van my waardering vir die vakgebied, het ek op daardie stadium 'n impasse met die Psigologie beleef. Ek het naamlik gewens dat die probleme wat gediagnoseer word, nóg beter en nóg vinniger opgelos kon word. In die jare 1979 en 1980 het ek die boeke van Betty Tapscott (1975) en Ruth Carter-Stapleton (1977) oor innerlike genesing te lese gekry. Innerlike genesing, of die sogenaamde "healing of memories," was die antwoord op my soeke! Sedertdien het ek die beginsels van innerlike genesing met groot vrug in rehabilitasie-werk met alkoholiste en dwelmverslaafdes gebruik, sowel as in die pastorale deel van my gemeentewerk wat ek vanaf 1995 voltyds doen.

Toe ek dus in 2003 van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) as 'n model van innerlike genesing kennis geneem het, was ek dadelik geïnteresseerd om dit verder te ondersoek. Vanuit my kontak met innerlike genesing het ek aangeneem dat die leerstellige en lewensbeskoulike vertrekpunte van innerlike genesing, en daarom ook van TPM, reformatories-Skriftuurlik suiwer sou wees. Hierdie veronderstelling moes egter wetenskaplik getoets word. My primêre doel met die navorsing was dus om te kontroleer of die leerstellige en filosofiese grondslae sowel as praktyk van TPM reformatories-Skriftuurlik suiwer is. Sou dit aangetoon kon word dat TPM wel reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar is, dan kan die navorsing daartoe bydra dat die totale veld van innerlike genesing meer toeganklik vir die gereformeerde pastorale bediening raak.

'n Sekondêre doel met die navorsing was om persoonlik onderlê te raak in TPM en om te kontroleer of dit nie op een of ander manier verbeter, verdiep, aangevul of moontlik gekorrigeer kan of moet word nie. Die verhelderings wat die studie sou oplewer, sou daardie vraag beantwoord.

Die finale bevindinge van die studie dui daarop dat TPM wel as innerlike genesingsmetode vir die gereformeerde pastorale praktyk aanbeveel kan word. Verder word daar ook verskillende voorstelle gemaak ter verbetering van TPM na sy teorie, praktyk en konteks.

Vervolgens wil ek graag die volgende persone en instansies wat 'n aandeel in hierdie navorsing gehad het, bedank:

- My promotor, professor George Lotter, vir sy aandeel om my aan *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) bekend te stel. Sy volgehoue geloof in my en my vermoë, sy bekwame en stimulerende begeleiding dwarsdeur die studie, sy inisiatiewe om my aan stimulerende leergeleenthede bloot te stel, sy voortdurende pastorale steun ten tyde van beproewing en sy aandeel daarin dat uiteindelik twee beurse aan my beskikbaar gestel is, word hoog op prys gestel.
- Die instansies wat die beurse aan my beskikbaar gestel het, naamlik die Noordwes-Universiteit en die department van Praktiese Teologie aan die Fakulteit Teologie.
- Die personeel van die Ferdinand Postma en Teologiese biblioteke, die Fakulteit Teologie en die Administratiewe afdeling van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) verdien almal 'n warm applous vir hul opvallende vriendelike, bekwame en behulpsame dienslewering.
- Dr. Yvonne Campbell-Lane, wat as eksterne kontroleerder van die navorsing opgetree het, en my deurgaans met raad en daad bygestaan het. Haar entoesiastiese ondersteuning en ywer vir die saak van TPM het ewigheidswaarde.
- Mary van der Walt en Karen Hayward, onder wie se fasilitering ek die basiese en eerste gevorderde kursusse in TPM deurloop het en wat ook beradend by my betrokke was. Karen Hayward het ook kontakbesonderhede van "*Theophostic* mense" in Suid-Afrika aan my beskikbaar gestel.
- Dr. Christo Cloete en sy vrou Marie-Lou, wat op my inisiatief gedurende Februarie 2005 'n naweek van innerlike genesing op Klerksdorp gefasiliteer het, maar wat in April 2005 deur waarskynlik rowers in hul huis te Pretoria-Noord vermoor is. Ek bring hulde aan twee besondere Christene wat as kliniese psigoloë vir my en talle ander mense tot groter innerlike heelheid begelei het.
- Alle deelnemers aan die empiriese studie, sowel as ander persone wat mondelinge mededelings aan my gedoen het, byvoorbeeld George McCormack, Tina Dirks en Welly den Hollander, sowel as pastoor Trevor Kidwell.
- Mense wat met die taalversorging en tegniese afwerking van die navorsingsverslag gehelp het, by name dr. Elmine Smith van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie in Welkom, Carina van der Walt, voorheen van Klerksdorp, asook Ria Groenewald van Welkom verdien 'n spesiale dankwoord.
- Gemeentelede uit die twee gemeentes waar ek gedien het tydens hierdie navorsingsprojek, naamlik die NG Kerk Klerksdorp-Noord en die NG Kerk Dagbreek in Welkom, dankie vir jul getroue belangstelling, voorbidding en steun.

- My skoonouers, Peet en Johanna Drotskie, wat ons onderskeidelik in 2003 en 2007 ontval het, wil ek ook huldig vir hul voortdurende ondersteuning en voorbidding ten tyde van hul lewe ten opsigte van my akademiese belangstellings en verdere studie.
- My ouers, Attie en Rina Botha, dankie vir julle volgehoue belangstelling, gebede en ondersteuning tydens hierdie navorsing.
- Alle ondersteuners, vriende en familie wat op een of ander wyse vir my en ons gesin in hierdie tyd van studie op die hande gedra het, baie dankie.
- Aan my vrou, Marietjie, asook ons kinders Rikus, Ruan en Natanya en ons skoondogter Anelda, wat my weens gemeentewerk en die studie oor jare ontbeer het, 'n besondere dankie vir julle begrip, liefde en bystand.
- Aan ons hemelse Vader, baie dankie dat ek myself kon bekwaam in *Theophostic Prayer Ministry*, vir die beurse wat deurslaggewende finansiële voorsienings gebied het, en dat dit my beskore was om hierdie studie te onderneem en 'n bydrae te lewer tot die teoretiese besinning oor en die praktyk van innerlike genesing.

OPSOMMING EN SLEUTELTERME

Theophostic Prayer Ministry (TPM):
'n Prakties-teologiese beoordeling

Theophostic Prayer Ministry (TPM) is 'n unieke benadering van innerlike genesing wat in 1996 deur dr. Ed Smith van Campbellsville, Kentucky ontwikkel is. Die term *Theophostic* is 'n samestelling van die twee Griekse woorde *Theos* (God) en *phos* (lig). Daarmee word na die kernaspek van die bediening verwys waartydens God aan die beradene lig gee ten einde sy of haar letsels uit die verlede te belig en te genees.

TPM het bekend geraak as 'n besondere effektiewe metode vir die herstel van trauma en ander ervaringsgebaseerde probleme. Die probleem wat deur verskeie evalueerders van TPM egter aan die lig gebring is, is dat die reformatories-Skriftuurlike suiwerheid van die leerstellige en filosofiese uitgangspunte van die teorie en praktyk daarvan in twyfel getrek word. Eksponente van die anti-psigologie beweging, soos Martin en Deidre Bobgan, is uiters veroordelend in hul kritiek teenoor TPM en veral die feit dat Smith waarskynlik van insigte, konsepte en tegnieke uit die psigologie gebruik gemaak het.

In die literatuurstudie oor die tema het dit geblyk dat die gereformeerde pastorale bediening relatief arm is aan teoretiese besinning oor en die praktiese implementering van die bediening van innerlike genesing en derhalwe ook TPM. Die navorsing se eerste hoofoogmerk was daarop gefokus om wetenskaplik vas te stel of die leerstellige en filosofiese uitgangspunte sowel as praktyk van TPM reformatories-Skriftuurlik suiwer is. Sou die data hierdie veronderstelling positief bevestig, dan het die gereformeerde pastorale praktyk in TPM een moontlike innerlike genesingsmetode om van gebruik te maak. Sou die navorsingsgegewens op die teendeel dui, kan die nodige regstellings aangebring word.

'n Tweede hoofoogmerk van die navorsing was om vas te stel hoe die teorie, praktyk en selfs die konteks van TPM moontlik gedien kan word deur nuwe lig wat die navorsing oplewer.

In die navorsingsmetodologie is besluit om net eers die eerste praktykteorie van TPM op te som. Op metateoretiese vlak is daarna 'n kwalitatiewe empiriese studie oor TPM gedoen, sowel as 'n vergelykende ondersoek na 'n ewe suksesvolle psigoterapeutiese metode vir die behandeling van

trauma en ervaringsgebaseerde probleme, naamlik *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR). In 'n derde metateoretiese hoofstuk is TPM en enkele kritici in die lig van die Wysbegeerte van die Wetsidee geëvalueer. Daarna is die data van hierdie metateoretiese hoofstukke in 'n hermeneutiese gesprek gestel met die eerste praktykteorie en al die kritiek, sowel as die reformatoriese teologiese tradisie.

Die finale bevindinge van die navorsing dui daarop dat TPM wel as reformatories-Skriftuurlik aanvaarbare innerlike genesingsmetode vir die gereformeerde pastorale praktyk aanbeveel kan word en dat verskillende verbeterings vir die TPM teorie, praktyk en konteks voorgestel kan word, wat teen die einde van die studie gedoen is.

Sleutelterme:

- Anti-psigologie Beweging
- *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR)
- Innerlike genesing
- *Theophostic Prayer Ministry* (TPM)
- Wysbegeerte van die Wetsidee

SUMMARY AND KEY TERMS

Theophostic Prayer Ministry (TPM): A practical theological evaluation

Theophostic Prayer Ministry (TPM) is an unparalleled method of inner healing which was developed in 1996 by Dr. Ed Smith of Campbellsville, Kentucky. The term *Theophostic* is formed by a combination of two Greek words, namely *Theos* (God) and *phos* (light). God's light refers to the central aspect of the ministry during which God gives his light to the counsellee in order to expose the emotional wounds from the person's past and to heal it.

TPM became known as a method which is exceptionally effective in treating trauma and experience-based problems. Several evaluators of TPM, however, raise questions concerning the doctrinal and philosophical soundness of the base of TPM's theory and practice. Exponents of the anti-psychology movement, like Martin and Deidre Bobgan, are exceedingly condemning in their critique of TPM, and particularly the fact that Smith probably had used insights, concepts and techniques from psychology.

In researching the literature on the subject, it was found that the reformed pastoral ministry is relatively lacking in theoretical reflection on and practical implementation of the ministry of inner healing, TPM included. The first main purpose of the research was to scientifically determine whether the doctrinal and philosophical points of departure as well as practice of TPM were sound according to the reformative Scriptural standard. Should the research data indicate that TPM is acceptable in this respect, then the reformed pastoral practice have found at least one method of inner healing to make use of. Should the research data point to the contrary, then the necessary corrections can be done accordingly.

The second main purpose of the research was to determine how the theory, practice and even context of TPM can possibly be served by the new light which the research may shed upon it.

In the research methodology it is decided to firstly summarize the practical theory of TPM. This was followed on a meta-theoretical level by a qualitative empirical research on TPM, as well as a comparative study on *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR), an evenly highly

successful psychotherapeutic treatment method for trauma and experience-based problems. In a third meta-theoretical chapter TPM and some of its critics are evaluated in accordance with the Philosophy of the Cosmonomic Idea. Following that, the data of the meta-theoretical chapters were compared in a hermeneutical way with the first practical theory of TPM and all its critique, as well as the reformative theological tradition.

The final conclusions of the research indicate that TPM can be recommended to the reformed pastoral ministry as a reformative Scripturally sound method for inner healing and that the TPM theory, practice and context can be improved on several points as has been suggested in the study.

Key terms:

- Anti-pscyhology Movement
- Eye Movement Desensitization and Reprocessing (EMDR)
- Inner healing
- Philosophy of the Cosmonomic Idea
- Theophostic Prayer Ministry (TPM)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING **1**

1.1 AGTERGROND **1**

1.2 PROBLEEMSTELLING **2**

1.2.1 Stand van navorsing oor TPM en innerlike genesing 2

1.2.2 Aansprake van TPM 4

1.2.3 Empiriese studies bevestig TPM se aansprake op sukses 5

1.2.4 Skeptisisme vanuit die Christengemeenskap jeens TPM vra om verrekening 6

1.2.5 Navorsing oor innerlike genesing bevestig die leemtes, voorbehoude en moontlikhede ten opsigte van TPM 8

1.2.5.1 Leemtes 8

1.2.5.2 Voorbehoude 8

1.2.5.3 Moontlikhede 9

1.2.6 Behoefte aan 'n bevredigende wetenskaplike integrerings- en verwysingsraamwerk 9

1.2.7 Die navorsingsvraag 9

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE **10**

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT **11**

1.5 METODOLOGIE **11**

1.5.1 Die navorser se vertrekpunte 11

1.5.1.1 Die model van Zerfass as voorbeeld van 'n korrelatiewe benadering 12

1.5.2 Die navorsingsplan 13

1.5.3 Metodes 16

1.5.4 Ander tegniese aspekte 17

1.6 HOOFSTUKINDELING **18**

HOOFSTUK 2

DIE FILOSOFIE, TEORIE EN PRAKTYK VAN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM) **19**

2.1 DIE FILOSOFIE VAN SMITH EN TPM **19**

2.1.1 Die geloofsverklaring van Smith, stigter van TPM 20

2.1.1.1 Smith se onderskeid tussen kernsake en randsake 23

2.1.2 Die ontstaan van TPM 23

2.1.3 Die definiëring van TPM 27

2.1.3.1 Is TPM berading, bediening of moontlik terapie? 27

2.1.3.2 TPM as "ware herstel" teenoor "taamlike herstel" 29

2.1.3.3 TPM gaan oor God wat lig gee in duisternis 30

2.1.3.4 TPM behels die vervanging van leuens met waarheid 31

2.1.3.5 TPM is 'n proses van Godgewerkte wonders 32

2.1.3.6 Is TPM innerlike genesing of gemoedsvernuwing? 33

2.1.3.7 Verskeie aanduidings ("disclaimers") van wat TPM nié is nie 34

2.1.4 Aanduidings van TPM se persoonlikheidsteorie 35

2.1.4.1 Terapeutiese en/of pastorale modelle waarby TPM moontlik aansluit 35

2.1.4.2 'n Peiling van TPM se basiese persoonlikheidsteorie 36

2.2 DIE TEORIE VAN TPM **37**

2.2.1 Die fundamentele voorveronderstellings van TPM 37

2.2.2 Die belangrikste basiese beginsels van TPM 38

2.2.3 Die oorspronklike leuen is die oorsprong van die emosionele pyn 44

2.2.3.1 Die ontstaan van die leuens 44

2.2.3.2 Die impak van hierdie leuens in ons lewens 45

2.2.3.3 Kategorieë leuens 47

2.2.3.4 Soorte leuens 47

2.2.4 Nie alle gemoedspyn is aan leuens te wyte nie 47

2.2.5 Sondegebaseerde en leuengebaseerde teologie 49

2.2.5.1 'n Verskeidenheid oortuigings lê ten gronde aan die sondegebaseerde benadering 50

2.2.6 TPM en die kerk 51

2.2.6.1 Die kerk sukkel om die bonatuurlike of wonderbaarlike te aanvaar 51

2.2.6.2 Die kerk se fundamentele hindernisse ten opsigte van die aanvaarding van innerlike genesing of gemoedsvernuwing 52

2.2.6.3 Die kerk het steeds die opdrag om verwondes te bedien 54
2.2.7 Gemoedsvernuwing as die kern van innerlike genesing 54
2.2.7.1 'n Trichotomiese mensbeeld onderliggend aan die *Theophostic* model 55
2.2.7.2 Verlossing as 'n proses wat in stadiums voltrek word 55
2.2.7.3 Heiligmaking word as 'n "openbaring" eerder as 'n "wording" beskou 56
2.2.7.4 TPM help op sielsvlak met die regstelling van innerlike verwonding 56
2.2.7.5 Merktekens dat ware gemoedsgenesing plaasgevind het 56
2.2.7.6 Konsekwensies as gemoedsvernuwing nie plaasvind nie 57
2.2.8 Die rol van vergifnis in die *Theophostic* proses 58

2.3 DIE PRAKTYK VAN TPM 59
2.3.1 Wat TPM nie kan doen nie 59
2.3.2 Hindernisse ten opstigte van gemoedsvernuwing 60
2.3.3 Die hou van aantekeninge 60
2.3.4 Die prosedure tydens 'n tipiese TPM sessie 61
2.3.5 Die rol van die fasiliteerder 67
2.3.5.1 Spesifieke rolle van die TPM bedienaar 67
2.3.5.2 Persoonlike voorbereiding vir 'n *Theophostic* sessie 68
2.3.6 Geestelike gesag en "oorlogvoering" 69

2.4 DIE BELANGRIKSTE KRITICI VAN TPM 70
2.4.1 Die belangrikste antagoniste van TPM 70
2.4.1.1 Martin en Deidre Bobgan 70
2.4.1.2 *Community Evangelical Free Church* 71
2.4.1.3 Bryan N. Maier en Philip G. Monroe 72
2.4.1.4 David N. Entwistle 72
2.4.1.5 Jan Fletcher 73
2.4.2 Die belangrikste protagoniste van TPM 75
2.4.2.1 Terry en Julie Zuehlke 75
2.4.2.2 Karl en Charlotte Lehman 75
2.4.2.3 Dwight A. Clough 76
2.4.2.4 Fernando Garzon en kollegas 77

2.5 SAMEVATTING 77

HOOFSTUK 3

'N VERGELYKENDE ONDERSOEK NA E*YE MOVEMENT DESENSITIZATION AND REPROCESSING* (EMDR) TER VERHELDERING VAN TPM 79

3.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK 79

3.2 PSIGOLOGIE 81
3.2.1 Definisie van psigologie 82
3.2.2 Die hoofdenkskole van psigologie 82
3.2.2.1 Die eerste mag: Natuurwetenskaplike en behavioristiese psigologie 82
3.2.2.2 Die tweede mag: Psigoanalise 83
3.2.2.3 Die derde mag: Eksistensialisme, fenomenologie en humanistiese psigologie 84
3.2.2.4 Die vierde mag: Transpersoonlike of spirituele psigologie 85

3.3 TRAUMATEORIE 87
3.3.1 Inleiding tot die traumateorie 87
3.3.2 Historiese perspektiewe op traumateorie 88
3.3.3 Diagnostiese klassifisering van enkele stresverwante psigologiese probleme 91

3.4 *EYE MOVEMENT DESENSITIZATION AND REPROCESSING* (EMDR) 94
3.4.1 Die naam en definiëring van EMDR 94
3.4.2 Die agtergrond en ontstaan van EMDR 96
3.4.3 Wetenskaplike begronding en erkenning van EMDR as psigoterapeutiese benadering 97
3.4.3.1 Evaluerende opmerkings oor die metingskale van TPM en EMDR 100
3.4.4 Basiese waarnemingskomponente waarmee EMDR werk 101
3.4.5 Praktiese stappe van die EMDR agt-fase prosedure 103
3.4.6 Verklarings oor die rol van die oogbewegings en ander duale stimulasies 106
3.4.6.1 Dekondisionering van traumatiese ervaringsinformasie volgens die behavioristiese model 106
3.4.6.2 Breinstaatveranderinge op neurobiologiese vlak 107
3.4.6.3 'n Oriënteringsrespons en bi-laterale neurale integrasie 107
3.4.7 Versnelde informasieprosesseringsteorie (VIP) as werkingshipotese vir EMDR 109
3.4.7.1 Die belangrikste onderskeidende kenmerke van die VIP model 111
3.4.8 'n Samevoeging van psigoterapeutiese benaderings in EMDR en TPM 115

3.4.8.1 Is TPM totaal nuut of leen dit tog by bestaande psigoterapeutiese en ander modaliteite? 126

3.5 'N VERGELYKING TUSSEN EMDR EN TPM 127
3.5.1 Ooreenkomste tussen EMDR en TPM 127
3.5.2 Belangwekkende (uniekhede by en) verskille tussen EMDR en TPM 128
3.5.3 Verdere verskille tussen TPM en EMDR (soos aangeteken deur die Lehmans) 130
3.5.4 'n Evaluering na aanleiding van die vergelyking van EMDR en TPM 131

3.6 VERHELDERING VAN TPM TEORIE EN PRAKTYK VANUIT DIE EMDR ONDERSOEK 133
3.6.1 Bevestigings vir TPM 134
3.6.1.1 TPM se "more than tolerable" en "maintenance-free victory" kom ook by EMDR voor 134
3.6.1.2 Daar is algemene bevestiging vir TPM se huis-met-twee-kamers-teorie 134
3.6.1.3 TPM konsepte, faktore en prosedures vind bevestiging in soortgelyke EMDR elemente 135
3.6.1.4 TPM se eklektiese metode vind bevestiging, selfs aanbeveling, in EMDR se integrering 135
3.6.2 Aanvullings, verrykings en/of verdiepings vir TPM 136
3.6.2.1 Benut EMDR se versnelde informasieprosesseringsteorie om TPM se werkingsteorie te verryk en/of te verdiep 136
3.6.2.2 Ondersoek alternatiewe wyses vir die teruggaan na pynlike herinneringe naas die "emosionele rookspoor," na aanleiding van EMDR se beligting van assosiatiewe netwerke en patrone 137
3.6.2.3 Benut TPM meer effektief vir die opbou van beradenes se interne bronne (vertroue in self, God, die berader en metode) volgens 'n soortgelyke aanwendingsmoontlikheid van EMDR 138
3.6.2.4 Voorkom hertraumatisering met TPM deur aanvullende gebruik van EMDR tegnieke 139
3.6.2.5 Genees veelvuldige trauma deur "saambondeling" van soortgelyke insidente, soos by EMDR 140
3.6.3 Korrigerings of aansuiwerings ten opsigte van TPM 141
3.6.3.1 Balanseer die TPM faset van "God wat lig gee" deur kennisname van twee uniekhede by EMDR 141

3.6.3.2 EMDR belig moontlike eensydighede in TPM se waardering en prosessering van kognisies én emosies 143

3.7 SAMEVATTING 147

HOOFSTUK 4
'N EMPIRIESE STUDIE OOR *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM) 148

4.1 DIE NAVORSINGSPROBLEEM 148

4.2 DIE NOODSAAK VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK 149

4.3 DIE KEUSE VIR 'N KWALITATIEWE EMPIRIESE ONDERSOEK 151
4.3.1 Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing 152
4.3.2 Rasionaal vir die keuse van 'n kwalitatiewe benadering gebaseer op 'n vergelyking 153
4.3.3 Die metode van semi-gestruktureerde in-diepte onderhoudvoering 156

4.4 INTERNE EN EKSTERNE GELDIGHEID VAN NAVORSING 158
4.4.1 Interne geldigheid en moontlike kontroles 159
4.4.2 Eksterne geldigheid en moontlike kontroles 161

4.5 DIE SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF 163
4.5.1 Die grootte van 'n kwalitatiewe steekproef 163
4.5.2 Kriteria vir 'n TPM doelgerigte en "simbolies-verteenwoordigende" steekproef 164
4.5.3 Etiese kwessies en reëlings volgens die Fakulteit Teologie se Etiekkomitee 166

4.6 DIE ONTWERP VAN 'N ONDERHOUDSKEDULE (SIEN BYLAAG B) 167
4.6.1 Wenke vir onderhoudvoering en onderhoudskedules 168
4.6.2 'n Uitgangsperspektief en 'n middelstap 169
4.6.2.1 'n Uitgangsperspektief 169
4.6.2.2 'n Middelstap 170
4.6.3 Die onderhoudskedule(s) 171

4.7 DIE ONDERHOUDVOERING EN TRANSKRIBERING VAN ONDERHOUDE 174
4.7.1 Die onderhoude 174
4.7.2 Die transkribering 177

4.8 AGTERGRONDINLIGTING EN DIE DATA-ONTLEDINGSPROSES 177
4.8.1 Agtergrondinligting van die deelnemers 177
4.8.2 Die data-ontledingsproses 179

4.9 DIE WEERGAWE VAN DIE GEËVALUEERDE EMPIRIESE GEGEWENS 182
4.9.1 Afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM praktyk 183
4.9.1.1 *Theophostic Prayer Ministry* "werk!" 183
4.9.1.2 Verstaan 'n tipiese *Theophostic* sessie beter 183
4.9.1.3 Enkele punte van kritiek is deels deur die verhelderende data weerlê 183
4.9.1.4 Meer lig oor hindernisse wat te doen het met "beskermende leuens" en rasionalistiese denke 184
4.9.1.5 'n Afwykende TPM benadering 184
4.9.1.6 'n Voorstel om hertraumatisering meer effektief te voorkom 185
4.9.1.7 Vereistes en wenke vir 'n effektiewe TPM berader 186
4.9.1.8 Verdere voorstelle ter verryking van die TPM beradingspraktyk 187
4.9.1.9 TPM beoefenaars beperk God nie tot slegs die TPM benadering nie 187
4.9.1.10 Daar heers 'n basiese tevredenheid met en aanvaarding van die TPM praktykteorie 188
4.9.2 Afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM teorie 188
4.9.3 Afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM konteks 191

4.10 TERUGSKOU EN SAMEVATTING 191
4.10.1 Tegniese probleme tydens onderhoudvoering 191
4.10.2 Interne en eksterne geldigheid 192
4.10.3 Samevatting van die hoofstuk 192

HOOFSTUK 5
'N FILOSOFIESE BEOORDELING VAN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM) IN DIE LIG VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE 194

5.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK 194

5.2 DIE HOOFSAKE RAKENDE DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE 197
5.2.1 Die basiese grondinsigte van die Wysbegeerte van die Wetsidee 198
5.2.2 Die leer van die modale aspekte 201
5.2.3 Die leer van die individualiteitstrukture 202
5.2.4 Die leer oor enkapsis of vervlegting 203
5.2.5 Die leer van die modale ontsluitingsproses 204

5.3 'N UITEENSETTING VAN DIE CHRISTELIKE WYSGERIGE ANTROPOLOGIE MET DIE OOG OP EVALUERING VAN 'N MOONTLIKE DETERMINISME BY TPM 205
5.3.1 Aktualiteit van die kritiek rakende 'n determinisme by TPM en innerlike genesing 206
5.3.2 Determinisme beoordeel in die lig van enkaptiese vervlegting en die onder- of onbewuste 207
5.3.2.1 Die mens as 'n religieuse hart en 'n enkaptiese vervlegting van vier individualiteitstrukture 208
5.3.2.2 Die mens se bewuste, onderbewuste en onbewuste lewe in samehang met ontsluiting 211
5.3.3 Verklarende opmerkings wat betref TPM en innerlike genesing 213
5.3.3.1 TPM en innerlike genesing bou nie op 'n deterministiese antropologie nie 213
5.3.3.2 TPM teorie en praktyk vertoon 'n definitiewe nie-deterministiese antropologie 215
5.3.4 'n Meer bevredigende verklaringsmodel vir TPM se kognitief-kousale kernteorie 216
5.3.5 TPM se trichotomiese antropologie 219

5.4 'N EVALUERING VAN DIE ANTI-PSIGOLOGIE BEWEGING IN HUL KRITIEK OP TPM 219
5.4.1 Agtergrond van die anti-psigologie beweging 220
5.4.2 Die basiese besware van die anti-psigologie beweging 221
5.4.3 'n Evaluering van die anti-psigologie beweging 222
5.4.4 Enkele implikasies van hierdie evaluering ten opsigte van TPM 224
5.4.4.1 TPM is nie aan "psychoheresy" skuldig soos die anti-psigologie beweging suggereer nie 224
5.4.4.2 TPM mag die ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme van EMDR (en VIP) benut 224
5.4.4.3 Olthuis stel 'n bruikbare integrasieraamwerk vir teologie en psigologie voor 225
5.4.4.4 Psigologie het 'n bestaansreg, maar moet as wetenskap verchristelik word 226

5.5 TPM SE ONTOLOGIE (WÊRELDBEELD) EN EPISTEMOLOGIE (KENLEER) 226
5.5.1 TPM se wêreldbeeld veronderstel 'n definitiewe geesteryk 227
5.5.2 TPM oorbeklemtoon moontlik die genadepool van die natuur-genade-dualisme 227
5.5.3 TPM se kenleer staan nie in die greep van die modernisme en rasionalisme nie 228

5.6 SAMEVATTING 228

HOOFSTUK 6
'N PRAKTIES-TEOLOGIESE EVALUERING VAN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM) 230

6.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK 230

6.2 KERNWAARHEDE VAN DIE REFORMASIE AS RIGLYN VIR DIE EVALUERING VAN TPM 232
6.2.1 Reformatoriese kernwaarhede toegespits op die evaluering van TPM 233
6.2.2 'n Riglyn vanuit die empiriese studie om die Skriftuurlikheid van TPM te kontroleer 236

6.3 EVALUERING VAN DIE PRAKTYK VAN TPM 237
6.3.1 Definiëring van TPM as innerlike genesing, gebedsbediening of berading 237
6.3.2 Beradingsfasette van TPM onder die soeklig 239
6.3.2.1 Die "teruggaan na herinneringe uit die verlede" 239
6.3.2.2 Kritiek rakende hipnotiese suggestie, verbeelding en visualisering as tegnieke 243
6.3.2.3 Ooreenkomste tussen "stirring up the darkness" en rousmart 246
6.3.2.4 Die *Theophostic* faset van "God wat lig gee" 249
6.3.3 Die rol van die berader 249
6.3.3.1 Die gesagvolle medewerker met/van God wat kragtig intree vir heling en oorwinning 250
6.3.3.2 Die unieke grondhouding van totale afhanklikheid en die manifestering van geestesgawes 251
6.3.4 Smith se Skrifgebruik en Skrifuitleg 251

6.4 EVALUERING VAN DIE TEORIE VAN TPM 252
6.4.1 TPM se werkingsteorie oor die brein en psigologiese prosesse 252
6.4.1.1 TPM en die tweekamerteorie 252
6.4.1.2 TPM en 'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme 254
6.4.1.3 TPM en die vals geheue-debat 254
6.4.2 Godsleer 256
6.4.2.1 Gegewens uit die empiriese studie in verband met TPM se Godsleer 256
6.4.3 Openbaringsleer en Skrifbeskouing 259
6.4.4 Antropologie 260
6.4.5 Sondeleer, verlossingsleer en leer oor heiligmaking 262
6.4.5.1 Empiriese data in verband met TPM se sondeleer 263
6.4.5.2 'n Weergawe van Smith se leuengebaseerde teenoor sondegebaseerde teologie 264
6.4.5.3 Smith se unieke uitleg van Romeine 7 volgens TPM denke 265
6.4.5.4 Insigte vanuit die Christelik-wysgerige antropologie 267
6.4.5.5 'n Bevestiging van TPM se sondeleer deur 'n fenomenologiese studie van Velthuysen 268
6.4.6 Verlossingsleer – verder toegelig 269
6.4.7 Genesingsleer 271
6.4.8 Lydingsleer 272
6.4.9 Gebed 273
6.4.10 Demonologie en die bevrydingsbediening 276
6.4.11 TPM spiritualiteit en die kerklike konteks 278

6.5 'N OORHOOFSE EVALUERING VAN DIE PRAKTYK EN TEORIE VAN TPM 281

6.6 RIGTINGWYSERS TER VERBREDING EN VERDIEPING VAN DIE TPM BASISTEORIE 281
6.6.1 TPM in terme van die bediening van versoening 281
6.6.2 TPM as geloofsbemoeding – geloofskennis, geloofsvertroue en geloofsbelydenis 282
6.6.3 TPM as bediening van innerlike genesing (en bevryding) 283

6.7 SAMEVATTING 284

HOOFSTUK 7
SAMEVATTING EN BEVINDINGE 285

7.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK 285
7.2 DIE OORKOEPELENDE EN ANDER NAVORSINGSVRAE 286
7.3 'N OORHOOFSE EVALUERING VAN TPM 287
7.4 VOORSTELLE TER VERBETERING VAN DIE TPM PRAKTYK, TEORIE EN KONTEKS 291
7.5 SAMEVATTENDE AFLEIDING 296
7.6 AANBEVELINGS OOR VERDERE MOONTLIKE NAVORSING 297

BYLAE 298
Bylaag A: Ingeligte toestemmingsvorm 298
Bylaag B: Onderhoudskedule(s) 299
Bylaag C: Ooreenkomsvorm vir berading 303
Bylaag D: Eerste en tweede vlakke van ontlede data van die empiriese ondersoek 305

BRONNELYS 348

LYS VAN DIAGRAMME xix
LYS VAN TABELLE xix

LYS VAN DIAGRAMME

Diagram 1.1 Zerfass se model 13
Diagram 1.2 Gereformeerde pastorale praktyk 14
Diagram 1.3 Diagrammatiese voorstelling van die navorsingsplan 15
Diagram 3.1 'n Voorstelling van die samevoeging van benaderings in EMDR en TPM 116
Diagram 4.1 Miles en Huberman se interaktiewe model vir data-ontleding 179
Diagram 4.2 'n Boomdiagram vir die weergawe van geëvalueerde empiriese gegewens 182
Diagram 5.1 'n Sketsmatige voorstelling van kernsake in die Wysbegeerte van die Wetsidee 199

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 Kategorieë leuens 47
Tabel 2.2 Soorte leuens 48
Tabel 2.3 Die vroeëre en huidige TPM prosedure 62
Tabel 3.1 EMDR se agt-fase prosedure en TPM se twaalf-fase prosedure 103
Tabel 4.1 Inligting oor die kategorieë, kwota-indeling en onderhoudvoerings 175
Tabel 4.2 Agtergrondinligting van die deelnemers in die empiriese studie 178
Tabel 6.1 Die vroeëre twaalf en huidige nege beradingstappe van TPM 240

HOOFSTUK 1
INLEIDING

1.1 AGTERGROND

Theophostic Prayer Ministry (TPM) is 'n spesifieke model van innerlike genesing wat in 1996 sy beslag gekry het (Smith, 2000a). Die term *Theophostic* is 'n samestelling van die twee Griekse woorde *Theos* (God) en *phos* (lig). Daarmee word na die kernaspek van die bediening verwys waartydens God aan die beradene lig gee ten einde sy of haar letsels uit die verlede te belig en te genees (Smith, 2000a:12). Dit blyk dat Smith met die verloop van tyd sy benadering eers *Theophostic Counseling* genoem het (1996), daarna *Theophostic Ministry* (2000a:2) en nog later *Theophostic Prayer Ministry* (2004i). Vir die doel van hierdie ondersoek word gekies vir die mees resente benaming *Theophostic Prayer Ministry,* afgekort TPM. Dit kan vry vertaal word in Afrikaans as "Teofoostiese gebedsbediening," maar die navorser verkies om die Engelse benaming te handhaaf, aangesien dit die naam is waaronder die bediening (met 'n handelsmerk) geregistreer en internasionaal bekend is.

Dr. Edward M. Smith van Campbellsville, Kentucky, kan met reg die vader van TPM genoem word. Hy was voorheen meer as twintig jaar lank in die gemeentelike bediening in die *Southern Baptist* kerk (Smith, 2000a:233; Bidwell, 2001:18). Hy het 'n doktorsgraad in pastoraat aan die *Midwestern Baptist Theological Seminary* in Kansas City, Missouri, verwerf. In die vroeë 1990's het hy met voltydse professionele berading begin en het veral met slagoffers van seksuele molestering gewerk. Na 'n tyd het hy moeg en gefrustreerd geraak daarvan om mense bloot *tolerable recovery* aan te leer (Bidwell, 2001:18; Smith, 2000a:19-30). Met *tolerable recovery* bedoel hy dat die tradisionele beradingsmetodes wat hy aangewend het, mense se emosionele pyn bloot draagliker gemaak het. Hulle kon beter daarmee saamleef. Dit het hulle nog nie gehelp om die pyn totaal weg te neem, sodat hulle daarsonder kon leef nie.

Smith (2000a:10-11) onthou die eerste keer toe hy hierdie benadering op 'n kliënt getoets het. Dit was juis 'n slagoffer van molestering wat na vier maande berading by hom geen noemenswaardige vordering getoon het nie. Nadat hy haar toestemming verkry het om iets nuuts te probeer, het hy haar gehelp om die pynlike herinneringe te herroep. Daarna het hy die Here Jesus gevra om sy waarheid aan haar te bedien. Hy was verras dat sy na daardie een besondere sessie volkome van haar innerlike verwondings genees is (vgl. ook Bidwell, 2001:19). Voorheen moes Smith

gewoonlik jare berading doen voordat so 'n persoon beter sou word. Dit was die begin van 'n bediening wat deur Smith as *Theophostic Prayer Ministry* gedoop is.

Smith (2000a:ii) self beskryf dit as 'n model waardeur God se helende genade aan emosioneel verwonde mense bedien word. Kortliks berus dit daarop dat 'n mens se interpretasie van traumatiese gebeure, op die diep vlak van die onderbewuste, 'n baie sterk rigtinggewende rol speel ten opsigte van 'n mens se gevoelslewe en gedrag. TPM gaan van die standpunt uit dat daar verkeerde aannames oor God, onsself, ander en die lewe in 'n mens se gemoed kan leef en dat dít – ook genoem *leuens* – raakgesien en reggestel kan word. Hiervoor word 'n besondere benadering van gebed gebruik waardeur die Here gevra word om mense in hul gedagtewêreld terug te neem na relevante pynlike ervaringe uit die verlede, sodat die verkeerde interpretasies daarvan aan die lig gebring kan word, 'n waarheidsgetroue herinterpretasie van die gebeure kan plaasvind en die pyn genees.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Hierdie navorsing gaan van die veronderstelling uit dat TPM as 'n spesifieke model van innerlike genesing beskou moet word; derhalwe moet 'n ondersoek na die beskikbare literatuur oor TPM ook die veld van innerlike genesing in gedagte hou.

1.2.1 Stand van navorsing oor TPM en innerlike genesing

Die primêre bronne wat ondersoek is, is die materiaal wat deur Smith self geskryf en ontwikkel is. Die belangrikste hiervan is die handboek, *Beyond Tolerable Recovery,* wat Smith in 1996 inderhaas saamgestel het vir hoofsaaklik opleidingsdoeleindes (2000a:1). Met die vierde oplaag van die boek in 2000 het Smith dit ook hersien. Daarna het hy 'n nuwe boek oor die basiese beginsels en praktyk van TPM geskryf, naamlik *Healing Life's Deepest Hurts* (Smith, 2002a). Verdere bronne wat ondersoek is, is video's, oudio-kasette, brosjures en werkboeke ten opsigte van 'n basiese en ook gevorderde opleiding. Meer besonderhede is op die amptelike *Theophostic* webwerf, http://www.theophostic.com, beskikbaar.

In 2007 is die basiese handboek weer eens hersien (Smith, 2007b). Hierdie laaste uitgawe spreek van 'n opvallende lesersvriendelike en weldeurdagte aanpak. Verskeie verstellings in Smith se teorie en praktiese benadering kan ook hierin waargeneem word. Hierdie navorsing se opsomming van TPM se praktykteorie (Hoofstuk 2), sowel as die empiriese studie (Hoofstuk 4), was afgehandel voor die hersiening van 2007 voltooi is en reflekteer derhalwe hoofsaaklik die ouer

materiaal van TPM. Teen die afhandeling van die navorsing in 2008 is ook kennis geneem van die feit dat Smith besig is/was om die res van die opleidingsmateriaal te hersien.

Die enigste gepubliseerde evaluasie van TPM tot en met 2003, sover vasgestel kon word, was 'n boek deur Martin en Deidre Bobgan wat in 1999 in die VSA verskyn het, *TheoPhostic Counseling: Divine Revelation? Or PsychoHeresy?* (1999; vgl. ook Maier & Monroe, 2003:169). Maier en Monroe (2003) het self onder die naam van die *Trinity Evangelical Divinity School* van Deerfield, Illinois, 'n artikel gepubliseer waarin hulle verslag doen van hul navorsing oor enkele teologiese fasette van die *Theophostic* benadering. Volledigheidshalwe moet ook kennis geneem word van enkele empiriese studies wat oor TPM gedoen is (bv. Garzon & Burkett, 2002; Lewis, 2001; Whiterspoon, 2003). Teen die afhandeling van die navorsing is meer empiriese studies voltooi (vgl. Garzon, 2006).

Databasissoektogte via *FerdiKat, NEXUS, SACat, Sabinet Online, EBSCOHost, ATLA Religion Database, UMI Dissertation Services* en *ProQuest* dui daarop dat daar nog baie min navorsing in Suid-Afrika oor innerlike genesing gedoen is. Coetzer wat in 1995 aan die Universiteit van Durban-Westville gepromoveer het, verwys in sy proefskrif, *Heling in Christus: die pastorale roeping van die kerk aan mense na krisiservarings,* onder andere na die bediening van innerlike genesing. Velthuysen het in 1989 'n doktorale proefskrif met die titel *A pastoral theological examination of inner healing* aan die *Rhodes University* voltooi. Thiessen het in 2003 'n doktorale tesis aan die Universiteit van Suid-Afrika voltooi met die titel *Praying in a new reality: a social constructionist perspective on inner healing prayer.* Campbell-Lane (2003:85-88, 207) verwys in 'n relatief klein deel van haar doktorale tesis, *Inner change: a pastoral-theological study*, na die rol wat innerlike genesing en spesifiek TPM in die innerlike vernuwing van 'n mens kan speel.

Dan het 'n sekere dr. Christo Cloete, saam met sy vrou Marie-Lou Cloete, hier te lande oor die bestek van dertig jaar 'n eiesoortige model van emosionele heling en bevryding eklekties saamgestel. Hulle noem dit *Gemoedsgenesing, bevryding en oorwinning deur gebedsterapie* (Cloete & Cloete, 2005). Baie boeke (bv. Tapscott, 1975 en 1987; Maartens, 2001; Peretti, 2002) en oudio-kassette oor innerlike genesing is beskikbaar, maar aangesien dit hoofsaaklik die algemene leserspubliek in die oog het, is dit nie op die gewone databasissoektogte in akademiese biblioteke op te spoor nie (vgl. ook Velthuysen, 1989:26).

Velthuysen (1989:1), een van die enkeles wat in Suid-Afrika oor innerlike genesing navorsing gedoen het, het volgens die inligting tot sy beskikking, afgelei dat innerlike genesing by Agnes Sanford in die veertigerjare in Amerika ontstaan het. Skrywers oor en beoefenaars van innerlike

genesing, soos Ruth Carter-Stapleton (1977), Francis MacNutt (1990/1974) en John en Paula Sandford (1982; 1985) is deur Agnes Sanford beïnvloed en het hierdie bediening verder uitgebou en bekend gestel (Velthuysen, 1989:1). Velthuysen (1989:1-5, 261) skrywe dat die praktyk van innerlike genesing veral deur die Charismatiese Kerke bekend gestel is en hy reken dat dit 'n betekenisvolle bydrae tot die vakgebied van pastorale berading lewer.

Met hierdie inligting ter agtergrond, kan vervolgens gevra word hoe aktueel die navorsing oor TPM is.

1.2.2 Aansprake van TPM

Die klaarblyklike sukses van TPM noop ons om van hierdie bediening kennis te neem. Dit is 'n bediening wat getuig van wonderlike prognoses van 'n veelheid psigologies probleme, vanaf minder tot uiters kompleks (Smith, 1999 en 2000a; sien ook Ralph, 2003:2-3). Daar word byvoorbeeld gewag gemaak van sukses met gevalle van seksuele molestering, sataniese rituele misbruik, dissosiatiewe identiteitsversteurings, homoseksualiteit, post-traumatiese stressindroom, substansafhanklikheid en ander verslawingsgedrag, eetversteurings en rousmart.

Soos met enige nuutgepubliseerde beradingstegniek of –teorie, het ook TPM beide positiewe kommentaar sowel as negatiewe skeptisisme ontlok. Ten spyte van die negatiewe kritiek, het TPM tot 'n wêreldwye bediening gegroei (Maier & Monroe, 2003:169). Tot en met 2001 het meer as 15 000 mense reeds die basiese opleiding in TPM deurloop en Smith het geskat dat meer as 300 000 Christene sedert 1996 bediening ontvang het wat op een of ander manier van die *Theophostic* metode gebruik maak (Bidwell, 2001:18). Teen 2001 was TPM al in minstens veertig lande gebruik en die handleidings in vier tale vertaal (Bidwell, 2001:18-19). In 2006 verstrek die *Theophostic* webtuiste inligting dat gemiddeld duisend mense per maand aanmeld om die basiese opleiding van TPM te ondergaan (Smith, 2006d:2).

Met die voorstudie van hierdie navorsing is kennis geneem dat byna duisend webtuistes op die internet al positiewe kommentaar oor TPM gelewer het (Smith, 2004i:1). Een voorbeeld was dié van Sue Bohlin van *Probe Ministries*. Sy skryf dat sy 'n baie positiewe indruk van die bediening het en nie iets onbybels daarin teengekom het nie (Bohlin: s.a.:1-2). In 2006 noem die *Theophostic* webtuiste dat daar meer as vyftienduisend webtuistes bestaan wat al positiewe rapporte oor TPM gelewer het (Smith, 2006:1).

Smith (2004f) vertoon op sy webblad enkele persone se positiewe kommentaar oor die *Theophostic* benadering. Dr. Terry Zuehlke van Minneapolis (vgl. Smith, 2004f:1) is een van die genoemde protagoniste. Hy meld dat hy vir een en twintig jaar sekulêre kognitiewe gedragsterapie in sy berading toegepas het sonder noemenswaardige sukses. Nadat hy al die opleiding wat TPM bied, deurloop het en TPM in sy praktyk begin toepas het, kan hy van *fenomenale* in plaas van *marginale* sukses getuig. Sy kliënte rapporteer deurgaans dat hulle diep innerlike genesing ontvang en 'n nuwe waarheidsbesef kry wat hul lewens verander.

Nog 'n protagonis, dr. Karl D. Lehman (2005b:4) van *AACC*-faam *(American Association for Christian Counsellors),* reken dat TPM 'n nuwe deurbraak in beradingsbediening verteenwoordig.

1.2.3 Empiriese studies bevestig TPM se aansprake op sukses

Ten minste twee kwalitatiewe studies na die effek en blywendheid van die resultate van TPM was reeds met die aanvang van hierdie navorsing geloods. Lewis (2001:5570) het 'n dame met akute depressie ondersoek terwyl *TPM* en *Time Line Therapy,* wat albei as relatief nuwe geestelike beradingstegnieke geag word, op haar toegepas is. Die oorsake van hierdie persoon se depressie, naamlik die trauma van seksuele misbruik en sataniese rituele misbruik, is in die proses effektief behandel en opgeklaar. Uitgebreide eerste-persoon narratiewe het aangedui dat sy van die fisiese en emosionele verwonding van die traumatiese ervarings genees is.

In 'n tweede soortgelyke studie het Witherspoon (2003:4391) die benadering van TPM oor elf sessies aan 'n volwasse dame bedien. Sy is voor die behandeling, tydens die afsluiting daarvan met die tiende en elfde sessies, sowel as met 'n negentig-dae opvolg aan verskillende gestandaardiseerde psigologie en geestesgesondheidstoetse onderwerp. Die ontleding van die toetsresultate het aangedui dat evaluerings van angs, emosionele onttrekking, skuldgevoelens, vyandigheid en emosionele afstomping alles afgeneem het teen die einde van die behandeling. Daarteenoor het metings van die geestelike, eksistensiële en godsdienstige welsyn van die kliënt merkbaar verbeter. Die voorkoms van inkrongruensies ten opsigte van sekere van die metingsresultate en presenterende simptome bring die navorsing ongelukkig slegs tot 'n voorlopige aanduiding van die sukses van TPM.

Fernando Garzon, mede-professor aan die *School of Psychology and Counseling* van die *Regent University* in Virginia Beach en 'n aantal kollegas was in 2004 vir ten minste twee jaar besig met 'n empiriese ondersoek na die effektiwiteit van TPM (Garzon & Burkett, 2002:42-49; Bidwell, 2001:18-19; Maier & Monroe, 2003:172). Hulle het onder andere die inset van 1354 respondente

verkry in 'n kwantitatiewe ondersoek en hulle het blykbaar reeds kwalitatiewe studies op dertien individuele gevalle geloods (vgl. Garzon, 2006). Die voorlopige navorsingsresultate dui op onbetwisbare wyse daarop dat TPM suksesvol is in die praktyk (vgl. Smith, 2004).

Intussen is 'n omvattender projek voltooi waarin altesaam sestien gevallestudies gedoen is op mense wat TPM ontvang het (Garzon, *ed.,* 2008). Die behandelingsresultate is met erkende wetenskaplike meetinstrumente getoets en deur onafhanklike professionele persone gekontroleer. Die navorsingsverslag van hierdie projek het pas in boekformaat verskyn onder redaksie van dr. Fernando Garzon (2008:1-119), mede-professor aan die *Center for Counselling and Family Studies* aan die *Liberty University*.

Die navorser gaan van die aanname uit dat TPM wel effektief is en laat die naspeur van verdere empiriese bevestigings aan diegene oor wat met dáárdie soort navorsing besig is. Hierdie navorsing wil eerder op die ondersoek van die teologiese en filosofiese onderbou van die teorie en praktyk van TPM fokus vanuit 'n gereformeerde prakties-teologiese agtergrond. Die navorser vind dr. Coenie Burger (1991a; 1991b; 1999) se benadering tot die praktiese teologie 'n navolgings-waardige werkswyse. Burger (1999:15-18) handhaaf sy verbintenis tot die gereformeerde tradisie en 'n gereformeerde ekklesiologie, maar maak ook erns met die ekumeniese kerk (1999:13-14) en die feit dat die praktiese teologie by die sosiale of gedragswetenskappe moet leer (1999:21-22; vgl. 1991:27-30; Heyns & Pieterse, 1998).

1.2.4 Skeptisisme vanuit die Christengemeenskap jeens TPM vra om verrekening

Naas die lof vir TPM as 'n bedieningsbenadering om jouself aan te onderwerp, sowel as 'n tegniek wat in die professionele beradingspraktyk met vrug gebruik kan word, is daar ook die skadukant. Die negatiewe kritiek wissel vanaf ongegronde en snydende veroordeling tot gematigde voorbehoude tot beredeneerde en konstruktiewe kritiek. Een voorbeeld van die skerp negatiewe kritiek is dié van Martin en Deidre Bobgan en hul boek (1999) met die veelseggende titel *TheoPhostic Counseling: Divine Revelation? Or PsychoHeresy?* (vgl. ook Maier & Monroe, 2003:169; sowel as Smith, 2000a:4). Die Bobgans beskuldig Smith daarvan dat hy hom op goddelike openbaring roem in die ontdek van die *Theophostic* benadering, dat hy die Skrif misbruik en dat hy nie oor die nodige kennis van die werking van die brein beskik nie (Maier & Monroe, 2003:169). Die grootste deel van die boek is daarop gemik om aan te toon dat Smith bloot vanuit 'n psigodinamiese paradigma, wat sy wortels in die Freudiaanse leer het, opereer en dat dit totaal onaanvaarbaar vir enige Christen is (Maier & Monroe, 2003:170; vgl. Freud, 1963).

Die Bobgans bedryf 'n bediening wat hulle *PsychoHeresy Awareness Ministry (PAM)* noem (Bobgan & Bobgan, 1998). Hulle dui aan dat hulle vanaf 'n konserwatief Protestantse geloofsbasis werk. Dit blyk egter dat hulle enigiets wat te doen het met die integrering van sekulêre psigologie en die Bybelse beradings- en bedieningspraktyk as kettery *(heresy)* afmaak.

> Psychoheresy is the integration of secular psychological counseling theories and therapies with the Bible. Psychoheresy is also the intrusion of such theories into the preaching and practice of Christianity, especially when they contradict or compromise biblical Christianity in terms of the nature of man, how he is to live, and how he changes (Bobgan & Bobgan, 1998:1).

PsychoHeresy Awareness Ministry se siening van innerlike genesingsbedieninge is erg negatief (Bobgan & Bobgan, 2000 en 2004; vgl. ook Gumprecht, 1997). Hulle maak die stelling dat die innerlike genesingsbeweging afkomstig is van die wêreld, die vlees en die duiwel. Dit steun op psigologiese idees en tegnieke wat uit die wêreld ontleen is. Dit is aantreklik vir die vlees, want die vlees verkies om eerder *genees* te word as om van sonde aangekla te word. 'n Verdere klag is dat innerlike genesing dikwels sataniese metodes van *suggestie* gebruik en okkultiese metodes van *visualisering*.

'n Evangeliese gemeente in Elverson, Pennsylvania, die *Community Evangelical Free Church (CEFC),* het ook besware teen die *Theophostic* benadering (CEFC, 2001:1-23). Hulle skryf dat hulle TPM op geen manier vanuit die Christelike oogpunt kan goedkeur as 'n metode om in die bediening te benut nie (CEFC, 2001:1). In hoofsaak kom hul besware daarop neer dat TPM 'n skewe mensbeeld ten grondslag het, dat die fokus op historiese traumatiese gebeure nie Bybels is nie, dat TPM nie reg laat geskied aan die Bybelse leerstellings oor sonde en heiligmaking nie, dat dit nie reg omgaan met die Skrif ter begronding van die bediening of fasette daarvan nie en dat dit pragmaties is (CEFC, 2001:1-23). Wat die *Community Evangelical Free Church* se besware aktueel maak, is die feit dat die kerk in 'n evangeliese tradisie staan en dat húlle voorbehoude baie moontlik gedeel kan word deur ander Christene wat ook vanaf 'n evangeliese en/of gereformeerde geloofsbasis opereer.

Die navorsing van Maier en Monroe (2003) verdien ook vermelding. Die hoofsaak van hulle kritiek teen TPM fokus rondom die leerstellige sake van sonde en genesing (2003:175-187). Hulle dui aan dat daar nog 'n rits soortgelyke sake ten grondslag aan TPM lê wat ook verdere ondersoek verdien, byvoorbeeld die toenadering tot God, die rol van die Heilige Gees in TPM, en die *Theophostic* benadering tot heiligmaking (Maier & Monroe, 2003:188). Hulle kom tot die slotsom dat Smith ten opsigte van die sondeleer en die Bybelse leer oor genesing van fundamentele aannames uitgaan wat nie die toets van Skriftuurlikheid slaag nie (Maier & Monroe, 2003:187).

Daarom maan hulle die Christelike beradingsgemeenskap om 'n baie deeglike en diepsinnige ondersoek na TPM te doen alvorens hulle dit die stempel van goedkeuring gee.

1.2.5 Navorsing oor innerlike genesing bevestig die leemtes, voorbehoude en moontlikhede ten opsigte van TPM

1.2.5.1 Leemtes: Velthuysen (1989:16-19, 26) het in sy literatuurstudie waargeneem dat baie van die beoefenaars van en skrywers oor innerlike genesing uit die lekegeledere van die kerk na vore kom. Sonder om afbreuk te doen aan die akademiese bydraes van mense soos MacNutt en ander, hou hy voet by stuk dat daar min insette uit die amptelike geledere van die kerk is en dat innerlike genesing nog nie baie aan die orde gekom het in die laboratoriums van die akademiese wêreld nie. Hierdie waarneming van Velthuysen, dat die teologiese en teoretiese begronding van innerlike genesing dikwels akademies arm is, kom ooreen met soortgelyke kritiek teen Smith dat sy teologiese en filosofiese begronding van TPM uitbreiding kortkom (Bobgan & Bobgan, 1999; vgl. ook Maier & Monroe, 2003:169-170,188). Smith (2000a:1-4) erken dat hyself in terme van sekere insigte en oortuigings in 'n groeiproses is/was. Hy erken ook dat sy handboek aanvanklik in groot haas saamgestel is net om die basiese beginsels en werkswyses deur te gee (Smith, 2000a:1-2). Boonop het hy (Smith, 2000a:1-2) gepoog om 'n deegliker teologiese basis vir die *Theophostic* benadering te bied met die hersiene uitgawe van 2000: "I have tried to supplement a more thorough theological basis for Theophostic Ministry for the '*Show me where it is in the Bible*' group." Met die 2007 hersiening het Smith (2007b) die teologiese begronding nog verder verstewig. Hy nooi mense deurgaans om deel te neem aan die ontwikkelingsproses daarin dat hul welkom is om korreksies, teregwysings en voorstelle aan hom deur te gee (Smith, 2000a:2; sien ook Maier & Monroe, 2003:170; Miller, 2005:15). "I am very open to your corrections and reproofs and suggestions. I am in transition (as I hope that you are too) and have come to realize I do not have a complete or perfect understanding of God or His ways." (Smith, 2000a:2.)

1.2.5.2 Voorbehoude: In die debat rondom innerlike genesing verwys Velthuysen na verskillende skrywers se kritiek en belig self ook verskeie punte van kritiek wat om verrekening vra (1989:1-12):

- Die bediening van innerlike genesing is nie behoorlik Bybels begrond nie.
- Die leerstellige grondslae van innerlike genesing word betwyfel, byvoorbeeld die antropologie, die leer oor die sondeval, verlossing, heiligmaking, hemel en hel, Satan en demone.
- 'n Behoorlike model vir die integrasie van insigte uit die psigologie en teologie ontbreek. Die verskynsel van innerlike genesing word gedefinieer deur 'n los en vas sameflansing van grepe uit verskillende psigologiese modelle.

- Innerlike genesing kan aangekla word van sjamanisme, kabbalisme, panteïsme, paganisme, *New Age* en soortgelyke onbybelse praktyke.

1.2.5.3 Moontlikhede: Die primêre slotsom van Velthuysen se studie is dat daar nie oor die egtheid en blywendheid van innerlike genesing getwyfel hoef te word nie (Velthuysen, 1989:261-264). 'n Sekondêre afleiding wat hy maak, soos reeds gemeld, is dat die charismatiese beweging 'n definitiewe bydrae tot die pastorale praktyk lewer juis deurdat mense uit hierdie beweging met innerlike genesing vorendag gekom het. Innerlike genesing, en TPM spesifiek, hou dus die besliste moontlikheid in om die gereformeerde pastorale praktyk te verryk of te verdiep. Hierdie navorsing wil seker maak of dit by die bestaande pastoraat geïnkorporeer kan word sonder om in te boet op leersuiwerheid of op 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

1.2.6 Behoefte aan 'n bevredigende wetenskaplike integrerings- en verwysingsraamwerk

Nog 'n leemte wat met die aanvanklike bronnestudie opgemerk word, en wat onder andere ook deur Jeeves (1997:144-158) en Velthuysen (1998:12) aangeteken word, is dat daar dikwels by skrywers nie 'n behoorlike verwysingsraamwerk bestaan op grond waarvan insette van verskillende dissiplines beoordeel en in die teologie geïntegreer kan word nie. Daar mag inderdaad bydraes uit ander vakwetenskappe na vore kom wat raakpunte met die onderhawige tema het en/of wat die veld van die praktiese teologie kan verryk (bv. Hawkey, 1999; Jeeves, 1997; Bays, 1999; Heymann, 2002). Dit lê hoofsaaklik op die vlak van personologie of persoonlikheidsteorieë (Kock, 1974:3-11). Verskillende wysgerige onderskeidinge lê ten grondslag aan die gesprek en evaluering wat in hierdie navorsing aktueel is (vgl. Dreyer, 1981:33-37; De Graaff, 1980:135-152; Spier, 1972:7-69). Hierdie is dus 'n saak wat aandag moet kry.

1.2.7 Die navorsingsvraag

Die oorkoepelende vraag wat hierdie navorsing dus moet beantwoord, is: **Kan TPM na sy filosofie, teorie en praktyk as 'n model vir die fasilitering van innerlike genesing aanbeveel word vir die reformatoriese bediening of moet regstellings eers aangebring word alvorens dit op meer as pragmatiese terme aanvaarbaar sal wees, en watter voorstelle ter verbetering van die TPM teorie, praktyk en konteks kan gedoen word?**

Dié vraag kan in die volgende onderafdelings verdeel word:

- Wat behels TPM in terme van sy filosofie, teorie en praktyk en watter fasette daarvan is moontlik aanvegbaar? [n Eerste Praktykteorie]

- Watter verheldering lewer 'n vergelykende studie na *Eye Movement Desensitization and Reprocessing (EMDR)* as 'n psigoterapeutiese benadering ten opsigte van die verstaan en beoordeling van TPM? ['n Metateoretiese bydrae]
- Watter lig werp 'n empiriese studie op die filosofie, teorie en praktyk van TPM? ['n Metateoretiese bydrae]
- Watter lig lewer 'n filosofiese beoordeling van TPM en sy vernaamste kritici vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee? ['n Metateoretiese bydrae]
- Hoe moet TPM prakties-teologies geëvalueer word ten opsigte van sy filosofiese en leerstellige onderbou, sowel as praktyk? ['n Verstelde Praktykteorie én Basisteorie vir TPM]
- Watter bevindinge kan, ten slotte, vanuit die prakties-teologiese beoordeling en die totale navorsing oor TPM gemaak word rakende die TPM teorie, praktyk en konteks?

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om *Theophostic Prayer Ministry* prakties-teologies te beoordeel, dit wil sê, in die lig van waarheidsmomente uit die konteks van die TPM bedieningspraktyk, sowel as in die lig van die Skrifopenbaring volgens die reformatoriese tradisie ter wille van 'n verbeterde TPM praktyk, basisteorie (en konteks) en 'n grondige bruikbaar-verklaring van die model vir die gereformeerde pastorale praktyk.

Die spesifieke doelwitte van hierdie navorsing is:

- om te bepaal wat TPM behels in terme van sy filosofie, teorie en praktyk en watter fasette daarvan moontlik aanvegbaar is;
- om te bepaal watter verheldering oor TPM na vore kom as TPM met 'n psigoterapeutiese benadering soos EMDR vergelyk word ter wille van die verstaan en beoordeling daarvan;
- om te bepaal watter lig 'n empiriese studie na die filosofie, teorie en praktyk van TPM op die saak werp;
- om TPM vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee te beoordeel met spesifieke verwysing na sekere punte van kritiek;
- om TPM prakties-teologies te evalueer met betrekking tot sy filosofiese en leerstellige onderbou sowel as praktyk; en
- om te bepaal watter bevindinge die totale prakties-teologiese beoordeling van TPM oplewer ten opsigte van sy reformatoriese suiwerheid en moontlike verbetering.

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die leerstellige en lewensbeskoulike onderbou van *Theophostic Prayer Ministry* grotendeels reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar is en dat slegs mindere verstellings nodig is, maar dat dit in die geheel van sy teorie en praktyk verbeter, uitgebrei en/of verdiep kan word.

1.5 METODOLOGIE

Burger (1991b) het 'n studie oor die stand van die praktiese teologie in Suid-Afrika gedoen. In sy evaluering onderskei hy drie benaderings op grond van die vraag na die norm van die praktiese teologie (Burger, 1991b:59):

- 'n *konfessionele benadering* (wat wil vashou aan die Skrif as die enigste kenbron vir die Praktiese Teologie),
- 'n *korrelatiewe benadering* (wat die insigte van die Skrif in verband wil bring, wil verryk en wil aanvul met empiriese insigte uit die sekulêre wetenskappe) en
- 'n *kontekstuele benadering* (wat nog sterker as bogenoemde twee wil aansluiting vind by die situasie).

Die konfessionele benadering kan ook die diakoniologiese benadering genoem word en die korrelatiewe benadering kan ook die handelingswetenskaplike benadering genoem word (vgl. Pieterse, 1993:99-130).

1.5.1 Die navorser se vertrekpunte

Die navorser het sy teologiese onderrig aan 'n teologiese skool gekry wat die diakoniologiese benadering vir praktiese teologie voorgestaan het in aansluiting by die rigting van Abraham Kuyper en W.D. Jonker (vgl. Burger, 1991b:20). "Vir Kuyper het die Praktiese Teologie in sy geheel 'n hermeneutiese funksie gehad. Die Praktiese Teologie moes die Skrif vanuit die hoek van die kerk, sy ampte en sy dienste bestudeer en dan Bybelse teorieë formuleer vir die bemiddeling van die heil deur die kerk en sy ampte." (Burger, 1991b:13.)

Die navorser hou graag aan die Skrif as kenbron vas soos deur die diakoniologiese benadering voorgestaan, maar hy stem met Pieterse (1993:106-107) saam oor die probleme van hierdie benadering, byvoorbeeld dat die werklikheid of praktyk nie behoorlik aan die bot kom as jy teorieë vir die praktyk ontwerp nie, dat teologie nie slegs kennis van die Skrif is nie, maar "dat die gebeure waarin God en mens ontmoet, die gebeure waarin ons God leer ken, en die kommunikatiewe

handelinge in diens van die evangelie wat in hierdie gebeure geskied, ook teologie is" (Pieterse, 1993:106). Die werksaamheid van die Heilige Gees maak die mens medewerker en deelnemer in die praksis van God, die heilsopenbaring, die kom van God na die wêreld. Die fundering vir die feit dat die studie van die empiriese kerk en sy handelinge in diens van die evangelie ook teologie is, is dus in die pneumatologie begrond (Pieterse, 1993:106-107; Burger, 1991b:84-86). Die handelingswetenskaplike benadering wat onder andere deur Jacob Firet en Van der Ven in Nederland, Rolf Zerfass in Duitsland en Pieterse in Suid-Afrika gevolg word (Burger, 1991b:13-15, 20; Pieterse, 1993), bied die nodige regstelling op die diakoniologiese benadering.

Die navorser kan heelhartig instem met Burger se verduideliking van die werk van die Heilige Gees rakende die taak, veld en funksie van die praktiese teologie (1991b:85):

> 'n Aanpak van die Praktiese Teologie vanuit die Pneumatologie (teenoor 'n Christologiese benadering of 'n benadering vanuit die Woord, soos by Kuyper) het die wins dat daar op die manier oor dieselfde saak teologies en fenomenologies gepraat kan word. ... Dit bring mee dat die stelling gemaak kan word dat die dade van God in die heilsbedeling van die Gees (d.i. tussen Pinkster en die Wederkoms) altyd 'n teologiese, maar ook 'n antropologiese kant het.

Die navorser het ook skoling in die Wysbegeerte van die Wetsidee ontvang, 'n spesifieke benadering in die Christelik-reformatoriese Wysbegeerte (Kock, 1975:14). Die Christelik-reformatoriese Wysbegeerte het in die vroeë dertigerjare van die vorige eeu sy beslag gekry (Kock, 1975:14). Die eertydse Nederlanders, H. Dooyeweerd en D.H.Th. Vollenhoven, word as die vaders van die Wysbegeerte van die Wetsidee geag (Kock, 1975:14). In aansluiting hierby is die Wysbegeerte van die Skeppingsidee in Suid-Afrika ontwikkel deur H.G. Stoker (Kock, 1975:15). Die Wysbegeerte van die Wetsidee bied vir die navorser die Christelik-reformatoriese verwysingsraamwerk waardeur hy homself aan die werklikheid oriënteer, waardeur hy sake evalueer en waardeur hy verdere kennis integreer. As gevolg hiervan vind die navorser noue aansluiting by die koninkryksperspektief en die pneumatologiese aanpak wat eie is aan die handelingswetenskaplike of korrelatiewe benadering van die praktiese teologie (Pieterse, 1993:107-111).


1.5.1.1 Die model van Zerfass as voorbeeld van 'n korrelatiewe benadering

Zerfass (1974:166; vgl. Heyns & Pieterse, 1998:36-37) maak in sy model van 'n basis-, meta- en praktykteorie gebruik. *'n Praktykteorie* dui letterlik op die teorie wat met die praktyk saamhang (Pieterse, 1993:52). *'n Metateorie* spel enersyds 'n persoon se werklikheidsbeskouing of paradigma waarbinne hy werk uit en andersyds die vertrekpunte wat die praktiese teologie met

ander vakwetenskappe deel (Pieterse, 1993:51; Venter, 1993:247). *'n Basisteorie* is 'n vakgerigte teorie wat teologiese vertrekpunte ontgin, primêr vanuit die Skrif, vir bepaalde areas of handelingsvelde van die vak (Pieterse, 1993:51; Venter, 1993:247).

Pieterse (1993:175) beskryf hoe Zerfass se model die navorsing tot 'n sirkelgang struktureer. Dit begin by 'n bestaande praktyk (praksis 1) waarmee 'n probleem ondervind word, ondersoek vervolgens die teologiese onderbou daarvan (basisteorie), doen daarna 'n empiriese studie van die situasie (metateorie), volg dit op met 'n prakties-teologiese beoordeling en lewer laastens 'n nuwe praktykteorie wat tot 'n nuwe of verbeterde praktyk (praksis 2) kan lei. Die beoogde navorsing volg wel hierdie pad, maar op 'n genuanseerde wyse. Die volgende diagram (Diagram 1.1) illustreer Zerfass se model (1974:164-177; Heyns & Pieterse, 1998:37).

Diagram 1.1: Zerfass se model




Bron: (Zerfass, 1974:164-177; vgl. Heyns & Pieterse, 1998:37)

1.5.2 Die navorsingsplan

Ten aanvang moet net eers op die breër konteks van die navorsing oor TPM gewys word, naamlik die gereformeerde pastorale praktyk en innerlike genesing. Dit word in die vorm van 'n diagram (Diagram 1.2 op volgende bladsy) uiteengesit.

Diagram 1.2: Gereformeerde pastorale praktyk




Die voorafgaande diagram stel die gereformeerde pastorale praktyk voor. As eerste praksis word 'n situasie veronderstel waarin innerlike genesing en *Theophostic Prayer Ministry* iets relatiefs nuuts en daarom ook 'n relatief onbekende modaliteit is. Die bedoeling van die navorsing is om 'n bydrae te lewer in die rigting van 'n volgende pastorale praktyk waarin innerlike genesing meer toeganklik is in die vorm van TPM. Die navorsing sal hierin slaag as dit bewys kan word dat die filosofie, teorie en praktyk van TPM reformatories-Skriftuurlik gesond is en dat die hoofsom van negatiewe kritiek daarteen ongegrond is.

In die diagram wat hierna volg (Diagram 1.3 op die volgende bladsy), word die navorsingsplan uiteengesit deur 'n kombinasie van die voorafgaande twee diagramme. Soos gemeld, volg hierdie navorsing nie die normale verloop van 'n prakties-teologiese studie soos wat die model van Zerfass (1974) dit voorstel nie, omdat die studie in der waarheid twee vertrekpunte en ook 'n dubbele doelwit het. Die eerste vertrekpunt is die gereformeerde pastorale praktyk (1) waarin innerlike genesing, en by name TPM, relatief onbekend is. Sou dit bewys kan word dat TPM reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar is, dan het die hele studie die eerste praksis van die gereformeerde pastorale praktyk verbeter of verryk (7b): *'n Model van innerlike genesing, by name TPM, is reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar bewys.*

Vir die ondersoek na TPM se aanvaarbaarheid word die praksis van TPM (2) as 'n tweede vertrekpunt geneem. Die navorser lewer 'n prakykteorie hiervan in Hoofstuk 2 deur 'n bronnestudie van TPM materiaal. Hierop volg egter nie 'n hoofstuk oor die basisteorie van TPM nie, maar word volstaan by die (verskraalde) basisteorie van TPM (2a) wat implisiet in die TPM materiaal voorkom en wat deels aan die orde kom in Hoofstuk 2 (deel 2).

Die volgende drie hoofstukke van die navorsing sal die situasie van TPM ondersoek en lewer dus metateoretiese bydraes. Hoofstuk 3 (3) bied 'n vergelykende ondersoek na *Eye Movement*

Diagram 1.3: Diagrammatiese voorstelling van die navorsingsplan



Desensitization and Reprocessing (EMDR) ten einde verheldering oor TPM te verkry. Hoofstuk 4 (4) handel oor 'n kwalitatiewe empiriese studie na TPM. In Hoofstuk 5 (5) word die Wysbegeerte van die Wetsidee opgesom en as verwysingsraamwerk benut hoofsaaklik om kritiek teen TPM se antropologie te beoordeel. Hoofstuk 5 word in terme van Zerfass se model ook as 'n metateoretiese hoofstuk (5) gesien.

Hoofstuk 6 (6) omvat 'n prakties-teologiese evaluering van TPM. Die gegewens wat die situasie-analise (3 en 4) oplewer, sowel as die filosofiese beoordeling (5), sal hier in hermeutiese gesprek gestel word met die aanvanklike TPM praktykteorie (2), die basisteorie van TPM (2a), die kritiek rakende TPM (2b) en dit wat as basisteorie van die eerste gereformeerde praktyk geag word, naamlik 'n opsomming van die kernsake (6a) van die reformatoriese teologiese tradisie. Die kritici van TPM (2b) word na aan die lyn wat die gereformeerde praktyk verteenwoordig, voorgestel, bloot omdat enkeles van hulle uit 'n evangeliese basis opereer, byvoorbeeld die *Community Evangelical Free Church* (2001).

Hoofstuk 7 sal die bevindinge van die prakties-teologiese ondersoek weergee (7). Hopelik bied dit sinvolle rigtingwysers vir 'n verstelde TPM praktyk (7), sowel as vir 'n verbeterde basisteorie van TPM (7a) en 'n waardevolle bydrae tot die gereformeerde praksis (7b).

1.5.3 Metodes

In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae word die volgende metodes gebruik:

- 'n Bronne-ondersoek van die volledige werke van dr. Ed Smith soos opleidingsmateriaal, werkboeke en video's sal gedoen word. Uiteraard moet die bronne van kritiek ook bestudeer en beoordeel word.
- 'n Literatuurstudie na EMDR, sowel as ander ander tersaaklike bronne uit hoofsaaklik die psigologie, sal onderneem word en TPM sal met EMDR vergelyk word sodat bevestigings, aanvullings, verrykings en korrigerings bepaal kan word.
- 'n Empiriese studie sal gedoen word deur inligting te bekom by mense wat met TPM te doen het, hetsy as opleiers/beraders, beraders en/of beradenes. Indien nodig, én moontlik, sal ook met Smith self gekommunikeer word. Smith en die TPM praktykteorie moet verstaan en beoordeel word in terme van sy eie paradigma.

- Die Wysbegeerte van die Wetsidee sal kursories opgesom word om as raamwerk te dien vir die evaluering van die antropologie van TPM, sekere kritici en ander filosofiese sake.
- Die ontlede gegewens van die empiriese studie sal saam met die bydraes uit die ander metateoretiese ondersoeke in hermeneutiese gesprek gestel word met die aanvanklike praktykteorie en die (veronderstelde) basisteorie van TPM, die kritici van TPM en die reformatoriese teologiese tradisie ten einde TPM prakties-teologies te evalueer.
- Die bevindinge van die prakties-teologiese ondersoek, sowel as van die totale studie, sal opgesom en verder ontleed word, sodat tot 'n slotsom rakende die reformatories-Skriftuurlike aanvaarbaarheid van TPM gekom kan word, terwyl voorstelle ter aanvulling, verbetering en korrigering van die praktykteorie gedoen sal word. Rigtingwysers vir die verdieping of uitbreiding van die TPM basisteorie sal (moontlik) aan die hand gedoen word.

1.5.4 Ander tegniese aspekte

Die volgende verwysings wat in die navorsingsverslag voorkom, verdien uitklaring:

- Die persoonlike voornaamwoorde *hy* of *sy,* en die besitlike voornaamwoorde *sy* of *haar* word sover as moontlik vermy, aangesien dit die risiko laat dat daar diskriminerend na óf die manlike óf die vroulike geslag verwys kan word (vgl. Müller, 2003:318). In plaas daarvan word gebruik gemaak van onbepaalde selfstandige naamwoorde soos *iemand, 'n persoon* en *mens(e),* in pas met die taalgids, *Skryf Afrikaans: van A tot Z,* (Müller, 2003:318) se voorstelle om die neiging tot seksisme die hoof te bied. Boonop word gebruik gemaak van "geslagsneutrale woorde" soos *berader* en *beradene* (vgl. Müller, 2003:318; Carstens, 2003:74). Waar die navorser dus na *die berader, die beradene* of *die mens* in die algemeen verwys, moet dit nie as slegs manlik – soos dit op aanskouingsvlak voorkom - verstaan word nie. Waar die konteks suggereer dat die vroulike geslag ter sprake is, word die persoonlike voornaamwoord *sy* en die besitlike voornaamwoord *haar* gebruik. Waar dit onvermydelik is, word die terme *hy/sy* as laaste uitweg gebruik, 'n vergunning wat ook deur Müller (2003:318) toegelaat word. Müller (2003:318) noem dat dit soms te omslagtig is om die hy/sy-verwysing te vermy, en dat dit "ewe hinderlik (is) as *hy* en *sy* om die beurt in paragrawe gebruik word."
- Die term *kliënt* word saam met die term *beradene* gebruik om te verwys na 'n persoon wat terapie of berading ontvang. Alhoewel die term *pasiënt,* soos dit algemeen in die mediese en psigologiese beroepe voorkom, ook 'n aanvaarde alternatief is, verkies die navorser om in hierdie verband nie van *pasiënt* te praat nie, vanweë sy wegstuur van die mediese model ten gunste van 'n holistiese model van die mens in die pastoraat.

- Alhoewel Engelse benaminge soos *Theophostic Prayer Ministry* en *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* in skuinsdruk weergegee word, het die navorser nie die afkortings daarvan, naamlik TPM en EMDR in skuinsdruk gebruik nie.
- Die *name van dorpe, stede en state* wat oorspronklik in Engels is, is in die Engels behou, alhoewel daar moontlik ingeburgerde Afrikaanse vertalings daarvoor bestaan (vgl. Müller, 2003:368).

1.6 HOOFSTUKINDELING

Die neerslag van hierdie navorsing word in die volgende hoofstukke weergegee:

Hoofstuk 1: Inleiding
Hoofstuk 2: Die filosofie, teorie en praktyk van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM)
Hoofstuk 3: 'n Vergelykende ondersoek na *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR) ter verheldering van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM)
Hoofstuk 4: 'n Empiriese studie oor *Theophostic Prayer Ministry* (TPM)
Hoofstuk 5: 'n Filosofiese beoordeling van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) in die lig van die Wysbegeerte van die Wetsidee
Hoofstuk 6: 'n Prakties-teologiese evaluering van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM)
Hoofstuk 7: Samevatting en bevindinge

HOOFSTUK 2

DIE FILOSOFIE, TEORIE EN PRAKTYK VAN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM)

In hierdie hoofstuk word die filosofie, teorie en praktyk van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) bespreek. Dit word in vier dele gedoen. In die eerste deel kom TPM en Smith se filosofie aan die orde deur die kollig op sy geloofsverklaring, sowel as die ontstaan en definiëring van TPM te laat val. In die tweede deel word die fundamentele voorveronderstellings, sowel as die belangrikste teoretiese en leerstellige sake rakende TPM bespreek. Die derde deel, oor die praktyk van TPM, stel sake aan die orde soos die prosedure van 'n tipiese sessie, die rol van die berader, geestelike oorlogvoering, en so meer. Die vierde deel verwys na die belangrikste protagoniste en antagoniste van TPM met 'n aanduiding van hul tersaaklike bydraes.

Vir eers moet iets opgemerk word oor TPM as 'n model. Die navorsing ag TPM as 'n model van innerlike genesing. Heyns en Pieterse (1990:34) verduidelik dat modelle onder andere twee funksies kan vervul in die teorie-praksis-verhouding. Enersyds kan 'n model as 'n "konkretisering van die teorie" (Heyns & Pieterse, 1990:34) dien. In 'n sekere sin wil Smith sy teorie aan mense verduidelik deur middel van sy model, sodat hulle die proses kan verstaan, daarin onderlê kan raak en/of bediening kan ontvang. Andersyds kan 'n model as 'n "eerste abstraksievlak van die praxis" (Heyns & Pieterse, 1990:34) dien. Hierdie navorsing gaan van die standpunt uit dat TPM alreeds 'n vorm van praktykteorie behels en beoog derhalwe om die ontwikkelingspad verder te stap na 'n volgende verdiepte, verrykte praktykteorie. In hierdie sin is Smith se model dan 'n hulpmiddel om teorieë onderliggend aan die praktyk verder bloot te lê.

2.1 DIE FILOSOFIE VAN SMITH EN TPM

Die navorsing ag dit nodig om Smith se geloofsverklaring in geheel weer te gee ter wille van volledigheid en om verwysings daarna te vergemaklik. Sover dit blyk (in 2004), is dit in ten minste vier bronne en drie formate beskikbaar. Die vroegste weergawe is in die 350 bladsye handboek, *Beyond Tolerable Recovery* (Smith, 2000a:vi), die tweede in *Healing Life's Hurts* (Smith, 2002a:4-6), die derde in die boek van Wilder en Smith, *Keeping Your Ministry Out of Court* (Wilder & Smith, 2002:5) en die mees onlangse (met die aanvang van die navorsing) op die *Theophostic* webwerf onder Algemene Vrae en Informasie (Smith, 2004b:12-13). Die weergawe in Wilder en Smith se boek is feitlik woordeliks dieselfde as voorgenoemde geloofsverklarings, op een uitsondering na.

Volledigheidshalwe moet gemeld word dat Smith in 2006 sy geloofsverklaring heelwat uitgebrei het (Smith, 2006b:1-3; sien ook 2007b:221-223). Die uitbreidings handel veral oor sy verlossingsleer, leer oor heiligmaking en demonologie. Vir die huidige doel word na die bogenoemde eerste drie weergawes van die geloofsverklaring verwys, terwyl 'n enkele aantekening oor die demonologie vanuit laasgenoemde geloofsverklaring voldoende geag word.

2.1.1 Die geloofsverklaring van Smith, stigter van TPM

Die volgende is 'n vrye vertaling deur die navorser. Waar een van die weergawes 'n toevoeging of 'n afwyking van die ander het, word dit in groot hake ingesluit met 'n aanduiding van watter weergawe dit so toevoeg of anders stel. Ronde hake word gebruik presies soos die oorspronklike bronne dit gebruik het en om bronverwysings aan te dui. Verwysings na die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel (Bybel, 1986) en die Ou Afrikaanse Vertaling (Bybel, 1953) word weergegee met die afkortings NAV en OAV onderskeidelik.

> Daar is een God wat van ewigheid af saambestaan in drie persone: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. [Alle dinge is deur en vir die Seun geskape in verhouding met die Vader. (2004b:12.)] Die Vader het sy enigste Seun gestuur om die redding vir 'n verlore mensheid te word. Die Heilige Gees is gestuur om die opdrag van Christus voort te sit en te voltooi deur Sy liggaam, die Kerk.
>
> Jesus Christus het in die vlees gekom, volledig God en volledig mens, maar sonder sonde. As God die Seun het Hy na die aarde gekom as 'n mens, gebore uit 'n maagd. Hy het alles volvoer waarvoor Hy gestuur was, aan die kruis gesterf vir die sondes van die wêreld, na drie dae uit die dood opgestaan en regeer vandag aan die regterhand van God die Vader. Hy sal op die wolke terugkeer op die dag deur die Vader bepaal om almal wat aan Hom behoort, wat [gewas en (2004b:12)] wederbaar is deur die versoeningswerk van die kruis van Christus, na Hom toe op te roep. Jesus Christus staan sentraal tot alle ware heling en vryheid. Sonder Hom kan ons niks doen nie (Joh. 15:5).
>
> Die Heilige Gees is die derde persoon van die Drie-eenheid. Hy woon in die hart van die ware Christen waar Hy die krag voorsien om God se woord te gehoorsaam, van sonde oortuig, leer en in alle waarheid lei, troos bring in tye van benoudheid, terwyl Hy alle ware gelowiges verenig in 'n band van liefde. Die Heilige Gees is die manier waarop God met Sy mense kommunikeer deur die geskrewe Woord te open (te verlig) en deur innerlike kommunikasie van die hart. [Dit word geglo dat dit die Heilige Gees is wat waarheid openbaar aan die persoon in 'n *Theophostic* gebedsbedieningsessie. (Alhoewel hierdie outeur soms die name Jesus, God, Gees van Christus en Heilige Gees alternatiewelik gebruik wanneer verwys word na hoe mense waarheid ontvang, glo hy teologies dat dit in werklikheid die Heilige Gees is wat met gelowiges kommunikeer en hulle in al die waarheid lei.) (Smith, 2004b:12)].
>
> Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God en het "groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek" (2 Tim. 3:16 NAV). Dit is verhewe bo die tyd en relevant vir alle omstandighede en is die volheid van God se goddelik-geïnspireerde openbaring aan die mens, sonder enige foute in sy oorspronklike vorm [soos wat dit aan die oorspronklike outeurs gegee was (Wilder &

Smith, 2002:5)]. [Die Woord van God moet uitgelê word deur Skrif met Skrif te vergelyk in sy presiese historiese en literêre konteks (Smith, 2004b:13)].

Die kerk word universeel saamgestel deur alle mense wat glo dat Jesus Christus aan die kruis vir hulle sondes gesterf het [en wat deur die krag van die hemelse Vader uit die dood opgestaan het (2002a:5)], en wat [deur hul geloof (2002a:5)] deelgenote is van die Goddelike natuur. Die inwoning van die Gees van Christus is die beslissende faktor of iemand 'n ware geloofsverhouding met God het, nie 'n mens se denominasie, godsdienstige praktyk of prestasie in Christelike dissiplines nie, want "as iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie" (Rom. 8:9b NAV).

Die primêre doel en roeping van die kerk is om uit te gaan en die goeie nuus van [redding en (Smith, 2004b:13)] vryheid in Christus aan die hele wêreld te verkondig (Matt. 28:19-20), om die werk van die duiwel tot niet te maak (1 Joh. 3:8), om waarheid te bring aan hulle wat gevange gehou word deur die greep van die koninkryk van die duisternis, en om die weg te berei vir Sy wederkoms deur Sy bruid gereed te kry (Luk. 4:18).

Alle mense word gebore met 'n gevalle natuur, afgesny van God. In hierdie gevalle staat is ons harte verwyderd van God en voortdurend boos. Diegene wat nie in geloof reageer op die genadige vrye gawe deur Christus nie, lewe in 'n gevalle staat en sal vir ewig van God afgesny wees [in 'n ewige hel (2004b:13)]. Diegene wat in geloof na Christus kom, word nuwe skepsels gemaak en sal vir ewig in die hemel woon.

Alle mense sondig en het God se voortdurende genade en vergifnis nodig. Sonde is 'n voortgaande probleem wat hanteer moet word in die lewe van die gelowige deur die kruis van Christus en nie "deur werke" nie. [Jesus het ons sonde op Hom geneem sodat ons sy geregtigheid kon word. God is aktief aan die werk in die lewe van die gelowige deur die Heilige Gees waardeur Hy sy gemoed vernuwe en sy gees na volwassenheid lei, "totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Ef. 4:13 OAV). (Smith, 2002a:6)]

God is 'n soewereine God wat in staat is om te doen "ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk" (Ef. 3:20 OAV). Die rede waarom ons hierdie werklikheid moontlik nie ervaar nie, is nie omdat die krag nie beskikbaar is nie, maar is omdat ons nie die beskikbare krag toe-eien [en toelaat om deur ons te werk (Smith, 2004b:13)] nie. Wanneer ons probeer om in eie krag bediening te doen, gebeur niks goddeliks nie.

Die genoemde drie weergawes waaruit bogenoemde vertaling saamgestel is, is feitlik woordeliks dieselfde, op enkele uitsonderings na, soos aangedui. Hulle verskil egter van die vroeëre geloofsverklaring in Smith se handboek, *Beyond Tolerable Recovery* (2000a:vi), daarin dat die aanvanklike geloofsverklaring kernagtiger praat oor God, die Bybel, Jesus se menswording, die Heilige Gees en die kerk as die latere weergawes. 'n Verdere verskil lê daarin dat Smith se aanvanklike geloofsverklaring aspekte van 'n mensleer en verlossingsleer huldig wat as aanvegbaar aangemerk moet word, byvoorbeeld:

Man is "beautifully and wonderfully made" as a trichotomy of body, soul and spirit (1 Thes. 5:23). The spirit of those who are in Christ is fully redeemed and complete through the atoning work of the cross (2 Cor. 5:17). The soul/mind of redeemed man is in the process of being renewed (this is Theophostic) (Romans 12:2). The body is non-redeemable, but will be replaced with a new glorified body at the Lord's soon coming (Romans 8:23, Phil. 3:21) (Smith, 2000a:vi).

Die navorsing beoog om voorlopig eers net die tafel te dek met wat Smith en *Theophostic Prayer Ministry* aanbied, sonder om op hierdie stadium te reageer op kritiek teen Smith en TPM of Smith se reaksies daarop. Dit lyk egter nodig om in verband met bogemelde weglatings en veranderings in die geloofsverklaring dadelik kommentaar te lewer.

Bogenoemde aanhaling gee iets weer van Smith se mensleer, verlossingsleer en sy leer oor heiligmaking. Die *Community Evangelical Free Church (CEFC)* is een instansie wat 'n Bybelse evaluering van TPM gedoen het (2001:1-23). Hulle bevinding is dat TPM se trichotomiese mensleer onskriftuurlik is (CEFC, 2001:11) en dat die gees van 'n wedergebore mens nie onmiddellik na bekering volkome heilig is nie (2001:11-12). Dit lyk asof Smith reeds met die laaste twee weergawes van die geloofsverklaring hierdie laasgenoemde kritiek in ag geneem en verwerk het, vandaar dat hy nie in dieselfde trant daaroor skryf of verklaar nie. "Those who come to Christ in faith are made new creatures.... Sin is an ongoing problem.... Jesus took on our sin that we might become His righteousness. God is actively at work through the Holy Spirit in the life of the believer, renewing his mind and maturing his spirit, ..." (Smith, 2002a:5-6; vgl. ook 2004b:13).

In verband met die nuwe uitgebreide geloofsverklaring, moet die volgende kortliks aangeteken word (Smith, 2006b:1-3; vgl. 2007b:221-223). Smith se verlossingsleer en leer oor heiligmaking bly volgens die navorser se oordeel onveranderd, behalwe dat hy dit duideliker en omvattender uitspel. In verband met die demonologie blyk dit dat Smith 'n baie sterk klem lê op die feit dat Jesus Christus die duiwel totaal en al oorwin het en dat alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee is. Christus is volgens Efesiërs 1:20-23 die Hoof van die Kerk, sy liggaam; en daarom is Satan in ondergeskikte posisie ten opsigte van die ware gelowige in Christus.

> Satan's deceptive "power" is totally related and dependent on the lies that each person holds. Any demon thought that passes through the mind of man has only as much impact as it is believed. People are not victims of the devil that need to be rescued as is seen in the Gospels prior to the Cross, but rather are being held captive by their own false belief. Lasting freedom does not come by fighting a defeated devil (which makes little logical sense anyway), but rather by turning to the Lord of truth. ... (2 Cor. 4:3-4; 2 Cor. 3:16). It does not say the veil is removed by warfare or even fervent praying, but by the deliberate choice of the one blinded to turn to Christ. (Smith, 2006b:3.)

Vanuit hierdie aanhaling blyk dat Satan totaal oorwin is (vgl. ook Heb. 2:14; Smith, 2007b:223) en dat die mens glad nie as slagoffer van die Bose beskou moet word nie. Die Christen se oorwinningsposisie in Christus word verstaan en gerespekteer. Daarom is daar nie geestelike oorlogvoering nodig om die Bose te oorwin nie. Die mens moet egter daarop let dat hy waarheidsgetrou glo, aangesien die Bose se houvas op die mens direk verband hou met die

leuens wat hy glo en die mate waarin die mens homself met 'n wilsbesluit na Christus wend (in bekering), sodat die geestelike blindheid van sy oë verwyder kan word kragtens die teksverse van 2 Korintiërs 4:3-4 en 3:16. In die beoordeling van Hoofstuk 6 sal weer hierna verwys word.

2.1.1.1 Smith se onderskeid tussen kernsake en randsake

Smith onderskei tussen kernsake en randsake ten opsigte van sy sienings en lering oor TPM (2004g:28). Randsake is moontlik belangrik in eie reg, sê hy, maar dit word nie as noodsaaklik geag vir iemand om TPM as 'n bediening te aanvaar en effektief toe te pas nie (Smith, 2004g:32). Smith se sienings oor demone en geestelike oorlogvoering val byvoorbeeld in die kategorie van periferiesake. Hy het tydens 'n lesing op die TPM Internasionale Konferensie gedurende November 2003 in Minnesota hierdie benadering van hom uitgespel (Smith, 2004g:28). Die redes wat hy hiervoor aanvoer, is dat hy eerstens nie wil bydra tot onnodige en verdere verskeurdheid in die liggaam van Christus deur nie-essensiële leringe wat moontlik verskille kan ontketen, die wêreld in te stuur nie. Tweedens wil hy nie hê dat mense oor 'n randsaak struikel en in die proses ook die basiese sake van TPM verwerp nie. Laastens ag hy dit wys om nie vir mense onnodig klippe van kritiek te gee waarmee hulle hom kan gooi nie.

Hy het hierdie benadering van hom ook aan die twee professore, Brian N. Maier en Philip G. Monroe, wat saam in 2003 'n teologiese ontleding oor TPM gedoen het, verduidelik (Maier & Monroe, 2003:171). Maier en Monroe (2003:171) gee toe dat sommige van die beginsels van Smith se veranderingsmodel totaal anders geïnterpreteer kan word as dit deur 'n ander teologiese raamwerk beoordeel word. Daarmee handhaaf hulle Smith se onderskeid tussen rand- en kernsake met die oog op hulle evaluering van TPM. Daarbenewens merk hulle tog op dat dit volgens hulle beskouing onhoudbaar is om 'n persoon se "persoonlike teologiese oortuigings" te skei van die teoretiese beginsels van sy bediening (Maier & Monroe, 2003:171).

Wat is die unieke lewens- en wêreldbeskoulike sake wat by TPM voorkom? Dit is die volgende vraag wat beantwoord moet word. In die aanloop daartoe is dit eers nodig om te vra hoe die *Theophostic* bediening ontstaan het en hoe Smith dit definieer.

2.1.2 Die ontstaan van TPM

Smith was vir sewentien jaar 'n predikant in die *Southern Baptist* Kerk van Amerika (Bidwell, 2001:18). Nadat hy 'n doktorsgraad in pastoraat verwerf het, het hy pastorale beradingswerk begin

doen in die vroeë 1990's. Hy het met talle mense te doen gekry wat emosioneel erg verwond was (Smith, 2002a:11). Die meerderheid beradenes met wie hy gewerk het, was slagoffers van bloedskande.

Die saak wat Smith die meeste gepla en radeloos gelaat het in sy werk met hierdie slagoffers beskrywe hy in die drie hoofwerke uit sy hand: die basiese handboek *Beyond Tolerable Recovery* (2000a:31-34), die begeleidingsgids vir kliënte *Genuine Recovery* (2000b:8-9) en die "gewone" boek *Healing Life's Hurts* (2002a:11-12). (Die boeke het meer omvattende titels, maar in die verslag word die verkorte titels gebruik.) Hy was seker dat die pyn wat hulle in hulle omdra, nie afkomstig was van die trauma of mishandeling wat hulle deur is nie, maar van hulle interpretasie of geloofsopvatting daaromtrent. Die trauma en mishandeling was immers verby en kon nie langer hul huidige emosionele pyn veroorsaak nie. Smith het op elke moontlike manier probeer om die dames sover te kry om die waarheid toe te eien, maar dit wou nie werk nie en hulle het steeds hul verkeerde opvattings bly glo (2002:12).

Smith (2000a:9; 2002a:12) sou hulle byvoorbeeld herhaaldelik begelei om die traumatiese herinneringe in hul gemoed op te soek en die gebeure weer te beleef. Hy sou toekyk hoe van die dames diep emosionele en fisiese pyn in 'n katarsismoment belewe, net om daarna vas te stel dat die pyn steeds nie weg is nie. Hy sou ook vir hulle die waarhede oor die gebeure en oor hulself tydens daardie afreagering meedeel, byvoorbeeld dat hulle as slagoffers nie die skuldiges was nie, dat hulle nie meer magteloos teenoor hulle misbruikers staan nie, dat nie húlle nie, maar die oortréders hulle moet skaam en dat hulle onbesoedeld en veilig is. Hulle kon met die waarhede saamstem en dit selfs op hul eie nasê, maar hulle kon dit nie vir hulself toe-eien nie.

Hy sou byvoorbeeld vir 'n vrou tydens so 'n herbelewenis van 'n wreedaardige verkragting vra (Smith, 2002a:12): "Waar is jy nou?" Rukkend en bewend sou sy vir hom die waarheid vertel: "Ek is in jou kantoor." Smith sou dan vervolg: "Word jy nou verkrag?" Sy sou antwoord: "Nee, ek is veilig." Dan vra hy: "Kan hy jou nog seermaak?" Sy sou reageer: "Nee, ek kan hom nou keer." Dan sou Smith haar vra: "Nou dat jy al hierdie waarhede weet, hoe voel jy nou?" En dan antwoord sy: "Ek is bang." Waarop Smith sou volg met: "Waarom?" Sy sou sê: "Omdat hy besig is om my seer te maak en ek sal doodgaan." "These irrational, illogical responses perplexed me. This woman knew the truth and could verbalize it, yet her *lie-based* thinking residing in her memory would override it all and she would be overwhelmed by terror." (Smith, 2002a:12.)

Smith (2000a:9) het geglo dat herstel sou intree as die slagoffers dit net kon regkry om nie langer by die leuens in hulle herinneringe vas te haak nie, maar deurbeweeg na die waarheid toe en dit

werklik te glo. Die skaamte, skuld, vrees of watter emosie hulle ookal ervaar het, was bloot die gevoelens wat ooreengestem het met die opvatting wat hulle geglo het. Dit was of hierdie dames omring was met die waarheid, maar tog kon hulle dit nie raaksien nie. Dit was asof iemand die ligte afgeskakel het en hulle in die donker rondgestrompel het. "They knew the truth, yet could not embrace it. The lies had overpowered their ability and desire to grasp that which they could logically give assent to." (Smith, 2000b:34.)

Na ongeveer vyf jaar se moeisame berading in hierdie bediening, het Smith homself begin uitbrand (2000a:34; 2002a:13). Hy was trouens op die punt om hierdie werk te laat vaar en 'n heel ander rigting in die bediening in te slaan (Smith, 2002a:13). Een aand, nadat hy weer so 'n uitputtende en teleurstellende sessie gehad het, het hy na God uitgeroep en Hom gevra om hom 'n manier te wys om die gaping te oorbrug tussen die vashou van die leuens aan die een kant na die aanvaarding en ken van die waarheid aan die ander kant.

> As I drove home that night, I cried out to God and asked Him to show me a way to bridge this gap between embracing the lie to knowing the truth.
>
> I did not receive an answer that evening in the car, but over the course of the next few weeks, simple yet profound principles began to emerge in my thinking. It was as though a spigot had been turned on and the insight of this process began to flow through my mind. As I look at the principles of Theophostic Ministry today, I wonder why I had not seen it long before. They are nothing new, just overlooked. They are based on simple Biblical truths that when applied can result in what God's Word says will happen (Smith, 2000a:34).

In die begeleidingsgids, *Genuine Recovery,* verduidelik Smith (2000b:9) dat hy nie hiermee aandui dat hy 'n nuwe openbaring van God ontvang het nie, want hy glo "(d)ie hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel, en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim. 3:16-17). Maar hy glo wel dat God insig verleen oor hoe om hierdie Goddelike woorde in elke nuwe era toe te pas. Die kerk moes nog altyd telkens nuut ontdek hoe hy die wêreld wil bereik met die waarhede van God se Woord (Smith, 2000b:9). TPM is een van hierdie metodes waardeur dit kan gebeur.

In *Healing Life's Hurts through Theophostic Prayer* (2002a) voeg Smith 'n verhelderende en 'n kernagtige verduideliking by oor 'n basiese waarheid van die Skrif wat hy nog altyd misgekyk het. "The basic truth that I was missing was simply allowing the Spirit of Christ to be present in my ministry sessions. I always prayed both before and after our sessions. However, I never actually

invited the Holy Spirit to participate and never expected Him to address the victims in their traumatic pain." (Smith, 2002a:13.)

Smith penaliseer homself deur te erken en te verduidelik dat hy eintlik in sy beradingswerk presies dieselfde gedoen het as wat hy al die jare ook in sy ander bedieningswerk gedoen het. Hy het naamlik die kerk se *programme aan die gang gehou*, ten einde erediensbywoning te verseker of dit te laat groei. Hy het probeer om die erediensgangers gelukkig te hou, maar intussen het hulle baie selde die teenwoordigheid van Christus ervaar. "When people experience the presence of Christ, there is *always* miraculous change." (Smith 2002a:14.) As mense in die kerk of in 'n beradingsituasie nie 'n ware ervaring van God het nie, is die kanse skraal dat hulle lewens op een of ander vlak sal verander.

Met verdere insigontwikkeling het Smith (2000b:32) uiteindelik na vore gekom met sy sogenaamde "huis-met-twee-kamers-teorie." Die brein word as 'n huis met twee kamers voorgestel. In die verligte kamer is al die logiese waarhede wat die mens deur sy lewe opgedoen het en in die donker kamer die ervaringskennis wat blykbaar sterker is as die waarhede van die ligkant. "Logiese waarhede" verwys na alles wat ons weet oor God, onsself en die lewe soos dit in werklikheid is, onder andere ook die onskuld van kinders wat in hul kleintyd gemolesteer is. Die "ervaringskennis" verwys na die kennis wat mense opdoen vanuit hulle ervaringe in die lewe, vir gemolesteerdes dus ook daardie indrukke van skaamte, skuld en wanhoop wat gewoonlik met molestering gepaard gaan. Ongeag of daardie belewenisse waarheidsgetrou was of nie, vir die persoon wat dit beleef het, was dit so goed as waar.

Om te verduidelik wat TPM is, is dit nodig om te besef dat daardie opvattings en interpretasies wat mense in hul gemoedere vir waar vashou, telkens versteurende emosies na vore bring sodra iets of iemand hulle daaraan herinner (Smith, 2000a:32; 2002a:79-82). Vervolgens moet besef word dat dit vasgelê was tydens 'n ervaring. Dit kan slegs verander word, so dui TPM aan, deur 'n volgende ervaring. *"We can change data with data, but it requires experience to change experience."* (Smith 2002a:79.) Die persoon of agent waardeur dié nuwe ervaring kom, is die Gees van Christus. "Only the Holy Spirit can provide experiental truth to my historical experience." (Smith 2002a:82.) TPM help bring verwondes tot op dié punt dat die Heilige Gees hulle van hul bindende leuens kan bevry en hul van die meegaande pyn genees deur 'n ervaring. Die duidelike effek hiervan is dat hul huidige lewe minder problematies sal wees. Smith stel die hele *Theophostic* proses graag voor deur te verwys na die vier manne wat hul vriend tot by die voete van Jesus gebring het, sodat Hy hom van sy verlamming kon genees (Mark. 2:1-6; Smith, 2000b:168-169).

Dit val op dat Smith telkens wanneer hy oor sy ontdekking van die nuwe metode of tegniek praat, klem lê op die feit dat hy aan die einde van homself gekom het (Smith, 2000b:9; 2000a:34). Smith beskrywe sy nuwe benadering of gesindheid soos volg (2000b:9): "I now am aware of my total dependence on God's acting in behalf of those to whom I minister. I could not say this of my ministry before, because I was acting as the source of truth. I prided myself in my ability to diagnose a person's trouble and come up with biblical steps of action." Dit is dus te verstane dat die riglyne wat vir die fasiliteerders van TPM voorgehou word, dieselfde gesindheid by hulle voorskryf (Smith, 2000a:167-168; 2004h:1; 2007b:224-225). Alles moet van Christus en die Heilige Gees verwag word en die berader, fasiliteerder of gebedsbedienaar moet 'n behoorlike paradigmaskuif maak deur sy eie insette so te bestuur dat hy heeltyd voorrang verleen aan die leiding en werking van die Heilige Gees, wat inderdaad die hoofbron in elke sessie is.

2.1.3 Die definiëring van TPM

Vervolgens moet gevra word wat TPM presies is. Hoe definieer dr. Ed Smith self hierdie metode?

2.1.3.1 Is TPM berading, bediening of moontlik terapie?

Bestudering van die materiaal van Smith het aanvanklik die indruk gegee dat hy rondspring wat die benaming van die saak betref. Hy gebruik byvoorbeeld in die video's van die basiese opleidingskursus die naam "Theophostic Counseling" (Smith, 1996), maar in die werkboek van die basiese videokursus die naam "Theophostic Ministry" (1999). Martin en Deidre Bobgan (2004:1), wat in 1999 'n boek geskryf het om aan te dui dat TPM 'n psigologie-kettery sou wees, het ook krities na die naamveranderings verwys. Smith het byvoorbeeld ook die formaat van die woord "TheoPhostic" (met 'n hoofletter "P") na "Theophostic" (met 'n kleinletter "p") verander. Verder het hy later die term "Prayer" ingevoeg sodat dit "Theophostic Prayer Ministry" lees. Die afkorting TPM sou dus ewe goed kon geld vir òf *Theophostic Ministry* òf *Theophostic Prayer Ministry*.

Smith (2000a:2) verduidelik in die vierde hersiene uitgawe van die basiese handboek die naamsverandering vanaf "berading" na "bediening," waar hy aandui dat in sekere landelike gebiede dit al moeiliker raak om berading te kan doen sonder om eers sertifisering en die staat se goedkeuring te bekom. Hy verwoord sy hersiene standpunt soos volg (Smith, 2000a:2): "You may have noticed that when referring to Theophostic I use the word Ministry rather than Counseling. The main reason for this change is because, if you are limiting what you do to the principles in this book and seminar information, then you are not counseling. Ministry better describes what you

would be doing." Leke-bedienaars sal dus wys wees om hul werk eerder "bediening" as "berading" te noem.

In die boek wat E. James Wilder en Ed M. Smith gesamentlik geskryf het, *Keeping Your Ministry Out of Court* (2002), word die hele agtergrond van hierdie saak nog duideliker belig. Enkele aanhalings behoort die prentjie genoegsaam in te kleur.

> Due to what is widely referred to as 'the separation of church and state' in the US Constitution, there are very different standards for church 'healers' and secular 'healers.' (Wilder & Smith, 2002:15.)
>
> In most states, titles like psychiatrist, psychologist, social worker, psychotherapist, psychiatric technician, educational psychologist, marriage and family therapist, psychiatric nurse, and (in some states) counselor are reserved titles that require a license. To claim any of these titles without paying your money and time for a license is against the law. The activities of these professionals are also restricted to those with a current license. To provide a diagnosis, certain testing or therapy (from psychotherapy to electro-convulsive shock therapy), to prescribe medication or admit to a hospital requires a proper license. (Wilder & Smith, 2002:16.)
>
> Prayer counseling, support, pastoral care and ministry are not similarly restricted. (Wilder & Smith, 2002:16.)

Die staat van California huldig blykbaar die beskouing dat "healing comes from professionals and 'spiritual guidance' from clergy" (Wilder & Smith, 2002:16). Genoemde staat maak ook geen voorsiening vir gebedsberading, Goddelike intervensie of die bediening van die liggaam van gelowiges aan mekaar nie. Hiermee is verduidelik waarom Smith TPM as bediening definieer.

Vervolgens moet gewys word op die Bobgans (1999:9) se argument dat TPM nie 'n goddelike openbaring sou wees nie, maar 'n selfgewysigde variasie van een of meer van die baie psigoterapieë wat Smith leer ken en gebruik het en waarby hy innerlike genesingskonsepte en –tegnieke bygevoeg het. As die Bobgans op hierdie punt reg bewys kon word, naamlik dat Smith eintlik steeds terapie doen, dan geld dieselfde argument steeds vir Smith. As 'n kerklike bedienaar in die Verenigde State word hy nie deur die staat en wetgewing as 'n professionele heler beskou nie en daarom kan hy homself aan vervolging blootstel as hy homself as terapeut van die een of ander aard sou identifiseer of as hy sekere kodes sou oortree wat die indruk laat dat hy "professionele" terapie (in plaas van kerklike terapie) aanbied (Wilder & Smith, 2002:16-17).

Die navorser se eerste naïewe beoordeling was dat hierdie 'n beradingsbediening is en dat Smith maar die vrymoedigheid kon neem om dit berading ("counseling") te noem. Om dit net as 'n gebedsbediening te bestempel, het ook nie eerlik en reg gelyk nie, want daar gebeur tog baie meer as net gebed in die sessies.

Smith (2004b:1) bied 'n kernagtige begronding vir die *Theophostic Prayer Ministry* aan waar hy op sy webwerf aandui dat dit gebaseer is op twee belangrike Bybelse opdragte, naamlik *bid vir mekaar* en *bemoedig mekaar.* TPM geskied in 'n atmosfeer van gebed waar die gebedsbedienaar vir die beradene by God intree, dat Hy vir die persoon sal wys wat Hy wil hê dat hy moet weet, glo én doen. Terselfdertyd sal die fasiliteerder ook die beradene aanmoedig om te voel wat nodig is om te voel, om te onderskei wat die proses mag verhinder en om te ontdek wat hy in 'n bepaalde herroepte geheuekonteks glo wat sy huidige emosionele ongemak mag veroorsaak. Gegee hierdie begronding van Smith, behoort hy dus ewe maklik TPM ook 'n gebedsberadingsbediening te kan noem.

2.1.3.2 TPM as "ware herstel" teenoor "taamlike herstel"

Met "taamlike herstel" moet 'n persoon heeltyd daaraan werk om sy herstelde posisie te behou en hy moet nooit sy vroeëre staat uit die oog verloor nie (Smith, 2000a:20). Dit kan baie duidelik gesien word by die 12-Stappe Ondersteuningsgroepe soos Alkoholiste Anoniem, waar 'n lid homself aan die groep voorstel met die frase: "Hallo, ek is Phil en ek is 'n alkoholis." Daarmee sê hy dat hy steeds 'n alkoholis is en die leuse is gewoonlik (Smith, 2002a:57): "Eenmaal 'n alkoholis, altyd 'n alkoholis!" Aangesien die navorser self met rehabilitasiewerk bekend is, kan hy bevestig dat dit die praktiese stand van sake is. Dieselfde geld vir mense met eet-, werk-, dobbel- en ander verslawingsprobleme. Die vraag wat Smith én die navorser vra, is: Wanneer kan die persoon homself voorstel en sê: "Hallo, ek is Phil en ek was 'n alkoholis, maar nou is ek vry!"?

Smith verklaar dat daar fundamentele probleme met beradingsbenaderings is wat mense help om bloot beter te word. Een probleem met dié metodes is dat dit nie Bybels is nie. "The Bible does not advocate a 'get better' approach to dealing with human pain and suffering. The Bible says we should be able to enter into rest and freedom." (Smith, 2000a:15.) Jesus se genesingsbediening het nie mense gehelp om net beter te word nie; Hy het hulle gehelp om reg te kom. Hy het nooit vir iemand gesê (Smith, 2000a:19): "You will be in better shape than you are now and that will be tolerable. Come hobble with me for you are healed ... sort of. *So take up your bed and limp!"*

TPM is 'n instrument waardeur die Here onmiddellike en "ware" verligting bewerk (Smith, 2000a:23). In die werkboek van die basiese videokursus som hy die verskille soos volg op (Smith, 1999:10):

- Taamlike herstel is om net beter te word, terwyl ware herstel is om heelgemaak te word.
- Taamlike herstel is om in 'n proses te wees; ware herstel is om die doel te bereik.

- Taamlike herstel is in 'n voortdurende toestand van fluktuering, terwyl ware herstel permanent is en geen instandhouding nodig het nie.
- Taamlike herstel is humanisties, terwyl ware herstel goddelik is.

Smith wil nie tradisionele terapie in diskrediet bring nie. Hy is bloot opgewonde oor 'n baie meer effektiewe metode. Hy vergelyk TPM met kognitiewe terapie, sowel as die sogenaamde *brief therapy* (Smith, 2000a:19). Alhoewel daar punte van ooreenstemming is, is nie een terapie so vinnig en deeglik in die verkryging van die gewenste resultate as TPM nie (Smith, 2000a:27-28).

Martin en Deidre Bobgan, wat die *PsychoHeresy Awareness Ministry* bedryf, was die eerstes wat 'n evaluering oor TPM gepubliseer het. Maier en Monroe (2003:169), twee professore wat ook later hul evaluering gedoen het, ag eersgenoemdes se boek 'n vlymskerp aanval op TPM, en die navorser wil hulle akkoord gee. Die Bobgans (1999:26, 29) maak nietemin tog 'n betekenisvolle bekentenis in hul boek, wat moontlik die grootste pluimpie vir Smith en die TPM benadering is:

> The claims, cures, and cases of TheoPhostic counseling are admittedly extraordinary. We have been writing and researching the field of psychotherapy for over 25 years. We have read numerous research studies and volumes on research as well as all or parts of numerous books. We have become familiar to some extent with hundreds of therapies and many more techniques. It is very clear to us that almost no extraordinary claims, cures, and cases as presented by TheoPhostics are found in the literature.
>
> The psychotherapies that make such claims are by far the exceptions. One is EMDR (Eye Movement Desensitization and Reprocessing). ... (Bobgan & Bobgan, 1999:26)
>
> Another extreme example is that of Dr. Arthur Janov, who invented Primal Therapy (PT). Janov claims that PT is a cure-all. ...
>
> The EMDR and PT claims, cures, and cases are exceptions in the field of psychotherapy. However, even the EMDR and PT claims, cures and cases pale in comparison to the claims made for TheoPhostic counseling. We reiterate, in all our years of writing and research we have rarely seen such extraordinary claims, cures, and cases touted by Smith. TheoPhostic echoes both EMDR and PT in claims, cures, and cases, as well in theory and methodology. (Bobgan & Bobgan, 1999:29.)

Dit lyk dus verstaanbaar waarom Smith sy basiese handboek betitel met die woorde: "Beyond *Tolerable* Recovery."

2.1.3.3 TPM gaan oor God wat lig gee in duisternis

In die 2000 gewysde uitgawe van die basiese handleiding gee Smith (2000a:12) 'n langer definisie van TPM wat ook aandui waarom hy dit "theophostic" noem:

> The name for this process which we call Theophostic Ministry is a term I created from two Greek words. It comes from the combination of the Greek words *Theos* (God) and *Phos* (light). These two terms describe God bringing forth illumination into a previously darkened area of one's mind. Theophostic Ministry is God's true Light, the Lord Jesus, bringing Divine truth experientially into one's historical life experiences.

Lehman en Lehman (2002:1) som die saak treffend op in 'n kort oorsig wat hulle oor TPM geskryf het. Dit lyk of God vir dr. Smith gehelp het om baie duideliker as ander die meganisme raak te sien waardeur die gebeure van ons lewens, veral pynlikes, ons vorm en ons gevange hou in die hede, alhoewel die oorspronklike gebeure lankal reeds verby is. Die Here het hom ook gehelp om die meganismes duideliker as ander raak te sien waardeur ons bevry kan word van ons gevangenskap aan die vervloë gebeure.

Wat is die "duisternis" waarna Smith in TPM verwys? In terme van sy "huis-met-twee-kamers-teorie" (Smith, 2000b:9-10) is die duistenis die donker in daardie deel van die mens se brein of gemoed waar die persoon se traumatiese of pynlike ervaringskennis hom totaal in die duister laat ten opsigte van die logiese waarhede in die verligte kamer. Dit het dié verdere dimensie, naamlik dat kliënte tydens die *Theophostic* prosedure juis terug begelei word na die tersaaklike pynlike of traumatiese ervarings en daar aangemoedig word om weer die sleg, die seer, die leuens, die donker daarvan intens te ervaar. Smith (2000a:58-62) noem dit "stirring up the darkness." In daardie oomblikke besef die beradene ook sy absolute eie onvermoë om homself te help, wat ook as 'n donkerte bestempel kan word. Dit is in daardie meersinnige duisternis dat Jesus, die ware Lig van die lewe, genooi word om sy lig tot die beradene te bedien.

2.1.3.4 TPM behels die vervanging van leuens met waarheid

Baie terapieë en beradingsmodelle veronderstel dat presenterende problematiese gevoelens en gedrag gekoppel is aan ongesonde gedagtepatrone wat met ons oortuigingswêreld te doen het. TPM bied 'n metode waardeur 'n persoon na tersaaklike belewenisse uit die verlede teruggeneem word ten einde leuen-oortuigings daarin te identifiseer en dit na die Lig/lig te bring. Terselfdertyd word die persoon begelei om die regstellende en troostend-helende waarheid van die Here Jesus deur die Heilige Gees te ontvang in daardie besondere faset van sy menswees. Smith het die krag van die leuen eerstehands in sy beradingspraktyk leer ken, veral deur sy werk met gemolesteerde mense. Smith het egter ook die krag van die Here se bevrydende waarheid leer ken. TPM is die instrument daarvoor.

2.1.3.5 TPM is 'n proses van Godgewerkte wonders

Een uitstaande kenmerk van die TPM filosofie is die definitiewe belydenis van 'n openheid ten opsigte van die bonatuurlike, 'n verwagting van wonders. "We say we believe in the divine, yet we do not possess a miracle mind set" (Smith, 2000a:20).

> Theophostic Ministry is a process of divinely accomplished miracles because I believe that unless Jesus chooses to act and heal, (sic!) nothing significant can or will happen. In its simplest description, it is merely moving aside and allowing the Spirit of Christ to expose darkness with light. It is the revealing of truth, freeing an individual of the lies which dominate his or her thinking, emotions and behavior. It sets people free from lifelong fears, shame, false guilt, and anxiety, lifting the dark clouds of depression *in a Divine moment.* (Smith, 2000a:12; vgl. ook Smith, 2000b:5.)

Daar moet gelet word op die woorde in die pas aangehaalde definisie: "Theophostic Ministry is a process of divinely accomplishhed miracles" en *"a Divine moment."* Daarmee word gewys op die rol wat die bonatuurlike en Goddelike ingrype of betrokkenheid in die hele *Theophostic* proses speel.

Die navorser reken dat hierdie openheid vir die bonatuurlike saamhang met Smith se verduideliking dat hy aan die einde van homself gekom het en dat hy ten volle op God en sy Gees vertrou in die beradingsproses. Sonder Jesus kan ons niks doen nie (vgl. Joh 15:5). Hierdie verwysing na Jesus Christus in die konteks van die wynstok en die lote, vorm deel van Smith se geloofsverklaring oor Christus (Smith, 2002a:4; 2004b:12). Dit sê tegelyk iets van sy Christologie, sy verlossingsleer én dit het implikasies vir die rol van die berader.

Smith verduidelik verder dat in die ondersteuningsgroepe, soos Alkoholiste Anoniem, sterk gefokus word op selfinspanning en volharding in die onthoudingsproses. Juis die sukses in selfinspanning en onthouding word by hulle beloon en saam gevier. Hierdie benadering word deur Smith as onvoldoende beskou, veral omdat terugvalle altyd moontlik is. "Whenever self-effort rather than divine intervention is elevated, the likelihood of relapse and failure loom in the background," verduidelik Smith (2000a:20) waar hy uitwei oor die verskil tussen "genuine recovery" en "tolerable recovery." Selfhelp en selfinspanning lyk baie na redding deur eie werke. Wie homself van sonde, emosionele pyn en verslawing kan red, het nie die kruis nodig nie (Smith, 2000a:21).

2.1.3.6 Is TPM innerlike genesing of gemoedsvernuwing?

Op 'n plek in die voorwoord tot sy aangepaste vierde uitgawe van die oorspronlike handboek, *Beyond Tolerable Recovery,* gee Smith (2000a:5-6) die volgende definisie van TPM:

> Theophostic Ministry is a method of bringing people to the place where they can receive freeing truth from the Lord Jesus. We have been commanded to go into all the world with the Good News of Jesus, to preach this Word to the blind, the captives, and the downtrodden. But the Lord did not tell us how we were to do this. ... I believe God is guiding and inspiring His Church to do the work of reaching a lost and fallen world. Theophostic is another approach to accomplish this.

Op die buiteblad van die begeleidingsgids *Genuine Recovery* (Smith, 2000b), word die volgende subtitels bygevoeg, anders as op die aangewese skutblad binne: "moving beyond tolerable existence into genuine inner healing, renewal and wholeness" en "recoverer's guide to true inner healing and renewal of the mind."

Vanaf die eerste kontakmaking met die materiaal van Smith was die navorser op die uitkyk vir 'n behoorlike begronding vir die bediening van innerlike genesing uit Skrifdele soos Lukas 4:18-19 en Jesaja 61:1-3, maar dit lyk of Smith die bediening eerder begrond vanuit teksdele wat slaan op die vernuwing van die gemoed, soos Romeine 12:1-2 en Jakobus 1:21 (vgl. Smith, 1999:26-35; 2000a:177-189; 2000b:34-36; 2002a:63-90). Waar hy in sy geloofsverklaring die primêre opdrag van die kerk uitspel, gebruik hy wel die verwysing na Lukas 4:18 (vgl. Smith, 2002a:5 en 2004b:13).

Daar moet egter kennis geneem word van 'n interessante verstelling rakende die basiese videokursus. In e-pos kommunikasie op 22 November 2004 tussen die navorser en die amptelike *Theophostic* webtuiste is inligting ontvang dat "Tape 3" van die basiese videokursus, wat juis oor gemoedsvernuwing en die hindernisse tot gemoedsvernuwing handel, vervang word met 'n video wat demonstreer hoe dr. Smith TPM doen. Hy verduidelik die verwikkeling soos volg. Alhoewel die inhoudelike van dié video belangrik is vanuit die oogpunt van dissipelskap, is dit "not intrinsically connected to the Theophostic process and would be more effectively communicated and understood in another context" (Smith, 2004j). Daar was blykbaar 'n groot behoefte aan 'n demonstrasievideo; derhalwe is dit tot die reeks toegevoeg. Die e-pos stel dat genoemde verwikkeling nie gelees moet word dat Smith sy standpunt afwater of dat hy wegstuur van sy definiëring van TPM as gemoedsvernuwing nie.

2.1.3.7 Verskeie aanduidings ("disclaimers") van wat TPM nié is nie

Op die TPM webwerf onder die afdeling vir Algemene Vrae en Informasie verskyn die volgende definisie:

> Theo (God) Phostic (light) is a Biblically based approach to prayer ministry that is Christ centered and God reliant for its direction and outcomes. IT IS NOT RECOVERED MEMORY THERAPY (RMT). Simply stated, it is leading a person to the feet of Jesus through prayer and allowing the Holy Spirit to reveal His truth to the wounded person's heart and mind. (Smith, 2004b:1.)

Smith spreek homself baie duidelik en beslis hieroor uit. TPM is nie *Recovered Memory Therapy (RMT)* nie. Later in dieselfde gedeelte van die tuisblad gee hy ook 'n verduideliking vir sy standpunt en 'n vergelyking tussen TPM en RMT. Smith bespreek hierdie saak ook in 'n artikel in die Maart uitgawe van die *Theophostic Journal* (Smith, 2004a:44-48) en in die 2007 hersiene uitgawe van die basiese handboek word dit as 'n addendum bygevoeg (2007b:215-218).

Dit gaan daaroor dat in Amerika, voor die vroeë sewentigerjare, daar bykans geen bespreking van kindermolestering in huisverband plaasgevind het nie. Gedurende die laat sewentigs en begin tagtigerjare het nuwe terapeutiese tegnieke die lig gesien, insluitend dit wat nou as *Recovered Memory Therapy* bekend staan. RMT het in die hulpverleningsproses geassosieerd geraak met beide positiewe en negatiewe aspekte. Aan die positiewe kant het die tegniek gehelp dat ware gevalle van seksuele misbruik in die samelewing aan die lig gebring is. Dit het die publiek gehelp om wakker te word uit hul ontkenningslaap. Daar was egter ook die ongelukkige gevalle waar rapporte vals was en waar onskuldige mense beskuldig, aangekla en selfs in die tronk gegooi is. Dit was feitlik noodwendig dat die openbare blootstelling aan die misbruike gelei het tot 'n teenswaai van die samelewing se pendulum tot die beskouing dat "herwonne herinneringe" eintlik "valse herinneringe" is (Smith, 2004a:45).

RMT stem in sekere opsigte ooreen met kognitiewe terapie. RMT, sowel as kognitiewe terapie, verskil albei in verskillende opsigte van TPM. RMT maak van 'n klomp tegnieke gebruik in die proses om verdronge herinneringe te herroep, soos byvoorbeeld: 'n "afmerklys" van simptome, visualisering as 'n regressietegniek (teruggaan na vroeëre ouderdomme), innerlike kind skryf- of tekenwerk, liggaamsmassering om traumaherinneringe wat in liggaamselle gestoor sou wees bewus te maak, droominterpretasie, hipnoterapie, dwelmtoedienings, "geestesbegeleiers" en ontspantegnieke (Smith, 2004b:7-9). Sekere van die tegnieke wat RMT gebruik, herinner sterk aan *New Age*-tegnieke en ander kan selfs met die okkulte in verband gebring word. Vir volledige besonderhede word die leser na die skrywe van Smith (2004b:4-10) verwys. Sy hoofargument is

dat sekere mense TPM met RMT verwar en dieselfde negatiewe konnotasies wat op RMT van toepassing is, ook op TPM betrek. Dit sou dié model onnodig in 'n slegte lig stel en onder verdenking bring (Smith, 2004a:44). Smith probeer dit verhoed. Daarom die verskillende afwysings van wat TPM nie is nie en nie doen nie en wat fasiliteerders ook nie moet doen nie. Hy gee ook duidelike riglyne aan fasiliteerders van die proses ten einde te waak teen byvoorbeeld suggereer van "herinneringe," die gebruik van begeleide visualisering en om self te bepaal watter herinneringe herbeleef moet word (vgl. Smith,2000b:1-2). Die proses moet deur God en sy Gees gerig en belig word.

Sonder bogenoemde verduideliking van Smith en die vergelyking tussen TPM en RMT, kan al die "disclaimers" en waarskuwende riglyne aan fasiliteerders onverstaanbaar voorkom. Mét bogenoemde hulp, maak dit meer sin as 'n persoon die volgende sou lees in die werkboek van Smith (1999:6-8) se basiese videokursus, naamlik:

- TPM is nie *Recovered Memory Therapy* nie;
- TPM is nie *New Age* nie;
- TPM is nie kognitiewe terapie nie;
- TPM is nie begeleide verbeelding of visualisering nie;
- TPM is nie hipnotiese suggestie nie; en
- TPM is nie gefokus op simptome of uiterlike gedrag nie.

2.1.4 Aanduidings van TPM se persoonlikheidsteorie

Vervolgens word verwys na terapeutiese en/of pastorale modelle waarby TPM moontlik aansluit, waarna 'n peiling gemaak word van TPM se persoonlikheidsteorie.

2.1.4.1 Terapeutiese en/of pastorale modelle waarby TPM moontlik aansluit

David Entwistle, 'n dosent in psigologie aan die *Malone College* in Canton, Ohio, het ook TPM beoordeel en gee sy evaluering in twee artikels in die *Journal of Psychology and Theology* (Entwistle, 2004a:26-34; 2004b:35-42) weer. Hy verduidelik dat 'n mens nie mislei moet word deur die oënskynlike eenvoud van Smith se metode nie (2004a:27). In werklikheid, so lê hy dit bloot, is dit 'n komplekse prosedure wat tegnieke aanwend wat ooreenstem met kognitiewe rekonstruksie, ontblotings- en desensifiseringsterapieë, die gebruik van evalueringskale, identifisering van psigodinamiese verdedigingsmeganismes en heling van herinneringe.

Die Bobgans (1999:95-109) bevestig in hul boek dat TPM baie sterk ooreenkom met *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR), 'n tegniek wat deur dr. Francine Shapiro ontwikkel is. Hulle beweer dat beide tegnieke voortbou op die werk van Freud en sy psigoanalise. Die basiese id, ego en superego in Freud se antropologie kom, volgens hulle (Bobgan & Bobgan, 1999:119-123), met TPM se trichotomiese mensbeeld ooreen. Hulle beskryf nog meer ooreenkomste tussen Freud en TPM, waarop nie nou gefokus word nie. Laat ons huidig volstaan deur net op een verdere interessante waarneming te wys wat die Bobgans noem, naamlik dat Smith sy evalueringskale waardeur die geloofwaardigheid van die leuens gemeet word, waarskynlik by Shapiro leen (Bobgan & Bobgan, 1999:102-104).

Dr. Karl Lehman en sy vrou, Charlotte, wat albei baie goed onderlê is in TPM én die gebedsbediening vir innerlike genesing, aldus hul eie getuienis (2005b:1), het op hul webwerf, www.kclehman.com, hul evaluerings beskikbaar gestel. Hulle ondersteun genoemde waarnemings dat TPM baie in gemeen het met die innerlike genesingsgebedsbediening, sowel as met die beste navorsing in verband met emosionele trauma en die mees effektiewe sekulêre psigoterapeutiese tegnieke, waaronder EMDR (Lehman & Lehman, 2002:3).

2.1.4.2 'n Peiling van TPM se basiese persoonlikheidsteorie

In hoofstuk 12 van *Beyond Tolerable Recovery* skryf Smith (2000a:167-176) oor die rol van die *Theophostic* fasiliteerder en vergelyk dit met sy beradersrol van vroeër. Hy dui aan hoe sy siening van sake, onder andere sy persoonlikheidsteorie, met sy eerste benaderings was en hoe dit later met die nuwe benadering staan.

> I believed people were in trouble due to their lack of truth and skill in applying the truth. I believed if I could get people to see the truth and choose to apply it, the truth would set them free. I had the right idea, just an inadequate method. They already knew more truth than they were able to apply.
>
> Now I realize people's troubles are not rooted in a lack of truth or skill but in their inability to embrace the truth they often already know. This failure to embrace the truth is the consequence of being in bondage to lies.
>
> People cannot embrace truth due to the position the lie holds in their thinking. The lie is embedded in their experiential knowledge of their memory where the truth needs to be.... The problem is not in knowing the truth but rather in embracing the truth. It is as though we can only hold one thing in our hands at a time. (Smith, 2000a:167.)

Smith se nuwe metode hou onder andere in dat hy die mense in hul oorspronklike historiese pyn indompel (2000a:167) en dan die Here vra vir 'n bevrydende woord. Op hierdie manier kom hulle vry van die leuen-interpretasies en die gemoedspyn wat daarmee saamhang.

'n Terloopse opmerking is hier vanpas. Smith lê baie klem op die leuens en die bevrydende waarheid. Hy beskryf bykans deurgaans die uitkomste van beide sy ou en nuwe metodes in terme van die bevryding van gemoedsleuens (vgl. Smith, 2000a:168). Rob Furlong, senior pastor van die *Thornlie Church of Christ,* is een persoon wat inderwaarheid in sy Bybelse evaluering van TPM duidelik gesteurd raak met Smith se klem op leuens (2003:3): **"Lies, lies and damned lies!"** Die navorser vermoed dat die komplementerende pool van leuens en waarheid, naamlik die troostende en helende genade vir trauma en pyn, moontlik onderbeklemtoon word deur TPM. Neem in ag dat Jesus in Johannes 1:14 openbaar word as die toonbeeld van "**genade** en waarheid" (swartdruk deur navorser).

Vanuit die voorafgaande weergawe van Smith se geloofsverklaring, die ontstaan en definiëring van TPM en die kennisname van die terapeutiese modelle waarby hy moontlik aansluit, kan reeds blyke gekry word van watter lewensbeskoulike sake vir Smith en TPM van belang is en waarom. Om vervolgens 'n verdere greep op sy filosofie te kry, moet egter in meer besonderhede na die teorie en praktyk van TPM gekyk word.

2.2 DIE TEORIE VAN TPM

Hierdie hoofdeel gee aandag aan die basiese fundamentele voorveronderstellings en beginsels van die TPM bediening, asook aan sake wat logies daaruit voortvloei of daarby aansluit. Eers in die derde deel word gekyk na die prosedure, oftewel die verloop, van 'n tipiese sessie.

Dis vir Smith belangrik om die aannames en beginsels van die bediening telkens uit te spel in sy aanbiedingsmateriaal. Die Maart 2004-uitgawe van die *Theophostic Journal* ('n termynblad van die Internasionale Assosiasie van die *Theophostic* Gemeenskap) bevat 'n artikel hieroor wat Smith betitel het as *The 12 Essentials of Theophostic Ministry* (2004g:28-38). Die volgende afdeling oor die voorveronderstellings en begeleidende beginsels sluit sterk by hierdie artikel aan.

2.2.1 Fundamentele voorveronderstellings van TPM

TPM berus op die volgende fundamentele voorveronderstellings:

a) TPM neem aan dat 'n persoon se emosionele pyn gewortel is in wat hy glo. As hy glo dat hy waardeloos, ongeliefd, dom, verworpe ensovoorts, is, dan sal sy emosionele toestand hierdie geloof weerspieël.

b) TPM veronderstel dat die leuens wat hierdie pynlike gevoelens produseer, in die meeste gevalle, aanvanklik gedurende vroeë kindertydervarings ingeplant is en later deur die lewe versterk is deur soortgelyke ervarings.
c) TPM aanvaar dat wanneer hierdie leuens aan die gang gesit word in die hede deur mense, huidige lewensituasies of deur 'n mens se eie persoonlike denke, sal dieselfde oorspronklike emosies na die oppervlak kom en weer ervaar word.
d) TPM veronderstel dat wanneer 'n persoon omgekrap raak deurdat die oorspronklike pyn oopgekrap of opgerakel word, die persoon geneig is om swak keuses te maak wat op hul beurt weer tot verdere pynlike ondervindings aanleiding gee.
e) TPM gaan van die vertrekpunt uit dat wanneer 'n persoon gewillig is om terug te gaan na die oorspronklike plekke van emosionele seer (in die herinnering) en die valse denke daar rondom identifiseer, is hy in die regte posisie om 'n bevrydende woord van God te ontvang.
f) TPM glo dat wanneer 'n persoon waarheid van die Gees van God in sy geheue-ervaring ontvang, die leuen onmiddellik uitgedryf word en dat die waarheid wat hy ontvang God se volkome vrede sal teweegbring.
g) TPM aanvaar dat alles wat nodig is vir 'n herinnering om te genees alreeds teenwoordig is en op een of ander vlak vir die persoon beskikbaar is. Daar is daarom géén nodigheid vir die berader om vir die beradene te insinueer, te suggereer of te lei om enigiets te glo wat hy nie self na vore bring nie.
h) TPM veronderstel dat alle mense 'n dwingende behoefte aan innerlike genesing of – soos Smith dit graag noem – gemoedsvernuwing het. Beide die ontvangers én fasiliteerders van die bediening het dit nodig. Dit gaan in hierdie bediening glad nie daarom dat die "meer geestelikes" die "minder geestelikes" bedien vanaf 'n hoër geestelike vlak nie, maar eerder om die erkenning dat ons almal lewenslank op 'n genesingsreis is waartydens ons misleide harte ontbloot en deur God se waarheid verander word.

Met bogenoemde as 'n opsomming van die belangrikste aannames, kan daar vervolgens gekyk word na die belangrikste begeleidende beginsels vir die *Theophostic* bediening.

2.2.2 Die belangrikste basiese beginsels van TPM

Smith (2004g:28-38) het in die artikel, *The 12 Essentials of Theophostic Ministry,* die volgende twaalf basiese beginsels aangeteken as belangrike vertrekpunte vir TPM:

Beginsel Een: *Die primêre bron van ons teenswoordige emosionele pyn word baie selde deur ons huidige situasie veroorsaak.*

Die emosionele pyn wat ons in ons huidige situasies beleef, is meer dikwels as wat ons verwag, iets wat veroorsaak is deur *leuengebaseerde denke* wat in die geheuewêreld gewortel is. Leuengebaseerde denke is die valse geloof wat 'n persoon in sy geheue stoor sedert dit gedurende 'n spesifieke gebeure in sy lewe aangeleer is (Smith, 2002a:27). Iemand wat byvoorbeeld deur 'n alkoholistiese ouer grootgemaak is, mag die leuen glo dat hy op een of ander manier die oorsaak was van die konstante chaos in die huis en verantwoordelik was om dit op te klaar. Dit kan later die gevolg hê dat die persoon angstig en gespanne raak én neig om oor te reageer in omstandighede wat lyk asof dit buite orde is of raak. As ons die huidige situasie blameer vir die emosionele pyn wat uit 'n vorige ervaringsherinnering spruit, sal ons gevange bly in 'n eindelose sirkelgang van pyn en nederlaag. Om te glo dat ander mense of omstandighede die oorsaak is van ons emosionele ontsteltenis, is om hulle/dit die mag te gee om ons emosioneel te beheer solank hulle/dit nie verander nie. Sodra ons egter vry word van die leuengebaseerde denke, sal ons nie langer daardeur omgekrap kan word nie. Gevolglik sal ons met vrede kan lewe, maak nie saak wat die omstandighede mag wees nie.

Beginsel Twee: *Enigiets wat ons huidig weet, voel of verstandelik van bewus is, het sy wortels in 'n eerste ervaring in die verlede.*

Wanneer ons negatief teenoor ons huidige situasie reageer, gebeur dit dat ons verstand outomaties die negatiewe gevoelens wat in die herinnering van die oorspronklike ervaring gestoor is na die latere situasie oordra wat met die oorspronklike ervaring ooreenkom (Smith, 2004g:29). Dit is 'n natuurlike neurologiese proses van assosiasie waarmee ons brein aktief besig is tydens alle denkende momente. Ons verstand is gedurig besig om te netwerk en ons huidige moment te verbind met informasie wat vroeër geleer is (Smith, 2002a:28). Hierdie oordra van emosionele response van vroeëre na latere soortgelyke situasies het 'n groot impak op ons gevoels- en gedragslewe.

Beginsel Drie: *As ons probeer om ons huidige konflikte op te los sonder om ons historiese leuengebaseerde verwondheid op te klaar, sal ons op die beste net tydelike verligting ondervind. As ons egter heling vind vir ons verlede, kan ons ons hede beredder.*

Dit ís so dat 'n mens in elke gegewe situasie iets sal voel of beleef, maar sodra 'n persoon se emosionele reaksie met meer emosie belaai is as wat vir die omstandighede gepas is (Smith,

2000a:138), is dit baie moontlik dat dit uit die verlede oordra. Baie hedendaagse beradings- en bedieningsmetodes wil die huidige gedrag van 'n persoon probeer verander sonder om die onderliggende leuens te adresseer (Smith, 2004g:30). Dit kom neer op 'n pleister-plak metode wat net bolangs heelmaak. Smith (2002a:29; 2004b:2) erken die waarde en noodsaak van selfdissipline. Baie mense wil dus met blote selfbeheersing hul gedrag verander, terwyl die innerlike verwondings nog nie opgeklaar is nie. Hulle glo dat selfbeheersde gedrag – met die aanwend van húlle inspanning, gedetermineerdheid en wilskrag – geestelike volwassenheid openbaar en die gewenste gevoelens en gedrag sal meebring. Ware oorwinning is egter 'n werk van Christus in die mens. Dit is nie op eie werke of eie pogings gebaseer nie.

Beginsel Vier: *Aangesien baie van die negatiewe emosies wat ons huidig voel refleksies van die verlede is, voorsien hulle geleenthede vir die wonde van ons lewe om geopenbaar en daardeur genees te kan word.*

Dit is moeilik om iets te adresseer wat nog nie geïdentifiseer is nie. God sal omstandighede toelaat of so orkestreer dat dit ons onder druk plaas (Smith, 2002a:30). Dit bewerkstellig 'n "vuurproef" waardeur die goud van ons geloof getoets word (1 Pet. 4:12-13). Die kern van wat ons glo, kom so aan die lig – ook die onsuiwerhede en valshede daarin. Hierdie onsuiwerhede, valshede wat ons glo, kom tot uitdrukking deur ons emosionele toestand en gevolglike gedrag. "What we truly believe is made evident through our feelings." (Smith, 2002a:30.) Ons sal voel wat ons glo. As ons kies om op die emosie van die oomblik te fokus en onsself toelaat om "terug te dryf" na die verlede, sonder om die gewone, logiese verstand in te span, sal ons brein en die Heilige Gees ons na die tersaaklike herinnering toe neem (Smith, 2000a:23).

Smith gebruik drie beelde in hierdie verband, naamlike eggo's, vensters en 'n rookspoor. Die *eggobeeld* (Smith, 2000a:35-37) spreek vanself. Die huidige negatiewe gevoel is 'n weerklank van iets uit die verlede. Sodra 'n persoon dit erken en glo, kan hy na sy huidige negatiewe emosie kyk as 'n *venster* wat oopmaak (Smith, 1999:11; 2000a:35) na 'n verwonding in sy verlede. Om by die herinnering van daardie verwonding in die verre of onlangse verlede uit te kom, stel Smith voor dat die *rookspoor* (2002a:30) van die emosie gevolg moet word. As 'n mens byvoorbeeld 'n braaivleisreuk gewaarword en jy wil by die vleisbraaiery uitkom, is dit 'n baie slim plan om al op die spoor van die rook langs te loop. Dit sal jou na die vuur toe vat.

Beginsel Vyf: *Om emosionele heling te fasiliteer, is dit nodig om die drie basiese elemente in die helingsproses te identifiseer: (1) die huidige emosionele pyn; (2) die oorspronklike 'geheue-houer;' en (3) die oorspronklike leuen(s).*

Die *huidige emosionele pyn* is die gevoel wat na vore kom in ons huidige situasie wanneer 'n leuen in een of ander herinnering aangeraak word. Die *oorspronklike "geheue-houer"* verwys na die herinnering van die oorspronklike gebeure waarmee saam ook die leuengebaseerde pyn ingeplant en gestoor is. Die *oorspronklike leuen* is die geloof wat in die oorspronklike pynlike herinnering gewortel is en wat die huidige pyn veroorsaak. Al drie hierdie elemente speel 'n rol in ons denke, gevoelens en gedragsresponse teenoor die lewe.

Beginsel Ses: *As ons 'n leuen glo, het dit dieselfde krag of uitwerking op ons lewens asof ons 'n waarheid glo.*

Die leuen het soveel krag, skrywe Smith (vgl. 2004g:30), dat as ons dit glo vir 'n waarheid, dan sal dit sigself in ons lewens uitspeel asof dit 'n waarheid is. Dit is normaal dat mense teenoorgestelde geloofsoortuigings terselfdertyd kan nahou. 'n Persoon kan byvoorbeeld glo dat hy vergewe is van 'n sonde in sy lewe (logiese waarheid) en tog skaam voel wanneer hy nadink oor wat hy gedoen het (ervaringskennis). Dit spreek van 'n dieper ervaringsgebaseerde oortuiging wat nie strook met sy "verstandelike" geloof nie. Dit is daardie oortuiging wat die skaamte wek. Daardie geloof het die ware krag in die persoon se lewe en sal ook die meeste konsekwensies tot gevolg hê.

Beginsel Sewe: *Om vry te kom van die leuens wat ons glo, moet ons die leuens identifiseer en toeëien (erken) eerder as om dit te onderdruk en te ontken.*

Ons natuurlike neiging is om te ontken dat ons leuens glo en om die klaarblyklike pyn wat hierdie opvattings meebring, te begrawe (Smith, 2002a:32). As ek glo dat ek waardeloos is en hierdie leuen veroorsaak dat ek ook waardeloos voel, dan kies ek om hierdie leuen te ontken en begin "met vertroue presteer" en raak in die proses 'n oorpresteerder met merkbare sukses. Op die oog af lyk dit na 'n goeie ding, maar die doel van dié gedrag is om dit wat ek regtig glo te ontken en te onderdruk. Dit maak my 'n slaaf, gebonde. Ten einde ware bevryding te verkry, is dit nodig dat ek erken wat ek diep binne glo en verantwoordelikheid daarvoor neem. Mense wat bediening ontvang, word aangespoor om die leuen te *omhels,* soos Smith graag sê (2000b:24). Hierdie stap behels onder meer 'n bereidheid om die gevoelswaarde van die leuen te voel. Hierdie faset van die TPM prosedure noem Smith "stirring up the darkness." "The more intense the darkness, the more intense the light will be when we hear it." (Smith, 2000b:24.) Dan moet ek kies om my power vyeblaar verdedigings ten opsigte van die pynlike neer te lê. Net so moet ek ophou om die pyn op ander of op lewensomstandighede te projekteer. As hierdie pad geloop is, is die deur vir God oopgemaak om in te stap en my te bevry.

Beginsel Agt: *In die midde van ons "duisternis," moet ons tot die besef kom hoe ellendig ons aan die leuen gebind is en hoe magteloos ons is om sy verlammende greep op ons lewens te ontkom buiten Gods goddelike ingrype om.*

Soos wat ons die emosionele pyn in die herinneringe herbeleef, besef ons ons is hulpeloos en gevange in ons emosionele verknogtheid. Ons kan nie self die pyn laat weggaan nie. As ons probeer om vry te kom deur selfinspanning en harde werk, sal ons uiteindelik faal. Net Christus kan ons van sonde en leuens in ons lewens bevry. Christus in ons is ons krag tot oorwinning, nie selfwerksaamheid nie.

Beginsel Nege: *Geen mens (insluitende onsself) is by magte om ons uit die leuens wat ons glo te praat nie. Ons sal vry wees alleenlik as ons die waarheid ontvang van die Een wat die Waarheid is (Joh. 16:12).*

God is nie beperk in die metodes waardeur Hy sy waarheid aan ons oordra nie. Baie van die berading wat vandag aangebied word, sowel as baie seminare en selfhelpboeke is gebaseer op die volgende idee (Smith, 2004g:30): "If a person can be helped to see what is wrong in his thinking and be provided with truth, he can choose to replace his false thinking with the truth and change his life." Om op kognitiewe vlak waarheid te ontvang het sy waarde, maar dit is beperk in die vermoë om ervaringsgekoppelde leuengebaseerde geloofsopvattings wat pyn veroorsaak, te verdryf. Dit is verkeerd om te aanvaar dat mense in ware oorwinning kan lewe deur die regte keuses te maak en hard te probeer. Hierdie soort denke lê aan die wortel van werkheiligheid (Smith, 2004g:31).

Smith gebruik graag 2 Timoteus 2:24-26 om hierdie saak uit die Woord te belig (2002a:34-35; 2004g:31):

> [24] 'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra. [25] Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring. [26] Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam. (2 Tim. 2:24-26.)

Smith wys daarop dat dit God is wat mense moet "bekeer." As dit nie gebeur nie, kan hulle nie tot ware insig of kennis van die waarheid kom nie. "Bekeer" beteken "'n verandering van denke/ gemoed." Smith (2004g:31) verwys na verskeie woordeboeke om hierdie saak te bevestig. Die

belangrike rol van die TPM bedienaar is om die persoon tot by die punt te lei dat hy hom gewillig aan God onderwerp en van God ontvang – wat God ook al wil oordra. Smith (2004g:31) verklaar dat 2 Timoteus 2:24-26 die kern van sy bedieningsbenadering omskryf.

Beginsel Tien: *As ons die waarheid ervaringsgewys ken, deurdat ons waarheid van God in ons geheue-belewenis ontvang het, kan ons in ware instandhoudingsvrye oorwinning in hierdie areas van ons lewe wandel.*

Die dele in ons gemoed wat met waarheid vernuwe is, sal nie langer "omgekrap" kan word deur leuengebaseerde pyn nie. Aangesien ons emosionele pyn die primêre motiveerder vir ons onvanpaste gedrag is, sal ons in staat wees om in permanente en instandhoudingsvrye oorwinning te leef op daardie plekke waar ons leuens en pynlike emosies nie langer is nie. "Knowing the truth experientially frees me to walk in my present righteousness ..." (Smith, 2002a:35). Daarteenoor sal ons sukkel en worstel in elke area waarin ons nie waarheid ervaringsgewys ken nie. Ons sal egter blywende vrede hê in elke plek waar God ons "bekering" of "verandering van denke" geskenk het (Smith, 2004g:32).

Beginsel Elf: *Tydens 'n emosionele krisis of in emosie-belaaide lewensituasies is ons ervaringskennis (die oortuigings wat ons nahou as gevolg van wat ons deur ervaring geleer het) geneig om ons logiese kennis (kognitiewe waarhede soos gememoriseerde Skrifverse) te oorheers.*

Die krag wat ervaringskennis (beide waarheid en valsheid) teenoor logiese waarheid wat ons bewustelik ken, uitoefen, is geleë in die sterk pynlike emosie wat gekoppel is aan dit wat ervaringsgebaseerd is. Ek kan byvoorbeeld logieserwys weet dat God my liefhet en my van al my sondes vergewe het en steeds nie in staat wees om die slegte gevoelens van waardeloosheid, verwerping, selfhaat of skaamte af te skud nie. Hierdie gevoelens spruit natuurlik uit misinterpretasies (leuens) wat ek deur ervaring leer glo het. Sodra een van die tersaaklike misinterpretasies/leuens aangeraak word, dan het ek geen keuse nie as om die pyn daarvan te voel (Smith, 2004g:31).

Die Woord verwag dat ons altyd waarheid sal gehoorsaam en doen wat reg is, selfs te midde van emosionele pyn. Dit is net soveel makliker en beter as die leuen eers geïdentifiseer is en met ervaringswaarheid vervang is. Dit plaas mense op die pad van inspanningslose oorwinning. "This is effortless victory that comes when the knowledge of our experience lines up with what we already know logically." (Smith, 2004g:32.)

Beginsel Twaalf: *Leuengebaseerde pyn kan alleenlik verwyder word as die leuens wat die pyn veroorsaak, vervang word met waarheid. Hierteenoor kan sondegebaseerde pyn slegs hanteer word deur die kruis van Jesus.*

Hierdie beginsel onderstreep die waarheid dat as 'n persoon sondig, behoort hy gemoedspyn te voel. Hierdie pyn is anders as die pyn wat mense omdra as gevolg van leuengebaseerde denke. Die goeie nuus van die evangelie nooi mense om van albei soorte pyn werk te maak. Net die kruis kan ons van sonde bevry.

Die opleidingsmateriaal hanteer verskeie sake in meer besonderhede. Die navorsing volg dié patroon in 'n poging om Smith en TPM so korrek en so volledig as moontlik weer te gee. Die beoordeling van sy filosofie, teorie en praktyk sal in latere hoofstukke aan die orde kom.

2.2.3 Die oorspronklike leuen is die oorsprong van die emosionele pyn

Uit die manier waarop Smith oor die saak dink en skryf, blyk dit dat hy definitief verwys na die misinterpretasies, of dan leuens, wat met kindertyd in 'n mens se lewe inkom, sowel as leuens wat ook later in 'n persoon se lewe kan inkom (2000a:28-30). Vra 'n mens hoe hierdie leuens ontstaan of in die persoon se gemoedslewe posvat, dan dui hy drie maniere aan.

2.2.3.1 Die ontstaan van die leuens

Leuens ontstaan heel dikwels in 'n persoon se gemoed as gevolg van die persoon se eie denke en interpretasie van gebeure of voorvalle. Kinders byvoorbeeld kan dikwels die lewe verkeerd interpreteer. Ouers se rol is juis om vir kinders te help om die lewe reg te interpreteer. Deel van "die lewe" wat geïnterpreteer moet word, is, soos Smith ook beklemtoon (2000a:28), die kind self. Ouers besef dit nie, maar hulle interpreteer vir die kinders hul identiteit. Die ouer se primêre rol is om daagliks aan die kind die waarheid te bevestig van wie God sê dat hy is. Die ouer moet dit oordra dat sy kind geliefd, waardevol, bekwaam en betekenisvol is. Doen die ouer dit wel, betree die kind later die grootmenswêreld met 'n realistiese beeld van wie hy is. Doen die ouer dit nie, moet die kind dit self probeer uitklaar en die kanse is goed dat hy dit nie regkry nie.

Die "oorspronklike leuen" kan net so dikwels deur 'n ander persoon soos 'n volwassene aan 'n kind oorgedra word. "Whatever I tell them through my actions and words will be the truth for them,

even if it is a lie." (Smith, 2000a:28.) As volwassenes aan kinders oordra dat hulle lasposte, derduiwels of mislukkings is, dan steek dit in die oortuigingsbeddings van hul harte vas.

'n Derde oorsprong van die leuens is eenvoudig die "vader van die leuen." Die Bose plant 'n onwaar gedagte in 'n kind (of grootmens) se gemoed, byvoorbeeld: "Jy behoort jou te skaam dat jy dit toegelaat het" of "Jy is 'n swakkeling en hulpeloos." 'n Vurige pyl is deur die vyand afgeskiet en waar dit deurdring, sal dit in die gedagte maal en maal en later tot self-destruktiewe gedrag lei. Tydens trauma of in disfunksionele huise vind dié soort leuens nog makliker toegang tot 'n ontvanklike gemoed (Smith, 2000a:28, 53).

2.2.3.2 Die impak van hierdie leuens in ons lewens

Smith (2000a:52-57; 2000b:28-32) dui vyf probleme aan waarin hierdie soort "oorspronklike leuens" 'n mens se lewe negatief affekteer. Die hartseer is dat 'n mens dikwels nie eens bewus is van presies wat gebeur nie.

a) Die leuens affekteer die manier waarop 'n mens die lewe rondom jou interpreteer.

Smith (2000a:52) noem die voorbeeld van 'n dame met 'n klomp leuens in die gemoed en wat onder andere 'n baie lae selfdunk gehad het. Wanneer hy vir haar 'n kompliment gee oor haar kleredrag kon sy dit nie anders interpreteer as volgens die leuen in haar denke nie. Sy kon nie glo dat hy dit opreg bedoel nie, want sy het vroeër in haar lewe komplimente gekry elke keer net voordat haar vader haar seksueel misbruik het.

b) Die leuens affekteer die manier waarop jy verhoudings kies.

Mense is geneig om hul direkte verhoudinge te kies, nié op grond van wat vir hulle goed en reg is nie, maar volgens hul eie vlak van heelheid: verstandelik, emosioneel en geestelik (Smith, 2000a:53). Daarom is dit goeie raad om emosioneel so heel as moontlik te wees voordat jy ernstig raak met die keuse van 'n lewensmaat. Hoe gesonder 'n persoon word, hoe kleiner is die maat van disfunksionaliteit in die verhouding. Mense met leuens wat ko-afhanklikheid veroorsaak, kies gewoonlik maats vir wie hulle kan sorg, red of rond organiseer in 'n poging om liefde en aanvaarding terug te ontvang in antwoord op hul prestasies. Eers as so 'n persoon vry word van die leuens, kan hy ook die maat sien vir wie sy regtig is: ook verwond. "Healing results in us seeing others from Christ's perspective." (Smith, 2000a:54.)

c) Die leuens skep selfvervullende profesieë wat verantwoordelik raak vir temas in jou lewe.

Daardie verkeerde opvatting in die gemoed na aanleiding van 'n lewensgebeurtenis raak die koekiedrukker waarvolgens die brein toekomstige keuses maak. Dit lyk derhalwe of sekere tema's in 'n persoon se lewe hulself later oor en oor herhaal. In werklikheid vervul die persoon die aanwysings van die leuen volgens die riglyn van die vroeëre gebeure. 'n Persoon het byvoorbeeld goeie punte vir 'n skoolprojek gekry, maar toe hy die projek vir sy alkoholis-pa wys, het hy hom snedig afgekraak. In sy latere lewe het hy as beroepsman telkens tot naby die boonste sport van die suksesleer gevorder, maar dan het vrees vir seerkry in werking geskop en net voordat hy sukses behaal, kelder hy sy eie goeie opgang. Die leuen was dat sodra hy sukses behaal, gaan hy agterna seerkry en uitgejou raak.

d) Die leuens veroorsaak dat vroeëre pyn, skaamte, skuld, vrees en so meer na huidige verhoudinge oordra en daarin nabyheid verhinder.

Volgens Smith (2000a:54-55) werk die brein so dat daardie deel wat traumatiese gebeure berg, nie mooi kan onderskei tussen *hier en nou* en *daar en dan* nie. Gevolglik kan 'n mens ou emosies voel, en veronderstel dat dit vanuit die huidige verhouding of konteks afkomstig is.

e) Die leuens skep 'n onversadigbare vakuum wat 'n persoon probeer vul met ander dinge soos mense, geld, beroepe, seks, kos, plesier, ensovoorts.

Verslawings, obsessies en kompulsies is gewoonlik in leuens gewortel. Daar is die moontlikheid van biologiese oorsake, maar dis gewoonlik in die minderheid van gevalle. Die gedrag is meer dikwels emosioneel gedrewe. 'n Seksuele verslawing of 'n eetversteuring is baiekeer 'n metode om emosionele pyn sagter te maak of te probeer voorkom (Smith, 2000a:55-56). TPM kan van baie prognoses met hierdie gedragsprobleme getuig. Die kuns is om die emosie wat die tipiese verslawingsgedrag onmiddellik voorafgaan te identifiseer. Volg die rookspoor daarvan terug tot by sy oorsprong en die leuen wat daarmee saamgaan. Sodra waarheid die leuen vervang, verminder die houvas van die probleem en mettertyd verdwyn dit heeltemal.

Vervolgens word vlugtig kennis geneem van die indelings van leuens wat Smith gemaak het. Die kategorieë van leuens het te doen met die aard of karakter van die leuens. Die soorte leuens dui op die funksionering van die leuens.

2.2.3.3 Kategorieë leuens

Smith (1999:18; 2000a:74-77) het die basiese leuens waarmee hy in sy beradingswerk te doen kry, in kategorieë ingedeel wat in meegaande tabel (Tabel 2.1) weergegee word.

Tabel 2.1: Kategorieë leuens

Vrees	Die persoon is bang dit gaan weer gebeur.
Verlatenheid	Die persoon glo dat hy op sy eie gelaat en prysgegee is.
Skaam	Die persoon glo dit was sy fout, dat hy dit kon gekeer het.
Besoedeld	Die persoon voel vuil en bevlek.
Hooploos	Die persoon glo daar is geen manier uit nie.
Magteloos	Die persoon glo daar is niemand wat kan help nie.
Minderwaardig	Die persoon glo dat hy nie waardevol of spesiaal is nie.
Verward	Die persoon voel deurmekaar.

Bron: (Smith, 1999:18; 2000a:74-77)

2.2.3.4 Soorte leuens

Die soorte leuens wat Smith (1999:19; 2000a:62-73) geïdentifiseer het, word in Tabel 2.2 (op die volgende bladsy) weergegee.

2.2.4 Nie alle gemoedspyn is aan leuens te wyte nie

In die werkboek vir die basiese opleidingsvideo's hanteer Smith (1999:22) die saak van wraakgevoelens soos woede, teleurstelling, haat, bitterheid, ensovoorts as moontlike hindernisse in die *Theophostic* genesingsproses. Dit moet as sulks hanteer word voordat die proses kan aangaan. Dan noem hy ook dat hierdie saak – die navorser definieer dit graag as *onvergewensgesindheid* – gemoedspyn is wat nie in leuens gewortel is nie, maar in waarheid (Smith, 2000a:193-194).

Wanneer 'n persoon self gesondig het, lei dit gewoonlik tot skaamte en skuldgevoelens. Dit spreek van gemoedspyn. Hierdie gemoedspyn kom nie van die glo van leuens nie, maar van 'n oortreding van die wil van die Here (Smith, 2000a:190-193).

Tabel 2.2: Soorte leuens

Metamorfiese leuens	Leuens wat aanvanklik waar was, maar nie later meer nie.
Trosleuens	Verskillende leuens in dieselfde herinnering.
Kloonleuens	Kloonleuens kom voor wanneer 'n oorspronklike leuen gereproduseerd in verskillende volgende (selfs nie-verwante) herinneringe voorkom.
Geheuegeskakelde leuens	Twee of meer leuens wat aan mekaar geskakel is, maar in meer as een herinnering (of in nabyverwante herinneringe) voorkom.
Beskermende leuens	Dié leuens bewaak en verhinder die toegang tot die oorspronklike leuens wat die probleme in 'n persoon se lewe veroorsaak.
Splinterleuens	'n Splinterleuen is 'n minder-bedreigende leuen wat na vore kom nadat die groter, meer pynlike leuen verwyder is. Dit kan enige van die voorgenoemde soorte leuens wees. Smith verwys met die term "splinter-"leuen na die vergelyking wat Jesus in Matt. 7:3 gebruik: "Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?"
Osmotiese leuens	Soms ontvang 'n persoon 'n leuen deur *osmose* of absorbsie deur die waarneming van 'n ander se gedrag en/of gesindheid.
Tematiese leuens	Hierdie leuens word in 'n persoon se gemoed geplant - nie deur 'n direkte trauma (slegte gebeure) nie, maar deur indirekte trauma, naamlik die afwesigheid van goeie dinge soos dit dikwels in 'n disfunksionele huis gaan.

Bron: (Smith, 1999:19; 2000a:62-73)

Wanneer daar teen 'n persoon gesondig is en die "slagoffer" is aanvanklik kwaad, is dit geregverdigde wraak (Smith, 2000a:194). Die Bybel leer dat jy kwaad mag word, maar die kwaad moet op die regte manier hanteer word (Ef. 4:26). Dié "pynlike" emosies is nie op leuens gebaseer nie.

Dan kan dit gebeur dat 'n persoon oor die kwaad broei, "die son daaroor laat ondergaan" (Ef. 4:26). In so 'n geval raak die emosies sondig, maar steeds spruit dit uit die waarheid en nie 'n leuen nie.

Ware rousmart oor die verlies van byvoorbeeld 'n persoon, 'n besitting, 'n saak of 'n liggaamsfunksionering, bring ook gemoedspyn. Die hoofoorsaak van rousmart is gewoonlik verlies en die hartseer wat dit teweegbring. Daardie pyn spruit nie uit leuens nie. In die gevorderde opleidingsmateriaal (eerste vlak) toon Smith (2002b:99, 104) egter aan dat hy ook fasette van rousmart ontdek het wat aan die glo van leuens te wyte is, soos die leuen dat die agtergeblewene nooit weer gelukkig sal wees nie, dat God onregverdig was, dat hy nie sonder die afgestorwene sal

kan voortlewe nie. TPM is 'n middel wat ook rousmart kan help verlig. Dit is interessant om daarop te let dat Smith ook in die geval van rousmart vir die persoon vra om op sy gevoelens te konsentreer. Wat hier bykom, is die wenk wat Smith (1999:23) gee dat die persoon die pyn êrens in sy liggaam moet identifiseer. Gewoonlik voel mense dit in hul keel, bors of maag. Sodra hulle die Here Jesus vra om die pyn op Hom te neem, gaan dit weg. In sommige gevalle laat Hy dit egter daar, waarskynlik om die mense te help om die hartseer situasie nie te ontken nie (Smith, 1999:23).

Volgens die navorser is daar ook ander vorme van lyding, soos om vir die saak van die Here te ly, en dit is definitief ook nie aan leuengebaseerde denke te wyte nie.

2.2.5 Sondegebaseerde en leuengebaseerde teologie

Smith (2000a:195-207) noem dat hierdie 'n nuwe afdeling in die basiese handboek is en dat dit nie in die eerste twee uitgawes verskyn het nie. Hy vertel hoedat hy deur Skrifstudie en nadenke oor sy lewensloop agtergekom het dat hy 'n baie belangrike beginsel in geestelike groei misgekyk het. Daar bestaan 'n fundamentele wanopvatting oor die oorsprong van sondige gedrag en die redes waarom baie Christene hul lewe lank met sonde sukkel, aldus Smith (2000a:195-196):

> The fundamental misconception I am describing is what I call *sin-based theology. Sin based theology* believes that the root of my problem is my sin. It says, *"Because I have sinned I suffer and am in pain. To be free of my pain I must repent of my sin, confess it to God, and choose to obey and apply the truth of God's Word. By this I can walk in victory."* The trouble with this belief is it doesn't work. ... I believe this theology is producing a church who denies her true state of woundedness.

Voorlopig gaan ons voort om steeds die tafel te dek met wat Smith aanbied, voordat later die fynproewers met hulle beoordelings aan die orde gestel word (vgl. CEFC, 2001:7-9; Maier & Monroe, 2003:176-181).

Smith verklaar opnuut – in lyn met sy geloofsverklaring – dat hy onomwonde glo dat die mens as 'n gevalle skepsel gebore word en afgesny van God lewe. Geen mens kan met God verbind word buiten deur die bloed van die Here Jesus Christus nie. Dan stel hy dit ook baie duidelik dat mense verantwoordelik is vir hul lewenskeuses (Smith, 2000a:196).

Hy verduidelik wat hy probeer oordra. Voordat mense na Christus kom en Hom in die geloof aanvaar, is hulle gevalle sondaars, verlore in hul sonde. Nadat hulle weergebore is, is hulle nuwe

skepsels in Christus en "deelgenote aan die goddelike natuur" (2 Pet. 1:4). Smith lig dit verder toe (2000a:196):

> When I come to Jesus He doesn't just say I am righteous (when really I am still just a filthy rag). He makes me righteousness and *"all things* (in my person spirit) (sic!) *become brand new."* But my mind remains in need of renewal. The source of my sin problem is no longer in my heart since I now share the very heart of Jesus for I have become a *"partaker of the Divine Nature."* My trouble with sin is now in my mind or lie based thinking.

Die sondegebaseerde teologie glo die rede waarom ons in nederlaag lewe, is omdat ons steeds die ou sondige natuur as vertrekpunt vir ons menswees beskou en reken weergeborenes sou verkies om te sondig eerder as om in regverdigheid te wandel (Smith, 2000a:196). Wie vanuit hierdie basis sonde wil oorwin, het 'n fokus op sonde en moet pogings aanwend om die sonde te oorwin. Leuengebaseerde teologie poneer dat ons 'n nuwe natuur het en dat ons graag verkies om nie te sondig nie, maar dat ons dit teen ons nuwe aard in wel doen as gevolg van onderliggende leuens (verwondheid) waarmee nog nie effektief afgereken is nie. Sodra 'n mens vanuit die verkeerde vertrekpunt probeer om sonde deur menslike pogings te oorwin, beland jy in 'n oneindige sirkel van wettisisme, perfeksionisme en selfinspanning (Smith, 2000a:196). Verskeie onderliggende "geloofsopvattings" ondersteun die wanopvatting van sondegebaseerde teologie.

2.2.5.1 'n Verskeidenheid oortuigings lê ten gronde aan die sondegebaseerde benadering

Smith (2000a:197-199) noem die volgende oortuigings wat hier kortliks weergegee word:

- *Die oortuiging dat ons deur sterk wil, vasberadenheid en selfinspanning ons sonde kan oorkom en in oorwinning lewe.*
- *As gevolg van die voortgaande stryd om sonde te oorwin, noem ons verkeerdelik onthouding alreeds oorwinning.*
- *Die oortuiging dat as ons sonde wil oorwin, ons eers gewillig moet wees en moet kies om weg te draai van sonde ná God toe.* Ons noem hierdie handeling "bekering," alhoewel dit egter nie strook met die Bybelse definisies van die term nie, aldus Smith (2000a:198). "Bekering" is 'n "gawe" wat God gee (2 Tim. 2:25) en wat op 'n "verandering van ons denke" slaan (Smith, 2000a:198).
- *Die oortuiging dat die belydenis van sonde een of ander effek op die leuens wat aan die wortel van ons sondige gedrag lê, sal hê.*

Die tradisionele beskouing verduidelik dat 'n ware Christen sondig, omdat ons 'n sondige natuur het (Smith, 2000a:200). Die *Theophostic* beskouing verduidelik dat die Christen 'n nuwe natuur, 'n

goddelike natuur het. Die Christen het derhalwe 'n nuwe begeerte en motivering, naamlik om nie te sondig nie (Rom. 7:21-22). Daar moet dus 'n ander rede wees waarom Christene sondig. "Before a true Christian chooses to sin, he must be deceived and tempted. Our temptations are limited to that which we already think we desire." (Smith, 2000a:200.) Die versoeking het alleen vasstrapplek in die Christen se hart en gemoed waar sy ervaringskennis (misleidend-gewys) nie in pas is met die nuwe skepsel wat hy is en die nuwe begeertes wat hy het nie.

> Sin, for the true Christian, is the result of faulty thinking. Behind every sinful, destructive, self-defeating behavior is an emotion that is rooted in a belief. This experiental belief/lie is the very source that Satan targets to get us to sin. He does not attack our logical truth but rather our experiental knowledge. For it is this knowledge that produces the feelings which drive us. (Smith, 2000a:201.)

As Satan wil hê dat ons moet toegee aan eetsug, mag hy inboor op ons "ek is waardeloos"-denke wat ons ongeliefd en verworpe sal laat voel (Smith, 2000a:201). Dan sal hy vir ons die boodskap stuur dat kos ons sal troos. As hy wil hê dat ons verslaaf moet raak aan pornografie, mag hy die snaar aanraak van die "ek is eensaam en verlate"-denke en roer sodoende gevoelens van leegheid aan. Dan sal hy 'n uitlaatklep voorsien in foonseks, internet pornografie of tydskrifte (Smith, 2000a:201). As 'n mens die emosie wat die gedrag motiveer, naspeur, sal 'n mens heel dikwels ontdek dat die primêre emosie *nie* seksueel is nie.

Smith (2000a:202-205) sluit hierdie deel oor sondegebaseerde en leuengebaseerde teologie af deur 'n redelik uitgebreide uiteensetting van hoe Romeine 7 in die lig van die *Theophostic* benadering verstaan kan word.

2.2.6 TPM en die kerk

Dr. Smith (2000a:219) rapporteer dat baie pastors en leke-bedienaars hom skakel nadat hulle teleurstelling of teenkanting beleef het met die implementering van TPM in hul gemeente. Hierdie kille ontvangs kom voor in feitlik elke denominasie en in elke plek of situasie. Die rede waarom die navorsing 'n gedeelte aan dié saak wy, is nie soseer oor die implementeringswenke wat Smith gee nie, maar omdat hy ook leerstellige sake aanraak in dié betrokke afdeling van sy basiese handleiding (2000a:219-235).

2.2.6.1 Die kerk sukkel om die bonatuurlike of wonderbaarlike te aanvaar

Smith hanteer 'n baie interessante definisie van geloof wat hieronder weergegee word (2000a:219):

> Genuine faith (the inner confidence that naturally produces action and behavior – see James 2:14-24) is both logically true and experientially known. Logical truths are those things that we hope are true and may even strongly intellectually embrace, but have little to no corresponding life experience. Genuine faith is belief that is based on fact and rooted in personal experience. Those things that provide the *"assurance of things hoped for and the conviction of things not seen"* are rooted in our spiritual walk and experience.

Volgens die Heidelbergse Kategismus (So. 7, vr. en antw. 21) behels geloof 'n "vasstaande kennis" en 'n "vaste vertroue." As Smith in sy definiëring van geloof reg vertolk word, dan het vertroue te doen met 'n dieper weet, 'n weet-gebaseer-op-ervaring. Hierdie ervaring kan 'n mens opdoen, eerstens, tydens jou toepassing van wat jy logies weet; dit is, uit jou (geloof se) "werke," aldus Jakobus. Hierdie ervaring, so verduidelik Smith verder (2000a:219), kan ook spruit uit die gawe van die Heilige Gees as 'n "onderpand," of "waarborg," of "voorsmaak" (Ef. 1:13-14). Laasgenoemde werking van die Gees is met ander woorde ook ervaarbaar en help bewerk daardie vertroue wat geloof tot ware geloof stempel.

Die hoofrede wat Smith na aanleiding van bogenoemde definisie van geloof aanvoer waarom die kerk met die bonatuurlike of wonderbaarlike sukkel, is omdat die kerk meer teologie as ervaring het. Baie van wat ons as kerk in ons teologiese reservoirs het, is logiese waarheid met baie min ervaring om dit te ondersteun. "Faith which is non-experiential is logical, reasonable, emotionless, and as James says, 'dead'." (Smith, 2000a:220.) Wanneer mense logiese kennis oor die wonderwerke van God het, maar hulle het geen ervaringskennis daarvan nie, dan sal hulle dit moeilik vind om die genesings wat met die *Theophostic* bediening gebeur, te aanvaar.

2.2.6.2 Die kerk se fundamentele hindernisse ten opsigte van die aanvaarding van innerlike genesing of gemoedsvernuwing

Die volgende hindernisse word deur Smith aangeteken (2000a:222-230):

a) *Die kerk het 'n misverstand oor wat geestelike volwassenheid is.*
Die vyand het die kerk mislei om te dink dat geestelike volwassenheid met "sigbare prestasie" te doen het (Smith, 2000a:222). Geestelike volwassenheid kan eerder gedefinieer word as 'n reis waartydens ons van ons foutiewe denke bevry word deur gemoedsvernuwing en 'n voortgaande toeëiening van die dieper dinge van God deur geestelike groei en dissipelskap. "It is the unfolding of who we are in Christ and the embracing of our present perfect identity in Christ Jesus." (Smith, 2000a:222.)

b) *Die kerk is gelei om te glo dat meer kennis tot 'n lewe van oorwinning sal lei.*
Daar word verkeerdelik aangeneem dat meer Bybelkennis mense sal help om noodwendig geestelik meer volwasse te word. Lering en Bybelkennis het sy plek, maar dit sal niks help as mense nie ook vir God op 'n belewenisvlak leer ken nie, stel Smith (2000a:223) dit onomwonde. In dié verband, merk hy op, is dit verblydend dat al meer kerke aanbiddingsdienste hou waartydens mense regtig vir God kan ontmoet.

c) *Die kerk is opgelei om pyn en verwondheid te onderdruk en te ontken met 'n vals spiritualiteit.*
Gaan vra vir mense op 'n Sondag hoe dit gaan en kyk hoe min sal eerlik hul gebrokenheid en verwondheid erken. Dit alles gaan gepaard met 'n geestelikheid wat reken dat geloof nie mag kla of sê dat hul hartseer is of met iets sukkel nie. TPM bied 'n metode om mense te help om met hul emosionele seer te deel.

d) *Die kerk is geleer om sy pyn weg te rasionaliseer.*
Hierdie rasionalisering verhinder innerlike genesing en gemoedsvernuwing.

e) *Die kerk se vrees om verder te gaan as sy huidige Bybelse begrip en teologiese realiteit, verhinder innerlike genesing en gemoedsvernuwing.*
"God is by magte om te doen ver bo wat ons bid of dink ..." (Ef. 3:20-21; Bybel, 1953). Ons vashou aan tradisionalisme, denominasionalisme en metodologie kan ons hinder om God te vertrou vir wat Hy kan doen.

f) *Die kerk se voortdurende konformering aan die wêreld verhinder sy gemoedsvernuwing.*

g) *Die kerk se liefde vir en aangetrokkenheid tot die wêreld eindig in 'n aanpassery by die wêreld.*
Smith noem in dié verband die "nuwe leer" wat 'n Christenskap voorstaan waarin dit eerbaar lyk om alle lyding, pyn en moeilikhede te vermy. 'n Probleemlose Christenskap word voorgehou as 'n aanduiding van God se seën. Kort op die spoor van bogenoemde volg die voorspoed-godsdiens wat veral finansiële sukses as dié saak predik wat gesoek en bekom moet word.

Die Bybel leer egter, so maak Smith (2000a:227-228) gewag, dat die kerk nie moet skrik vir lyding, swaarkry, teenspoed en vervolging asof dit iets vreemds is nie. Die Skrif leer trouens dat die Christen hom tydens swaarkry en beproewing moet verbly, dat hy moet verdra en op God moet wag (Smith, 2000a:228). Christene moet hulself daarop instel om liggaamlike lyding as geleentheid te sien om die sonde finaal af te lê, haal Smith die woorde van 1 Petrus 4:1 aan.

h) Die kerk moet besef dat vriendskap met die wêreld neerkom op vyandskap met God.

2.2.6.3 Die kerk het steeds die opdrag om verwondes te bedien

Die Here Jesus het sy bediening begin deur in die sinagoge in Nasaret uit die boekrol van Jesaja te lees, naamlik Jesaja 61:1-2 en 58:6: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy my gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die aangename jaar van die Here aan te kondig." (Luk. 4:18-19.) Hierdie bedieningsaankondiging van die Here Jesus som, volgens Smith (2000a:230), in 'n groot mate op wat Hy op aarde kom doen het. Hierdie roeping om goeie nuus vir armes te bring, om gevangenes vry te laat, om blindes se gesig te herstel, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, is steeds van krag vir die Liggaam van Christus.

Die ironie is egter dat die Kerk self arm, gevange, blind en onderdruk leef in 'n tyd dat dit die aangename jaar van die Here is. Smith teken die volgende simptome aan (2000a:231):

- Die Kerk is arm, omdat hy mislei is ten opsigte van sy ware identiteit.
- Die Kerk is onderdruk (emosioneel verslaan), omdat hy moeg en mat is van sy nuttelose pogings om in eie krag, en met self-inspanning en selfgeregtigheid, sy leuens te probeer oorkom.
- Die Kerk se toestand van gevangenskap, blindheid, onderdruktheid verhinder hom om sy roeping te vervul. Soms reken mense in bediening dat hulle besondere geestesgawes die motivering agter hul bediening is, terwyl hulle inderwaarheid mense bedien ten einde 'n leemte in hul eie hart gevul te kry (Smith, 2000a:233). Ware bediening spruit egter uit 'n bevryde hart.
- Die verwondheid in die Kerk manifesteer op talle maniere, byvoorbeeld in konflikte, verskeurdheid, 'n verwerping van seer mense, 'n onvermoë om verandering te implimenteer, 'n nie-volvoering van Christus se roeping en 'n misplaaste fokus op programme, terwyl daar eerder geïnspireerde bediening moes wees.

2.2.7 Gemoedsvernuwing as die kern van innerlike genesing

Waar Smith die *Theophostic* model as 'n vorm van gemoedsvernuwing beskrywe, kan die volgende leerstellige en teoretiese sake uit sy aanbieding gedistilleer word.

2.2.7.1 'n Trichotomiese mensbeeld onderliggend aan die *Theophostic* model

Smith (2000b:35) skryf dat siel en gees dikwels in die Ou Testament as sinonieme gebruik word, maar nie in die Nuwe Testament nie. In die Nuwe Testament word 'n duidelike onderskeid tussen siel en gees getref. Smith (2000b:35) verwys ter illustrasie na die woorde van 1 Tessalonisense 5:23 (NAV): "Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na **gees, siel en liggaam,** so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!" (Smith se beklemtoning).

Die *gees* van die mens verwys na sy selfheid wat óf die ou natuur óf die nuwe natuur in Christus openbaar (Smith, 2000b:34). Die gees van 'n mens dui op sy persoonwees, sy unieke ewige wese wat na die beeld van God geskep is (Smith, 2000b:35). Die *siel* of gemoed van die mens verwys na die mens se denke, emosies en gewete. Smith ag die wil van die mens nie as 'n "element van die siel" nie, maar as 'n "funksie van die gees" (2000b:36). Die *liggaam* dien as die mens se "vleeshuis" waarin hy hier op aarde woon (Smith, 2000b:36). Die fisiese liggaam is 'n tydelike, dog essensiële aspek van ons mensheid wat ons moet hê indien ons op dié planeet wil wees.

2.2.7.2 Verlossing as 'n proses wat in stadiums voltrek word

In pas hiermee verduidelik Smith (2000a:188) dat 'n mens se verlossing in stadiums kom. Met die wedergeboorte van 'n persoon word sy gees nuut (2 Kor. 5:17). Sy hart of diepste menswees word verander. Die Christen begin reeds deel in die goddelike natuur (2 Pet. 1:4). Waar 2 Korintiërs 5:17 aandui dat "alles nuut" geword het, verklaar Smith (2000b:34), slaan dit op 'n werk in die gees van die mens. Die verstand of gemoed en liggaam is egter nog aan dieselfde ou programmerings en fisiese begeertes van vroeër onderworpe. "The 'all things' is referring to the total change which occurs in my inner man which I have put on and is *'created in righteousness'* (Ephesians 4:24)" (Smith, 2000b:34). Hy ag die herskepping van die wedergeboorte as 'n voltooide werk.

Daarna volg die redding of vernuwing van die mens se gemoed ("soul/mind") wat in 'n voortdurende proses van transformasie is (Rom. 12:1-2). Twee aanhalings vat sy siening treffend saam (Smith, 2000b:34): "Total regeneration of a person's life requires more than spiritual rebirth, it requires the healing/renewal of the mind/soul." "The man in Christ has a heart of righteousness but also a mind filled with lies that is in need of being renewed in truth ...." Smith verwys ook na 'n vertaling van Jakobus 1:21 wat die beste deur die woorde van die Ou Afrikaanse Vertaling weergegee word (2000b:34; Bybel, 1953): "... ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red."

Heel laaste moet die Christen se liggaam van vlees en bloed, die verganklike liggaam na 'n geestelike, onverganklike liggaam verander word alvorens hy die ewige koninkryk van God kan beërwe (1 Kor. 15:30).

2.2.7.3 Heiligmaking word as 'n "openbaring" eerder as 'n "wording" beskou

Met hierdie stelling bedoel Smith die volgende: Heiligmaking word deur baie mense in die Christendom beskryf as 'n groeiproses waardeur ons al meer soos Christus word. Smith (2000b:35) ag dit as 'n wanopvatting wat hy graag regstel deur te verduidelik dat die mens in sy wedergebore gees reeds soos Christus is, maar die mens besef dit nie volledig nie. Daarom beskou hy heiligmaking as die proses waardeur dit al meer aan die mens openbaar word wie en wat hy alreeds in Christus is. Heiligmaking is, met ander woorde, 'n *openbaring* eerder as 'n *wording.*

2.2.7.4 TPM help op sielsvlak met die regstelling van innerlike verwonding

Smith beskryf die siel as die setel van die gewete. Die gewete dien as die stoorkamer van al die voorheen vasgelegde waardes, beskouinge en geloofsoortuigings van 'n mens. Dit dien derhalwe as die mens se lewensinterpreteerder en daarom ook as die reguleerder of begeleier van sy lewenskeuses (Smith, 2000a: 182-188).

Die mens interpreteer die lewe via die "bril" van sy gestoorde interpretasies. Sou hierdie interpretasies skeef of totaal verkeerd wees as gevolg van verwonding, is dit die gietvorm waardeur volgende waarnemings gemaak word. Terselfdertyd bied dit ook die raamwerk waarvolgens die gees van die mens homself uitdruk in sy emosies en gedrag na buite. Smith (2000a:179) noem dit – interessant genoeg – "the crippling of the spirit." TPM help met die regstel van die programmerings op hierdie sielsvlak, veral in die "gewete."

2.2.7.5 Merktekens dat ware gemoedsgenesing plaasgevind het

Smith noem dat hy aanvanklik baie vrae en besorgdhede oor hierdie nuwe metode gehad het (2000a:150 en 2000b:61). Kan dié soort genesings werklik so vinnig plaasvind? Sou die veranderinge hou? Hoe lank sou dit hou? Sy waarnemings en mense se getuienisse het sy skeptisisme mettertyd totaal laat verdwyn. Vervolgens word sy waarnemings, wat ook as merktekens vir genesing dien, uitgelig (Smith, 2000a:150-160; 2000b:62-67):

a) *Ware genesing is permanent.* Elke leuen en seer wat geprosesseer is, het sy krag en houvas op die persoon verloor. Waar kliënte teruggekom het met rapporte dat die "ou gevoelens" weer terug was, het dit geblyk dat dit egter ánder leuens met hulle meegaande gevoelens was, wat op hul beurt reggestel kon word.

b) *Ware genesing lei tot lewenstyl verandering.* "Our clients report they are experiencing life at a new and different level." (Smith, 2000b:65.) Mense se alledaagse gedrag verander dikwels alreeds so gou as na die eerste TPM sessie.

c) *Ware genesing voorsien die krag om die monsters in ons lewens te konfronteer.* Alhoewel Smith (2000a:157-158) nie suggereer dat slagoffers hul misbruikers moet konfronteer nie, en in elk geval nie te gou na innerlike genesing nie, neem hy waar dat sy kliënte ná genesing meer geesteskrag het vir so 'n konfrontasie. Die geneesde slagoffers kyk ook vanuit Christus se perspektief na die oortreders.

d) *Ware genesing beïnvloed 'n persoon se huidige verhoudings.* Die oomblik dat 'n persoon met sukkelende verhoudings se leuen-opvattings deur TPM aangeraak is, vlot die persoon se verhoudings vanself baie makliker. Die rede is dat daar nie onverwerkte sake is wat gesneller kan raak nie.

e) *Ware genesing benodig geen poging om dit in stand te hou nie.* Smith se vorige beradingsmetodes het instandhouding van die bewerkte genesings geverg; nie TPM nie.

f) *Ware genesing word gekenmerk deur ware of volkome vrede in God se teenwoordigheid.* Smith se konstante toets of daar lig en genesing in 'n pynlike herinnering gekom het, is of die persoon God se vrede daarin ervaar (1 Joh. 3:19). "The true test of healing is when the storm inside becomes calm and the 'perfect peace of Christ' rules in their heart." (Smith, 2000a:60.)

2.2.7.6 Konsekwensies as gemoedsvernuwing nie plaasvind nie

Mense kan die Here God vertrou vir vergifnis, versoening en die ewige lewe en steeds hul hele lewe as 'n slaaf van hul verdronge verwondings leef. Die volgende konsekwensies is maar enkeles van dit wat 'n persoon kan teenkom as hy of sy nie na God uitreik vir innerlike genesing nie (Smith, 2000b:46-50):

- Ons kan ons wonde so diep onderdruk, dat ons dit later nie meer kan onthou nie, maar die wond kan en sal steeds vir ons inhaal die oomblik as dit gesneller word.
- Diep wonde word dikwels op grond van hul simptome, en nie volgens hul wortels nie, verkeerd gediagnoseer; gevolglik word mense geëtiketteer en volgens allerlei voorskrifte behandel.
- Die simptome van elke wond wat nie genees nie, word aan die volgende generasie oorgedra (Smith, 2000b:48-50).
- Om nie innerlik gesond te word nie, is om die genade van God te minag, te weier of te weerstaan. Smith (2000b:50) het deernis met die feit dat die pyn wat in die oë gekyk moet word ter wille van genesing dikwels intens is, maar dit kan nie vergelyk word met die lewenslange pyn wat te wyte is aan die ontkenning en onderdrukking van die oorspronklike seer nie.

2.2.8 Die rol van vergifnis in die *Theophostic* proses

In die eerste uitgawe van die 2003 *Theophostic Journal* het Smith (2003a:9-10) 'n artikel geskryf met die titel: "Forgiveness with feelings: being in the right position so that you can genuinely forgive from a place of peace." Daarin vergelyk hy sy eertydse benadering met sy nuwe *Theophostic* benadering. Smith het vroeër eenvoudig aangeneem dat mense wat haat, bitterheid, onvergewensgesindheid, ensovoorts omdra, hulle oortreders moes vergewe sonder inagneming van hul eie gevoelens. "I used to teach that 'forgiveness is a choice, not a feeling' and declare 'victory' in suppression and denial." (Smith, 2003a:9.) Die persoon word aangemoedig om te besluit om te vergeef, as 'n geloofstap, al voel hulle nie daarvoor nie. Na die vryspraak-gebed gebid is, is die saak dan in die geloof as afgehandel beskou. Die probleem was dat die benadering in werklikheid op die ontkenning van die verontregte se ware gevoelens neergekom het.

Intussen het Smith (2000a:210; 2003a:10) tot 'n nuwe waardering van die mens se gevoelens gekom. Gevoelens is nie te ignoreer nie, maar moet beskou word as Godgegewe aanduiders van wat ons waarlik glo en dink. Sou Smith in sy huis sit en skielik rook ruik, gaan hy nie die rook ignoreer bloot omdat hy nie vuur kan sien nie. Hy staan op en gaan kyk waar die rook vandaan kom. Dit kan help dat hy nie onnodig brandskade opdoen nie.

Die nuwe *Theophostic* benadering maak dus erns met die emosies wat spruit uit ervarings van verontregting, soos byvoorbeeld waar iemand verkrag is. Daardie emosies moet nie ontken of onderdruk word nie, maar behoorlik herbeleef word en dan word God gevra en toegelaat om sy

genade aan die verontregte te bedien. Nadat dit gebeur het, so het Smith herhaaldelik waargeneem, volg vergifnis van die verkragter of oortreder heel dikwels as 'n spontane uitvloeisel.

TPM plaas dus nie druk op mense om te vergeef as 'n veronderstelde voorwaarde vir innerlike genesing nie. Die redenasie is dat baie mense so diep verwond voel dat hulle die opdrag van die Woord om hul oortreders te vergewe 'n té moeilike opdrag vind. Sodra die Here egter hul sere genees en hul gemoed reggestel het, volg vergifnis heel dikwels vanself sodat hulle waarlik "van harte" (Matt. 18:35) hul oortreders vergewe (Smith, 2000a:208). Die benadering verwag dus eerder die Here se innerlike genesing en sien daarná toe dat vergifnis beleef en uitgeleef word.

Smith (2000a:208-209) moedig nie sy kliënte aan om hul verkragters of oortreders te konfronteer nie. Sou hulle dit wou doen, is dit sy raad dat hulle in elk geval dit nie doen voor hulle volledige innerlike heling en gemoedsvrede oor die saak beleef nie. Wat hy wel leer (Smith, 2000a:213) is dat die erns van die skuld tog bereken word deurdat die persoon in haar eie gemoed die "skade bereken" (nie ontken nie). Na aanleiding van die Matteus 18-gelykenis, word mense aangemoedig om - soos die koning in die verhaal - die boeke na te gaan om presies te bepaal hoeveel elkeen hom skuld.

Of vergifnis werklik 'n voorwaarde is voordat innerlike genesing kan plaasvind, verg verdere ondersoek. Smith (1999:22) noem byvoorbeeld in die basiese videokursus dat onvergewe insidente die *Theophostic* proses kan verhinder. Dit is een van die hindernisse wat daar en dan hanteer moet word (sien Stap 9 onder punt 2.3.4). Dit lyk dus of die verlening van vergifnis tog 'n voorwaarde vir innerlike genesing kan wees. Sandford en Sandford (1982:95-106) beklemtoon eweneens die sentrale rol van vergifnis in hul boek(e) oor innerlike transformasie.

2.3 DIE PRAKTYK VAN TPM

In hierdie hoofdeel word veral die verloop van 'n tipiese *Theophostic* bedieningsessie beskryf, maar daar word ook na enkele ander praktiese aspekte verwys.

2.3.1 Wat TPM nie kan doen nie

TPM kan 'n wye spektrum van probleme behandel en daar vind werklik diep genesing in mense se lewens plaas, maar daar ís sekere dinge wat TPM nie kan doen nie (Smith, 2000a:137-149; 2004b:11):

- TPM kan nie die realiteit van 'n persoon se huidige ontstellende situasie verander nie. As 'n persoon byvoorbeeld in 'n motorongeluk was, ses weke in die hospitaal moet lê en gevolglik ook sy werk verloor, kan TPM niks aan dié feite verander nie (Smith, 2000b:40).
- TPM kan nie iets waars in 'n herinnering verander nie.
- TPM kan nie gepaste skuld en skaamte verwyder nie.
- TPM kan nie mense teen hul sin en wil van hul leuens bevry nie.
- TPM kan nie keer dat mense na hul genesing weer verkeerde keuses maak nie.
- TPM kan nie biologiese breindisfunksies of psigologiese probleme wat nie uit foutiewe denke spruit, genees nie.
- TPM kan nie die noodsaak van Christelike groei en dissipelskap vervang nie.

2.3.2 Hindernisse ten opsigte van gemoedsvernuwing

Daar is baie mites wat mense voorhou in verband met verwonding uit hul kindertyd. Hierdie mites is in werklikheid verdedigingsmeganismes waardeur hulle wil voorkom dat daardie emosionele sere oopgekrap en herbeleef word (Smith, 2000b:37-39). Enkele mites word genoem, onder andere:

- Dit sal mettertyd gesond word.
- Vergeef en vergeet dit.
- Hulle het nie bedoel om my seer te maak nie.
- My verhouding met die persoon wat my seergemaak het, is nou goed. As ek die verlede ophaal, is alles wat ek intussen opgebou het, verlore.
- Moenie slapende honde wakker maak nie.
- Moenie krap waar dit nie nou jeuk nie.
- Dit was nie so erg nie.

Hierdie verdedigings sal 'n persoon se innerlike genesing verhinder en behoort aangespreek te word soos dit na vore kom.

2.3.3 Die hou van aantekeninge

Smith het 'n sisteem vir aantekeninge ontwerp wat hy in TPM gebruik (Smith, 2000a:95 en Addenda A_1, A_2, B; vgl. 2007b:233). Die *Theophostic Sessie Verslagblad* word tydens sessies gebruik. Daarop teken hy die presenterende emosies, die historiese herinneringe, die geïdentifiseerde leuens en die geopenbaarde waarhede aan. Hiermee word 'n volledige prentjie

weergegee van die beradingsituasie soos dit ontwikkel. Vanuit hierdie aantekeninge kan gekontroleer word of daar veranderinge plaasgevind het en tot wattter mate dit gebeur het (Smith, 2000a:95).

Dan het Smith (2000a:95) ook 'n *Emosie Identifikasie- / Emosie Intensiteitsblad* ontwerp. Dit is 'n uitgebreide lys van algemene emosies waarby kruisverwysings voorkom na moontlike leuenstellings. Elke emosie het 'n nommer wat heenwys na 'n kategorie van die leuens wat weer op die tweede blad aangedui is. Hy lees by tye net die lys emosies en laat die beradene dan aandui met watter emosies hulle die beste identifiseer. Die intensiteit van die emosies kan ook aangeteken word soos *voor-* en *nadat* die leuens met waarheid vervang is.

2.3.4 Die prosedure tydens 'n tipiese TPM sessie

Aanvanklik het Smith (1999:21-25; 2000a:102-132) 'n twaalftal beradingsfasette of -stappe bespreek as deel van die bedieningsprosedure. Intussen het Smith die prosedure in die 2007 handboek vereenvoudig. Die vroeëre en huidige uiteensettings van die TPM beradingsprosedure (Smith, 1999:21-25; 2000a:102; 2007b:87-110) word volledigheidshalwe hier weergegee in Tabel 2.3 (op die volgende bladsy).

Die nuwe uiteensetting is meer vaartbelyn en inkorporeer 'n saak soos die hantering van waarheid-gebaseerde emosies (Stap 8) wat voorheen as aanvullende wenke buite die riglyn van die proses deurgegee was (2.2.4). Dan is Stappe 6 en 7, meting van die geloofwaardigheid van die leuen en "stirring up the darkness," totaal uitgelaat. Verder het Smith Stap 8 (voorheen "Ontvang die waarheid") verander om te lees: *Nooi die persoon om met Christus kontak te maak* (nuwe Stap 7). Die uiteensetting hierna handel oor die aanvanklike twaalfpunt prosedure, wat onder andere ten tyde van die empiriese studie (Hoofstuk 4) gegeld het en wat ook geëvalueer is (in Hoofstukke 5 en 6).

Smith (1999:21; 2000a:102) verduidelik dat die proses of prosedure nie as 'n formule beskou moet word nie, maar eerder as die basiese *Theophostic* beginsels wat onder leiding van die Gees van die Here Jesus toegepas moet word. Waar die volgende "stappe" dus aangebied word, moet dit verstaan word as 'n moontlike *scenario,* aldus Smith.

Tabel 2.3: Die vroeëre en huidige TPM prosedure

Die Twaalf Beradingstappe (van vroeër)	Die Nege Beradingstappe (huidig)
1) Berei die persoon voor 2) Identifiseer geheue-aanduidings in die persoon se presenterende probleem 3) Identifiseer historiese emosies 4) Identifiseer passende geheuebeelde 5) Onderskei die oorspronklike leuen 6) Meet die geloofwaardigheid van die leuen 7) Bewerkstellig herbelewenis van die donker ervaring ("stirring up the darkness") 8) Ontvang die waarheid 9) Verwyder die hindernisse 10) Bevestig die genesing 11) Prosesseer oorblywende leuens 12) Laat die Here die persoon versterk en seën	1) Berei die bedieningsontvanger voor om TPM te ontvang 2) Identifiseer die presenterende emosie 3) Moedig die ontvanger aan om huidige kwelvrae ("issues") eenkant te sit 4) Volg die presenterende emosie tot by sy leuengebaseerde oorsprong 5) Identifiseer en hanteer hindernisse 6) Identifiseer die leuengebaseerde denke 7) Nooi die persoon om met Christus kontak te maak (te "konnekteer") 8) Identifiseer oorblywende waarheidgebaseerde emosies 9) Voltooi die proses

Bron: (Smith, 1999:21; 2000a:102; 2007b:87-110)

1) Berei die persoon voor

Gedurende die eerste sessie probeer Smith gewoonlik 'n oorsig aan sy kliënte bied van die hele proses waarmee hulle gaan begin. Hy verduidelik die basiese beginsels van TPM en gee 'n kort beskrywing van die stappe wat tydens sessies gevolg sal word. Hy spel veral uit dat kliënte hulle daarop moet instel om hulle pynlike emosies toe te laat om na vore te kom. Hulle moet nie probeer om hul probleme te analiseer of self uit te klaar nie. Hulle groot werk is bloot om saam met die Here na die tersaaklike geheuebeelde te beweeg, die emosies te voel en om die leuens te "omhels" (Smith, 2000a:102).

Smith (2000a:103) stel dit onomwonde dat fasiliteerders hierdie inleidende gedeelte van die proses nie moet haas nie, maar mense soveel tyd gun as wat hul nodig het om hul vrae te vra en alles op te klaar wat hulle graag wil verstaan. Verstaan help dat hulle die berader en die proses makliker sal vertrou.

2) Identifiseer geheue-aanduidings in die persoon se presenterende probleem

Wat vertel die persoon se storie vir jou van sy verlede? (Smith, 1999:21.) Die kliënt moet aangemoedig word om sy storie te vertel. Gewoonlik het mense 'n idee wat hul probleem is, of hul reken dat hulle "weet." Hier moet mooi geluister word na die persoon se woorde, frases en nie-verbale boodskappe, sodat die "eggo's" van vroeëre verwondings opgetel kan word. Kyk watter prent begin vorm aanneem soos wat die legkaartstukke uit die mistigheid van die verlede na vore kom en by mekaar aanhaak.

3) Identifiseer historiese emosies

Gewoonlik kom mense na 'n beradingsessie toe met emosies wat merkbaar teenwoordig is. Soms is hierdie emosies *sekondêre emosies.* Wanneer 'n persoon byvoorbeeld laat kom vir sy aandete-afspraak met sy vrou, vind hy 'n warm vrou en koue kos met sy tuiskoms. Hierdie woede van sy vrou is die "sekondêre emosie" wat vanuit die dieperliggende emosies van seer en teleurstelling spruit (Smith, 2000a:105).

Soms kan dit help om die *Emosie Identifikasieblad* te gebruik. Dit help die kliënt om sy emosies beter naam te gee en daardeur kan die meegaande leuens beter geïdentifiseer word.

As die presenterende probleem 'n gedrag is, identifiseer die presenterende negatiewe emosie wat die gedrag onmiddellik voorafgaan. 'n Persoon kan byvoorbeeld intense eensaamheid ervaar net voor bulimiese ooretery (Lehman & Lehman, 2002:2).

4) Identifiseer passende geheuebeelde

Mense sien dikwels geen verband tussen hulle teenswoordige gemoedstoestand, huidige problematiese verhoudinge, kompulsies, verslawings en ander simptomatiese gedrag en hul onverwerkte sere uit die verlede nie. Hulle sal tipies hul aandag op hul huidige probleme rig en selfs die berader se aandag bewustelik of onbewustelik weglei van hul ware dieperliggende pyn en kwesbaarheid (Smith, 2000a:106).

Smith gebruik in TPM 'n verskeidenheid **tegnieke** om die oorspronklike herinnering en leuens op te spoor (1999:21):

- *Herinnering deur vrye assosiasie ("drifting"):* Die persoon word aangemoedig om op sy huidige emosie te fokus en dan "terug te dryf" deur die verlede na die tersaaklike herinnering waarheen die Here hom wil lei.
- *Liggaamlike herinneringe ("body memory"):* Smith het 'n spesifieke bedoeling met hierdie term in gedagte. Die brein registreer tydens trauma nie net die visuele stimuli van die gebeure nie, maar ook die liggaamlike sensasies wat daarmee gepaard gegaan het. Wanneer 'n persoon byvoorbeeld teruggelei word na die herinnering van 'n verkragting, kan die persoon soms vir eers nie die toneel en gebeure herroep nie, maar daarna kom sterk herinneringe op van hoe haar liggaam dit ervaar en reageer het. Die tegniek sal dan wees om haar aan te spoor om op die liggaamlike herinneringe te fokus en om die emosies toe te laat om te intensifiseer. Dit laat soms die visuele geheue ook terugkom. "Ask the person to *listen* to what her body is saying about what happened." (Smith, 2002b:28.)
- *Drie-rigting kommunikasie:* Kortliks kom dit daarop neer dat die berader met die Here praat en versoeke rig, die Here antwoorde gee en Hom aan die kliënt openbaar en dat die kliënt praat en die berader onderskei.
- *Die vyand verklap sy geheime:* In die eerste instansie moet die berader outoriteit neem oor die Bose en riglyne neerlê vir sy gedrag en manifesterings. Dit gebeur dikwels dat die Bose, trou aan sy aard om graag te spog, feite openbaar wat vir die berader lig gee en wat met die proses kan help (Smith, 1999:21).
- *Volg die emosies wat in drome gevoel is:* Smith (basiese video's; 1996) probeer nie om die drome as sulks te interpreteer nie, maar hy fokus op die emosies daarin en kyk waarheen dit lei.
- *Herdefinieer die huidige emosie:* Smith sal byvoorbeeld vir die beradene vra of hy die gevoel anders kan beskryf as wat hy dit reeds gedoen het. Dan kom 'n nuwe of verstelde definisie van die emosie aan die lig.
- *Herbeleef die huidige situasie ("stirring up the present situation"):* Deur te fokus op die huidige situasie en toe te laat dat die belewenis intenser word, kan assosiasies na vorige situasies wat dieselfde voel, makliker gemaak word.
- *Vra "waarom"-vrae:* Hierdeur kan die berader by al dieper vlakke van identifisering van herinneringe, pyn en leuens uitkom.
- *Volg die leier:* Hiermee word bedoel dat die Here as die leier in die proses gevolg moet word.

5) Onderskei die oorspronklike leuen

Om die leuen in 'n kliënt se geheuebeeld te onderskei, is die moeilikste deel van die proses (Smith, 2000a:110). Die emosie wat die persoon (her-)beleef is een van die beste aanduiders. Die emosie gee 'n aanduiding van die *soort* en die *kategorie* van die leuen wat in die geheue ingebed is. "I feel what I believe." (Smith, 2000a:110.)

Die primêre manier waardeur Smith die oorspronklike leuen onderskei, is deur *waarom-, wat-* en *hoe*-vrae (2000a:111). Smith luister aandagtig na mense se sinfraserings, woordkeuses, stemintonasies en so meer. Hy luister veral vir tema's en motiewe wat patroonmatig voorkom. Nog 'n manier wat hy gebruik, is om mense se huidige gedrag en presenterende probleme waar te neem.

6) Meet die geloofwaardigheid van die leuen

Sodra die berader seker is dat hy 'n leuen geïdentifiseer het, hou hy dit aan die beradene as 'n stelling voor. Die beradene moet dan op 'n skaal van 0 tot 10 'n aanduiding gee van hoe waar die volgende stelling sou *voel*; nie hoe waar die stelling *is* nie. Nul (0) dui aan dat dit glad nie waar voel nie en tien (10) dat dit absoluut waar voel.

7) Bewerkstellig herbelewenis van die donker ervaring ("stirring up the darkness")

Smith noem hierdie faset in die proses die mees radikale skuif in sy beradingsbenadering (Smith, 2000a:115). Sekere mense sien hierdie faset van die prosedure as 'n retraumatisering van die kliënt. Dit sou waarskynlik as retraumatisering geag kon word, as die prosedure die kliënt na berading steeds met die leuens en pyn in die gemoed gelaat het. Aangesien TPM dit juis help verwyder, sit daar soveel sin in om die vergete of verdronge verwondings weer op te soek. Trouens, dit is vir die *Theophostic* proses gebiedend noodsaaklik dat mense die herinnering weer beleef.

Hoe intenser die beradene die pyn en herinnering herbeleef, hoe intenser is die lig wat vir die persoon deurbreek sodra die Here Jesus sy waarheid en heling aan die persoon bedien (Smith, 2000a:116).

Die ervaring van die pyn en die sleg van 'n spesifieke gebeure, word deur Smith as *donkerte* beskryf. Om nou die donkerte van die oorspronklike belewenis te herbeleef, word die volgende

gedoen: Laat die kliënt op die geheuebeeld in haar herinnering fokus, terwyl sy die leuens saggies vir haarself herhaal. Die emosies word toegelaat om na vore te kom. Smith mag die proses aanhelp deur byvoorbeeld te sê (2000a:116-117): "voel hoe vuil voel jy omrede ..." of "voel die paniek en angs deur die besef dat jy nie kan wegkom nie...." Laat die emosies so sterk as moontlik word en wag dan op die Here om sy waarheid te openbaar.

8) Ontvang die waarheid

Daar is vier moontlike bronne wat gedagtes, indrukke, beelde en so meer kan oordra, naamlik (a) die persoon self, (b) die terapeut of berader, (c) demone en (d) God. Uiteraard verg dit 'n groei in vaardigheid om die beradene te begelei om op die enigste ware bron van waarheid, naamlik God, te laat wag. God openbaar nie sy waarheid aan elke persoon op dieselfde manier nie. Tot sekeres spreek Hy lang vloeiende frases, tot ander 'n enkele woord, tot nog ander bring Hy 'n beeld of 'n prent. Soms kan Hy iets humoristies oordra. Soms raak mense net van Sy teenwoordigheid bewus. Die meeste mense hoor blykbaar die waarheid deur woorde wat tot hulle gedagtes of verstand kom (Smith, 2000a:119).

Smith verduidelik dat hy proefondervindelik uitgevind het dat die Here Hom nie laat voorskryf in die openbaringsmoment nie. Daarom kan hy met stelligheid verklaar dat hy op geen manier begeleide visualisering, 'n tegniek wat hy aanvanklik wel in TPM aangewend het, gebruik nie (Smith, 2000a:122).

Verder wys Smith (2000a:124) daarop dat daar altyd die gevaar bestaan van die Bose wat mislei en daarom moet die fasiliteerder erns maak met die Bybelse opdrag om die geeste te beproef en om geestelike onderskeiding aan die dag te lê. Hy is ook onderlê in die gesag wat die Here deur sy Woord aan hom as gelowige verleen en hy tree ook in die gesag op teen die Bose.

9) Verwyder die hindernisse

'n Verskeidenheid sake kan die proses verhinder, soos bitterheid of onversoenlikheid, verdedigingsmeganismes, onbelede sonde, demoniese inmenging en ander probleme. Dit is die taak van die fasiliteerder om die probleem of hindernis te help identifiseer en om dit uit die weg te ruim. Die berader en die beradene vra die Here Jesus dikwels om raad en leiding tydens die proses.

10) Bevestig die genesing

Die berader begelei die beradene om terug te gaan na die herinnering en om dit deur te "voel" en te "kyk" ten einde seker te maak of ware genesing plaasgevind het. As die geheuebeeld *duidelik, kalm en vredevol* is, kan aanvaar word dat daardie herinnering genees is (Smith, 2000a:130). Die berader vra die kliënt om die aanvanklike leuen weer te evalueer op die 0 tot 10 skaal. 'n Nul-gradering is 'n besliste aanduiding van genesing.

11) Prosesseer oorblywende leuens

Wanneer daar nie volle vrede in 'n herinnering beleef word nie en waar die leuengraderings nie laag genoeg is nie, word die proses eenvoudig voortgesit totdat die Here nog emosionele pyn en leuens uitgewys en uiteindelik met sy lig en genesing reggestel het.

12) Laat die Here die persoon versterk en seën

Teen die einde van die sessie word die Here gevra om die realiteit van die genesing aan die persoon te bevestig en om die persoon te seën, wat Hy gewoonlik ook doen.

2.3.5 Die rol van die fasiliteerder

Voor TPM het Smith sy beradersrol gesien as een wat probleme diagnoseer, stappe vir regstelling voorstel en dan die persoon aanmoedig om dit toe te pas (2000a:167). Met die *Theophostic* benadering begelei hy sy beradenes eerstens na 'n ervaring van onderdrukte emosies, help hulle om die bindende leuens te identifiseer en vra dan die Here om sy lig tot die "omgekrapte" persoon te kommunikeer.

2.3.5.1 Spesifieke rolle van die TPM bedienaar

Smith bespreek die volgende rolle wat deur die fasiliteerder vertolk moet word (2000a:168-172):

- *Deelnemende volger en helper van God - die primêre Berader:* Die fasiliteerder moet God as die primêre berader sien en so goed as moontlik op Hom ingestel wees. Sy rol is dus om dan saam met God deel te neem in die proses en om Hom van hulp te wees (Smith, 2000a:168). Die taak van die berader is bykans soos dié van die vier manne wat hul verlamde vriend aan die voete van Jesus besorg het sodat Jesus hom kon genees (Mark. 2:1-6). Jesus het die

verlamde genees nadat hy die vier manne se geloof gesien het. Definitiewe geloofsbeoefening, of selfs die gawe van geloof (1 Kor. 12:9; 13:2), lyk dus nodig vir die berader.

- *Onderskeider:* Die berader het die belangrike taak om die leuens wat die beradene bind, te help onderskei. Smith (2000a:169) glo dat sekere gelowiges die gawe van onderskeiding het waardeur hulle God se leiding kan waarneem en hulle kan dan op dié manier baie maklik die leuens ontdek wat die persoon bind. "God will not speak a truth to the lie until it is uncovered." (Smith, 2000a:169.)

- *Geestelike advokaat:* Die berader moet geestelik "in die bresse tree" vir die beradene. Dit beteken dat hy vir hulle wat nie die krag of kennis het nie, geestelike oorlog moet voer. Soos wat hulle heel word en aansterk, oorhandig Smith (2000a:171) gewoonlik weer die verantwoordelikheid hiervan aan hulle.

- *Bevestiger en bemoediger:* Die fasiliteerder sal goed doen om die waarhede wat God gespreek het, na te sê en aan die beradene te bevestig. Hulle word ook aangemoedig om vir addisionele waarhede te luister (Smith, 2000a:171).

- *Interpreteerder:* Smith hanteer dié saak baie versigtig, ten einde te verseker dat die persoon self die Here reg verstaan en dat, indien hy iets sou byvoeg, die persoon in sy binneste sal saamstem dat dit die regte interpretasie is (2000a:171).

- *Dissipelmaker of leraar:* Gewoonlik is 'n persoon baie oop vir lering nadat die Here die leuens met sy waarheid vervang het. Die berader moet die geleentheid gebruik om paslike informasie lerend oor te dra.

- *Lasdraer:* Galasiërs 6:2 moedig ons aan om mekaar se laste te dra. Die *Theophostic* berader moet veral die pyn, lyding en wonde van die innerlik verwondes aanvoel, daarmee identifiseer en dit na Christus oordra.

2.3.5.2 Persoonlike voorbereiding vir 'n *Theophostic* sessie

Die volgende sake word aangemerk as van belang in die voorbereiding vir 'n sessie (Smith, 2000a:172-176):

- Wees gereed om iets nuuts te leer.
- Wees voorbereid om die Bose teen te staan.
- Bewapen jouself met die waarheid.
- Benader elke sessie met 'n skoon hart.
- Ken en handhaaf jou posisie van outoriteit in Christus.

In die lig van die res van Smith se publikasies en opleidingsmateriaal, lyk dit of laasgenoemde faset oor die Christenberader se gesag in Christus waarskynlik die belangrikste is om aan te merk. "Be people's defender and strong man while they are in a weakened, wounded state." (Smith, 2000a:175.)

2.3.6 Geestelike gesag en "oorlogvoering"

Smith ag die saak van demonologie en geestelike oorlogvoering self as randsaak ter wille van die tegemoetkom van mense met 'n ander verwysingsraamwerk (Smith, 2004g:28-32; vgl. ook 2.1.1.1). Met die verskyning van die 2007-uitgawe van die basiese handboek, het Smith opvallend min aandag aan hierdie saak bestee, 'n feit wat later in die evaluering van Hoofstuk 6 (6.4.10) weer ter sprake kom.

Tog blyk die saak aktueel te wees. Die voorbereidingswenke vir fasiliteerders het dit pas bevestig. Smith (2000a:127) noem dat veertig persent van gevalle waar beradenes verhinder word om God te hoor (tydens die TPM prosedure) aan demoniese beïnvloeding toe te skryf is. In die 2000-uitgawe van die basiese handboek bestee Smith hoofstuk van vyf-en-veertig bladsye aan demoniese realiteite (2000a: 249-294). Die basiese kursus se videowerkboek bestee ook enkele bladsye aan die saak van geestelike oorlogvoering (Smith, 1999:36-45). Smith het ten minste al een lesing oor geestelike oorlogvoering aangebied (2004g) en verskeie artikels oor die saak geskryf (Smith, 2004c:18-21; 2004d:6-9). Verder werk hy aan 'n boek met die tema van geestelike oorlogvoering (Smith, 2004g:34). 'n Mens moet aflei dat demonologie en geestelike oorlogvoering tog aktueel is vir die *Theophostic* debat en ongetwyfeld deel uitmaak van Smith se omvattende lewens- en wêreldbeskouing.

Abraham Kuyper het sewe pilare vir 'n gebalanseerde lewens- en wêreldbeskouing geïdentifiseer (Boehme, 1989:34-35). Daarvolgens moet die Christen ook sy vyand (die Bose) ken en kan hanteer, ten einde 'n vrugbare koninkrykswerker te wees. Die tema van demonologie moet

hiervolgens dus deel vorm van 'n persoon se filosofie, indien ons van 'n Bybelse en volledige lewens- en wêreldbeskouing wil praat.

2.4 DIE BELANGRIKSTE KRITICI VAN TPM

Hierdie laaste deel van Hoofstuk 2 stel die vernaamste evalueerders van TPM (volgens die navorser se oordeel) aan die orde en gee 'n aanduiding van hul tersaaklike bydraes. Die bedoeling hiervan is hoofsaaklik tweërlei. Eerstens bied dit verdere lig op die filosofie, teorie en praktyk van TPM. Tweedens help dit die navorsing om die belangrikste winspunte sowel as aanvegbare sake rakende TPM, soos deur die bronnestudie na vore gebring, onder die soeklig te bring.

Die beskikbaarheid van bronne, die akademiese standaard daarvan, die betekenisvolheid van insette op teologiese, psigologiese, juridiese, etiese of ander vlakke, sowel as die outeurs en ontstaansdatums van die evaluerings is in ag geneem by die vasstel van watter evaluerings die belangrikste geag moes word in belang van die navorsing.

Die keuse van evalueerders wat hieronder weergegee word, het hoofsaaklik berus op die stand van sake soos tydens die voorstudie wat in 2004 gedoen is. Tot en met die afhandeling van die navorsing in 2008 het die speelveld rakende TPM (byna) onoorsigtelik uitgebrei. Die lyste antagoniste en protagoniste kan dus baie meer uitgebrei word, maar hier word met die volgende persone volstaan.

2.4.1 Die belangrikste antagoniste van TPM

Die volgende persone en instansies word as die belangrikste antagoniste van TPM geag:

2.4.1.1 Martin en Deidre Bobgan

Martin en Deidre Bobgan (2004) is die man en vrou van Santa Barbara, California, wat 'n internet bediening bedryf wat hulle *PsychoHeresy Awareness Ministries* noem. Hulle publiseer, sover nagegaan kan word (vgl. Maier & Monroe, 2003:169), die eerste evaluering oor TPM in 1999 en wel in boekformaat (Bobgan & Bobgan, 1999:1-143). Die boek het die titel, *TheoPhostic Counseling: Divine Revelation or PsychoHeresy?* Die boek is uiters veroordelend teenoor Smith se metode. Dit is te begrype, gegee die feit dat die outeurs al verskeie boeke die lig laat sien het waarin hulle aanvoer dat psigoterapie onverenigbaar met ortodokse Christendom is en waarin hulle onder andere James Dobson, Larry Crabb en die Twaalf Stappe programme veroordeel

(Entwistle, 2004b:40). Die skrywers poneer nietemin 'n hele aantal goedberedeneerde punte van kritiek wat verreken moet word, insluitende kritiek op Smith se Skrifgebruik en sy skynbaar buitensporige aansprake oor die nuwe benadering. Hulle sien ook interessante verbande raak tussen TPM en EMDR en voer albei terug na die Freudiaanse psigoanalise (Bobgan & Bobgan, 1999:95-134). Hulle het ook vrae oor Smith en TPM se teorie oor die verstand en geheuewerking (1999:49-68), sowel as oor begeleide verbeelding, visualisering en hipnose wat, volgens hulle, wel by TPM voorkom (1999:69-94).

2.4.1.2 *Community Evangelical Free Church*

Die personeel van *Community Evangelical Free Church* in Elverson, Pennsylvania, het ook 'n evaluering van TPM gedoen, *A Biblical Evaluation of Theophostic Ministry* (2001:1-23). Smith het vroeër bande met die gemeente gehad én die gemeente het aanvanklik die beginsels van TPM aanvaar en ook positiewe resultate met die bediening daarvan verkry, aldus die TPM webwerf (Smith, 2004e:6-8). Alhoewel die evaluasie volgens die navorser se beste wete nie in 'n akademiese tydskrif verskyn het nie, word tog geoordeel dat dit punte van kritiek opper waarvan die navorsing kennis moet neem. Die hoofpunte van hul betoog word vervolgens aangestip (CEFC, 2001:1-23):

- Smith verdedig TPM pragmaties.
- TPM verteenwoordig 'n onskriftuurlike siening oor selfinspanning in die Christelike lewe.
- TPM ag nie die genoegsaamheid van die Skrif ten opsigte van bediening nie.
- TPM hanteer 'n oppervlakkige siening van sonde.
- TPM het 'n verdraaide verstaan van die Bybelse antropologie.
- TPM se fokus op post-traumatiese gebeure ontbreek in die Skrif.
- TPM materiaal misbruik die Skrif deur gereelde verkeerde Skrifuitleg.
- TPM is nie in pas met die Skriftuurlike model vir Christelike bediening soos in 2 Korintiërs 10:4-5 saamgevat nie.
- TPM se vergelyking met Jesus se bediening vind nie deurgaans konsekwent plaas nie.
- TPM skoei sy benadering bykans volledig op die gevallewerk met seksueel gemolesteerdes.
- Dit kom voor of dr. Smith nie kritiek van buite die TPM gemeenskap verwelkom nie.
- TPM "werk" – waarskynlik vanweë sinistere redes.

2.4.1.3 Bryan N. Maier en Philip G. Monroe

Bryan N. Maier is 'n assistent-professor in pastorale beraad en psigologie aan die *Trinity Evangelical Divinity School* in Deerfield, Illinois, en Philip G. Monroe is assistant-professor van berading en psigologie, en direkteur van die M.A. Beradingsprogram by die *Biblical Theological Seminary* in Hatfield, Pennsylvania (Maier & Monroe, 2003:169). Hulle evaluering, *A Theological Analysis of Theophostic Ministry*, het in die akademiese tydskrif, *Trinity Journal* (2003:169-188), verskyn. Dié twee professore het ook hul besorgdhede rakende TPM tydens 'n Wêreldkonferensie van die *American Association of Christian Counsellors* in September 2003, in Nashville, gedeel (Fletcher, 2004:56). Hulle gee vir Smith krediet dat hy wel erns maak met sy kritici, onder andere die Bobgans (Maier & Monroe, 2003:169-170). Alhoewel hulle slegs die sondeleer en genesingsleer van TPM ontleed, word hul evaluering as 'n belangrike bron geag, vanweë die akademiese standaard en die leerstellige aktualiteit daarvan.

2.4.1.4 David N. Entwistle

Entwistle is verbonde aan die Departement Psigologie van *Malone College* in Canton, Ohio (2004a:26). Hy het twee artikels oor TPM gepubliseer in 'n 2004-uitgawe van die *Journal of Psychology and Theology*. Die eerste is *Shedding Light on Theophostic Ministry 1: Practice Issues* (Entwistle, 2004a:26-34) en die tweede *Shedding Light on Theophostic Ministry 2: Ethical and Legal Issues* (Entwistle, 2004b:35-42). Hierdie artikels spreek van hoë akademiese standaard. In die beknopte oorsig ter inleiding van sy eerste artikel meld hy onverwyld dat daar tot en met sy skrywe in 2004 bykans geen gepubliseerde literatuur oor TPM, hetsy teoreties of empiries, in die professionele joernale verskyn het nie (2004a:26). Entwistle plaas TPM in die veld van innerlike genesing, 'n ontwikkeling wat godsdiens en terapeutiese benaderings integreer en wat hoofsaaklik deur die leke-gemeenskap van die kerk in die lewe geroep is.

Die hoofpunte van sy evaluerings word vervolgens kortliks aan die orde gestel. Die eerste vyf punte word in sy eerste artikel oor praktiese sake aangespreek (Entwistle, 2004a:26-34); die volgendes in sy tweede artikel oor etiese en wetlike sake (Entwistle, 2004b:35-42).

- Smith se pogings om TPM op Bybelse konsepte te begrond, is onvoldoende.
- Smith gee onvoldoende en dikwels onakkurate verduidelikings van basiese psigologiese prosesse.

- Smith se verklarings ten opsigte van die voorkoms van dissosiatiewe identiteitsversteurings (DIV), sataniese rituele misbruik (SRM), en demoniese aktiwiteit is te betwyfel.
- Smith se skattings oor die voorkoms van traumatiese misbruik oorskry empiriese bevindings.
- Smith neem nie die moontlikheid van iatrogeniese geheuekontaminering (die bewerking van valse geheues) genoegsaam in ag nie.
- Smith se opleiding deur middel van kort seminare en videomateriaal is heel waarskynlik onvoldoende in die daarstel van etiese en tegniese bevoegdheid by die beoefenaars van TPM.
- Die aansprake dat TPM Godbegeleide genesings behels waarin 'n letterlike verskyning van God verwag moet word, wek vrae.
- Die aansprake op gewaarborgde genesing en uitsonderlikheid van die metode, wek etiese sowel as wetlike besorgdhede.
- Die aanwending van TPM om 'n groot verskeidenheid van psigologiese versteurings te behandel, sonder genoegsame voorafgaande empiriese geldigverklaring van die metode, is problematies.
- Die vraag of TPM 'n godsdienstige intervensiemetode of 'n beradingsprosedure is, het wetsimplikasies.
- Die systap-hantering van bogenoemde kwessie deur die naam vanaf *Theophostic Counseling* na *Theophostic Prayer Ministry* te verander, laat 'n mens vra of dit eties korrek is.
- Smith se nie-verwelkoming van openbare ontleding en kritiek is problematies.

2.4.1.5 Jan Fletcher

Jan Fletcher is 'n joernalis wat 'n elektroniese (digitale) boek oor TPM geskryf het, *Lying Spirits: a Christian journalist's report on Theophostic Ministry* (2004:1-139). Sy is 'n godsdienskorrespondent vir die twee-weeklikse *Central Kentucky News Journal (CKNJ)* van Campbellsville, Kentucky, en die weeklikse *Columbia News,* in Columbia, Kentucky. Sy het aanvanklik twee artikels in die *CKNJ* gepubliseer nadat sy die nuuswaardigheid van die saak besef het. "'This is an international ministry started by Campbellsville's Dr. Ed Smith. Theophostic [Ministry] is generating a lot of controversy in Christian circles around the world pro and con. Proponents credit Smith's ministry with miracle cures of psychological problems; others claim the philosophy is 'from the pit of hell.' At any rate, it's certainly newsworthy that the ministry began here in Campbellsville'..." (Fletcher, 2004:4).

Tydens haar navorsing het sy ontdek dat sekere Amerikaanse teoloë wel deeglik van TPM kennis geneem het. Mense begin vra hoe die TPM metodes by 'n teologiese raamwerk inpas; nie bloot of

die *Theophostic* genesingstegnieke werk of nie werk nie (Fletcher, 2004:9). Sy verklaar dat sy die boek skrywe met die doel om die gevare van TPM uit te lig en om die Christendom te help om ingelig oor TPM te besin en te besluit (Fletcher, 2004:10). Sy vind veral die debat rondom "valse geheues" sensasioneel en skrywe drie van haar sewe hoofstukke oor hierdie besondere saak om, soos sy dit stel, die gevare van 'n gesoek na verdronge geheues uit te lig (2004:29-55), om pastors teen TPM te waarsku (2004:110-122) en om mense wat ly as gevolg van valse beskuldigings - op grond van geïdentifiseerde valse herinneringe - met raad te bedien (2004:123-131).

Fletcher stel 'n klomp aanvegbare sake rakende TPM aan die orde, al lyk dit of sy dikwels net haar geraadpleegde bronne napraat. In 'n hoofstuk oor teologiese besorgdhede (Fletcher, 2004:56-66) hanteer sy sake soos TPM se sondegebaseerde en leuengebaseerde teologie, die "teologie" van genesing, die "teologie" van lyding, ervaringsgebaseerde (pragmatiese) teologie, en demonologie. In 'n volgende hoofstuk oor spirituele besorgdhede (Fletcher, 2004:67-85) beskuldig sy vir Smith en TPM onder andere van hipnose, okkultiese praktyke, gnostisisme, panteïstiese mistisisme, *New Age* en spiritisme. In 'n verdere hoofstuk bespreek sy problematiese sake rakende TPM en sataniese rituele misbruik (Fletcher, 2004:86-109).

Die navorser merk op dat sy self as kind deur haar stiefpa gemolesteer en seksueel misbruik is, waarna sy vir twintig jaar 'n selferkende ateïs was totdat sy in 1996 tot bekering gekom het (Fletcher, 2004:51-52). Sy het ook as kind 'n slegte ervaring met 'n kerkleier gehad wat haar mislei het deur valshede met bedekte motiewe aan haar oor te dra vir waar (Fletcher, 2004:51). Sy beskou haar oorlewing tydens daardie twintig jaar as haar tydvak van "tolerable recovery" en die tydperk na haar bekering as "more than tolerable" (Fletcher, 2004:52). In die slothoofstuk van die boek gebruik sy beeldspraak waardeur dit lyk asof sy die volgende, vrylik vertaal, wil sê: "Los jou eiland van herinneringe in die donkerte en moenie telkens die 'Pandora Box' wil gaan oopmaak nie!" (Fletcher, 2004:132-139.) Die navorser vermoed dat sy bang is om aan die hand van 'n volgende kerkleier, pastor of TPM beoefenaar, dié eiland op te soek, aangesien dit moontlik haar eie greep op haar huidige verwysingspunte gaan verswak. Tereg vra die navorser hoe moet iemand wat net handgedrewe skroewedraaiers ken, die waarde van elektriese skroewedraaiers besing?

Syself gee toe dat die boek nie 'n gebalanseerde weergawe van protagonistiese en antagonistiese bronne weerspieël nie (Fletcher, 2004:10): "This work is not an attempt to offer a balanced report where both proponents and opponents to the ideas promoted by TPM are given equal coverage. This book offers the author's critical view of Theophostic Ministry's ideas and the effects those

ideas may have upon the public." Die navorser neem genoemde bekentenisse van Fletcher in ag by die weeg van veral haar negatiewe kritiek teen TPM.

2.4.2 Die belangrikste protagoniste van TPM

Dr. J. Steyn van die Universiteit van die Vrystaat het in 2008 (afhandelingsjaar van die studie) 'n positiewe evaluering van TPM gepubliseer en daarom behoort sy ook as protagonis van TPM vermeld te word. In die opsomming hieronder word Steyn en haar bydrae (2008:127-144) egter nie bespreek nie, omdat haar bydrae nie met die aanvang van die studie ter sprake was nie. Daar word wel later in die navorsingsverslag na haar bydrae verwys. Die volgende protagoniste word vermeld:

2.4.2.1 Terry en Julie Zuehlke

In die boek, *Christ centered therapy: the practical integration of Theology and Psychology,* deur N.T. Anderson, T.E. Zuehlke en J.S. Zuehlke (2000:1-431) het laasgenoemde 'n kort hoofstuk oor TPM as 'n beradingsmetode geskryf (2000:261-266). Sy toon aan dat hierdie metode veral effektief aangewend kan word vir mense met leuens uit kindertyd verwondings. Sy gee verder 'n beknopte weergawe van hoe TPM werk en bied dan die stappe aan soos wat sy, Julie, en Terry, haar man, dit in hul praktyk gereeld toepas. Hulle vergelyk TPM met Neil Anderson se sewe "Steps to Freedom in Christ" benadering. Eersgenoemde vergelyk hulle met 'n *laserstraal* benadering wat treffend op spesifieke diepliggende probleme kan infokus en laasgenoemde met 'n *sambreel* benadering wat op doeltreffende manier 'n hele klomp sake dek (Anderson, Zuehlke & Zuehlke, 2000:266).

2.4.2.2 Karl en Charlotte Lehman

Dr. Karl D. Lehman het in die mediese psigiatrie gestudeer en vanaf 1986 gepraktiseer (Lehman & Lehman, 2005b:1). Hy en sy vrou, Charlotte E.T. Lehman, het albei vir meer as 20 jaar (teen die tyd van hul skrywe in 2002) in gebedsbenaderings vir emosionele heelwording gestudeer, dit self ondergaan en dit ook aan ander bedien. Hulle albei het sedert Mei 1998 die TPM beginsels en proses bestudeer en dit in hul professionele werk begin gebruik. Nadat hulle meer as 6000 uur TPM gebruik het en meer as 4000 uur daaroor gelees en geskryf het en honderde ure van eie genesing deur TPM verkry het (Lehman & Lehman, 2005b:1), doen hulle hul evaluerings (2002:1-3; 2005b:1-5). Hulle vergelyk TPM met sekulêre behandelingsmodaliteite, naamlik psigiatriese medikasie, kognitiewe terapie, *exposure therapy* en *EMDR.* Hulle wys onder andere op die feit dat

die genoemde sekulêre modaliteite deur navorsing as besonder effektief bewys is (Lehman & Lehman, 2005b:1-4). Hulle vergelyk TPM ook met ander gebedsbenaderings vir emosionele heelwording. Hulle finale slotsom is dat TPM as 'n gebedsbenadering vir innerlike genesing 'n deurbraak verteenwoordig (Lehman & Lehman, 2005b:4). "(O)ur assessment is that Theophostic^{R}-based therapy/ministry is more effective than any other tools, techniques, principles, or approaches of which we are aware." (Lehman & Lehman, 2005b:1.)

2.4.2.3 Dwight A. Clough

Dwight A. Clough bedryf 'n bediening vanaf Sun Prairie, Wisconsin, genaamd *Dwight Clough Ministries.* In 'n artikel op sy webwerf, *In Defense of Theophostic,*^{R} meld hy onverwyld dat hy geen verbintenis met Smith of sy bediening het nie en dat hy nie namens Smith praat nie (Clough, 2004:1). Hy glo nietemin dat TPM 'n kragtige instrument is waardeur Christus se heling aan emosionele pyn bedien kan word. Hiervan spreek die subtitel van sy artikel, naamlik *Why this Christian inner-healing approach is Biblical, workable and a good choice for many people.* Clough verdedig die saak op bykans al die aanvegbare punte. Vervolgens word vlugtig na die hoofpunte van sy betoog verwys (Clough, 2004:1-9):

- Mag God nie iets nuuts doen nie?
- Mag Christene nie in psigologie betrokke wees nie?
- Wat is die regte verband tussen sonde, dissipelskap en selfbeheersing?
- Mag God nie prakties of pragmaties wees nie?
- As Jesus regtig met sy mense praat, wat dan van die Bybel?
- Moet die hele *Theophostic* beweging oor die kam van 'n enkele "vrot appel" of twee geskeer word?
- Wat bedoel Filippense 3:13 wat maan dat ons die verlede moet vergeet?
- Hoe moet oor die demoniese geoordeel word?
- Gaan *Theophostic*^{R} net oor Smith se behoefte om suksesvol te wees?
- Is *Theophostic*^{R} 'n "cure-all" en is dit vir almal?
- Hoe om oor die vals geheue-debat te oordeel.
- Sy slotsom: Daar word baie klippe gegooi, maar dit maak nie duike nie.

2.4.2.4 Fernando Garzon en kollegas

Fernando Garzon en 'n aantal kollegas van hom, na wie reeds in Hoofstuk 1 verwys is, was met die aanvang van hierdie navorsing vir ten minste twee jaar besig met 'n empiriese ondersoek na die effektiwiteit van TPM (Garzon, 2003:4 en 8; 2004:10-11; Garzon & Burkett, 2002:42-49). Vraelyste is uitgestuur aan mense wat die basiese TPM opleidingsmateriaal aangevra het. 'n Groot hoeveelheid respondente, altesaam 1354, het hul vraelyste teruggestuur. Meer as tagtig persent van die deelnemers het persoonlik TPM ondergaan. Die tevredenheidsindeks was baie hoog, met meer as die helfte wat sê dat TPM die waardevolste metode was wat hul nog ondervind het en 'n volgende nege-en-dertig persent sê dat hulle baie daarby gebaat het. As in ag geneem word dat enigeen wat enige opleiding in TPM ondergaan het, die berading kon doen (afgesien daarvan of dit volgens voorskrif was al dan nie), dan is dit 'n baie goeie terugvoer, aldus Garzon (2003:4).

TPM beoefenaars is ook gevra om die effektiwiteit van die TPM metode te vergelyk met ander tegnieke wat hulle al gebruik het ten opsigte van die volgende toestande: depressie, algemene angs, woede, fobies, angsaanvalle, seksuele misbruik, dissosiatiewe identiteitsversteuring, seksuele verslawing en eetversteurings (Garzon, 2003:4). Die vergelykende evaluerings van TPM was baie hoog, met sewentig tot vyf-en-tagtig persent respondente in elke kategorie wat dit meer effektief ag as die ander tegnieke. Wat hierdie gegewens selfs 'n groter verrassing maak, is die feit dat daar geen verskil was tussen die waarnemings van gelisensieerde geestesgesondheid professionele werkers en leke-beraders nie. Met ander woorde, diegene met 'n hoë graad van kennis omtrent ander sekulêre psigologiese tegnieke het TPM net so hoog geag as diegene met heelwat minder kennis van daardie tegnieke. Alhoewel Garzon (2003:8) die studie steeds as voorlopig beskou, gee dit reeds bevestiging daarvoor dat TPM meer effektief bevind word as ander tegnieke.

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die praktykteorie van TPM opgesom, met spesifieke verwysing na die filosofie, teorie en praktyk daarvan. Daar is ook na die belangrikste – volgens die navorser se oordeel - prota- en antagoniste van TPM verwys. Die uitgangspunt was deurgaans dat Smith en TPM so goed as moontlik verstaan en weergegee moes word in terme van sy eie paradigma en verstaansraamwerk.

Die volgende hoofstukke wil die konteks en teks van *Theophostic Prayer Ministry* verder ondersoek. Hoofstuk 3 beoog om raakpunte wat TPM met die psigologie, en by name *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR), mag hê, te ondersoek met die oog op die verryking en/of korrigering van die TPM teorie en praktyk. Hoofstuk 4 gee die aanpak en resultate van 'n empiriese studie na TPM weer. Dit beloof om verdere lig op die filosofie, teorie en praktyk van TPM te werp. In Hoofstuk 5 word TPM en enkele kritiese sake beoordeel in die lig van die Wysbegeerte van die Wetsidee.

HOOFSTUK 3

'N VERGELYKENDE ONDERSOEK NA *EYE MOVEMENT DESENSITIZATION AND REPROCESSING* (EMDR) TER VERHELDERING VAN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM)

3.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK

Hoofstukke 3, 4 en 5 ondersoek die praktyksituasie van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) en lewer dus bydraes ten opsigte van die metateorie van TPM. Hoofstuk 3, die huidige hoofstuk, hanteer 'n literatuurstudie na die raakvlak wat TPM met *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR) het. Hoofstuk 4 handel oor 'n kwalitatiewe empiriese studie na die praktyk, sowel as leerstellige en filosofiese grondslae van TPM. Hoofstuk 5 evalueer fasette van TPM en TPM kritici vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee. Dit bied terselfdertyd die navorser se Christelik-wysgerige verwysingsraamwerk.

Die primêre oogmerk van hierdie hoofstuk is om *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) beter te leer ken teen die agtergrond van *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR) - 'n psigoterapeutiese behandelingsbenadering vir trauma en ander ervaringsgebaseerde probleme (Shapiro, 2001). Volgens Entwistle (2004a:26-34 en 2004b:35-42; vgl. 2.4.1.4) gee Smith onvoldoende en dikwels onakkurate verduidelikings van basiese psigologiese prosesse. Die Bobgans (1999:49-68) beskuldig ook vir Smith dat hy nie oor die nodige kennis van die werking van die brein beskik nie (vgl. Maier & Monroe, 2003:169). Van die voorbehoude wat Velthuysen (1989:1-12) teen tradisionele innerlike genesing uitspel, is onder andere dat dit dikwels mank gaan aan swak en onsamehangende pogings tot intergrering van konsepte en prosedures uit die psigoterapeutiese wêreld (vgl. 1.2.5). Smith (2000a:1-4) het self ook erken dat die praktykteorie van TPM inderdaad nog aan die ontwikkel is en hy het die uitnodiging gerig dat mense bydraes kan lewer (vgl. 1.2.5). Indien ons TPM beter kan verstaan vanuit die lig wat die metateoretiese ondersoeke van hierdie hoofstukke mag lewer, kan die onderliggende teorie en/of praktyk van TPM moontlik daardeur bevestig, verdiep, verryk, aangevul of gekorrigeer word (Pieterse, 1993:173; Nel, 1991:26).

Die redes waarom spesifiek EMDR gekies word vir 'n fokus in die psigologie is, eerstens, omdat daar klaarblyklik baie ooreenkomste tussen EMDR en TPM bestaan en TPM boonop op 'n soortgelyke "theory of the mind" as EMDR bou (Bobgan & Bobgan, 1999:95-96, 101). Die navorser het na aanleiding van die opmerkings van Bobgan en Bobgan (1999:95-134) en sy eie

leeswerk oor EMDR self begin aflei dat die twee benaderings baie in gemeen het. Die geval van een van die deelnemers in die empiriese studie, C4, wat TPM en EMDR in kombinasie gebruik (Bylaag D, punt 9), is volgens die navorser 'n unieke praktiese bevestiging (vgl. Mason, 2002:194-197) van die hipotese dat TPM en EMDR baie in gemeen het en dat die een derhalwe by die ander kan leer.

Tweedens meld die Bobgans (1999:26) dat EMDR 'n uitsonderlik suksesvolle behandelingsmetode is en toevallig met dieselfde soort ervaringsgebaseerde probleme as TPM werk (1999:100). Die navorser het ook kennis geneem van ander ewe suksesvolle ervaringsgebaseerde psigoterapeutiese benaderings soos *Primal Therapy* van dr. Arthur Janov (1970), Neurolinguïstiese Programmering (Otero, 1986; Kemp, 2001; vgl. Thiessen, 2003:94), Emosionele Vrylatingsberading (Pearson & Nolan, 1995) en *The Journey* van Brandon Bays (1999; 2003). Dan het hy kennis geneem van die traumawerk wat Yvonne Retief (2000, 2004) vir meer as twintig jaar hier in Suid-Afrika doen. Haar grondliggende werkingsteorie sluit aan by die denke en teorie van Transaksionele Analise wat Eric Berne in die sestigerjare ontwikkel het (Retief, 2000:13; vgl. Berne, 1964:23-32) en sy benut ook die *Traumatic Incident Reduction (TIR)* tegniek uit die kamp van die sogenaamde *brief therapy* (Retief, 2004:90-100). Boonop het die navorser eerstehands kennis gemaak met die model wat dr. Christo en Marie-Lou Cloete oor dertig jaar eklekties saamgestel het en wat hulle *Gemoedsgenesing, bevryding en oorwinning deur gebedsterapie* noem (Cloete & Cloete, 2005). Dr. Cloete (2005) het self aan die navorser op 'n beradingskamp meegedeel dat hy onder andere by die werk van TPM geleen het en dit 'n "eie baadjie aangetrek het." Die navorser beperk egter die navorsingskopus in hierdie hoofstuk tot hoofsaaklik een vergelykbare behandelingsmetode, naamlik EMDR.

'n Derde aantreklikheid van EMDR is die uitgebreide hoeveelheid wetenskaplike navorsing wat daaroor beskikbaar is. Navorsing oor dié vreemde, dog effektiewe, psigoterapeutiese metode het in so 'n mate geëskaleer dat EMDR tot op hede die mees en omvattendste nagevorsde terapeutiese metode vir die behandeling van post-traumatiese stressindroom (PTSS) is (Maxfield & Hyer, 2002; Van Etten & Taylor, 1998:126-144; vgl. Norcross & Shapiro, 2002:341; Shapiro, *ed.,* 2002:357-388). Doktor Karl D. Lehman en sy vrou Charlotte E.T. Lehman (2005a:2) skryf in hierdie verband dat "shared principles and techniques with research-supported psychotherapies provide indirect research support for Theophostic." EMDR se navorsingsbasis kan dus indirek navorsingsteun aan TPM bied.

'n Tweede doel wat die hoofstuk dus kan dien, is om 'n venster te open ten opsigte van die wetenskaplike begronding van TPM, indien suksesvol aangevoer kan word dat TPM genoegsaam by EMDR aansluit en moontlik op dieselfde versnelde informasieprosesseringsteorie berus.

'n Derde en minder belangrike doel van hierdie hoofstuk is om die vraag te probeer beantwoord of die *Theophostic* benadering totaal en al as 'n openbaring van God beskou moet word en of daar nie tog by psigologiese benaderings geleen is nie. Die vraag kan dus saam met Bobgan en Bobgan (1999:9) gevra word: "Is TheoPhostic a divine, latter-day revelation from God as Smith claims, or is it a Smith-devised variation of one or more of the many psychotherapies he learned and used, to which he added inner healing concepts and techniques?" Die hoofsaak van die Bobgans se betoog is dat Smith oor twintig jaar met verskillende terapeutiese metodes gewerk en geëksperimenteer het, en wel daarvan gebruik maak. Die Bobgans dui aan dat Smith by kognitiewe gedragsterapie (1999:15-17), die sogenaamde "brief therapy" (1999:17-19), psigodinamiese beginsels en tegnieke (1999:111-134), sowel as EMDR (1999:95-109) geleen het. Smith erken, volgens ons beste wete, slegs sy inkorporering van die kognitiewe gedragsterapie en *brief therapy* in TPM (vgl. Bobgan & Bobgan, 1999:15-19). Daarom wil die navorser kontroleer of die Bobgans se afleiding nie korrek is nie, naamlik dat "TheoPhostic counseling is the result of many existent therapies, including psychoanalytic, Eye Movement Desensitization and Reprocessing (EMDR), and cognitive-behavioral therapies."

Die res van hierdie hoofstuk bied vervolgens 'n inleidende oorsig oor die ontstaansagtergrond van psigologie en traumateorie. Veral die inligting oor traumateorie verskaf die verwysingsraamwerk waarteen innerlike verwonding en genesing beter verstaan kan word. Die verdere aanpak daarna is basies om EMDR bekend te stel en 'n vergelyking tussen EMDR en TPM te tref wat veral op geïdentifiseerde ooreenkomste wys. Die verskillende modaliteite wat in EMDR saamloop, word ook belig, om daarmee 'n aanduiding te kry van watter psigologiese modaliteite moontlik in TPM geïnkorporeer is. Daarna word enkele voorstelle ter verheldering/verryking van die TPM benadering gemaak.

3.2 PSIGOLOGIE

Die navorser oordeel dat 'n vlugtige oorsig oor die definiëring en hoofdenkskole van die psigologie die breër raamwerk help vorm waarin traumateorie as verstaansraamwerk vir EMDR tuiskom. Die agtergrondinligting oor psigologie sowel as traumateorie behoort gesamentlik 'n volledige verstaansraamwerk te bied vir die daaropvolgende bespreking van EMDR as vergelykbare behandelingsbenadering vir traumatiese en ervaringsgebaseerde probleme.

3.2.1 Definisie van psigologie

Louw (1987:1-2) verwys na verskillende definisies wat in sekere opsigte van mekaar verskil, maar tog 'n gemeenskaplike faktor het, naamlik "almal is dit eens dat psigologie die wetenskaplike bestudering van *gedrag* is" (navorser se kursivering; vgl. Silverman, 1974:3). Westen (1996:3-7, 29) definieer psigologie as die sistematiese bestudering van *verstandelike prosesse* en *gedrag*. Basson *et al.* (2003:3) verstaan psigologie op dieselfde wyse as "the science that studies the human mind and its functions." Alhoewel die Wysbegeerte van die Wetsidee 'n korreksie op hierdie definiërings van psigologie sou voorstel (vgl. Ridgway, 2007a:7), word die definisies vir die doel van die huidige hoofstuk as voldoende aanvaar.

3.2.2 Die hoofdenkskole van psigologie

Verskeie skrywers, byvoorbeeld Suinn (1975), Viljoen (1988:29) en Bankart (1997:vii-xvii), orden die ontwikkeling van die Westerse psigologie in die twintigste eeu rondom hoofsaaklik drie fundamentele bane. Ander, soos Edwards en Louw (1998b:12-21), Valle (1989:257-260) en Lukoff en Lu (2005:178) voeg egter 'n vierde baan by en beskryf hierdie bane as paradigmas in die psigologie. Met 'n paradigma bedoel hulle 'n stel aannames vir menswees, menslike gedrag en belewenis wat as vertrekpunt gebruik word en wat deur die aanhangers daarvan tot 'n ideologiese stelsel verhef word (Edwards & Louw, 1998b:12). Daarom word hierdie hoofdenkskole of paradigmas ook as vier ideologiese magte in die psigologie beskryf. Die vier magte of paradigmas in die geskiedenis van die psigologie word kortliks genoem.

3.2.2.1 Die eerste mag: Natuurwetenskaplike en behavioristiese psigologie

Wilhelm Wundt (1832-1920) het in 1879 'n psigologie-laboratorium in Duitsland te Leipzig opgerig. Dit word as die amptelike begin van psigologie as 'n afsonderlike akademiese dissipline beskou (Louw, 1987:25; Viljoen, 1988:21, 27; Edwards & Louw, 1998b:12-13). Wundt het op natuurwetenskaplike manier die innerlike van die mens (probeer) bestudeer. Sy werk is voortgesit en uitgebou deur mense soos John Watson (1878-1958), E.L. Thorndike (1874-1949) en B.F.Skinner (1904-1990; vgl. Möller, *red.*, 1987:6; Meyer *et al.*, 1988:185; Louw, 1987:28). Hulle het veral die waarneembare, meetbare en objektief-te-beoordeelde gedrag van mense en diere bestudeer. Onderliggend aan die behaviorisme in al sy variasies is 'n reduksionistiese siening van die mens as 'n passiewe stimulus-respons meganisme (Valle, 1989:257-258).

Die ontwikkeling van die kognitiewe wetenskap (Edwards & Louw, 1998b:14), gestimuleer deur die bydraes van onder andere Jean Piaget (1896-1980) in Switserland en Gestaltpsigoloë soos Max Wertheimer (1880–1943), Wolfgang Köhler (1887–1967) en Kurt Koffka (1886–1941) in Duitsland, het bygedra tot 'n beter begrip van waarneming en die leerprosesse wat nie behavioristies van aard was nie (vgl. Louw, 1987:29, 33-34; Viljoen, 1988:28, 30). Die ontwikkeling van rekenaars het ook 'n invloed op die psigologiese denke van die dag gehad (Edwards & Louw, 1998b:14). Psigoloë het gesien hoedat rekenaars inligting kon opneem en dit op komplekse maniere verwerk. Dit het nuwe verstaansmoontlikhede geopen oor hoe die brein moontlik kan werk. Denke word hiervolgens as "informasieprosessering" verstaan (Westen, 1996:17). Bekende name wat verder met die kognitiewe psigologie verbind word, is Albert Ellis en Aaron Beck (Bankart, 1997:259).

Om saam te vat, behavioriste het die brein in terme van 'n telefoonsentrale verstaan wat stimuli en response op dieselfde wyse verbind as wat telefoongebruikers met mekaar verbind word (Edwards & Louw, 1998b:14; vgl. Westen, 1996:15). Kognitiewe psigoloë het die brein as 'n rekenaar gesien wat inligting verwerk en dat dit die taak van die psigologie is om natuurwetenskaplike metodes te gebruik om uit te vind hoe hierdie rekenaar werk. Die behavorisme en aanverwante natuurwetenskaplike psigologie staan as die **eerste mag** in die psigologie bekend (Valle, 1989:257; Lukoff & Lu, 2005:178).

3.2.2.2 Die tweede mag: Psigoanalise

Die psigoanalise word as die **tweede mag** in die psigologie beskou (Edwards & Louw, 1998b:15-16). Dit het begin met die werk van Sigmund Freud (1856-1939) wat as geneesheer neurotiese gedragsversteurings, veral histerie, bestudeer het (Louw, 1987:31-32; Viljoen, 1988:28-29; vgl. Freud, 1963). Freud het op 'n stadium, te wete in 1985, hipnose onder Jean-Martin Charcot in Frankryk bestudeer, waarna hy en sy kollega, Joseph Breur, baanbrekerswerk op 'n dame met histeriese konversie gedoen het. Vir haar het hulle die skuilnaam "Anna O" gebruik (Breur & Freud, 1974/1895:73-102; Suinn, 1975:15-16; Frank & Frank, 1991:4; Bankart, 1997:46-54).

Anna O, oftewel Bertha Pappenheim (Bankart, 1997:81-94), is 'n tipiese geval van iemand met psigosomatiese probleme wat opgelos is toe sy begelei is om sekere ontstellende insidente uit haar verlede te herbeleef en dit te verwoord (vgl. Edwards & Louw, 1998b: 15). Freud het egter gou afgesien van die benutting van hipnose in sy terapie en sy eie metodes ontwikkel (Edwards & Louw, 1998b:16). Die gespreksmetode wat met Anna O gebruik is, wat onder andere van "vrye

assosiasie" gebruik gemaak het, het die prototipe geraak van die "talking cure" (Bankart, 1997:85; Readers' Digest, 1990:37).

Die belangrikste bydraes van Freud, baie kritiek ten spyt, is (a) dat hy aangedring het op die gebruik van ánder as natuurwetenskaplike metodes om die mens te bestudeer (Edwards & Louw, 1998b:16; vgl. Viljoen, 1988:29), (b) dat hy die onbewuste van die mens ontdek en beskryf het, en (c) dat hy 'n voorbeeld daargestel het vir die ontwikkeling van gesprekstерapie in die psigologie (Suinn, 1975:20; Bankart, 1997:106-109, 112-126). "Ongeag die subjektiewe en onkontroleerbare metodes van die psigoanalise is daar seker geen enkele skool wat die psigologie so beïnvloed het as die juis die psigoanalise nie." (Louw, 1987:31; vgl. Viljoen, 1988:29; Readers' Digest, 1990:21; Aitken, 1993-2002:1.) Freud se illustrasie van die bewuste en die onbewuste as 'n ysberg waarvan die punt bo die water uitsteek, maar waarvan die grootste deel onder die oppervlak van die water verberg lê (Westen, 1996:12), is alom bekend. Twee van die bekendste ander name wat gewoonlik ook aan die psigoanalise verbind word, is dié van Alfred Adler (1870-1937) en Carl Jung (1875-1961; vgl. Bankart, 1997:128-174).

3.2.2.3 Die derde mag: Eksistensialisme, fenomenologie en humanistiese psigologie

'n Groep Amerikaanse psigoloë, onder leiding van Abraham Maslow, het in die sestigerjare byeengekom om 'n alternatiewe benadering tot die psigologie te bespreek (Jordaan & Jordaan, 1992:32). Hulle het hulself verset teen die *"ontmensliking van die mens"* soos wat die behavioristiese en psigodinamiese benaderings dit sou doen en daarom het hulle hul daarvoor beywer dat die psigologie *"vermenslik"* moet word. Die natuurwetenskaplike of behavioristiese mag in die psigologie verskraal die mens tot 'n koue en meganistiese wese, terwyl die psigodinamiese mag weer oormatig op die verlede en die negatiewe in die menslike persoonlikheid fokus, met die gevolg dat die warm menslike, positiewe en kreatiewe in die menslike psige afgeskeep is (Edwards & Louw, 1998b:16-17). Valle (1989:258) gee die tweede mag daarvoor krediet dat dit die mens met meer diepte as die eerste mag teken, want dit beklemtoon die bewuste én onbewuste ervarings van die mens. Ten spyte hiervan word die mens steeds as passiewe entiteit beskou, want die mens word steeds as *reaksie-meganisme* beskou wat op impulse reageer – impulse van binne, terwyl die behaviorisme impulse van buite beklemtoon.

Die **derde mag** in die psigologie het, volgens Edwards en Louw (1998b:17), ontwikkel vanuit drie historiese wortels, naamlik eksistensialisme, fenomenologie en humanistiese (bedoelende veral

kliëntgesentreerde) psigologie. Oorvereenvoudigd en baie simplisties kan hierdie drie wortels soos volg verduidelik word. Een van die belangrikste beginsels van die *eksistensie-filosofie* is dat die mens "vryheid van keuse" het (Jordaan & Jordaan, 1992:32-33; vgl. Louw, 1987:32). Die mens is, met ander woorde, nie die passiewe slagoffer van impulse uit die omgewing, uit die onbewuste of van oorerwing nie. Die mens kan sy volle potensiaal bereik deur te kies om te groei.

Volgens die denkrigting van die *fenomenologie* moet die mens eerder begryp as verklaar word (Jordaan & Jordaan, 1992:33; Louw, 1987:32). Hiermee word bedoel dat die mens nie soseer as objek van buite waargeneem moet word nie, maar deur "invoeling en empatie ervaar" moet word (Louw, 1987:32). Viljoen (1988:28) beskou Franz Brentano (1838 – 1917) as die vader van die fenomenologiese benadering in die psigologie. Die werk van Brentano het veral 'n invloed op die Gestaltbeweging in Duitsland gehad. *Gestaltpsigoloë* in Duitsland het te velde getrek teen die natuurwetenskaplike psigologie wat die mens gereduseer het tot sy kleinste eenhede van belewenis (Louw, 1987:29-30). Vir hierdie psigoloë ontwikkel daar 'n gestruktureerde geheel van menslike gedrag uit die afsonderlike elemente waaruit dit saamgestel is – 'n geheel wat hulle "Gestalt" noem en wat meer is as net die som van die samestellende dele. Hulle het aangevoer dat die psigologiese prosesse in die mens verband hou met die menslike wil en die wil kan nie deur middel van natuurwetenskaplike eksperimente bestudeer word nie.

Saam met psigoloë soos Mary Calkins en Gordon Allport, benoem Bankart (1997:282) vir Carl Rogers (1951; 1960; Rogers & Kinget, 1960) met sy nondirektiewe en/of *kliëntgesentreerde terapie* as baanbrekers op die gebied van die humanistiese psigologie. *"Rogers's concept of unconditional positive regard has been accepted by all schools of psychotherapy as central to the establishment of an authentic therapeutic relationship."* (Bankart, 1997:282.) Deur onder andere die insette vanuit hierdie drie uitgangspunte, die eksistensialisme, fenomenologie en kliëntgesentreerde psigoterapie, het die humanistiese psigologie sy beslag gekry.

3.2.2.4 Die vierde mag: Transpersoonlike of spirituele psigologie

Die derde mag wou die volgende vraag beantwoord: "Wat is die beste wat die mens kan wees in terme van gesonde ontwikkeling en die vervulling van potensiaal?" (Edwards & Louw, 1998b:18.) Hierdie benadering het daartoe gelei dat baie ervarings ondersoek is - ook ervarings wat nie volgens die bestaande persoonlikheidsteorieë verklaar kon word nie. "Mettertyd het die benaming 'transpersoonlike ervarings' posgevat wat dui op 'n siening van die wêreld wat in wese geestelik ('spiritual') is." (Edwards & Louw, 1998b:19; vgl. Jordaan & Jordaan, 1992:43-44.)

Baie van die grondleggers van die transpersoonlike psigologie was ook prominent in die ontwikkeling van die humanistiese psigologie, waaronder byvoorbeeld Abraham Maslow en Anthony Sutich (Valle, 1989:260; Edwards & Louw, 1998b:20). Hulle was egter teleurgesteld dat die humanistiese psigologie belangrike kwessies soos bewussynstoestande, geestelike ervarings en geestelike ontwikkeling oor die hoof gesien het. Sommige van die groot geestelike tradisies van die wêreld soos die Hindoeïsme, Boeddhisme, Judaïsme, Soefisme sowel as die Christendom verkondig dat die beoefenaars daarvan deur spesiale praktyke soos meditasie verskillende gevorderde vlakke van bewussyn kan beleef waardeur hulle "'n dieper geestelike werklikheid ervaar wat ten grondslag van alles lê" (Edwards & Louw, 1998b:20; vgl. Valle, 1989:264).

Jordaan en Jordaan (1992:41-44), wat die mens in die konteks van vier deelsisteme verstaan, verwys met hul vierde deelsisteem - naamlik die metafisiese - na hierdie transpersoonlike of spirituele aspek van menswees en die lewe. Die metafisiese verwys na die *"uiteindelike realiteit,"* 'n realiteit wat te doen het met die "oorsprong, aard en doel van alle dinge" en "die betekenis van lewe" (Jordaan & Jordaan, 1992:43). Valle (1989:262) stel dit duidelik: "... transpersonal psychology calls each of us to acknowledge that there is more to being human than just the behaviors, thoughts, and emotions that one expresses through his or her personal awareness and individual ego-identity." Die transpersoonlike of spiritueel-georiënteerde psigologie vorm die **vierde mag** in die psigologie (Valle, 1989:257-268; Lukoff & Lu, 2005:178; Edwards & Louw, 1998b:18-21).

Viljoen (1988:32) verduidelik waarom die "sielkunde as godsdiens" 'n resente dissipline in die psigologie is. Psigologie was vir 'n geruime tyd onder die begeleidende invloed van die natuurwetenskaplike paradigma met sy behavioristiese denkrigting en empiries-eksperimentele oriëntasie. Gevolglik is verskynsels soos godsdiens, filosofiese besinning, waardes en moraliteit, wat nie maklik empiries ondersoek kan word nie, geensins as studieveld van die psigologie gesien nie. Dit verklaar dus waarom "net Viktor Frankl, en vroeër William James, Carl Jung en Gordon Allport se teorieë ... godsiens as 'n integrale deel van die totale psigiese funksionering van die mens betrek" het (Viljoen, 1988:32).

Die navorser het in 'n gevorderde stadium van die studie sy hand op die volgende twee insiggewende bronne oor die onderwerp van spiritueel-geöriënteerde psigologie gelê: *Integrating* Spirituality *into Treatment: Resources for Practitioners,* 'n versamelwerk onder redaksie van William R. Miller (1999) en *Spiritually Oriented Psychotherapy*, 'n versamelwerk onder redaksie van Len Sperry en Edward. P. Shafranske (2005). Hierdie versamelwerke verteenwoordig egter

duidelike bakens op pad na die verchristeliking van die psigologie – soos wat die Wysbegeerte van die Wetsidee verchristeliking verstaan (Kock, 1992:223).

Die opspraakwekkende "Psigofortologie" (Antonovsky, 1979; 1987; Stark, Argyle & Schwarz, *eds.*, 1991; Seligman, 2002) wat op geestesgesondheid eerder as geestesgekweldheid fokus, kan onder óf die humanistiese (vgl. 3.2.2.3) óf die transpersoonlike skool tuisgebring word. Die navorser hanteer dit onder die transpersoonlike paradigma, omdat dit onder andere na die mens se veerkrag, sterktes (vermoëns) en hulpbronne verwys (Antonovsky, 1987:xii, 15-62; Van Eeden, 2003:15). Volgens die navorser kan die mens se geestelike lewe ook as 'n positiewe bron gereken word, en derhalwe die indeling van psigofortologie onder **die vierde mag** in die psigologie.

Dr. Martin E.P. Seligman, wat in die psigologie bekend is vir sy baanbrekerswerk ten opsigte van aangeleerde magteloosheid ("learned helplessness") en aangeleerde optimisme ("learned optimism"; Seligman, 2002:17) het in sy hoedanigheid as president van die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie reusewerk gedoen ten einde die veld van psigofortologie te ontwikkel en bekend te stel (2002:i-ii, iv-xii, 265-269). Die psigofortologie het egter reeds vanaf die sestigerjare 'n aanloop gevind in die werk van teoretici soos Rotter (1966), Bandura (1982), Kobasa (1982), Rosenbaum (1983), Emmons en Diener (1985), Garmezy (1987), Scheier en Carver (1987), Epstein (1992), Goleman (1996, soos aangehaal deur Van Eeden, 2003:4-5). Volgens Van Eeden (2003:15-16) het twee outeurs, naamlik Antonovsky aan die Ben Gurion Universiteit van die Negeb in Israel (Antonovsky, 1987:xix), en Strümpher (1990; 1995) aan die Universiteit van Kaapstad, belangrike bydraes gelewer tot die daarstel van die denkraamwerk van die psigofortologie.

3.3 TRAUMATEORIE

3.3.1 Inleiding tot die traumateorie

Die traumateorie dien as 'n invalshoek om innerlike verwonding en genesing beter te begryp. Kennis oor hoe trauma die gemoed en die liggaam van 'n mens affekteer, is alreeds meer as 'n honderd jaar oud (Van der Kolk, 2002:80). James en Gilliland gee in die vyfde uitgawe van hul werk, *Crisis Intervention Strategies*, 'n oorsig oor die agtergrond van post-traumatiese stressindroom (PTSS; 2005:91-93), en dui aan dat "(p)sychic trauma is a process initiated by an event that confronts an individual with an acute, overwhelming threat" (2005:91). Wanneer die traumatiese gebeure plaasvind, verloor die verstand sy innerlike vermoë om die disorganiserende uitwerking van die ervaring te bemeester, met die gevolg dat 'n wanbalans ontstaan (vgl. Breur & Freud, 1974/1895:37, 62). Die trauma ruk die persoon se psigologiese ankers uit. Met ander

woorde, 'n krisis ontstaan wanneer die individu se verstand nie die basiese vrae van hoe en waarom dit gebeur het, en wat dit beteken, effektief kan beantwoord nie. Die persoon is dan in 'n traumatiese toestand vir die tydperk wat die verstand nodig het om te herorganiseer en sin te maak van die traumatiese gebeure (James & Gilliland, 2005:91; Joseph *et al.,* 1997:3). Gewoonlik, en dit is normaal vir die meeste mense, neem hierdie proses tot 'n maand in beslag. Hierdie toestand kan, eenvoudig gesien, verstaan word as *akute stresversteuring* (American Psychiatric Association (APA), 2000: 469-472).

As die persoon daarin slaag om die trauma effektief te integreer in sy of haar bewuste lewe, en dit as deel van die verlede te organiseer, dan ontstaan daar weer balans (James & Gilliland, 2005:91). As die gebeure nie effektief geïntegreer word nie en uit die bewuste weggestoot word, is die kanse goed dat die aanvanklike stressor die persoon voortdurend sal treiter en tot *kroniese post-traumatiese stressindroom (PTSS)* aanleiding gee (APA, 2000: 468). Dit mag ook totaal uit die bewuste lewe verdwyn om na maande en selfs na jare te herverskyn in 'n verskeidenheid van simptome. Wanneer sodanige krisis ontstaan as gevolg van die herverskyning van die onopgeloste oorspronklike stressor, val dit in die kategorie van *vertraagde PTSS* (APA, 2000: 468).

3.3.2 Historiese perspektiewe op traumateorie

Eers teen 1980 is die term "post-traumatiese stessindroom (PTSS)" amptelik by die psigiatriese literatuur ingevoeg toe die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (APA) dit vir die eerste maal as 'n klassifiseerbare en geldige psigologiese versteuring in die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders – III* omskryf het (APA, 1980; James & Gilliland, 2005:91; vgl. Joseph *et al.,* 1997:5, 8-9).

Twee opmerklike gebeure in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu het die saak van post-traumatiese stressindroom onder die aandag van die mediese wêreld gebring (James & Gilliland, 2005:92; vgl. Joseph *et al.,* 1997:6). Die eerste was die ontwikkeling van spoorwegvervoer en tesame daarmee talle treinbotsings. Mediese dokters en psigiaters van destyds het by talle slagoffers van treinongelukke trauma gediagnoseer wat nie 'n identifiseerbare fisiese oorsaak gehad het nie. Hierdie slagoffers was so algemeen in daardie era dat die mediese term *"railway spine"* 'n aanvaarde diagnose geword het (James & Gilliland, 2005:92).

In aansluiting hierby het Sigmund Freud die konsep van *histeriese neurose* geformuleer om die trauma van talle jong Viktoriaanse vroue-pasiënte met wie hy gewerk het, te omskryf (James &

Gilliland, 2005:92). By hierdie vrouens het hy simptome van afgesplitste gedagtes, ontkenning, repressie, emosionele vermyding, kompulsiewe herhaling van traumaverwante gedrag en herhaalde insidente van traumaverwante emosionele sensasies gedokumenteer (vgl. Breuer & Freud, 1974/1895:259-320). Die traumatiese oorsaak van hierdie vroue se histerie was meestal seksuele molestering in hul kinderjare, maar ongelukkig was Freud nie deur die gemeenskapsleiers van die Viktoriaanse era toegelaat om die beskamende bevindinge bekend te maak nie. Gevolglik het hy sy bevindinge ontken en afgesweer, aldus Herman (1998:13-17).

Die tweede gebeure was die ontwikkeling van moderne krygskunde met kragtige grofgeskut en lugbomaanvalle, ingelei deur die Eerste en Tweede Wêreldoorloë (James & Gilliland, 2005:92; vgl. Joseph *et al.,* 1997:6). Hierdie oorlogvoering het post-traumatiese stresreaksies by soldate veroorsaak en verskillende terme om dit te probeer omskryf, het ontstaan, byvoorbeeld *post-trauma-sindroom, traumatofobie, bomskok, gevegsmoegheid* en *oorlogsneurose* (James & Gilliland, 2005:92; Joseph *et al.,* 1997:6). Die debakel van die Viëtnamese Oorlog het die saak van post-traumatiese stressindroom stewig onder die aandag van die hulpverleningsberoepe en die publiek gebring (James & Gilliland, 2005:92; Joseph *et al.,* 1997:7). Die teruggekeerde soldate uit Viëtnam het in toenemende mate besef dat hulle psigologiese probleme het wat nie met verloop van tyd – soos algemeen aanvaar was - wou genees nie (James & Gilliland, 2005:92). Die psigologiese lesse wat vanuit die Viëtnamese Oorlog te leer is, speel volgens James en Gilliland (2005:93) steeds 'n belangrike rol in die bespreking en begrip van PTSS.

Inmiddels het die Vroue Vryheidsbeweging wêreldwyd momentum gekry en navorsers het die psigologiese probleme wat mense na huisgeweld, verkragting en kindermishandeling ondervind het, onder die loep geneem (James & Gilliland, 2005:93). Hul bevinding was dat dit wat die slagoffers van hierdie burgerlike wandade oorgehou het, baie nou ooreenkom met die probleme wat die Viëtnam soldate ondervind het. Hulle navorsing het ook herontdek wat Freud sowat tagtig jaar tevore gevind het, maar nie bekend kon maak nie, naamlik dat "victims of physical and sexual assault suffered long-term effects of the psychological trauma" (Herman, 1998:32).

Joseph en kollegas (1997:6-7), wat ook oor die post-traumatiese stressindroom skryf, verwys eweneens na die impak van die spoorwegontwikkeling en die groot oorloë in die negentiende en begin-twintigste eeu, maar sluit egter 'n verdere toevoeging in. Verslae van post-traumatiese stresreaksies het met verloop van tyd van oraloor en vanweë verskillende soorte trauma ingestroom. In 1943 byvoorbeeld, het Adler 'n invloedryke studie gedoen op die oorlewendes van 'n brand in 1942 in die *Coconut Grove* Nagklub in Boston (Adler, 1943:1098-1101). Erich Lindermann het ook in 1944 'n navorsingsartikel gelewer oor die normale en abnormale

smartreaksies van die oorlewendes na daardie brand waartydens 490 mense dood is (Coetzer, 1995:37). Lindermann se navorsing het volgens Coetzer (1995:37) 'n belangrike stimulus gelewer vir die ontwikkelingsproses van die krisis- en traumateorie. In die tweede helfte van die twintigste eeu het al meer verslae na vore gekom oor traumatiese stresreaksies, onder andere by burgerlikes wat die atoombom in Hiroshima oorleef het; of natuurrampe soos vloede en siklone; of ongelukke; oorlog; verkragting; kinderseksuele misbruik; politieke geweld in Noord-Ierland; en ander insidente (Joseph, *et al.,* 1997:6-7).

'n Geneesheer, dr. Charles L. Whitfield (1987:iii, 5-7) van Noord-Amerika, wat in 1987 reeds sestien jaar ervaring in die veld van alkohol- en ander verslawings, disfunksionele gesinne en trauma gehad het, beklemtoon drie historiese ontwikkelings wat 'n inset ten opsigte van traumateorie gehad het. Die eerste wat hy noem is die Kindermishandeling en – verwaarlosingsbeweging, wat aansluit by die konteks van die Vroue Vryheidsbeweging. Die volgende twee bewegings wat hy noem, is:

- die 'Twaalf Stappe Herstelprogrambeweging' en die aanverwante 'Alkohol-en-die-Gesin Herstelbeweging' as die tweede beweging. Die stigting van die Alkoholiste Anoniem (AA) organisasie in 1935 het beduidend bygedra tot suksesvolle alkoholherstel (Whitfield, 1987:5). Baie van die stigters van die AA was óf volwasse kinders van alkoholiste (VKvA) óf was mishandel of misbruik as kinders. Die veld van kindermishandeling en -verwaarlosing het by die veld van alkoholisme geleer en andersom. Vanaf 1935 tot ongeveer 1955 het Alkoholiste Anoniem vinnig gegroei en bekend geraak as dié erkende behandelingsmetode vir alkoholisme (Whitfield, 1987:6). In die 1950's het die Al-Anon organisasie ontstaan, wat herstel en bystand vir die gesin/eggenote van die alkoholiste beoog het; en
- herstelprogramme vir die gesin en kinders van alkoholiste en ander mense wat van chemiese middels afhanklik was, het in die 1970's en 1980's die lig gesien. In 1983 byvoorbeeld, is die Nasionale Assosiasie vir Kinders van Alkoholiste gestig en in dieselfde tyd het 'Selfhelpgroepe vir Volwasse Kinders van Alkoholiste' ("Adult Children of Alcoholics – ACA / ACoA") wêreldwyd ontstaan (Whitfield, 1987:6).

'n Brokkie inligting: Die literatuur van Whitfield het die konsep van *die innerlike kind* of *binnekind* vanuit 'n ander hoek as die tradisionele innerlike genesingsliteratuur aan die navorser bekend gestel het.

Bogemelde ontwikkelings én die verskillende psigiatries-mediese terme wat verband hou met spoorwegtrauma, oorlogstrauma, verkragting-, mishandeling- en ander trauma word byeengebring in 'n enkele, alomvattende diagnostiese kategorie, naamlik "post-traumatiese stressindroom" soos

in die derde uitgawe van die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie se *Diagnostic and Statistical Manual* (DSM-III) weergegee (APA, 1980; Van der Kolk, Weisaeth & Van der Hart, 1996:61; vgl. James & Gilliland, 2005:92). Die DSM-III is in 1994 hersien en uitgegee as die DSM-IV en in 2000 is dit hersien en uitgegee as die DSM-IV-TR.

3.3.3 Diagnostiese klassifisering van enkele stresverwante psigologiese probleme

In die psigologiese wêreld word die aanpassing en geestesgesondheid van mense volgens verskillende modelle gemeet en gediagnoseer (Freedy & Donkervoet, 1995:7). Die twee gewildste diagnostiese klassifikasiesisteme in hierdie verband wêreldwyd is: (1) die tiende uitgawe van die *International Classification of Diseases (ICD-10),* wat 'n klassifisering van geestes- en gedragsversteurings deur die *World Health Organization* omvat (1992); en (2) die vierde uitgawe van die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders (DSM-IV)* van die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (APA, 1994). Een van die ooreenkomste tussen hierdie twee klassifikasiesisteme is dat albei die aspekte van menslike funksionering op 'n kontinuum plaas (Freedy & Donkervoet, 1995:7). Beide sisteme erken byvoorbeeld die bestaan van aanpassingsversteurings sowel as post-traumatiese stressindroom, omdat albei hierdie toestande te doen het met 'n identifiseerbare stressor gevolg deur 'n ontwrigte patroon van aanpassing (bv. angsgevoelens en kognitiewe versteurings). Die enigste verskil is dat die stresvolle gebeure en die daaropvolgende aanpassingpatrone by PTSS as meer intens, bedreigend en ontwrigtend beskou word as by aanpassingsversteurings.

Die navorser oordeel dat dit die gedagtegang van die navorsing dien om die ICD-10 (WHO, 1992) aan te haal oor die verskillende geestesgesondheidsprobleme wat aan omgewingstressors toegeskryf kan word, sowel as om na die DSM-IV-TR (APA, 2000) se diagnose van PTSS te verwys. Vir eers word na die ICD-10 (WHO, 1992:146-150, 208-211) verwys:

> **F43.0 Acute stress reaction**
> A transient disorder of significant severity which develops in an individual without any other apparant mental disorder in response to exceptional physical and/or mental stress and which usually subsides within hours or days. The stressor may be an overwhelming traumatic experience ... or an unusually sudden and threatening change in the social position and/or network or the individual ... The symptoms usually appear within minutes of the impact of the stressful stimulus or event, and disappear within 2-3 days (often within hours). (WHO, 1992:146-147.)
>
> **F43.1 Post-traumatic stress disorder**
> This arises as a delayed and/or protracted response to a stressful event or situation (either short- or long-lasting) of an exceptionally threatening or catastrophic nature, which is likely to cause pervasive distress in almost anyone ... Typical symptoms include episodes of repeated reliving of the trauma in intrusive memories ("flashbacks") or

dreams, occuring against the persisting background of a sense of "numbness" and emotional blunting, detachment from other people, unresponsiveness to surroundings, anhedonia, and avoidance of activities and situations reminiscent of the trauma. ... There is usually a state of autonomic hyperarousal with hypervigilance, an enhanced startle reaction, and insomnia. ... The onset follows the trauma with a latency period which may range from a few weeks to months (but rarely exceeds 6 months). (WHO, 1992:147-148.)

F43.2 Adjustment disorders
States of subjective distress and emotional disturbance, usually interfering with social functioning and performance, and arising in the period of adaptation to a significant life change or to the consequences of a stressful life event (including the presence or possibility of serious physical illness). ... The manifestations vary, and include depressed mood, anxiety, worry (or a mixture of these), a feeling of inability to cope, plan ahead, or continue in the present situation, and some degree of disability in the performance of daily routine. ... The onset is usually within 1 month of the occurence of the stressful event or life change, and the duration of symptoms does not usually exceed 6 months, except in the case of prolonged depressive reaction. (WHO, 1992:149.)

F62.0 Enduring personality change after catastrophic experience
Enduring personality change may follow the experience of catastrophic stress. The stress must be so extreme that it is unnecessary to consider personal vulnerability in order to explain its profound effect on the personality. ... Post-traumatic stress disorder (F43.1) may precede this type of personality change, which may then be seen as a chronic, irreversible sequel of stress disorder. ... This personality change must have been present for at least 2 years, and should not be attributed to a pre-existing personality disorder or to a mental disorder other than post-traumatic stress disorder (F43.1). Typical features include hostility and mistrust, social withdrawal, feeling empty or hopeless, feeling constantly anxious and threatened, and estrangement. (WHO, 1992:209.)

Die rede waarom na bogenoemde patologiese toestande verwys is, is om begrip te skep vir die etiologie en simptome van (enkele van) die ervaringsgebaseerde probleme wat deur beide EMDR en TPM behandel word. Dit gee ook 'n aanduiding van die kontinuum waarop die verskillende toestande aangeteken word, met akute stresreaksie en aanpassingsindroom aan die een end en die blywende persoonlikheidsverandering aan die ander end.

Die voorwaardes en simptome wat die DSM-IV-TR (APA, 2000:463-468) aandui as diagnose vir PTSS, kom vry vertaal (en breedweg) op die volgende neer:

a) Blootstelling aan 'n traumatiese gebeure waarin die persoon, of iemand anders, kan sterf of ernstig beseer kan word; of die moontlikheid hiervan. Voorbeelde van die tipe insident – maar nie beperk hiertoe nie – is militêre oorlogvoering, fisiese of seksuele aanranding, kaping, om as gyselaar aangehou te wees, 'n ernstige voertuigongeluk, aardbewings en tornado's, vlugteling-wees uit 'n oorlogsone, gevangene-wees in 'n konsentrasiekamp sowel as lewensbedreigende siekte. Hierdie insidente lei tot intense vrees, hulpeloosheid of afgryse.
b) Die herhaalde herbelewing van die traumatiese gebeure op ten minste een (1) van die volgende maniere:

i. herhalende en indringende ontstellende herinneringe aan die gebeure;
ii. herhaalde nagmerries ;
iii. terugflitsende episodes waarin dit voel of die trauma weer gebeur;
iv. intense psigologiese ontsteltenis wanneer aan interne of eksterne herinneringe van die gebeure blootgestel word; en
v. fisiologiese reaksie wanneer aan gebeure blootgestel word wat die aanvanklike trauma of aspekte daarvan verteenwoordig of simboliseer.

c) Die persoon probeer deurgaans daardie soort stimuli wat aan die trauma herinner, vermy op ten minste drie (3) van die volgende maniere:
i. pogings om gedagtes, gesprekke of gevoelens wat met die trauma verband hou, te vermy;
ii. probeer vermy aktiwiteite, mense of situasies wat aan die trauma herinner;
iii. probleme om sekere aspekte van die trauma te onthou;
iv. die persoon het 'n merkbare afgeskaalde belangstelling in belangrike aktiwiteite;
v. voel afgesny en emosioneel verwyderd van ander;
vi. het 'n beperkte ervaringsveld deurdat gevoelens afgestomp is/word; en
vii. het 'n ingekorte toekomsverwagting.

d) Die persoon openbaar blywende simptome van hiperbedagdheid ("hypervigilance") wat nie voor die traumatiese insident voorgekom het nie, op ten minste twee (2) van die volgende maniere:
i. probleme om aan die slaap te raak of te bly slaap;
ii. geïrriteerdheid of uitbarstings van woede;
iii. probleme om op take te konsentreer;
iv. deurentyd op die uitkyk vir werklike of verbeelde bedreigings wat egter nie met die werklike toedrag van sake strook nie ("hypervigilance"); en
v. oordrewe skrikreaksies vir minimaal of nie-gevaarlike stimuli.

Ten einde pastorale beraders te help om PTSS makliker te identifiseer en te evalueer, het Weaver (1993:385-408) bogenoemde diagnostiese riglyn op 'n bevatliker wyse verwoord en saamgevat in sy sognaamde "132-RAP model of PTSD." Die nommer 132 verwys na die gemelde basiese hoeveelheid simptome wat onderskeidelik moet voorkom onder die kategorieë van "Re-experiencing" (1), "Avoiding" (3) en "Physical hyper-arousal" (2) ten einde 'n stresreaksie as PTSS te identifiseer.

Die traumateorie en –navorsing waarby in die volgende afdeling aangesluit word, veral in verband met die onderliggende werkingshipotese van EMDR, verwys onder andere na die diagnostiese kenmerke van PTSS.

3.4 *EYE MOVEMENT DESENSITIZATION AND REPROCESSING* (EMDR)

EMDR as unieke behandelingsbenadering vir trauma en ander emosionele probleme word vervolgens onder die loep geneem. In die bekendstelling van EMDR word onder andere na die naam, definiëring, ontstaan en begrondende wetenskaplike navorsing rakende EMDR verwys, waarna die hoofkomponente, agt-fase prosedure, verklarings oor die rol van die oogbewegings (of ander duale stimulasies) en die onderliggende werkingsteorie van EMDR aan die bot kom. Die psigoterapeutiese benaderings wat op een of ander wyse in EMDR - en moontlik ook in TPM - saamvloei, word ook belig. Daarna word 'n vergelyking tussen EMDR en TPM getref. Die doel hiervan is om duideliker te kan onderskei watter helderheid die ondersoek na EMDR vir die TPM teorie en praktyk kan oplewer. Daarna word enkele afleidings en voorstelle gemaak ter wille van die verbetering van die *Theophostic* bediening, asook vir verdere besinning.

3.4.1 Die naam en definiëring van EMDR

EMDR is die akroniem vir *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* wat vrylik in Afrikaans vertaal kan word as *Oogbeweging Desensitasie en Reprosessering* (OBDR). Hierdie benadering is met sy aanvang in 1987 *Eye Movement Desensitization (EMD)* genoem, maar toe Dr. Francine Shapiro later, in 1990, ontdek dat daar in hierdie proses nie net 'n desensifisering van ontsteltenis plaasvind nie, maar ook 'n definitiewe reprosessering van gedagtes, het sy die naam na *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR) verander (Shapiro, 1991:133-135; 2001:13; 2002a:1-2; Shapiro & Forrest, 2004:xx). Die navorser verkies die Engelse benaming, aangesien dit die naam is waaronder die benadering internasionaal bekend staan.

EMDR kan gedefinieer word as 'n unieke psigoterapeutiese behandelingsbenadering vir die verstaan en behandeling van trauma en ander ervaringsgebaseerde patologie (Shapiro, 2002a:2). Dr. Francine Shapiro het die benadering ontwikkel nadat sy 'n besondere psigologiese effek met oogbewegings ontdek het. Elemente van verskillende psigologiese benaderings word in EMDR geïntegreer, onder andere die psigo-dinamiese, kognitief-behavioristiese, kliëntgesentreerde, liggaamsgebaseerde en interaksionele terapieë (Shapiro & Maxfield, 2002:933). EMDR het prakties tot 'n agt-fase prosedure ontwikkel wat op verskillende komponente van ervaring fokus,

naamlik geheuebeelde, emosies, negatiewe en positiewe kognisies, sowel as liggaamlike sensasies (Shapiro & Forest, 2004:28-29). Die oogbewegings kan ook met ander duale stimulasies soos handklappe of geluide vervang word om steeds dieselfde effek te verkry.

EMDR bou op die verstaansraamwerk van 'n informasieprosesseringsmodel wat Shapiro (2001:16-20) geponeer het. Hiervolgens word psigopatologie beskou as iets wat ontstaan wanneer waargenome (persepsiële) informasie op 'n onverwerkte of onaangepaste wyse in die geheue vasgelê of gestoor word (vgl. Shapiro & Forest, 2004:28-29). Elke mens het volgens hierdie model 'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme wat geblokkeer kan word. Die oogbewegings of alternatiewe duale stimulasies help om die blokkasies uit die weg te ruim.

EMDR doen meer as om net ontstellende geheuemateriaal te herroep en die angs of negatiewe emosies te desensifiseer (Shapiro, 2002a:1-2). Dit roep naamlik ook positiewe gevoelens te voorskyn, bewerkstellig nuwe insigte en geloofsopvattings, en dit dra by tot positiewe gedragsveranderings. Dit verklaar waarom Shapiro later die naam *Eye Movement Desensitization (EMD)* uitgebrei het na *Eye Movement Desensitization and Reprocessing (EMDR).* Shapiro skryf nog later – in 2002 – dat die EMDR benadering waarskynlik meer gepas benaam kon word as eenvoudig Reprosesseringsterapie (2002a:2): "Thus, although the name and initials EMDR have been retained, the approach might more suitably be termed, 'Reprocessing Therapy'." (Shapiro, 2002a:2.)

EMDR is nie net op die verlede gerig nie. Dit help 'n persoon in terme van die verlede, hede en toekoms (Shapiro, 2001:76-78; 2002a:2). EMDR help naamlik (a) om herinneringe uit die verlede af te rond, (b) om stimuli wat huidiglik ontsteltenis veroorsaak as gevolg van tweede-orde kondisionering te desensifiseer, en (c) om 'n patroon vir toekomstige houdings, vaardighede en gedrag vas te lê wat effektiewe funksionering in die groter sosiale sisteme kan bevorder.

Alhoewel EMDR aanvanklik aangewend was om hoofsaaklik angstigheid wat met traumatiese herinneringe gepaard gaan te verlig, word dit nou gebruik om 'n wye veld van klagtes en probleme wat uit stresvolle lewenservarings voortspruit, te behandel (Shapiro & Maxfield, 2002:933-934). Shapiro (2002a:11-13) verwys daarna dat gevallestudies gepubliseer is wat aandui dat hierdie metode suksesvol aangewend is vir die behandeling van (a) persoonlikheidsversteurings, (b) dissosiatiewe versteurings, (c) 'n verskeidenheid van angsversteurings en (d) somatomorfe versteurings. EMDR word ook gebruik (e) om spesifiek die interne bronne van 'n kliënt te versterk, sodat die kliënt in staat is om uit te kom by die gewenste gedrag en interpersoonlike veranderinge wat hy of sy wil bereik (Shapiro, 2002a:2; vgl. Shapiro, S., 2001:531).

'n Evaluerende opmerking: Laasgenoemde aanwending van EMDR, naamlik punt (e), is 'n moontlikheid wat volgens die navorser se opinie beter ontgin en benut kan word.

3.4.2 Die agtergrond en ontstaan van EMDR

Dr. Francine Shapiro is verbonde aan 'n Geestesnavorsingsinstituut in Palo Alto, California (Shapiro, 2001:xi-xiii). Haar oorspronklike belangstellingsveld was die Engelse literatuur waarin sy 'n doktorale studie gedoen en omvattend gepubliseer het. Haar verdere belangstelling was in die psigologie en sy het die werke van Andrew Salter en Joseph Wolpe oor gedragsterapie bestudeer. In 1979, agt jaar voor die ontdekking wat tot EMDR gelei het, is sy skielik met kanker gediagnoseer en haar lewe het 'n drastiese wending geneem. Die een oorheersende vraag in haar gemoed was watter psigologiese en fisiologiese metodes regtig kan help om fisiese en/of psigiese gesondheid te bevorder. Hoe dit ookal sy, haar kanker is genees en sy het betrokke geraak by hulpverlening aan mense met lewensbedreigende siektes. Uiteindelik registreer sy vir 'n doktorale studie in kliniese psigologie. Terwyl sy 'n tema vir haar doktorsgraad moes kry en steeds landswyd op soek was na psigologiese meganismes wat gemoedsverandering kon bewerk, maak sy een middag in 1987 'n uiters betekenisvolle waarneming toe sy in 'n park gaan stap het (Shapiro, 2001:xii).

Shapiro (2001:xi, 7; Shapiro & Forest, 2004:9) het naamlik aan een of ander ontstellende herinnering loop en dink, toe sy skielik agterkom dat die ontsteltenis weg was sonder dat sy eintlik iets daaromtrent gedoen het. Toe sy mooi nagaan wat gebeur het, ontdek sy dat haar oë telkens spontaan baie vinnig heen en weer in 'n opwaartse diagonaal beweeg het elke keer dat die ontstellende gedagtes by haar opgekom het. Daarna het die gedagtes verdwyn. Elke keer daarna dat sy die herinnering weer herroep het, was die negatiewe emosionele geladenheid daarvan heelwat minder. "At that point I started making the eye movements deliberately while concentrating on a variety of disturbing thoughts and memories, and I found that these thoughts also disappeared and lost their charge. My interest grew as I began to see the potential benefits of this effect." (Shapiro, 2001:7.) Dit was die oorspronklike waarneming wat Shapiro gemaak het en wat tot die ontwikkeling van EMDR gelei het.

'n Paar dae later het sy haar ontdekking op vriende, kennisse en belangstellende studente begin uittoets (Shapiro, 2001:7; Shapiro & Forest, 2004:9). Hulle het nie regtig psigologiese behandeling nodig gehad nie, maar hulle kon aan ontstellende gedagtes dink en die eksperiment met die

oogbewegings het telkens gewerk. Die uiteinde was dat sy oor ses maande met bykans sewentig mense gewerk en 'n standaard prosedure begin ontwikkel het wat elke keer suksesvol was om probleme van nie-patologiese aard by die mense te verlig (Shapiro, 2001:8). Shapiro se primêre fokus was die verligting van angs, soos wat ook haar eie ervaring met die oogbewegings was. Haar primêre modaliteit was behavioristies; derhalwe het sy die prosedure *Eye Movement Desensitization (EMD)* genoem (Shapiro, 2001:8). Sistematiese desensitasie is 'n blootstellingstegniek vanuit die behavioristiese psigologie wat aangewend word om fobies en trauma te behandel (Shapiro, 1989a:200-201; vgl. Jensen, 1994:312).

Op hierdie manier het EMDR nie in 'n kliniese praktyk of in die wetenskaplike akademie ontstaan nie (Norcross & Shapiro, 2002:341), maar uit die interessante ontdekking wat Shapiro dié middag in 'n park gemaak het (Shapiro, 2001:xi, 7; Shapiro & Forest, 2004:9). Syself beskou 1987, die jaar van haar eerste waarneming, as die begin van EMDR. Beide Lipke (2000:ix en agterblad) en James en Gilliland (2005:125) ag 1989, die jaar waarin Shapiro die EMD benadering bekendgestel het, as die begin van EMDR.

3.4.3 Wetenskaplike begronding en erkenning van EMDR as psigoterapeutiese benadering

Die volgende stap was om wetenskaplik te kontroleer of EMD ook sou werk vir mense met patologiese probleme. Shapiro (1989a:199-223; 2001:8-11; 2004:15-26; Shapiro & Forrest, 2004:18-26) het haar eerste gekontroleerde studie rakende die effektiwiteit van EMD in 1987 op 'n groep van twee-en-twintig persone gedoen. Hulle was almal slagoffers van traumatiese insidente, opgedoen tydens die Viëtnamese oorlog, kindertyd seksuele molestering, seksuele of fisiese aanranding of emosionele mishandeling. Al die deelnemers se simptomatiese probleme het in hoofsaak gehandel oor herinneringe aan 'n traumatiese insident, naamlik "intrusive" of opdringende gedagtes, terugflitse, slaapversteurings, 'n lae selfbeeld en verhoudingsprobleme. Die afhanklike-veranderlikes in die studie was (1) angsvlak, (2) geldigheid van 'n positiewe self-stelling, en (3) presenterende klagtes. Hierdie veranderlikes is gemeet met die eerste sessie sowel as met een- en drie-maande opvolgsessies. Oor die meetinstrumente wat sy in hierdie gekontroleerde studie sou aanlê, naamlik die SUD-evalueringskaal uit die behaviorisme en die VoC-skaal wat sy self ontwerp het, word aanstons meer gesê. Shapiro (1989a:199) gee die resultate van die studie soos volg weer: "*The results of the study indicated that a single session of the EMD procedure successfully desensitized the subjects' traumatic memories and dramatically altered their cognitive assessments of the situation, effects that were maintained through the 3-month follow-up check.*

This therapeutic benefit was accompanied by behavioral shifts which included the alleviation of the subjects's primary presenting complaints."

Shapiro het besluit om die *Subjective Units of Disturbance (SUD)*-skaal wat Wolpe (1973/1969:120-123, 183-185) veertig jaar tevore as behavioris ontwerp het, te gebruik om die angsvlakke te monitor (Shapiro & Forrest, 2004:17). Shapiro se SUD-beoordeling is 'n elf-puntskaal (0 = geen ervaring van subjektiewe ontstemming of angstigheid; 10 = die hoogste moontlike vlak van emosionele ontstemming of angstigheid) waarmee emosionele ontsteltenis of distres gemeet word, terwyl Wolpe met 'n punteskaal van 0 tot 100 gewerk het.

Shapiro het egter nie oor 'n evalueringsinstrument beskik om die geldigheid van die gewenste positiewe selfstelllings te meet nie en het toe 'n sewe-puntskaal ontwikkel wat sy die *Validity of Cognition (VoC)*-skaal genoem het (Shapiro & Forrest, 2004:17-18; Shapiro, 2001:10, 57, 137-138; vgl. James & Gilliland, 2005:126). Die waarde van 1 dui aan dat die kognisie as heeltemal onwaar of ongeldig beleef word en 7 dat die kognisie heeltemal waar of geldig voel. Haar stelling lui: "The VOC rating should be based on how true and how believable the positive cognition feels to the client, not on how true it is objectively." (Shapiro, 2001:61.)

In 'n volgende studie is 'n aantal persone met post-traumatiese stressindroom behandel tydens enkel desensifiseringsessies of veelvuldige terapeutiese sessies. Daarvan is in die *Journal of Behavior Therapy and Experimental Psychiatry* verslag gedoen (Shapiro, 1989b:211-217). Ter illustrasie kan na een gevallestudie uit hierdie groep persone verwys word. Dit is die geval van 'n drie-en-sestig-jarige dame wat vyftien maande tevore verkrag is (Shapiro, 1989b:215-216). Die terapeut het drie herinneringe van die verkragting tydens 'n enkele vyftig-minute sessie behandel. Met 'n drie-maande opvolgsessie het sy rapporteer dat al die tersaaklike probleme na die aanvanklike sessie opgehou het en dat sy ondertussen weer kalm, gefokusd en vredevol kon leef (Shapiro, 1989b:216).

Joseph Wolpe, die redakteur van bogemelde *Journal of Behavior Therapy and Experimental Psychiatry,* het 'n voetnota by bogenoemde artikel en gevallestudie van Shapiro (1989b:211) geplaas waarin hy aandui dat hyself EMD suksesvol gebruik het met 'n kliënt wat nie verder kon verbeter op die behavioristiese metodes nie. Wolpe het self ook die gevallestudie gepubliseer waarin hy die EMD prosedures suksesvol gebruik het (Wolpe & Abrams, 1991:39-43; vgl. Shapiro, 2002a:3). Met hierdie erkennings ten opsigte van die effektiwiteit van EMD deur 'n befaamde behavioris, wat baanbrekerswerk op behavioristiese metodes help doen het, het EMD volgens Lipke (2000:viii-ix) en Shapiro (2002a:3) 'n baie groot toets geslaag. Hierdie gebeure in verband

met Wolpe het die aandag baie sterk op EMD gevestig en het daartoe aanleiding gegee dat sowat honderd gevallestudies kort daarna gepubliseer is (Shapiro, 2002a:3; vgl. Shapiro 2001:344-359 vir 'n volledige lys).

Lipke en Botkin (1992:591-595) was byvoorbeeld albei gefassineerd met die dramatiese resultate van Shapiro se nuwe metode en het EMDR op vyf binne-pasiënt oorlogsveterane aan 'n stresversteuringsbehandelingseenheid toegepas. Hulle bevindinge dui daarop dat EMDR 'n kragtige kliniese instrument vir die behandeling van post-traumatiese stresversteuring kan wees, alhoewel hulle verdere navorsing aanbeveel het (Lipke & Botkin, 1992:591, 595). Dunn *et al.* (1996:231-239) en Carlson *et al.* (1998:3-24) se gekontroleerde eksperimente met EMDR op gevalle met onderskeidelik nie-kliniese angs en oorlogsverwante post-traumatiese stressindroom is twee verdere voorbeelde van die studies wat EMDR as 'n effektiewe behandelingsmetode vir genoemde probleme bevind het. Een negatiewe stem oor EMDR, waarna ter illustrasie verwys kan word, is dié van Jensen (1994: 311-325) wat vyf-en-twintig Viëtnamese oorlogsveterane met post-traumatiese stressindroom (PTSS) ondersoek het en gegewens bekom het wat nie die effektiwiteit van EMDR kon bevestig nie (1994:321).

Die navorser reken dat die veelheid, die wetenskaplike standaard en die oorwig van die navorsing die skaal ver genoeg in die guns van EMDR laat swaai. In die tyd toe EMDR die lig gesien het, was dit aan geïnteresseerde kliniese terapeute as 'n "eksperimentele metode" voorgehou (Shapiro, 2002a:4). In 2002, toe Shapiro die artikel, *EMDR 12 years after its introduction: past and future research,* geskryf het, was die etiket van "eksperimenteel" van EMDR verwyder ná genoegsame gekontroleerde, onafhanklike en bevestigende studies. Daar bestaan letterlik lyste van navorsing en studies wat gedoen is om die werking en effektiwitieit van EMDR te bevestig (Lipke, 2000:1-11; Shapiro 2001:344-359; 2002a:3; Shapiro, *ed.,* 2002:357-388; Shapiro & Maxfield, 2002:934-935; Shapiro & Forrest, 2004:261-268).

EMDR word deur die *International Society for Traumatic Stress Studies* as 'n gestandaardiseerde en effektiewe behandelingsmetode van psigologiese trauma verklaar (Shapiro, 2001:xv; 2002a:4; Shapiro & Forest, 2004:xvi). In 2002 het Israel se Nasionale Raad vir Geestesgesondheid EMDR aanbeveel as een van drie verkose behandelings vir slagoffers van terrorisme (Shapiro & Forrest, 2004:xvi). In dieselfde jaar het die Noord-Ierlandse Departement van Gesondheid EMDR aanbeveel as een van twee verkose behandelings vir traumaslagoffers. Daarna het die Verenigde State se Departement van Verdediging en Departement van Veterane Sake EMDR aanbeveel as die mees geskikte behandeling vir PTSS. Een verdere illustrasie van hierdie erkenning vind ons daarin dat handboeke soos die vyfde uitgawe van *Crisis Intervention Strategies* (James & Gilliland,

2005:125-136) en *Kaplan & Sadock's Comprehensive Textbook of Psychiatry (Volume 2, eighth edition)* EMDR insluit en omskryf as 'n aanvaarde psigoterapeutiese behandelingsmetode (Sadock & Sadock, 2005:2537).

3.4.3.1 Evaluerende opmerkings oor die metingskale van TPM en EMDR

Dit val op hoe die evaluering wat Smith (2000a:48, 95-97, 113-115) tydens TPM doen ooreenkomste met beide die SUD- en VoC-evaluerings wat Shapiro hanteer, toon. Sy evaluering toets gelyktydig die graad van emosionaliteit én bepaal die geldigheidservaring van die negatiewe kognisie. Hy laat beradenes hul geïdentifiseerde leuens, oftewel die negatiewe kognisies, beoordeel en vra dat hulle moet aandui hoe waar die leuenstellings voel, met 'n punteskaal van 0 tot 10 (0 = voel totaal onwaar; 10 = voel heeltemal waar) (Smith, 2000a:114). Die navorser vind die ooreenkomste met die punteskaal van 0 tot 10, soos by Wolpe se *SUD*-beoordeling, en die geldigheidstoets, soos by Shapiro se *Validity of Cognition*-evaluering, baie opvallend (vgl. Bobgan & Bobgan, 1999:102-104).

In 'n latere skrywe van Bobgan (2004:4-5) wys hy op 'n teenspraak in aanhalings van Smith. Die eerste kom uit die 4de uitgawe van die basiese handboek (Smith, 2000a:48):

> Some have seen a likeness of this rating the lie with the work of Edith (sic!) Shapiro and EMDR (Eye Movement Desensitization and Reprocessing.) I truly cannot say since **I am not that familiar with her work nor have I been trained at any level in her methodology.** I do not need credit for this aspect of the process and if she wants credit for this aspect of the technique I am happy to credit her for this. (Bold added by Bobgan.)

Hiermee erken Smith dat daar ooreenkoms tussen sy evalueringskaal en dié van EMDR bestaan en gee te kenne dat hy nie aandring op krediet vir oorspronklikheid hierin nie, maar hy erken ook nie dat hy by Shapiro inspirasie gekry het nie (2000a:48; vgl. Thiessen, 2003:94).

Die tweede aanhaling kom uit een of ander lesing van Smith wat (op video) opgeneem is en waarna Bobgan (2004:4-5) gekyk het. Daarin verwys Smith na al die terapieë en selfhelpbenaderings wat hy geleer het en gebruik. **"I even went the route of the Eye Movement Desensitization and Reprocessing** – had people follow the bouncing ball. You know, **I even did that."** Nadat Smith die lys psigoterapieë en selfhelpbenaderings wat hy gebruik het, en wat EMDR insluit, voltooi het, voeg hy die volgende daaraan toe: "I am not discrediting these people **but I used them all."** (soos aangehaal deur Bobgan, 2004:4; swart druk ook deur Bobgan.) Hierin erken Smith dus tog dat hy wel van EMDR gebruik gemaak het.

3.4.4 Basiese waarnemingskomponente waarmee EMDR werk

"Effective EMDR processing depends on effective targeting." (Shapiro, 2001:57.) Die regte teikenmateriaal en die regte komponente moet gebruik word om die beste behandelingsresultate te verkry. Gepaste teikenmateriaal vir byvoorbeeld die slagoffer van seksuele misbruik sal vroeë kindertyd herinneringe insluit, onlangse gebeure wat teenswoordig ontsteltenis aan die gang gesit het en verbeelde gebeure wat gepaste toekomstige gedrag insluit (Shapiro, 2001:57-58). Die bruikbaarste komponente vir behandeling is die prent of beeld, die negatiewe en positiewe kognisies, die emosies en hul vlak van ontstemdheid, asook die fisiese sensasies. Hierdie komponente word vervolgens kortliks omskryf.

a) *Die beeld:* Die terapeut vra die kliënt om aan die traumatiese gebeure te dink en dan op een aspek van die herinneringsbeeld te fokus wat óf die hele insident verteenwoordig óf die mees ontstellende deel daarvan is (Shapiro, 2001:58). Die maak nie saak of die beeld duidelik is of nie. Die doel is eenvoudig om 'n verbinding ("link") tussen die bewussyn en die plek waar die informasie in die brein gestoor is, te bewerkstellig.

b) *Die negatiewe kognisie:* Die kliënt word vervolgens gevra om 'n stelling wat uitdrukking gee aan die onderliggende negatiewe geloof of verdraaide selfevaluering wat met die beeld gepaard gaan, te identifiseer (Shapiro, 2001:58). Hierdie stelling word die "negatiewe kognisie" genoem. Die term *kognisie* word gewoonlik in die psigologie gebruik om al die bewuste verteenwoordigings van 'n ervaring te definieer, aldus Shapiro (2001:58). In EMDR verwys kognisie egter na 'n oortuiging of waardering met betrekking tot die self. Negatiewe kognisies het die volgende eienskappe (Shapiro, 2001:59): Hulle is almal "ek-stellings;" hulle word in die teenwoordige tyd uitgedruk; hulle openbaar negatiewe selfbeskrywings as gevolg van die persoon se deelname (moontlik selfs teen haar sin) aan die traumatiese gebeure; en die negatiewe kognisie is interpreterend ("Daar is iets met my verkeerd") eerder as beskrywend ("Ma het my nie liefgehad nie").

   Veelseggend vir die "false memory debate" is die volgende stukkie inligting wat Shapiro deurgee (2001:59): "I want to emphasize that clinical observation indicates that EMDR does not lead the client to falsify history. Thus, a negative cognition that is actually true will not be changed. That is, clinical observation consistently indicates that EMDR cannot be used to remove a true negative cognition or to install a false one."

c) *Die positiewe kognisie:* Nadat die kiënt en EMDR terapeut 'n negatiewe kognisie geïdentifiseer het, moet die kliënt 'n alternatiewe positiewe kognisie identifiseer. Die doel hiervan is dat die gewenste positiewe kognisie koers gee aan die behandeling, die gepaste alternatiewe neuronetwerke stimuleer en 'n evalueerbare vertrekpunt aan die kliënt en berader verskaf. Onrealistiese, onmoontlike en onvanpaste kognisies – in die lyn van wensdenkery – word gewoonlik nie in die persoon se denksisteem opgeneem nie (Shapiro, 2001:61). Verder is dit belangrik dat die positiewe kognisie as 'n "ek-stelling" geformuleer word en dat dit 'n interne lokus van beheer insluit. Stellings soos die volgende: "Hy sal my liefhê" of "Hulle sal vir my gee wat ek wil hê" kwalifiseer dus nie. Dit is ook belangrik dat die woord "nie" liefs vermy word, byvoorbeeld: "Ek is nie sleg nie" of "Ek is nie magteloos nie." 'n Verkragtingslagoffer mag byvoorbeeld weet dat die verkragting nie haar skuld was nie, maar sy mag steeds skuldig voel. Vir haar sal 'n gepaste positiewe kognisie wees: "Ek is 'n goeie mens" of "Ek kan myself vertrou."

d) *Die emosies en hul vlak van ontsteltenis:* Die kliënt word gevra om die geheuebeeld van die herinnering en die negatiewe kognisie in gedagte te hou en om te sê watter emosie sy voel. Dan word die intensiteit van die emosie of die vlak van ontsteltenis wat dit wek, volgens die SUD-skaal geskat. Die berader moet seker maak dat die kliënt nie die vlak van ontstigting evalueer wat sy tydens die oorspronklike insident beleef het nie. Dit gaan in EMDR om die identifisering van daardie informasie wat nié deur die natuurlike informasieprosessering verwerk is nie.

'n Wenk uit die empiriese studie: Deelnemer C4 in die empiriese studie (Bylaag D, punt 9) het die werkswyse dat hy die kliënt 'n SUD-evaluering laat doen van sy huidige emosionele belewenis sowel as van die emosionele belewenis tydens die traumatiese insident. Dit bied 'n ekstra vorm van kruiskontrolering.

e) *Die fisiese sensasies:* Kliniese ervaring het aangedui dat die fisiese sensasies wat kliënte ervaar terwyl hulle op hul traumatiese herinneringe konsentreer, baie nuttige fokuspunte vir behandeling is (Shapiro, 2001:64).

3.4.5 Praktiese stappe van die EMDR agt-fase prosedure

EMDR se agt-fase prosedure word vervolgens baie kortliks opgesom op voetspoor van Lipke (2000:21-23; vgl. ook Shapiro, 1989a:203-204; 1989b:212-215; 2001:69-76; Shapiro & Forrest, 2004:50-55; Shapiro & Maxfield, 2002:935-938; James & Gilliland, 2005:125-128). Die doel hier is eenvoudig (a) om die leser te help om EMDR beter te verstaan; (b) om 'n indruk te kry van die vele ooreenkomste tussen EMDR en TPM op prakties-kliniese vlak; (c) om daarna met beter begrip na die verskillende psigologiese benaderings te verwys waarvan elemente in hierdie agt-fase prosedure benut word; en (d) om vanuit hierdie neergelegde prosedure moontlike voorstelle ten opsigte van TPM te maak. Met die oog op vergelyking word die fases van TPM se (aanvanklike) prosedure ook net weer aangehaal (vgl. 2.3.4). Die twee prosedures word in tabelvorm weergegee (Tabel 3.1).

Tabel 3.1: EMDR se agt-fase prosedure en TPM se twaalf-fase prosedure

EMDR se Agt-fase Prosedure	**TPM se Twaalf-fase Prosedure**
1) Evaluering en Behandelingsbeplanning	1) Berei die persoon voor
2) Voorbereiding	2) Identifiseer geheue-aanduidings in die persoon se presenterende probleem
3) Assessering	3) Identifiseer historiese emosies
4) Desensitasie	4) Identifiseer passende geheuebeelde
5) Vaslegging ("install")	5) Onderskei die oorspronklike leuen
6) Liggaamskandering	6) Meet die geloofwaardigheid van die leuen
7) Afronding	7) Bewerkstellig herbelewenis van die donker ervaring ("stirring up the darkness")
8) Herevaluering	8) Ontvang die waarheid
	9) Verwyder die hindernisse
	10) Bevestig die genesing
	11) Prosesseer oorblywende leuens
	12) Laat die Here die persoon versterk en seën

Bron: (Lipke, 2000:21-23; Smith, 1999:21-25; 2000a:102)

EMDR se agt fases kan soos volg weergegee word :

1) Kliniese historiese evaluering en Behandelingsbeplanning

'n Deeglike kennisname en evaluering van die persoon se emosionele welstand in die verlede is nodig voordat bepaal kan word of die persoon huidiglik gereed is vir EMDR behandeling, én of EMDR die geskikste metode vir behandeling is. Indien wel, moet die kliënt genoegsaam onderrig word oor EMDR en oor sy eie innerlike ten einde realistiese verwagtinge te hê. Potensiële teikens vir herprosessering word bepaal op grond van vorige en huidige ervarings, sowel as besorgdhede oor die toekoms.

2) Voorbereiding

Met hierdie stap word die terapeutiese verhouding verder uitgebou en meer inligting oor EMDR en ander ondersteunende metodes word verskaf. Daar word byvoorbeeld op sekere prosedures besluit soos "veilige plek"-visualiserings en ontspanningstegnieke ter wille van emosionele beheer en selfbeheer (Shapiro & Maxfield, 2002:936). Hierdie prosedures en tegnieke kan van nut wees *tydens* 'n sessie, *met die beëindiging* van 'n onvoltooide sessie sowel as met die hantering van herinneringe en onaangename emosies *tussen* sessies (Shapiro, 2001:71).

3) Assessering

Die doel van hierdie fase is veral om 'n identifiseerbare en meetbare vertrekpunt op verskillende fasette vas te stel. Wat gebeur, is dat die kliënt onder begeleiding van die terapeut die volgende identifiseer:

- die teikenprent wat die slegste moment in die teikengebeure verteenwoordig, of een of ander aspek van die teikenherinnering wat die hele gebeure simboliseer;
- teenwoordige (negatiewe) samehangende kognisies;
- die gewenste (positiewe) alternatiewe kognisie wat die kliënt sou verkies om saam met die teikengebeure te onthou;
- die vlak van geldigheid van die gewenste kognisie *(VoC = Validity of Cognition);*
- die emosies wat opkom (teenwoordig is) soos die prent/beeld in herinnering geroep word;
- die vlak van emosionele distres *(SUD rating = subjective units of distress)* wat ervaar word soos wat die beeld heropgeroep en op die emosies gefokus word; en
- samehangende fisiese sensasies.

4) Desensitasie

Tydens hierdie fase fokus die kliënt op die teikenprent en sy meegaande negatiewe kognisie, emosies en sensasies, terwyl die terapeut stelle oogbewegings of alternatiewe stimulasies begin doen. Dit word gedoen totdat desensitasie plaasvind of totdat die proses om 'n ander rede tot stilstand kom. Dit mag gebeur dat die terapeut die kliënt se fokus tydens hierdie fase op iets anders rig, indien nodig.

5) Vaslegging

Sodra desensitasie bereik is, word die aanvanklike positiewe kognisie of 'n meer geskikte kognisie – as dit na vore gekom het – met die oogbewegings gekombineer, soos verduidelik:

> The ultimate goal is the installation of a strong and completely valid positive cognition that will raise the client's sense of self-efficacy and self-esteem. ... (Shapiro, 2001:74.)
>
> Metaphorically, the negative and positive cognitions give color to past and present incidents (as if the client were seeing through dark or rose-colored glasses) so that the positive cognition acts as a dye of a different hue that permeates the memory network. (Shapiro, 2001:74.)

6) Liggaamskandering

Sodra dit lyk of die prosesseringsgedeelte van die behandeling afgehandel is, met 'n aanduiding van die kliënt dat hy geen verdere ongemak ondervind nie, word die kliënt gevra om sy liggaam te *skandeer*. Met hierdie stap word bedoel dat die kliënt sy bewuste aandag fokusgewys oor die lengte van sy liggaam laat beweeg ten einde vas te stel of daar nog enige ongemaklike sensasie voorkom.

7) Afronding

Met die afloop van die sessie lei die terapeut die kliënt in 'n afwensessie ("debriefing") waartydens veral die moontlikheid van nuwe gedagtes, gevoelens, herinneringe ('gemoeds-gegewens') wat na die sessie na vore mag kom, bespreek word. Die kliënt word aangemoedig om 'n joernaal te hou van besorgdhede en nuwe sodanige gegewens wat na vore mag kom.

8) Herevaluering

Hierdie fase geskied eintlik aan die begin van die volgende sessie en gaan oor die hersiening van die vorige sessie se teikenmateriaal, veral om die impak van die behandeling te kontroleer.

3.4.6 Verklarings oor die rol van die oogbewegings en ander duale stimulasies

Die oogbewegings wat gemaak word, moet die terapeut se vingers navolg wat vinnig en ritmies heen en weer beweeg word, ongeveer dertig sentimeter (een voet) voor die kliënt se gesig verby, teen ongeveer twee heen-en-weer bewegings per sekonde met 'n wydreikte van ongeveer dertig sentimeter oor die persoon se gesigsveld (Shapiro, 2001:65-69; James & Gilliland, 2005:127). Die beweging word twaalf tot vier-en-twintig keer herhaal om een stel bewegings of 'n "sakkade" ("saccade") te voltooi. Alternatiewe vorme van stimulasie is ritmiese handklappe of geluide wat byvoorbeeld gebruik kan word met blinde kliënte of kinders wat skaam is en/of sukkel om oogkontak te maak (vgl. Shapiro & Forrest, 2004:101). Die handklappe word gedoen deur die kliënt te laat sit met sy hande op sy knieë, handpalms na bo. "The clinician then (with one or two fingers) rhythmically taps the client's palms, alternating right and left, at the speed at which sets of eye movements would be conducted." (Shapiro, 2001:69.) Die ouditiewe stimulering vereis dat die kliënt haar oë oophou, of toemaak (indien nodig), terwyl die terapeut alternatiewelik sy vingers naby elke oor klap teen 'n tempo wat ooreenstem met die ritme wat tydens die oogbewegings gevolg word (Shapiro, 2001:69).

Die vraag kan met reg gevra word: Hoe kan dit verklaar word dat oogbewegings help om psigologiese trauma op te klaar? Verskillende verklarings word aan die hand gedoen. Meestal sluit hierdie verklarings aan by ooreenkomste wat waargeneem word tussen die oogbewegings in EMDR en die oogbewegings wat tydens droomslaap of die sogenaamde *Rapid Eye Movement (REM)*-slaap voorkom. Wat hierdie voorstelle belangwekkend maak, is dat daar verskeie studies gedoen is wat aantoon dat slaap, en veral *REM*-slaap, meehelp om trauma te verwerk byvoorbeeld met egskeiding, rousmart en ernstige siekte (vgl. bv. Cartwright, 1983:197-201; 1996:179-185; Garfield, 1996:186-211; Sacks, 1996:212-216; Zadra, 1996:231-247). Deidre Barrett (1996:6), redakteur van die versamelwerk, *Trauma and Dreams,* waarbinne bogemelde outeurs bydraes gelewer het, vat die saak soos volg saam: "dreams can give voice to the unspeakable and begin to restore the savaged" (Barrett, 1996:6). Enkele van die voorstelle oor die rol van die oogbewegings of alternatiewe duale stimulasies in EMDR word vervolgens bespreek (Shapiro, 2001:31; Shapiro & Forrest, 2004:26-28).

3.4.6.1 Dekondisionering van traumatiese ervaringsinformasie volgens die behavioristiese model

In 1927 het Pavlov die boek *Conditioned Reflexes* gepubliseer waarin hy onder andere aanvoer dat daar in die brein 'n opwekkende-inhiberende balans nodig is vir normale funksionering (Shapiro

& Forrest, 2002:26; vgl. Pavlov, 1928). Sou daar 'n wanbalans ontstaan, byvoorbeeld deur 'n oormaat opwinding, ontwikkel 'n neurale patologie. "According to Pavlov, the way to return to normal functioning and cure a 'neurosis' was to restore the balance between excitation and inhibition." (Shapiro & Forrest, 2004:26.) Die voorgestelde verklaring is dat trauma 'n hiperopwekking van die senusisteem veroorsaak en die oogbewegings 'n teenwerkende inhiberende of ontspannende effek mag hê, op dieselfde manier as wat Wolpe (1973/1969:3, 8, 10) se sistematiese desensitasie werk (vgl. Antrobus, *et al.,* 1964:244-252). Sistematiese desensitasie behels dat 'n kliënt uit sy vrees (vir byvoorbeeld vlieg) gekondisioneer word deur hom te leer om diepspier-ontspanning te doen, eers in die teenwoordigheid van 'n matige weergawe van sy objek van vrees (byvoorbeeld 'n prent van 'n vliegtuig), daarna ten aanskoue van toenemend erger weergawes van die vreeswekkende, om uiteindelik die toppunt van die gevreesde te trotseer ('n verbeeldingvoorstelling van waar hy in 'n vliegtuig is). Shapiro het veronderstel dat die oogbewegings van EMDR moontlik ontsteltenis op so 'n omgekeerde of resiproke manier dekondisioneer, net soos wat tydens droomslaap – met sy oogbewegings – gebeur (Shapiro & Forrest, 1997/2004:26-27).

3.4.6.2 Breinstaatveranderinge op neurobiologiese vlak

Een teorie wat die werking van EMDR op neurobiologiese vlak probeer verklaar, verwys na veranderinge van die breintoestand wat met die oogbewegings in EMDR sowel as in *REM*-slaap saamhang (Stickgold, 2002:61-75; vgl. Van der Kolk, 2002:78; Shapiro, 2001:327). Klaarblyklik laat hierdie breintoestand 'n ander kettingreaksie op breinselvlak plaasvind as wat met die normale herroep van traumatiese herinneringe gebeur (vgl. Van der Kolk, 2002:78; Shapiro, 2001:327). 'n Moontlikheid tot veelvuldige, losse of buigsame assosiasies raak moontlik. Dit word voorgestel dat, net soos met *REM*-slaap, die EMDR proses die brein help om nuwe, buigsame assosiasies met die traumatiese herinneringe te laat posvat en te versterk, terwyl dit uiteindelik daartoe lei dat die bekende, stereotipiese assosiasies en emosies wat verwerking blokkeer, hul houvas verloor.

3.4.6.3 'n Oriënteringsrespons en bi-laterale neurale integrasie

Daniel J. Siegel (2002:85-121; vgl. Lipke, 2000:18) spekuleer dat die oogbewegings of alternatiewe duale stimulasies aanleiding gee tot wat genoem word 'n "oriënteringsrespons." Hierdie oriënteringsrespons ontsteek of bevorder 'n psigofisiologiese aktiwiteit wat òf prosessering van informasie aan die gang kry òf aanhelp om voltooi te raak. Armstrong en Vaughan (1996:21-32) dui aan dat die gewenste leer plaasvind omdat die oriënteringsrespons ontvlugtings- of

vermydingsgedrag onderbreek. Siegel (2002:95) verduidelik: "At the core of unresolved trauma is an impairment in a core process of neural integration. One expression of this impairment is the blockage of memory consolidation (and the resolution of the trauma)." Sy voortstel is dat EMDR se alternerende bilaterale stimulasie die kliënt forseer om voortdurend haar aandag oor die sogenaamde midlyn te skuif. Dit word dan veronderstel dat dit 'n "oriënteringsrespons" aan die gang sit (Siegel, 2002:109) wat soortgelyk is aan die neurobiologiese meganismes wat tydens *REM*-slaap voorkom. Regter- en linkerbreinaktiwiteit word om die beurt geaktiveer, en "the reactivated autobiografical representations (in the right hemisphere) become the basis for newly reorganized autobiografical encoding (in the left hemisphere)." Een deelnemer in die empiriese studie het presies na hierdie saak verwys waar hy verduidelik het hoe die brein sou werk om alternatiewelik met tipiese linkerbrein- en dan met regterbreinaktiwiteit te poog om die traumatiese ervaring te verwerk (vgl. Bylaag D, punt 9.3). Andrade en kollegas (1997:209-223) lewer ondersteunende getuienis vir genoemde teorie daarin dat hulle aandui dat die duale aandagstimulerende take wat uitgevoer word verskillende effekte het, afhangend van watter duale taak hul gebruik en hoe kompleks dit is.

Lipke (2000:18-19) voer aan dat die vinnige prosessering wat deur middel van die EMDR model geskied nie in terme van die tradisionele leerteoretiese model verklaar moet word nie, maar eerder volgens die informasieprosesseringsmodel. Die leerteoretiese model gebruik byvoorbeeld blootstellingsgebaseerde behandelings met die doel om sekere aangeleerde psigopatologie af te leer, onder andere deur dekondisionering wat tot twaalf sessies kan duur. Die informasieprosesseringsmodel maak van 'n terapeutiese proses gebruik wat die natuurlike integreringsfunksie fasiliteer wat klaarblyklik in 'n enkele oogbewegingsessie kan gebeur – letterlik "in 'n oogwink!" (navorser se *blink* idee). "What we may have found with EMDR is that conditional responses can change without repetitive trials more easily than previously thought." (Lipke, 2000:19.)

Shapiro (2001:325) verklaar dat al die genoemde teorieë honderd persent met die waarnemings van die kliniese praktyk strook, alhoewel dit nog nie genoegsaam wetenskaplik bevestig is nie:

> Although comprehensive research is needed to arrive at definitive conclusions, these conjectures appear consistent with advocated clinical practice to make sure that the client is maintaining "one foot in the present and one in the past." It has long been observed that the best processing effects appear to be achieved when the client is not allowed to associate too intensely with the internal experience and, simultaneously, is not allowed to become distracted by external circumstances.

Al kan Shapiro (Shapiro & Forrest, 2004:28) dus nie afdoende verklaring bied waarom EMDR so vinnig en effektief werk nie, het sy nogtans 'n werkingsteorie ontwerp wat bevredigend omskryf wat klaarblyklik gebeur. Sy noem dit die Versnelde of Aanpassende Informasieprosesseringsmodel, waaroor hieronder meer uitgebrei word.

3.4.7 Versnelde informasieprosesseringsteorie (VIP) as werkingshipotese vir EMDR

Lipke (2000:14) noem dat verskillende gedragsterapeute oor informasieprosessering skryf, maar dat veral Peter Lang se werk oor vreesgebaseerde psigologiese probleme (Lang, 1977; 1979; Lang *et al.,* 1983:276-306) 'n vername stimulant was vir heelwat nadenke en debat oor die informasieprosesseringsmodel vir psigopatologie en psigoterapie. Peter Lang self het nie na PTSS verwys nie, maar Chemtob en kollegas (1988:253-275) en Foa en kollegas (1989:155-176; Foa & Kozak, 1986:20-35) het hierdie gedagterigting ontgin. Shapiro het vir die ontwerp van haar hipotetiese werkingsteorie vir EMDR veral aangesluit by die terme en denke van die neurofisiologiese informasieprosessering wat deur bogenoemde mense gebruik is (vgl. Shapiro, 2001:13, 14, 16).

Lang (1977; 1979; vgl. Joseph *et al.,* 1997:74) het voorgestel dat die sensasie van vrees as bio-informasie opgeneem word in geheuestrukture wat dan weer as programme vir die ontvlugtings- of vermydingsgedrag dien. Foa en haar kollegas (Foa & Kozak, 1986; Foa, Steketee & Rothbaum, 1989; Foa, Zinbarg & Rothbaum, 1992) het hierby aangesluit en 'n teorie vir post-traumatiese stressindroom ontwikkel wat daarop neerkom dat 'n "vreesnetwerk" gekondisioneer word tydens trauma en in die gedagtewêreld vasgelê word. Hierdie vreesnetwerk omsluit die volgende (Foa & Kozak, 1986:20; Foa, Steketee & Rothbaum, 1989:165-166): (1) stimulusinformasie omtrent die 'vrees-like' (navorser se beklemtoning) situasie of traumatiese gebeure; (2) informasie ten opsigte van kognitiewe, gedrags- en fisiologiese reaksies op die gebeure; en (3) interpreterende informasie omtrent die betekenis van die stimulus- en responselemente in die struktuur. Hierdie teorie voorsien dat mense wat gekenmerk word deur 'n omvangryke vreesnetwerk 'n aantal informasieprosesseringsvooroordele sal vertoon. Hulle sal byvoorbeeld 'n oorgevoelige of oordrewe ingesteldheid vir traumaverwante stimuli hê en gevolglik 'n verhoogde waarskynlikheids-verwagting nahou dat traumatiese dinge weer kan gebeur (vgl. bv. Foa, Feske, Murdock, Kozack & McCarthy, 1991:161).

Aktivering van die vreesnetwerk deur snellerstimuli - dit is herinneringe aan die trauma - veroorsaak dat informasie die bewussyn binnegaan en simptome herbeleef word (vgl. Chemtob *et al.,* 1988:257-258). Pogings om sodanige aktivering te onderdruk, lei tot vermydingsimptome.

Suksesvolle oplossing van die trauma is net moontlik indien die informasie in die vreesnetwerk met die bestaande geheuestrukture integreer. Sodanige integrasie vereis, eerstens, die aktivering van die vreesnetwerk sodat dit toeganklik vir modifikasie is en, tweedens, beskikbaarheid van informasie wat onverenigbaar met die vreesnetwerk is sodat die totale geheuestruktuur verander kan word (Foa, Steketee & Rothbaum, 1989:155-176; vgl. Joseph *et al.,* 1997:75). Hoe meer onvoorspelbaar, onbeheerbaar en intens die traumagebeure is, hoe groter is die moontlikheid dat aandag en geheue ontwrig kan raak ten tyde van die trauma. Dit het tot gevolg dat 'n ontwrigte of gefragmenteerde vreesnetwerk vorm wat op sy beurt weer moeilik is om met bestaande geheuenetwerke te integreer.

Die kognitiewe aksie-teorie van Chemtob *et al.* (1988:253-275) bied 'n soortgelyke perspektief as dié van Foa en haar kollegas, maar met 'n meer gedetailleerde struktuur van die vreesnetwerk (vgl. Joseph *et al.,* 1997:75). Hierdie outeurs formuleer dit as 'n parallel-verspreide hiërargiese sisteem (Chemtob *et al.,* 1988:261-270), en argumenteer dat mense met PTSS se vreesnetwerke permanent geaktiveerd is, wat veroorsaak dat hulle deurentyd in "oorlewingsmodus" verkeer (Chemtob *et al.,* 1988:256). Hierdie oorlewingsmodus is gepas tydens die trauma, maar raak daarna onvanpas. Dit verklaar waarom hierdie spesifieke mense simptome van hiperbedagtheid en oorspannenheid ervaar.

Dit word aanvaar dat enige teorie oor post-traumatiese stresreaksies ook verduideliking moet bied oor beide die normale en gepaste ontwikkeling van post-traumatiese reaksies in respons op 'n ekstreme stressor, sowel as die onvanpaste ontwikkeling daarvan wanneer dit voortduur en negatief inmeng met die gewone lewe (Joseph *et al.,* 1997:79). Een meganisme wat die voortduur van hierdie reaksies in die tydperk ná die trauma verduidelik, word deur Brown en Kulik (1977:73-99; vgl. Dayton, 2000:30) as die "flashbulb memory" ("blitsbol-geheue") omskryf. Hulle reken dat daar 'n spesiale meganisme bestaan vir die enkodering van emosiebelaaide herinneringe. So 'n meganisme sou evolusionêre oorlewingswaarde hê. "Blitsbol-geheue" stel 'n organisme in staat om vinnig te leer in verband met bedreigings vanuit die omgewing sonder dat herhaalde blootstelling aan die stimulus nodig is. "... (I)f a lion jumps out suddenly and our ancestor was able to escape from the lion, having learnt from that one experience to stay away from lions in the future will have survival value." (Joseph *et al.,* 1997:79; vgl. Brown & Kulik, 1977:97-98.)

Die *Versnelde* of *Aanpassende Informasieprosesseringsmodel* is die algemene model wat die teoretiese raamwerk en beginsels daarstel vir die verstaan van die basis van patologie en persoonlikheidsontwikkeling, sowel as die behandeling daarvan in die EMDR benadering (Shapiro, 2001:30). Met die eerste uitgawe van *Eye Movement Desensitization and Reprocessing: basic*

principles, protocols and procedures, in 1995, het Shapiro dit die 'Versnelde Informasie-prosesseringsmodel' genoem. Met die tweede uitgawe, in 2001, noem sy dit die 'Aanpassende Informasieprosesseringsmodel' (Shapiro, 2001:29). Die term "informasieprosessering" is aan die rekenaarwêreld ontleen en is eie aan die kognitiewe benaderings in die psigologie (vgl. Westen, 1996:17).

Die term "aanpassing" wat hierbo gebruik is, is eie aan die evolusieteorie van Charles Darwin (1872/1965, soos aangehaal deur Plutchik, 2003:24) wat onder andere geleer het dat diere voortdurend by hul omgewing aanpas ten einde te oorleef en voort te plant. Diere wat nie aangepas het nie, het uitgesterf. Hierdie idee het neerslag gevind in Darwin se eie siening van die funksionaliteit van menslike emosies (Plutchik, 2003:25-27). Darwin se sieninge het ander groot meningsvormers in die psigologiese wêreld beïnvloed, soos onder andere vir William James, voorloper in die psigofisiologie, Walter B. Cannon, voorloper in neurologie, en Sigmund Freud, voorloper in die psigodinamiese tradisie (Plutchik, 2003:39-41). Dit verklaar dus waarom 'n evolusie-eie term, "aanpassing," in die rekenaarmetafoor van die kognitiewe psigologie in die tegnologiese era voorkom.

Dat die informasieprosessering teen 'n "versnelde" tempo verloop, verwys daarna dat dit merkbaar vinniger gebeur as in ander bestaande informasieprosesseringsmodelle. Hierdie herdefiniëring van die informasieprosessering, soos dit in EMDR voorkom, as "versnelde" informasieprosessering, laat die moontlikheid dat Shapiro se model nie meer as 'n tipiese kognitiewe model geag behoort te word nie. Die navorser reken egter dat Shapiro met reg na die proses as 'n versnelde proses kan verwys. "EMDR has the ability to facilitate profound therapeutic change in much less time than has been traditionally assumed to be necessary, regardless of the number of years since the traumatic event occured." (Shapiro, 2001:19.)

3.4.7.1 Die belangrikste onderskeidende kenmerke van die VIP model

Die belangrikste onderskeidende kenmerke van die versnelde informasieprosesseringsteorie word vervolgens kortliks weergegee (Shapiro & Maxfield, 2002:935; Shapiro, 2001:15-20; Lipke, 2000:16; vgl. Van der Kolk, 2002:66-68, 72).

a) 'n Selfgenesingsmeganisme

Inherent aan die Aanpassende of Versnelde Informasieprosesseringsmodel is die veronderstelling dat elke mens 'n ingeskape fisiologies-verankerde psigologiese selfgenesingsmeganisme het

(Shapiro, 2001:18, 32). "That is, the natural tendency of the brain's information-processing system is to move toward a state of mental health." (Shapiro, 2001:30.) Volgens Shapiro (2001:32) is die mens gemaak om psigologies self te genees op dieselfde manier as wat die liggaam selfgenesend reageer na 'n fisiese besering. Wanneer 'n mens byvoorbeeld jou hand sny, werk die liggaam om die wond te heg en dit te genees. As enigiets die genesing blokkeer, soos 'n vreemde voorwerp daarin of herhaalde trauma, sal die wond sweer en pyn veroorsaak. Sodra die blokkasie verwyder word, sal die genesing voortgesit word. Shapiro veronderstel dat iets soortgelyks met die verstandelike prosesse plaasvind.

Onder normale omstandighede is dié selfgenesingsmeganisme voortdurend besig om nuwe ervaringsinformasie te verwerk - of te prosesseer - totdat dit opgeneem is in die bestaande ervarings- en identiteitsraamwerke van die mens. "Adaptive processing occurs when associations are forged with previously stored material, resulting in learning, relief of emotional distress, and the availability of the material for future use." (Shapiro & Maxfield, 2002:935.) Dit word verstaan dat dat informasie in geheuenetwerke (ook genoem *neurale netwerke* of *nodusse*) opgeneem of geberg word (Shapiro, 2001:34). Hierdie geheuenetwerke bevat verbandhoudende gedagtes, beelde, emosies en sensasies met skakelings ("links") tussen die geassosieerde netwerke. Dit word verder veronderstel dat die netwerke georganiseerd is rondom die vroegste verbandhoudende gebeure en dat herinneringe van 'n onlangse insident elemente kan bevat wat gekonnekteer is met vorige ervarings (Shapiro & Maxfield, 2002:935.)

b) Die ontstaan van patologie, ontwikkelingsdefekte en problematiese karaktertrekke

Onder omstandighede van ontsenuwende of traumatiese ervarings kan die senuweestelsel ongebalanseerd raak (Shapiro, 2001:15). Die simptome van byvoorbeeld post-traumatiese stressindroom (PTSS) of ander ervaringsgebaseerde patologie word volgens hierdie werkingshipotese veroorsaak deurdat ontstellende informasie in die senuweestelsel gestoor is (Shapiro, 2001:40). Hierdie informasie is in dieselfde formaat geberg as wat dit oorspronklik ervaar is, omdat die informasieprosesseringsisteem geblokkeer was as gevolg van die intensiteit van die emosies wat ervaar is (vgl. Van der Kolk, 2002:57-58). Selfs na jare kan die verkragtingslagoffer byvoorbeeld steeds die vrees beleef, die verkragter se gesig sien en sy hande op haar liggaam voel asof die hele aanranding van voor af gebeur. Die informasie is in werklikheid in die tyd 'gevries,' in die oorspronklike stand-spesifieke vorm in sy eie neuronetwerk geberg en derhalwe geïsoleer van die ander netwerke (Shapiro, 2001:41-42):

> Because the intensity of the affect has effectively locked the memory into a restricted assosiative network, the neuro network in which the old information is stored is effectively isolated....
>
> Although combat veterans, sexual molestation victims, and rape victims may know intellectually that they are not to blame for what happened to them, they often continue to struggle with the negative cognitions and disturbing affect. Again, this conflict appears to be due to the fact that the disparate information is stored in separate neuro networks.

Die suksesvolle behandeling van *spookpyne* by mense wat 'n ledemaat verloor het, bied 'n goeie illustrasie van die bestaan en behandeling van disfunksioneel-gestoorde geheue-informasie (Shapiro, 2001:15). Die feit dat die pyn steeds waargeneem word asof in die ledemaat wat verwyder is, onderskryf die feit dat die somatiese informasie op 'n disfunksionele wyse in die brein gestoor is, en dat die spookpyn wat in die verwyderde been ervaar word, 'n manifestasie daarvan is.

> Once the etiological memory and the pain sensations are targeted with EMDR, the pain generally remits. This example of the need to catalyze the information processing of a stored memory can serve as an icon for general EMDR treatment. As long as the memory is dysfunctionally stored, the negative affect is maintained regardless of the cognitive awareness that there is no limb – or, in other pathologies, no need for fear and suffering. (Shapiro, 2001:15.)

Shapiro se versnelde informasieprosesseringsmodel ag die meeste patologieë as voortspruitend uit vroeëre lewenservarings wat 'n beweging aan die gang gesit het met voortdurende patrone van affek, gedrag, kognisies en gevolglike identiteitstrukture (Shapiro, 2001:16), wat inderdaad kan lei tot wat algemeen bekend is as 'n selfvervullende profesie (Shapiro, 2001:45). Die voortgaande invloed van daardie vroeëre ervarings kan grootliks toegeskryf word aan die negatiewe gevoelens en geloofsopvattings, opgesluit in daardie herinneringe, wat deur huidige stimuli opgewek word (Shapiro, 2001:17). "Thus, while a person's beliefs, stated via language, are clinically useful distallations of experience, it is the affect feeding them that is the pivotal element in the pathology." (Shapiro, 2001:44.) Alhoewel Shapiro dus na die oorsaaklike rol van sowel die geloofsopvattings as die negatiewe emosies verwys, sonder sy die negatiewe emosies uit as die uiteindelike faktor wat veroorsaak dat die kliënt steeds op 'n manier optree wat met daardie vroeëre gebeure saamhang. Die persoon se emosies en gedrag was waarskynlik gepas vir die oorspronklike gebeure, maar in soverre dat die persoon huidiglik dieselfde emosies en gedrag openbaar, blyk dit onvanpas te wees vir die nuwe situasie.

Vir EMDR, wat op die ervaringsbasis van geestesprobleme fokus, gaan dit dus nie daarom of 'n saak volgens die DSM-IV-TR as 'n groot "T"-trauma geag word en of dit gewoon as 'n klein "t"-trauma geag word nie (Shapiro & Forrest, 2004:13-14). Groot "T"-traumas verwys na daardie soort oorweldigende traumas wat tot intense vrees, hulpeloosheid of afgryse lei en wat deur die

DSM-IV-TR (APA, 2000:463-468) as voorwaarde gestel word vir die ontwikkeling van PTSS. Klein "t"-traumas voldoen aan die woordeboekdefinisie van trauma wat Shapiro en Forrest (2004:15; vgl. Shapiro, 2001:43) aanhaal: "an emotional shock that creates substantial and lasting psychological damage; something that severely jars the mind or emotions." Die goeie nuus is dus dat EMDR aangewend kan word om kliniese patologieë, ontwikkelings- en ervaringsdefekte, sowel as selfs persoonlikheidsversteurings te genees (Shapiro, 2001:17). Die voordeel van hierdie benadering lê uiteraard daarin dat die klinikus EMDR kan aanwend om die spesifieke disfunksionele informasie te teiken wat aanvanklik aanleiding gegee het tot die defekte, patologiese gedrag en problematiese karaktertrekke. "The theory predicts ... that even severe personality disorders (with the obvious exception of chemically or organically based conditions) may be amenable to comparatively rapid change through the targeting and reprocessing of key memories and atttention to the remediation of developmental deficits." (Shapiro, 2001:19.)

c) Die verkryging van direkte toegang tot en verandering van disfunksioneel-gestoorde informasie

Vir die herstel en verwerking van hierdie "gevriesde" of problematiese herinneringe, is dit ten eerste nodig dat daar met die problematiese herinneringe kontak gemaak moet word (Shapiro, 2001:18). Dit is presies waarop EMDR fokus. Dit fokus juis nie op die kliënt se reaksies op die ontstellende herinneringe, soos wat bio-terugvoer, bevloedingsterapie of ontspanningsopleiding doen nie. Dit maak ook nie van medikasie of hipnose gebruik om die herinneringe op te roep nie (Shapiro, 2001:18; vgl. Lipke, 2000:16-17). Die oogbewegings of duale aandagstimulerings help bewerk 'n direkte toegang tot die herinneringe en veroorsaak dat die regte skuiwe of assosiasies gemaak kan word – vanaf onaangepas na aangepas, en dit het tot gevolg dat die vroeëre ervaring in effek vervang word met 'n "nuwe ervaring" wat dan as veranderde ervaringskennis gestoor kan word. "This shifted assessment is an integral part of the new affect and sensory experience, an experience that will now dominate whenever the neuro network is activated by either internal or external stimuli. In other words, as the information transmutes, the changing picture corresponds to shifts of affect and self-assessment, which become a part of the way the experience is now stored." (Shapiro, 2001:46.) Waarneming dui daarop dat EMDR sy resultate bereik deur 'n groeiende verandering tot of 'na-vore-trede' van 'n volwasse perspektief op sake, veral waar 'n kliënt vroeër gevange was in die emosionele effek van kindertyd trauma (Shapiro, 2001:46.)

d) Versnelde, afdoende en blywende informasieprosessering

Die hoofklem tydens die toedien van EMDR val op die inskakeling van voorheen-afsonderlike assosiatiewe neurofisiologiese netwerke in die informasieprosesseringsisteem, sodat dit tot positiewe terapeutiese resultate kan lei. Hierdie proses verloop om verskeie moontlike redes (waaroor voorlopig gegis word), baie vinnig. "However, with each set of stimulation, we move the disturbing information – **at an accelerated rate** - further along the appropriate neurophysiological pathways until it is adaptively resolved." (Navorser se beklemtoning; Shapiro, 2001:31.) Bewyse hiervoor word gevind in die talle gekontroleerde studies wat daarop dui dat sewe-en-sewentig tot negentig persent van gevalle van gewone (burgerlike) PTSS binne drie sessies van negentig minute elk opgeklaar kan word (Shapiro, 2001:19).

Lipke (2002:16) noem dat die mees unieke kenmerk van die versnelde informasie prosesseringsmodel "is that severely and chronically dysfunctional associative networks can be essentially, positively, and lastingly modified in minutes." Die ooreenkoms met Smith se *Theophostic Prayer Ministry* wat ook mense afdoende ("more than *tolerable* recovery"), positief ("victory") en blywend ("maintenance-free") help, spreek vanself (Smith, 2000a).


3.4.8 'n Samevoeging van psigoterapeutiese benaderings in EMDR en TPM

Verskillende psigoterapeutiese benaderings word in EMDR betrek en kry uiteindelik vergestalting in die versnelde informasieprosesseringsteorie (VIP) wat as teoretiese verstaansraamwerk vir EMDR geld. Hierdie versnelde informasieprosesseringsteorie word ook as werkingsteorie vir TPM geponeer (vgl. punt 3.6 hieronder). Die navorser het met 'n diagram (Diagram 3.1, op volgende bladsy) die genoemde stand van sake probeer illustreer. Die diagram dui veral aan hoe verskillende benaderings, of elemente daarvan, in EMDR sowel as in TPM tuiskom.

In die boek *EMDR as an Integrative Psychotherapy Approach: Experts of Diverse Orientations Explore the Paradigm Prism* (Shapiro, *ed.,* 2002) skryf drie-en-twintig skrywers, naas Shapiro, vanuit nege benaderingsvelde wat aansluiting met EMDR vind. Die navorser het hom grootliks deur hierdie kundiges laat lei, sowel as deur 'n soortgelyke integrasie-oefening wat Lipke (2000:45-46) uitgevoer het. Die wetenskaplike begronding van die aansluiting met EMDR is dus meer betroubaar as dié met TPM, maar die TPM literatuur wat die navorser tot hiertoe ondersoek het, gee opvallend min aanduidings oor die moontlike integrering van ander modaliteite in TPM. Dr. Karl D. Lehman en sy vrou Charlotte E.T. Lehman (2003a; 2003b; 2006a; 2006b) kan as 'n uitsondering aangeteken word, want hulle hanteer die inkorporering van ander modaliteite in TPM

in sekere van hul geskrewe werke, waarin hulle byvoorbeeld vergelykings tref tussen tradisionele innerlike genesing, psigiatries-mediese behandeling, kognitiewe terapie, EMDR en TPM.

Diagram 3.1: 'n Voorstelling van die samevoeging van benaderings in EMDR en TPM



(i) Traumateorie

EMDR en TPM het onderskeidelik as psigoterapeutiese en pastorale behandelingsmodelle ontstaan spesifiek vir die behandeling van mense met post-traumatiese stressindroom (Shapiro, 2001:20; Smith, 2002a:11-14). Baie van die wysheid in die versnelde informasieprosesseringsteorie het gegroei uit die ontwikkeling van traumateorie rondom post-traumatiese stressindroom (vgl. James & Gilliland, 2005:91). In 'n sekere sin word al die benaderings en benaderingselemente wat vervolgens bespreek word in hul relevansie tot die verstaan en behandeling van trauma bespreek.

(ii) Psigodinamiese benaderings

Die aansluiting by die psigodinamiese benaderings blyk duidelik uit die belangrike rol wat onverwerkte herinneringe uit die vroeë of onlangser verlede van die beradene/kliënt speel (Freud, 1900/1953; Jung, 1916, soos aangehaal deur Shapiro, 2001:20; vgl. Joseph *et al.*, 1997:73). Waar mense tydens EMDR en TPM aangemoedig word om mee te doen in "vrye assosiasie" ten einde die 'deurwerk' van traumatiese herinneringe aan te help, benut dit 'n psigodinamiese metode (Wachtel, 2002:125). Die metode om 'n probleem of onverwerkte herinnering "deur te werk" is ook eie aan die psigoanalise, alhoewel dit volgens Wachtel (2002:129) nie altyd so duidelik in psigoanalise gedefinieer is as wat EMDR dit doen nie. TPM se praktiese stappe verteenwoordig self ook 'n deeglike riglyn vir die 'deurwerk' van die onverwerkte herinneringe (Thiessen, 2003:94-95).

Lehman en Lehman (2003a:2) tref 'n interessante onderskeid tussen tradisionele kognitiewe terapie en kognitiewe benaderings wat ingestel is op die behandeling van PTSS. Die tradisionele kognitiewe terapie fokus doelbewus nié op die aanvanklike traumatiese herinneringe nie, maar soos wat kognitiewe terapie oor die voorafgaande tien jaar al meer vir die behandeling van PTSS aangewend is, het die fokus - heel te verstane - al meer na die "root traumatic memories," oftewel die oorspronklike traumatiese herinneringe, verskuif. Daarmee word dus aangesluit by die verstaansraamwerk van die psigodinamiese benadering (Lehman & Lehman, 2003a:2-3).

(iii) Behavioristiese benaderings

Beide EMDR en TPM se fokus op "triggers" of gekondisioneerde snellergebeure of –stimuli is eie aan die gedragsterapeutiese of behavioristiese benadering. Die behaviorisme se klassieke en operante kondisioneringsteorie, soos aanvanklik deur Pavlov (1927/1928) ontwikkel, en later uitgebrei deur onder andere Skinner (1938) en Thorndike (1913), bied verduideliking vir die veroorsaking van die traumatiese herinneringe en die oorsensitiewe reaksies op die "triggers" wat daarmee saamgaan (soos aangehaal deur Smyth & Poole, 2002:152). Uniek aan die EMDR prosedure is die vierde fase van desensitasie. Uniek aan TPM is die "teruggaan op die 'rookspoor' van emosies" en die sewende fase van "stirring up the darkness" waar die herbelewenis van die oorspronklike gebeure bewerkstellig word. Hierdie genoemde fasette hou verband met desensifisering wat die oogmerk is van blootstellingstegnieke van die behavioristiese benadering (Smythe & Poole, 2002:154). Shapiro (Shapiro & Forrest, 2004:17) erken ruiterlik dat sy Wolpe se SUD-evalueringskaal in EMDR gebruik en die vermoede is dat TPM se metingskaal vir emosionele

ontsteltenis ook daaraan ontleen is (vgl. 3.4.3.1). Beide EMDR en TPM leen dus by die behavioristiese metingskale.

(iv) Kognitiewe benaderings

Shapiro (2001:24) verduidelik dat die insluiting van aspekte van kognitiewe terapie in EMDR gebaseer is op wysheid uit navorsingsverslae rakende die behandeling van verkragtingslagoffers. Verkragtingslagoffers verteenwoordig die grootste en enigste homogene groep PTSS-lyers naas oorlogsveterane wat die fokus was van gekontroleerde kliniese uitkomstestudies (Shapiro, 2001:24; vgl. Shapiro & Forrest, 2004:132).

Smyth en Poole (2002:166) beklemtoon dat skema-fokusterapie (vgl. Young, 1990) 'n raamwerk bied waarvolgens die skemas wat by getraumatiseerde persone voorkom makliker geïdentifiseer kan word. TPM werk soms met "gekloonde leuens" (Smith, 2000a:65-68) en "tematiese leuens" (Smith, 2000a:73-74). EMDR klinici het ook verskillende soorte assosiasiepatrone waargeneem waardeur byvoorbeeld groepe geheuenetwerke saamgebondel kan word vir reprosessering (Shapiro, 2001:76; vgl. 3.5.2 later in die hoofstuk). Beide TPM se gekloonde en tematiese leuens en EMDR se "soort-gelyke" insidente vind noue aansluiting by die saak van skemas soos deur Young (1990:1-79; vgl. Lipke, 2000:70; Young, Zangwill & Behary, 2002:181-208) se skema-fokusterapie beklemtoon.

Op dieselfde manier baat die traumaterapeut deur kennis te neem van die werk van dr. Ronnie Janoff-Bulman (1992/1989; vgl. Shapiro & Forrest, 2004:134). Laasgenoemde se konstruk van "persoonlike onkwesbaarheid" steun basies op drie kernoortuigings, naamlik (Janoff-Bulman, 1992): (i) dat die wêreld 'n goeie plek is; (ii) dat die wêreld betekenisvol is; en (iii) dat die self waardig en waardevol is. Een van die belangrikste onderliggende aannames hierin is die beginsel van regverdigheid en billikheid. Sodra iemand wel die slagoffer van een of ander negatiewe gebeurlikheid word, verpletter dit die veronderstelling van onkwesbaarheid en laat die persoon ook kwesbaar voel ten opsigte van toekomstige ongelukke (vgl. Joseph *et al.*, 1997:78-79). Die gemelde kernoortuigings kom dikwels as "verpletterde aannames" by die getraumatiseerde persoon voor, en word dienooreenkomstig as negatiewe kognisies geïdentifiseer (Joseph *et al.*, 1997:89).

Smith erken dat hy by die kognitiewe terapie en die sogenaamde "brief therapy" geleer het (Smith, 2000a:27-28, 150; vgl. Bisbey & Bisbey, 1998). *Traumatic Incident Reduction* (TIR) is 'n "brief therapy" tegniek wat Stephen Bisbey en sy eggenoot dr. Lori Beth Bisbey, albei ervare en kundige

traumaberaders in die Verenigde Koninkryk, gebruik (Bisbey & Bisbey, 1998:iix-ix), maar wat ook deur Yvonne Retief (2004:90-100), 'n Suid-Afrikaanse traumaberader met twintig jaar ervaring, gebruik word. TIR is deur die Amerikaanse psigiater, dr. Frank Gerbode, in 1986 ontwikkel (Bisbey & Bisbey, 1998:1). TIR word as 'n "brief" terapie beskou wat bevredigende terapeutiese resultate lewer binne die bestek van vyf-en-twintig sessies of minder, wat die riglyn is vir die sogenaamde "brief therapy and counselling" – aldus die reeksredakteur, prof. Windy Dryden (Bisbey & Bisbey, 1998:x; vgl. Dryden, 1995).

TIR kom kortweg daarop neer (Retief, 2004:90-100; vgl. Bisbey & Bisbey, 1998:2) dat 'n begin- en eindmoment van die traumatiese gebeure geïdentifiseer word, waarna die getraumatiseerde die insident soos 'n video voor sy geestesoog moet laat afspeel. Daarna deel hy dit in die veiligheid van 'n beradingskamer met die berader. Hy herhaal die meedeling 'n hele aantal kere en kyk met ander woorde herhaalde kere na die "video" van die insident. Gerbode, die stigter van TIR, noem die kontak van die traumatiese herinneringe "viewing," aangesien die kliënt die materiaal, naamlik die beelde, klanke, reuke, smake, sensasies, gevoelens en gedagtes in sy verstand "review" of hersien, aldus die Bisbeys (1998:5). Hierdie 'hersien' van die traumatiese materiaal voorsien die nodige intensiewe blootstelling wat dit vir die kliënt moontlik maak om sin te maak van die traumatiese materiaal en om dit dan ten volle te prosesseer en te integreer. Die gevolg hiervan is dat dit die impak van die trauma verminder of reduseer. Elemente van hierdie metode kan raakgesien word in TPM se Stap 7 van "stirring up the darkness" sowel as EMDR se Stap 4 waar die emosie gedesensifiseer word (vgl. 3.4.5 hierbo).

Beide die EMDR en TPM benaderings spreek konsepte van positiewe en negatiewe geloofsopvattings of aannames van die self, die wêreld en die toekoms wat duidelike wortels in die kognitiewe terapie het, aan (Beck, 1967; 1976; Ellis, 1990/1962; 1995; Young, 1990; vgl. Leman & Carlson, 1989). Die ABC-model van rasioneel-emotiewe behaviorterapie (REBT) bied byvoorbeeld 'n maklik-verstaanbare metode om die verhouding tussen 'n kliënt se gedagtes, gevoelens en gedrag te omskryf.

> In the most simplified form of this model, A stands for "Activating Events" and refers to the individual's perceptions regarding past, present, or future events. B stands for "Beliefs," and subsumes both the individual's rational and irrational thinking about A. C stands for "Consequent Emotions and Behaviors," and refers to the emotional and behavioral consequences of holding particular beliefs at B. (Yankura & Dryden, 1990:8-9.)

Hierdie model word verder uitgebrei deur 'n D en 'n E daartoe by te voeg. Die D dui op die proses van "*disputation* ... the means by which modifications in the client's belief system can be effected" en die E staan vir die funksionele *effekte* in emosies en gedrag (Yankura & Dryden, 1990:12).

Waar Smith (2000a:46-78) baie klem op die identifisering van leuens in pynlike herinneringe lê, speel hy as berader die rol van die tipiese kognitiewe terapeut wat die irrasionele geloof moet diagnoseer en "disputeer" of betwis (Yankura & Dryden, 1990:10). In TPM se geval word die Here egter vertrou om die "disputering" te doen en in EMDR se geval is dit hoofsaaklik die kliënt se selfgenesende meganisme wat daarvoor sorg.

Die veld van hipnose en hipnoterapie, soos wat Gilligan (2002:225-238) dit in samehang met EMDR bespreek, kan ook onder die kognitiewe sambreel tuisgebring word. Nicosia (1995:69) dui op afdoende wyse aan dat EMDR nie hipnose is nie (vgl. Lehman & Lehman, 2003b:10). Hipnose bewerkstellig veranderde bewussynstoestande by die mens en dit het ooreenstemmende breingolfpatrone wat verskil van die normale wakker breingolfpatrone. Die breingolfpatrone wat tydens EMDR by kliënte waargeneem word, stem nie ooreen met dié tydens hipnose nie. Smith (1999:7; 2000a: agterblad) beklemtoon eweneens dat TPM nie hipnose is of van hipnotiese suggestie gebruik maak nie.

Tog kan daar 'n ooreenstemming met hipnose by beide EMDR en TPM aangewys word, volgens die navorser. Spiegel *et al.* (2005:2548) dui byvoorbeeld aan dat: "Hypnosis constitutes a specialized ability to enhance focal attention and imagination while simultaneously minimizing peripheral awareness." Die hipnotiese toestand of "trance" soos deur hipnoterapie bewerk, sowel as die toestand wat EMDR bewerkstellig, word as 'n spesiale leerbare en suggereerbare toestand beskou (Gilligan, 2002:230). Tydens hierdie "spesiale leerbare toestand" beoog beide EMDR en hipnoterapie om ontstellende ervarings en 'n traumatiese identiteitsbelewenis tot gesonde en geïntegreerde toestande te verander. Albei voormelde benaderings plaas groot waarde op die kliënt se selfgenesende potensiaal en bewerkstellig ook dieselfde soort versnelde leer of reprosessering. In soverre dat TPM ook van 'n soortgelyke spesiale leerbare en suggereerbare toestand gebruik maak, bestaan daar dus by beide EMDR en TPM 'n vae maar tog aanduibare ooreenkoms met hipnose.

(v) Ervaringsterapeutiese benaderings

Shapiro (2001:27) erken dat EMDR ook by die ervaringspsigoterapeutiese benaderings aansluit. Die ervaringsterapieë val ook – volgens die navorser - onder die humanistiese benaderings wat in

Diagram 3.1 saam met die kliëntgesentreerde terapie gegroepeer is. Aangesien ervaringsterapieë egter volgens die navorser so 'n prominente rol in beide EMDR en TPM speel, word dit apart op die diagram gegroepeer. Bohart en Greenberg (2002:239-240), wat hierdie tema deeglik ondersoek en beskryf het, noem dat daar verskillende ervaringsbenaderings voorkom. Hulle verwys na die fokus-geöriënteerde psigoterapie van Gendlin (1998), die kliëntgesentreerde terapie van Rogers en die proses-ervaringspsigoterapie van Greenberg en kollegas (Bohart & Greenberg, 2002:240). Mahrer (1989) se boek *How to do Experiential Psychotherapy: A Manual for Practitioners* en Artz (1994) se boek *Feeling as a way of knowing* is twee verdere bronne wat hierdie gedagtelyn ontgin. Volgens die navorser se oordeel hoort ook Wilhelm Reich se "therapy as liberation" en Fritz Perls se Gestaltterapie – 'n terapie van "being here now" - onder hierdie afdeling van humanistiese ervaringsterapieë tuis (vgl. Bankart, 1997: 309-315, 316-323).

Waar TPM byvoorbeeld mense aanmoedig om op spanning in die liggaam te fokus ten einde in kontak te kom met moontlike verdronge herinneringe en emosies, is juis hierdie ervaringsgebaseerde benadering ter sprake. Hinterkopf (2005:219-221) beskryf dat tydens die benutting van so 'n ervaringsgebaseerde fokusbenadering dit baie belangrik is dat die persoon 'n "friendly focussing attitude" teenoor sy eie innerlike sal handhaaf. Sy verduidelik (Hinterkopf, 2005:219): "As part of the focusing method, clients are taught the importance of keeping friendly, accepting, patient, kind, and receptive attitudes while attending to feelings rather than having a self-critical attitude." Hierdie wenk dui, wat die navorser betref, op 'n *intra-persoonlike* toepassing van die bediening van versoening op die beradene self.

Die volgende veelseggende lys van ooreenkomste tussen EMDR en Ervaringspsigologie word deur Bohart en Greenberg (2002:250-252) aangeteken:

- Ervaringsterapieë en EMDR moedig hul kliënte aan om op hul 'liggaamlik-gevoelde' ervaring te fokus.
- Die belangrikheid daarvan vir die beradene om toegang tot sterk emosie te verkry en om dit toe te laat, word erken en ondersteun. "The importance of accessing and allowing strong emotion is recognized and supported ..." (Bohart & Greenberg, 2002:250).
- 'n Hoogs kognitiewe en ontledende verstandelike ingesteldheid word ontmoedig. Daarteenoor word 'n oop, luisterende, ontvanklike en waarnemende verstandelike staat aangemoedig. "If the person 'stays with' experience, things emerge and shift." (Bohart & Greenberg, 2002:251.)
- Alhoewel die oorhoofse resultate van EMDR (en die ervaringsterapieë) versneld is, word die proses deels vertraag tot 'n stap-vir-stap hantering van die informasie wat van oomblik tot oomblik beskikbaar kom. "Clients stay with immediately available information in a step-by-step

fashion, letting it change when it is ready to change. ... The information is 'dwelt upon' in an experientially immediate way." (Bohart & Greenberg, 2002:251.)

- Beide ervaringsterapie en EMDR beklemtoon die *konnektering* van informasie. Die volgende aanhaling werp verdere lig op die VIP model (Bohart & Greenberg, 2002:251-252):

> Ultimately, it is the connection of cognitive, conceptual (left-brain) ways of processing information with emotional, intuitive (right-brain) information. In this regard, therapists of both approaches recognize that the body often "holds" unprocessed experience of which clients are not cognitively aware. In experiential therapies, the reason clients continue to be bothered is that the unprocessed experience signals a need for processing, just as pain signals that something is wrong and needs to be attended to. Symptoms are part of the self-healing process.

- Mense en hul ervaring word as kompleks-verweefde sisteme gesien en die terapie is ingestel, nie soseer om simptome te verwyder nie, maar om die sisteme reg te stel. "Righting the system spontaneously removes symptoms and often produces other unexpected positive changes. Therapists follow clients' track of what is meaningfully and emotionally interconnected to determine what needs work." (Bohart & Greenberg, 2002:252.)
- Prosessering is nie klaar (of effektief) alvorens dit nie gepaard gegaan het met 'n merkbare liggaamlik-gevoelde verandering nie.
- Die terapeutiese prosesse is *ontluikend* van aard. Die benaderings is ontdekkings-geöriënteerd. Die terapeut besluit nie vooraf wat die regte oplossing vir die kliënt sal wees nie.

Die raakpunte wat TPM en EMDR met ervaringsgebaseerde benaderings toon, is wat die navorser betref, opwindend (vgl. bogemelde lys): Beide TPM en EMDR betrek byvoorbeeld tydens hul sessies die stap van liggaamskandering; moedig 'n oop luisterhouding aan; bevorder 'n sterk emosionele herbelewenis van die trauma; "vertraag" die verwerkingsproses tot 'n stap vir stap fokus op dit wat opkom; en beide TPM en EMDR beklemtoon die konnektering van informasie en 'n meegaande regstel van die sisteem van die getraumatiseerde persoon.

(vi) Kliëntgesentreerde en ander humanistiese benaderings

In 'n sekere sin is EMDR se primêre aanslag in pas met die kliëntgesentreerde benadering van Rogers (1951; 1960; Shapiro, 2001:18, 20). Eweneens is TPM se aanslag van 'n empatiese inleef, onvoorwaardelike positiewe agting en egtheid in die luisterhouding tipies Rogeriaans (Rogers, 1951; 1960; Rogers & Kinget, 1960:186-187; vgl. Möller, 1987:153-157). Ander humanistiese benaderings wat ook in EMDR mag tuiskom, volgens die navorser se oordeel, is die "psychology of self" van Mary Calkins en Gordon Allport; Viktor Frankl se eksistensiële terapie wat die mens se soeke na sin beklemtoon; asook die eksistensiële terapie van Rollo May wat die hele,

geïntegreerde en outentieke self van die mens in die oog het (vgl. Bankart, 1997:283-290, 336-338, 339-345).

(vii) Transpersoonlike of spirituele benaderings

Viljoen (1988:32) bring die transpersoonlike of spirituele psigologie onder die humanistiese psigologiese benaderings (die derde mag; vgl. 3.2.2.3) tuis. Die indeling van Edwards en Louw (1998b:18-21), wat die transpersoonlike psigologie as die vierde mag (vgl. 3.2.2.4) in die psigologie beskou, kom – wat die navorser betref – nader aan 'n werklikheidsgetroue beeld van die mens. Insgelyks ken die navorser ook aan die transpersoonlike benadering 'n ekstra blokkie in Diagram 3.1 hierbo toe, omdat dit die belangrike veld van die geestelike dimensie van menswees verteenwoordig.

Sheila Krystal en kollegas (2002:319-339) beskryf 'n transpersoonlike psigologie wat sterk deur Oosterse tradisies gekleur is (2002:338). Daar kan nogtans oorvleueling in die beginsels en praktyke van eersgenoemde benadering en EMDR aangetoon word (Krystal *et al.,* 2002:323). Beide transpersoonlike psigoterapie en EMDR beklemtoon byvoorbeeld 'n natuurlike strewe na groei sowel as die beperkende effekte van vooraf kondisionering. Albei benaderings heg waarde aan duidelike self-waarneming, 'n waarnemershouding, aanvaarding, deernisvolle begrip, vergifnis en 'n vredevolle bewussyn (Krystal *et al.,* 2002:323, 338). Die openhartige en rustige teenwoordigheid van die terapeut skep in die beradene in albei gevalle 'n natuurlike tevredenheid (Krystal *et al.,* 2002:323). TPM se beklemtoning van groei, 'n waarnemershouding, vergifnis, 'n vredevolle bewussyn en die besondere rol van die beradene toon ooreenkomste met al die bogemelde sake. Die eintlike raakpunt wat TPM met die transpersoonlike psigologie het, lê volgens die navorser nie op die vlak van die Oosterse transpersoonlike psigologie nie, maar daarin dat dit volledig aansluit by die TPM beradene se spiritualiteit en steun op God as die Begeleier van die heelwordingsproses.

Wat betref die psigofortologie, kan met redelike sekerheid gestel word dat EMDR se fisiologies-verankerde psigologiese selfgenesingsmeganisme definitief as 'n positiewe bron in die mens gereken kan word, aangesien dit sentraal staan tot die mens se herstel na teenslae en krisisse. Net so kan TPM se steun op die Here en die openbarende werk van die Heilige Gees as 'n positiewe bron geag word in terme van die psigofortologie.

(viii) Neuropsigologiese insette

Dit is interessant dat 'n toonaangewende breinpsigoloog soos dr. Daniel G. Amen (2004:19, 21) daarop wys dat daar 'n lang tydperk in die geestesgesondheidswese verloop het waartydens die breinteorie onderliggend in die psigologie eintlik afgeskeep was ten gunste van die blote aanvaarding van die psigologiese teorieë. Hyself het hom byvoorbeeld vir meer as 'n dekade lank beywer dat die psigologiese professie en opleiding groter erns moes maak met die "hardware of the soul," waarmee hy eenvoudig na die brein self verwys het. Die brein word as die biologiese *harde ware* beskou en die lewensprogrammering die *sagte ware* wat in die psigologie ter sprake sou kom. Daardie kritici wat dus reken dat die breinteorie van TPM opdatering nodig het, moet dus in ag neem dat die neuropsigologie steeds aan die ontwikkel is na 'n relatief onlangse oplewing.

Navorsing dui daarop dat onbewuste sowel as bewuste verstandelike prosesse betrokke is by die prosessering van informasie (Brewin, 1989:379-394; Epstein, 1994:709-724; vgl. Joseph *et al.,* 1997:81). Brewin *et al.* (1996:670-686) stel 'n basiese kognitiewe konstruksie voor van 'n duale verteenwoordiging van traumatiese ervaring in die geheue ten einde PTSS te verstaan. Die eerste stel verteenwoordigings is die persoon se bewuste ervaring van trauma, waarna Brewin (1989:384-385) verwys as "verbally accessible knowledge," want dit kan doelbewus opgeroep word vanuit die lêers van outobiografiese ervarings. Die tweede stel verteenwoordigings is nie verbaal toeganklik nie, maar verwys na die lewering van omvangryke onbewuste prosessering waartoe outomaties toegang verkry kan word wanneer die persoon in 'n konteks is waarvan die fisiese kenmerke of betekenis ooreenstem met dié van die traumatiese situasie (Brewin, 1989:381-384). "Situationally accessible knowledge" verwys na genoemde informasie wat outomaties opgeroep word en het te doen met sensoriese, fisiologiese en motoriese aspekte van die traumatiese ervaring. Dit word voorgestel dat dit in analoë kodes gestoor word waardeur dit moontlik is om die oorspronklike ervaring te herskep.

Die neuropsigologie is daardie veld van die psigologie wat die middelgrond tussen die psigologie en die neurobiologie dek (Squire, 1986:1618). Larry Squire en sy kollegas (Squire, 1986:1612-1619; 1987; Squire & Zola-Morgan, 1991:1380-1386) het die idee na vore gebring dat langtermyn geheue in twee tipes verdeel kan word, naamlik verklarende en nie-verklarende geheues. Die eerste stem ooreen met die verbaal-toeganklike kennis en die tweede met die situasie-toeganklike kennis waarna pas verwys is in die vorige paragraaf. *Verklarende geheue* omvat feite, idees, dinge wat ons weet dat ons dit weet. *Nie-verklarende geheue* verwys na 'n verskeidenheid prosesse, insluitende dit wat bekend staan as "gewoond raak aan," eenvoudige klassieke

kondisionering, en vasgelegde gedragspatrone soos die gekoördineerde beweging van die swaai van 'n gholfstok (vgl. Squire, 1986:1614-1615). Sekere informasie word in die nie-verklarende geheuesisteme gehou en sekeres in die verklarende sisteme en baie word in albei gehou. Die inhoud van die verklarende geheue kan eksplisiet herroep word; die inhoud van die nie-verklarende geheue word implisiet herroep. Squire en Zola-Morgan (1991:1380-1386) het in 'n artikel, *The Medial Temporal Lobe Memory System,* duidelik aangedui watter dele van die brein vir die verklarende geheue en watter vir die nie-verklarende geheue verantwoordelik is.

In 'n 2003-uitgawe van die *Theophostic Journal* skryf dr. James E. Wilder (2003:15-19), wat nou met dr. Ed Smith saamwerk, 'n uitstekende artikel, *Current Brain Theory and basic Theophostic Ministry.* Hy verwys onder andere na vier breinteoretici en hul werk ten einde die neuropsigologiese onderbou van TPM toe te lig. Dr. Allan Schore het 'n hiërargiese breinmodel daargestel wat drie vlakke van die linkerbrein belig. Dr. Bessel A. van der Kolk het navorsing oor trauma en ontbering gedoen en een belangrike bevinding hieruit is dat vroeë trauma tot lewenslange beheerverlies van emosies kan lei. Dr. Daniel J. Siegel het volgens Wilder (2003:17) die beste skrywes gelewer oor die "attachment" teorie en breinontwikkeling. Siegel het ook 'n uitstekende ondersoek na die verhouding tussen linkerhemisfeer breinfunksies en die regterbrein kontrolesentrum gedoen. Siegel bied ook 'n uitmuntende verduideliking van die sinkronisering van die brein, aldus Wilder (2003:17; vgl. Siegel, 2002:85-121). Dr. Daniel Amen het as psigiater meer as 12 000 menslike breins geskandeer en patrone ontdek rakende emosies en persoonlikheid. Beide doktore Van der Kolk (2002:57-83) en Siegel (2002:85-121) het ook bydraes gelewer in die versamelwerk van Shapiro wat EMDR as 'n intregrerende benadering beskryf.

Dr. Wilder (2003: 17-18) gaan voort en beskryf hoe die goed funksionerende brein gesinkroniseerd werk en dat daar vyf kontrolevlakke in die regterbrein se emosionele kontrolesentrum is, wat elk met 'n geïdentifiseerde breindeel, chemiese sisteme en spesifieke funksies verbind kan word. Die laagste vlak, Vlak 1 (diep limbiese strukture – talamus en basale ganglion) het met ons "persoonlike realiteit" te doen. Vlak 2 (amigdala) het met ons "basiese evaluerings" te doen. Vlak 3 (singulate korteks) sinkroniseer ons lewensritmes. Vlak 4 (prefrontale korteks) het met ons identiteit te doen. Die daaropvolgende vlak, Vlak 4^{+}, het volgens Wilder se voorstel met die sinkronisering van die breinhemisfere te doen, en dit is op hierdie vlak dat die effek van behandelings soos TPM die duidelikste blyk.

Hierdie kursoriese opsomming gee bloot 'n aanduiding van die omvangrykheid van die onderwerp. Dit val buite die bestek van hierdie navorsing om breedvoeriger hierop in te gaan. Die bedoeling van hierdie neuropsigologiese insetsel is om aan te dui dat daar huidiglik navorsing gedoen word

wat neurobiologiese begronding bied vir die informasieteorieë wat in sekere opsigte nog spekulatief en hipoteties saamgestel is.

3.4.8.1 Is TPM totaal nuut of leen dit tog by bestaande psigoterapeutiese en ander modaliteite?

Die voorafgaande afdeling dui aan hoe verskillende psigoterapeutiese benaderings, of elemente daarvan, in EMDR en TPM geïntegreer word. Die titel van die Bobgans se boek, *TheoPhostic Counseling: Divine Revelation? OR PsychoHeresy?* (Bobgan & Bobgan, 1999:5-12) stel hierdie vraag: Het Smith die *Theophostic* benadering as 'n openbaring direk van die Here ontvang of het hy by psigologiese benaderings geleen? Smith (1996:17, 30, 31, 32, 142, 164-165, soos aangehaal deur Bobgan & Bobgan, 1999:6-11) gee in die oorspronklike 1996-uitgawe van sy basiese handboek verskeie aanduidings wat daarop dui dat die Here die metode of die beginsels daarvan aan hom openbaar het. Die implikasie van so 'n aanspraak is dat dit dus bo verdenking of kritiek verhewe behoort te wees, of anders kritiseer 'n mens dalk die Here. Die volgende aanhaling verwys na die geleentheid toe Smith een aand na nóg 'n frustrerende sessie met verkragtingslagoffers tot die Here geroep het. "I did not receive an answer that evening in the car, but over the next few weeks, simple yet profound principles began to emerge in my thinking. It was as though a spigot had been turned on and the insight of this process began to flow through my mind." (Smith, 2000a:34.)

In reaksie op die Bobgans se kritiek, skryf Smith soos volg in die 2000-uitgawe van die handboek:

> The dear fellow out on the West Coast has said in his little book that I believe I have been given a new revelation from God. Sorry, to disappoint him or others, but I cannot claim such notoriety. I do believe that God provides His Church with new insight in new methods of leading people to Jesus and into healing. ... Theophostic Ministry is not spiritual in and of itself but rather a vehicle by which God is bringing healing to His Body." (Smith, 2000a:13.)
>
> Have I thrown away all I have gained in my former training in Christian counseling? Absolutely not. But it has required a major shift in my thinking and normal procedures. It required me to move from believing *about* to believing *in* the miraculous. (Smith, 2000a:13.)

Eerstens skram Smith dus weg van die aanspraak dat hy hier 'n onfeilbare Godgegewe metode sou hê, maar hy stel tog onomwonde dat die Here hom hierin gelei en wysheid en insig gegee het. Voorts bevestig hy dat hierdie stelling nie vreemd opgeneem moet word nie, want die Here het nog altyd sy kerk gehelp om nuwe metodes te ontwikkel ten einde mense te bereik en te bedien. Laastens erken Smith dat hy gesteun het op en aangesluit het by die kennis en wysheid wat hy uit sy omgang met ander pastorale en terapeutiese benaderings opgedoen het.

Lehman en Lehman (2006a:1-3) wys op heel nugtere manier daarop dat die Here vir dr. Ed Smith besondere wysheid en insig gegee het om die etiologie van emosionele verwondings te verstaan en om die beste beginsels en tegnieke uit tradisionele innerlike genesing, traumabehandelings en sekulêre terapieë byeen te kon bring in TPM. In hul artikel, *Compare and Contrast: EMDR^R, 'Traditional' Prayer for Emotional Healing, Theophostic^R Ministry, and Cognitive Therapy* (Lehman & Lehman, 2006b:1-6), het hulle ooreenstemmings wat TPM met hierdie benaderings en met emosionele genesing het, opgesom. In hul essay, *Theophostic^R, What is Unique?* (Lehman & Lehman, 2006c:1-13) het hulle aangedui wat hulle as nuut en uniek in die *Theophostic* bediening beskou.

3.5 'N VERGELYKING TUSSEN EMDR EN TPM

Die doel van die relatief deeglike beskrywing van EMDR wat tot dusver gegee is, is veral sodat die treffendste ooreenkomste en verskille tussen *Theophostic Prayer Ministry* en EMDR duidelik kan blyk. Soos reeds gemeld, gee Bobgan en Bobgan (1999:95-109) 'n sterk aanduiding dat hulle treffende ooreenkomste tussen TPM en EMDR raaksien. Lehman en Lehman (2003b; 2005a; 2006a:2-3; 2006b) bied ook insiggewende vergelykings tussen TPM, kognitiewe terapie en EMDR. In die lig van die gemelde werke van die Bobgans en die Lehmans word TPM en EMDR vervolgens vergelyk.

3.5.1 Ooreenkomste tussen EMDR en TPM

Die volgende ooreenkomste tussen EMDR en TPM kan geïdentifiseer word na aanleiding van 'n vergelyking van hierdie twee benaderings:

a) Beide EMDR en TPM het ten doel om trauma en ervaringsgebaseerde patologie op te klaar.
b) Beide EMDR en TPM verwys dikwels na gevalle van trauma en ervaringsgebaseerde probleme, byvoorbeeld verkragting-, molestering- of oorlogslagoffers ter illustrasie van die werking en effektiwiteit van die besondere behandelingsmetode (Bobgan & Bobgan, 1999:13-31).
c) Beide EMDR en TPM is integrerende benaderings wat fasette van verskillende behandelingsmodaliteite betrek (vgl. 3.4.8 hierbo).
d) Beide EMDR en TPM se basiese werking het te doen met die teruggaan na "gevriesde" herinneringe en die bevredigende prosessering daarvan (Bobgan & Bobgan, 1999:49-68). By TPM geskied dit hoofsaaklik volgens die kognitiewe terapeutiese teorie (vgl. Lehman &

Lehman, 2003a); by EMDR geskied dit volgens 'n ervaringsprosesseringsteorie (vgl. 3.4.7 hierbo).

e) Beide EMDR en TPM voorsien dat die genesing *in* die traumatiese herinnering, waar die pynlike emosies en die leuens/negatiewe kognisies gedra word, moet plaasvind (Lehman & Lehman, 2003b:3). Dit kom daarop neer dat die aanvanklike disfunksionele ervaringskennis met funksionele ervaringskennis vervang word (Shapiro, 2001:46; vgl. 3.4.7.1).

f) Die hoofkomponente waarop die behandelingprosedures fokus, stem grootliks ooreen (Bobgan & Bobgan, 1999:99-101; Lehman & Lehman, 2003b:3). By TPM is dit die historiese herinnering, die leuen, die emosie(s) wat daarmee saamgaan en die lig wat God gee. EMDR fokus op die beeld, die negatiewe kognisie, emosies wat daarmee saamgaan en 'n positiewe kognisie.

g) Albei metodes meet die intensiteit van die tersaaklike emosies en die geldigheid van die kognisies, al stem die metodes nie honderd persent ooreen nie (Bobgan & Bobgan, 1999:102-104).

h) Beide EMDR en TPM maak van gevorderde prosedures gebruik wanneer die terapeutiese proses tot stilstand sou kom (Lehman & Lehman, 2003b:3-4).

i) Beide EMDR en TPM identifiseer en hanteer blokkerende of "guardian" leuens wat die genesingsproses kan verhinder (Lehman & Lehman, 2003b:3).

j) Beide EMDR en TPM identifiseer en hanteer psigologiese verdedigings (ontkenning, repressie, dissosiasie, ens.) as "clutter" wat die proses kan verhinder (Lehman & Lehman, 2003b:3).

k) Albei metodes verwag dat volledige genesing van elke psigologiese wond kan plaasvind (Lehman & Lehman, 2003b:3; vgl. Bobgan & Bobgan, 1999:24-29).

l) Albei metodes maak aanspraak op vinnige, effektiewe en blywende resultate met talle behandelingsweerstandige psigologiese probleme (Bobgan & Bobgan, 1999:26-29, 98).

m) Smith gebruik dikwels die term "prosessering" wat eie aan EMDR en informasieprosessering is, maar wat nie in die literatuur van die tradisionele innerlike genesing voorkom nie. Stap 11 byvoorbeeld in die TPM prosedure is "Prosesseer oorblywende leuens" (vgl. 2.3.4.11). En Shapiro (2002a:2) reken dat "Reprocessing Therapy" moontlik 'n beter naam vir die EMDR benadering kon wees.

3.5.2 Belangwekkende (uniekhede by en) verskille tussen EMDR en TPM

Wanneer EMDR en TPM met mekaar vergelyk word, kan die volgende belangwekkende unieke kenmerke by EMDR, sowel as ander verskille, aangeteken word:

a) 'n Fisiologies-verankerde psigologiese heelwordingsmeganisme of ~sisteem word as grondliggend tot die EMDR benadering en die versnelde informasieprosessering beskou. TPM, aan die ander kant, vermeld nie iets soortgelyks nie en wys deurgaans heen na Jesus as die geneser in die proses.

b) EMDR verseker die veiligstelling van kliënte teen moontlike hertraumatisering deur onder andere deeglike voorbereiding voor terapie, die aanleer van stresbeheertegnieke, die 'afwen' teen die einde van 'n sessie en huiswerkmoontlikhede tussen sessies. Hierdie fasette ontbreek by TPM.

c) EMDR benut sy prosedure om mense se selfwaarde en selfvertroue op te bou, in die aanloop tot verdere traumabehandeling. Vanuit die empiriese studie het iets soortgelyks na vore gekom (vgl. Bylaag D, punte 4.4 en 4.2; par. 17 in die A2/C3-onderhoud insake 'n "chappies"-episode).

d) EMDR beklemtoon die desensifisering van die emosies wat disfunksioneel gestoor was (vgl. 3.4.5 Stap 4 hierbo). Uiteraard lê TPM, wat hoofsaaklik op die kognitief-terapeutiese lees geskoei is, meer klem op die regstel van die leuens/negatiewe of distorte kognisies in die herinnering en gee minder aandag aan die emosionele prosessering (vgl. Lehman & Lehman, 2003a:1-6).

e) EMDR lê klem op die daarstel van 'n positiewe kognisie en die vaslegging daarvan. Hierdie faset gee volgens Shapiro rigting aan die terapeutiese proses en die positiewe kognisie vervang later die negatiewe kognisie (vgl. 3.4.4 c).

f) EMDR het waargenome assosiasiepatrone gekategoriseer en volgens die navorser hou dit beter verband met die neurofisiologiese onderbou van die informasieprosesseringteorie as wat die kategorieë van leuens en soorte leuens by TPM weerspieël (vgl. 2.2.3.3 en 2.2.3.4). Hiermee saam word die implisiete moontlikheid voorgehou dat daar meer as een (assosiatiewe) manier is om by pynlike herinneringe uit te kom as net die "rookspoor van emosies" wat TPM se aangewese metode is.

g) EMDR bied 'n interessante metode om ooreenstemmende negatiewe assosiasies van 'n veelvoudige traumaslagoffer saam te bondel en 'n verteenwoordigende insident te kies en te prosesseer, met gevolglike positiewe veralgemening van die effek na die ander verbandhoudende insidente. Smith (2000a:67-68) verwys tog na 'n soortgelyke verskynsel wat soms tydens TPM sessies plaasvind en wat hy "hyper-healing" noem.

h) EMDR hanteer 'n nuttige drie-rigting protokol wat op die verlede, hede en toekoms fokus. Sou die saak by TPM voorkom, dan gebeur dit nie so eksplisiet soos by EMDR nie.

i) Die uitstaande unieke eienskap van EMDR is die intervensiemetode van duale oogbewegings of ander stimulerende aktiwiteite wat aanleiding gee tot die oriënteringsrespons en gevolglike fasilitering van die prosessering.

3.5.3 Verdere verskille tussen TPM en EMDR (soos aangeteken deur die Lehmans)

Waar die aangetekende verskille van die vorige afdeling (vgl. 3.5.2) die uniekhede van EMDR beklemtoon het, word in hierdie afdeling groter klem gelê op die unieke winspunte van TPM as benadering teenoor die EMDR benadering. Daar word hoofsaaklik na die Lehmans (2003b) se werk in hierdie verband verwys.

a) EMDR vereis dat die fasiliteerder meer rigtinggewing en leiding aan die dag moet lê as die fasiliteerder by TPM. TPM keer herhaaldelik en eksplisiet na Jesus om die proses te rig en te begelei (Lehman & Lehman, 2003b:4).
b) EMDR erken dat die leuen/negatiewe kognisie belangrik is, maar "does not identify the lie/negative cognition as the primary source of toxic energy in traumatic memories" (Lehman & Lehman, 2003b:3, 6). Die rede waarom TPM die leuen as die primêre bron van 'vergiftigende' krag beskou, is waarskynklik omdat Smith die TPM benadering sterker op die teoretiese lees van die kognitiewe benadering geskoei het, terwyl EMDR volgens 'n teorie van ervaringsprosessering verstaan en bedryf moet word. Hiervolgens speel die emosie wat saam met die negatiewe kognisie in die traumatiese herinneringe 'gevries' is, ook 'n belangrike rol in die traumatiese herinneringe.
c) TPM en dr. Ed Smith beveel aan dat die TPM fasiliteerder aan sy eie emosionele genesing moet werk, ten einde te verseker dat dit nie ook verhinderend op die proses inwerk nie (Lehman & Lehman, 2006c:10). Die Lehmans het nie dieselfde aansporing tydens hul opleiding in EMDR ontvang nie, alhoewel hulle deur ervaring ondervind het dat hoe 'heler' die EMDR fasiliteerder is, hoe beter gaan dit ook met die toepassing daarvan (Lehman & Lehman, 2003b:4).
d) TPM belig sake soos demoniese misleiding, bitterheid of onvergewe insidente en onbelede sonde as moontlike hindernisse in die helingsproses – fasette wat nie by EMDR voorkom nie (Lehman & Lehman, 2003b:4).
e) Volgens Lehman en Lehman (2003b:5-6) se oordeel, is TPM veiliger om toe te pas as EMDR. TPM word as veiliger geag omdat die alternerende neurologiese stimulasie van EMDR 'n kragtige instrument is wat ook onoordeelkundig aangewend kan word. Dit help byvoorbeeld om emosies en herinneringe te konnekteer deurdat dit die traumatiese geheuesisteem energeer en dit lyk asof hierdie duale stimulasies verbindinge fasiliteer tussen die waarheid in

die volwasse kognitiewe verstand en die leuens wat 'vashaak' in die ervaringsgebaseerde traumatiese herinneringe. "But it also seems able to 'manually' breach defenses before a person has internal unity about cooperating with the process (we have seen this happen)." (Lehman & Lehman, 2003b:5.) In TPM is dit die lewende teenwoordigheid van die Here Jesus wat die proses voorthelp, maar dit is nie die styl van die Here om 'n pad oop te forseer deur mense se psigologiese verdedigings nie.

f) TPM is ook makliker om toe te pas en is meer effektief as EMDR. Dit is makliker, want 'n groot deel van die proses berus eintlik by die Here se leiding. Dit is meer effektief as EMDR om verskeie redes wat die Lehmans (Lehman & Lehman, 2003b:5.) noem, maar wat die navorser nie nou van belang ag om te noem nie.

3.5.4 'n Evaluering na aanleiding van die vergelyking van EMDR en TPM

Met die empiriese studie waarvan in Hoofstuk 4 gerapporteer word, het een deelnemer naamlik C4, aangedui dat hy TPM en EMDR in kombinasie gebruik, omdat dit volgens hom baie in gemeen het. Bobgan en Bobgan (1999:95-110), sowel as Lehman en Lehman (2003a; 2003b), bevestig dat hierdie twee behandelingsmetodes baie ooreenkomste met mekaar het. Dr. Karl Lehman sê byvoorbeeld (Lehman & Lehman, 2003b:4): "Our perception is that Theophostic includes everything in EMDR except the alternating hemisphere neurological stimulation." Hy maak self ook van EMDR en TPM in kombinasie gebruik (Lehman & Lehman, 2003b:1). Thiessen (2003:94) voeg weliswaar by dat Smith se metode net soveel ooreenkomste met Neuro-linguistiese Programmering (NLP; Otero, 1986) toon. Die navorser reken dus dat Bobgan en Bobgan (1999:104) waarskynlik reg is met die afleiding wat hulle oor EMDR en TPM maak:

> Even a cursory comparison of the cases discussed, means of rating the intensity of emotions, and the very methodology used is too congruent between the two to be coincidental. In fact, if TheoPhostics had been in existence before EMDR, we would accuse Shapiro of obtaining her material from TheoPhostics. However, EMDR preceded TheoPhostics by a number of years. If there were only one psychotherapeutic system to choose from as evidence of the pschotherapeutic origin of TheoPhostic counseling, EMDR would it be."

In pas met David Entwistle se tweede artikel, *Shedding Light on Theophostic Ministry 2: Ethical and Legal Issues* (Entwistle, 2004b:35-42), waarna in Hoofstuk 2 (2.4.1.4) verwys is, kan egter die vraag gevra word waarom Smith dan nêrens duidelik aandui dat hy by Shapiro geleen het nie. Dit is opvallend dat hy trouens baie min kere aandui dat hy 'n konsep by iemand of by 'n benadering geleen of oorgeneem het. Smith erken dat hy by kognitiewe terapie en die sogenaamde "brief

therapy" geleer het (2000a:27-28, 150), maar hy laat blyk dat hy nie veel van EMDR weet en geen formele opleiding daarin ondergaan het nie (2000a:48).

> Some have seen a likeness of this rating the lie with the work of Edith (sic!) Shapiro and EMDR (Eye Movement Desensitization and Reprocessing.) I truly cannot say since I am not that familiar with her work nor have I been trained at any level in her methodology. I do not need credit for this aspect of the process and if she wants credit for this aspect of the technique I am happy to credit her for this.

Nietemin skryf hy tog die volgende veelseggende woorde (Smith, 2002a:143-144):

> Theophostic Prayer Ministry rests on the biblical principles of God's Word and on a basic understanding of what is known scientifically about how the mind works.
>
> I do not endorse everything that is coming down the science pike, but there is an enormous amount of information available that has proven invaluable in increasing our effectiveness in mind renewal and ministry. God has given us minds to develop, and I believe that using the results of good research is being a good steward of what God has given us.

Uit bostaande aanhalings blyk dit dat Smith tog van die "resultate van goeie navorsing" gebruik gemaak het; derhalwe kan dit nie met algehele sekerheid afgelei word dat Smith sy benadering van die Here alleen ontvang het nie. Dit kom, met ander woorde, voor of Smith definitief by EMDR geleen het. Dr. Karl Lehman, hierteenoor, wat volgens eie verklaring geen affiliasie met Smith of die *Theophostic Ministry* het nie (Lehman & Lehman, 2008:1), maar wat deurgaans gunstig oor TPM rapporteer, is van mening dat Smith nie by Shapiro en EMDR geleen het nie (Lehman & Lehman, 2003b:10). Lehman is van oordeel dat die Here vir Smith onafhanklik van ander gelei het om sy unieke TPM benadering te ontwikkel.

Dit moet erken word, en dit kan Smith se naam bo verdenking (her-)stel, dat die Here tóg mense kan lei om 'n unieke benadering vir terapeutiese werk en/of innerlike genesing te ontwikkel wat grootliks ooreenkom met ander bestaande metodes. Die navorser het byvoorbeeld die naweek van 15 tot 17 Junie 2007 met twee persone tydens 'n TPM Beradingskonferensie in Bloemfontein gesels. Hulle het albei te kenne gegee dat hulle presies dieselfde doen in hulle beradingswerk as waarvan hulle die naweek oor TPM geleer het (Den Hollander, 2007; Dirks, 2007). Albei van hulle het geen vooraf-kennis van die TPM benadering gehad nie. Welly den Hollander, 'n maatskaplike werker van Durban, sê dat die Here vir haar innerlike genesing leer doen het en dat sy dit doen op 'n manier wat ooreenstem met TPM. Die navorser het nie gekontroleer in watter mate Den Hollander se metode met TPM ooreenstem nie. In die gesprek met Tina Dirks, 'n berader uit die Kaap, kon die navorser 'n bietjie meer kontroleer. Sy het inderdaad 'n metode wat baie ooreenkomste met TPM toon. Wat uniek is van Dirks, en wat die navorser aanspreek, is dat sy 'n

baie ernstige gebedslewe lei en soms deur die Here gelei word om deur middel van 'n profetiese woord of 'n woord van kennis die innerlike genesingsproses aan die gang te sit.

3.6 VERHELDERING VAN TPM TEORIE EN PRAKTYK VANUIT DIE EMDR ONDERSOEK

Hierdie afdeling kan afskop met die vraag: Watter lig bring hierdie hoofstuk se metateoretiese ondersoek na EMDR vir die teorie en praktyk van die *Theophostic* bediening? Verskillende bevestigings, aanvullings, verrykings, verdiepings en selfs 'n korrigering of meer kan aangeteken word na aanleiding van veral die vergelyking tussen EMDR en TPM (vgl. 3.5 hierbo).

Nadat die navorser die basiese handleiding van Smith (2000a) gelees het, het die volgende vrae by hom opgekom:

VRAE WAT DIE NAVORSER MET DIE AANVANG VAN DIE TOTALE STUDIE GEVRA HET

(1) Is TPM 'n heeltemal nuwe benadering en is dit deur die Here gegee, of steun dit tog op ander terapieë en modaliteite?
(2) Hou die aanspraak op groter, ingrypender en blywender resultate ("more than tolerable recovery") stand en is dit Bybels verdedigbaar?
(3) Is die uitgangspunt van "leuens wat bind" nie 'n te eng verklaringsmeganisme vir innerlike verwondings nie, of werk Smith met 'n spesifieke kategorie van innerlike genesing?
(4) Wat word alles as "lig" ("theou phos") beskou wanneer Jesus Christus in die proses genesend intree?
(5) Watter ooreenkoms het "stirring up the darkness" met pastorale rousmartprosesse?
(6) Wat is die ooreenkomste en verskille tussen TPM en ander sisteme of metodes van innerlike genesing?

Die eerste vraag (1) hierbo is reeds in hierdie hoofstuk (by punte 3.4.8.1 en 3.5.4) beantwoord. Uit die gedeelte blyk dit of TPM nie heeltemal nuut en deur die Here gegee is nie, aangesien dit tog op ander terapieë en modaliteite steun. Laasgenoemde is juis waarskynlik, aangesien Smith oor jare aan verskillende terapeutiese benaderings blootgestel was en daarmee gewerk of geëksperimenteer het. Hy erken dan ook hierdie moontlikheid, volgens Bobgan en Bobgan (2002:4). Vraag 2 word hieronder by 3.6.1.1 beantwoord, vraag 3 by 3.6.3.2, terwyl die empiriese studie (Hoofstuk 4) vraag 4 beantwoord oor wat alles as "lig" beskou word in die *Theophostic*

proses. Vraag 5 is tot en met die huidige nog nie direk beantwoord nie, alhoewel die verwysings na desensifisering dit reeds belig. Die vraag sal eers in Hoofstuk 6 (6.3.2.3) na behore beantwoord word. Vraag 6 is deels beantwoord deur die vergelyking van TPM en EMDR met die belangrikste benaderings wat daarin saamloop (vgl. 3.4.8). Die navorsing het egter tot dusver nog nie TPM met tradisionele innerlike genesingsmetodes vergelyk nie – 'n ideaal wat tot met die afhandeling van die studie nie volledig gerealiseer het nie.

3.6.1 Bevestigings vir TPM

Uit die metateoretiese ondersoek van hierdie hoofstuk kan verskillende bevestigings ten opsigte van TPM aangeteken word, wat ook hieronder kortliks bespreek word.

3.6.1.1 TPM se "more than tolerable" en "maintenance-free recovery" kom ook by EMDR voor

Onder andere Bobgan en Bobgan (1999:13-31) sowel as Entwistle (2004a:26-34; 2004b:35-42) lewer kritiek op TPM se suksesaansprake van vinnige, blywende, instandhoudingsvrye en ingrypende prognoses selfs met behandelingsweerstandige probleme. In die literatuur oor EMDR kan van dieselfde soort suksesaansprake gelees word. Die lyste van navorsing en studies wat die werking en effektiwitieit van EMDR bevestig, spreek vanself (3.4.3; vgl. Lipke, 2000:1-11; Shapiro 2001:344-359; 2002a:3; Shapiro, *ed.,* 2002:357-388; Shapiro & Maxfield, 2002:934-935; Shapiro & Forrest, 2004:261-268). Die navorser reken dat Shapiro met reg haar teoretiese werkingshipotese die *versnelde* informasieprosesseringsteorie kan noem (3.4.7). Volgens mediese en psigiatriese riglyne mag 'n professionele terapeut of berader egter nie sy behandelingsbenadering as superieur tot ander bemark nie en openbare uitsprake oor die effektiwiteit van 'n behandelingsbenadering mag slegs gelewer word alleenlik nadat voldoende navorsingsresultate die saak bevestig het (Health Professions Council of South Africa - HPCSA, 1974:17). In daardie opsig bevraagteken Entwistle (2004a:26-34; 2004b:35-42) moontlik met reg Smith se etiese optrede hierin, en het die Bobgans (1999:13-31) moontlik redes vir hul soortgelyke aantygings teenoor Smith. TPM se aansprake is egter nie verregaande nie, aangesien iets soortgelyks by EMDR waar te neem is. Die Lehmans (2003b:6) reken egter dat TPM meer effektief as EMDR is, 'n bevinding wat op ervaring berus.

3.6.1.2 Daar is algemene bevestiging vir TPM se huis-met-twee-kamers-teorie

Naleeswerk oor EMDR se VIP, en veral die neurobiologie daarvan, bied bevestiging vir TPM se breinteorie wat geïllustreer word as 'n huis met twee kamers (vgl. 2.1.2). Dr. Larry Squire en

kollegas het byvoorbeeld aangedui hoe sekere dele van die brein vir *verklarende* en ander vir *nie-verklarende geheue* verantwoordelik is (Squire, 1986:1612-1619; Squire & Zola-Morgan, 1991: 1380-1386; vgl. Van der Kolk, 2002:57-83). Die insetsel oor neurofisiologiese begronding van EMDR (vgl. 3.4.8 viii), sowel as die verklarings oor die rol wat die duale neurale stimulasies in EMDR speel (vgl. 3.4.6), dien as bewyse vir die afleiding wat hier ter sprake is, naamlik die bevestiging vir TPM se tweekamerteorie.

TPM se onderskeid tussen *logiese kennis* aan die een kant en *ervaringskennis* aan die ander kant, vind ook begrondende bevestiging in ander wetenskaplike navorsingsverslae wat 'n duale verteenwoordigingsteorie van PTSS voorstel op grond van kliniese eksperimentering soos byvoorbeeld dié van Chemtob *et al.* (1988:253-275) en Brewin *et al.* (1996:670-686). Dit is hoofsaaklik waar EMDR se versnelde informasieprosesseringsmodel (VIP) behandel is (vgl. 3.4.7), dat na hierdie studies verwys is.

3.6.1.3 TPM konsepte, faktore en prosedures vind bevestiging in soortgelyke EMDR elemente

Ter stawing van hierdie genoemde stelling kan byna na al die waargenome ooreenkomste tussen EMDR en TPM verwys word soos dit aangeteken is by punt 3.5.1. Enkele punte (3.5.1 d tot k) dien beklemtoon te word. Beide EMDR en TPM se basiese werking behels 'n 'teruggaan' na "gevriesde herinneringe;" beide verwag genesing *in* die traumatiese herinnering; die hoofkomponente van waarneming waarop beide behandelingsmetodes fokus, stem grootliks ooreen (teikenbeeld, negatiewe kognisie, emosie en positiewe kognisie); albei metodes meet die intensiteit van emosies en die geldigheid van kognisies; en beide metodes gebruik gevorderde metodes indien die proses tot stilstand sou kom.

3.6.1.4 TPM se eklektiese metode vind bevestiging, selfs aanbeveling, in EMDR se integrering

Velthuysen (1989:1-12) trek in sy studie oor tradisionele innerlike genesing te velde teen 'n sameflansing van konsepte en prosedures uit verskillende psigoterapeutiese benaderings in sekere van die innerlike genesingsmodelle waarmee hy te doen gekry het (vgl. 1.2.5.2). Die navorser moet hom gelyk gee dat sekere pogings tot integrering onsuksesvol is. Tog is daar ander pogings wat meer sinvol is; daarom sou dit onvanpas wees om te beweer dat alle integrering op hierdie vlak waardeloos is. In EMDR word die sukses van die benadering juis toegeskryf aan die benutting van die duale oogbewegings of ander stimulasies tesame met die benutting van elemente uit 'n verskeidenheid van psigoterapeutiese benaderings (vgl. Shapiro, 2001:28; 3.5.1 c hierbo).

Hierdie vorm van integrering word nie alleen net goedgekeur nie; dit word selfs aanbeveel, byvoorbeeld deur Freedy en Donkervoet (1995:18-19). In hulle oorsigtelike behandeling van die veld van traumatiese stres, erken hulle die relatiewe waarde van 'n eenduidige model vir die verstaan van PTSS. Dit kan naamlik die rol van 'n spesifieke faktor, soos byvoorbeeld die gekondisioneerde angs, kognitiewe prosesse en biologiese kwesbaarheid met redelike presisie verduidelik. 'n Eenduidige (nie-integrerende) model kan egter nie die kompleksiteit van die ontstaan en behandeling van 'n traumatiese reaksie soos PTSS verduidelik nie. Daarom stel hulle voor dat gebruik gemaak word van integrerende benaderings wat 'n verskeidenheid faktore in die ontstaan en behandeling van PTSS verreken. "The future advancement in conceptual understanding of PTSD will rely on models that attempt to integrate psychological, social, and biological mechanisms." (Freedy & Donkervoet, 1995:18-19). Hierby kan ook die stem van Len Sperry (2005:308-309) gevoeg word wat 'n "biopsigososiospirituele model" voorstaan, aangesien "single-modality-oriented clinicians" net nie sukses kon behaal het met "difficult-to-treat individuals" nie.

3.6.2 Aanvullings, verrykings en/of verdiepings vir TPM

Die navorsing van hierdie hoofstuk het ook die volgende aanvullings, verrykings en/of verdiepings ten opsigte van TPM blootgelê, wat hieronder bespreek word.

3.6.2.1 Benut EMDR se versnelde informasieprosesseringsteorie om TPM se werkingsteorie te verryk en/of te verdiep

Die navorser reken dat die onderliggende werkingsteorie van TPM uitgebrei en verdiep kan word deur by EMDR se versnelde informasieprosesseringsteorie aan te sluit en/of daarop voort te bou (vgl. 3.4.7). Daar kan ten minste drie redes vir die voorstel aangevoer word. Die waargenome ooreenkomste op prakties-kliniese vlak (vgl. 3.5.1 a, b, l hierbo) tussen die twee benaderings kan as 'n eerste rede geld waarom veronderstel kan word dat beide TPM en EMDR moontlik op dieselfde werkingshipotese bou.

Dit blyk, tweedens, dat TPM en EMDR op teoretiese of konsepsiële vlak reeds by mekaar aansluit. TPM, net soos EMDR, beskou by name ervaringsgebaseerde patologiese probleme as geneesbaar, soveel so dat daar nie soseer op die diagnoses gekonsentreer word nie, maar op die disfunksioneelgestoorde ervaringsinformasie. Smith maak alreeds gebruik van die basiese terme en denke van die informasieprosesseringsteorie (vgl. 3.5.1 m hierbo). Waar hy byvoorbeeld die

definiëring en rolle van die gees, siel en liggaam van die mens uitklaar, beskryf hy die siel/verstand se werking onder andere volgens die metafoor van 'n rekenaar wat informasie prosesseer of verwerk (Smith, 2000a:182-183).

Volgens Lehman en Lehman (2003a:1-6) sluit TPM egter sterker by die basiese teoretiese beginsels van kognitiewe terapie aan (vgl. Ellis, 1990/1962; Young, 1990). Die navorser stem hiermee saam. Teenoor hierdie siening is daar ook die standpunt van 'n ander evalueerder van TPM wat redeneer dat TPM se basiese werking van kognitiewe terapie verskil (Ridgway, 2007b:3). "Cognitive therapy works at replacing *unscientific* thoughts by *scientifically tested* ones." Dit wat tydens TPM gebeur, is volgens dr. Ridgway (2007b:3) eerder 'n tipiese ervaringsinformasie reprosessering en nie 'n tipies kognitief-terapeutiese proses nie.

Derdens, sien die navorser egter steeds 'n oordrewe kousale rol toegedig aan die leuen – eie aan kognitiewe terapie (vgl. Bankart, 1997:266) – by TPM, en reken derhalwe dat die informasieprosesseringsteorie van EMDR 'n beter verstaansraamwerk bied as kognitiewe teorie om innerlike verwonding te verstaan en om gepaste beradings- of terapeutiese intervensies daarvolgens te ontwerp en aan te lê.

3.6.2.2 Ondersoek alternatiewe wyses vir die teruggaan na pynlike herinneringe naas die "emosionele rookspoor," na aanleiding van EMDR se beligting van assosiatiewe netwerke en patrone

Shapiro en haar medestanders het sekere assosiasiepatrone tydens EMDR sessies aangeteken (Shapiro, 2001:79-82; vgl. 3.5.2 f). Die volgende patrone van assosiasie is byvoorbeeld aangeteken. Die verskillende herinneringe is volgens assosiasie aan mekaar verbind deur middel van aanverwante raakpunte soos:

- die geloof inherent aan die trauma;
- die belangrikste deelnemer of skender verbonde aan die veelvuldige trauma;
- die belangrikste stimuli wat by elke insident voorkom;
- die spesifieke soort gebeure wat in elke herinnering plaasgevind het;
- die dominante fisiese sensasies van die insidente; en
- die dominante emosies wat met elke gebeurlikheid ervaar is.

Volgens die navorser se verstaan van sake, is emosies net een van vele moontlike ooreenstemmende traumaverwante informasieformate wat in verskillende herinneringe gestoor

mag wees en deur assosiatiewe verbindings met mekaar gekoppel kan wees. Die navorser word met die indruk gelaat dat TPM se metode om altyd vanaf 'n huidige snellergebeure *via die "emosionele rookspoor"* na vorige herinneringe terug te gaan, beperkend kan wees. Daarom stel hy voor dat beradenes groter vryheid moet hê om volgens enige van bogenoemde assosiasies wat mag opkom, terug te gaan na vorige herinneringe. (Die moontlikheid bestaan dat die navorser beperkte insig en ervaring oor die teorie en praktyk van TPM mag hê waardeur hy iets van die rede van die TPM aanpak oorsien).

In die lig van die rol wat ervaringsgebaseerde tegnieke by ander terapeutiese modelle wat blykbaar goeie sukses geniet, speel, (Whitfield, 1987; Mahrer, 1989; Pearson & Nolan, 1995) stel die navorser voor dat by daardie modelle geleer behoort te word. Dr. Charles Whitfield (1987:87-88) wat mense met alkohol-, dwelm- en gesinsprobleme help, skryf 'n agtiental ervarings-gebaseerde tegnieke voor wat kan meehelp om met herinneringe en die gevoelens wat daarmee saamgaan, in kontak te kom. Die werk van dr. Mahrer (1989:26) wat in "Experiential Psychotherapy" spesialiseer, beklemtoon en benut verskillende tegnieke, soos byvoorbeeld "experiential listening" – 'n tegniek wat empatiese luister en refleksie tydens kliëntgesentreerde terapie net nog 'n stap verder neem. Mark Pearson en Patricia Nolan, twee onderwyser-terapeute in Australië, gebruik 'n eie eklektiese metode van psigoterapie wat hulle *Emotional Release Counselling (ERC)* noem (Pearson & Nolan, 1995). In hulle werk met kinders en volwassenes maak hulle baie van ervaringsgebaseerde tegnieke gebruik, wat blykbaar uitstekende resultate lewer. Die navorser reken dat die TPM praktyk sinvol verryk of aangevul kan word deur in hierdie opsig ervaringsgebaseerde tegnieke te ondersoek met die oog op benutting (vgl. Bylaag D, punt 2.1.5).

3.6.2.3 Benut TPM meer effektief vir die opbou van beradenes se interne bronne (vertroue in self, God, die berader en metode) volgens 'n soortgelyke aanwendingsmoontlikheid van EMDR

Uit sy eie ervaring met getraumatiseerde beradenes het die navorser ontdek dat die opbou van vertroue 'n belangrike aspek in die beradingproses is. Deelnemers A2 en C3 (par. 17 in die A2/C3-onderhoud, Hoofstuk 4) in die empiriese studie het verwys na 'n "chappies"-episode waardeur die Here eers die beradene se vertroue in Hom, in haarself en die TPM proses gevestig het, alvorens na die ware "issues" gegaan is. Die spesifieke moontlikheid van EMDR om 'n kliënt se *innerlike bronne* soos selfwaarde en selfvertroue op te bou, verdien verdere navorsingsaandag – wat nie spesifiek die oogmerk van hierdie navorsing is nie (Shapiro, 2002a:2; Shapiro, S., 2001:531; vgl. 3.4.1).

Moontlik kan by dié EMDR tegniek aangesluit word (vgl. 3.5.2 c) en kan TPM doelbewus ingespan word om beradenes se vertroue in hulself, God, die berader en die beradingsmetode te help versterk in die aanvanklike stadia van berading. Dr. Neil Anderson (1993:36-37, 46-47) se werkswyse kan as 'n voorbeeld dien. Aangesien hy die waarde daarvan besef dat mense hul identiteit in Christus moet ken, en dat mense genoeg geloofsmoed moet hê om hul pynlike herinneringe op te soek en te herbeleef, laat hy sy beradenes dikwels - ter voorbereiding van die verdere innerlike genesingsproses - lyste Skrifaanhalings deurlees en so goed as moontlik vir hulself toeëien. As die werk van dr. Willem Nicol (2002) oor innerlike genesing deur Skrifmeditasie hierin kan meespreek, dan moet daardie Skrifverse van dr. Neil Anderson juis op 'n meditatiewe wyse gelees en toegeëien word.

3.6.2.4 Voorkom hertraumatisering met TPM deur aanvullende gebruik van EMDR tegnieke

Die empiriese studie het die onsekerte van 'n getraumatiseerde persoon en sy behoefte aan veiligstelling tydens traumaberaad onderstreep (vgl. Bylaag D, punt 4 oor Traumaberaad). Dit lewer ook 'n bydrae wat as 'n stukkie begronde teorie gesien kan word en wat enkele voorstelle vir die TPM praktyk inhou. Die insigte en wysheid wat hierdie hoofstuk, Hoofstuk 3, oor EMDR na vore bring (vgl. 3.5.2 b; 3.4.5 se Stappe 1, 2 en 7 van die agt-fase prosedure van EMDR), sluit baie nou aan by die voorstelle van die empiriese studie oor traumaberaad.

Die Lehmans reken dat TPM nie so iets nodig het nie, aangesien die TPM benadering grondliggende (problematiese) herinneringe opspoor en leuens sodanig daar regstel, dat genoemde tegnieke – wat eie is aan tradisionele kognitief-behavioristiese terapie – hoegenaamd nie nodig is om stresvolle simptome in die hede te hanteer nie (Lehman & Lehman, 2003a:3). Al sou dit ook die geval wees, veral waar TPM beraders die tegniek behoorlik bemeester het, wil die navorser dit nogtans voorstel. Beraders wat nog in die leerfase is, loop die gevaar dat hulle moontlik beradenes kan hertraumatiseer met hul onervare aanwending van TPM, soos die navorser self tot sy eie beskaming in die empiriese studie moes ontdek (vgl. Bylaag D, punt 4 oor Traumaberaad).

Daarom word die volgende punte voorgestel wat vanuit die wysheid en tegnieke van EMDR kan bydra dat hertraumatisering by TPM verhoed en/of verminder word (vgl. 3.5.2 b):

- Doen 'n behoorlike *beoordeling* van die potensiële kliënt se gemoedstoestand en omstandighede ten einde te bepaal of die persoon op die oomblik die ontstemmende emosies wat met traumaberaad gepaard gaan, kan hanteer. Dit moet uiteraard tydens die eerste fase van behandeling geskied.

- Sorg vir voldoende *voorbereiding* in die eerste fases van die berading en die *afwen* teen die einde van 'n sessie.
- Sorg dat die kliënt *verbeeldingsoefeninge* (vir byvoorbeeld 'n "veilige plek") aanleer of ander tegnieke ter wille van ontspanning, emosiebeheer en selfbeheer tydens en tussen sessies, sonder om dit by voorbaat af te keur vanweë die ooreenstemming met hipnose-praktyke.
- Laat die kliënt tussen sessies *aantekeninge* neem in 'n dagboek of joernaal van drome/nagmerries, ontstellende insidente of nuwe voorvalle wat by hom mag opkom en moontlik geprosesseer moet word.

3.6.2.5 Genees veelvuldige trauma deur "saambondeling" van soortgelyke insidente, soos by EMDR

Wat Shapiro (2001:76, vgl. 3.5.2 g) deur praktiese ervaring geleer het, is dat dit aangewese is om traumatiese insidente in groepe van soortgelyke insidente "saam te bondel" en om dan 'n verteenwoordigende voorval te neem as 'n teiken vir reprosessering. "Reprocessing the representative incident will usually result in a generalization, allowing the positive treatment effects to spread to all of the associated incidents." (Shapiro, 2001:76.) Hierdie werkswyse van EMDR is presies ook wat die psigoloog, D1, van die empiriese ondersoek doen in sy afwykende formaat van TPM (Bylaag D, punt 3.1.2). Hyself gaan óók nie na elke insident en noodwendig tot by die eerste in 'n reeks as hy met veelvoudige trauma werk nie. Hierdie voorstel het die voordeel van tyd te bespaar vir die beradene en die berader, sowel as om die beradene te help om nie emosioneel oorweldig te raak as daar 'n lang geskiedenis van traumabelewenisse is wat volgens voorskrif een vir een deurgewerk moet word nie. Dit verminder ook die risiko dat die kliënt voortydig uit berading onttrek as gevolg van die herbelewenis van pynlike herinneringe.

Hierdie voorgestelde werkswyse blyk te verskil van TPM daarin dat Smith voorskryf dat al die pynlike herinneringe wat aan mekaar verwant is, een vir een opgesoek en geprosesseer moet word. Die volgende stelling in 'n artikel van Smith (2003c:29-31) dien as illustrasie van sy opvatting en riglyn hieroor (Smith, 2003c:31): "Keep in mind that we forgive our debtors issue by issue and wound by wound ... If there is an unresolved offence toward the same wounder in other memories, then the person will not reach complete compassion and forgiveness until the other places have been visited, an account taken, and healing received." Tog is daar aanduidings dat Smith (2000a:11) ook vir so 'n verkorte werkswyse voorsiening maak, byvoorbeeld waar hy die volgende stelling maak: "Healing is not determined by the number of memories but rather by the number of interpretations (lies) embedded in the memories. ... Once a lie is exposed and removed from one memory, the same lie is also expelled from all other memories."

Die onderhawige voorstel is egter in pas met die waargenome assosiasiepatrone wat Shapiro en medestanders al tydens EMDR sessies aangeteken het (Shapiro, 2001:79-82; sien hierbo 3.6.2.1). Teikenherinneringe kan met daaropvolgendes verbind wees, byvoorbeeld via die skendende persoon wat hulle in gemeen het (Shapiro, 2001:81). 'n Kliënt se molestering deur sy vader mag geassosieer wees met 'n onbillike drag slae deur sy pa by geleentheid en nog 'n geval waar sy pa hom êrens alleen agtergelaat het. Hierdie tipe persoon het dikwels probleme met gesagsfigure, en kan 'n lae selfbeeld en ander probleme as gevolg van hierdie onverwerkte insidente met sy vader hê. *EMDR terapeute het al dikwels waargeneem dat die prosessering van een traumatiese herinnering na 'n ander, wat byvoorbeeld dieselfde skender in 'n assosiatiewe verbinding het, kan veralgemeen.*

Die tersaaklike voorstel hier strook – wat die navorser aanbetref – met die nuutste neurofisiologiese teorie oor die werking van die brein en geheue. Dr. Sheldon Herring (2004:22-25) skryf byvoorbeeld 'n artikel, in die *Theophostic Journal* van November 2004, oor *Building Blocks of Memory.* Hy verwys daarna dat leer en onthou deur die brein al meer volgens 'n geheuemodel van "assosiatiewe netwerke" verstaan word (en minder deur die vroeër-gangbare geheuemodel van "liniêre informasie"). Dit beteken dat daar op neurofisiologiese vlak 'n konstruksie en werkswyse van die brein bestaan wat bogenoemde voorstel vanuit die EMDR praktyk ondersteun.

3.6.3 Korrigerings of aansuiwerings ten opsigte van TPM

In hierdie afdeling word twee korrigerings of aansuiwerings ten opsigte van TPM voorgestel aan die hand van die gegewens wat hierdie hoofstuk opgelewer het.

3.6.3.1 Balanseer die TPM faset van "God wat lig gee" deur kennisname van twee uniekhede by EMDR

Die eerste uitstaande uniekheid aan die versnelde informasieprosesseringsmodel van EMDR is die fisiologies-verankerde psigologiese selfgenesingsmeganisme waarop die model berus (vgl. 3.5.2 a). Die tweede uitstaande uniekheid van EMDR is die oogbewegings of ander alternatiewe duale stimulerings waarvan dit gebruik maak (vgl. 3.5.2 i). Dit word verstaan dat die duale oogbewegings of ander stimulerings juis die genesing (of integrering van traumaverwante informasie) wat deur die selfgenesingsmeganisme gedoen word, maar wat as gevolg van trauma

geblokkeer was, weer aktiveer. Lehman en Lehman (2003b:2) gee 'n mooi omskrywing van hoe hulle die vervanging van die leuen met die waarheid by onderskeidelik EMDR en by TPM sien:

> EMDR helps the client connect to the traumatic memory where the lie is carried, and then also helps connect this place with the adult cognitive mind so that the truth carried in the adult cognitive mind can replace the lie carried in the traumatic memory. When it works, the end result looks much like some Theophostic sessions where the Lord quietly connects the truth already present in the client's adult cognitive mind with the traumatic memory where the cognitive distortion/lie is stuck. In other Theophostic sessions the Lord provides much more than is received with EMDR ...

Die vraag kan nou gevra word: Watter eensydigheid kom by TPM se faset van "God wat lig gee" voor? TPM lê baie klem daarop dat geen vervanging van hierdie leuen met die waarheid deur menslike redenasies/disputerings of pogings gedoen kan word nie (vgl. Ridgway, 2007b:3). Boonop moet die beradene sy eie magteloosheid hierin besef en bely. Voorts moet die beradene ook afsien van enige vorm van hanterings- of verdedigingsmeganismes ten einde die helende genade van God in Christus met openheid te kan ontvang (Smith, 2000a:314). Niks is op die oog af met hierdie uiteensetting verkeerd nie. Wat egter uit die empiriese studie na vore kom, is dat Smith moontlik die genade-pool van die natuur-genade-dualisme kan oorbeklemtoon, soos ook waar te neem was by deelnemer D1 (vgl. 4.9.2 i). Smith se wegskram van tegnieke soos visualisering, hipnose en so meer, is tekenend van hierdie beklemtoning.

Vervolgens moet gevra word: Wat is nou die regstelling wat deur EMDR aan die lig gebring word? Die regstelling lê daarin dat die skeppingsmatige sy van menswees onderstreep word. Die mens wat God gemaak het en waarby God in sy helende genade betrokke is (soos veral in pastorale berading) is wonderbaarlik geskep. As Shapiro (2001:30-32; vgl. 3.4.7.1) byvoorbeeld verduidelik dat die mens so gemaak is dat sy hart klop sonder dat ons (normaalweg) vir ons hart moet pas aangee, of dat 'n mens so gemaak is dat jou liggaam rowe vorm waar jy seergekry het, dan versterk dit die navorser se geloof in die wonder van God se skepping in die mens. Die skeppingsmatige pool in die natuur-genade-dualisme is volgens die navorser by TPM afgeskeep. Intussen blyk dit uit hierdie ondersoek na EMDR dat die unieke psigologiese selfgenesings-meganisme van die mens tog ook maar betrokke moet wees in die situasie waar persone innerlike heling deur 'n pastorale metode soos TPM ondergaan. Die heling van die mens tydens TPM is, met ander woorde, nie volledig en alleen toe te skryf aan God wat lig gee nie. God het die mens so wonderlik gemaak dat sekere selfgenesingsprosesse weliswaar geblokkeer kan raak met emosionele oorbelading soos tydens 'n traumatiese skok, maar dit kan ook weer aan die gang gesit word deur EMDR oogbewegings of deur TPM gebedsberading.

3.6.3.2 EMDR belig moontlike eensydighede in TPM se waardering en prosessering van kognisies én emosies

Een implikasie van die navorser se voorstel dat TPM die versnelde informasieprosesseringsteorie as werkingsteorie moet gebruik, is dat fasette van die kognitiewe aanslag van TPM, hoe nuttig dit ook alreeds sigself bewys het, hersien moet word. Rob Furlong (2003:3), senior predikant van *Thornlie Church of Christ* en voorsitter van *Concerned Christians Growth Ministries* – 'n bediening wat valse, kultiese bewegings aan die lig stel - lewer 'n negatief-kritiese evaluering van TPM in sy artikel, *Theophostic: God's Light or Satan's Lie?* Die navorser gaan nie met al Furlong se kritiek akkoord nie, maar wel met die vraag wat hy oor Smith se kognitiewe aanslag vra. Smith se aanslag is om feitlik alle ervaringsgebaseerde probleme aan die glo van leuens toe te dig. Furlong (2003:3) stel dit duidelik: "While I understand that people who are victims of these types of traumas are not magically 'healed' by simply re-visiting the event, I am left with the uncomfortable feeling that Ed Smith **minimises** the trauma by unduly emphasising and exalting the lie."

Enkele voorbeelde uit die TPM basiese handboek illustreer wat Furlong waarskynlik bedoel met die oorbeklemtoning van die rol van die leuen:

> Each lie embedded in the memory will *produce* its own specific emotion (researcher's italics). It is as though the emotion is the aroma the lie is giving off. (Smith, 2000a:310.)
>
> I asked her about the fear and she reported the fear remained. I assured her it would soon be gone when we identified the lie *producing* it. (Researcher's italics; Smith, 2000a:311.)
>
> The emotion from the lie acts the same way. The lie embedded in the memory *gives off* a strong odor every time the memory is accessed. (Researcher's italics; Smith, 2000a:315.)

Volgens hierdie aanhalings is Smith se beskouing duidelik, naamlik dat die leuen wat in die spesifieke herinnering ingebed lê die emosie "produseer" of afgee, soos wat 'n dooie rot 'n reuk afgee. Die leuen, oftewel die distorte kognisie, staan dus in 'n aanstigtelike verhouding tot die meegaande emosie. Bankart (1997:266) skryf oor Beck en die kognitiewe terapie en beaam dat Beck 'n kousale rol aan kognisie toeken. Bankart egter beklemtoon dat "thoughts, feelings, and behaviors all create, and in turn reinforce, one another." Die navorser oordeel dat laasgenoemde standpunt van 'n wedersydse beïnvloeding nader aan die ware toedrag van sake is, en skaar homself dus by daardie standpunt. Die versnelde informasieprosesseringsmodel plaas ook nie die kognisie in die prominente kousale, veroorsakende posisie soos wat TPM en die kognitiewe teorie

dit doen nie. Die VIP sal seker vir Furlong (2003:3) kan toegee, dat die belewenis van trauma (klein "t"-trauma of groot "T"-trauma) die emosie veroorsaak het.

A. de Graaff (1980:135-152) het in 'n wysgerige artikel oor psigologie onder andere die definisie en rol van emosies beskryf en aangetoon dat emosie deel is van die manier waarop mense die lewe en die wêreld rondom hulle waarneem. Emosie kan hiervolgens in drie fasette verdeel word, naamlik "sensing," "feeling" en "emoting" (de Graaff, 1980:140-141). Met "sensing" word bedoel: "Through our sensing we perceive the world around us in its immediate meaning for our existence." "Feeling" word soos volg verstaan: "Our feeling reactions are a direct response to what we have become aware of and have identified by our sensing. ... Thus, to feel is to appraise." "Emoting" word soos volg deur De Graaff (1980:141) omskryf: "In distinction from feelings, our emotional reactions manifest a total, bodily being moved by a situation. ... They mobilize the whole person and make us pull away from or move toward someone or something. In our emotions we live out here and now and surrender bodily to how we feel in a particular situation."

Een belangrike saak wat uit bogenoemde aanhalings blyk, is dat die mens se sensitiewe lewe die substraat vorm vir die interpretasies wat 'n mens aan ervarings toedig. Hieruit kan dus afgelei word dat emosie ook kousaal verantwoordelik is om kognisies (interpretasies/betekenisse) te help "produseer." Dit is dus nie noodwendig die leuens wat die emosies dra of "produseer" nie. Die saak lyk ingewikkelder as wat TPM op tipies kognitief-teoretiese manier dit mag verklaar.

Op dieselfde trant verduidelik De Graaff (1980:145-146) dat die "sense perceptions and feelings" 'n belangrike rol speel in die bepaling van die betekenis van 'n bepaalde ervaring wanneer 'n mens daaroor nadink:

> For we know something first of all bodily and sensitively. If because of some previous experience, like a severe accident in childhood, the event frightened us a great deal, our understanding of what happened will tend to be "colored" by our strong feelings. We may be surprised how our memory and interpretation of the event differs from that of other observers. In this instance the reason for this difference is to be found in the strong feelings we brought to the event from our past experience. We overreacted because of unresolved and nonintegrated past feelings that continue to influence our feelings in the present.

Een unieke faset van EMDR is Stap 4 in die agt-fase prosedure waartydens 'n desensitasie van emosie bewerkstellig word (vgl. 3.5.2 d). Die oogmerk daarvan is juis om daardie onverwerkte emosie vanuit die verlede verwerk te kry. Die desensifisering van emosie veroorsaak dat daardie geheuenetwerk wat as 'n "gevriesde" herinnering gesien kan word, "ontvries" en gereed raak om met ander assosiatiewe netwerke waarin positiewe kognisies ingebed lê, te verbind.

Ervarings word nie altyd in die verklarende (dit is: bewuste) geheue van die mens gestoor nie. Tydens trauma, met sy gepaardgaande oorweldigende emosies, word dit in die nie-verklarende geheue gestoor. Die uitdaging wat berading en terapie het, is om daardie verdronge herinneringe, mét hulle gestoorde emosies en kognisies, op te soek of te kontak en om die gevoelde betekenisse (interpretasies) van daardie belewenisse te ontrafel. Dit veronderstel 'n aktiwiteit vanaf die bewuste menswees se kant wat die veelal ontkende of verdronge emosies voel, benoem, verstaan en kommunikeer. Iemand soos Dayton (2000:25-56), wat ook oor traumaberading skryf, noem hierdie aktiwiteit "memory editing" (2000:113-115). Met "memory editing" bedoel sy dat die vaardighede van "emotional literacy" toegepas moet word. Hierdie vaardighede behels (Dayton, 2000:42-48): (Fase een) dat die herinnering gekontak en die emosie in sy volheid gevoel moet word; (Fase twee) dat die emosionele ervaring 'n naam gegee moet word; (Fase drie) dat die betekenis en funksie daarvan ontdek moet word; en (Fase vier) dat daar gekies moet word of die innerlike toestand met 'n ander gekommunikeer gaan word of nie.

Op hierdie wyse kan die oorweldigende affek van die emosionele ervaring verminder word en die totale herinnering wat as gevolg van die oorweldigende affek in "gevriesde" formaat gestoor was, kan dan ontvries en sodoende opgeneem word deur die brein se verwerkings- of integreringsprosesse. Uiteraard kan die oorspronklike (kognitiewe) betekenis ook hersien en verander word. Dayton (2000:36) beskryf op treffende wyse hoe emosies ons gedagtes kan 'kleur' en hoe ons denke ons emosies kan dekodeer: "In this way we can use our thinking to decode our feeling and our feeling to inform or color our thinking."

Dr. Charles Whitfield (1987:59; 1990:3), na wie vroeër verwys is, het 'n program vir innerlike heelwording ontwikkel. Een van die vier basiese stappe van sy program is dat die emosie gekontak, herbeleef en **gerou** of beween moet word. Die veronderstelling wat hierdie stap in sy program noodsaak, is dat die oorweldigende affek, wat in gevriesde staat in die senuweestelsel opgeneem is, gesien kan word as 'n verlies of hartseer wat nog nie gerou of beween is nie. In terme van die *memory editing* proses, so pas hierbo vermeld, maak dit dus sin dat die bewening of uitdrukking van die onuitgedrukte emosie sal meehelp dat die vreesstruktuur ontvries én dit help om die gevoelde betekenis te identifiseer. Daarna is die persoon gereed om "core issues" (volgens Whitfield) of leuens (volgens Smith) of negatiewe kognisies (volgens Shapiro) te verwerk of te absorbeer.

Om dit op te som: Volgens die versnelde informasieprosesseringsteorie moet die gevriesde geheuepakket gekontak word. Tydens daardie kontak moet die verdronge emosie gevoel,

herbeleef en uitgedruk word (dit verwys na Stap 4 van desensitasie van die EMDR prosedure). Die aksie waardeur die negatiewe kognisie/leuen geïdenitifiseer word, is terselfdertyd die aksie wat die gevoelde betekenis/interpretasie van die ervaring ontrafel of identifiseer. Sodra die betekenis van die ervaring bewus is (bewustelik be-teken) is, kan dit hersien (ge-*edit)* word – in die lig van die waarhede in die volwasse brein (plus moontlik nuwe waarhede wat die Here deur sy Gees daar en dan openbaar – in antwoord op die TPM gebed.) Dit is dus nie die leuen wat die emosie oproep of produseer nie. Dit is die mens wat besluit om die pynlike herinneringe op te soek. Soos wat die geheuepakket opgeroep word, so produseer dit onder andere die emosie en dit is moontlik om die gevoelde betekenis van die ervaring – die leuen of negatiewe kognisie – ook te identifiseer. Omdat die emosie en die kognisie (gevoelde betekenis) hand aan hand gaan, kan verkeerdelik afgelei word dat die leuen die kognisie produseer, soos wat Smith dit glo en voorhou - op tipies kognitiewe manier.

Anders gestel: Die navorser vermoed dat innerlike verwonding en innerlike genesing 'n meer genuanseerde verstaan en verduideliking verg as om eenvoudig te sê dat dit die leuens is wat die pyn veroorsaak en dat dit leuens (alleen) is wat moet reggestel word tydens die *Theophostic* momente. Die navorser vermoed dat hierdie verduideliking van TPM gebore is uit Smith se kennis van die kognitiewe terapieë wat (i) daarop klem lê dat mense se denke hul emosies en gedrag bepaal; en (ii) dat die regstel van die denke sal deurspoel na die emosies en gedrag (vgl. Lehman & Lehman, 2003a). Hierdie tipies-kognitiewe uitgangspunt moet verryk word deur die insigte uit daardie studies wat aantoon dat intense affek in geheuenetwerke, genoem "vreesstrukture," (bv. Chemtob *et al.,* 1988; Foa & Kozak, 1986) vasgevang word. Dit moet verstaan word dat die mens geskep is met die vermoeë tot "blitsbol-leer," waardeur sy alarmsisteem geaktiveer word met die oog op beveiliging en oorlewing (Brown & Kulik, 1977). Hierdie ingeskape moontlikheid van die mens wat maak dat informasie in sy geheue vasgelê word waardeur hy hiperbedag vir gevaar en hipergereed vir aksie is, kan nie afgekam word as dat mense leuens glo nie. Die mens in 'n krisis is/was werklik gerat om te veg, te vlug of te vries en die ingebore reaksie sou moontlik sy lewe kon red. Die hartseer is bloot dat die senuweestelsel nog steeds met die oormaat emosie belaai is en dat die mens waarskynlik nie veilig genoeg, sterk genoeg, positief genoeg of ondersteund genoeg voel om die pyn/vrees in die oë te kyk en te herbeleef nie (vgl. Antonovsky, 1987:19; Hobfoll, 1989:513-524). Die emosioneel-oorbelaaide geheuenetwerk het meer nodig as die bediening van waarheid, om te genees. Dit het naamlik ook die bediening van genade nodig (vgl. Joh 1:19).

Die navorser erken sy eie beperkinge insake hierdie ingewikkelde veld en doen bloot sy siening aan die hand om daarmee voor te stel dat sekere fasette van Smith se kognitiewe TPM teorie moontlik tog hersien behoort te word. Die belangrike rol van emosie word waarskynlik in die TPM

prosedure ondervang deurdat Smith beradenes voortdurend aanpor om verbaal uit te druk hoe hulle voel of gevoel het, maar die klem op desensifisering van emosies word nie so eksplisiet gelê soos by EMDR (of met Whitfield se program) nie en dit wil voorkom of die rol van die kognisies 'n fyner nuansering benodig as om dit alles eenvoudig oor die boeg van leuens te gooi.

3.7 SAMEVATTING

Die primêre doelwit van die hoofstuk was om TPM beter te verstaan deur dit met EMDR te vergelyk en om moontlike bevestigings, verrykings, aanvullings en selfs korreksies voor te stel ten opsigte van TPM teorie en praktyk. Die navorser oordeel dat hierdie doel bereik is. Hy het ter inleiding agtergrondkennis oor psigologie en traumateorie voorsien en toe die EMDR benadering onder die soeklig geplaas. Daar is onder andere gewys op die integrering van verskillende benaderings in EMDR en daarna is 'n vergelyking tussen EMDR en TPM getref. Op grond van hierdie vergelyking is sekere verhelderings ten opsigte van TPM aangeteken.

'n Tweede doelwit van die hoofstuk het te doen met die wetenskaplike begronding van EMDR. Die navorser hoop hy kon suksesvol aanvoer dat daar genoeg aansluiting tussen EMDR en TPM bestaan, sodat die verwysings na EMDR se wetenskaplike begronding die nadenke ten opsigte van TPM mag stimuleer. So is hopelik 'n venster in dié rigting geopen.

'n Derde en minder belangrike doel was om te kontroleer of Smith in sy ontwikkeling van TPM regtig nie by bestaande psigologiese of ander modaliteite geleen het nie, aangesien hy aanvanklik sterk aangedui het dat hy die TPM benadering as 'n gawe van God ontvang het. Dit blyk dat Smith wel beslis by ander benaderings geleen het, alhoewel ook erken word dat die Here hom definitief moes gelei het in die ontwikkeling van TPM.

Dit kan, ten slotte, gevra word of dit hoegenaamd wetenskaplik houdbaar is dat 'n pastorale benadering soos TPM by die psigologie leen. Die anti-psigologie beweging, waarvan die Bobgans (1997; 1999) duidelik voorstanders is, oordeel uiteraard dat die teologie niks by die psigologie as 'n "goddelose geloofsisteem" – soos hulle dit noem - kan of mag leen nie (vgl. Hunt & McMahon, 2006a; 2007a; 2007d; 2007f; 2007h). Hierdie vakfilosofiese vraag sal saam met ander vrae in Hoofstuk 5 beantwoord word waar TPM en van sy kritici vanuit 'n filosofiese raamwerk beoordeel word. Vir eers volg Hoofstuk 4 oor die empiriese studie na TPM.

HOOFSTUK 4

'N EMPIRIESE STUDIE OOR *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM)

4.1 DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Theophostic Prayer Ministry (TPM) is 'n verfynde model van innerlike genesing wat buitengewone resultate lewer. Smith, die vader van TPM, en ander persone besing die effektiwiteit van hierdie benadering (vgl. Anderson, Zuehlke & Zuehlke, 2000; Clough, 2004; Garzon, 2003 en 2004; Lehman & Lehman, 2002; 2005b; vgl. ook 1.2.2 en 1.2.3; Hoofstuk 2). Die navorser het reeds positiewe ervaring met die gebruik van ander modelle van innerlike genesing gehad. Hy is dus iemand met deernis vir die saak van innerlike genesing, en is uit die staanspoor geïnteresseerd om TPM eerstehands te leer ken, ten einde self die bruikbaarheid en aanbevelingswaardigheid daarvan te beproef.

Bobgan en Bobgan (1999: 1-143), Fletcher (2004: 1-139) en die *Community Evangelical Free Church* (2001:1-23) het van die felste kritiek teen *Theophostic Prayer Ministry* gelewer, alhoewel hulle toegee dat die benadering tog werk. 'n Volgende antagonis, Entwistle (2004a: 26-34 en 2004b: 35-42), vind ook fout met die leerstellige, lewensbeskoulike en praktiese aspekte van die model, maar sy kritiek blyk meer grondig te wees as eersgenoemde kritici. Daar is egter 'n groep protagoniste wat aandui dat die kritici se kritiek nie standhou nie (vgl. Clough, 2004; Lehman & Lehman, 2002 en 2005b; Anderson, Zuehlke & Zuehlke, 2000). Net 'n behoorlike weeg van alle tersaaklike gegewens sal uiteindelik kan bepaal na watter kant toe die oorwig swaai. Hierdie hoofstuk (Hoofstuk 4) gebruik 'n empiriese ondersoek, terwyl Hoofstukke 3 en 5 van 'n literatuurstudie gebruik maak om die gegewens te ondersoek en te toets.

Een oorhoofse doel van hierdie navorsing is trouens om die filosofie, teorie én praktyk van TPM te ondersoek ten einde die leersuiwerheid daarvan te bepaal (vgl. 1.3). Sou TPM die toets van Skriftuurlikheid, 'n Christelik-reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing en aanvaarde standaarde vir 'n pastorale beradingsmodel slaag, kan dit as 'n nuwe pastorale model aanvaar word. Sou die bevindinge anders dui, kan die navorsing lei tot voorstelle met betrekking tot 'n verstelde, verdiepte, verbreide of 'n nuwe model.

Hierdie hoofstuk wil vervolgens die volgende sake aan die orde stel: die noodsaak van 'n empiriese ondersoek, die keuse vir 'n kwalitatiewe benadering, interne en eksterne geldigheid van navorsing, die samestelling van 'n ondersoekgroep, die ontwerp van 'n onderhoudskedule, die onderhoudvoering en transkribering van die onderhoude, waarna die weergawe, ontleding en evaluasie van die gegewens volg met, ten slotte, 'n samevatting oor die empiriese ondersoek self.

4.2 DIE NOODSAAK VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

Die navorser het gekies om die handelingswetenskaplike benadering van die praktiese teologie in hierdie studie te volg (1.5.1). Een rede hiervoor is bloot omdat die Fakulteit Teologie aan die Noordwes-Universiteit, waar die navorser sy studie doen, graag by die handelingswetenskaplike model van Rolf Zerfass aansluit (vgl. De Wet, 2006:57). Die fakulteit hou egter nie die handelingswetenskaplike model as die enigste model vir die praktiese teologie voor nie. Lotter (2007:3-6) wys byvoorbeeld met sy intreerede op die modelle van Heitink en Getz as twee ander moontlikhede naas dié van Zerfass en stel ook 'n eie model voor. Dit is egter insiggewend om te verneem dat praktiese teologie vandag hoofsaaklik binne die handelingswetenskaplike benadering bedryf word (Pieterse, Greyling & Janse van Rensburg, 2004:89, vgl. De Wet, 2006:59). De Wet (2006:60) spekuleer oor die rede waarom hierdie benadering soveel byval sou vind, en reken – waarskynlik heel tereg – dat dit 'n besondere raamwerk bied waarvolgens die teologiese tradisie, die praktyksituasie en die inset van ander geesteswetenskappe verreken kan word tydens prakties-teologiese ondersoek en vernuwing van die bedieningspraktyk.

Die een groot winspunt van die handelingswetenskaplike benadering, volgens die navorser, is dat dit die bedieningspraktyk baie duidelik onder die soeklig stel én laat meespreek in die vorming van teologiese praktykteorieë (Nel, 1991:30; Heyns & Pieterse, 1998:24-46). Nel (1991:30) stel dit soos volg:

> Die praxis kan baie maklik as minderwaardig benader word. Binne die Gereformeerde tradisie met ons belydenis van die totale verdorwenheid van die mens (H K vrae 5 & 6) word die praxis van die mens, selfs die handelinge in diens van die Evangelie, by voorbaat as sondig en swak benader. ... Die saak waarom dit hier gaan is ... slegs om te beklemtoon dat in die beoefening van die Praktiese Teologie en die formulering van praktykteorieë dit absoluut noodsaaklik is om die praxis as gelykberegtigde vennoot in hierdie spannningsverhouding te erken.

Hierdie fokus op die bedieningspraktyk word dikwels afgespeel teenoor die diakoniologiese benadering wat die gevaar loop om in 'n "eenrigtingverkeer" beginsels vanuit die Skrif vir die praktyk te ontgin en dit via praktykteorieë na die praktyk deur te gee (vgl. Dreyer, 1999:53-54). Verskillende (praktiese) teoloë waarsku dat as die praktyk van die kerk nie self behoorlik

ondersoek word nie, dit daartoe kan lei dat nuwe voorstelle, suggesties en wenke vir die praktyk geformuleer word (in praktykteorieë) wat op ongekontroleerde aannames, vermoedens en spekulasies berus (vgl. Burger, 1991b:80; Pieterse, 1993:27; Dreyer, 1997:14-15). Die handelingswetenskaplike benadering verseker onder andere 'n "tweerigtingverkeer" tussen teorie en praktyk (Dreyer, 1999:54-57).

Aan die ander kant moet egter toegegee word dat die *teologiese* karakter van die praktiese teologie nie by die diakoniologiese benadering so maklik in die gedrang kan kom soos by die handelingswetenskaplike benadering nie, aangesien dit die Skrif as kenbron vir die teologie stewig omhoog hou (Janse van Rensburg, 2000:78; vgl. Dreyer, 1991:607-608). Die vraag na die norm van praktiese teologie is om verstaanbare redes 'n voortdurende brandpunt in die teologiese debat (vgl. Pieterse, 1993:100-103). Dreyer (1991:597-608) wys byvoorbeeld op die moontlike gevare in die empiriese teologie van Zerfass en medestanders, en stel 'n gewysigde model voor waarin die Woord van God nog duideliker die primêre spreekstem het. De Wet (2006:79-84) maan ook dat verskillende nuanseringe en aanpassings nodig is alvorens die model van Zerfass met gerustheid in die gereformeerde perspektief benut kan word. Prof. Malan Nel, wat self die handelingswetenskaplike benadering benut (vgl. Janse van Rensburg, 2000:89), verdedig implisiet sy eie posisie deur die vertroue uit te spreek dat elke praktiese "teoloog wat God ... ernstig neem as die handelende Een wat met kerk en wêreld op weg is," ook sy openbaring in en deur sy Woord met erns sal bejeën (Nel, 1991:32).

Die navorser berus by Janse van Rensburg (2000:89-89) – 'n diakoniologiese protagonis - se gerusstellende oordeel oor beide Zerfass se model sowel as die benadering van iemand soos Heitink. Volgens Janse van Rensburg is daar 'n gesonde wisselwerking tussen teorie en praktyk in genoemde model, terwyl daar tog genoegsame erkenning gegee word aan die teologiese tradisie. Hy oordeel verder dat Zerfass se model wegstuur van die onaanvaarbare radikale toepassing van die kommunikatiewe handelingsteorie en postmodernisme wat in sommige benaderings voorkom. Heitink is 'n praktiese teoloog wat wegbeweeg het vanaf die diakoniologiese benadering (Janse van Rensburg, 2000:90) en alhoewel hy nie die Bybel nie, maar die praktyk as sy vertrekpunt vir praktiese teologie neem, erken hy ook (genoegsaam – volgens Janse van Rensburg) die waarde van die Bybel in sy teologiese arbeid. Wat die beskouing van Heitink (1983:21) aktueel maak vir hierdie studie, is sy besondere siening oor die verhouding tussen openbaring en wetenskap. "Theoretically God's revelation precedes man's experience. Yet, from the point of man's realisation of God, experience precedes revelation. This implies that our experience should always be checked and corrected by God's Word; it also suggests that the point of departure for practical theology is man's experience." (Janse van Rensburg, 2000:90.)

Theophostic Prayer Ministry – wat in 'n pastorale berader se praktyk ontstaan het en wat grotendeels rondom die ervaring van mense wentel - is in 'n proses van teorievorming, wat beteken dat die aandag toegespits word op die wisselwerking tussen die praktyk en teorie daarvan. Aan die een kant kan geredeneer word dat daar reeds heelwat oor die praktyk van TPM geskryf is (vgl. Hoofstuk 2) en dat bloot 'n literatuurstudie nodig is om hierdie praktykbeen verder te ondersoek en uit te bou deur middel van 'n teoretiese proses (vlg. Pieterse, 1993:28). Aan die ander kant klink die gemelde waarskuwings dat as die praktyk van die kerk – en daarmee inbegrepe ook die pastorale geloofshandelinge daarvan – nie self behoorlik ondersoek word nie, kan dit daartoe lei dat nuwe voorstelle, suggesties en wenke vir die praktyk geformuleer word wat op ongekontroleerde aannames, vermoedens en spekulasies berus (vgl. Burger, 1991b:80; Pieterse, 1993:27; Dreyer, 1997:14-15). Die praktyk van TPM (vgl. Hoofstuk 2) moet dus self ook nagevors word en die aangewese weg is 'n empiriese ondersoek. Pieterse (1992:328, 334; 1993:190) beveel aan dat die praktiese teoloë self hierdie empiriese studies sal doen en dat hulle nie eenvoudig die navorsingsgegewens van ander geesteswetenskappe oorneem nie.

Sonder om op hierdie stadium verder aandag te skenk aan die diepere problematiek van die praktiese teologie soos wat Pieterse (1992:325-335), Venter (1992), Dreyer (1997:13-30), Janse van Rensburg (2000), Louw (2003:33-54) en De Wet (2006:57-87) dit byvoorbeeld blootlê en aanspreek, word hier volstaan met die aanwysing dat 'n empiriese ondersoek noodsaaklik is om verder ondersoek te doen na wat die praktyk, teorie en filosofie van TPM werklik behels en of dit reformatories-Skriftuurlik suiwer is.

4.3 DIE KEUSE VIR 'N KWALITATIEWE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die feit dat daar kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes van empiriese navorsing bestaan, gryp terug na die ontwikkelingsgeskiedenis van die moderne wetenskap en filosofie (Goddard & Melville, 2001:115-119; Snape & Spencer, 2003:5-6; vgl. ook Strauss, 1980:1-39). Sedert die opkoms van die moderne wetenskap wat met Copernicus (1473-1543) en ander begin het, is geglo dat die (induktiewe, rasionalistiese, positivistiese, empiriese) metodes van die natuurwetenskappe ook geskik is vir die bestudering van die sosiale of menswetenskappe (Goddard & Melville, 2001:115-116). Dit was in pas met die "wetenskapsideaal" wat in daardie tyd die botoon in wetenskap en filosofie gevoer het (Strauss, 1980:1-39). Sedert Immanuel Kant (1742-1804) is egter 'n nuwe era ingelei waarin die "persoonlikheidsideaal" die botoon gevoer het (Goddard & Melville, 2001:116; Strauss, 1980:1-39). In hierdie tydvak is 'n nuwe tradisie wat interpretasie beklemtoon, gevestig (Snape & Spencer, 2003:5-6). Die kwantitatiewe metode word sterk met die

eerste (natuurwetenskaplike) era en die kwalitatiewe metode met die tweede (interpretatiewe) era geassosieer.

4.3.1 Die verskil tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing

Snape en Spencer (2003:14) bied 'n waardevolle onderskeidende definiëring van die twee benaderings met hul inset in die boek *Qualitative Research Practice,* 'n gids vir studente en navorsers in die sosiale wetenskappe:

> The former (quantitative methodologies) is seen to investigate the social world in ways which emulate the 'scientific method' as used in the natural sciences, with an emphasis on hypothesis testing, causal explanations, generalisation and prediction. By contrast, qualitative methods are seen to reject the natural science model and to concentrate on understanding, rich description and emergent concepts and theories.

Bauer, Gaskell en Allum (2000:7) onderskei op die volgende manier tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Kwantitatiewe navorsing werk met getalle, gebruik statistiese metodes om data te verduidelik, en is "harde" navorsing. Die mees bekende voorbeeld hiervan is die meningsopname ondersoek. Hierteenoor vermy kwalitatiewe navorsing getalle, werk met die interpretering van sosiale gegewenhede, en word as "sagte" navorsing geag. Die mees bekende voorbeeld hiervan is waarskynlik die diepte-onderhoud.

Die verwysing na "harde" en "sagte" metodes is 'n onderskeid vanuit die denke van die positivistiese empiriste. Kwalitatiewe navorsing word deur hierdie kritici as "unscientific, or only exploratory, or entirely personal and full of bias" geag. Dit word verder gereken dat kwalitatiewe navorsing ook nie "waardevrye en objektiewe" wetenskap is nie (Denzin & Lincoln, 1998:7).

In die tweede uitgawe van hul *Handbook of Qualitative Research* bied Denzin en Lincoln (2000:3) die volgende omvattende definisie vir kwalitatiewe navorsing:

> Qualitative research is situated activity that locates the observer in the world. It consists of a set of interpretive, material practices that make the world visible. These practices transform the world. They turn the world into a series of representations, including field notes, interviews, conversations, photographs, recordings, and memos to the self. At this level, qualitative research involves an interpretive, naturalistic approach to the world. This means that qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of, or to interpret, phenomena in terms of the meanings people bring to them.

4.3.2 Rasionaal vir die keuse van 'n kwalitatiewe benadering gebaseer op 'n vergelyking

Waar Leedy en Ormrod (2005:94-97) in die agtste uitgawe van *Practical Research: planning and design* die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings vergelyk, doen hulle dit aan die hand van die doel, die proses, data-insameling, data-analise en rapportering van bevindinge by elk (vgl. ook Snape & Spencer, 2003:3-5). Met verwysing hierna kan die rasionaal vir die keuse van 'n kwalitatiewe benadering soos volg aangedui word:

- **Die doel:** **Kwantitatiewe navorsers** se doel is om by *verklarings* uit te kom en om *voorspellings* te maak wat na ander persone en plekke veralgemeen kan word. Hierteenoor wil **kwalitatiewe navorsers** komplekse situasies *beter verstaan.* Hul werk is dikwels ondersoekend of verkennend, en hulle mag hul waarnemings gebruik om teorie van meet af op te bou.

  Die doel van hierdie studie is om die "komplekse situasie" van 'n *Theophostic* gebeure "beter te verstaan," eie aan die kwalitatiewe metode (Leedy & Ormrod, 2005:95).

- **Die proses:** Omdat kwantitatiewe studies die hoofstroom benadering verteenwoordig, bestaan daar reeds duidelik gestruktureerde riglyne om die studies te doen. **Kwantitatiewe ondersoekers** verkies ook metodes wat hulle kan help om die veranderlikes onder die vergrootglas *objektief* te kan ondersoek. Hulle *bly op 'n afstand,* "remain detached," van die deelnemers, sodat hulle sover moontlik onbevooroordeelde afleidings kan maak (Leedy & Ormrod, 2005:95). **Kwalitatiewe ondersoekers,** hierteenoor, werk met 'n ontluikende proses en riglyne, terwyl hulle ook subjektief betrokke raak in die ondersoek, soos Leedy en Ormrod dit duidelik omskryf (2005:95): "The qualitative research process is more holistic and *'emergent,'* with the specific focus, design, measurement instruments (e.g., interviews), and interpretations developing and possibly changing along the way. Researchers enter the setting with open minds, *prepared to immerse themselves* in the complexity of the situation *and interact with their participants.*" (skuinsdruk deur navorser.)

  Die voor die hand liggende manier om *Theophostic Prayer Ministry* beter te leer ken, was vir die navorser om die basiese en eerste gevorderde kursus van TPM te doen en so wyd as moontlik daaroor na te lees. Gewapen met hierdie kennis, het hy TPM in sy eie beradingswerk begin toepas. Die doel is immers om eerstehands te ervaar hoe TPM werk. Hiermee plaas die navorser hom binne-in die navorsingsproses, en nie op 'n afstand teenoor die bestudeerde

situasie nie. Hy handhaaf ook 'n openheid om te sien hoe die navorsingsproses ontwikkel. Die keuse ten opsigte van die proses lê ooglopend dus by die kwalitatiewe benadering.

- **Dataversameling: Kwantitatiewe navorsers** identifiseer een of 'n paar *veranderlikes* en versamel data wat spesifiek daarmee verband hou. Hulle ontwerp meetinstrumente en kry die gegewens van 'n populasie, of gebruik een of meer groot steekproewe. **Kwalitatiewe navorsers** werk met die veronderstelling dat *die werklikheid nie maklik in diskrete, meetbare veranderlikes* op te *deel* is nie. "Qualitative researchers are often described as *being* the research instrument because the bulk of their data collection is dependent on their personal involvement (interviews, observations) in the setting." (Leedy & Ormrod, 2005:95-96.)

  Janesick (1998a:73) beklemtoon op dieselfde wyse die rol van die navorser deur haar stelling: "*The researcher is the research instrument* in qualitative research and must be ready to become physically sharper at observation and interview skills." (skuinsdruk deur navorser.) Die navorser ag sy eie ervaring en kennis ten opsigte van innerlike genesing as 'n spesifieke toerusting en begaafdheid wat hy in die navorsing kan aanwend, hetsy in eie waarnemings, gevallestudies of onderhoude.

  Die navorser vind ook dat die meeste empiriese data wat op sy dissekteertafel beland, gegewens uit persoonlike onderhoude is. Data bepaal in 'n groot mate die navorsingsmetodologie, soos Leedy en Ormrod aandui (2005:94): "Furthermore, many kinds of data may be suitable only for a particular methodology. To some extent, *the data dictate the research method."* Die navorser is predikant in 'n gemeente en al meer lidmate én mense uit die gemeenskap kom aanklop om pastorale berading. Hierdie feit maak dit aangewese om die moontlikheid van gevallestudies te oorweeg (vgl. Stake, 2000:435-454) of ten minste beradenes in te sluit waar vir in-diepte onderhoude gekies word.

- **Data-analise:** "All research requires logical reasoning." (Leedy & Ormrod, 2005:96.) Dieselfde outeurs benadruk ook dat die "human mind is undoubtedly the most important tool on the researcher's workbench." **Kwantitatiewe navorsers** is geneig om swaarder te leun op *deduktiewe denke,* waar hulle van sekere voorafgaande stellings (bv. hipoteses, teorieë) gebruik maak en dan logiese afleidings daaruit maak. Hulle lê ook groot klem op die waarborg van *objektiwiteit.* **Kwalitatiewe navorsers** daarteenoor maak grootliks gebruik van *induktiewe denke;* waar veelvuldige, spesifieke waarnemings gemaak word waaruit dan afleidings gemaak word omtrent omvangryker of meer algemene verskynsels. Hulle data-ontleding is ook meer *subjektief,* bedoelende dat wanneer patrone byvoorbeeld deur data-ontleding geïdentifiseer

word, is dit meer subjektief bepaald – volgens hul eie subjektiewe opinie (Leedy & Ormrod, 2005:96).

Malan Nel (1991:34) ondersteun Dingemans (1989:192-212) se kritiek teen die rol wat aan die ondersoeker toegeken word volgens Zerfass se model van prakties-teologiese empiriese ondersoek. "Sy gedagte is dan dat die ondersoeker hiermee te veel nadruk kry en dat die uitgangspunt vir ondersoek en beplanning liewer geneem moet word in die gemeenskap ..." waarin die ondersoek plaasvind (Nel, 1991:34). Die verrekening van die inset van die gemeenskap waar die tersaaklike praksis ondersoek word, sal inderdaad meehelp dat die kwalitatiewe navorser se bydrae minder subjektief en derhalwe meer objektief sal wees.

Heyns en Pieterse (1998:78-80) verduidelik die gebruik van die deduktiewe denke vir die kwantitatiewe metode en die induktiewe werkswyse vir die kwalitatiewe deur te vra waarmee die ondersoek begin. Begin die empiriese ondersoek met 'n "geringe teorie" waar die navorser nog min weet en wil uitvind wat in die praktyk aan die gang is, watter standpunte en opvattinge mense het en watter geloofservaringe hulle deurgaan, dan is die **kwalitatiewe metode** met sy induktiewe denke die aangewese weg. Begin die ondersoek met 'n "uitgebreide teorie" waar reeds 'n hipotese oor 'n praktyk bestaan en die navorser wil vasstel of 'n bepaalde ingrype 'n beter of swakker uitwerking op die praktyk gaan hê, dan is die **kwantitatiewe metode** met sy deduktiewe logika die voor die hand liggende metode. Die feit dat hierdie navorsing wil kontroleer of die lewensbeskoulike en leerstellige onderbou van TPM suiwer is, beteken dat daar onder andere gevra moet word na betrokkenes se standpunte, opvattings en belewenisse. Dit veronderstel dus die kwalitatiewe benadering.

Leedy en Ormrod (2005:96-97) noem verder dat kwantitatiewe navorsing nie uitsluitlik deduktief werk nie en dat kwalitatiewe navorsing nie slegs van die induktiewe metode gebruik maak nie. Dit kan ook andersom werk. Navorsers maak ook dikwels van albei soorte logika in hul werk gebruik – in die sogenaamde "gemengde-metode navorsingsontwerp" – sonder om vir òf die een òf die ander metode te kies.

- **Rapportering van bevindinge: Kwantitatiewe navorsers** reduseer hul data gewoonlik tot *gemiddeldes, mediane, korrelasies en ander opsommende statistiek.* Die resultate word gewoonlik in 'n verslag aangebied op 'n formele, wetenskaplike styl met onpersoonlike en passiewe taalvorme (Leedy & Ormrod, 2005:97). **Kwalitatiewe navorsers** stel *interpreterende narratiewe* saam vanuit hul data en probeer om die kompleksiteit van die saak wat bestudeer

word, vas te vang en bloot te lê. Hulle gebruik 'n meer persoonlike, literêre styl en hulle sluit dikwels die deelnemers se eie woorde en perspektiewe in (Leedy & Ormrod, 2005:97).

Valerie J. Janesick (1998a:1, 9), 'n dosent in kwalitatiewe navorsing, voer bogenoemde saak van die literêre en persoonlike styl baie konsekwent deur. Haar aanbieding wyk af van die tipiese akademiese en formele styl; sy gesels behoorlik met 'n mens en verwys ook nie na haarself as "die navorser" nie. Haar boek, *"Stretching" Exercises for Qualitative Researchers* (Janesick, 1998a), sal inderdaad enige empiriese ondersoeker wat onbekend is met die kwalitatiewe benadering, se perspektiewe "stretch."

Een voorbeeld van 'n kwalitatiewe empiriese studie in die praktiese teologie is die doktorale studie van Steyn (2005) wat die impak van die postmodernisme op voor-huwelikse verhoudings nagevors het. Afgesien van die bruikbare data wat die studie opgelewer het, en daartoe lei dat sulke paartjies pastoraal beter verstaan en begelei kan word, lewer hierdie studie ook 'n voorbeeld van hoe kwalitatiewe empiriese navorsing aangewend kan word om geldige resultate te verkry in die pastorale praktyk (Steyn & Lotter, 2006:1-2). Janse van Rensburg (2007:6) wys egter op 'n tekortkoming van die studie waar Steyn en Lotter (2006) nie hul standaarde vir betroubaarheid deurgaans konsekwent toegepas het nie. Die navorser oordeel egter dat genoemde gebrek nie die studie in sy totaliteit as onbetroubaar stempel nie.

4.3.3 Die metode van semi-gestruktureerde in-diepte onderhoudvoering

Twee moontlikhede (vir dataversameling) dien hulself aan waar die navorser beoog om die praksis van TPM eerstehands te ondersoek ten einde hierdie beradingsmodel beter te verstaan en te beoordeel. Die heel eerste is om self onderlê te raak in TPM en om die metode in eie praktyk op die proef te stel. Die tweede is om ondersoek te doen by 'n geselekteerde groep Suid-Afrikaners wat alreeds met TPM werk of wat daarmee te doen gehad het. Daar is 'n derde moontlikheid, naamlik om direk met Smith te kommunikeer. Hierdie moontlikheid sal vir die duur van die studie in gedagte gehou word. Dit kan gebeur dat hy Suid-Afrika mag besoek, wat die ideale geleentheid sal bied vir 'n in-diepte gesprek. Die ander opsie is om deur middel van die internet met hom kontak te maak, maar volgens telefoniese mededelings van TPM verteenwoordigers in Suid-Afrika (Hayward, 2005; McCormick, 2005), verkies hy blykbaar nie om internet navrae te beantwoord nie.

Vir die data-insameling het die navorser oorweeg om 'n gestruktureerde vraelys op te stel om na soveel as moontlik van die TPM praktici of opgeleidenes in Suid-Afrika te versprei. Die probleem is egter dat wanneer 'n persoon byvoorbeeld ervarings, waarnemings en afleidings insake TPM

deurgee, dit moeilik is om per vraelys te kontroleer wat daardie persoon se eie verwysingsraamwerk is as agtergrond van sy insette. Onderhoudvoering het dus na 'n meer geskikte metode gelyk as vraelyste om hierdie in-diepte naspeuring te kan doen. "The research interview is far more resource-intensive (than questionnaires) ... It has been said that while other instruments focus on the surface elements of what is happening, interviews give the researcher more of an insight into the meaning and significance of what is happening." (Wilkinson & Birmingham, 2003:44.)

Die keuse van dataversamelingsinstrumente val dus op onderhoudvoering met individue of groepe (vgl. Gaskell, 2000:38-56). Fokusgroepe bied verskeie voordele teenoor individuele onderhoude, byvoorbeeld dat die interaksie tussen 'n klompie deelnemers meer informasie kan genereer as wat met individuele onderhoude sou gebeur, en dat deelnemers makliker in 'n groep mag praat as op hul eie (Leedy & Ormrod, 2005:146; vgl. Janesick, 1998a:34-39; Gray, 2004:230). Die navorser het egter verwag dat die individue met wie hy afgespreek het om deel te neem in individuele gesprekke vrymoedig genoeg sou wees om te praat en elk juis 'n eie unieke verhaal mag hê wat beter vertel sou kon word in die afwesigheid van 'n groepdinamika. Daar is dus weggestuur van fokusgroepe.

Daar word gewoonlik na drie maniere verwys waarvolgens onderhoude gestruktureer kan word, naamlik die ongestruktureerde, die semi-gestruktureerde en die gestruktureerde onderhoud (vgl. Wilkinson & Birmingham, 2003:45; Leedy & Ormrod, 2005:146). "Interviews in a qualitative study are rarely as structured as the interviews conducted in a quantitative study ... Instead, they are either open-ended or semistructured, in the latter case revolving around a few central questions." (Leedy & Ormrod, 2005:146.) Ongestruktureerde onderhoude is uiteraard meer buigsaam en mag makliker inligting na vore bring waarvoor die navorser nie beplan het om te vra nie. Hul belangrikste nadeel is dat die navorser telkens andersoortige informasie van die verskillende deelnemers mag kry, wat dit sou bemoeilik om vergelykings tussen die gespreksgenote te trek. Die navorser het beplan om van semi-gestruktureerde onderhoude gebruik te maak (Leedy & Ormrod, 2005:146; vgl. ook Shurink, E.M., 1998:299-300).

E.M. Shurink (1998: 299-301) noem die ongestruktureerde onderhoud 'n "in-diepte onderhoud-voering" wat meer as een sessie met dieselfde deelnemer behels. Sy "ongestruktureerde onderhoud met 'n skedule" stem ooreen met genoemde semi-gestruktureerde onderhoudvoering. Die navorser het semi-gestruktureerde in-diepte onderhoudvoering vir hierdie studie verkies, alhoewel daar nie beplan is om meer as een onderhoud met elke deelnemer te voer nie (vgl. Legard, Keegan & Ward, 2003:138-169). Hierdie onderhoude sou ook "van aangesig tot

aangesig" gevoer word en nie byvoorbeeld telefonies nie (Legard, Keegan & Ward, 2003:142; Gray, 2004:232).

Die invloed van postmodernisme, konstruksionisme en feminisme dra daartoe by dat in-diepte onderhoudvoering nog verder ontwikkel, in 'n rigting verwyderd vanaf die konvensionele metodes, met 'n groter beklemtoning van die kennis wat "geskep" word tydens die onderhoud en die wederkerigheid van die verhouding wat tussen onderhoudvoerder en deelnemer ontstaan (Fontana & Frey, 2000:645-672; Silverman, 2006:128-132). Die genoemde wederkerigheid van die verhouding is kenmerkend van kwalitatiewe navorsing (vgl. 4.3.2), en dit bevestig dat in-diepte onderhoudvoering die geskikste metode sou wees vir hierdie ondersoek se dataversameling. Soos Janesick (1998a:30) dit stel: "Interviewing is a meeting of two persons to exchange information and ideas through questions and responses, resulting in communication and joint construction of meaning about a particular topic."

Kvale (1996:3-4) bespreek twee vertrekpunte vir in-diepte onderhoudvoering en die navorser sou beide in ag neem. Die eerste vertrekpunt vergelyk hy met die "myner metafoor" wat kennis as gegewe beskou en wat deur (nie-leidende) vrae en tegnieke "ontgin" moet word. Die tweede omskryf hy deur die "reisiger metafoor" wat die onderhoudvoerder as reisiger sien wat saam met die gespreksgenoot op reis is en nuwe betekenisse na vore roep soos wat hy die "stories" van die deelnemer interpreteer.

Voordat daar gevorder word tot sake rakende die samestelling van die ondersoekgroep, moet eers aandag geskenk word aan riglyne vir geldige en betekenisvolle navorsing.

4.4 INTERNE EN EKSTERNE GELDIGHEID VAN NAVORSING

Navorsing in die algemeen, en empiriese studies in die besonder, moet aan sekere standaarde voldoen, naamlik interne geldigheid en eksterne geldigheid, laasgenoemde wat op die betekenisvolheid van die navorsing dui. Gewoonlik word twee basiese vrae gevra ten einde die geldigheid van 'n navorsingsprojek te beoordeel (Leedy & Ormrod, 2005:97). Vraag een: Het die studie genoegsame kontroles om te verseker dat die afleidings wat gemaak word, werklik gerugsteun is deur die data? Vraag twee: Kan ons dit wat ons in die navorsingsituasie waargeneem het, gebruik om *veralgemenings* te maak na die wêreld rondom daardie situasie? Die antwoorde op hierdie twee vrae spreek die sake van "interne geldigheid" en "eksterne geldigheid" onderskeidelik aan. Hierdie navorsing gee so goed as moontlik aandag aan hierdie uitdaging om beide interne en eksterne geldigheid te verseker. "One's conclusions are valid and

meaningful only to the extent that they are warranted based on the data collected *and* have applicability beyond the specific research situation itself." (Leedy & Ormrod, 2005:100.)

Naas die genoemde twee maatstawwe, voeg onder andere Kidder en Judd (1986:26-31, 45-50) nog twee by, naamlik konstruk geldigheid en betroubaarheid, ten einde die kwaliteit van navorsing te beoordeel (vgl. Yin, 1994:33). "Konstruk geldigheid," 'n derde maatstaf, het te doen met die versekering dat die regte operasionele prosedures gevolg word vir die konsepte wat bestudeer moet word.

"Betroubaarheid," die vierde maatstaf, dui daarop dat as 'n ondersoekprosedure – byvoorbeeld die dataversamelingsprosedure - deur 'n volgende persoon herhaal word, moet dit telkens dieselfde resultate lewer as tevore. Betroubaarheid is iets anders as geldigheid. Goddard en Melville (2001:47) gebruik 'n treffende illustrasie ter verduideliking: Dit is bekend dat 'n optelsom van 2 plus 2 die antwoord 4 lewer. Die som van 4 is 'n geldige antwoord vir daardie optel-prosedure. Sou 'n sakrekenaar telkens die antwoord 3 gee wanneer dit 2 en 2 bymekaar tel, is die sakrekenaar ten minste betroubaar. Dit gee elke keer dieselfde antwoord na die gegewe voorafgaande prosedure. Die antwoord is egter ongeldig, want dit is verkeerd.

4.4.1 Interne geldigheid en moontlike kontroles

Ten einde interne geldigheid in kwalitatiewe navorsing te verseker maak navorsers van "checks and balances" (Janesick, 2000:395) gebruik wat eie is aan die kwalitatiewe metode. Hulle maak veral van verskillende vorme van triangulering gebruik; dit is, hulle gebruik 'n verskeidenheid teorië, metodes, waarnemers en empiriese gegewens om 'n meer akkurate, verstaanbare en objektiewe verteenwoordiging van die studie-objek te verkry (Silverman, 2006:291). Triangulering bied dus 'n soort kruiskontrolering ten einde die juisste eindresultate te verseker (Leedy & Ormrod, 2005:100; Stake, 2000:443-444; Silverman, 2006:291).

Denzin (1978) het in die sewentigerjare van die vorige eeu vier basiese tipes triangulering geïdentifiseer (soos aangehaal deur Janesick, 2000:391):

- *Data triangulering:* die gebruik van 'n verskeidenheid van databronne in 'n studie;
- *Ondersoeker triangulering:* die gebruik van 'n aantal verskillende navorsers of evalueerders;
- *Teorie triangulering:* die gebruik van veelvuldige perspektiewe om dieselfde stel data te interpreteer; en

- *Metodologiese triangulering:* die gebruik van verskillende metodes om dieselfde probleem te bestudeer.

In die negentigerjare van die vorige eeu het Janesick (1998b:46-47) "interdissiplinêre triangulering" as 'n verdere soort kruiskontrolering voorgestel. In die jare tweeduisend voeg sy haar by Richardson (1994) wat die metafoor van die "kristal met baie fasette" voorstel, teenoor die metafoor van die "landmeter en sy driehoeksmeting triangulering" (Janesick, 2000:391-392). Ter illustrasie verwys sy na geskiedskrywers en danschoreograwe wat gedurig ingestel is op verandering in werkswyse. "Dagboek hou" deur die navorser of "briewe skryf" deur die deelnemers van 'n (voltooide) gevallestudie, sou voorbeelde wees van hierdie metode.

Naas triangulering noem Leedy en Ormrod (2005:100) die volgende metodes waardeur kwalitatiewe navorsers hul navorsing se interne geldigheid verhoog:

- *'n Beduidende lang tyd in die veld:* Die navorser mag maande, selfs 'n jaar of meer in 'n studieveld bly terwyl hy 'n verskynsel bestudeer, waartydens hy tentatiewe hipoteses formuleer terwyl hy vir bewyse soek wat dit bevestig of nie bevestig nie.
- *Negatiewe gevalontleding:* Die navorser soek doelbewus gevalle wat die bestaande hipoteses kontradikteer en hersien sy verduideliking of teorie totdat van alle gevalle rekenskap gegee is.
- *Ryk beskrywing ("Thick description"):* Die situasie word in genoegsame ryk en volledige detail beskryf sodat lesers hul eie afleidings uit die gegewens kan maak.
- *Terugvoer van ander:* Die navorser verkry die oordeel van kollegas in die veld om te bepaal of hy gepaste interpretasies en geldige afleidings gemaak het.
- *Respondentkontrolering:* Die navorser neem sy gevolgtrekkings terug na die deelnemers in die studie en vra hulle eenvoudig of hulle saamstem.

Die navorser het bogenoemde werkswyses in ag geneem en die volgende kontroles en metodes in die vooruitsig gestel om die interne geldigheid van hierdie studie te verseker:

- *Ryk beskrywing ("Thick description"):* Die navorser sou poog om sake in volledige besonderhede te beskryf.
- *Terugvoer van ander:* Dr. Yvonne Campbell-Lane, wat haar doktorale studie in pastoraat voltooi het (2003) en wat self in voltydse beradingswerk staan, het die navorser met advies bedien, naas natuurlik die leiding wat die promotor verskaf het. Die onderhoudskedule is ook aan haar voorgelê vir beoordeling en advies – in 'n soort proeflopie of loodsprojek (vgl. Wilkinson & Birmingham, 2003:52).

- *Respondentkontrolering:* Die navorser het beplan om die ondersoekgroep so saam te stel dat hy enkele onderhoude sou voer met mense wat by homself TPM berading deurloop het en moontlik ook met beradenes wat by ander beraders kliënte is/was. Dit is alreeds 'n vorm van respondentkontrolering, alhoewel dit effens afwyk van die gestelde riglyn in die vorige paragraaf.
- *Joernaal hou ('n moontlikheid):* Die navorser hou redelik volledig aantekening van alle gevalle waarmee hy TPM gedoen het. Dit vorm huidiglik deel van sy beradingswerk met *Theophostic* gevalle. Die bedoeling was dat dit aanvanklik volgens "unobtrusive measures" sou verloop (Leedy & Ormrod, 2005:97-99). Sodra mense weet dat hulle in 'n studieprojek betrek word, mag dit hul verwagtinge, die verloop en selfs die effek van die berading beïnvloed, wat ons juis wou vermy. W.J. Shurink (1998:286) verwys na so 'n "fieldwork journal" wat waarnemings oor die ondersoeker en sy metodes, sowel as indrukke oor die data, kan insluit.

Die strategie van "unobtrusive measures" gaan teen die beginsel van "ingeligte toestemming" in en het dus etiese implikasies (Leedy & Ormrod, 2005:101; vgl. Stake, 2000:447-448). Die navorser het egter gereken dat hy nie iets anders doen as wat hy as predikant gewoonweg met ander beradingsgevalle doen nie. Die plan was om met wysheid te oordeel watter beradenes moontlik sou toestem tot deelname in die navorsingsprojek en om hulle eers te nader nadat daar bevredigende berading plaasgevind het en die navorser 'n redelike mate van sekerheid het dat die beradingsverhouding nie sou skade ly as hy die beradenes nader vir deelname nie. Die navorser het uiteindelik vanuit sy eie beradenes een in die empiriese studie betrek.

4.4.2 Eksterne geldigheid en moontlike kontroles

Onder andere Yin (1994:30-32) en Silverman (2006:303-310) skryf oor die onderskeid tussen "statistiese veralgemening" en "analitiese" of "teoretiese veralgemening" om die pad te verduidelik vanaf die bevindinge van 'n gevallestudie tot die geldige toepassing daarvan op 'n ander plek of op ander gevalle. Die misverstand wat voorkom, is dat 'n mens mag aanneem dat daar net een soort veralgemening bestaan, naamlik die statistiese veralgemening wat gewoonlik met 'n kwantitatiewe studie (bv. 'n meningsopname) gedoen word. Die graad van waarskynlikheidsverteenwoordiging tussen 'n steekproef (of monster) en 'n groot groep (of populasie), bepaal hoe akkuraat daar vanaf die monster na die groot groep veralgemeen kan word.

Juis op grond van hierdie misvatting het sekere skrywers gesuggereer dat kwalitatiewe navorsers hul steekproewe saamstel volgens "gerieflikheid" of "toeganklikheid" (Ritchie, Lewis & Elam, 2003:81; Silverman, 2006:306). Hulle sou naamlik geen verdere standaard aanlê nie, aangesien

kwalitatiewe steekproefgroottes gewoonlik klein is en klein steekproewe nie toegang verleen tot statistiese veralgemenings nie.

By kwalitatiewe studies is egter 'n ander metode van veralgemening nodig. Die doel van kwalitatiewe navorsing is, soos reeds gemeld, om insig te ontwikkel oor die aard en vorm van verskynsels, om betekenisse te ontrafel, om verduidelikings te verkry of om idees, konsepte of teorieë te genereer. Daar is dus 'n definitiewe rede waarom ewekansige steekproefsamestelling – soos vir statistiese veralgemenings – nie vir kwalitatiewe navorsing geskik is nie.

> Unlike statistical research, qualitative research does not set out to estimate the incidence of phenomena in the wider population. Qualitative sampling therefore requires a different logic to quantitative enquiry, one in which neither statistical representation nor scale are key considerations ... The precision and rigour of a qualitative research sample is defined by its ability to represent salient characteristics ... and it is these that need priority in sample design. (Ritchie, Lewis & Elam, 2003:81-82.)

Verskillende kontroles word voorgestel waarvolgens kwalitatiewe steekproewe saamgestel kan word ten einde geldigheid te verseker (Gray, 2004:324-326; Yin, 1994:30-32; Silverman, 2006:303-310). Die navorser verwys na enkeles:

- *Omvattende steekproefsamestelling:* Ondersoek elke geval of instansie in 'n gegewe populasie, byvoorbeeld alle gevalle van selfmoord onder assuransie-agente.
- *Tipiese geval steekproefsamestelling:* Onderstreep wat "normaal" of gemiddeld is, met die doel om lig te werp op die hele populasie. Aangesien veralgemening betrokke is, is dit belangrik om redes aan te voer waarom die steekproef tipies of "normaal" sou wees.
- *Afwykende geval samestelling:* Kies gevalle aan twee ekstreme kante, byvoorbeeld stiptelike en nie-stiptelike personeel, en probeer faktore indentifiseer wat hierdie posisies beïnvloed.
- *Maksimum variasie steekproefneming:* Die bedoeling is om na 'n wye reeks variasies en patrone binne die steekproefpopulasie te soek (vgl. Ritchie, Lewis & Elam, 2003:82). Ondersoek ook die "outlier cases" om seker te maak of die hoofpatroon voortduur. Diversiteit maak die kanse groter dat al die moontlike faktore of sake wat op die spel is, verteenwoordig word. Dit help verder om vergelykings te tref tussen verskillende veranderlikes.
- *Doelgerigte steekproefsamestelling:* In hierdie geval word uit 'n groot moontlikheid van keuses, slegs 'n beperkte aantal moontlikhede gekies om in spesifieke steekproefeenhede in te sluit (vgl. Silverman, 2006:306-307).
- *Kriteriumgebaseerde steekproefsamestelling:* Die steekproef word geselekteer op grond van die hooffokus van die studie, byvoorbeeld vroeë aftrede; daarom word alle gevalle gekies om aan daardie kriterium te voldoen.

- *Teoreties-verteenwoordigende steekproefsamestelling:* Hierdie is 'n meer formele metode van kriteriumgebaseerde steekproefsamestelling wat gevalle kies op grond daarvan dat dit sekere teoretiese konstrukte verteenwoordig (vgl. Silverman, 2006:307-308). "Samples need to be selected to ensure inclusion of relevant constituencies, events, processes and so on, that can illuminate and inform that understanding." (Ritchie, Lewis & Elam, 2003:82.) Gevalle word gekies wat tipies is van 'n sekere omstandigheid, of wat 'n kenmerk dra wat betekenisvol vir die tema van ondersoek is. Hierdie vereiste vir die saamstel van kwalitatiewe steekproewe word deur Ritchie, Lewis en Elam (2003:83) "simboliese verteenwoordiging" genoem.

Die metode van "analitiese veralgemening" of "teoretiese veralgemening" werk vir gevallestudies soos volg: "a previously developed theory is used as a template with which to compare the empirical results of the case study" (Yin, 1994:31). As twee of meer gevalle dieselfde teorie blyk te steun, dan kan aanspraak gemaak word op replikasie, 'n waarmerk van bewyslewering. Sou dit aangetoon kan word dat twee of meer gevalle dieselfde teorie ondersteun en nie 'n "equally plausible, *rival* theory" nie, dan is die empiriese resultate nog meer bewyskragtig (Yin, 1994:31).

Die doel van kwalitatiewe navorsing is, soos reeds gemeld, om insig te ontwikkel oor die aard en vorm van verskynsels, om betekenisse te ontrafel, om verduidelikings te verkry of om idees, konsepte of teorieë te genereer. Die navorser het die rigtinggewing van bogemelde kontroles in ag geneem met die saamstel van hierdie navorsing se steekproef van gevalle.

4.5 DIE SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF

Onder hierdie afdeling word die grootte van die kwalitatiewe steekproef, die gepaste kriteria vir die samestelling daarvan en die tersaaklike etiese riglyne bespreek.

4.5.1 Die grootte van 'n kwalitatiewe steekproef

Kwalitatiewe steekproewe is gewoonlik klein. Daar is drie hoofredes hiervoor (Ritchie, Lewis & Elam, 2003:83). Eerstens sal daar min nuwe inligting na vore kom met elke nuwe geval of steekproefeenheid, as die data van die eerstes behoorlik geanaliseer word. Tweedens gaan dit in kwalitatiewe navorsing nie om die insidensie of voorkoms nie. Derdens is die soort informasie wat kwalitatiewe navorsing lewer ryk aan besonderhede. Creswell (1998:123-124) oordeel dat 'n tipiese steekproef uit tussen vyf en vyf-en-twintig individue bestaan (soos aangehaal deur Leedy & Ormrod, 2005:139). Janse van Rensburg (2007:6-7) gee min of meer dieselfde riglyn met vier as

'n minimum en twintig tot vyf-en-twintig as 'n maksimum van gesprekke, waar dit om onderhoudvoering as die werkswyse van die kwalitatiewe studie gaan.

4.5.2 Kriteria vir 'n TPM doelgerigte en "simbolies-verteenwoordigende" steekproef

In hierdie verband kan die vraag gevra word: Watter kriteria moet gebruik word vir die keuse van mense vir hierdie ondersoekgroep? Die volgende kriteria het gegeld:

a) *Theophostic Beraders en/of Opleiers:* Mense wat opleiding in TPM ondergaan het en wat dit as beradingsmetode gebruik, sal die grootste groep verteenwoordig wat ook met 'n groot mate van ingeligtheid oor TPM kan praat. Die hoofdoel van die studie is tog om die filosofie, teorie en praktyk van TPM te beoordeel.
'n Kwota van 3 tot 4 word vir *beraders* gestel (sien Ritchie, Lewis & Elam, 2003:102-103 vir kwotas).

Smith en sy onmiddellike medewerkers in Amerika sou sekerlik die heel beste oor die saak kon praat, maar hulle word vir die samestelling van die ondersoekgroep eers buite rekening gelaat. Die kwota hier is 0 tot 1. Dit laat die moontlikheid van 'n gesprekvoering met Smith.

'n Unieke groep beraders is diegene wat opleiding in TPM aanbied. Dit word aanvaar dat hulle self die aanvanklike opleidings in TPM ondergaan het. Hulle moet verkieslik ingesluit word, al is dit 'n kleiner groep, want hulle verteenwoordig 'n groep wat die beste onderlê is in die beginsels en prosedures van TPM; derhalwe behoort hulle baie sinvolle inligting te kan voorsien.
'n Kwota van 1 tot 2 vir *opleier-beraders.*

b) *Theophostic Beraders, maar met 'n aanpassing:* Die rede waarom die navorser hierdie groep as aktueel beskou, is omdat hy die aanvanklike waarneming gemaak het dat daar mense is wat die saak van TPM in die algemeen goedgesind is, maar wat verstellings in hul eie weergawe daarvan aanbring. By hulle sal 'n mens kan verneem wat die winspunte is wat hulle raaksien en watter probleme hulle met TPM ondervind. Terloops, hulle mag volgens die TPM riglyne nie die naam *Theophostic* gebruik vir die berading wat hulle aanbied nie.
'n Kwota van 1 tot 2.

Daar is ook mense wat na 'n aanvanklike blootstelling aan TPM daarvan weggeskram het, maar die moontlikheid bestaan dat hulle dit om minder belangrike redes (vir die

studiedoeleindes) gedoen het. Van die redes kan wees dat mense byvoorbeeld voortydige negatiewe beoordelings oor TPM kon maak, aangesien hulle nie die beginsels en prosedure behoorlik leer ken het nie. Hulle kon eenvoudig ook wegskram omdat hulle bewustelik of onbewustelik vrees 'om oop te maak' teenoor 'n berader. En dan kan daar wegskrammers wees wat TPM ontwyk, omdat hulle swak hanteer is deur 'n TPM berader wat nie die nodige kennis en vaardigheid aan die dag gelê het nie. Daar kan ook mense wees wat om ander onbekende redes TPM vermy. Hierdie groep word om verstaanbare redes nie as hoë prioriteit vir onderhoudvoering geag nie.

c) *Innerlike Genesingsberaders met 'n afkeer van TPM:* Daar mag beraders wees wat eens volledig met TPM saamgegaan het, maar intussen 'n totaal ander koers ingeslaan het. Dit sal baie insiggewend wees om sulke persone op te spoor en met ten minste een van hulle 'n onderhoud te voer.
'n Kwota van 0 tot 1.

d) *Innerlike Genesingsberaders met 'n afkeer van charismatiese beradingsmodelle:* Hierdie kriterium lê baie na aan die vorige. Die navorser het kennis gemaak met 'n predikant uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), wat bekend is vir sy sukses met innerlike genesing en bevryding, maar wat aandui dat hy nie sin het aan charismatiese modelle nie. 'n Onderhoud met hom, of 'n soortgelyke geval, kan vir die gereformeerde vertrekpunt van hierdie studie baie insiggewend wees.
'n Kwota van 0 tot 1. Hy mag 'n onderhoud wyer of om ander redes nie beskikbaar wees nie.

e) *Theophostic Beradenes:* Hierdie is mense wat alreeds TPM berading ondergaan het. Onder hulle kan daar mense wees met 'n redelike mate van kennis en/of opleiding in TPM. Daar kan ook mense wees met slegs die nodige kennis wat vir die beradingsituasie toepaslik was. Hierdie onderskeid is vir die navorser van minder belang. Dit sou nietemin die navorsing baat indien hy met ten minste een beradene sou kon praat wat 'n goeie kennis van en insig in die filosofie en teorie van TPM openbaar.

Die verdere onderskeid in hierdie groep is beradenes van die navorser self teenoor beradenes van ander beraders. Die voordeel ten opsigte van die navorser se "eie beradenes" is dat hulle geredelik beskikbaar is, dat hy alreeds met hulle betrokke was/is en dat hy hulle oor 'n tyd kon waarneem, byna soos gevalle in 'n gevallestudie. Die nadeel van dieselfde groep is dat sekeres van hulle by die navorser berading ondergaan het ten tyde van sy leerfase en daarom nie die beste blootstelling aan TPM op sigself gehad het nie.

Die volgende groep beradenes is mense wat by ander beraders kliënte was of is. Die aangewese weg is om deur daardie beraders te reël vir onderhoudvoering met hul beradenes. 'n Kwota van 2 tot 3 vir die totale groep van beradenes word beoog.

Volgens die gegewe kwotas sal daar op die minste sewe (7) en op die meeste veertien (14) onderhoude gevoer word. Die navorser oordeel dat hy goeie kriteria aangelê het en dit op die regte wyse geprioritiseer het. Die kwota-aanduiding is volgens die beste logika gedoen.

4.5.3 Etiese kwessies en reëlings volgens die Fakulteit Teologie se Etiekkomitee

Navorsing word deur etiese beginsels beheer (NWU, 2007:30; vgl. Gray, 2004:58-63; Leedy & Ormrod, 2005:101-103; Silverman, 2006:315-335). Daar is naamlik internasionale sowel as nasionale etiese riglyne geformuleer om te verseker dat daar aan gelyke standaarde vir navorsing voldoen word (NWU, 2007:33-35). Etiese riglyne op internasionale vlak word volgens die Noordwes-Universiteit in die volgende vier dokumente verwoord (NWU, 2007:35):

- die Verklaring van Helsinki,
- die Belmont Verslag,
- die Nuremburg Kode en
- die "Council for International Organizations of Medical Sciences (CIOMS)."

In Suid-Afrika is die Mediese Navorsingsraad (MNR) die liggaam wat etiese riglyne vir navorsing formuleer (NWU, 2007:33). Bogenoemde vier dokumente vorm die basis van die MNR-riglyne en dus ook van die Etiekkomitee van Noordwes-Universiteit (NWU, 2007:35).

Vir die eties-korrekte beoefening van wetenskaplike navorsing, veral navorsing wat mense in eksperimente betrek, word die volgende belangrike beginsels in ag geneem (NWU, 2007:30-31):

- Outonomie - respek vir die persoon of persone; (en) begrip van menslike waardigheid
- Voordeligheid – voordeel vir die navorsingsdeelnemer
- Nie-nadeligheid – afwesigheid van skade aan die navorsingsdeelnemer
- Geregtigheid – sigbare verspreiding van geregtigheid; (en) gelyke verspreiding van risiko's en voordele tussen gemeenskappe.

Hierdie hoofbeginsels vorm die basis van alle nasionale en internasionale etiese riglyne en beleide, aldus die Noord-wes Universiteit se Etiekkomitee (2007:31).

Leedy en Ormrod (2005:101-102) bespreek die toepaslike etiese riglyne vir navorsing aan die hand van die volgende vier hoofsake:

- Beskerming teen skade of besering;
- Ingeligte toestemming;
- Reg op privaatheid en vertroulikheid; en
- Eerlikheid teenoor professionele kollegas.

"Die Nuremburg Militêre Tribunale het dit beklemtoon dat vrywillige toestemming van menslike proefpersone essensieel is, voor deelname in 'n navorsingstudie." (NWU, 2007:36.) Die belangrikste riglyne ten opsigte van die ingeligte toestemming van deelnemers is die volgende (NWU, 2007:36):

- Die proefpersoon moet die wetlike bevoegdheid hê om toestemming te gee;
- Die proefpersoon moet die mag van vrye keuse kan uitoefen; en
- Die proefpersoon moet voldoende kennis oor die aard, duur, doel en effekte van die eksperiment hê. Verwagte ongerief en risiko's vir die deelnemer, wat van die deelnemer verwag word en die metode waarvolgens die eksperiment uitgevoer gaan word, moet ook uitgeklaar word.

Die navorser het bogemelde riglyne in ag geneem en 'n Ingeligte Toestemmingsvorm[1] (Bylaag A; vgl. NWU, 2007:36) opgestel wat telkens deur beide die navorser en die deelnemer geteken is voordat met die onderhoud begin is. Vir die opstel van die Toestemmingsvorm het hy hom veral laat lei deur die voorbeeld wat Leedy en Ormrod (2005:103) in hul boek aanbied. Die huidige Etiese Riglyne van die Noordwes-Universiteit (2007:36) was nog nie van toepassing toe die empiriese studie in die tweede semester van 2006 (vgl. 4.7.1) gedoen is nie; vandaar dat geen getuies die Toestemmingsvorm onderteken het nie.

4.6 DIE ONTWERP VAN 'N ONDERHOUDSKEDULE (SIEN BYLAAG B)

Goddard en Melville (2001:46) gebruik beeldende taal om die rol van 'n meetinstrument in navorsing te illustreer: Soos wat 'n mens 'n barometer nodig het om lugdruk te meet en 'n stophorlosie om tyd te hou, so het navorsers een of ander instrument nodig om te meet wat hulle ookal van mense wil bestudeer (Goddard & Melville, 2001:46). Met die oog op die onderhoudvoering moes daar 'n onderhoudskedule as 'n meetinstrument saamgestel word.

[1] Die ondertekende Ingeligte Toestemmingsvorms is in die navorser se besit.

4.6.1 Wenke vir onderhoudvoering en onderhoudskedules

'n Goue reël vir onderhoudvoering is om te sorg dat jy as onderhoudvoerder so goed as moontlik voorbereid is (Janesick, 1998a:31). Daarom is dit wenslik om soveel as moontlik weldeurdagte vrae gereed te hê, alhoewel daar in die onderhoud dalk net vyf of ses vrae gevra sal word om temas aan die orde te stel (Janesick, 1998a:31; Gaskell, 2000:40). Dit sal dus nodig wees om eerstens die temas en hoofsake wat gedek moet word, te definieer. Elke vraag moet egter noodsaaklik wees ten opsigte van die doel van die navorsing (Wilkinson & Birmingham, 2003:47).

Daarna kan die raamwerk van die skedule uitgeklaar word. Goeie raad is om met eenvoudiger en voor die hand liggende sake te begin ten einde die deelnemers op hul gemak te stel en om die vloei van die gesprek aan die gang te kry, waarna die moeiliker, diepsinniger en sensitiewer sake aan die orde kan kom (Wilkinson & Birmingham, 2003:47). Die kwalitatiewe onderhoud balanseer strukturering, waarmee verseker word dat die tersaaklike temas almal gedek word, én soepelheid, waarmee ruimte geskep word sodat daar genoegsaam oor elke saak gesprek gevoer kan word.

Verskillende skrywers inspireer, gee wyse raad en stel tegnieke voor om die beste te maak van vraagstelling en onderhoudvoering. Die volgende is 'n opsomming van wat Legard, Keegan en Ward (2003:148-165) aanbied:

- Gebruik oop of breë vrae, sowel as geslote, spesifieke en nouer vrae. Legard, Keegan en Ward (2003:148-152) praat van "inhoudsafbakeningsvrae" en "inhoudsontginnende vrae" wat albei aan die orde moet kom. Dit sou soos volg aan die orde kan kom: "Waar het jy met TPM te doene gehad? Op watter maniere?" en "Waarom sê jy dat dit nie vir jou werk nie?"
- Gebruik "probes" of opvolgvrae om byvoorbeeld verdere uitbreiding, verkenning, verduideliking of uitklaring te verkry, soos: "Jy sê dat dit 'n goeie metode is. Waarom sê jy so?" en: "Jy sê die beradingsessie was 'n drama. Wil jy meer daarvan vertel?"
- Vermy leidinggewende vrae. Legard, Keegan en Ward (2003:154) verduidelik: "The researcher's questions in an in-depth interview are designed to yield a full answer: they are not intended to influence the answer itself." In plaas van: "Jy moes seker kwaad geword het?" vra eerder: "Hoe het jy daarop reageer?" of: "Hoe het daardie gebeure jou laat voel?"
- Vra duidelike vrae. Waak teen inleidings wat onnodig is en helderheid in die wiele kan ry. Waak teen dubbelvrae wat twee vrae ineen kombineer. Waak teen vrae wat te abstrak of teoreties is. Wees sensitief vir die taal en terme wat die mense self gebruik.

- Luister en onthou. *Luister* veral om die betekenis van wat die persoon sê, te hoor. Soms kan 'n saak nie dadelik opgevolg word nie en moet dit later weer te berde gebring word; daarom moet ook *onthou* word.
- Sorg vir 'n goeie gespreksverhouding met die deelnemer.
- Swaai aannames en "ingrypings" om na vrae. Daar moet byvoorbeeld weggestuur word van kommentaar op antwoorde, opsommings van wat 'n persoon gesê het en die neiging om antwoorde of sinne vir mense te voltooi. Vra eerder verdere vrae.
- Behou 'n warm empatie sonder om oorbetrokke te raak. Eie standpunte, gevoelens of raad kan gedeel word ten einde die wederkerigheid en openheid van die verhouding nie te strem nie, maar hou dit verkieslik buite die onderhoud self.
- Hanteer sensitiewe temas en intense emosionele response met die beste wysheid en kalmte moontlik.

Uit die lys van soorte vrae wat Janesick (1998a:30-31) voorstel en wat aansluit by bogenoemde, is daar drie sake wat spesifiek belangrik is vir die tema van hierdie ondersoek. Daar moet gevra word oor mense se *belewenisse*, hetsy as beraders met beradingsessies en beradenes, of as beradenes met hul eie beradingservarings. Daar moet ondersoek gedoen word na *paradigmatiese of lewensbeskoulike sake* soos byvoorbeeld Godsiening, mensbeeld en die toepaslike sake in verband met bewussyn en onderbewussyn, sowel as skepping, sondeval en verlossing, asook sieninge rondom verlossing, genesing, bevryding en oorwinning. Dan kan ondersoek gedoen word na *vergelykende of kontrasterende sake*, byvoorbeeld TPM teenoor ander innerlike genesingsmodelle, of die tipies gereformeerde vorm van innerlike genesing teenoor 'n meer charismatiese aanslag.

4.6.2 'n Uitgangsperspektief en 'n middelstap

Hier volg die beskrywing van 'n uitgangsperspektief en 'n middelstap wat gevolg is in die samestelling van die onderhoudskedule.

4.6.2.1 'n Uitgangsperspektief

Met die uitgangsperspektief word bepaal watter fasette in die onderhoud aandag moet kry. Hiervoor word aandag geskenk aan die *hoofdoele* van die navorsing, *temas* soos wat die bronnestudie sover uitgelig het, *enkele waarnemings* wat met die aanvang van die studie gemaak is, sowel as aan die *kritiek* wat ten opsigte van TPM geopper is.

Hierdie empiriese studie moes aan die volgende **doelwitte** aandag verleen:

- Die hoofdoel van die empiriese studie was om meer lig oor die reformatories-Skriftuurlike aanvaarbaarheid van TPM te verkry. Daar moes gehoor word wat mense se oortuigings en belewenisse aangaande die filosofie, teorie en praktyk van TPM is.
- 'n Tweede (en moeilike) faset van die empiriese studie sou wees om die gronde vir hulle beoordelings te peil. Die inligting wat op hierdie wyse bekom sou word, so is veronderstel, behoort by te dra tot die beantwoording van die navorsingsvraag oor TPM se leerstellige en wêreldbeskoulike vertrekpunte.
- 'n Derde doelwit wat in die oog gehou moes word, was om te bepaal of die data bevestiging of weerlegging van die kritiek teen TPM kan lewer en of dit verdere lig op sake werp.
- 'n Vierde doelwit van die empiriese studie sou wees om lesse te leer ter wille van die moontlike ontwerp van 'n eie model vir innerlike genesing en/of ter wille van verstellings aan die bestaande praktykteorie.

Die navorser het met die aanvang van die studie **enkele waarnemings** gemaak en dit in vrae verwoord. Die volledige lysie vrae is reeds in Hoofstuk 3 (3.6) aangeteken. Ten minste twee van daardie vrae kan hier onder die uitgangsperspektief aan die orde gestel word:

- Wat is alles "lig" ("theou phos") wanneer Jesus Christus genesend in die proses intree?
- Hou die aanspraak op "groter, ingrypender en blywende resultate" ("more than tolerable recovery") stand en is dit Bybels verdedigbaar?

4.6.2.2 'n Middelstap

Naas die *uitgangsperspektief* as 'n eerste stap, kan twee verdere stappe gevolg word. Leedy en Ormrod (2005:147-149) verwys na die werkswyse van 'n Debby Zambo wat in haar doktorale proefskrif die middelstap bewerk het waarin sy uiteensit watter *navorsingsvrae* sy aan die orde stel en dan watter moontlike toepaslike onderhoudsvrae daaroor gevra kan word. Die uitklaar van die navorsingsvrae (wat nie noodwendig net so in die onderhoude gevra kan word nie) is die middelstap en die identifisering van toepaslike *onderhoudsvrae* is die derde stap. Die navorser het geoordeel dat dit aangewese is om met hierdie empiriese studie ook hierdie drie stappe te volg.

Vanuit die bogemelde *navorsingsdoelwitte,* die enkele aanvanklike *leidende vrae* van die navorser, geïdentifiseerde *temas* en 'n opsomming van *kritiek teen TPM* (vgl. Hoofstuk 2, deel 4) kon die volgende moontlike **navorsingsvrae** geformuleer word:

- Hoe beleef die deelnemers TPM as beradingsbenadering?
- Is TPM na sy filosofie, leerstellige uitgangspunte en praktyk Skriftuurlik aanvaarbaar?
- Belangrike leerstellige en lewensbeskoulike sake waaroor veral navraag gedoen moes word, blyk te wees die mensbeeld van TPM, die sondeleer, verlossingsleer, heiligmakingsleer, genesingsleer en lydingsleer.
- Wat is die deelnemers se begronding en motivering vir hul antwoorde?
- Hoe oordeel die deelnemers oor Smith se Skrifgebruik en uitleg in die begronding van TPM?
- Hou die kritiek stand dat die teruggaan na onverwerkte trauma van die verlede onskriftuurlik is?
- Hou die kritiek teenoor Smith se tweekamerteorie en breinprosesse stand?
- Hou die kritiek oor tegnieke soos begeleide verbeelding, visualisering en hipnose stand?
- Hou die kritiek ten opsigte van TPM en valse geheues stand?
- Wat sou alles "lig" wees wanneer Jesus Christus reddend en genesend in die proses ingryp?
- Watter verheldering kom na vore in verband met TPM se aansprake op "beter, blywende en instandhoudingsvrye oorwinning"?
- Watter voorstelle en/of wysheid ten opsigte van die verbetering van die TPM teorie, praktyk en konteks kom na vore?

Die finale stap in die daarstel van 'n geskikte onderhoudskedule (in al sy variasies), sou wees om gepaste ondershoudsvrae te formuleer wat in die volgende afdeling bespreek word.

4.6.3 Die onderhoudskedule(s)

Die navorsingsondersoek begin in der waarheid met elemente van 'n "uitgebreide teorie," sowel as met "geringe teorie" in verskillende opsigte (Heyns & Pieterse, 1998:78-79). Een faset van uitgebreide teorie is die veronderstelling dat TPM werk, in soverre mense die beginsels en prosedures daarvan na behore ken en toepas. Hierdie faset, naamlik dat die deelnemers wel TPM ken en na behore toepas, moes uiteraard tydens die onderhoudvoerings gekontroleer word. Die hooffokus van die empiriese onderhoude sou egter by fasette van geringe teorie lê waaroor, na verwagting, meer lig en insig na vore sou kom. Fasette van geringe teorie verwys na die temas wat deur die navorsingsvrae onder die middelstap (vgl. 4.6.2.2) gedek is.

Die onderhoudskedule sou met die oog op 'n gemaklike en logiese gang van die inhoudelike deel van die gesprek, die basiese volgorde van 'n tipiese TPM sessie as rigtingwyser neem. Dit was belangrik om in gedagte te hou dat nie-leidinggewende vrae gevra moes word en dat persone aangemoedig moes word om te praat, alhoewel die gesprek tog gestruktureer kon word. Die

navorsingsvrae, soos onder punt 4.6.2.2 uitgeklaar, is tot gepaste **onderhoudsvrae** herformuleer, met inagneming van die riglyne en wenke waarna tot dusver verwys is.

Aangesien sekere onderhoude met opleiers/beraders gevoer sou word en ander met beradenes, is die onderhoudskedule aanvanklik opgestel met twee stelle vrae wat op hierdie twee groepe onderskeidelik gerig is. Daar moes egter 'n derde en 'n vierde stel vrae toegevoeg word, aangesien die berader wat 'n afkeer van charismatiese beradingsmodelle het, nie met TPM besig is/was nie, en die Engelssprekende berader sou oor sy aanwending en verstaan van beide TPM en EMDR uitgevra word. Albei laasgenoemde onderhoude het dus unieke situasies veronderstel, wat 'n besondere aanpassing in die onderhoudskedule én taal genoodsaak het. Daar is in werklikheid dus vier onderhoudskedules opgestel, wat soos volg aangedui is (vgl. Bylaag B):

B^1) Gespreksvrae vir TPM Beraders/Opleiers;

B^2) Gespreksvrae vir TPM Beradenes;

B^3) Gespreksvrae vir die Berader met 'n Afkeer van Charismatiese Innerlike Genesing; en

B^4) Questions for an Interview with a Person that uses TPM in combination with EMDR.

Die ***Onderhoudskedule(s) vir die in-diepte semi-gestruktureerde onderhoude met beraders en beradenes in* Theophostic Prayer Ministry, *sowel as beraders in ander modelle van innerlike genesing*** is as 'n bylaag tot die navorsingsverslag aangeheg (Bylaag B). Die onderhoudskedule maak ook voorsiening vir die belangrikste persoonlike en agtergrondinligting van elke deelnemer, wat ter gesprek afgeneem word/is. Die *Gespreksvrae vir TPM Beraders/Opleiers (B^1)* word ter illustrasie hieronder weergegee. Die ander variasies van die vraelys (B^2, B^3, B^4) is in Bylaag B vervat.

B^1 GESPREKSVRAE VIR TPM BERADERS/OPLEIERS

Die belangrikste basiese vrae wat gevra kan word, is waarskynlik die volgende:

1) Wat is jou belewenis as berader met TPM? Vind jy dit effektief ten opsigte van jou beradings- of terapeutiese doele? Kan jy voorbeelde gee ter illustrasie?
2) Hoe sal jy TPM vergelyk met ander innerlike genesings- of terapeutiese modelle waarmee jy vertroud is of waarmee jy te doene gehad het?
3) Praat met my oor Ed Smith se "huis-met-twee-kamers-teorie" soos wat jy dit in die beradingsessies ervaar.
4) Watter metodes gebruik jy om die beradene te help om by die herinneringe uit te kom?

5) Het jy enige spesifieke oortuigings ten opsigte van begeleide verbeelding, visualisering, suggestie en hipnose as metodes vir die kontak maak met die aktuele herinneringe? Gee redes.
6) Volgens jou ervaring, hoe belangrik is dit dat 'n persoon weer in voeling kom met die emosies van die betrokke onverwerkte herinneringe? Met ander woorde, hoe belangrik is die herbelewenis daarvan in die faset van "stirring up the darkness?"
7) Wat het jou ervaring met TPM jou geleer oor die hantering van (hewige) emosionele omgekraptheid wat kliënte moontlik tussen (en tydens) sessies mag beleef?
8) Wat sou jy sê is die mensbeeld waarmee TPM werk? (Verwys moontlik na die teruggaan na herinneringe en/of die rol van emosies; asook die saak van dichotomie of trichotomie.)
9) Wat is jou belewenisse oor "God wat lig gee" in die *Theophostic* moment van die berading?
10) Wat verstaan jy oor die spreke van God soos dit by TPM aan die orde kom? (Kontroleer die verhouding Woordsiening en Skrifbeskouing).
11) Wat kan ons leer ten opsigte van die Godsbeeld waarmee TPM werk?
12) Word die erns van die mens se sonde en sondegevallenheid, volgens jou kennis en ervaring, deur hierdie beradingsbediening verwater of nie? (Dit raak die debat oor sondegebaseerde versus leuengebaseerde teologie.)
13) TPM maak aanspraak op "maintenance-free victory." Wat is jou kommentaar daarop?
14) Ed Smith het 'n spesifieke siening oor heiligmaking. Weet jy wat dit is en wat is jou kommentaar daarop?
15) Dink jy dat TPM Skriftuurlik is en word dit genoegsaam in die TPM teorie begrond? Gee redes.
16) Watter spesifieke vereistes, hoedanighede of begaafdhede verwag jy by 'n effektiewe TPM berader?
17) Sou jy sê dat iemand wat innerlike genesing doen 'n bepaalde openheid vir die bonatuurlike moet hê?
18) Ed Smith noem dat die *Theophostic* bediening nie in alle kerke 'n goeie ontvangs geniet nie. Watter verstellings sou jy sê moet kerke, of jou kerk in die besonder, aanbring ten einde die saak van *Theophostic* beter te dien?
19) Is daar enige verbeterings wat jy wil voorstel oor die TPM teorie en/of praktyk?
20) Het jy nog enigiets op die hart?

4.7 DIE ONDERHOUDVOERING EN TRANSKRIBERING VAN ONDERHOUDE

Vervolgens word oorgegaan tot 'n bespreking van die onderhoudvoerings en die transkribering van die onderhoude.

4.7.1 Die onderhoude

Tien onderhoude is met altesaam elf deelnemers gevoer. Een van die onderhoude was 'n kombinasie-onderhoud waaraan twee persone gelyktydig deelgeneem het. Hierdie onderhoude het plaasgevind oor twee weke vanaf 25 September tot 6 Oktober 2006. Die volgende uiteensetting (Tabel 4.1, op volgende bladsy) gee 'n aanduiding van die kategorieë van die ondersoekgroep, hoe die kwotas vir elk gevul is, die skuilname wat gebruik is en die tegniese geslaagdheid van die onderhoude.

Tegniese probleme met die bandopnemer wat tydens die eerste drie onderhoude gebruik is, het dit bykans onmoontlik gemaak om die onderhoude te transkribeer. Een van hierdie genoemde onderhoude, naamlik dié met beradene G2, is wel getranskribeer. Die ander twee, naamlik die onderhoude met A1 en C1, is laat vaar met dien verstande dat insette daaruit as mondelinge mededelings hanteer sou word.

Die onderhoud met die berader wat beide TPM en EMDR benut (C4), het ook probleme opgelewer. 'n Beter bandopnemer was wel vanaf die vierde onderhoud gebruik, maar die bandopnemer was in hierdie geval te ver van die persoon wat ook sagter gepraat het as wat verwag is. Die navorser het nogtans daarin geslaag om die laaste derde van die onderhoud te transkribeer. Hierdie onderhoud wat belangrike inligting vir die navorsing opgelewer het, is in hoofsake opgesom[2] en word ook as 'n persoonlike mededeling hanteer.

Die onderhoude met persone A2 en C3 het 'n verdere verrassing opgelewer. Die navorser het naamlik met persoon A2 wat 'n berader en opleier is, gereël dat sy ook 'n beradene sou betrek met wie daar 'n onderhoud gevoer kon word. Op die dag van hul onderhoude het A2 gevra of sy en C3 nie maar saam in een onderhoud kon gesels nie. Die navorser het toegegee en uiteindelik 'n baie interessante onderhoud gevoer van bykans dubbel die beoogde tydsduur. Gray (2004:230) maak vir hierdie soort groeponderhoud voorsiening en noem dit "joint interviews." "Joint interviews involve one researcher talking with two people simultaneously about one phenomenon." Dié soort

[2] Die opsomming van die "mededeling" van deelnemer C4 is saam met die transkriberings van die ander onderhoude in besit van die navorser.

onderhoud help om teenoorstaande of ooreenstemmende gesigspunte te ontgin en help ook dat die deelnemers mekaar kan aanvul in hul weergawe van sake (Gray, 2004:230). Dit het ook geblyk dat C3 eerder onder die kategorie van beraders gereken moet word, alhoewel sy bereid was om as beradene deel te neem. Sy het naamlik reeds vir meer as vier jaar berading aangebied volgens die *Theophostic* metode.

Tabel 4.1: Inligting oor die kategorieë, kwota-indeling en onderhoudvoerings

Kategorie	**Spesifikasie van Kategorie**	**Kwota**	**Kwotavulling, aangedui per Skuilname**	**Tegniese geslaagdheid van onderhoude**
A	Beraders én opleiers in TPM	1-2	A1	Probleem met klankopname van onderhoud
			A2	Geslaagde onderhoud
B	Dié berader en opleier	0-1	B1	Nie onderhoud gereël nie
C	TPM beraders	3-4	C1	Probleem met klankopname
			C2	Geslaagde onderhoud
	Berader (én beradene)		C3	Geslaagde onderhoud
	(TPM en EMDR berader)		C4	Deels-geslaagde onderhoud
D	Berader met aangepaste TPM metode	1-2	D1	Geslaagde onderhoud
E [3]	Innerlike genesingsberader met afkeer van TPM	0-1	E1	Aanvanklik nie 'n deelnemer gekry nie
F	Innerlike genesingsberader met afkeer van charismatiese beradingsmodelle	0-1	F1	Geslaagde onderhoud
G	TPM beradenes	2-3	G1	Geslaagde onderhoud
			G2	Onderhoud getranskribeer ondanks probleme met opname
	TOTALE AANTAL : (Minimum / Maksimum)	**7 / 14**	**11**	**10 Onderhoude gevoer (1 'n kombinasie-onderhoud; 4 met probleme – 2 egter bruikbaar)**

In 'n gevorderde stadium van die totale studie het die navorser 'n persoon ontmoet wat vroeër 'n aanhanger en fasiliteerder van TPM was, maar wat intussen TPM berading gestaak het en wat dus in **deelnemerskategorie E** tuiskom. Die kwota-aanduiding vir kategorie E het ruimte gelaat vir

[3] Die navorser het 'n persoon ontmoet wat in kategorie E val, lank na afloop van die empiriese onderhoude. Sy bydrae, wat by wyse van 'n mondelinge mededeling bekom is, word kortliks onder punt 4.7.1 (oor onderhoude) bespreek.

een of geen onderhoud. Tydens die empiriese onderhoude was daar dus geen onderhoud met 'n persoon van hierdie kategorie gevoer nie. Die bydrae van 'n kategorie E-deelnemer, 'n innerlike genesingsberader met 'n afkeer van TPM, lê daarin dat so 'n persoon moontlik 'n ernstige beswaar teen die suiwerheid van die leer, filosofie of praktyk van TPM mag opper, wat betekenisvol vir die navorsing mag wees. Juis om hierdie rede word die hoofsake van 'n mondelinge medeling wat tussen die navorser en hierdie persoon plaasgevind het, hier weergegee (vgl. Kidwell, 2008).

Die persoon, met die **skuilnaam E1**, is 'n leier van 'n toonaangewende Charismatiese Kerk in die navorser se nuwe tuisdorp. E1 het 'n geestelike verdieping in sy eie lewe ondergaan wat onder andere meegebring het dat hy hom teen wettiese elemente in die charismatiese voorspoedsleer verset het (Kidwell, 2008). Een bydraende faktor in sy herbesinningsfase was blootstelling aan 'n artikel van Dave Hunt (2005:1-2) oor *Victory in Christ.* Dave Hunt is 'n eksponent van die sogenaamde anti-psigologie beweging oor wie in Hoofstuk 5 uitgewei word.

E1 het basies twee besware teen TPM. Eerstens reken hy dat TPM se fokus op herinneringe vanuit die verlede die beradene se aandag onnodig verplaas vanaf die reddingsvoorsiening in Christus in die hede na sake uit die verlede. Tweedens ag hy die programmatiese prosedure wat TPM as beradingsmodel volg, ook as wetties, en het derhalwe alle benutting van TPM afgesweer in sy nuwe toewending tot die Woord, die Heilige Gees en die volheid in Christus alleen. E1 het trouens die benutting van alle psigoterapeutiese en beradingshulpmiddels laat vaar ten gunste van 'n verlossingsbelewenis van Christus. Die onderlinge versorgingsbediening van die liggaam van Christus in koinonia-verhoudinge, glo hy, is naas die hoor en toe-eiening van die gepredikte Woord, die aangewese metode waardeur die Here mense heel en vry maak.

Die navorser, wat reeds aan E1 se leer en lewe blootgestel was, het die grootste agting vir hom as persoon en Woordbedienaar. Hoewel E1 dus in die kategorie van die anti-psigologie beweging geplaas kan word, moet erns gemaak word van sy toepassing van die volheid in Christus. Dit bly egter 'n vraag of dit regtig nodig is om 'n keuse te maak *tussen* die volheid van Christus aan die een kant, en die benutting van psigoterapie of 'n pastorale metode wat gebruik maak van konsepte en tegnieke verwant aan die psigoterapie, aan die ander kant. Die anti-psigologie beweging word in Hoofstuk 5 (afdeling 5.4) beoordeel en die unieke bydrae van E1 word verder in Hoofstuk 6 (6.4.6 b) verreken.

4.7.2 Die transkribering

Die navorser het die bandopnames van die onderhoude almal self geluister en getranskribeer.[4] Onderhoude met persone A2, C2, C3, D1, F1, G1 en G2 is getranskribeer en die onderhoud met C4 is as persoonlike mededeling opgesom. Daar is 'n gesamentlike onderhoud met deelnemers A2 en C3 gevoer (vgl. Gray, 2004:230).

Nadat die onderhoude getranskribeer is, is die getikte weergawes van die gesprekke rondom temas en sinvolle eenhede in behoorlike paragrawe georden. Daarna het 'n eerste fase van kodering plaasgevind, waartydens tersaaklike hooftemas gemerk is. Van elke transkripsie is vervolgens 'n opsomming gemaak, wat die gekodeerde hooftemas en/of gesprekslyne so goed as moontlik saamgevat het. Hierdie proses van transkribering het, met ander woorde, spontaan ontwikkel vanaf 'n eerste fase van ontleding van die data tot volgende fases van ontleding. In die volgende afdeling van die hoofstuk word verder oor die data-ontledingsproses uitgebrei.

4.8 AGTERGRONDINLIGTING EN DIE DATA-ONTLEDINGSPROSES

In hierdie afdeling word die agtergrondinligting van die deelnemers, sowel as die data-ontledingsproses omskryf.

4.8.1 Agtergrondinligting van die deelnemers

Die belangrikste agtergrondinligting van die deelnemers is opgesom en in 'n tabel weergegee (Tabel 4.2 op die volgende bladsy). Hierdie agtergrondinligting oor die deelnemers help om die aanslag, temas en unieke bydrae van elke onderhoud beter te waardeer en te plaas. In terme van al die genoemde kategorieë kon sekere verwagtinge oor die empiriese gegewens alreeds voorsien word:

- *In terme van beroepe* kon verwag word dat predikante 'n besondere interesse in die teologiese en filosofiese aspekte van TPM sou openbaar, dat die psigoloog waarskynlik 'n sterk psigologiese bril sou ophê en dat die ingenieur op 'n meer natuurwetenskaplike manier na sake sou kyk. Die gegewens uit die onderhoude het hierdie verwagtinge bevestig.
- *In terme van blootstelling aan en benutting van TPM* kon verwag word dat diegene wat beter opgelei is en langer beradingservaring het, met groter outoriteit oor ten minste die praktyk van TPM sou praat. Dit was 'n logiese verwagting.

[4] Die navorser kan gekontak word ten einde afskrifte van die transkripsies te bekom. Die oorspronklike bandopnames is ook in die navorser se besit.

- *In terme van kerklike agtergrond* sou verwag kon word dat meer persone uit die Charismatiese Kerke tot die bediening van TPM aangetrokke moes wees, terwyl dit moontlik minder bekend en minder aanvaarbaar by kerke van die gereformeerde tradisie mag wees. Die navorser het toevallig met 'n hele paar deelnemers uit die gereformeerde tradisie onderhoude gevoer, wat TPM ook aanvaarbaar vind. Geen klinkklare afleidings na die een of na die ander kant kon hier gemaak word nie. Daar kan kennis geneem word van ten minste vyf deelnemers wat ten tyde

Tabel 4.2: Agtergrondinliging van die deelnemers in die empiriese studie

Skuilnaam	**Professionele Opleiding en/of Beroep(e)**	**TPM Opleiding en/of Benutting**	**Kerklike Agtergrond**	**Besondere Rede vir Insluiting**
A2	Onderwyser Berader	Opleier-berader	Gereformeerde Kerk >> Metodis	Praktykervaring as TPM berader en opleier
C2	Predikant	Berader	Gereformeerde Kerk	Teologies en Filosofies
C3	Kommunikasiekunde (met psigologie) Verskillende beroepe Huisvrou Berader	Beradene; eerder Berader	'n Christelike Kult >> *Assemblies of God*	Praktykervaring as TPM beradene (en berader)
C4	Stadsbeplanner Siviele Ingenieur Pastorale Berader	Berader volgens kombinasiebenutting van TPM en EMDR	*Rosebank Union Church* >> *Assemblies of God*	Benut beide TPM en EMDR
D1	Graad in Krygskunde Psigoloog	Berader (en Beradene)	Gereformeerde Kerk >> Soek nuwe kerk	Aangepaste TPM metode
F1	Predikant	Berader volgens Eie Model	NG Kerk	Gereformeerde Behoudenheid
G1	Predikant	Beradene	NG Kerk	Teologies en Filosofies; Ervaring as beradene
G2	Arbeidsterapeut	Beradene	Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) >> Baptis	Praktykervaring as beradene
A1	*Psigoloog en Pastorale berader*	*Opleier-berader*	*NG Kerk; Agapé Baptiste; 3 Jaar Bybelskool by Rhema; en Terug na NG Kerk*	*Psigologies, Teologies en Ervaring in TPM*
C1	*Predikant en Pastorale berader*	*Berader*	*Gereformeerd*	*Teologies; Ervaring in TPM*


van die onderhoude, of tevore, van kerkverband verwissel het. Ten minste A2 en C4 se beweegredes hou verband met die onderskeie kerke se openheid of gebrek aan openheid vir TPM.

- *In terme van 'n aangepaste TPM metode* kon verwag word dat die persoon wat 'n aangepaste metode gebruik, knelpunte met TPM se teorie en/of praktyk mag uitlig en ander sieninge of metodes as verbeterings mag voorhou.
- *In terme van 'n uitgesproke weersin in die charismatiese modelle* kon verwag word dat die betrokke persoon sy voorbehoude of weersin sal verklaar en sy veronderstelde gereformeerde toetsstene vir die beoordeling van sake sal blootlê.

4.8.2 Die data-ontledingsproses

In 'n sekere sin word data in die ontledingsproses ingevoer en 'n narratief word uitgevoer (Creswell, 1998:142). Data-ontleding vir kwalitatiewe navorsers volg nie altyd so 'n reglynige pad soos met kwantitatiewe navorsing nie (vgl. Miles & Huberman, 1994:12). Die werkswyse is meer interaktief en maak 'n aantal heen-en-weer sirkelbewegings. Miles en Huberman (1994:10-14) gee hul siening van die ontledingsproses in terme van 'n interaktiewe model weer (Diagram 4.1).

Diagram 4.1: Miles en Huberman se interaktiewe model vir data-ontleding



Bron: (Miles & Huberman, 1994:10-14)

Die volgende uiteensetting beskryf die stappe in Miles en Huberman se interaktiewe model vir data-ontleding:

- *Datareduksie:* Datareduksie verwys na 'n proses van selektering, fokus, vereenvoudiging, abstrahering en die omskep van die data wat versamel is. "Data reduction is a form of analysis that sharpens, sorts, focuses, discards, and organizes data in such a way that 'final' conclusions can be drawn and verified." (Miles & Huberman, 1994:10-11.)
- *Data-uiteensetting:* Data-uiteensettings dien die navorser se oorsig en insig ten opsigte van die versamelde data en gee 'n aanduiding van wat om verder in die ondersoek te doen – óf verdere ontleding óf watter stappe geneem moet word. "Generically, a *display* is an organized, compressed assembly of information that permits conclusion drawing and action." (Miles & Huberman, 1994:11.) Daar is verskillende moontlikhede waardeur die visuele weergawes gedoen kan word, byvoorbeeld matrikse, grafieke, kaarte, tabelle, netwerke en boomdiagramme (Miles & Huberman, 1994:11; Creswell, 1998:145).
- *Afleidings en Verifikasie:* Alreeds vanaf die begin van die data-insameling word besluite geneem oor sekere aspekte, soos herhalende sake, patrone, verklarings, moontlike verbande, kousale verhoudinge en stellings (Miles & Huberman, 1994:11). Aan die een kant word afleidings gemaak, maar aan die ander kant moet verseker word dat dit op geldige gegewens en argumente berus; met ander woorde, dit moet geverifieer word.

Creswell (1998:142-146) beskryf die data-ontledingsproses as 'n "data-ontledingspiraal" met verskillende rondtes van ontleding. Hierdie navorsing het min of meer hierdie ontledingspiraal gevolg (vgl. ook Mason, 2002:150-168, 186-187, 192), soos hieronder aangetoon:

- Met die eerste rondte is die data met 'n "interpreterende bril" gelees en tot betekenisvolle eenhede omskep en georganiseer. Mason (2002:149) definieer "interpreterende lees" soos volg: "An interpretive reading will involve you in constructing or documenting a version of what you think the data mean or represent, or what you think you can infer from them."
- Met die tweede rondte is 'n geheelindruk van die data gesamentlik verkry (Creswell, 1998:143-145). Hiertydens is aantekeninge in die kantlyn gemaak van frases, idees en sleutelterme.
- Daarna het rondtes van omskrywing, klassifisering en interpretering gevolg.
- Die finale fase sluit in dat die data in visuele formaat weergegee word. In elke fase vind ontleding plaas, maar hier word nog verder teruggetree deur te vra wat aangaan, hoe die verbande tussen afdelings beskryf kan word en wat afgelei kan word.

Ten einde die gegewens te ontleed, moes onder andere die aanvanklike rigtinggewers (vgl. 4.6.2.1) en die bydraes van die unieke steekproefeenhede (vgl. 4.5.2) in gedagte gehou word.

Daaruit kon ten minste vyf *groot groeperings* van data uit die onderhoude aangeteken word. Dit is naamlik:


- die deelnemers se algemene indrukke oor TPM;
- deelnemers se belewenisse en oortuigings oor die praktyk, leer en filosofie van TPM;
- unieke bydraes en tendense wat na vore gekom het;
- die Skriftuurlikheid van TPM; en
- voorstelle oor die praktyk en vertrekpunte van TPM.

Kleiner groeperings van data het ook na vore gekom uit die ontleding van die empiriese data. Hier was dit nodig dat die talle fasette van geringe teorie, soos wat by punt 4.6.2.2 (vgl. 4.6.3) aangedui is, in aanmerking geneem word.

Die spesifieke moontlikheid van 'n hiërargiese boomdiagram blyk nuttig te wees, omdat dit vlakke van abstraksie kan aandui (Creswell, 1998:145; vgl. Diagram 4.2 op volgende bladsy). Normaalweg word die vlakke so aangedui dat die onderste vlakke die minste abstraksie verteenwoordig en die boonste die meeste. Hierdie empiriese ondersoek was in hoofsaak gerig op die praktyk en die teorie van die TPM benadering en het die vraag gevra na die Skriftuurlikheid van TPM. Die vlakke vanaf die konkrete praktyk tot die meer abstrakte teoretiese deel word dus in 'n sekere sin ook hier gevolg. Op die **konkrete praktykvlak (Afd. A)** kan gegewens en ontledings oor die deelnemers se indrukke, belewenisse, oortuigings en unieke bydraes tuisgebring word. Die data en ontledings ten opsigte van onder meer die breinteorie van TPM, asook die abstrakte leerstellige en lewensbeskoulike vertrekpunte daarvan kom op die volgende, **meer teoretiese vlak (Afd. B)** tuis. Die vraag na die Skriftuurlikheid van die model lê dus ook op hierdie vlak van besinning. Uiteindelik moes gevra word wat die geheel van hierdie empiriese ondersoek na vore bring en hoe daaroor geoordeel moet word (Creswell, 1998:146), 'n evaluasie wat op **die hoogste vlak (Afd. C)** voltrek word.

Hierdie diagram (Diagram 4.2, op die volgende bladsy) bied 'n oorsig oor die verskillende kategorieë en subkategorieë van temas en onderlinge verbande soos vasgestel kon word. Die navorser volg Creswell (1998:142) se voorstel om met sowat vyf of ses hoofkategorieë te begin en dit uit te brei tot nie meer as vyf-en-twintig of dertig subkategorieë nie. Drie verskillende vlakke van data en die ontleding daarvan word ook in die diagram weergegee.

Diagram 4.2: 'n Boomdiagram vir die weergawe van geëvalueerde empiriese gegewens



Die aangewese weg sou nou wees om presies volgens hierdie boomdiagram - met sy uiteensetting van punte 1 tot 12 - die empiriese gegewens en hul ontleding hier volledig weer te gee. Ten einde egter die hoofstuk nie te lank te maak nie, word afdelings A en B, wat onderskeidelik oor die eerste en tweede vlakke van ontleding en weergawe handel, as 'n bylaag aangeheg (Bylaag D). Die finale neerslag van die empiriese studie, soos saamgevat in afdeling C (met punt 12) is al wat dus in hierdie afdeling, onder punt 4.9, vervolgens weergegee word.

4.9 DIE WEERGAWE VAN DIE GEËVALUEERDE EMPIRIESE GEGEWENS

Die volgende is 'n opsomming van die belangrikste afleidings, insigte en voorstelle wat vanuit die ontleding van die empiriese gegewens na vore gekom het (vgl. Afd. C, Diagram 4.2). Hierdie afleidings, insigte en voorstelle word georden rondom die hooftemas van die TPM praktyk, die TPM teorie en die TPM konteks. Alle verwysings in hierdie samevattende gedeelte onder punt 4.9 moet beskou as verwysings na paragrawe in Bylaag D, tensy anders vermeld. Die bevindinge en voorstelle onder punt 4.9 berus immers op die empiriese gegewens en ontledings van die eerste

twee vlakke van data-ontleding en data-weergawe, naamlik afdelings A en B, soos in Bylaag D vervat.

4.9.1 Afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM praktyk

Die volgende afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM praktyk is gemaak.

4.9.1.1 *Theophostic Prayer Ministry* "werk!"

Die deelnemers se algemene indruk van TPM is dat dit werk (Bylaag D, punt 1). Daar is ook genoegsame steun vanuit die empiriese gegewens dat die gespreksgenote werklik met die beradingsgebeure van TPM te doen gekry het, hetsy as beradenes, hetsy as beraders en/of opleiers (Bylaag D, punt 2.2.1).

4.9.1.2 Verstaan 'n tipiese *Theophostic* sessie beter

Die empiriese studie help ons om 'n tipiese *Theophostic* sessie met die gepaardgaande beginsels en prosedures beter te verstaan (Bylaag D, punt 2). Waar die navorser byvoorbeeld tot nog toe die indruk gehad het dat TPM in hoofsaak op die identifisering en regstelling van leuens fokus, dui die empiriese gegewens daarop dat TPM beide die leuens regstel, maar ook die emosionele pyn wat daarmee saamgaan, genees (Bylaag D, punt 2.1.6).

Dit blyk 'n unieke en baie effektiewe prosedure by TPM te wees om erg-getraumatiseerde persone eers te begelei tot die genesing van hul innerlike verwondings alvorens hulle begelei word om persone wat hul verontreg het, te vergeef (Bylaag D, punt 2.1.7).

4.9.1.3 Enkele punte van kritiek is deels deur die verhelderende data weerlê

Die volgende punte van kritiek teen TPM is deels deur die verhelderende data van die empiriese ondersoek weerlê:

- Entwistle (2004b:35-42) beskuldig TPM daarvan dat dit die verwagting skep dat letterlike verskynings van God tydens die genesings plaasvind. Die data dui aan dat die beradenes wel "visuele prentjies" van Jesus sien, maar dit bied geen verdere lig op die saak nie (Bylaag D, punt 2.1.2).
- Een afdeling van Bobgan en Bobgan (1999:69-94) se kritiek teen TPM is dat dit van begeleide verbeelding, visualisering en hipnose gebruik maak. Volgens al die aanduidings van ten

minste deelnemers A2 en C3, wat nougeset by die TPM riglyne hou, maak TPM nie van genoemde tegnieke gebruik nie (Bylaag D, punt 2.1.3). Dit bly 'n vraag of dit hoegenaamd teen die Skrif sou wees indien dié tegnieke tog sou figureer.

- Die beskuldiging dat TPM beraders soms valse herinneringe sou oproep (vgl. Fletcher, 2004:29-55, 110-122 en 123-131), kon nie op omvattende wyse weerlê word nie, maar ten minste die twee beraders, A2 en C3, het aangedui dat hulle nog nie met opgemaakte "gory memories" te doen gekry het nie (Bylaag D, punt 2.1.9). Hulle is vas oortuig dat die herinneringe wat by trauma-beradenes opkom, na ware historiese gebeure verwys.

4.9.1.4 Meer lig oor hindernisse wat te doen het met "beskermende leuens" en rasionalistiese denke

Die volgende verhelderings ten opsigte van hindernisse wat met "beskermende leuens" ("guardian lies") en rasionalistiese denke te doen het, het na vore gekom:

- Een besondere afleiding wat uit die empiriese gegewens gemaak kan word oor "hindernisse" is dat die sogenaamde "guardian lie" die moeilikste hindernis is waarmee te kampe gekry word (Bylaag D, punt 2.1.10). Dit hou meestal verband met 'n opvatting dat die persoon dit nie werd is dat God met hom of haar soveel bemoeienis sou maak dat Hy met hom of haar sal praat nie.
- Baie nou verwant hieraan, is die rasionalistiese manier van dink wat mense oor hulself en oor God het (Bylaag D, punt 2.1.10). Hulle kan bykans nie glo en verwag dat God Homself so kennelik sal openbaar en dat hulle in staat sal wees om te hoor wat Hy sê nie.
- 'n Volgende hindernis wat vermoedelik nou verwant is aan die rasionalistiese mensbeeld, is dat baie beradenes sukkel om kontak te maak met hul eie gevoelens (Bylaag D, punte 2.1.4 en 2.1.10). Dit wil voorkom of mense nie altyd die vaardigheid ontwikkel het om in goeie kontak met hul gevoelens te leef nie (Campbell-Lane, 2005).
- In die lig van laasgenoemde hindernis, is die indirekte voorstelle oor die gebruik van ervaringsgebaseerde tegnieke soos "storie-vertel" of "sandbakspeel," en 'n veeltal ander moontlikhede die moeite werd om van kennis te neem met die oog op benutting (Bylaag D, punt 2.1.5).

4.9.1.5 'n Afwykende TPM benadering

Deelnemer D1 (Bylaag D, punt 3) het sy eie innerlike genesing verkry deur sowel TPM as "Gebed van die hart," 'n metode van innerlike genesing deur Skrifmeditasie wat deur dr. Willem Nicol (2002) voorgehou word. D1 sluit in sy werk as psigoloog by TPM aan, maar hy benut ook die

insigte en beginsels van die bevrydingsbediening soos deur dr. Rebecca Brown (1986) voorgehou. Hy het 'n besondere entoesiasme oor die Here, die Gees, en sy nuut-ontdekte identiteit, gesag en oorwinning in Christus. Hierteenoor beleef D1 ook 'n ontnugtering met die psigologie en spreek die mening uit dat psigologie nie bestaansreg het nie.

Die navorser evalueer D1 en sy benadering soos volg:

a) alhoewel D1 elemente van die bevrydingsbediening en "innerlike genesing deur Skrifmeditasie" in sy benadering inkorporeer, verskil hy nie wesenlik van die basiese uitgangspunte en beginsels van TPM nie (Bylaag D, punte 3.1 en 3.4);
b) D1 lewer betekenisvolle voorstelle ter voorkoming van hertraumatisering by veelvuldige traumagevalle (Bylaag D, punt 3.1.2 en 4; sien ook 4.9.1.6);
c) D1 maak 'n hele aantal ander voorstelle wat hoofsaaklik by punt 8 (in Bylaag D) en op verdere tersaaklike plekke onder punt 4.9 aangeteken is;
d) D1 bevraagteken die bestaansreg van die psigologie, hoofsaaklik vanweë sy ontnugtering met die psigologie aan die een kant, en sy opwinding oor die Here aan die ander kant;
e) vanuit die nut wat D1 met dr. Willem Nicol se metode van innerlike genesing ondervind het, blyk dit aanbevelenswaardig dat sy metode verder ondersoek word (Bylaag D, punt 3; 3.1.4); en
f) eweneens lyk dit aangewese dat dr. Recca Brown se werk oor die bevrydingsbediening ook verder ondersoek moet word (Bylaag D, punt 3.1.3).

4.9.1.6 'n Voorstel om hertraumatisering meer effektief te voorkom

Die empiriese gegewens het *'n begronde teorie* (vgl. Creswell, 1998:55-58; 150-152) opgelewer ten einde hertraumatisering tydens traumaberading meer effektief te voorkom. Die hooflyne van die begronde teorie kan soos volg weergegee word (Bylaag D, punt 4):

a) Mense se vrees om traumamateriaal op te diep, sowel as hulle ontsteltenis terwyl hulle dit doen, is blykbaar baie groter as wat normaalweg verwag word (Bylaag D, punt 4.1).
b) Beraders kan die beradingsproses bevorder deur vertroue by beradenes te vestig ten opsigte van die Here, die gebedsberading en hul eie selfwaarde en selfvertroue. Die volgende sake dien as wenke of voorstelle in hierdie verband (Bylaag D, punt 4.2):
    (i) Sorg vir die regte verstaan en toepassing van die bediening van versoening (Bylaag D, punt 5.4).
    (ii) Oorweeg om 'n ooreenkoms van vertroulikheid met die aanvang van die traumaberaad te onderteken (sien Bylaag C).

(iii) Vestig 'n "veilige plek" in die beradene se gemoed waarheen hy tydens en tussen beradingsessies kan gaan. Om vanuit die Skrif op 'n beeldryke openbaring van die Here as Herder, Beste Vriend, Skuilplek of Toevlug te fokus en te mediteer kan hierin help. Die veelseggende artikel van S. Shapiro (2001:531-544; vgl. 3.4.1 e in Hoofstuk 3) in die *American Journal of Psychotherapy* oor die gebruik van EMDR en hipnoterapie om mense se selfbeeld op te bou alvorens na traumamateriaal gegaan word, dien ter ondersteuning van hierdie faset.

(iv) Vertrou die Here, en bid daarvoor, dat Hy so sal werk – indien Hy dit verkies – om self by wyse van aangename herinneringe die beradene se gemoed en uitkyk meer positief te stem. Die vertrouensbou kan ook gebeur deurdat die Here eers minder-traumatiese herinneringe genees, waarna erge traumatiese herinneringe opgediep en genees word.

c) "Spaar" die beradenes die pyn van hertraumatisering deur by veelvuldige trauma die voorkomingswenke van D1 te volg (Bylaag D, punte 3.1.2 en 4; sien ook 4.9.1.5 b). Die leuen – gewoonlik 'n tematiese leuen - word steeds geïdentifiseer en met waarheid vervang. D1 se voorkomingswenke behels die volgende:

(i) Fokus op 'n tematiese leuen deur net na 'n enkele herinnering of meer terug te gaan.

(ii) Maak kontak met die emosies daarvan sonder om dit noodwendig tot die volste intensiteit daarvan "op te kook." (Vgl. die EMDR teorie soos in Hoofstuk 3 bespreek.)

Hiermee word die beradene die uiterste pyn van hertraumatisering tot 'n groot mate gespaar en die risiko dat die persoon soos 'n boek "toeslaan" of uit die berading onttrek, word ook aansienlik verminder.

d) Indien die TPM berader ook in EMDR onderlê is, kan EMDR aangewend word om "beskermende leuens" en dissosiasie – wat veelal met veelvuldige trauma voorkom – te oorkom (Bylaag D, punt 9.4; C4, par. 26).

4.9.1.7 Vereistes en wenke vir 'n effektiewe TPM berader

Die gegewens kan soos volg saamgevat word (Bylaag D, punte 5 en 5.5), wat beteken dat die berader:

a) homself doelbewus op die agtergrond hou;
b) geestesgawes het en die leiding van die Heilige Gees volg (Bylaag D, punt 6);
c) deur en deur op Christus steun in gebed;
d) die bediening van versoening moet begryp en beoefen;
e) seker maak dat hy optimaal vry en genees is, en sy verdere groei verseker;
f) onderlê moet wees in TPM (Bylaag D, punt 5.5), terwyl dit aanbevelenswaardig is dat hy ook onderlê raak in die bevrydingsbediening (vlg. 3.1.3 en 6.2.3); en

g) moet seker maak dat hy die bonatuurlike beradingsgebeure toets aan die Woord en volgens die gawes van onderskeiding wat die Here verleen (Bylaag D, punt 8.2.5; vgl. D1, par. 23 vir sy soortgelyke manier van toetsing).

4.9.1.8 Verdere voorstelle ter verryking van die TPM beradingspraktyk

Vanuit die empiriese gegewens kan die volgende voorstelle gemaak word om TPM se beradingspraktyk verder te verryk:

a) Stel *Theophostic Prayer Ministry,* of 'n soortgelyke innerlike genesingsbenadering, met 'n meer verstaanbare woord of term onder die Suid-Afrikaanse publiek bekend (Bylaag D, punt 8.1.1).
b) Benut die "lewensverhaal- of agtergrondvorm" tydens die aanvangsessie(s) om inligting oor traumatiese gebeure in die beradene se verhaal aan te teken of te laat aanteken (Bylaag D, punt 9.4).
c) Gee vir beradenes vroeg in die beradingsproses lering en inligting wat hulle kan skool en help om na die stem van die Here te luister (Bylaag D, punt 8.1.4).
d) Bid beeldryke gebede tydens innerlike genesing (Bylaag D, punt 8.2.3).
e) Teken as berader aan wat die Here vir jou wys dat Hy vir die beradene sê of doen, sodat dit later as bevestiging vir die beradene gebruik kan word in verband met die geopenbaarde waarheid (Bylaag D, punt 9.4).
f) Oorweeg om suggestie op profetiese en/of lerende wyse in te span op grond van deelnemers G1 en F1 se argumente hieroor (Bylaag D, punt 11.1.1; vgl. 3.5.4 in Hoofstuk 3 vir 'n soortgelyke werkswyse by Dirks).
g) Oorweeg om selfs EMDR tegnieke te benut vir die oorkoming van die sogenaamde "guardian lie" hindernisse op voetspoor van C4 (Bylaag D, punt 11.4).
h) Sorg dat die kernboodskap van bevryding in Christus diepgrypend oorgedra en geleer word, veral ook in die beradingsituasie (Bylaag D, punt 8.1.5).
i) Moenie met TPM as enigste beradingsmodel op loop sit nie (Bylaag D, punt 8.1.7)!

4.9.1.9 TPM beoefenaars beperk God nie tot slegs die TPM benadering nie

In 'n beradingsituasie is die risiko groot dat God nou weer tot 'n *Theophostic* "boxie" ingeperk kan word (Bylaag D, punt 8.1.7), maar dit is nié die indruk wat die navorser gekry het vanuit sy kontakte en onderhoude met mense van die ondersoekgroep nie. Deelnemer A1, met wie hy mondelinge mededelings gehad het (vgl. Campbell-Lane, 2005; 2006), maak TPM nie haar allesomvattende metode nie, maar pas dit alleen toe in gevalle waar dit nodig sou wees. D1, wat nie skroom om die *Theophostic* metode aan te pas en aan te vul nie, is nog 'n voorbeeld.

Deelnemers A2 en C3 gebruik meestal net die *Theohostic* benadering, maar die indruk wat die navorser uit die onderhoud sowel as mondelinge mededelings kon kry, is dat die Here telkens net daardie soort mense oor hulle pad bring wat juis behoefte het aan dié soort beradingsbediening.

4.9.1.10 Daar heers 'n basiese tevredenheid met en aanvaarding van die TPM praktykteorie

Daar heers volgens die navorser se evaluering van die empiriese gegewens 'n basiese tevredenheid met en 'n aanvaarding van die TPM praktykteorie. Die feit dat deelnemer C4, die veelsydige siviele ingenieur en berader, in sy beradingswerk op 'n origens ongeïntegreerde wyse van TPM, EMDR en REBT gebruik maak, dui daarop dat hy TPM as benadering respekteer en ook nie juis met die praktykteorie daarvan fout vind nie. Op dieselfde manier kan die afwykende benadering van die psigoloog D1 nie as 'n ernstige beswaar teen die praktykteorie van TPM verstaan word nie. Waar hy sterker leun op fasette van Brown se bevrydingsbediening, kan dit bloot as 'n aanvullende bediening naas en in samehang met TPM beskou word. Waar hierdie empiriese studie dus grootliks tevredenheid met die TPM praktykteorie oordra, sou die bydrae van hierdie empiriese gegewens dalk eerder kan wees om die basisteorievorming van TPM verder te dien, in navolging van Pieterse (1992:333-334; vgl. Venter, 1992:490) se aanbeveling. Sodoende sal daar ook werk gemaak word van deelnemer C1 se versugting dat daar meer Skrifbegronding in die TPM leesstof en opleidingsmateriaal moet wees (vgl. Labuscagne, 2006; Bylaag D, punt 5.5) en F1 se soortgelyke voorstel (Bylaag D, punt 8.1.6).

4.9.2 Afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM teorie

Die volgende afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM teorie kan vanuit die empiriese gegewens gemaak word:

a) Daar is 'n algemene bevestiging vir die sogenaamde tweekamerteorie van die *Theophostic* paradigma (Bylaag D, punt 2.2.2).

b) Die besondere geval van deelnemer D1 met sy afwykende TPM aanslag het nie noemenswaardige probleme met die TPM teorie aan die lig gebring nie (Bylaag D, punt 3). Dit het eerder 'n voorstel of twee gebied ter verbetering van byvoorbeeld traumaberaad en die hantering van rasionalistiese denke en die onkunde oor die geesteryk in die kerk en psigoterapie. Hierdie voorstelle het implikasies vir die TPM teorie.

c) Daar is empiriese bevestiging vir die veronderstelde ooreenkomste tussen EMDR en TPM. Die unieke geval van deelnemer C4 wat in die ondersoekgroep ingebring kon word, plaas 'n veelseggende kategorie van TPM beraders op die speelveld van die navorsing (Bylaag D, punt 9; vgl. Mason, 2002:194-197). Die navorsing kan beslis met groter sekerheid put uit

die wetenskaplike arbeid wat reeds ten opsigte van EMDR gedoen is ten einde die TPM teorie daardeur te verdiep, te verryk en/of te korrigeer (sien Hoofstuk 3). Deelnemer C4 se verduideliking rakende die redes waarom EMDR werk, werp vanuit die empiriese ondersoek lig op die TPM teorie (Bylaag D, punt 9.3).

d) Die belangrikste leerstellige en filosofiese vertrekpunte van TPM wat tydens die empiriese ondersoek onder die soeklig gekom het, word in hierdie hoofstuk net kursories aangeteken (Bylaag D, punt 10.1). Dit sal later meer breedvoerig weergegee word in Hoofstukke 5 en 6 waar 'n filosofiese en prakties-teologiese beoordeling plaasvind. Volledigheidshalwe word die opsomming van punt 10.1 (Bylaag D) ook hier weergegee:

- Mensbeeld
- Godsbeeld
- Skrifbeskouing en openbaringsleer
- Sondeleer
  - Die teenstelling sondegebaseerde teologie teenoor leuengebaseerde teologie
- Verlossingsleer
  - Lig as belewenisse van verlossing
  - "Maintenance-free victory" wat van innerlike wesensverandering spreek
  - Waardeer die verlossing van bo en van buite wat nou binne die Christen is
  - Die verskeidenheid dimensies van die "lig wat God gee" tydens TPM sessies
- Die leer oor heiligmaking
- Lydingsleer
- Demonologie
- Wêreldbeeld van die TPM benadering
- TPM se kenleer
  - Vry van die greep van rasionalisme
  - Verstaan en implimenteer die natuur-genade-dualisme moontlik ongebalanseerd.

e) Daar word verder voorgestel dat die "Gebed van die Hart"-metode van innerlike genesing deur Skrifmeditasie (Nicol, 2002), die bevrydingsbediening van Rebecca Brown (1986; 1990) en die tema van geestesgawes vir liggaamlike en innerlike genesing verder ondersoek word (Bylaag D, punt 10.2).

f) Deelnemer G1 se beoordelingsmaatstaf ten einde die Skriftuurlikheid van 'n pastorale model soos TPM te evalueer, blyk 'n werkbare en geldige maatstaf te wees (vlg. 11). Die voorstel is dat 'n mens die Skriftuurlikheid van 'n pastorale beradingsmodel meet aan die regte voorkoms en hantering van Bybelse temas.

g) Enkele beradingsfasette, leerstellings en lewensbeskoulike boustene van TPM is ter illustrasie aangehaal en deelnemer G1 se beoordeling daarvan weergegee (Bylaag D, punt 11.1 en 11.2). Hierdie beperkte oefening kon tot geen afdoende gevolgtrekkings lei nie, maar die aanduiding bestaan dat TPM die toets vir 'n reformatories-Skriftuurlike model slaag. Hierdie aanname sal in 'n volgende hoofstuk op deegliker wyse getoets word.

h) Die bydrae van die innerlike genesingsberader wat 'n uitgesproke afkeer van charismatiese modelle het, het eweneens verrassende aksente na vore gebring (Bylaag D, punt 6).

(i) 'n Vergelyking van die verskille tussen deelnemer F1 en sekere charismatiese modelle, hou in (Bylaag D, punt 6.1):

- dat daar nie naïewelik aanvaar moet word dat alle bonatuurlike werkinge tydens berading van die Heilige Gees kom nie;
- dat sekere geestesgawes nie oorwaardeer moet word ten koste van natuurlike lewensheiligingsprosesse nie;
- dat mense nie duiwelbehep moet raak en hom die skuld vir alles gee nie; en
- dat die teenwoordigheid en werking van (die bonatuurlike) geeste getoets moet word.

(ii) Punte waarin deelnemer F1 se metode met dié van die Charismate ooreenkom, is onder andere (Bylaag D, punt 6.2):

- dat die Heilige Gees en gebed by albei 'n belangrike rol speel;
- dat God skeppend, verligtend en herskeppend aan die werk is tydens die beradingsproses;
- dat die werklikheid van die demoniese wêreld eerlike erkenning en gewapende hantering vra; en
- dat die Heilige Gees en geestesgawes noodsaaklik is in die beradingswerk wat gedoen word.

(iii) Laastens het deelnemer F1 'n baie duidelike pleidooi gelewer dat die kerk en teologiese arbeid/opleiding nie 'n dowe oor moet draai vir die boodskap en uitdagings van die pastorale praktyk nie (Bylaag D, punt 6.3).

i) Die kenleer waarmee TPM werk, soos wat uit die empiriese gegewens afgelei kan word, (i) staan definitief nie in die greep van die rasionalisme nie. Dit toon veel eerder 'n openheid vir die irrasionele en die onverklaarbare soos wat eie is aan die postmodernisme. Die kenleer van TPM (ii) oorbeklemtoon wel moontlik die geestelike pool van die natuur-genade-dualisme, soos af te lei is uit die wegskram van tegnieke soos visualisering, hipnose, en so meer (Bylaag D, punte 8.2.7 en 2.2.1). Dit kan die TPM teorie verryk om

sigself net hiervan te verantwoord en openheid te behou vir moontlike insette vanuit die sogenaamde skeppingsmatige terrein.

4.9.3 Afleidings en voorstelle ten opsigte van die TPM konteks

Een van die laaste vrae in elke onderhoud was om vas te stel watter regstellings die deelnemers meen die kerk nodig het ten einde TPM makliker in die gemeentelike bediening te akkommodeer. Die antwoorde op hierdie vraag, tesame met sekere voorstelle ter verbetering van TPM teorie en/of praktyk, bring enkele rigtingwysers na vore vir die kerk en teologie as konteks waarbinne TPM tuiskom. Die volgende rigtingwysers word aangeteken:

a) Die kerk moet werklik erns maak met die bediening van versoening (Bylaag D, punt 8.2.6). Kerkmense is steeds te geneig om met 'n veroordelende bril na mekaar te kyk, ten spyte van die Here, die Hoof van die Kerk, se versoenende en helende aanslag.

b) Die kerk moet die kernboodskap van bevryding in Christus diepgrypender oordra en leer (Bylaag D, punt 8.1.5). Die verlossing wat God in Christus beskikbaar stel, het vele dimensies, soos blyk uit die lig wat God tydens *Theophostic* momente gee (vgl. Bylaag D, punt 2.1.8). Die verlossing in Christus het ook opwindende gevolge vir die Christen se identiteitsbesef, en sy gesagvolle en oorwinnende lewe.

c) Die kerk en sy teologie moet daadwerklik erns maak om die houvas van die rasionalisme op ons teologie en geloofslewe te ontworstel (Bylaag D, punte 8.2.1; 8.1.9; 8.2.2).

d) Die kerk moet erns maak om die realiteit van die geesteryk te erken en reg te verreken in sy teologie, opleiding en lewe (Bylaag D, punte 8.1.2; 8.1.3; 8.1.4; 8.1.8).

e) Die kerk moet meer ruimte maak vir die Heilige Gees en sy gawes (Bylaag D, punt 8.2.4).

f) Die teologie moet erns maak met die Skrif sowel as met die praktyk – in hierdie geval die pastorale praktyk van innerlike genesing en bevryding (Bylaag D, punt 8.1.6).

4.10 TERUGSKOU EN SAMEVATTING

Onder hierdie slotafdeling volg 'n kort besinning oor die empiriese studie en 'n samevatting van die hoofstuk.

4.10.1 Tegniese probleme tydens onderhoudvoering

Dit is te betreur dat die navorser nie die effektiwiteit van die eerste bandopnemer vooraf beter gekontroleer het nie. Die feit dat die tweede bandopnemer "toevallig" oor sy pad gekom het, blyk

eintlik 'n wonderlike beskikking te wees. Die gang van die studie is volgens die navorser se beste oordeel nie deur die tegniese probleme in die wiele gery nie.

4.10.2 Interne en eksterne geldigheid

Die navorser oordeel dat die afleidings wat vanuit die empiriese gegewens gemaak is, 'n getroue weergawe is van wat na vore gekom het. Hy het hom ook so getrou as moontlik by die metodes van kwalitatiewe navorsing gehou.

Wat die teoretiese veralgemenings betref, vertrou die navorser dat hy die regte en gepaste logika en kontroles gevolg het om telkens die verbintenisse vanaf teorie na data en data na teorie te kon maak. Die spesifieke samestelling van die ondersoekgroep wat berader-opleiers, beraders en beradenes betrek het; mense wat TPM nougeset volg én mense wat daarvan afwyk; beraders wat ruimte laat vir die sogenaamde charismatiese modelle en beraders wat 'n versigtigheid daarteenoor openbaar; mense uit verskillende beroepsgroepe én kerkverbande het gehelp dat die voorwerp van ondersoek vanuit verskillende hoeke bekyk kon word, dat verskillende fasette verteenwoordig is en interessante vergelykings getref kon word.

4.10.3 Samevatting van die hoofstuk

Die belangrikste en mees betekenisvolle afleidings wat vanuit hierdie empiriese studie gemaak kan word, blyk volgens die navorser die volgende te wees. Eerstens, kon die praktyk van TPM beter belig en verstaan word deur hierdie ondersoek. Wat die teorie en filosofie van TPM betref, kan met redelike sekerheid afgelei word dat die TPM psigologiese of breinteorie verdiep en moontlik gekorrigeer mag word deur by die grondig-nagevorsde EMDR se kennisskat te leen (vgl. Hoofstuk 3). Verder word vertrou dat hierdie empiriese studie die leerstellige en lewensbeskoulike boustene van TPM help identifiseer en beskryf het, die weergawe en verdere bespreking waarvan in 'n volgende hoofstuk of twee volg. Saam hiermee het die studie ook reeds 'n werkbare en geldige beoordelingsmaatstaf aangedui wat in die res van die doktorale studie aangelê kan word om veral die Skriftuurlikheid van TPM te toets.

Enkele punte van kritiek teen TPM is deur die empiriese studie weerlê of deels weerlê. 'n Belangrike bydrae tot die praktykteorie kom na vore vanuit die unieke bydraes van persone en/of kategorieë van persone in die onderhoude. Dan was dit bykans 'n verrassing om die stuk begronde teorie te kon boekstaaf rakende die voorkoming van hertraumatisering tydens

traumaberaad. Verskillende ander afleidings en voorstelle rakende die TPM praktyk, teorie en konteks verdien aandag.

Hoofstuk 5 beoog om 'n saaklike opsomming van die Wysbegeerte van die Wetsidee te bied waarna 'n spesifieke uiteensetting van die antropologie volg aan die hand waarvan kritiek rakende determinisme by TPM weerlê sal word. Die anti-psigologie beweging as prominente kritikus van TPM sal ook aan die hand van die Wysbegeerte van die Wetsidee beoordeel word. Hoofstuk 5 sal nog enkele verdere filosofiese aangeleenthede rakende TPM bespreek.

HOOFSTUK 5

'N FILOSOFIESE BEOORDELING VAN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM) IN DIE LIG VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE

5.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK

Die prakties-teologiese evaluering van TPM behandel in hierdie hoofstuk verskillende filosofiese aangeleenthede en gaan in die volgende hoofstuk oor tot die bespreking van leerstellige en praktiese sake. Die anti-psigologie beweging is byvoorbeeld teen psigologie en daarom ook teen enige integrering van psigologie in die (pastorale) teologie (vgl. Bobgan & Bobgan, 1997; 1999; Ganz, 1993; Habermas, 1993; Hunt & McMahon, 2006; 2007a; 2007b; 2007c; 2007d). Eksponente van hierdie beweging het verskillende besware teen tradisionele innerlike genesing in die algemeen en TPM in die besonder, aangesien beide van konsepte, insigte en tegnieke uit die psigologie gebruik maak (vgl. Gumprecht, 1997; Bobgan & Bobgan,1999; DeWaay, 1993; 2003; 2006; Hunt & McMahon, 2006; 2007f; 2007g). So veroordeel Bobgan en Bobgan (1999:111-134; vgl. 2.4.1.1) die antropologie waarop tradisionele innerlike genesing en TPM berus as synde deterministies en Freudiaans. Hierdie kritiek kom, eenvoudig gestel, daarop neer dat die Freudiaanse teorie mense se huidige probleemgedrag aan onverwerkte gebeure uit hul verlede toedig, met die noodwendige afleiding dat mense nie verantwoordelik is vir hul sondige gedrag van die hede nie. Uiteraard strook so 'n siening nie met die Bybelse beskouing van die mens as sondegevalle beelddraer van God, wat tot in die kern geraak is en alleen deur die verlossing in Christus herstel kan word nie. Die *Community Evangelical Free Church* in Elverson, Pennsylvania, wat 'n evaluering van TPM gedoen het en wat in Hoofstuk 2 (2.4.1.2) gemeld is, het 'n aantal besware teen TPM wat verband hou met hierdie saak (CEFC, 2001:1-23). Maier en Monroe (2003:169-188; vgl. 2.4.1.3), wat TPM se sonde- en genesingsleer teologies ontleed het, se kritiek op die sondeleer hou ook direk verband met die vraag na TPM se antropologie. Boonop word beswaar aangeteken teen die trichotomiese uiteensetting wat TPM in sy antropologie openbaar (Bobgan & Bobgan, 1999:119-122; CEFC, 2001:11).

Hierdie sake rakende die bestaansreg van psigologie, die onderlinge verhouding tussen psigologie en teologie, asook die antropologie ressorteer egter volgens Strauss (1969:11; 2002:146-164) nie onder die terrein van óf die teologie óf die psigologie nie. Dit lê op die terrein van die wysbegeerte wat volgens definisie daardie wetenskap is wat *"hom veral besig hou met die grondstrukture van die geskape heelal, sowel as hulle onderlinge verhoudinge en samehange, terwyl dit alle dinge in laaste instansie op die oorsprong betrek."* (Kock, 1975:4.) Ten einde TPM en sy vernaamste kritici

met betrekking tot bogemelde aangeleenthede te evalueer, sal na die Wysbegeerte van die Wetsidee verwys word waarvan die hoofsake hier kortliks opgesom sal word. Hierdie opsomming sal terselfdertyd dien as die uitspel van die navorser se filosofiese verwysingsraamwerk waarna in Hoofstuk 1 (1.2.6; 1.5.1) verwys is.

Die beskuldiging rakende Freudiaanse determinisme, wat by TPM en tradisionele innerlike genesing sou voorkom, sal beantwoord word deur 'n spesifieke uiteensetting van die antropologie van die Wysbegeerte van die Wetsidee. Daar sal onder andere na die ontsluitingsproses in die mens verwys word wat volgens hierdie wysbegeerte op een van twee wyses voltrek word (Dooyeweerd, 1935b:126-169; 1969b:181-365; Strauss, 1969:235, 238; Ridgway, 2006:17). Tydens die een ontsluitingsproses word verdronge geheue-inhoude in die onderbewussyn en onbewuste van die mens effektief onder die beligting en leiding van die bewussyn gestel; tydens die ander ontsluitingsproses gebeur dit nie. Ten einde egter die ontsluitingsproses te verstaan, is dit nodig dat die leerstellings van die Wysbegeerte van die Wetsidee rakende modaliteite, individualiteite en enkaptiese vervlegting ook verstaan word. TPM (en tradisionele innerlike genesing) word beskou as pastorale modelle wat 'n effektiewe geloofsontsluiting van die onbewuste en/of onderbewuste geheue-inhoude in die emosioneel-verwonde persoon fasiliteer. Met hierdie rondte argumentering word ook beoog om 'n meer bevredigende verstaansraamwerk van TPM voor te stel in die lig waarvan enkele teenstrydighede en onduidelikhede in Smith se kernteorie uitgeklaar kan word.

Aangesien daar ook kritiek teen Smith se trichotomiese antropologie gelewer word (vgl. Bobgan & Bobgan, 1999:119-122), sal by die uitgespelde antropologie aangesluit word en gepoog word om vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee aan te dui dat TPM se trichotomiese mensbeskouing Christelik-reformatories verantwoord kan word. Die tyd en ruimte ontbreek binne die bestek van hierdie hoofstuk om hierdie tema enigsins volledig te ondersoek, maar die navorser oordeel dat die gewigtigste kritiek teen TPM se antropologie grootliks onder die vorige hoof/afdeling aangespreek word. Daar sal dus met 'n enkele verwysing na Olthuis (2000) se trichotomiese antropologie volstaan word.

Sekere sake rakende die filosofiese en leerstellige onderbou van TPM wat in die empiriese studie na vore gekom het, is slegs by wyse van 'n opsomming daar genoem in die verwagting om dit in hierdie en die volgende hoofstukke breedvoeriger te bespreek (vgl. 4.9.2 d). Twee van die filosofiese temas wat in Hoofstuk 4 opgesom is en wat in hierdie hoofstuk verreken moet word, is onderskeidelik TPM se ontologie (wêreldbeeld) en epistemologie (kenleer).

Hierdie hoofstuk lewer dus 'n metateoretiese inset op filosofiese vlak, alvorens verdere evaluering van TPM in die volgende hoofstuk plaasvind, 'n aanpak wat in die navorsingsplan van die algehele studie in Hoofstuk 1 (1.5.1.1 en 1.5.2; vgl. Zerfass, 1974:164-177) uitgespel is. Die primêre oogmerk van die omvattende navorsing is om TPM met betrekking tot sy praktyk, teorie en grondslae te ondersoek ten einde te bepaal of dit op Skriftuurlike en reformatoriese gronde suiwer en derhalwe aanvaarbaar is. Hoofstukke 5 en 6 wil met hul onderskeie fokusse op die filosofiese en die teologiese grondslae van TPM presies hierdie doel dien, naamlik om te bepaal of TPM Christelik-reformatories suiwer is.

Hierdie twee hoofstukke wil egter ook 'n sekondêre doel dien. Beide die kritici én ondersteuners van TPM (Bobgan & Bobgan, 1999; Maier & Monroe, 2003:169-170, 188) dui aan dat die teologiese en filosofiese begronding van TPM verdieping, uitbreiding, korrigering en/of aanvulling kortkom. Velthuysen, wat oor tradisionele innerlike genesing navorsing gedoen het, het dieselfde leemte daar geïdentifiseer (vgl. 1.2.5.1 en 1.2.5.2). In die empiriese studie het twee deelnemers eksplisiet hul wense in hierdie verband uitgespreek, C1 (vgl. Labuscagne, 2006) dat daar meer Bybelse begronding in die TPM materiaal mag wees, en F1 (par. 20 van die onderhoud) dat innerlike genesing deegliker vanuit die teologie sowel as uit die praktyk begrond mag word. Dit word dienooreenkomstig verwag dat Hoofstukke 5 en 6 rigtingwysers in hierdie verband mag lewer. Dus word daar kennis geneem van beide Pieterse (1992:333-334) en Venter (1992:490) wat voorsien dat 'n empiriese studie (Hoofstuk 4) in sekere gevalle 'n bydrae mag lewer tot verdere basisteorievorming en nie net tot die direkte verbetering van die praktyk via 'n verstelde praktykteorie nie.

Ten einde die genoemde temas te dek en die oogmerke te dien, volg hierdie hoofstuk daarom die volgende uiteensetting:

- Eerstens word *die Wysbegeerte van die Wetsidee* in breë trekke opgesom. Die res van die hoofstuk steun grootliks op hierdie wysgerige verwysingsraamwerk.
- Tweedens sal die beskuldiging rakende 'n moontlike *Freudiaanse determinisme* by innerlike genesing en veral by TPM beoordeel word. Vir hierdie doel word die spesifieke uiteensetting van die wysgerige antropologie gedoen.
- Derdens volg *'n evaluering van die anti-psigologie beweging* vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee gedoen. Die agtergrond en hoofbesware van die beweging word kortliks opgesom, waarna die evaluering volg. Vanuit die evaluering kan enkele implikasies aangeteken word, wat onder meer die vraag sal beantwoord of TPM skuldig is aan "psychoheresy." *Psychoheresy* is die Bobgans (1999) se term vir 'n dwaalleer of kettery wat by Christelike

bedieninge in die algemeen en by 'n beradingsmodel soos TPM sou voorkom en wat daarin bestaan dat dit by die (te veroordeelde) psigologie leen.

- In die vierde plek word die vraag beantwoord of TPM se *trichotomiese* antropologie Skriftuurlik-reformatories verantwoordbaar is.
- Vyfdens sal na TPM se *ontologie* en *epistemologie* verwys word na aanleiding van die data wat deur die empiriese studie gelewer is.
- Die hoofstuk word met 'n *samevatting* afgesluit.

5.2 DIE HOOFSAKE RAKENDE DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE

Die Wysbegeerte van die Wetsidee het in die vroeë dertigerjare van die vorige eeu in Nederland sy beslag gekry (Kock, 1975:14; vgl. 1.5.1). Prof. Herman Dooyeweerd (1894-1977) word as die vader van hierdie benadering van die Christelike wysbegeerte beskou, maar prof. Dirk Vollenhoven het ook 'n betekenisvolle bydrae in die ontwikkelingsproses gelewer (Dooyeweerd-Centre, 2008a). Dooyeweerd het in die regte gestudeer aan die Vrye Universiteit van Amsterdam, waar hy ook later vanaf 1926 tot met sy aftrede in 1965 in die regte en wysbegeerte gedoseer het (McIntire, 1985:1; Ridgway, 2006:2). Vanaf die 1930's het hy sy wysgerige sisteem uitgewerk, gegrondves op die Calvinistiese boustene wat deur die groot Nederlandse denker en staatsman, Abraham Kuyper (1837-1920), gelê is (Dooyeweerd-Centre, 2008b:1). Daar heers huidig 'n hernude belangstelling in die Wysbegeerte van die Wetsidee, soos blyk uit talle webwerwe op die internet, sowel as verskeie organisasies wat die gedagteskat van Dooyeweerd beskikbaar stel en uitbou (Dooyeweerd-Centre, 2008b:1). Die volgende persone en instansies bedryf sulke webwerwe: Dr. Andrew Basden van die Verenigde Koninkryk (Basden, 2000-2005), die *Association for Christian Higher Education in Australia,* die *Centrum voor Reformatorische Wijsbegeerte* in Nederland en die Dooyeweerd Sentrum by die *Redeemer University College* in Kanada (Dooyeweerd-Centre, 2008b:1) om maar enkeles te noem.

In Suid-Afrika het prof. H.G. Stoker aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) die Wysbegeerte van die Skeppingsidee ontwikkel in aansluiting by die Wysbegeerte van die Wetsidee (Kock, 1975:15). Die navorser verkies egter die Wysbegeerte van die Wetsidee, aangesien hy tydens sy akademiese vormingsjare aan die Universiteit van die Vrystaat hierin onderrig is en dit volgens sy maatstaf 'n uiters bevredigende Christelik-reformatoriese verwysingsraamwerk bied. Die Wysbegeerte van die Wetsidee kan iedereen help om homself aan die werklikheid te oriënteer, om sake te evalueer en verdere kennis te integreer. Dr. Ian R. Ridgway (2006:3), 'n dosent aan die *Tabor College*, Victoria, steun ook sterk op die

wysbegeerte van Dooyeweerd in sy beoordeling van nie-Christelike psigoterapeutiese benaderings en vir die konstruering van sy eie model(le). Die navorser verwys na Ridgway, omdat denkers soos hy meehelp om die waarde van die Wysbegeerte van die Wetsidee te ontgin en te benut.

Vervolgens word gepoog om 'n kernagtige en tersaaklike opsomming van die basiese grondinsigte van Dooyeweerd, sowel as sy leerstukke rakende modaliteite, individualiteitstrukture, vervlegting (enkapsis) en ontsluiting aan te bied. Soos gemeld, is die doel hiervan om onder andere die kritiek van die anti-psigologie beweging teen TPM te besweer, sowel as om ander filosofiese beoordelings te kan doen. Die navorser se hoofoogmerk met hierdie opsomming is egter om die teoretiese fondasie te lê vir die spesifieke faset van die Christelike antropologie wat hy as voorstel wil uitspel en wat na die mens se onderbewuste en die ontsluitingsproses in 'n mens se lewe verwys.

5.2.1 Die basiese grondinsigte van die Wysbegeerte van die Wetsidee


Die sentrale saak in Dooyeweerd se wysbegeerte is dat die hele skepping, die mens met sy denkarbeid ingesluit, onselfstandig in sigself is en heenwys na God die Skepper, Wetgewer en Voleinder van alles (Basden, 2002:1; Knudsen, 2000:276). Die hele skepping vind sy sin of betekenis in die feit dat dit heenwys na God, die Bron, Onderhouer en Bestemming daarvan (Ridgway, 2006:2). Hierdie hooftema in Dooyeweerd se wysbegeerte word gedra deur die beklemtoning van die *wet as grens* tussen God en kosmos. Dooyeweerd het met groot vernuf die wet van God as bepalend vir die geskape orde blootgelê en omskryf (Knudsen, 2000:275-279). Die Skepper is bo (vry van) die wet en die skepping is onder (onderworpe aan) die wet (Knudsen, 2000:276). Die siening van die "wet as grens" word in die wysbegeerte van Dooyeweerd die "wetsidee" genoem (1935a:57-64; 1969a:93-98) en bied vir die denkende "selfheid" 'n bepaalde "uitsigtoring" om alles op teoretiese manier te oorskou (Kock, 1992:223-224; Knudsen, 2000:278; vgl. Dooyeweerd, 1935a:8; 1969a:8-16, 38-44). Volledigheidshalwe kan bygevoeg word dat iemand soos dr. J.G. Friesen (2006:2), wat ook 'n protagonis van Dooyeweerd se werk is, die mening toegedaan is dat daar eintlik drie hoofsake sentraal staan in die Wysbegeerte van die Wetsidee, naamlik die wetsidee, sowel as Dooyeweerd se idee van kosmiese tyd en sy idee van die supra-temporele selfheid.

Vir die navorsing is dit van belang om kennis te neem van die feit dat Dooyeweerd met sy Wysbegeerte van die Wetsidee die *humanisme* en die *rasionalisme* van sy dag effektief kon teenspreek (Strauss, D.F.M., 1992:112; Friesen, 2006:2; vgl. Dooyeweerd, 1960:viii). Hierdie wysbegeerte bely naamlik dat die *mens* en sy *denke* die knie moet buig voor God en sy

allesomvattende wet. Hy het terselfdertyed die *irrasionalisme* verwerp (Friesen, 2006:2). Verder het Dooyeweerd alle *dualismes* wat een aspek van die werklikheid bo die ander verhef, teengestaan (Friesen, 2006:2). Die navorsing wil veral aansluit by die gedagte dat die skepping betekenis het, en dat dit op die mens as God se verteenwoordiger wag vir die *ontsluiting of ontplooiing* daarvan (Ridgway, 2006:2).

J.M. Spier (1972) gee in sy *Oriëntering in die Christelike Wysbegeerte* treffende verduidelikings van die kernsake van die Wysbegeerte van die Wetsidee. Hierdie kernsake word sketsmatig voorgestel in 'n diagram (Diagram 5.1) wat uit verskillende van Spier se sketse (1972: 32, 43, 76) saamgestel is.

Diagram 5.1: 'n Sketsmatige voorstelling van kernsake in die Wysbegeerte van die Wetsidee



Bron: (Spier, 1972:32, 43, 76 – aangepas deur navorser)

Spier (1972:77) verduidelik, in naspreke van Dooyeweerd, dat die mens byvoorbeeld die geskape werklikheid in terme van *horisonne* waarneem. Die *plastiese horison* is die naaste ten opsigte van ons waarneming en verwys na die vormbare horison van individualiteite of entiteite. Daarna volg die *modale horison,* met nog verder die *tydshorison* en op die diepste vlak die *religieuse horison.* Die mens se *hart* is in die bo-tydelike, religieuse horison veranker, maar vind uitdrukking in die *modale verskeidenheid* van die tydelike geskape werklikheid. Die *wet as grens* is bepalend vir die totale geskape werklikheid – *tydelik* en *bo-tydelik,* die *individualiteite* sowel as hul *modale bestaanswyses.* Die terme word in die volgende uiteensetting verder belig.

Die hart, religie en religieuse grondmotiewe: Die hart van die mens dui op die religieuse eenheid of sentrum van die mens. Die mens leef vanuit sy hart, soos wat Spreuke 4:23 dit duidelik stel: "Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." (Bybel 1986; vgl. Kock, 1975:198-199; Friesen, 2006:55.) Die uitgange van die lewe, en dus ook sy wetenskaplike denkwerksaamheid, is uit die hart van die mens (Kock, 1992:224; Strauss, 1969:16; Dooyeweerd, 1935a:30-31;1969a).

Dooyeweerd verstaan *religie* as die belangrikste dryfveer of grondmotief van die menslike bestaan (McIntire, 1985:6; vgl. Dooyeweerd, 1935a:53; 1979:7-39; Kock, 1975:64-99). Hy verduidelik dat ons met ons totale wese in verhouding staan óf tot God óf tot 'n afgod - iets wat ons in die plek van God verafgod of verabsoluteer. Hiervolgens is elke mens religieus en kan religie nie as 'n aparte departement van die lewe verstaan word wat ons na willekeur kan inkorporeer of weglaat uit ons lewens nie (vgl. Knudsen, 2000:274). "All of life is from God, dependent upon God, and responsive to God." (McIntire, 1985:6.)

Daar is egter 'n totale teenstelling tussen *grondmotiewe* wat uit die sondeval gebore is en die grondmotief van die geopenbaarde Christendom; met ander woorde, tussen die heidense en die Christelike *grondmotiewe* (Strauss, 1969:16). "Na die hart van sy bestaan is die mens begrepe óf in die ou Adam óf in die nuwe lewenswortel, Christus Jesus." (Kock, 1992:223.) Wolters (2005:72, 81-82) verduidelik dat elke faset van die lewe en skepping óf onder die herstellende heerskappy van die Godsryk óf onder die verwordende mag van die bose ryk staan. Die Wysbegeerte van die Wetsidee omskryf basies *vier grondmotiewe* wat deur die eeue die Westerse beskawingsgeskiedenis gerig het (Dooyeweerd, 1942:134; 1979; Strauss, 1969:16), te wete *die Griekse grondmotief* van vorm en materie; *die Christelike grondmotief* van skepping, sondeval en verlossing; *die Rooms-Katolieke grondmotief* van natuur en genade, wat die Christelike en Griekse grondmotiewe wou versoen; en *die humanistiese grondmotief* van natuur en vryheid, waarin gepoog word om die

drie genoemde grondmotiewe saam te snoer in gerigtheid op die outonome soewereiniteit van die menslike persoonlikheid.

Bo-tydelike hart en tydelike liggaam: Diagram 5.1 dui duidelik aan dat die hart uitdrukking vind in al die *modale aspekte* van die lewe. Op 'n ander manier gestel: Die mens se *tydelike liggaam* is uitdrukkingsveld van sy bo-tydelike hart (Strauss, 1979a:12; Dooyeweerd, 1942:134). Een rede waarom 'n mens met reg kan sê dat die hart bo-tydelik is, is dat die hart simbool van die mens se siel of gees is (Kock, 1975:199), en die teologie verstaan van lankal af dat die mens deur God geskep is as 'n eenheid van 'n aardse liggaam en 'n onsterflike siel/gees (Van Olst, 1982:5). Dooyeweerd het onteenseglik aangedui dat enige tweedeling van die mens in twee substansies of selfstandighede, naamlik 'n "materiële liggaamsubstansie" en 'n "geestelike sielesubstansie" 'n vertekening van die werklikheid is (Kock, 1975:194-195; vgl. Heyns, 1978:124). Enige sodanige tweedeling is in pas met die vroeëre Griekse en latere Roomse dualistiese grondmotiewe.

5.2.2 Die leer van die modale aspekte

Tot dusver onderskei die Wysbegeerte van die Wetsidee *vyftien modaliteite* of aspekte van die volle kosmiese werklikheid (Kock, 1992:225; vgl. Dooyeweerd, 1960:7; 1969b; Venter, 1970:19-21). Die aspekte is naamlik dié van getal, ruimte, kinematiese, fisiese, biotiese, sensitief-psigiese, logiese, historiese, taal, sosiale, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese of sedelike en geloof of pistiese (Spier, 1972:33-42). Die modaliteite dui nie op konkrete dinge nie, maar *"op 'n bepaalde wyse waarop individuele skepsele bestaan"* (Spier, 1972:33). Strauss (2006:65) voeg by dat sowel konkrete entiteite as gebeure in hierdie modale aspekte of universele kaders funksioneer.

Hierdie modaliteite openbaar verskillende universele karaktertrekke (Strauss, 2006:65). Die modale aspekte is byvoorbeeld *soewerein in eie kring* (Kock, 1992:225; Dooyeweerd, 1935a:67-74). Die een kan nie na die ander herlei of uit die ander afgelei word nie. Elkeen van die aspekte openbaar 'n ondefinieerbare eie aard, wat as 'n *sin-kern* aangedui word. Die modale wetskringe openbaar ook 'n vaste, *onomkeerbare orde* vanaf die getalsaspek tot by die geloofsaspek (Kock, 1992:225; vgl. Dooyeweerd, 1935b:47-52; 1969b:74-79).

Voorts besit hierdie aspekte elk 'n *universaliteit in eie kring* (Kock, 1992:225; Dooyeweerd, 1960:9; 1969b:331-337; Strauss, 2006:65). Dit wil sê, elke aspek weerspieël binne sy eie kringgrense al die ander aspekte. Hierdie stand van sake maak onder andere die blootlegging van skeppingsbeginsels moontlik (vgl. Strauss, 1979b:259-263) en bied ook aanknopingspunte (genoem:

analogieë) vir die ontsluiting of ontplooiing van die ingeskape potensiaal van die mens, kulture en die skepping (McIntire, 1985:2, 9).

Hierdie modale wetskringe is onontbeerlik vir die daarstel van al die wetenskappe. 'n Spesiale wetenskap, ook genoem *'n vakwetenskap,* word met elk van die vyftien aspekte of wetskringe geassosieer, naamlik wiskunde, meetkunde, fisika, meganika, biologie, psigologie, logika, geskiedenis, taalwetenskap, sosiologie, ekonomie, estetika, regswetenskap, etiek en teologie (Ridgway, 2007b:7). Die modale aspekte verteenwoordig die verskillende gesigshoeke van waaruit elke vakwetenskap die empiriese werklikheid bestudeer (Dooyeweerd, 1960:8; Strauss, 2006:78-79).

5.2.3 Die leer van die individualiteitstrukture

Terwyl Dooyeweerd se leer van die modaliteite na *aspekte* van die werklikheid verwys, het die leer van die individualiteitstrukture die *verskynsels* van die werklikheid in die oog (McIntire, 1985:8). Vier ryke van individuele dinge of verskynsels word normaalweg onderskei, naamlik die ryk van die *lewelose dinge,* die ryk van *plante,* van die *diere* en ook die ryk van *die mens* (Spier, 1972:72). By hierdie vier ryke kan ook nog die dinge gevoeg word wat deur mense gemaak word, naamlik *kultuurdinge,* en selfs *samelewingsvorme* (Spier, 1972:72; Kock, 1992:226.)

Dooyeweerd (1936:33-546; 1969c:53-626; vgl. Kock, 1992:226) het aangedui dat die konkrete dinge of entiteite van ons ervaring ook binne kosmiese strukture, naamlik *individualiteitstrukture,* funksioneer. Daar moet onderskei word tussen 'n "individuele skepsel" en die "struktuur van sy individualiteit" (Spier, 1972:76; vgl. Dooyeweerd, 1969c:63, 76-80). Hierdie struktuur dra 'n "wetmatige" karakter en is van algemene aard. "Presies soos wat 'n *modale wet* algemeen is, en geld vir al die skepsele wat in die modaliteit 'n funksie het, so geld ook die individualiteit*struktuur* van 'n klip, 'n boom, 'n dier en 'n skildery *wetmatig* vir alle klippe, bome, diere en skilderye. Die modaliteite, met hulle wette, behoort egter tot 'n ander *horison* van die kosmos as die *strukture* met die individualiteite wat subjektief of objektief daaraan onderworpe is." (Spier, 1972:76.)

'n Nadere insig kan in hierdie strukture verkry word met behulp van die modale onderskeidinge wat hierbo genoem is. Die volgende insigte kom byvoorbeeld hierdeur na vore:

- Alle individuele dinge tree op eiesoortige wyse binne alle modale sfere op (Kock, 1992:226).
- Onder die modale kringe waarbinne 'n konkrete ding funksioneer, is daar normaalweg een aspek wat 'n besondere plek inneem, en bekend staan as die *kwalifiserende* of

bestemmingsfunksie (Kock, 1992:226). By die anorganiese natuurdinge is dit die fisiese aspek; by plante is dit die biotiese aspek en by die diere die psigiese aspek.

- *Die mens* kan sy kwalifiserende of bestemmingsfunksie in enige van die vyftien modale funksies vind, afhangend van hoe hy hom op die oomblik rig, maar in werklikheid is die mens in geen tydelike aspek af te sluit nie. Kragtens die mens se *religieuse* aard is die mens eintlik "bo-modaal" (Strauss, 1969:318).
- In die geval van die kultuurdinge en menslike samelewingsvorme, vind ons naas die bestemmingsfunksie in die reël ook nog *'n funderingsfunksie* (Kock, 1992:226). 'n Kunswerk is byvoorbeeld objektief-esteties gekwalifiseerd, terwyl dit in die historiese vormingsarbeid van die kunstenaar gefundeer is. Die kerkinstituut se bestemmingsfunksie is die geloof en die funderingsfunksie is gebaseer op die (historiese) organisasie van die diens van die Woord en die sakramente.

Hierdie verduideliking rakende die modale sfere en die individualiteitstrukture is grondliggend vir die verstaan van die volgende temas wat bespreek moet word, naamlik enkaptiese vervlegting en modale ontsluiting.

5.2.4 Die leer oor enkapsis of vervlegting

Enkapsis is 'n term wat Dooyeweerd (1969c:626-639) gebruik om te verwys na die onderlinge vervlegting van konkrete dinge met die behoud van hulle besondere individualiteitstrukture (Kock, 1992:227). Strauss (1979a:10) verduidelik "dat bepaalde strukture met behoud van hul *interne* eie aard vervleg of ingebind is in ander strukture waaraan dit tegelyk *ekstern* diensbaar is." Kock (1992:227) gee treffende illustrasies van enkaptiese vervlegting: In die *plantaardige lewende sel* is die opboustowwe met die lewende organismes vervleg. In die lewe van *diere en mense* is stof en lewe met die gevoelige-instinktiewe struktuur vervleg. In *die mens* is hierdie drie strukture naamlik die opboustowwe, die lewe en die gevoelige-instinktiewe struktuur ingebind onder die leiding van die plastiese aktlewe. Die plastiese aktlewe is verankerd in die religieuse hart, soos ook deur Diagram 5.1 geïllustreer. Die term "aktlewe" verwys na die *"liggaamstruktuur van die normatiewe menslike handelinge"* (Spier, 1972:118) of, eenvoudig gesê, die mens as handelende wese. Die term "plastiese" verwys na die verskillende vorme waarbinne die aktlewe sigself kan uitdruk (Spier, 1972:77).

Dit ly geen twyfel nie dat die mens 'n ontsaglik-ingewikkelde vervlegtingsamehang veronderstel. Vir volledige uiteensettings oor enkapsis word die leser na die werke van onder andere Spier (1972:105-111, 117-122), Strauss (1969:273-312) en Kock (1975:159-165, 204-209) verwys, naas

natuurlik die ideaal om dit in die werke van die meester Herman Dooyeweerd (1936:549-626) self na te gaan. Dooyeweerd skryf oor die verbandhoudende ontsluitingsproses onder andere in *De Wijsbegeerte der Wetsidee II* (1935b:126-169) en *New Critique II* (1969b:181-365).

Waar individualiteitstrukture met mekaar vervleg is deur 'n eensydige fundering, soos die geval met plant, dier én die mens, vorm die tesame vervlegte strukture 'n *"enkaptiese struktuurgeheel,"* wat die kwalifikasie van die hoogste vervlegte struktuur dra. "Só 'n struktuur-totaliteit is 'n tipiese *vormgeheel,* wat ons aandui met die woord *liggaam."* (Spier, 1972:108; vgl. Dooyeweerd, 1942:136). Dit geld vir al die ryke van stof, plant, dier en die mens waar enkaptiese vervlegting voorkom.

5.2.5 Die leer van die modale ontsluitingsproses

Die mens is die enigste individualiteitsoort wat tegelyk binne die tydelike (temporele) en die bo-tydelike (supra-temporele) geskapenheid bestaan, want die mens bestaan uit 'n tydelike liggaam en 'n bo-tydelike hart of selfheid (Spier, 1972:75, 77; Ridgway, 2006:5). Die mens is na die beeld van God geskape (Ridgway, 2006:4). Daarom is die mens in dié besondere posisie dat die hele skepping op die mens wag om die skepping te begelei tot die ontsluiting van die volle potensiaal of betekenis wat skepselmatig daarin opgesluit lê (Ridgway, 2006:2).

Ontsluiting het te doen met die verdieping van vooruitwysende fasette (antesipasies) in die modale struktuur van die verskillende werklikheidsaspekte (Strauss, 1969:219; vgl. Friesen, 2006:96-103; Ridgway, 2006:16-17). Van belang vir die huidige studie, is om in terme van hierdie leer bewus te word (onder andere) van die feit dat in samelewings, sowel as in mense, daar een of ander ontsluitingsproses plaasvind wat gerig word deur daardie samelewing of individu se geloof. Die geloofsaspek speel met ander woorde 'n leidende rol in hierdie ontsluitingsproses (vgl. Ridgway, 2006:17). Terselfdertyd speel die vormende mag van die historiese aspek die funderende rol in hierdie proses (vgl. Ridgway, 2006:17-19). Hierdie geloof kan óf ontsluit wees in 'n gerigtheid op die ware God óf toegesluit (onontslote) in 'n afvallige gerigtheid op 'n skeppingsgegewene wat verabsoluteer of verhef word tot 'n god (Strauss, 1969:235, 238). Afhangend dus van die ontslotenheid al dan nie van hierdie geloof, lei die geloofsfunksie die ontsluitingsproses in 'n ontslote gerigtheid op die ware God of in 'n onontslote gerigtheid op 'n vermeende godheid.

Strauss (1969:238-239) verduidelik hoe hierdie ontsluitingsproses sigself in verskillende samelewings voltrek: In "die primitiewe *natuurreligies"* word iets uit die natuur as god aanbid en daardie onontslote geloof rig die mens se kulturele ontwikkeling op iets benede-mensliks. Dit lei

tot 'n *verstrooide* menslike selfbewussyn as gevolg van 'n "verstrooide godsbesef." In 'n *"kultuurreligie"* word een of ander kultuurskepping van die mens verabsoluteer en aanbid. Telkens "vereenselwig" die mens hom met daardie vermeende (of ware) god. Waar eersgenoemde groep as natuurheidene beskou kan word, word hierdie tweede groep as kultuurheidene bestempel. Die kultuurheiden veronderstel 'n selfbesef wat verstaan dat die mens bokant die natuur gestel is en sy "ek"-beeld sluit dan 'n kulturele selfbesef in. Daar kan dus 'n verdere mate van beskawings-ontwikkeling plaasvind (as by die natuurheidene) as gevolg van die leiding van die afvallige kultuurgeloof. By die *"humanisme"* word nie 'n objek uit die natuur of uit die kultuur nie, maar die mens self as god en selfwetgewer op die troon geplaas. Telkens vind daar 'n ontsluitingsproses plaas, maar in soverre dit deur 'n afvallige of onontslote geloof gelei word, verloop die proses in disharmonie. Eers as *die ware religie* deur die Woord en Gees op die mens se hart beslag lê, word die geloofsaspek werklik ontsluit en begelei dit 'n harmoniese ontsluitingsproses van individu en beskawing. "Slegs onder leiding van die *ware geloof* in God Drie-enig word die sin-dinamiek van die ontsluitingsproses weer in beginsel bevry van 'n disharmoniese wentelgang ..." (Strauss, 1969:239.)

Met hierdie opsomming van die hoofinsigte en die belangrikste leerstukke van die Wysbegeerte van die Wetsidee ter agtergrond, kan nou voortgegaan word tot die beoordeling van die spesifieke kritiek teen TPM én innerlike genesing wat beweer dat dit op 'n deterministiese antropologie bou.

5.3 'N UITEENSETTING VAN DIE CHRISTELIKE WYSGERIGE ANTROPOLOGIE MET DIE OOG OP EVALUERING VAN 'N MOONTLIKE DETERMINISME BY TPM

In hierdie afdeling word beoog om slegs 'n enkele faset of meer van die Christelike antropologie uiteen te sit met die oog op die beoordeling van die kritiek dat TPM (en tradisionele innerlike genesing) op 'n deterministiese antropologie berus. Die doel is daarom glad nie om enigsins volledig te verwys na die tradisionele hoofkenmerke van 'n Christelike antropologie soos die mens as beeld van God, die mens as verhoudingswese in drie grondverhoudings, of die mens soos wat die Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing op hom van toepassing is nie (Kock, 1975:196-200). Daar word in hierdie afdeling ook na tradisionele innerlike genesing verwys, omdat TPM as 'n variante vorm van innerlike genesing beskou word.

Die antropologie is dié deel van die Wysbegeerte van die Wetsidee wat die minste volledig uitgewerk is (Kock, 1975:194; vgl. Smit, 1992:159; Olthuis, 2000:34-35). Dooyeweerd het blykbaar beplan om 'n vollediger werk oor die antropologie te publiseer, maar dit het nie gerealiseer nie. In 1942 het hy egter sy wysgerige antropologie in twee-en-dertig grondstellings opgesom en

gepubliseer - 'n geskrif wat as belangrike verwysingsbron vir vele dien (Dooyeweerd, 1942; Kock, 1975:194; Van Olst, 1982:9). In 1948 het G.K. Schoep 'n belangrike artikel oor *Neurose en Religie* in die tydskrif, *Philosophia Reformata* (1948:168-186), geskryf, wat die onderbewussyn in die Christelike antropologie beklemtoon het. Beide Strauss (1969:319-322) en Kock (1975:213-216) verwys na die hoofsake daarvan in hulle verdere uitwerk van die Christelike antropologie. Verskeie ander teoretici het in die vroeër en onlangser tye bydraes tot die Christelike antropologie gelewer, waaronder Van Olst (1982:1-21), Olthuis (2000), Ouweneel (vgl. Basden, 2006:4), Ridgway (2006; 2007a) en Friesen (2006; 2008).

5.3.1 Aktualiteit van die kritiek rakende 'n determinisme by TPM en innerlike genesing

In die inleiding tot die hoofstuk is vermeld dat eksponente van die anti-psigologie beweging, byvoorbeeld Bobgan en Bobgan (1997; 1999), sowel as ander kritici soos die *Community Evangelical Free Church* in Elverson, Pennsylvania (CEFC, 2001:1-20) en Maier en Monroe (2003:169-188) besware teen die sondeleer en heiligmakingsleer van TPM aangeteken het. Van die besware wat deur die *Community Evangelical Free Church* geopper word, is dat TPM 'n oppervlakkige siening van sonde hanteer en dat TPM die wortel van menslike probleme nie in die mens se sonde vind nie, maar in die glo van leuens (CEFC, 2001:6-8). Daarby word die glo van leuens as 'n natuurlike reaksie op trauma verstaan en nie as iets sondigs nie (CEFC, 2001:8). Die gevolg, volgens hierdie siening, is dat TPM 'n antropologie voorhou wat die mens as die slagoffer van sy emosionele verwonding en gepaardgaande leuens teken (CEFC, 2001:7-8). So 'n toedrag van sake word as 'n *psigiese determinisme* verstaan (Bobgan & Bobgan, 1999:104; Almy, 1999:2; vgl. Coetzer, 1995:42).

Die teologiese beoordeling van TPM se sondeleer deur Maier en Monroe (2003:169-188) lewer soortgelyke besware op. In 'n opvolgartikel oor die gemelde beoordeling het Maier (2004:23-24) basies drie besorgdhede aangaande TPM se sondeleer opgesom. Die een besorgdheid handel oor presies dieselfde saak, naamlik dat emosionele verwonding as die wortel van sondigheid gesien word en derhalwe word daar meer klem gelê op mense se behoefte aan genesing as op hul behoefte aan vergifnis. Hiermee, so redeneer Maier (2004:24), het TPM die erns van sonde geminimaliseer en die waarde van die tradisionele geestelike dissiplines oorboord gegooi. Maier (2004:23-24) het ook twee ander besorgdhede genoem wat volgens die navorser tog groter gewig dra, maar wat in Hoofstuk 6 met sy leerstellige fokus bespreek sal word. Ten minste hierdie een genoemde besorgdheid van Maier (en Monroe) staan eweneens in direkte verband met die kritiek dat TPM 'n *psigiese determinisme* in sy antropologie leer (vgl. veral Bobgan & Bobgan, 1999:104-109; Almy, 1999:2).

Dr. Gary Almy (1999:1-4; vgl. Bobgan & Bobgan, 2002:5), 'n mede-professor in kliniese psigiatrie aan die *Loyola University School of Medicine* en adjunk-hoof van die mediese personeel van die Illinois hospitaal, het ook 'n evaluering van TPM gedoen. Hy skryf onder andere (Almy, 1999:2): "Smith has accepted 'whole-hog' the Freudian conception of the dynamic unconscious." Die emosioneel-verwonde persoon word hiervolgens op psigiese vlak gedetermineer of gekniehalter deur, soos wat Smith dit noem, die *lank-onderdrukte herinneringe, die historiese emosionele wonde,* en die *leuens* wat die persoon glo. Hand aan hand met die psigiese determinisme gaan ook 'n *omgewings-determinisme.* Wat Almy (1999:2) daarmee bedoel, blyk uit die volgende aanhaling: "In this view of environmental determinism, man is not responsible for his troubles or his troublesomeness; it is somebody else's fault."

Tradisionele innerlike genesing loop onder soortgelyke kritiek deur. Kritici wat innerlike genesing totaal en al bevraagteken of afkeur op grond van psigiese en omgewingsdeterminisme wat in die antropologie daarvan sou voorkom, is byvoorbeeld Bobgan en Bobgan (2007a; 2007b; 2007c), Hunt en McMahon (2007g:1-10) en DeWaay (1993:1-4; 2006:1-6).

Indien hierdie kritiek teen TPM (en innerlike genesing) in verband met determinisme standhou, kan hierdie benadering(s) werklik van ernstige dwaling vanuit Christelik-reformatoriese standpunt aangekla word. Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat die navorsing hierdie kritiek evalueer.

5.3.2 Determinisme beoordeel in die lig van enkaptiese vervlegting en die onder- of onbewuste

Die navorser is van oordeel dat TPM (en tradisionele innerlike genesing) onregverdiglik van determinisme beskuldig word, hoofsaaklik om twee redes. Ten eerste skyn dit of die kritici nie 'n goeie begrip het van die vier individualiteitstrukture in die eenheid van die menslike liggaam nie (Dooyeweerd, 1942:135). Hierdie individualiteitstrukture het 'n eiesoortige, aparte (soewerein in eie kring) bestaan, maar terselfdertyd ook 'n vervlegte bestaan waar dit óf funderend óf leidinggewend tot die ander individualiteitstrukture optree. Insig in hierdie stand van sake bied verklaring vir sekere trekke in die psigiese lewe van die mens wat deur byvoorbeeld die psigo-analise en die behaviorisme as oënskynlik deterministiese trekke geïdentifiseer is. Ten tweede skyn dit ook of die kritici nie genoegsame insig toon in die bestaan van die onderbewussyn en onbewuste van die mens en die verhouding daarvan tot die modale ontsluitingsproses wat deur die geloofswetskring in die mens begelei word nie. Die navorser beoog om met die volgende uiteensettings te staaf wat so pas beweer is.

5.3.2.1 Die mens as 'n religieuse hart en 'n enkaptiese vervlegting van vier individualiteitstrukture

Die vertrekpunt vir die wysgerige antropologie word volgens Van Olst (1982:5) in die teologiese waarheid gevind dat God die mens met 'n individuele onsterflike siel en 'n stoflike liggaam geskep het. Dooyeweerd (1935a:30-31;1969a; Kock, 1992:224; Strauss, 1969:16; 5.2.1) verwys graag na die onsterflike siel as die religieuse sentrum van die mens. Met die term liggaam bedoel Dooyeweerd (1942:135; Ridgway, 2006:1) nie slegs die fisiese of materiële liggaam nie, maar die geheel van die mens se tydelike bestaan. Die tydelike of liggaamlike mens bestaan, soos reeds gemeld, uit 'n stoflike, 'n biotiese, 'n sensitief-psigiese en 'n aktstruktuur (Dooyeweerd, 1942:136; vlg. 5.2.2.4). Die *aktstruktuur* is Dooyeweerd se term vir die gedrag- of persoonlikheidstruktuur wat hy só noem na aanleiding van sy onderskeid tussen die sogenaamde innerlike *aktes* en uiterlike *aksies* of dade (Ridgway, 2006:2, 12; Friesen, 2006:56-57; Kock, 1975:208). Volgens Dooyeweerd (1942:136-137) word alle uiterlike aksies van die mens voorafgegaan deur innerlike aktes. Hierdie aktes het drie onderling-verweefde gerigthede, naamlik dink (of ken), verbeel en wil. Aktes mag oorgaan in dade of aksies, maar 'n mens kan net sowel besluit om nie die daad te doen waaraan hy gedink het of wat hy homself in die verbeelding voorgestel het nie. Die term *aktstruktuur,* 'n woord van Nederlandse oorsprong, is vreemd aan die Afrikaanse spreektaal, en derhalwe verkies die navorser om 'n alternatiewe term hiervoor te gebruik, naamlik persoonlikheidstuktuur of gewoon persoonstruktuur.

Die eerste en laagste struktuur in die enkaptiese vervlegtingsgeheel van die mens is dié van tipies fisies-chemiese kwalifikasie (Dooyeweerd, 1942:136; vgl. Kock, 1975:204-209). Die fisies-chemiese opboustowwe raak in die vormgeheel van die liggaam met die volgende hoëre strukture ingebind. Die tweede struktuur het 'n tipies-biotiese kwalifikasie en word ook die vegetatiewe struktuur genoem. Die lewende selle en ander bioties-gekwalifiseerde verbindings tree binne hierdie struktuur op. Hierdie struktuur beheer die vegetatiewe of biotiese liggaamsprosesse (die outonome senuweestelsel) vir sover dit buite die leiding van die gevoelsfunksie en latere funksies val. Die tweede struktuur is op sy beurt enkapties ingebind in 'n derde struktuur, naamlik die psigies-gekwalifiseerde instinktiewe gevoelstruktuur. Die psigiese struktuur beheer die "animale senustelsel" wat binne sekere perke buite die beheer van die menslike wil val (Kock, 1975:207). 'n Mens kan byvoorbeeld nie jou emosies deur 'n wilsbesluit verander nie (Ridgway, 2006:12), wat illustreer dat die psigiese individualiteitstruktuur (soos ook die ander) 'n interne soewerein-in-eie-kring werking het. Die psigiese struktuur, met die ander strukture wat enkapties daarin verbonde is, funksioneer weer in die vierde struktuur wat die persoonstruktuur genoem (kan) word.

Kock (1975:207-208) gee goeie beskrywings van hoe die psigiese struktuur die benede-strukture kousaal kan begelei. Die psigiese prosesse, soos wanneer 'n mens kwaad, bang, hartseer of opgewonde is, kan die hele organisme (biotiese struktuur) mobiliseer en aktiveer. Dit beteken terselfdertyd die mobilisasie en verbruik van energie uit die prosesse wat tuishoort in die eerste liggaamstruktuur (die fisies-chemiese struktuur). Eweneens kan die strukture wat funderend tot die psigiese struktuur ingebou/ingebind is, ook die psigiese struktuur kousaal beïnvloed. Hier kan gedink word aan die verdowende en opwekkende of stimulerende effek van chemiese middels wat 'n persoon inneem (Kock, 1975:208).

Dieselfde soort kousale beïnvloeding kan aangeteken word ten opsigte van die persoonstruktuur teenoor die psigiese, biotiese en fisies-chemiese strukture wat funderend aan die eerste is (vgl. Kock, 1975:208). Eweneens kan ook aangedui word dat die strukture wat as fondasie van die persoonstruktuur dien, 'n kousale beïnvloeding ten opsigte van die persoonstruktuur kan uitoefen . Waar daar byvoorbeeld 'n besering aan 'n persoon se brein (biotiese struktuur) gebeur tydens 'n ongeluk, operasie of 'n beroerte, kan dit die persoon se emosionele lewe sowel as sy persoonlikheid aantas, afgesien van wat die persoon wil of nie wil nie (Ridgway, 2006:12).

'n Brandende vraag wat natuurlik deur die kritiek rakende determinisme op die tafel geplaas word, is of die mens in sy persoonstruktuur uitgelewer is aan sy hormone, drifte, begeertes, instinkte en gevoelslewe en kan hierdie benede-strukture werklik die Christen in sy heiligmaking (hooploos) kniehalter? Uit die wysgerig-antropologiese uiteensetting hierbo behoort die volgende gevolgtrekkings ten opsigte van die psigologie duidelik te blyk:

- Dit is so dat die "instinktiewe" of "driflewe," waarop die *psigoanalise* die fokus plaas, 'n bepaalde plek in die mens se lewe het (Kock, 1975:213). Kock (1975:207, 211; vgl. Strauss, 1979a:12) verduidelik dat die funksies van die "animale senustelsel ... wat nie direk onder invloed van die wil staan nie," tot die psigiese struktuur gereken word.
- Eweneens het die *behavioristiese psigologie* 'n waarheidselement beet as dit leer dat die mens op refleksiewe wyse kan optree en ook gekondisioneerde reflekse kan aanleer (vgl. Watson, Thorndike & Skinner, soos aangehaal deur Möller, *red.,* 1987:6). Valle (1989:257-258) stel dit onomwonde dat die behaviorisme die mens as 'n passiewe stimulus-respons meganisme beskou, wat 'n reduksie van die volle mensheid impliseer.
- Beide die instinktiewe of driflewe van die mens en sy stimulus-respons meganismes is egter deel van die mens se psigiese individualiteitstruktuur wat enkapties ingebind is onder die persoonstruktuur van die mens. "Wat hulle (die psigoanaliste en behavioriste – navorser) nie insien nie, is dat ons hierin te doen het met die benedestrukture in die menslike liggaam, wat

saam met die geheel fungeer en juis gekondisioneer word onder leiding van norme, hoe innig dit ook al met die psigiese struktuur (bv. pyn en vreugde-gewaarwordinge) vervleg is." (Kock, 1975:213.)

- Die persoonstruktuur (of aktstruktuur) vind uitdrukking in al die modale funksies, maar die aktes en aksies daarvan ontspring uit die hart van die mens, sy religieuse sentrum (Kock, 1975:208-209). Die hart van die mens, op sy beurt, staan egter onder leiding van die sentrale liefdesgebod wat eis dat ons God en naaste moet liefhê. Wat die mens dus ookal doen, staan onder die begeleiding van norme en beginsels (Kock, 1975:209). So verstaan, is dus ook die instinkte en die stimulus-respons meganisme, sowel as die totaal van die *benede-strukture* van die mens, normatief bepaald.
- Volledigheidshalwe kan dit nog 'n keer gekonstateer word: Die menslike aktlewe (gedrags- of handelingslewe) het 'n *normatiewe gerigtheid,* wat beteken dat wat ookal die mens doen hy dit doen in antwoord op die wette of norme van die lewe (Kock, 1975:212). Ook die sogenaamde laer strukture van die mens, naamlik die *driflewe* of *instinklewe* wat in die derde liggaamstruktuur voorkom, is uitdrukkingsveld van die menslike religieuse sentrum of hart. Die hart is aan God se norme onderworpe en daarom is ook hierdie laer strukture aangewese op normatiewe leiding. "Menslike drange is nie soos in die geval van die dier gebonde aan aangebore gedragspatrone en periodisering nie, hulle is normatief." (Kock, 1975:213.) Dit is duidelik dat die mens nie volgens die Christelik-wysgerige antropologie as deterministies gesien behoort te word nie. Eers wanneer die persoonlike band met die norme versteur, verbreek of opgeskort word, ontaard die mens se driflewe – nie tot die dierlike nie, maar tot die benede-menslike.

Opsommenderwys kan dus verduidelik word dat die mens nie as deterministies of reduksionisties beskou mag word nie. Die mens is nie uitgelewer aan sy instinkte (of onverwerkte herinneringe op onderbewussynsvlak), soos die mens ook nie te reduseer is tot 'n stimulus-respons masjien nie, want die mens het 'n wil en 'n persoonstruktuur wat uitgaan van sy bo-tydelike hart. Die mens as 'n eenheid van 'n religieuse hart en 'n enkapties-vervlegte liggaam moet antwoord op God se sentrale liefdesgebod. Die menslike moontlikhede tot vryheid en verantwoordelikheid bly dus gewaarborg in die normorde en skeppingsgegewene. Kock (1975:209) stel dit mooi: "Dit alles stempel die mens as't ware tot koningskind in hierdie skepping."

5.3.2.2 Die mens se bewuste, onderbewuste en onbewuste lewe in samehang met ontsluiting

In die tweede plek moet ons 'n goeie begrip ontwikkel van die mens se *bewussyn*, die *onderbewuste* en die *onbewuste* in samehang met die modale ontsluitingsproses ten einde die saak van 'n moontlike determinisme by TPM en innerlike genesing reg te beoordeel.

"Die menslike *bewussyn* speel 'n uiters sentrale rol in die sielkunde." (Strauss, 1969:319.) Die menslike bewussyn is in die menslike selfheid vervat. Die Christelike wysbegeerte maak 'n onderskeid tussen die bewussyn, die onderbewussyn en die onbewuste. Dooyeweerd het slegs tussen 'n *bewuste* bolaag en 'n *onbewuste* onderlaag in die menslike bewussyn onderskei (Strauss, 1969:319; Kock, 1975:210). Aangesien Dooyeweerd die rol van hierdie onbewuste laag as *ondersteunend* teenoor die bewuste lewe sien en die *waarborg van 'n kontinuïteit* in die persoon se bewussyn, verkies Kock (1975:211, 214) om dit eerder die *"onderbewuste"* te noem.

In die literatuur heers daar eenstemmigheid dat die *onbewuste,* soos die psigologie die aandag daarop gevestig het, nie deel uitgemaak het van die oorspronklike ingeskape toerusting van die mens nie. Dit word soos volg verduidelik:

> In sy aanvanklike staat van regtheid, was Adam se bewuste en onderbewuste lae van sy bewussynslewe in volle bewustheid en harmonie afgestem op 'n gelowige luister na die spreke van God...." (Strauss, 1969:320.)
>
> Dit maak nie saak of hierdie onbewuste in Freudiaanse sin as 'n blinde, onnosele drifhaard (die id) gesien word, of in die Jungiaanse sin as kollektief onbewuste evolusionisties gedui word nie, feit bly dat die mens in die staat van regtheid voluit *verantwoordelik* moes wees. Was daar in daardie mens 'n stuwende, ongenormeerde en onpeilbare ondergrond, dan kan hy waarlik nie sondeloos genoem word nie. (Kock, 1975:213.)

Dit word geredeneer dat as gevolg van die sondeval en die "deformerende werking van die sonde" daar algaande 'n breuk of 'n "disharmoniese verhouding tussen die bewuste en onbewuste lae van die menslike aktlewe ontstaan" het (Strauss, 1969:320). Die aanvanklike oop en harmonieuse verhouding tussen hierdie twee lae, soos wat veronderstel kan word daar geheers het by Adam en Eva in hul nie-sondige toestand, het vertroebel geraak. Schoep (148:178-186), met Kock (1975: 214-215) en Strauss (1969:321) wat albei by eersgenoemde aansluit, verduidelik dat die bewuste lewe soms probleme ondervind om sekere geheue-inhoude te verwerk en dit derhalwe *verdring.* Freud en die dieptepsigologie verduidelik dat wanneer "die lusbehebte dranglewe, die libidineuse energie uit die id," na onbeheersde bevrediging streef, kom dit in botsing met die aanvaarde, sosiale, sedelike en godsdienstige norme en word daarom teruggedring en gesensureer (Kock, 1975:214). Kock (1975:214) hierteenoor, stel dat verdringing volgens die Christelik-wysgerige

standpunt anders te verklaar is. Verdringing hou eerder verband met die neurotiserende werking van die sonde, die uitsigloosheid van ongeloof en die verbysterende effekte hiervan op die gemoed van die mens. Strauss vat dit gepas saam (1969:320):

> Hierdie situasie is die gevolg van 'n proses waarin die onderbewussyn op bepaalde punte aan die *leiding* van die bewuste aktlewe *onttrek* word, en wel as gevolg van die afvallige *hartsgerigtheid* van die sondaarmens wat in die verabsolutering van die betreklike nié meer daarin kan slaag om die tydelike ervaringswêreld, waarin die mens hom bevind, integraal te betrek op die ware Wortel en laaste Oorsprong van alle dinge nie.

Daar word dus onderskeid gemaak tussen "dié deel van die onderbewussyn wat nog in kontak met die leidinggewende bewussyn leef, en dié deel wat geheel en al kontak verloor het." Strauss (1969:321) en Kock (1975:214) verduidelik dat Schoep se ponering van 'n *"onbewuste"* wat op so 'n wyse ontstaan het, heeltemal sin maak.

'n Uiters belangrike insig wat vir hierdie navorsing deur die pas genoemde gegewens na vore kom, is dat mindere of meerdere inhoude van die onbewuste aan die bewuste leiding van die bewussyn, en derhalwe van die geloof, onttrek word. Daardie geheue-inhoude kom met ander woorde *nie onder die ontsluitende begeleiding van die ontslote geloof nie.* 'n Teoretikus soos Ridgway (2006; 2007a) skryf twee artikels waarvan die navorser bewus is, waarin hy die implikasies van Dooyeweerd se antropologie verder uitspel soos wat dit op die psigologie en die ontsluitingsproses van toepassing is. In die een artikel bespreek hy die *Sensory Perception in Christian Counselling: Insights from Herman Dooyeweerd's Philosophy* (2007a:1-21). In die ander artikel bespreek Ridgway (2006:1-28) *A Disclosing Model of Psychotherapy* waarin hy die volgende betekenis aan die ontsluitingsproses heg ten opsigte van die psigoterapie (Ridgway, 2006:17): *"This process of disclosing the potential of the sensitive aspect is at the heart of psychotherapy."*

Bewussynsinhoude in die onderbewussyn wat tot die onbewuste geword het, raak gevolglik aan die ontsluitende invloed van die ware Godgerigte geloof onttrek. Verskillende "neurotiese simptome" wat hieruit voortvloei, kan kragtens die pas uitgespelde Christelike antropologie verklaar word (Kock, 1975:215-216):

- Die onbewuste openbaar met verloop van tyd 'n "infantiele en primitiewe" aard wat grootliks ooreenstem met die primitiewe geloofsmentaliteit van onontslote primitiewe samelewings en dus ook verband hou met die kollektiewe onbewuste wat Jung beskryf (Strauss, 1969:321-322; Kock, 1975:215). By 'n getraumatiseerde persoon is daar so 'n gefikseerde *vereenselwiging* van die ekheid met die traumamateriaal, dat dit heel te verstane is dat die persoon op

onbewuste (of onderbewuste) vlak 'n verstarde godsbesef, 'n verstrooide selfbesef en 'n verdraaide wêreldbeeld kan nahou.

- Selfs wanneer iemand tot bekering kom en sy geloof word positief-Christelik gerig, werk die positiewe geloofsontsluiting nie noodwendig na die onbewuste deur nie, as gevolg van "weerstande" wat mettertyd ontwikkel het en omdat die persoon deurgaans probleme ondervind om die geheue-inhoude van sy onbewuste op sy selfheid te betrek (Kock, 1975:215). Die persoon kry met ander woorde sy onbewuste nie geëien en geïntegreer nie.
- Die onbewuste sal, so beweer Kock (1975:215), op grond van die verdringing in "'n negatiewe (antagonistiese) verhouding tot die bewussyn" te staan kom. Word die bewussyn dan ontsluit, sal die onbewuste juis in 'n primitiewe rigting neig.
- Op hierdie standpunt is dit duidelik dat die onbewuste 'n baie sterk "vitaal-psigiese dwangkarakter" openbaar (Kock, 1975:215). Vanweë sy primitiwiteit en agterlikheid is die normatiewe in hierdie laag van die persoonstruktuur nie ontplooi nie. "Gevolglik tree die benedenormatiewe vanself op die voorgrond." (Kock, 1975:216.) Dit beteken egter nie dat die onbewuste alleen uit die "laere" in die mens bestaan nie.
- Die onbewuste wat aan die leidende ontsluiting van die geloof onttrek is, openbaar 'n "kenmerkende vreesaspek" (Kock, 1975:216).

Kock (1975:216) beskryf die herstelprosedure vir neurotiese probleme baie hoopvol en duidelik: "Dit is in die lig van die antropologie van die Wysbegeerte van die Wetsidee duidelik dat vir die genesing van neurotiese steuringe, die aktstruktuur van die mens herintegreer moet word."

Met hierdie uiteensetting van die Christelike wysgerige antropologie as verwysingsraamwerk, kan die tersaaklike kritiek ten opsigte van determinisme by TPM en innerlike genesing nou met groter insig beoordeel word.

5.3.3 Verklarende opmerkings wat betref TPM en innerlike genesing

Vervolgens sal enkele verklarende opmerkings oor TPM en innerlike genesing en die kritiek oor 'n moontlike determinisme in die grondliggende antropologie daarvan gemaak word.

5.3.3.1 TPM en innerlike genesing bou nie op 'n deterministiese antropologie nie

Misverstande ten opsigte van 'n moontlike deterministiese antropologie by TPM en tradisionele innerlike genesing kan maklik voorkom. Hierdie toegewing moet gemaak word, aangesien daar 'n

verskeidenheid gegewens in die teorie en praktyk van innerlike genesing en TPM aangetoon kan word wat op psigiese determinisme en omgewingsdeterminisme dui. *Traumatiese herinneringe* van die innerlik-geskende mens beïnvloed byvoorbeeld steeds sy huidige lewe (DeWaay, 2006:1; Bobgan & Bobgan, 1997:137-145, 149-154). Hierdie traumatiese herinneringe lê in die betrokke persoon se *onderbewuste of onbewuste geheue* opgesluit wat met die onderbewussyn van Freud of die kollektiewe onbewuste van Jung vergelyk word. Die *dwangmatige of obsessief-kompulsiewe aard* van die verdronge geheue-materiaal dui op 'n deterministiese mensbeskouing (vgl. DeWaay, 1993:1-2; 2006:3-4; Bobgan & Bobgan, 1997:142-145). Dit kom dus voor of die antropologie ten grondslag van innerlike genesing en TPM die mens teken as 'n slagoffer wat uitgelewer is aan die onverwerkte sake uit sy verlede en wat uiteindelik toe te skryf is aan gebeure vanuit sy omgewing. Wat tot verdere misverstand aanleiding kan gee, is die feit dat *selfs Christene* wat deur hul geloof deelgenote geraak het van die volle en genoegsame verlossingsvoorsiening in Christus, steeds probleme mag ondervind en behoefte openbaar aan die innerlike heling wat bedieninge soos tradisionele innerlike genesing of TPM bied (vgl. Bobgan & Bobgan, 1999:138; Hindson & Eyrich, 1997:265-277; DeWaay, 2006:3; Hunt, 2005:1-2; 2007f:1-2).

Hierdie aanduidings van moontlike determinisme kan egter voldoende verklaar word deur die wysgerige antropologie soos dit in hierdie hoofstuk uitgespel is. Kortliks kom dit daarop neer dat die mens as 'n eenheid van 'n religieuse hart en vier enkapties-vervlegte individualiteitstrukture verstaan moet word. Daarmee is onder punt 5.3.2.1 verduidelik dat die mens wel 'n instinktelewe of driflewe het, net soos die mens 'n stimulus-respons meganisme het. Terselfdertyd moet egter verstaan word dat hierdie sake deel vorm van die substrukture van die mens se persoonstruktuur (of aktstruktuur). Hierdie substrukture, of dit nou die fisies-chemiese, die vegetatiewe of die animale strukture is, is steeds diensbaar aan die persoonstruktuur wat in laaste instansie die leiding bied en wat aan God se wette en norme onderworpe is. Die geheel van die menslike samestelling is dus aan die wette en norme van God onderworpe en derhalwe kan die mens nie as deterministies of reduksionisties beskou word nie.

Die hoofbetoog van die gedeelte oor die mens se onderbewuste (vgl. 5.3.2.2) is dat sekere bewussynsinhoude wel aan die bewuste lewe van die mens onttrek raak, hetsy deur die sonde, hetsy deur ongeloof, hetsy deur die oorweldigende aard van die ervaringsgebeure, of 'n kombinasie van al drie faktore. Die gevolg bly egter dat daardie bewussynsinhoude dan ook aan die positiewe ontsluitende invloed van die ware Christusgeloof onttrek raak. Dat ook Christene met onverwerkte sake uit die verlede en/of ander psigologiese probleme mag worstel, kan toegeskryf word aan die disharmonie of verskeurdheid wat tussen die onbewuste en die bewuste lae van die persoon ontstaan.

Elke mens bly egter voor God verantwoordelik (vgl. Heyns, 1992:11) oor hoe hy hom gedra, ook wat betref sy driflewe, onbewuste en onderbewuste. Ook die persoon wat 'n innerlike verwonding of meer in sy binneste omdra en wat daardeur negatief beïnvloed word, bly eweneens voor die Here verantwoordelik oor wat hy daarmee doen. Daar mag dus determinerings uit ons substrukture of onbewuste en onderbewuste na vore kom, maar ons bly as koningskinders en beelddraers van God verantwoordelik en geroepe om deel te neem aan die ontsluiting van die volle betekenis van die geskape orde - insluitend ons eie psigiese lewe in sy strukturele verweefdheid met substrukture en die onbewuste.

5.3.3.2 TPM teorie en praktyk vertoon 'n definitiewe nie-deterministiese antropologie

Onder hierdie opskrif word net een of twee sake kortliks opgemerk oor TPM teorie en praktyk na aanleiding van bepaalde beklemtonings wat in die nuutste hersiene uitgawe van die basiese TPM handboek opgemerk kan word (Smith, 2007b).

Met die lees van hierdie hersiene uitgawe val 'n paar sake op wat op definitiewe skuiwe in Smith (2007b) se aanpak en selfs sy teorie dui. Een definitiewe skuif wat met hierdie hersiene uitgawe na vore kom, is dat Smith nog meer moeite doen as tevore om die mens as 'n wese met 'n vrye wil te respekteer. Die saak loop soos 'n goue draad deur die nuwe uitgawe. Dit geniet veral prominensie in sy Hoofstuk 9 oor *The Power of Free Will: Belief and Choice* (Smith, 2007b:135-143) en in gedeeltes waar Smith raad gee oor hoe om hindernisse in die praktyk van TPM te hanteer (bv. 2007b:124-126, 140, 148). Die saak blyk ook baie duidelik uit die gevallestudies wat hy aanhaal om sekere beginsels, fasette of tegnieke te illustreer (vgl. Smith, 2007b:93, 99, 104, 116, 127, 139).

Die mensbeeld ten grondslag van die TPM teorie en praktyk, veral soos die 2007-uitgawe dit voorhou, is een wat aandui dat die innerlik-verwonde persoon steeds sy wil inspan om 'n leuen te glo of nie, net soos wat die TPM beradene moet kies om na 'n pynlike herinnering terug te gaan in die herbelewenis daarvan. By die hantering van demoniese inmenging of demonisering, stel Smith (2007b:124) dit onomwonde dat hy die beradenes hul oorwinningsposisie in Christus leer en hulle dienooreenkomstig aanmoedig om self beheer te neem oor die bose. Smith (2007b:171-180) sluit Hoofstuk 12 oor *Sin and Theophostic Prayer* af deur die saak van psigiese en omgewingsdeterminisme eksplisiet te opper. 'n Aanhaling of meer spreek vanself:

> No one can blame their past for the decisions they make in the present. (Smith, 2007b:180.)
>
> I believe that we are deeply affected by the environment we have experienced. ...
>
> No matter what our circumstances are as adults or have been during childhood, we should not view ourselves as victims. We may have been victimized but we are no longer victims (that is unless it is happening as you read these words.) We are still accountable to God and without excuse... (Smith, 2007b:180.)

Die slotsom van hierdie paar opmerkings is dat die mensbeskouing wat veral uit die 2007-uitgawe van die TPM basiese handboek blyk, definitief nie aan psigiese of omgewingsdeterminisme skuldig is nie. Daarmee is geensins gesuggereer dat die vorige uitgawes iets anders leer nie.

5.3.4 'n Meer bevredigende verklaringsmodel vir TPM se kognitief-kousale kernteorie

Met die uiteensetting van die Christelike wysgerige antropologie onder afdeling 5.3.2 in verband met die mens as enkaptiese vervlegting van vier individualiteitstrukture, diensbaar aan die religieuse sentrum, én met 'n onderbewuste en onbewuste wat deels aan die modale ontsluitingsproses onttrek kan wees, kan die kernteorie van TPM oor die ontstaan en herstel van ervaringsgebaseerde probleme in 'n nuwe lig gesien word.

Die kognitief-kousale teorie waarvolgens Smith deurgaans die ontstaan en herstel van ervaringsgebaseerde probleme beskryf, is in 'n groot mate geslaagd (Lehman & Lehman, 2003a:1-6; vgl. Ellis, 1990/1962; Young, 1990). Hy het hierdie basiese konsep by "brief therapy" en kognitiewe terapie gaan leen (Smith, 2000a:19; vgl. 2.1.3.2), naamlik dat geloofsopvattings, aannames en persepsies 'n baie belangrike rol in 'n mens se emosies, denke en gedrag speel. Ten einde innerlike genesing te verkry, word die onvanpaste en irrasionele denkpatrone geïdentifiseer en daarna word op die Here vertrou om die "disputering" daarvan te doen (vgl. 3.4.8 iv; Smith, 2000a:46-78; Yankura & Dryden, 1990:10-13). Hiermee het Smith 'n baie suksesvolle integrerende benadering daargestel.

Een tema wat deurgaans in die TPM inhoude deurkom, is dat *die leuen die pynlike emosie saamdra of dit veroorsaak of produseer* (vgl. 3.6.3; Smith, 2000a:310, 311, 315). Die probleem bestaan wel dat Smith vir allerlei uitsonderings op die reël moet voorsiening maak (2.2.4). Die *pyn wat met ware rousmart gepaard gaan* kan nie aan die glo van leuens toegedig word nie. *Wraakgevoelens, onvergewensgesindheid, bitterheid en selfs geregverdigde woede* (vgl. Ef. 4:26) kan ook nie aan die glo van 'n leuen toegeskryf word nie (Smith, 2000a:193-194). Eweneens ontstaan die gemoedspyn van *skaamte* en *skuld* wanneer 'n persoon teen die Here gesondig het,

ook nie as gevolg van die glo van 'n leuen nie (Smith, 2000a:190-193). Daarom is dit te verstane dat iemand soos Rob Furlong (2003:2) gefrustreerd na hierdie teorie van Smith verwys en dit **"Lies, lies, and damn lies!"** noem.

Een belangrike waarneming wat die vergelykende studie van EMDR en TPM in Hoofstuk 3 (3.6.3.2) opgelewer het, het te doen met *moontlike eensydighede in TPM se waardering en prosessering van kognisies én emosies.* Kortliks kom die waarneming daarop neer dat die data, én die navorser, nie daarmee akkoord gaan dat kognisies so 'n direkte en kousale rol teenoor emosies speel as wat Smith dit stel nie. Die navorser is van mening dat die saak meer gekompliseerd is. Die stoor van informasie vind op 'n komplekse geassosieerde wyse plaas en die beïnvloeding tussen kognisie en emosie vind nie slegs plaas in een rigting vanaf die kognisie na die emosie nie. Dit kan wedersyds gebeur, met ander woorde, ook vanaf die emosie na die kognisie. In terme van die Christelike antropologie wat die mens as vervlegtingsamehang van stof, plantlewe, dierlikheid en 'n menslike persoonstruktuur verstaan, moet die substrukture aan die persoonstruktuur ook waardeer word vir wat hulle is. So bied die psigiese struktuur (of samestelling) van die mens immers die nodige fundering vir die hoëre strukture. De Graaff (1980:135-152) verduidelik onomwonde dat die wêreld na die mens toe kom deur sy belewenistoerusting. Die skryfwerk en verduideliking van Dayton (2000:25-56, 113-115) bevestig dieselfde standpunt. Soms kan die emosie ook die kognisie dra of kleur; dis nie net die kognisie wat die emosie aanwakker nie.

Die navorser stel voor dat die versnelde informasieprosesseringsteorie (VIP) wat Shapiro as werkingshipotese vir EMDR benut, in Smith se werkingshipotese inkorporeer behoort te word ter wille van die uitbreiding of verdieping daarvan. Dit behoort beter rekenskap te kan gee van wat werklik op geheuenetwerkvlak gebeur tydens die ontstaan én regstel van ervaringsgebaseerde probleme (3.6.2.1). 'n Sogenaamde "gevriesde" geheuenetwerk omvat byvoorbeeld 'n veelheid van informasie wat almal met mekaar geassosieer is. Dit moet dus eerder verstaan word dat die méns wat aanvanklik die traumatiese of pynlike herinnering verdring het, en nié die sogenaamde emosie-draende leuen nie, die instrumentele rol speel om die emosie in die gevriesde netwerk te ontsluit. Dit is die mens wat naamlik moed kry en dan besluit om daardie eenkant-gestoorde 'geheuepakkie' op te soek en oop te maak. Dan word die pyn daarvan opnuut beleef, dit word toegeëien, en dit raak moontlik om die werklik aangevoelde betekenis (leuen – vir Smith; negatiewe kognisie – vir Shapiro) daarvan te ontrafel. Die saak is dus meer gekompliseerd as wat Smith voorhou.

Die Bobgans (1999:49-68; vgl. 2.4.1.1) skryf 'n hoofstuk, *Mind and Memory*, in hul boek oor TPM waarin hulle veral beswaar aanteken dat Smith te gesaghebbed probeer voorkom in sy beskrywing van die komplekse saak van *verstand en geheue* sonder dat hy voetnotas gebruik as 'n verduideliking en na wetenskaplike bronne verwys (1999:49). Hulle reken dat hy dikwels mistastings begaan en nie in pas is met die nuutste wetenskaplike bevindinge en metafore nie. Entwistle (2004a:26-34), wat ook as kritikus van TPM in Hoostuk 2 vermeld is, opper onder andere die volgende beswaar: *Smith gee onvoldoende en dikwels onakkurate verduidelikings van basiese psigologiese prosesse.* Volgens die tersaaklike verduidelikings wat in Hoofstuk 3 van hierdie navorsingsverslag genoem is en die meegaande verduideliking hierbo, kan die navorser nie anders nie as om Entwistle en die Bobgans gelyk te gee met wat hierbo bespreek is.

In die 2007-uitgawe van die basiese handboek erken Smith (2007b:63) dat hy in die verlede aangeleenthede in verband met geheue-werking oorvereenvoudig het en hy maak sekere regstellings. Smith moet ook krediet kry dat hy in die nuwe uitgawe van meer voetnotas gebruik maak (bv. 2007b:30, 46, 77, 86, 143, 180), alhoewel dit steeds voorkom of die aansluiting by wetenskaplike navorsing en bronne gebrekkig en skraal is. Smith erken nietemin dat die saak komplekser is as wat hy aanvanklik voorgehou het. Hy het egter niks verander aan sy basies kousale kognitiewe teorie nie, en derhalwe kan die navorsing se voorstel hieroor gehandhaaf word (vgl. Smith, 2007b:70-71).

Dit is bekend dat die persoonstruktuur (of aktstruktuur) altyd die modale kwalifikasie van die mens se gedrag bepaal. In die mate wat die mens vassteek by sekere *vreesstrukture* (vgl. 3.6.3.2) in sy onderbewussyn en/of onbewuste, gaan hy ook gebuk onder die leiding van 'n onontslote geloof wat die ontsluitingsproses in die mens lei (vgl. 5.3.2.2). Dan geld *Beginsel Ses* van TPM soos vermeld onder punt 2.2.2 van Hoofstuk 2: *As ons 'n leuen glo, het dit dieselfde krag of uitwerking op ons lewens asof ons 'n waarheid glo.* Die leuen het soveel krag, aldus Smith (2004g:30), dat as ons dit glo vir 'n waarheid, dan sal dit op sigself in ons lewens afspeel asof dit 'n waarheid is.

Die regstelling wat met innerlike genesing en TPM gebeur, so verstaan die navorser dit in die lig van die Christelike antropologie, is dat daardie onbewuste geheue-inhoude weer moet ontwaak en dan onder die bewuste leiding van 'n waarheidsgetroue (en ontslote) geloof 'ingebind' moet word. Die navorser wil nie beweer dat Smith se kognitief-kousale teorie verkeerd is nie, maar dit is nie voldoende nie. So gesien, bied EMDR se VIP 'n meer voldoende verklaring vir die etiologie en herstel van ervaringsgebaseerde probleme.

5.3.5 TPM se trichotomiese antropologie

Nog een saak in verband met TPM se antropologie kan ter aansluiting by die uiteensetting onder punt 5.3 genoem word. Die *Community Evangelical Free Church* (CEFC, 2001:1-23; vgl. 2.4.1.2) van Elverson, Pennsylvania sny twee raakpunte ten opsigte van TPM se mensbeeld aan. Die een probleem, wat in Hoofstuk 6 bespreek sal word, handel oor Smith en TPM se standpunt dat die herbore gees van 'n mens in wese heilig is (CEFC, 2001:11-12). Die ander beswaar raak TPM se trichotomiese mensbeeld en daaraan word hier kortliks aandag gegee (CEFC, 2001:11). CEFC erken in hul kritiek teen TPM dat teksverse soos Hebreërs 4:12 en 1 Tessalonisense 5:23 die indruk skep dat daar tussen siel en gees onderskei moet word, 'n gegewene waaruit afgelei kan word dat die mens as drievoudige wese verstaan moet word, naamlik as liggaam, siel en gees (vgl. Nee, 1968:25-26; Brown, 1986:133-134, 164; 1990; Joubert, 2005:25-60, 66). CEFC verwys na 'n artikel van Winston Smith (2000:21) wat die saak van dichotomie teenoor trichotomie bespreek, en sluit aan by sy argument dat daar verskillende ander verse in die Bybel is wat dit moeilik maak om 'n besliste drievoudige siening van die mens te kan aflei. Bobgan en Bobgan (1999:119-122) teken ook beswaar aan teen Smith se gebruik van liggaam, siel en gees op grond van funksionele ooreenkomste wat dit met die id, ego en superego in Freud se persoonlikheidsteorie vertoon.

TPM hanteer inderdaad 'n trichotomiese mensbeeld, soos wat in die praktykteorie van TPM kortliks aangeteken is (2.2.7.1). Die navorser besef dat dit onmoontlik is om hier enigsins reg te laat geskied aan die dichotomie-trichotomie-debat. Hy wil derhalwe volstaan deur net op te merk dat ten minste een aanhanger van die Wysbegeerte van die Wetsidee ook 'n trichotomiese mensbeeld voorstaan, naamlik prof. J. H. Olthuis (2000:31-48). Olthuis noem sy model: *ek, my en myself,* waarmee hy onderskeidelik na die siel (willende agent of persoonstruktuur), die liggaam (Dooyeweerd se enkaptiese vervlegtingsgeheel), en die gees (religieuse sentrum – Dooyeweerd) van die mens verwys. Hierdie tema insake 'n trichotomiese mensbeeld verdien verdere ondersoek en uitbreiding. In die navorser se opinie kan TPM egter nie vanuit Skriftuurlik-reformatoriese oogpunt van dwaling aangekla word in soverre dit 'n trichotomie in sy antropologie handhaaf nie.

5.4 'N EVALUERING VAN DIE ANTI-PSIGOLOGIE BEWEGING IN HUL KRITIEK OP TPM

Alhoewel die hooffokus in hierdie hoofstuk, soos trouens deur die hele navorsing, op die beoordeling van TPM val, blyk daar tog genoeg redes te wees om die ondersoeklig vir 'n oomblik op die groep kritici uit die anti-psigologie beweging te laat val. Die heel eerste evaluering van TPM wat in boekformaat verskyn het en wat 'n definitiewe stimulus in die *Theophostic* debat was en is,

is die werk van Bobgan en Bobgan (1999), *TheoPhostic Counseling: Divine Revelation? OR PsychoHeresy?* Verskillende ander kritici van TPM, sowel as van tradisionele innerlike genesing, blyk uit die anti-psigologie beweging te wees (vgl. Almy, 1999; DeWaay, 1993; 2003; 2006; Furlong, 2003; Hunt & McMahon, 2006; 2007f; 2007g). Dit mag wees dat Smith bloot om 'n pro-aktiewe rede verkies het om dwarsdeur sy publikasies van die TPM materiaal baie min na ander wetenskaplike studies en bronne te verwys. Dit kan eweneens wees dat hy vanweë 'n re-aktiewe rede, naamlik as 'n reaksie op die skerp en veroordelende kritiek vanuit die anti-psigologie kamp, 'n huiwering behou het om veral na wetenskaplike bronne uit die psigologie te verwys. Dat hy by psigologiese benaderings geleen het, val nie te betwyfel nie (Entwistle, 2004b:35-42; Thiessen, 2003:94; vgl. 3.4.3.1; 3.4.8.1), maar selfs in die hersiene uitgawe van 2007 is daar steeds opmerklik min verwysings na ander bronne uit die wetenskaplike arena (Smith, 2007b:30, 46, 77, 86, 143, 180).

In hierdie afdeling word vervolgens aandag geskenk aan die agtergrond en hoofbesware van die anti-psigologie beweging, waarna die beweging vanuit hoofsaaklik die Wysbegeerte van die Wetsidee beoordeel sal word. In die lig daarvan kan bepaal word of TPM (en innerlike genesing) skuldig is aan "psychoheresy" – 'n kettery as gevolg van ontlening aan die psigologie (Bobgan & Bobgan, 1999:138).

5.4.1 Agtergrond van die anti-psigologie beweging

Die anti-psigologie beweging het ontstaan uit die werk van Jay E. Adams, professor in praktiese teologie aan die *Westminster Theological Seminary,* aldus Beck en Banks (1992:3-10) en Powlison (1996:vi-vii). In 1970 het Adams sy alombekende *Competent to Counsel* gepubliseer waarin hy psigiatrie en psigoterapie as beradingsbenaderings skerp gekritiseer het as radikaal sekulêr en fundamentaal strydig met die Christendom (Johnson & Jones, 2000:36; vgl. Lotter, 2001:317). Adams staan in die tradisie wat die Christendom en teologie diametraal teenoor wetenskap, en derhalwe ook psigologie, stel. Ondersteuners van Adams se "nouthetic counseling," wat later eenvoudig "biblical counseling" genoem is, het ook ander Christen-beraders wat volgens hulle die Christen-eiendomlike met die sekulêre denke sinkretisties gekombineer het, gekritiseer. Die anti-psigologie beweging verteenwoordig 'n wye stroom van persone en benaderings wat nie almal dieselfde inhoude koester en gesindhede omdra nie (Johnson & Jones, 2000:37).

5.4.2 Die basiese besware van die anti-psigologie beweging

Richard Ganz (1993:18, 20, 25) is opgelei in die psigoanalise, maar het later na sy bekering opleiding aan die *Westminster Theology Seminary* ondergaan. In sy boek, *PsychoBabble: the Failure of Modern Psychology – and the Biblical Alternative*, bespreek hy op oorsigtelike wyse die lewe en werk van die vernaamste baanbrekers in die psigologie. Ganz (1993:31-40) verstrek inderdaad ontstellende feite rakende die psigoloog-pioniers se afvallige geloof en hul vertekende lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunte en teorieë. Dieselfde geld van die meer gedetailleerde beoordeling van Bobgan en Bobgan in hul boek, *The End of "Christian Psychology"* (1997:125-258), sowel as Bezuidenhout (2005:40-111) se kritiek op die psigoloë in sy M.A.-verhandeling. Desondanks word ook elemente van waarheid in elke psigologiese benadering aangeteken (vgl. Powlison, 1996:277-278).

Die anti-psigologie beweging se kritiek *teen die vier 'groot magte' in die psigologie*, naamlik die psigoanalitiese, die behavioristiese, die humanistiese en die transpersonele (transendentale) kan bes moontlik soos volg opgesom word (vgl. Bobgan & Bobgan, 1997:117-120; Ganz, 1993): Die vier groot magte in die psigologie het almal vanuit nie-Christelike grondmotiewe ontstaan. Dit beskou die mens as deterministies verkneg aan óf die psigiese geheue-inhoud en driflewe, óf die gene, biotiese faktore en eksterne omgewing, óf as sodanig vry en outonoom dat dit nie die mens se ondergeskiktheid aan Gods wet erken nie. Boonop word die mens ook as basies goed geskets (vgl. Vitz, 1977:44-49) en dat sy werksaamheid neutraal kan wees (vgl. Vitz, 1977:115-118), sonder verrekening van die sondegevallenheid en die religieuse bepaaldheid van die mens wat óf vir God óf teen God kies.

Die veld van tradisionele Bybelse berading is sedert die ontstaan van die psigologie in 1879 as 'n onafhanklike vakwetenskap dermate deur die sekulêre psigologie oorgeneem, dat daar inderdaad, soos Lotter (2001:317-329) aantoon, 'n "reformation" van berading nodig was. Tot hierdie reformasie in berading het Adams en sy skool grootliks bygedra (vgl. Powlison, 1996:39-133). Die Bobgans (1999:135), én Lotter (2001:318-319), wys in hierdie verband op 'n hele aantal risiko's vir die kerk, teologie en pastoraat wat gepaard gaan met die groeiende gewildheid van psigologiese idees. Uit die aard van die saak het die anti-psigologie beweging dus ook besware *teen enige integrasie van die psigologie in die teologie en pastorale beradingsmodellle* (Habermas, 1993:32-35; vgl. Powlison, 1996:280; Anderson *et al.,* 2000:72-77).

Die belangrikste besware van die anti-psigologie beweging *teen innerlike genesing en TPM* kan goedskiks saamgevat word as dat die saak nie in die Bybel en selfs nie in die wetenskap voorkom

nie, dat dit verskillende Bybelse leerstellings verkrag, dat dit op 'n onbybelse mensbeeld berus en dat dit boonop by die "goddelose" psigologie leen (Hunt & McMahon, 2007a; 2007f; 2007g; DeWaay, 1993:1-4; 2006:1-6; Bobgan, 2005). DeWaay (2006:1) en Hunt en McMahon (2007f:2-9), waarskynlik in naspreke van Gumprecht (1997:29-35, 121-139), wys ook op mistastings in die aanvanklike leringe van Agnes Sanford wat by Theosofie, *New Thought,* die dieptepsigologie van Freud en 'n okkultistiese Jung, en Emmet Fox van die *Unity School of Christianity* - wat met *New Age* verbind word – voorkom. Die huidige hoofstuk konsentreer op die filosofiese aangeleenthede; daarom sal die kritiek aangaande leerstellige en praktiese sake in die volgende hoofstuk aandag geniet.

Vervolgens word die anti-psigologie beweging in die lig van veral die Wysbegeerte van die Wetsidee geëvalueer. Ter aansluiting hierby sal daar ook spesifiek verwys word na die siening van die Woord in sy kosmiese rykwydte, en ten slotte na 'n beoordelingsraamwerk wat Olthuis voorstel ten einde die integreringsverhouding tussen psigologie en teologie ten beste te besien en te reël.

5.4.3 'n Evaluering van die anti-psigologie beweging

Ten eerste: Die anti-psigologie beweging beklemtoon tereg die Bybel teenoor 'n antichristelike psigologie. Daar moet waardering uitgespreek word vir die positiewe bydrae wat die voorlopers tot die anti-psigologie beweging, by name Jay E. Adams en die skool van Bybelse berading, tot die veld van Bybelse berading gelewer het. Hulle het onder andere gesorg dat Bybelse berading opnuut op God fokus, dat die allesdeurtastende effek van die sondeval opnuut besef is, dat Christus as enigste Heelmeester in die beradingsituasie verkondig moet word, dat die sondegevalle mens se behoefte aan genade weer onderstreep is, dat die werk van die Heilige Gees en die genoegsaamheid van die Bybel beklemtoon word, en dat Bybelse berading ingestel moet wees om ware verandering by die beradene teweeg te bring (Lotter, 2001:323; vgl. Crabb, 1977:42; Ganz, 1993:25, 51-60; Johnson & Jones, 2000:36; Collins, 1997:27; Hunt, 2005:1-2; DeWaay, 2006:5-6; Bobgan & Bobgan, 1997:114-116, 135-143; Hindson & Eyrich, *eds.,* 1997).

Tweedens: Die anti-psigologie beweging openbaar 'n dualistiese grondmotief wat die teologie bo ander vakwetenskappe verhef. Waar die anti-psigologie beweging sigself egter so reglynig en antiteties teenoor die wetenskap of psigologie ingestel het, dui dit onmiskenlik op die *Roomse, skolastiese of gereformeerd-skolastiese* inslag van hul eie *grondmotief* (vgl. 5.2.1; Strauss, 1969:9-10; 1971:64-65; Lotter, 1993a:1-2). Eksponente van dié beweging bedryf naamlik hul teologiese wetenskap en meegaande bedieninge op die sogenaamde *genadeterrein* en beskou die psigologie

in die speelveld van die sogenaamde *natuurterrein.* Dit is dan ook te verstane dat hulle so veroordelend staan teenoor die psigologie en alle integrasiepogings tussen teologie en psigologie. Hulle speel met ander woorde "koningin" met hulle teologie en wil graag die "Skrifbeginsels" wat hulle opdiep vir die ander vakwetenskappe, wat maar "slavinne" van die teologie is, deurgee (Lotter, 1993a:2; Strauss, 1971:64-65). Die anti-psigologie beweging is met ander woorde in die greep van 'n dualistiese grondmotief (nie die Christelike grondmotief nie), en dit lei noodwendig tot die sogenaamde "tweeterreineleer" (Lotter, 1993a:1-2).

Derdens: Die anti-psigologie beweging verreken nie die aspekteverskeidenheid en die samehangende bestaansmoontlikheid van die verskillende vakwetenskappe nie. Die anti-psigologie beweging misken *die leer van die modale aspekte* (vgl. 5.2.2). Volgens hierdie leer leef en werk die mens in 'n empiriese werklikheid met 'n ryke verskeidenheid van entiteite en modale bestaanswyses. Die modaliteite bied vir al die moontlike vakwetenskappe bestaansruimte en invalshoeke waarvolgens hulle die empiriese werklikheid kan bestudeer. Onder hierdie skeppingsordening van God behoort daar nie 'n vyandskap en/of baasspelery van een vakwetenskap teenoor 'n ander te wees nie. Die uitdaging vir Christene is om mee te werk aan die verchristeliking van al die wetenskappe eerder as om mekaar teen te werk of te vermy (Kock, 1992:223; Strauss, P.J., 1992:7-26; vgl. Lotter, 2001:324).

Vierdens: Die anti-psigologie beweging se Woordbeskouing mis die kosmiese skopus daarvan. Alhoewel die anti-psigologie beweging krediet moet kry vir sy bydrae tot 'n hernude fokus op die Skrif in byvoorbeeld Bybelse berading, is daar ook 'n donker sy aan die saak. Die Wysbegeerte van die Wetsidee bely op grond van die getuienis van die Skrif dat die Woord van God 'n kosmiese skopus het (Olthuis, 1992:3). Olthuis (1992:1-14) bespreek in 'n artikel die tendens in Protestantse teologie om die Woord van God te beperk tot die Skrif en Jesus Christus as die Redder. Sy doel, aan die een kant, is geensins om afbreuk te doen aan die allerbelangrike rol van die Skrifgeworde Woord as die 'boek van redding' en die Vleesgeworde Woord as 'die Middelaar van ons redding' nie (Olthuis, 1992:2-3): "This in no way takes back or minimizes the confession that the Scriptures and Jesus Christ are the Word of God."

Aan die ander kant pleit Olthuis (1992:4-6) egter dat die innerlike band van die *Vleesgeworde Woord,* sowel as die *Skrifwoord,* met die *Skeppingswoord* nie misgekyk en verloor moet word nie (vgl. Heyns, 1977:62-72; 1978:11 vir soortgelyke terme). Gods Woord wat Vlees geword het, is dieselfde Woord waardeur God geskep het, waardeur Hy alles in stand hou, en waardeur Hy die herskepping van die mens sowel as die kosmos bewerkstellig. Lotter (1993a:1-23), wat in 'n ongepubliseerde artikel die plek van die teologie in die ensiklopedie van die wetenskappe

bespreek, voer op grond van dieselfde argument rakende die verskillende gestaltes van die Woord aan dat weggestuur moet word van enige heidense dualisme en die noodwendige tweeterreineleer wat daarmee gepaard gaan. In soverre die anti-psigologie beweging dus net die Skrifwoord en die redding in Christus beklemtoon, sonder om in ag te neem dat die Woord kosmies gerig is en dat Christus ook die Middelaar van die skepping is, in daardie mate openbaar hierdie beweging 'n beperkende siening van die Woord en ondergrawe hulle die moontlikheid om die verhouding tussen die Bybel en die skepping reg te besien.

Vervolgens kan nou enkele implikasies van hierdie beoordeling van die anti-psigologie beweging uitgespel raak, soos dit op die navorsing van toepassing is.

5.4.4 Enkele implikasies van hierdie evaluering ten opsigte van TPM

Enkele implikasies vanuit bogaande evaluering sal nou aangeteken word soos dit op TPM en die navorsing betrekking het.

5.4.4.1 TPM is nie aan "psychoheresy" skuldig soos die anti-psigologie beweging suggereer nie

Die Bobgans (1999:138), wat skynbaar die skeppers is van die term "psychoheresy," gebruik dit in die volgende konteks: Christene wat tydens probleme nie op God, sy Woord, sy voorsiening en heiligmakingswerk vertrou nie, maar in kontras daarmee op enige psigologiese, filosofiese of selfs geestelike sisteem vertrou wat deur mense bedink is, doen dieselfde as Israel wat hul na afgode wend vir hulp in plaas van na God. Die klaarblyklike uitgangspunt van hierdie beweging is dat die bestaande wetenskappe so diepgaande deurtrek is met antichristelike uitgangspunte van sekularisme, rasionalisme en naturalisme, dat dit geen ander keuse laat nie as om hulle te verwerp en van voor af te begin met 'n "radikale rekonstruksie" van die dissiplines op behoorlike Bybelse basis (Olthuis, 1992:4). Die evaluering hierbo het afdoende bewys gelewer dat die anti-psigologie beweging in die lig van die Christelik-reformatoriese wysbegeerte hierin fouteer en dat TPM hoegenaamd nie skuldig is aan dwaalleer of enige onwetenskaplike werkswyse deur insigte en tegnieke vanuit die psigologie te integreer en benut nie.

5.4.4.2 TPM mag die ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme van EMDR (en VIP) benut

In Hoofstuk 3 is 'n vergelykende studie tussen EMDR en TPM gedoen. EMDR bou op die verstaansraamwerk van 'n versnelde informasieprosesseringsmodel (VIP; Shapiro, 2001:16-20). Soos reeds in daardie hoofstuk verduidelik, word psigopatologie beskou as iets wat ontstaan

wanneer waargenome (persepsiële) informasie op 'n onverwerkte of onaangepaste wyse in die geheue vasgelê of gestoor word (vgl. Shapiro & Forest, 2004:28-29). Elke mens het volgens hierdie model 'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme wat geblokkeer kan word (3.4.7.1; Shapiro, 2001:18, 32). Die oogbewegings of alternatiewe duale stimulasies, eie aan EMDR, help om die blokkasies uit die weg te ruim. Die vraag is teen die einde van daardie hoofstuk gevra of protagoniste van die TPM benadering ontvanklik sou wees om die konstruk van 'n ingeskape selfgenesingsmeganisme te akkommodeer. TPM protagoniste mag op grond van ten minste twee onweerspreekbare redes daardie akkommodasie wel doen: a) Die psigologiese selfgenesingsmeganisme is deel van die mens se ingeskape toerusting; en b) dit is nie 'n kettery om by 'n psigologiese benadering soos EMDR, of enige ander een, te leen nie. Daar moet uiteraard seker gemaak word dat wat geleen word ooreenstem met die beste beginsels eie aan die bepaalde wetenskap en dat dit nie in stryd is met die Christelike grondmotief se kennissleutels van skepping, sondeval en verlossing nie.

5.4.4.3 Olthuis stel 'n bruikbare integrasieraamwerk vir teologie en psigologie voor

In aansluiting by Niebuhr (1956, soos aangehaal deur Olthuis, 1992:1-4) bespreek Olthuis (1992:1-14) in die artikel oor *The Word of God and Creation,* waarna alreeds verwys is, 'n baie nuttige raamwerk waarvolgens die kwessie van integrasie van "geloof en wetenskap," soos hy dit noem, beoordeel kan word. Dit hou verband met die verhouding tussen skepping en verlossing, maar ook met die verhouding van Vleesgeworde Woord tot Skeppingswoord. Die Christelike geskiedenis het volgens Olthuis (1992:5-6; vgl. Van der Walt, 2001:301-303) drie integrasiestrategieë opgelewer: die "compatibilist" (verenigbare), die "transformationist" (transformasie), en die "reconstructionist" (rekonstruktiewe) benaderings. Die *verenigbaarheid*strategie bou op een van die volgende twee grondstellings: "Christ-*above*-culture" en "Christ-*and*-culture." Die *transformasie*strategie gaan uit van die grondstelling: "Christ-*transforms*-culture." Die *rekonstruksionistiese* strategie bou op die volgende uitgangspunt, naamlik "Christ-*against*-culture" en/of "Christ-*of*-culture" (Olthuis, 1992:2).

Die grondstellings is meestal selfverklarend. In kort (en oorvereenvoudigd) kom dit daarop neer dat die verenigbaarheidsintegrasiestrategie veronderstel dat lig uit die genadeterrein verenigbaar is met lig uit die natuurterrein. Die transformasiestrategie veronderstel dat daar 'n veranderende werking vanuit Adam (die ou mensheid), as die religieuse wortel van die skepping, na die skepping en kultuur deurwerk, net soos daar 'n veranderende werking vanuit Christus (die nuwe mensheid) na die kultuur en skepping deurwerk. Dit impliseer dat met integrasiewerk nie alleen gesoek word vir verenigbare elemente op byvoorbeeld die terreine van redding en skepping nie, maar dat daar

pro-aktief meegedoen moet word aan die verchristeliking van elke terrein (navorser gebruik steeds terme van die tweeterreineleer vanweë die bekendheid daarvan). Die rekonstruksionistiese strategie veronderstel dat die kultuur en die nie-teologiese wetenskappe "beyond redemption" is, sodat dit verwerp moet word en daar totaal nuwes gerekonstrueer moet word (Olthuis, 1992:5-6). Die anti-psigologie beweging kan in die kamp van die rekonstruksionistiese benadering geplaas word, terwyl die navorser graag die weg van die transformasiestrategie wil volg, omdat dit die beste ooreenkom met die insigte van die Wysbegeerte van die Wetsidee.

5.4.4.4 Psigologie het 'n bestaansreg, maar moet as 'n wetenskap verchristelik word

Die voorligting psigoloog, D1, van die empiriese studie in Hoofstuk 4 het die standpunt gehuldig dat psigologie nie 'n bestaansreg het nie. Alreeds in Hoofstuk 4 (vgl. 4.9.1.5) is aangedui dat D1 waarskynlik dié siening gehuldig het vanweë die positiewe belewenisse wat hy kort tevore met TPM en die Here gehad het, sowel as 'n ontnugtering met die psigologie. D1 se standpunt kom opvallend ooreen met die soortgelyke standpunt van Ganz (1993), wat ook as psigoloog 'n totale teleurstelling met die psigologie beleef het en die boek, *PsychoBabble,* die lig laat sien het. In Ganz se geval het hy sy werk verloor as gevolg van die vyandigheid van kollegas wat teen die inkorporering van spiritualiteit, en spesifiek die Christelike spiritualiteit, ingestel was (Ganz, 1993:17). Albei hierdie persone oorreageer egter in terme van die wysgerige raamwerk in hierdie hoofstuk uitgespel. Die psigologie hét 'n bestaansreg kragtens die wetsidee, of God se Skeppingswoord, maar die psigologie het uiteraard ook die uitdaging om te verchristelik. Daarom is dit uitermate verblydend om op te merk dat presies hierdie verchristeliking besig is om pos te vat onder Christen-psigoloë, soos blyk uit die versamelwerk van Miller, *Integrating Spirituality into Treatment: Resources of Practitioners* (1999), uitgegee deur die *American Psychological Association,* en die versamelwerk van Sperry en Shafranske, *Spiritually Oriented Psychotherapy* (2005), om maar twee te noem.

5.5 TPM SE ONTOLOGIE (WÊRELDBEELD) EN EPISTEMOLOGIE (KENLEER)

Die empiriese studie in Hoofstuk 4 het verskillende aangeleenthede in verband met TPM se filosofie te berde gebring (vgl. 4.9.2 d). Naas die sake wat tot dusver in Hoofstuk 5 bespreek is, is daar nog een of twee sake wat die aandag verdien.

5.5.1 TPM se wêreldbeeld veronderstel 'n definitiewe geesteryk

Die empiriese gegewens in Hoofstuk 4 het aangedui dat TPM twee terreine in die skepping onderskei, naamlik 'n bepaalde natuurlike én 'n bonatuurlike terrein. Die bonatuurlike terrein is dié dimensie waarin wonders plaasvind, waarin die Bose raakgeloop word en waarin die Heilige Gees kom om ons by te staan. Dit is ook die terrein van die gees van die mens, in soverre TPM die mens as 'n drievoudige wese ag. 'n Gewone dualistiese siening van die wêreld moet volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee afgekeur word. In die lig egter van Anderson *et al.* (2000:48-50) se aanduiding daarvan dat die gangbare Westerse lewens- en wêreldbeskouing heel dikwels nie die geestelike dimensie in ons alledaagse lewe erken nie, moet 'n positiewe waardering bygevoeg word. Die leemte waarop Anderson *et al.* (2000:48) wys, word die sogenaamde *uitgeslote middel* genoem. Daarmee word bedoel dat die Westerse wêreld 'n geesteryk erken waarin God en ander geestelike magte teenwoordig is en daarteenoor, maar apart daarvan, 'n natuurlike, materiële ryk wat ondersoek en empiries wetenskaplik verstaan kan word. Die geesteryk het volgens hierdie siening egter min of geen impak op die materiële wêreld nie. So 'n siening dui, met ander woorde, op 'n middelgrond waarin geen of byna geen interaksie tussen die bonatuurlike en die natuurlike plaasvind.

TPM se wêreldbeeld, hierteenoor, is wat die navorser betref, meer in pas met die Bybel (vgl. Anderson *et al.*, 2000:49). Die onsienlike wêreld is net so 'n realiteit as die sienlike wêreld vir TPM. Kolossense 1:16: "God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie..." (Bybel, 1986). TPM getuig van (en steun op) 'n alomteenwoordige God wat nooit ver is nie en 'n Skeppingsmiddelaar wat alle dinge deur sy kragtige Woord onderhou (Heb. 1:3). Net so beskryf die TPM materiaal heel dikwels 'n geestestryd waarvan Paulus die Christene leer dat dit nie teen vlees en bloed is nie (Ef. 6:12; Anderson *et al.*, 2000:49).

5.5.2 TPM oorbeklemtoon moontlik die genadepool van die natuur-genade-dualisme

Dit kan egter nie onomwonde gestel word dat TPM se kenleer heeltemal onthef is van 'n moontlike oorbeklemtoning van die sogenaamde genadepool van die genoemde dualisme nie. Daarom – so word afgelei – word daar so konsekwent weggestuur van enige praktyke wat met suggestie, visualisering of hipnose te doen sou hê (Bylaag D, punt 2.1.3). Dit is almal tegnieke wat op die sogenaamde natuurlike of skeppingsmatige terrein lê. Die vraag is of die kundiges in TPM ontvanklik sou wees om die addisionele lig (uit die natuurterrein) van byvoorbeeld die EMDR teorie as verryking te aanvaar.

Die ideale kenleer moet die terreine van die natuur (skeppingsmatige) en genade (Gees) nie teenoor mekaar afspeel nie, maar eerder integreer. Die bevraagtekening van die bestaansreg van die psigologie deur D1, een van die deelnemers in die empiriese studie, staan in die teken van die oorbeklemtoning van die genadepool. Dit getuig nie van 'n geïntegreerde benadering nie. Volgens die Gereformeerde predikant, C2, werk die breinsjirurg en die dominee nie in aparte wêrelde nie; beide werk in God se wêreld (C2, par. 5). C2 sê heel tereg dat 'n mens sowel die gebedsruimte en Skrif as God s'n moet ag, maar dan ook die psigologie as God se wetenskap beskou. Alles moet as God se wêreld beskou word.

5.5.3 TPM se kenleer is nie in die greep van die modernisme en rasionalisme nie

"Western Christianity went to sleep in a modern world governed by the gods of reason and observation. It is awakening to a postmodern world open to revelation and hungry for experience." (Sweet, 2000:29-30.) Die data van die empiriese studie (Hoofstuk 4) dui daarop dat TPM se kenleer definitief nie in die greep van die modernisme en rasionalisme staan nie. Twee unieke beklemtonings van TPM dien ter bevestiging van die waarheid van die genoemde stelling: (i) TPM beklemtoon dat God lig openbaar in die *Theophostic* proses; en (ii) TPM beklemtoon die belangrike rol wat ervaring in beide die ontstaan en herstel van probleme by TPM speel.

Hiermee word die hoofstuk afgesluit en 'n algehele samevatting van die behandelde sake volg.

5.6 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het 'n opsomming gebied van Dooyeweerd se Wysbegeerte van die Wetsidee aan die hand van verskillende protagoniste. Op grond van hierdie opsomming is 'n spesifieke uiteensetting van die Wysbegeerte van die Wetsidee se antropologie gedoen waarkragtens die kritiek van 'n moontlike determinisme in die antropologie van TPM (en innerlike genesing) weerlê kon word. Hiermee is ook 'n meer bevredigende verklaringsmodel vir TPM voorgestel as 'n aanvulling en/of korreksie tot die kognitief-kousale teorie van Smith. Daarop het 'n baie kort verwysing na TPM se trichotomiese antropologie gevolg.

Die anti-psigologie beweging is ook onder die loep geneem en vanuit die evaluering van dié beweging is onder andere afgelei dat TPM nie aan "psychoheresy" skuldig is nie, maar dat TPM eintlik toestemming het om by die psigologie te leen. TPM mag dus van die insigte, tegnieke en konstrukte gebruik maak vanuit die veld van die psigologie, en dit mag, in terme van die natuur-

genade-dualisme, meer gebruik maak van die skeppingsmatige terrein. In Hoofstuk 3 is voorgestel dat die versnelde informasieprosesseringsteorie van EMDR ook in die teorie van TPM inkorporeer word. Gegewens van die huidige hoofstuk het bevestig dat dit gedoen mag word en dat dit selfs wenslik is. Die konstruk van 'n "ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme" kan, volgens die navorser, die TPM teorie verryk.

Daar is kennis geneem van Olthuis se beoordelingsraamwerk vir integrasiestrategieë en die *transformasie*strategie word op grond van die Wysbegeerte van die Wetsidee as ideaal aanbeveel.

Laaste filosofiese sake wat aangeraak is, was die wêreldbeeld en kenleer van TPM. Die TPM wêreldbeeld vestig opnuut die aandag op die sogenaamde "uitgeslote middel." Die TPM kenleer neig om groter klem te lê op die geestelike aspekte en minder op die sake uit die skeppingsmatige terrein. Dit maan dat TPM sal moet waak ten einde balans te behou.

Die volgende hoofstuk beoog om 'n prakties-teologiese beoordeling van TPM te doen met 'n groter beklemtoning van leerstellige en praktiese sake.

HOOFSTUK 6

'N PRAKTIES-TEOLOGIESE EVALUERING VAN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY* (TPM)

6.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK

In Hoofstuk 3 is TPM met *Eye Movement Desensitization and Reprocessing* (EMDR) vergelyk aan die hand van 'n literatuurstudie. Uit die vergelyking tussen EMDR en TPM het talle bevestigings, verrykkings, verdiepings, aanvullings en selfs korrigerings vir die praktyk en teorie van TPM na vore gekom. In Hoofstuk 4 is verslag gelewer van die aanpak, loodsing en resultate van 'n kwalitatiewe empiriese studie na TPM. Die doel was om ondersoek te doen na veral die reformatories-Skriftuurlike aanvaarbaarheid van die filosofie, leer en praktyk van TPM. *"Daar heers volgens die navorser se evaluering van die empiriese gegewens 'n basiese tevredenheid met en 'n aanvaarding van die TPM praktykteorie."* (vgl. 4.9.1.10.) Naas die voorlopige aanduiding van die aanvaarbaarheid van die TPM praktykteorie, is dit noodsaaklik dat die leer en filosofie van TPM verder onder die soeklig gestel word ten einde die reformatories-Skriftuurlike aanvaarbaarheid daarvan te verifieer. Uit beide bogenoemde metateoretiese hoofstukke het dus verskillende sake na vore gekom wat in die verdere evaluering aandag moet kry.

Die vorige hoofstuk, Hoofstuk 5, het hoofsaaklik twee doelwitte gedien. In die eerste instansie het 'n verdere rondte evaluering van TPM, en TPM kritiek, gebeur in die lig van 'n saaklike opsomming van die Wysbegeerte van die Wetsidee. Die fokus was op die filosofiese onderbou van TPM en verskeie filosofiese aangeleenthede wat daarmee verband hou. In die tweede instansie was dit 'n verdere metateoretiese voorbereiding met die oog op die evaluering van verskeie leerstellige sake rakende TPM wat in hierdie hoofstuk hanteer moet word.

Wat dus in hierdie hoofstuk, Hoofstuk 6, se prakties-teologiese evaluering van TPM aan die orde kom, is deels 'n opsomming van sake uit die vorige drie metateoretiese hoofstukke, maar ook 'n voortsetting van die evaluering van TPM met 'n spesiale fokus op die leerstellige onderbou daarvan (vgl. Zerfass, 1974:164-177; 1.5.2). Volgens die navorsingsplan wat in Hoofstuk 1 (1.5.2) uiteengesit is, sal die gegewens wat die situasie-analise (Hoofstukke 3 en 4) oplewer, sowel as die filosofiese beoordeling (Hoofstuk 5), in hermeneutiese gesprek gestel word met die aanvanklike TPM praktykteorie en die basisteorie van TPM wat implisiet daarin vervat is (Hoofstuk 2), die kritiek rakende TPM wat in hoofsaak teen die einde van Hoofstuk 2 opgesom is, en dit wat as basisteorie van die eerste gereformeerde praktyk geag word. In Hoofstuk 1 (1.2.1; 1.5.2) is aangedui dat die gereformeerde pastorale praktyk arm is aan innerlike genesing. Om te kontroleer

of TPM as innerlike genesingsmodel reformatories-Skriftuurlik suiwer en dus aanbevelenswaardig vir die gereformeerde bediening is, moet dit inderwaarheid aan die basisteorie van die gereformeerde praktyk (om Zerfass se terme te gebruik) getoets word. Vir hierdie doel word 'n opsomming van kernsake uit die reformatoriese teologiese tradisie in hierdie hoofstuk weergegee.

Die res van die hoofstuk volg in hooftrekke die volgende uiteensetting:

- 'n opsomming van die kernwaarhede van die reformatories-Skriftuurlike tradisie;
- 'n evaluering van die praktyk van TPM;
- 'n evaluering van die teorie van TPM;
- rigtingwysers ter verbreding en verdieping van die TPM basisteorie; en
- 'n samevatting.

Onder die verskillende hoofde en subhoofde van hierdie uiteensetting sal telkens die tersaaklike gegewens uit die empiriese studie en ander metateoretiese ondersoeke, gegewens uit die praktykteorie van TPM, sowel as die kritiek ten opsigte van TPM verreken word. Deurgaans sal die rigtinggewende beoordelingsmaatstaf van die Bybel, die teologiese tradisie, die filosofiese beoordeling en verwysingsraamwerk, sowel as waarheidsmomente uit die situasie (Hoofstuk 3) van TPM in die besinning betrek en verreken word. Dit word beoog om in hierdie hoofstuk hoofsaaklik die *Inleiding tot die Dogmatiek* wat prof. J.A. Heyns (1992) *aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis* opgestel het, te gebruik as aansluiting by die teologiese tradisie.

Die doktorale studies van Velthuysen (1989), Thiessen (2003), sowel as Coetzer (1995) wat elk 'n studie na die praktyk van tradisionele innerlike genesing gedoen het, bring waardevolle insigte op die tafel waarby hierdie studie graag leen. Thiessen (2003) het byvoorbeeld 'n nuttige opsomming van die kernteologie van tradisionele innerlike genesing gemaak (2003:63-75) en TPM as een van drie besondere modelle geneem waarop hy gefokus het (2003:92-95). Sy vergelykings tussen TPM en die ander benaderings is ook insiggewend. Velthuysen (1989:73-119) het 'n deeglik-begronde fenomenologiese studie na die gebeure of verskynsel (fenomeen) van innerlike genesing gedoen en vanuit sy finale gevolgtrekkings sal ook geput word in hierdie hoofstuk (1989:202-260). Coetzer het nie alleen die saak van innerlike genesing bepleit en riglyne voorgestel waarvolgens innerlike genesing bedien kan word nie (1995:2, 47, 163-164), maar ook vanuit 'n kerkhistoriese agtergrondstudie (1995:28-35) sekere leerstellige temas ten opsigte van die onderwerp van innerlike genesing opgeklaar.

Die definiërings van TPM kon net sowel onder die afdeling insake die *teorie* van TPM tuisgebring word, maar aangesien die definiërings sterk op die *praktyk* afgestem is (en dikwels daaruit afgelei is), word dit onder die praktiese afdeling hanteer. Onder die *teorie* van TPM word die volgende fasette verstaan: (a) die kernteorie rakende TPM se verstaan van die etiologie en herstel van innerlike verwonding, (b) die leerstellige onderbou van TPM, en (c) die filosofiese onderbou wat in 'n groot mate saamhang met die leerstellige fondasies. Die onderhawige temas kan onmoontlik volledig hanteer word binne die beperkte bestek van hierdie hoofstuk, maar dit word beoog om ten minste aan die hoofmomente daarvan reg te laat geskied. Vervolgens word 'n opsomming van die kernwaarhede van die reformatoriese tradisie weergegee.

6.2 KERNWAARHEDE VAN DIE REFORMASIE AS RIGLYN VIR DIE EVALUERING VAN TPM

Die eerste manier waardeur Van der Walt (1996:522-526) Gereformeerd-wees tipeer, is deur na die slagspreuk *"Ecclesia reformata semper reformanda"* te verwys. Die kerk van die Reformasie moet voortdurend reformeer. "Gereformeerd wees is 'n proses, 'n lewenswyse." (Van der Walt, 1996:525.)

Die Reformasie van die sestiende eeu wou werklik teruggaan na God en die Skrif as die bron van die lewe en vir kerkwees. Daarom word die grondtrekke van die Reformasie treffend weergegee via die *solismes* (vlg. Van der Walt, 1996, 524) of *solas* (vlg. ATLAS, 2007:13) van die Reformasie, wat nog 'n manier is om Gereformeerd-wees te onderken. Hierdie uitsprake moet telkens verstaan word as 'n reaksie teenoor standpunte waarmee die reformatore nie saamgestem het nie, skryf ATLAS (2007:11-17), die NG Kerk se Algemene Taakgroep vir Leer en Aktuele Sake, in hul verslag aan die die Algemene Sinode van 2007. Aangesien die konteks van die sestiende eeu belangrik was, word die *solas* teen hierdie agtergrond weergegee (ATLAS, 2007:13):

- Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan *sola scriptura* (net die Skrif).
- Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan *solus Christus* (net Christus).
- Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan *sola gratia* (genade alleen).
- Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan *sola fide* (geloof alleen).

  ... Hierdie *solas* kom uiteindelik vir gereformeerdes tuis onder die dak van *soli Deo gloria* (aan God alleen die eer).

Lotter (2001:320-321) wys op verskillende *belydenisskrifte* wat op grondslag van die Reformasie geformuleer is. In Europa was dit hoofsaaklik die Dordtse Leerreëls, die Nederlandse

Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus. In die Angel-Saksiese wêreld het die Westminster Konfessie die leidinggewende belydenisskrif geword. In Amerika, waar Jay E. Adams gewerk en sy *Competent to Counsel* in 1970 geskryf het, het die *Five Points of Calvinism* die standaard geraak waarvolgens die Amerikaanse Calviniste hulle reformatoriese denke gerig het. Hierdie vyf punte vorm die akroniem TULIP (vgl. Dabney, 2001:1):

- Total depravity (Original Sin)
- Unconditional election (God's Election)
- Limited atonement (Particular Redemption)
- Irresistible grace (Effectual Calling)
- Perseverance of the Saints.

ATLAS (2007:13-17), op sy beurt, omskryf altesaam tien Reformatoriese waarhede wat hulle as 'n taakgroep identifiseer en wat volgens hulle oordeel die kern vorm van die NG Kerk se "gereformeerde identiteit." Volledigheidshalwe word al tien genoem: (i) 'n gerigtheid op God, die Vader, Seun en Heilige Gees; (ii) Christus, Skrif, genade en geloof; (iii) die Heilige Gees; (iv) die kerk; (v) sakramente; (vi) liturgie; (vii) die Koninkryk; (viii) belydenisskrifte; (ix) mensbeeld; en (x) die verbond.

Hierbenewens vestig T. van der Walt (1996:527; vgl. Van der Walt, B.J., 2001:299-316) die aandag daarop dat ons nie alleen kernwaarhede vanuit die Reformasie geërf het nie, maar ook 'n *spesifiek-Calvinistiese filosofie,* alhoewel laasgenoemde relatief lank na die Reformasie van die sestiende eeu geformuleer is. Die Wysbegeerte van die Wetsidee (Dooyeweerd en Vollenhoven) word as een van drie strome genoem naas die Wysbegeerte van die Skeppingsidee (Stoker) en die Wysbegeerte van die Openbaringsidee (Bavinck). Dit is juis die Wysbegeerte van die Wetsidee wat in die vorige hoofstuk as deel van die navorser se reformatories-Skriftuurlike verwysingsraamwerk opgesom en aangewend is.

6.2.1 Reformatoriese kernwaarhede toegespits op die evaluering van TPM

Verskillende aksente uit die genoemde kernwaarhede het spesifiek betrekking op die pastoraat – in besonder op TPM en die beoordeling daarvan. Enkeles word genoem. Die *totale verdorwendheid van die mens* beklemtoon die teendeel van wat die humanisme en die kliëntgesentreerde terapie oor die mens leer (vgl. Dabney, 2001:2-3; Labuschagne, 1991:400-414). Dit verteenwoordig, met ander woorde, 'n Bybelse korreksie op daardie sienings wat voorhou dat die mens basies goed en sy eie wetgewer is. Tog kan die eensydige beklemtoning

van die mens se sondegevallenheid en 'n onderbeklemtoning van die ander twee elemente in die Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing, 'n negatiewe menssiening in die hand werk. Beide ATLAS (2007) en Nicol (2000), wat oor dieselfde faset kommentaar lewer, beaam die gedagte. Nicol (2000:101) noem dat die beklemtoning van die mens se sondige verdorwendheid al as "sondebeheptheid" beskryf is en ATLAS (2007:17) stel dat dit 'n "uiters negatiewe mensbeeld" kan teken.

Die *grootheid van God* is een van 'n sewetal Bybelse begrippe wat Van der Walt (1996:527) as tiperend van die gereformeerde tradisie bespreek. Sy kommentaar daarop is dat Gereformeerdes die grootheid en transendensie van God al so beklemtoon het dat sy liefde en immanensie onderbeklemtoon is (Van der Walt, 1996:526-527). Aansluitend hierby verduidelik Nicol (2000:97) dat die tipies Calvinistiese klem op die grootheid van God en die kleinheid van die mens, beide bevrydend en verknegtend werk. Dit werk verknegtend wanneer die mens, sy werksaamheid en sy emosies hierdeur onderwaardeer word. Die alleenheerskappy van God word veelal op hierdie trant "in Aristoteliaanse terme ontwikkel, wat beteken dat God eerder gesien is as die filosowe se almagtige, onbeweeglike Beweger in plaas van die Bybel se lewende God met 'n hart vol emosie" (Nicol, 2000:97).

Die reformatoriese kernwaardheid oor die mens as *"ver-antwoord-elike* wese" (Heyns, 1992:11) behoort ook verder toegelig te word, sodat dit met groter oordeel toegepas kan word in die beoordeling van die mensbeeld en heiligmakingsleer van TPM. Die navorser vermoed dat daardie *solusse* van die Reformasie wat in reaksie op die wettiese werkheiligheid van die Rooms-Katolieke kerk geformuleer is, die *sola gratia* en *sola fide,* tot 'n pendulumswaai na die ander kant aanleiding kon gee in die afloop van die Reformasie. Gronde vir hierdie bewering blyk byvoorbeeld uit Burger (1991a:134) se korrekte beredenering dat tradisionele beklemtonings van die gereformeerde teologie tot 'n "teologiese onderskatting van die daad-kant van die geloof" lei. "Die onuitgesproke, gangbare oortuiging is dat dade en diens prysenswaardige konsekwensies van geloof is en eintlik na regte gedoen behoort te word, maar dat dit in laaste instansie tog nie 'n onontbeerlike deel van die geloof in Jesus Christus is nie." (Burger, 1991a:134.)

Eweneens kan dit wees dat die bepaalde *verbondsiening* van gereformeerdes, wat veelal die monopleuriese ontstaan van die verbond beklemtoon, maar tegelykertyd die dupleuriese uitwerking/voltrekking daarvan uit die oog verloor, hiertoe mag bydra (Strauss, 1987:20-38; Lotter, 1993b:127-128). "Monopleuries" verwys eenvoudig daarna dat die verbond tussen God en mens eensydig van God se kant begin word, terwyl "dupleuries" daarna verwys dat die mens in sy reaksie op God se *uitverkiesende genade* moet groei in gehoorsaamheid sodat die verbond deur

albei partye in stand gehou word (Lotter, 1993b:127; Heyns, 1978:216-217). Hierdie dupleuriese uitwerking van die verbond impliseer dat daar nie net gefokus moet word op die *genade* wat deur *geloof* ontvang word in die totstandkoming van die verbond nie; daar moet ook aandag geskenk word aan die *genade* wat tot *geloofsgehoorsaamheid,* oftewel die daad-kant van die evangelie, aanleiding gee (Burger, 1991a:134; ATLAS, 2007:17).

'n Opmerking of meer moet ook oor die sentrale reformatoriese waarheid aangaande die *Koninkryk van God* gemaak word. Van der Walt (1996:521; vgl. Wagner, 1999:52-53) dui onomwonde aan dat daar al 'n paar dekades lank 'n "aksentverskuiwing" in die "tydgees" aan die gang is – "'n verskuiwing van leer na lewe, van teorie na praktyk, van die abstrakte na die konkrete, van objektiewe waarhede na subjektiewe belewing." Al sou hierdie skuiwe ook eensydig wees, soos Van der Walt (1996:521) beweer, is dit die wêreld waarin ons lewe en waarin die kernwaarhede van die Reformatoriese leer moet tuiskom en funksioneer. Al meer mense van die huidige tyd besef dat die rasionalisme van die moderne era slegs deels of glad nie daarin geslaag het om hul eksistensiële vrae en nood te beantwoord nie (Denton, 2007a:5; 2007b:5; Greef, 2007:52-54). Nicol (2000:98) dui aan dat die gereformeerde kerke in Europa ten tyde van die hoogbloei van die rasionalisme in Europa self baie rasionalisties geword het. Nicol (2000:83, 85-109) onderskei verder 'n evangeliese gereformeerde en 'n strenger gereformeerde stroom in Suid-Afrika. Veral die "strenger gereformeerde stroom" neig ook meer na die rasionalisme terug, aldus Nicol (2000:106). Die aanwesigheid van rasionalisme in die lewens- en wêreldbeskouing van die Gereformeerde kerke verklaar ten minste een rede waarom daar 'n aksentverskuiwing weg vanaf die objektiewe (rasionalistiese) waarhede na die subjektiewe belewing gebeur. Hierdie skuif is in 'n sin vergestalt in die aanslag wat Francis Schaeffer as gerespekteerde apologeet van die Christendom openbaar het. Hy het naamlik die menslike rede tot 'n groot mate ingespan om die Evangelie tot buitestaanders of twyfelaars te kommunikeer, maar hy het eweneens groot klem gelê op die behoefte aan "an increasing experiential relationship with Christ" (Follis, 2006:75-77). Sy benadering beaam dus dat die objektiewe waarhede alleen nie genoeg is sonder subjektiewe belewing nie.

Janse van Rensburg (1995:623-644; vgl. Heyns, 1978:303 oor *charismatiese belangstelling*), wat bekommerd is dat al meer gereformeerde lidmate hulle na *charismatiese* bedieninge wend ten einde antwoorde op hul eksistensiële nood en vrae te ervaar, raak met sy pleitdooi vir 'n dinamiese gereformeerde bediening aan verskillende kernsake in die reformatoriese tradisie. Sekere kernsake moet onveranderd gehandhaaf word, maar ander vra juis om aksentverskuiwing. Hy erken in sy samevatting dat mense se eksistensiële vrae en nood aktueel is, dat mense die Bybelse waarhede wil ervaar en dat hulle *Christus* se mensheid in hul eie situasie wil beleef

(Janse van Rensburg, 1995:640). Janse van Rensburg (1995:638) dui verder aan, alhoewel met oordrewe omsigtigheid, dat daar vanaf 'n "rasionalistiese reduksie" na groter ruimte vir die "affektiewe" of geloofsbelewing in die bediening beweeg moet word. Net so dui hy aan dat die gereformeerde bediening 'n regstelling in sy "eskatologiese gerigtheid" sal moet maak (Janse van Rensburg, 1995:631-632). Die eskatologiese belofte van hoop en die noodsaak tot volharding moet meer en sterker in die gereformeerde bediening figureer. Wat vir die tema van TPM van belang blyk, is dat die hoopbeloftes juis die mens aanspoor, nie tot "wêreldontvlugting" nie, maar tot ywerige medewerking aan die koms van die koninkryk (vgl. Janse van Rensburg, 1995:631). Hierdie gestaltegewing van die toekoms in die hede (Heyns, 1978:403) word in die teologie in verband gebring met die *realiserende koninkryk,* tussen die pole van Christus se eerste en tweede koms na die aarde (Ladd, 1974b:17-20, 38-42). Thiessen (2003:4, 103-107, 204) verstaan byvoorbeeld tradisionele innerlike genesing in terme van die realiserende koninkryk.

Om dus op te som: Die kernwaarheid van *die Koninkryk van God* is belangrik; daarom is dit in die lig van die nood van die postmoderne mens noodsaaklik dat die aksent sal moet verskuif vanaf die *rasionalistiese* na die *affektiewe* of subjektiewe geloofsbelewing, wat op sy beurt weer baie nou saamhang met die mens se belewenis van Christus in sy identifisering met ons gebroke mensheid. Hierdie laaste faset beklemtoon *die realisering van God se koninkryk* in die hier en nou deur die Heilige Gees.

Die reformatoriese waarheid oor die sentraliteit van die *Skrif* is eweneens belangrik vir die evaluering van TPM. TPM lê byvoorbeeld soveel klem op ervaring dat dit baie aktueel is om te bepaal of TPM nie subjektivisties oorhel en die objektiwiteit van die Skrif laat skade ly nie. In Hoofstuk 5 (5.4.3) is alreeds 'n verruimde siening van die Woord voorgestel, wat implikasies het vir die reformatoriese Skrifbeskouing. Hier word dus 'n aksent geplaas op die wyer raamwerk waarin die tradisionele Skrifbeskouing tereg moet kom met die oog op evaluering van TPM.

6.2.2 'n Riglyn vanuit die empiriese studie om die Skriftuurlikheid van TPM te kontroleer

Hoe beoordeel 'n mens die reformatoriese Skriftuurlikheid van 'n pastorale beradingsmodel? (vgl. 4.9.2 f). Die navorser het telkens in die empiriese onderhoude vir die deelnemers na hulle beleefde ervarings en oortuigings oor die TPM praktyk en teorie uitgevra. Een van die vrae was of hulle dink dat TPM Skriftuurlik is; alternatiewelik, of hulle dink dat die *Theophostic* benadering 'n geldige gebruik van die Skrif handhaaf? Deelnemer G1 het met sy bepaalde inset 'n baie goeie rigtingwyser gegee, volgens die navorser se oordeel. Hy het naamlik gesê (G1, par. 20):

> Onthou, ons léwe nie met 'n teksversie nie; ons lewe met 'n Bybel. En ons takseer ons lewensoortuigings op grond van 'n Bybelse verwysingsraamwerk. Dus, ek het nie nodig om in my lewe elke slag 'n Bybelversie vir elke iets aan te haal nie, want die gróót boodskap van die Bybel beheer mos my lewe. ... En as die gróót lyne van die Bybel aanwesig is in hierdie terapeutiese model – van ... sonde-oortuiging; van verligting van die Gees (wat 'n tema is in Paulus se prediking); die waarheid, dat die waarheid vrymaak, dat God gekom het om die leuen te ontmasker – dis die groot tema's van die Evangelie. Verlossing, vernuwing, herskepping; 'n nuwe mens, beeld van God, beeld van Christus – dis die sake wat in die Bybel na vore kom; dis die tema's. En as hierdie temas funksioneer in 'n terapeutiese model, dan kan ons met gerustheid sê dat ons hier te doen het met 'n Bybelse model.

Die voorstel is, met ander woorde, dat 'n mens die Skriftuurlikheid van 'n pastorale beradingsmodel meet aan die regte voorkoms en hantering van Bybelse temas. Daar word seker gemaak of die bepaalde model die groot lyne van die Bybelse boodskap reg verklank (vgl. in die verband Van der Walt, 2007:21-22). Soos wat 'n Christen onder die beheer van die Bybel leef deurdat die groot boodskap 'n greep op sy hart het, so moet die Bybel en 'n Bybelse verwysingsraamwerk die hart, uitgangspunte en toepassing van die pastorale benadering beheer. As dit die geval is, en deelnemer G1 reken dit is die geval, dan word TPM as 'n reformatories-Skriftuurlike model beskou. Die navorser kan geen rede sien om met G1 hieroor te verskil nie.

Vervolgens word oorgegaan tot die evaluering van TPM ten einde die reformatories-Skriftuurlike suiwerheid daarvan te kontroleer. Die praktyk van TPM kom eerste onder die soeklig.

6.3 EVALUERING VAN DIE PRAKTYK VAN TPM

Vir eers word aandag gegee aan die definiëring van TPM. Vir hierdie doel word veral terugverwys na afdeling 2.1.3 van Hoofstuk 2 waar die saak as deel van die praktykteorie van TPM bespreek is.

6.3.1 Definiëring van TPM as innerlike genesing, gebedsbediening of berading

Smith het aanvanklik sy benadering "Theophostic Counseling" (1996) genoem, maar die naam later na "Theophostic Ministry" (1999) verander. Nog later het hy die naam uitgebrei tot die huidige *Theophostic Prayer Ministry.* Soos reeds in hoofstuk 2 gemeld, het Wilder en Smith in die boek wat hulle gesamentlik gepubliseer het, *Keeping Your Ministry Out of Court* (2002), die motivering vir die naamsverandering gestaaf. Dit kom daarop neer dat in die Amerikaanse grondwet daar verskillende standaarde vir kerklike "helers" en sekulêre "helers" gestel word (Wilder & Smith, 2002:15). Volgens hierdie wetgewing is dit (in sekere state) onwettig om die term "berading" of "terapie" vir dié besondere benadering te gebruik sonder dat die nodige lisensiërings bekom en professionele gelde betaal is (Wilder & Smith, 2002:16). Dit kan dus afgelei word dat Smith

verkies het om sy benadering liefs "bediening" te noem, ten einde nie skuldig te staan aan die aanbieding van berading of terapie sonder die nakom van die wetsbepalinge nie.

Entwistle (2004b:39-40) lewer hieroor kritiek en maak twee stellings wat steeds vrae oor Smith se optrede laat hang: (a) Berading bly steeds berading, al noem 'n mens dit ook bediening; en (b) die toepaslike wetgewing in sekere state in die VSA waarborg die beskerming van titels (soos "psigoloog" en "sosiale werker"), maar die wetgewing in blykbaar die meerderheid ander state fokus op die praktisering van berading of terapie, wat impliseer dat mense wat TPM berading doen steeds skuldig kan wees aan wetsoortreding, al word dit ook bediening genoem.

Die navorser se algemene indruk is dat TPM vanweë sy ooreenkoms met tradisionele innerlike genesing (Lehman & Lehman, 2005b:4) en vanweë sy leen by verskillende psigoterapeutiese benaderings (vgl. Hoofstuk 3) tog as *'n vorm van berading* geag moet word. Dat TPM deur Smith as 'n *bediening* bestempel word, korreleer met wat tydens die sessies gebeur, want die bediening van die Here Jesus word deur die fasiliteerder tot die beradene bemiddel. Dat TPM eweneens as 'n *gebeds*bediening bestempel word, blyk ook toepaslik te wees, aangesien die innerlike heling in die atmosfeer van gebed voltrek word. Nogtans ag die navorser TPM as 'n benadering wat meer behels as bloot 'n gebedsbediening. Francis MacNutt (1990:4-8), 'n Rooms-Katolieke innerlike genesingsprotagonis, en sy vrou Judith Sewell, 'n Christen psigoloog, beskou byvoorbeeld die innerlike genesing wat hulle tot mense bedien as 'n kombinasie van berading – wat nodig is om die wortels van probleme op te spoor – en die genesingskrag van die Here Jesus – wat nodig is om die emosioneel-psigologiese verwondings te genees (MacNutt, 1990:13). Op dieselfde wyse steun TPM op die Here se genesingskrag, sowel as die benutting van (psigoterapeutiese) tegnieke om die wortels van probleme te identifiseer (vgl. 3.4.8 iv - REBT en ander kognitiewe terapieë). As gevolg van laasgenoemde werkswyse kan TPM as 'n vorm van berading gedefinieer word.

Die term "innerlike genesing" het volgens Thiessen (2003:46) die wydste inslag onder mense gevind vir daardie vorm van gebedsberading waarna party skrywers verwys as "healing of the memories" (Tapscott, 1975; Seamands, 1985), of ook as "healing for damaged emotions" (Seamands, 2004) en "transformation of the inner man" (Sandford & Sandford, 1982) en "healing the wounded spirit" (Sandford & Sandford, 1985). Die antropoloog Charles Kraft (1993) vind nie fout met die term innerlike genesing nie, maar vervang dit bykans deurgaans met "deep-level healing." Smith (2007b:155) erken in sy 2007 handboek dat hy aanvanklik innerlike genesingsterme gebruik het, maar "over a period of time I came to realize that healing may not be the best term to describe what happens in a Theophostic session." Hy ag "genesing" nou primêr as 'n fisiese verskynsel en koppel dit nie aan genesing van die denke-/gemoedslewe nie. Smith

(2007b:155) handhaaf dus sy definiëring van TPM as gemoedsvernuwing of "mind renewal". *Theophostic Prayer Ministry* is "*... intentional, focused prayer leading to an authentic encounter with the presence of Christ, resulting in mind renewal and a subsequently transformed life.*" (Smith, 2007b:2.)

Tot Smith (2007b:1-2) se krediet moet ook opgemerk word dat hy in die nuutste uitgawe van die handboek wegstuur van die kontensieuse terme waarmee hy aanvanklik aangedui het dat TPM iets beters as "tolerable recovery" bewerkstellig en dat die resultaat neerkom op "maintenance-free victory" (Smith, 2000a: voorblad, 19-28). Hy dra egter steeds dieselfde boodskap oor in verband met die doel en geslaagdheid van TPM, maar gebruik nie woorde en terme wat weer tot misverstand aanleiding kan gee soos dit voorheen gebeur het nie (Smith, 2007b:1-2). In die gang van hierdie hoofstuk word nogtans na van daardie kontensieuse terme verwys, veral soos wat dit in die empiriese studie bespreek is. Vervolgens word enkele beradingsfasette van TPM onder die soeklig geplaas.

6.3.2 Beradingsfasette van TPM onder die soeklig

In Hoofstuk 2 (2.3.4) is 'n twaalftal beradingsfasette of -stappe bespreek as deel van die bedieningsprosedure soos wat Smith dit vroeër uitgespel het. Sy vereenvoudigde prosedure, soos in die 2007 handboek (Smith, 2007b:87-110), is ook weergegee met enkele evaluerende opmerkings daarby. Die vroeëre en nuwe uiteensettings word volledigheidshalwe hier weer aangeteken (Smith, 1999:21; 2000a:102; 2007b:87-110; Tabel 6.1 op volgende bladsy).

Die evaluering in hierdie hoofstuk sentreer steeds om die vroeëre twaalfpunt prosedure soos dit in Hoofstuk 2 omskryf is, en soos dit in die empiriese studie (Hoofstuk 4) aan die orde was. Die bespreking onmiddellik hierna fokus egter nie op ál twaalf die stappe nie, maar op slegs daardie fasette en/of stappe wat vir die huidige beoordeling ter sake is.

6.3.2.1 Die "teruggaan na herinneringe uit die verlede"

Die teruggaan na herinneringe uit die verlede word verteenwoordig deur Stappe 2 tot 7 van die aanvanklike uiteensetting en Stappe 2 tot 6 van die nuwe uiteensetting van die basiese TPM prosedure.

Tabel 6.1: Die vroeëre twaalf en huidige nege beradingstappe van TPM

Die Twaalf Beradingstappe (van vroeër)	Die Nege Beradingstappe (huidig)
1) Berei die persoon voor	1) Berei die bedieningsontvanger voor om TPM te ontvang
2) Identifiseer geheue-aanduidings in die persoon se presenterende probleem	2) Identifiseer die presenterende emosie
3) Identifiseer historiese emosies	3) Moedig die ontvanger aan om huidige kwelvrae ("issues") eenkant te sit
4) Identifiseer passende geheuebeelde	4) Volg die presenterende emosie tot by sy leuengebaseerde oorsprong
5) Onderskei die oorspronklike leuen	5) Identifiseer en hanteer hindernisse
6) Meet die geloofwaardigheid van die leuen	6) Identifiseer die leuengebaseerde denke
7) Bewerkstellig herbelewenis van die donker ervaring ("stirring up the darkness")	7) Nooi die persoon om met Christus kontak te maak (te "konnekteer")
8) Ontvang die waarheid	8) Identifiseer oorblywende waarheidgebaseerde emosies
9) Verwyder die hindernisse	9) Voltooi die proses
10) Bevestig die genesing	
11) Prosesseer oorblywende leuens	
12) Laat die Here die persoon versterk en seën	

Bron: (Smith, 1999:21; 2000a:102; 2007b:87-110)

Die kritiek: Verskillende kritici (DeWaay, 1993:1-4; 2006:1-6; CEFC, 2001:11-12; Bobgan & Bobgan, 1999:36; 2000:2; Hunt & McMahon, 2006:1-2), hoofsaaklik uit die anti-psigologie beweging, beweer dat die kernteorie van innerlike genesing en TPM, naamlik die teruggaan na herinneringe uit die verlede en die regstel daarvan, glad nie in die Bybel voorkom nie en dat dit selfs nie deur die wetenskap gestaaf word nie. Nêrens in die Bybel, so stel DeWaay (2006:1) dit prontuit, vind 'n mens aansporings of riglyne dat herinneringe ontdek of geïdentifiseer moet word ter wille van genesing nie.

Antwoorde uit die filosofie: Na aanleiding van die filosofiese beoordeling van die anti-psigologie beweging (vgl. 5.4.3), waar aangetoon is dat die hierdie beweging die kosmiese skopus van die Woord van God mis en op dualistiese wyse die Skrifgeworde Woord oorbeklemtoon, kan vir DeWaay gevra word of 'n mens eers in die Bybel moet lees van teerpaaie voor 'n mens dit mag gebruik, of van spesifieke mediese voorsienings alvorens die mensdom daarby mag baat? "But, if you throw it all away, you really must get rid of most of the food you eat, burn the house you live in, destroy the car you drive – they are all the product (sic!) of science." (Clough, 2004:2).

In die Christelike antropologie wat in die vorige hoofstuk uiteengesit is, is daar vanuit reformatories-filosofiese basis aangedui dat die mens 'n bewuste, sowel as 'n onderbewuste en onbewuste lewe openbaar (vgl. 5.3.2.2). As gevolg van verskeie redes is daar egter soms 'n onttrekking van geheue-materiaal aan die bewuste lewe en ontsluitingsprosesse. Gevolglik is ekstra aandag en/of meestal ook kundige hulp nodig om na daardie verdronge materiaal terug te gaan ten einde dit onder die normale ontsluitingsproses van die (Christelike) geloof te stel.

Antwoorde uit die psigologie: Die feit dat post-traumatiese stresversteuring (APA, 2000:463-468) en aanverwante probleme deur die psigologie gediagnoseer kan word, en die feit dat verskillende psigoterapeutiese benaderings bestaan om traumaverwante kognisies te hanteer, soos Kognitiewe Terapie, met Rasionele Emotiewe Behaviorterapie (REBT) as variant, en EMDR (vgl. Hoofstuk 3; Sue, *et al.,* 2000:50) behoort reeds onteenseglik bewys te lewer dat die teruggaan na onverwerkte ervarings uit die verlede wel bestaansreg het.

Eksegeties: Hierdie kritici (bv. DeWaay, 1993:3; 2006:3; Hunt & McMahon, 2006:2; vgl. Clough, 2004:5) verwys gewoonlik na Filippense 3:13a waar Paulus – in die woorde van die Ou Afrikaanse Vertaling – sê: "Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, ..." (Bybel, 1953). Hulle haal Filippense 3:13 buite konteks aan en lei daaruit af dat 'n mens nooit na pynlike kindertyd ervaringe mag teruggaan nie, want ons moet "die dinge wat agter is, vergeet" (Clough, 2004:5). Binne die konteks van Filippense 3 verwys Paulus egter daarna dat hy sy eertydse eie menslike prestasies, en selfs sondes, vergeet in sy ervaring van die ewige lewe as 'n teenswoordige gawe in Christus, met 'n hoopvolle belofte op die toekoms (Ellicott, 1971:1059). Dit verbied egter nie so iets soos die teruggaan na herinneringe waarvan hier ter sprake is nie.

Empiries: Die deelnemers in die empiriese ondersoek was dit almal eens dat dit noodsaaklik is om na herinneringe uit die verlede terug te gaan (vgl. Bylaag D, punte 2.1.4 en 2.1.5). Verskillende tegnieke word gebruik ten einde die leuens in die herinneringe te identifiseer wat uiteraard saam met die ervarings van vroeër vasgelê is. Tydens berading word gebid en vertrou dat die Here die pyndeel genees en die leuens vervang met Sy waarheid oor die ware toedrag van sake (vgl. Bylaag D, punt 2.1.6 oor die rol van leuens en waarheid).

Die "teruggaan na herinneringe uit die verlede" is volgens deelnemer G1 wel 'n Bybelse verskynsel of werkswyse. Hy sien onder andere in die Ou Testament hoe die profete mense se "geheue verfris" of sonde blootlê deur mense terug te voer na belewenisse uit hul verlede (vgl. G1, par.6, 7 en 11). As teenreaksie hierop kan sekerlik aangevoer word dat daardie geheue-verfrissings of doelbewuste herinnering aan die verlede hoofsaaklik bedoel was om die oortreder/s tot

sondebesef en skuldbelydenis of tot 'n besef van God se groot dade in die verlede te bring. Dit is goed moontlik in baie gevalle in die Bybel, maar in ten minste een geval is dit nie waar nie (vgl. negatiewe gevalontleding by Leedy & Ormrod, 2005:100) en daardie geval moet vir die oomblik in oënskou geneem word.

Populêre Teologie: Ruth Carter-Stapleton het etlike jare gelede (1977:87-89), en Smith het relatief onlangs (2006a:1-3; vgl. ook Kraft in 1993:19-20) na die gebeure van Johannes 21 verwys om aan te dui dat 'n mens wel gekniehalter kan word deur onverwerkte gebeure uit sy verlede. Alhoewel Carter-Stapleton (1977:71-92) nie die intensie gehad het om aan te dui dat innerlike genesing in die Bybel voorkom nie, het sy tog na Johannes 21 verwys om lesse daaruit te leer vir die bediening van innerlike genesing. Haar uitgangspunt was origens om na teologiese temas te verwys soos dat God genees, dat redding onmiddellik gebeur, maar dat heiligmaking as 'n proses mettertyd voltrek word (Carter-Stapleton, 1977:87-88). Daarbenewens het sy volgehou dat die saak van innerlike genesing nie teen enige lering, optrede of gees van die Woord en Christus indruis nie (Carter-Stapleton, 1977:90) – 'n terloopse aanhaling waarmee die navorser volledig akkoord gaan.

Die doel van die Here Jesus se ontmoeting met onder andere Petrus aan die see van Tiberias (in Joh. 21), ná Petrus se verloëning van die Here, was tog nie nét om vir Petrus tot boetedoening en skuldbelydenis te begelei nie (Morris, 1971:869-877; Vosloo & Janse van Rensburg, *reds.,* 1999:1369; vgl. Carter-Stapleton, 1977:87-89; Smith, 2006a:1-3). Na die kruisiging en begrafnis van die Here Jesus was Petrus en sy mededissipels in 'n staat van teleurstelling, soveel so, dat hulle teruggekeer het na hulle ou nering, naamlik visvang (vgl. Groenewald, 1980:410). Die Bybel leer (onder andere in Mark. 16:11, 13, 14; Luk. 24:21-25; Joh. 20:19) dat die dissipels dit problematies gevind het om hul geloof in die Here en sy toekomsbeloftes te behou, waarskynlik omdat hulle met die afloop van die kruisgebeure teleurgesteld was. Dit kan verder met goeie reg veronderstel word dat Petrus ook in homself teleurgesteld was (Morris, 1971:872; Tasker, 1989:229-230; Van der Merwe, 2007:70). 'n Misstap soos dié van Petrus kon tot sy eie geestelike (innerlike) verwonding lý (Smith, 2000a:190-192; vgl. Burton, 2003:441). Petrus het dus 'n innerlike verwonding met hom saamgedra – een deur homself toegedien. In terme van John Eldredge (2002:88), wat verduidelik dat die Bose die aanstigter van innerlike verwonding is/kan wees en dat hy daarop uit is om mense se skeppingsdoel en roepingsbekwaming aan te val en te verwond, kan ons stel dat Petrus sy skeppingsdoel uit die oog begin verloor het en sy roepingsbesef laat vaar het. Hierdie ontmoeting by die see van Tiberias was bedoel om hom in sy leiersrol in die dissipelkring en in die kerk te herstel (Morris, 1971:869-877; Groenewald, 1980:408, 414; Vosloo & Janse van Rensburg, *reds.,* 1999:1369). Dit moes dien tot die heropbou van Petrus se vertroue in die Here, in homself en derhalwe ook in sy roeping. Uiteraard het dit op belydenisse

uitgeloop (Smelik, 1973:297). In die proses is Petrus van sy emosionele en geestelike innerlike pyn genees.

'n Volgende argument ten gunste van die feit dat die teruggaan na herinneringe tog in die Bybel voorkom, vind ons in die Bybelse opdrag om te vergeef (Lilly, 1977; vgl. Lotter, 1987; Van der Merwe, 2007:155-158). Die Ons Vader modelgebed leer ons byvoorbeeld om te bid: "... en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree" (Matt. 6:12; vgl. Van der Merwe, 2007:23-25). Dit moet in ag geneem word dat die Here Jesus in Matteus 18:35 sy dissipels leer dat hierdie vergifnis "van harte" moet wees (vgl. Van der Merwe, 2007:27). Dit kan met reg gevra word: Hoe kan 'n persoon mense wat teen hom of haar oortree het, van harte vergewe sonder om aan die gebeure van die oortreding te dink? Dit is onmoontlik (Stoop & Masteller, 1996:183-193). Die een wat vergeef moet noodwendig teruggaan na die herinnering van die verontregting, iets daarvan onthou, en dan vergeef.

Clough (2004:5) verwoord die logiese afleiding uit bogaande uiteensetting baie treffend: "Hurting people don't want to dwell on past hurts. They would like nothing better than to forget the past. The problem is: the past won't forget them. Once they are able to return to the past with Jesus and resolve what is disrupting the present, the past fades, and these same people who were hurting so badly are set free to live full and productive lives in the present."

6.3.2.2 Kritiek rakende hipnotiese suggestie, verbeelding en visualisering as tegnieke

Smith (1999:21) gebruik in TPM 'n verskeidenheid tegnieke om die oorspronklike herinnering en leuens op te spoor en wat hy soos volg beskryf (2.3.4.4): herinnering deur vrye assosiasie ("terugdryf"), liggaamlike herinnering ("body memory"; Smith, 2002b:28), drie-rigting kommunikasie, die vyand verklap sy geheime, volg die emosies wat in drome ervaar is (Smith, 1996: basiese video's), herdefinieer die huidige emosie, herbeleef die huidige situasie ("stirring up the present situation"), vra "waarom"-vrae, en volg die Here as leier. Smith distansieer homself en TPM baie deeglik van die sogenaamde *Recovered Memory Therapy* wat onder andere van "trance writing" en "spirit guides" as twee van 'n moontlike tiental tegnieke gebruik maak (Smith, 2004b:7-9; 2004a:44-48; 2007b:215-218).

Tegnieke wat TPM gebruik en in die onderhoude genoem is, sluit gebed, storie-vertel, "terugdryf" na herinneringe en sandbak-speel in (Bylaag D, punt 2.1.5). Aansluitend hierby is in Hoofstuk 3 aangedui dat TPM bewustelik of onbewustelik van verskeie fasette en tegnieke uit byvoorbeeld die psigoanalitiese, behavioristiese, kognitiewe en ervaringsgebaseerde terapieë gebruik maak. Die

"sien" van die traumatiese insident wat soos 'n video voor jou geestesoog afspeel, is een goeie voorbeeld van 'n kognitiewe tegniek (*Traumatic Incident Reduction;* Bisbey & Bisbey, 1998; Retief, 2004:90-100) wat in mindere of meerdere mate reeds in TPM aangewend word (vgl. 3.4.8 iv).

Uit die empiriese data van Hoofstuk 4 (Bylaag D, punt 2.1.4) lyk dit aan die een kant of dit totaal en al die werk van die Heilige Gees is om mense na onverwerkte herinneringe terug te neem. Aan die ander kant verduidelik die kundige deelnemer C4 (par. 16; vgl. Bylaag D, punt 9) dat die brein so werk dat dit outomaties na sekere herinneringe kan teruggaan, soos dit tydens die benutting van die meer sekulêre EMDR metode gebeur. Daarom is dit net logies én aanvaarbaar dat tegnieke ingespan kan word om die teruggaan na herinneringe te fasiliteer. Die navorser stel verder voor dat TPM se huidige tegnieke aangevul word deur nog meer doelgerig by die ervaringsgebaseerde tegnieke te gaan leen, in weerwil van Smith se distansiëring van *Recovered Memory Therapy* (Smith, 2004b:7-9; 2004a:44-48) wat juis ook van ervaringsgebaseerde tegnieke gebruik maak (vgl. 3.4.8 v en 3.6.2.2; Bylaag D, punt 2.1.5).

Kritiek uit die kamp van die anti-psigologie beweging ten opsigte van hierdie tegnieke kan in twee groeperings geplaas word (vgl. Bobgan & Bobgan, 1999: 69-94, 125-134; Gumprecht, 1997:29-36, 53-60). Die eerste gaan oor sake soos TPM se "terugdryf"-tegniek en "stirring up the darkness" wat veroordeel word vanweë ooreenkomste met die Freudiaanse vrye assosiasie-tegniek en katarsis of afreagering (Bobgan & Bobgan, 1999: 1999:125-134). Die eerste groeping kritiek is, wat die navorser betref, voldoende weerlê in die vorige hoofstuk waar die anti-psigologie beweging beoordeel is. Die tweede groepering handel oor 'n veroordeling van hipnotiese suggestie, begeleide verbeelding en/of visualisering (Bobgan & Bobgan, 1999: 69-94). Hieroor maak die Bobgans die volgende aantyging ten opsigte van TPM (1999:73): "Though he would deny it, Smith is guilty of using guided imagery, visualization, and hypnosis."

Bobgan en Bobgan (1999:73-74) suggereer dat TPM hipnose misbruik om valse geheues by mense te plant tydens TPM en dat TPM visualisering gebruik wat een van die vinnigste maniere is om die wêreld van die okkulte te betree en om 'n "spirit guide" op te tel (Bobgan & Bobgan, 1999:75). Dat TPM 'n "spesiale leerbare toestand," soortgelyk aan dié van hipnoterapie (Gilligan, 2002:230), by kliënte bewerkstellig is as moontlikheid in Hoofstuk 3 (3.4.8 iv) genoem, maar daar kan met gerustheid volstaan word by Smith (1999:7; 2000a:17, agterblad) se verklaring dat TPM nie hipnose benut nie.

Visualisering is 'n tegniek wat ook reeds duisende jare lank deur sjamaans[5] gebruik word, aldus die Bobgans (1999:75; vgl. Edwards & Louw, 1998a:192-194). Rebecca Brown (1990:173-179; 1986:136-148), wat 'n bevrydingsbediening onder sataniste in Amerika het, ondersteun hierdie siening dat visualisering 'n okkultiese praktyk is wat 'n mens kan oopstel vir die geesteswêreld.

Die tegnieke van verbeelding, visualisering en suggestie is definitief deur Agnes Sanford (1972:17-29), die moeder van die innerlike genesingsbeweging, beoefen. Sanford (1972:24, 142) was 'n voorstander van die gebruik van 'n kreatiewe verbeelding. Een van haar wenke ten einde die geloofsgebed vir 'n sieke te bid, is dat die bidder 'n beeld of prent in sy verstand moet skep van die herstelde liggaam as 'n antwoord waarvoor gebid word (vgl. Gumprecht, 1997:35-36). Indien die voorbidder dit nie doen nie, sien hy waarskynlik die persoon vir wie hy bid steeds as siek, wat geen positiewe resultaat sal oplewer nie. Volgens Thiessen (2003:49) het Sanford uit twee basiese bronne geput in die ontwikkeling van haar bediening. Die eerste bron was 'n herlewing waarin die Heilige Gees en sy gawes prominent was; die ander bron word omskryf as 'n geestelike en filosofiese dampkring wat verskillende invloeiende strome gehad het, onder andere Theosofie, *New Thought,* die dieptepsigologie van Freud en 'n okkultistiese Jung, en Emmet Fox van die *Unity School of Christianity* wat met *New Age* verbind word (Thiessen, 2003:49; vgl. Gumprecht, 1997; DeWaay, 2006:1; Hunt & McMahon, 2007f:2-9). Hierdie "gif" by die bron stem inderdaad tot bekommernis in terme van besoedeling laer stroomaf.

Smith (1999:7; 2000a:17, agterblad) stel dit egter onomwonde dat TPM wegstuur van hipnotiese suggestie, begeleide verbeelding of visualisering. Garzon en Poloma (2005:388) beaam dat TPM praktiseerders nie van begeleidende verbeelding of visualisering gebruik maak nie. Laasgenoemde is 'n tegniek wat wel by die tradisionele innerlike genesing voorkom (Thiessen, 2006:209-210). Van die TPM fasiliteerders waarmee onderhoude gevoer is tydens die empiriese studie, het ook 'n opvallende nougesette toewyding aan die neergelegde riglyne van TPM getoon (bv. A2 en G3, par. 23; vgl. Bylaag D, punt 2.1.3), wat bevestig dat Smith wel bedag is op die gevare verbonde aan hierdie tegnieke.

[5] Die term **"sjamaan"** word algemeen gebruik om te verwys na 'n "deskundige in veranderde bewussynstoestande" (Edwards & Louw, 1998a:192). Die HAT verwys na 'n sjamaan as 'n "towenaar en priester by Mongoolse volke in Asië" (Odendal & Gouws, *reds.,* 2005:1006). Volgens Edwards en Louw (1998a:193) kom sjamanisme – die godsdiens waarby die sjamaan 'n belangrike rol speel – op alle kontinente van die wêreld voor en bestaan moontlik reeds 100 000 jaar. Die sjamaan gebruik onder andere veranderde bewussynstoestande om kennis tot voordeel van die gemeenskap te bekom. Die tradisionele genesers van Afrika word volgens hierdie definisie ook as sjamane gereken (Edwards & Louw, 1998a:193).

Steyn (2008:135-136) vestig die aandag daarop dat die saak van verbeelding en visualisering direk verband hou met, onder andere, die basiese waarnemingskomponente waarmee TPM werk, naamlik (1) die huidige emosionele pyn; (2) die oorspronklike 'geheue-houer;' en (3) die oorspronklike leuen(s) (Smith, 2004g:30; Beginsel Vyf). In daardie geheue-houer kom meestal 'n visuele geheue ('n beeld), 'n emosionele geheue en soms ook 'n fisiese geheue voor (vgl. Smith, 2007b:67-70). Payne (1995:139), wat in haar innerlike genesingsmodel sterk steun op die helende teenwoordigheid van Christus, noem dat God tot sekere mense kommunikeer deur beelde, tot ander deur woorde en taal, en tot nog ander deur beelde én taal. Smith (2000a:119) noem as volgende moontlikheid dat mense soms net die teenwoordigheid van Christus gewaarword met 'n meegaande besef van waarheid. Payne (1995:139) noem boonop dat sy soms 'n persoon kan vra om Christus te visualiseer. In aansluiting by Payne skryf Steyn (2008:136): "In the context of prayer therapy, imaging becomes important because God restores what the person 'sees' and what has been distorted by lies that have compromised the imaging process." Dit kan dus afgelei word dat 'n mens se verbeelding in elk geval op een of ander wyse betrokke is by die innerlike genesingsproses soos deur TPM gefasiliteer.

Vanuit die reformatoriese antropologie blyk dit ook duidelik dat 'n mens se ken-, verbeel- en wilvermoëns ingeskape moontlikhede is wat óf op Godverheerlikende óf op Godonterende wyse gebruik kan word (Dooyeweerd, 1942:136-137; Van Olst, 1982:17; vgl. 5.3.2.1). Dit is dus vanuit reformatories-Skriftuurlike oogpunt nie te veroordeel dat 'n mens sy verbeelding kan en mag gebruik nie. In soverre verbeelding wel in die TPM proses betrek word, kan dus (voorlopig) afgelei word dat TPM self ook nie te veroordeel staan nie. Die indruk wat ongelukkig deur die kritici van TPM oorgedra word, is dat al hierdie tegnieke as gevolg van hul genoemde assosiasie met Agnes Sanford en onchristelike praktyke, by voorbaat oor die negatiewe kam van okkultisme, spiritisme en sjamanisme geskeer word, terwyl daar nie openheid gelaat word dat Godgegewe vermoëns ook op die regte manier aangewend kan word nie. Die waarheid oor hierdie saak kan, in terme van TPM, mense bevry van 'n onnodige angsbevange of wêreldvermydende wegstuur van suggestie en verbeelding bloot omdat daar gevare bestaan dat dit verkeerd gebruik kan word. Verdere navorsing oor hierdie tema is daarom sterk aan te beveel. Kraan (1986:86-94) se bespreking van geloofsverbeelding en visualiseringsprosesse in verband met innerlike genesing en psigoterapie kan as goeie vertrekpunt dien.

6.3.2.3 Ooreenkomste tussen *"stirring up the darkness"* en rousmart

Een van die vrae wat die navorser met die eerste lees van Smith se werke gevra het (vgl. 3.6), was of daar ooreenkomste tussen die faset van "stirring up the darkness" en rousmartprosesse is.

Onder punt 3.6.3.2 van Hoofstuk 3 is dit reeds genoem dat dr. Charles Whitfield (1987:59; 1990:3) 'n program vir innerlike heelwording ontwikkel het. Een van die vier basiese stappe van sy program is dat die emosie gekontak, herbeleef en ***gerou*** of *beween* (navorser se beklemtonings) moet word. Die veronderstelling wat hierdie stap in sy program noodsaak, is dat die oorweldigende affek wat in gevriesde staat in die senuweestelsel opgeneem is, gesien kan word as 'n verlies of hartseer wat nog nie gerou of beween is nie. In terme van die *memory editing* proses wat deur Dayton (2000:25-56, 113-115) beskryf is, maak dit dus sin dat die bewening of uitdrukking van die onuitgedrukte emosie sal meehelp dat die vreesstruktuur ontvries, wat op sy beurt daartoe lei dat die gevoelde betekenis (leuen, volgens Smith) van die historiese herinnering geïdentifiseer kan word. Daarna is die persoon gereed om die "core issues" (volgens Whitfield) of leuens (volgens Smith) of negatiewe kognisies (volgens Shapiro) te verwerk of te absorbeer.

Op dieselfde wyse het dr. Frank Minirth en ander (2004:123-142) 'n stap vir "grieving out the pain" in hul tienpuntplan ten behoewe van mense met eetversteurings ingevoeg. Mense ly soms verliese of gaan deur traumas sonder om die ***"grief work" of rouwerk*** wat daarmee saamgaan, te doen of om dit voldoende te doen. Tydens berading kan daardie onverwerkte hartseer na vore kom as vertraagde rousmart. Kontra die alledaagse segswyse wat lui dat trane nie help nie, glo hierdie skrywers dat trane wel help, en trouens baie nodig is om die seer van die emosionele lewe weg te was (Minirth *et al.*, 2004:132). Minirth en ander (2004:126-141) bied die bekende vyf roufases van Elisabeth Kübler-Ross (1989) met die volgende sprekende bewoording aan: *(1) Shock and denial; (2) Anger; (3) Bargaining; (4) True Grief (Sadness);* en *(5) Acceptance, Forgiveness, and Resolution* (onderstreping deur navorser).

Die volgende is De Klerk (1985:104) se definisie van die weenreaksie by rousmart: "In die kern van die saak is dit 'n affek, 'n plotselinge reaksie van die gevoel met impulsiewe en oorrompelende krag, as afreagering van die gevoelsmassa waarin die spanningsgraad al wenende toeneem tot 'n hoogtepunt bereik is...." Die "afreageer" van 'n "gevoelsmassa" kom ooreen met die emosionele belewenis en samehangende uitdrukking van emosies wat tydens die "stirring up" fase van TPM of die desensifisering van EMDR gebeur. Clinebell (1984:84) heg dieselfde waarde aan gesprekvoering en katarsis: "Emotional catharsis (also called emotional ventilation and abreaction) is a crucial part of the early phases of nearly all types of counseling." Een van die belangrikste oogmerke van enige berading is om die gedagtes, houdings, gevoelens en emosioneel-gedrewe impulse wat sentreer rondom die probleme en konflikte van die betrokke individu, in die ope te bring.

Coetzer skryf in hierdie verband (1995:147): "Daarom dan (sic!) so belangrik dat die persoon wat 'n traumatiese ervaring gehad het in die beradingsproses dit in fyn detail moet kan verwoord en verbaliseer. Sy gevoelens en emosies tydens die skok moet hy kan uitspreek omdat dit 'n helende effek het." Coetzer (1995:34) verwys na die moontlikheid om klaagpsalms as gebede te gebruik waardeur onverwerkte rousmart hanteer kan word.

Daar is dus definitiewe ooreenkomste tussen rousmartprosesse en TPM se oorspronklike Stap 7 (Smith, 2000a:115): Bewerkstellig herbelewenis van die donker ervaring ("stirring up the darkness"). TPM het algemeen geleer dat hoe intenser die beradene die pyn en herinnering herbeleef, hoe intenser is die lig wat vir die persoon deurbreek sodra die Here Jesus sy waarheid en heling aan die persoon bedien (Smith, 2000a:116).

Evaluering: Alhoewel die faset van "stirring up the darkness" deur Smith (2000a:115) as van kardinale belang beskou word, en hy waarskynlik in sy eie toepassing van TPM voldoende seker maak dat beradenes hul onbeweende verliese, skokke, en so meer deeglik beween (in terme van Whitfield en Minirth *et al.*), bestaan daar teoreties die moontlikheid dat hierdie saak tog minder beklemtoon word as wat nodig is. Die rede vir dié bewering is tweërlei. In die eerste plek kan met redelike sekerheid aanvaar word dat Smith primêr vanuit 'n kognitiewe teorie werk. Die weglaat van die stap ten opsigte van "stirring up the darkness" uit die 2007-uitgawe van die handboek bevestig die kognitiewe aanslag. In die tweede plek het die vergelykende studie na EMDR die belangrikheid van die *desensifisering* van die "gevriesde emosies" onder die aandag gebring (vgl. 3.6.3.2). Die versnelde informasieprosesseringsteorie waarmee EMDR werk, maak volgens hierdie gedagtelyn beter voorsiening vir die ontlading van emosies as die kognitiewe teorie van TPM.

Baie insiggewend is die toevoeging wat Smith (2007b:167-170; vgl. nuwe Stap 8) in die 2007 handboek maak, naamlik dat hy juis in die laaste paar jaar van sy TPM bediening ontdek het dat hyself naas leuengebaseerde innerlike pyn, ook waarheidgebaseerde pyn saamgedra het. Hy gaan sover as om 'n nuwe protokol en riglyne voor te stel vir die hantering hiervan. Die riglyne kom onder andere daarop neer dat 'n beradene bereidwillig moet raak om die emosionele seer te voel en dit dan aan die Here oor te gee, sodat Hy dit mag dra (Smith, 2007b:168-169). Brandon Bays (1999; 2003), wat twee boeke oor haar innerlike genesingsmodel, genaamd *The Journey*, gepubliseer het, verwoord die eersgenoemde faset min of meer soos volg: *Raak bereid om pyn te beleef!* Die tweede faset kan volgens die breër argument hier eenvoudig *rou*, of *kla-gebed* of *bewening* genoem word. Smith bevestig dat hy as seun in 'n denkklimaat grootgeword het waarin seuns nie geleer is om hul emosies op gesonde manier te beleef en uit te druk nie (2007b:169):

"My boyhood environment was not conducive to being vulnerable or needy." Gevolglik het Smith (2007b:169) self gesukkel om uitdrukking aan sy eie diepste gevoelens te gee.

Een van die hindernisse wat onder andere deur Campbell-Lane (2005) asook 'n ander gespreksgenoot, C2, genoem is, is dat mans in 'n sekere sin geleer is om hul gevoelens te ontken as teken van hul manlikheid of volwassenheid (Bylaag D, punt 2.1.10). Robert Bly skryf: "Wanneer mans nog seuns is, word hulle oor en oor geleer dat dit 'n skande is om te erken dat wonde seermaak. ... 'n Ware man speel voort, al moet hy sy binnegoed agter hom aansleep." (soos aangehaal deur Eldredge, 2002:106.) So word ons geleer om ons wonde, die pynlike daarvan en die effek daarna te "ontken" (Eldredge, 2002:107). "Maar 'n wond wat nooit as sulks erken word nie, 'n wond waaroor nooit gerou word nie, kan nie genees nie."

6.3.2.4 Die *Theophostic* faset van "God wat lig gee"

Stap 8 van die eerste uiteensetting, naamlik "Ontvang die waarheid," en Stap 7 van die nuwe uiteensetting, naamlik "Nooi die persoon om met Christus kontak te maak (of te 'konnekteer')" kan verbind word met die fundamentele bousteen van *"God wat lig gee"* in die TPM proses. Smith (2000a:33-34, 118) verduidelik dat hierdie stap verteenwoordigend is van die paradigmaskuif wat hy beleef het met die aanvang van TPM. Voorheen het hy geglo dat mense probleme beleef as gevolg van 'n gebrek aan waarheid, en hy het as berader die waarheid aan hulle voorsien. "Not anymore (sic!). Now I seek to discern the lie and encourage the person to embrace the lies and receive God's illumination and healing." (Smith, 2000a:118.)

Deelnemer G1 in die empiriese studie knoop hierdie faset van die berading aan die Bybelse tema van God wat deur sy Gees in mense se "binnekante" werk (G1, par. 17): "Ek dink 'n mens moet die openheid ook behou, omdat die Skrif vol is daarvan dat die Here in die mense se binnekant direk werk." Die saak word later in die hoofstuk onder die leerstellings van die Openbaringsleer en Skrifbeskouing van TPM deegliker bespreek (vgl. 6.4.3).

6.3.3 Die rol van die berader

Volledigheidshalwe word net genoem dat die rol van die TPM berader in Hoofstuk 2 as deel van die praktykteorie van TPM (vgl. 2.3.5) bespreek is. Die volgende rolle is aangeteken (Smith, 2000a:168-172): i) deelnemende volger en helper van God - die primêre Berader, ii) onderskeider, iii) geestelike advokaat waarmee intersessor bedoel word, iv) bevestiger en bemoediger, v) interpreteerder, vi) dissipelmaker of leraar, en vii) lasdraer.

Die empiriese studie het leersame data opgelewer in terme van vereistes en wenke vir 'n effektiewe TPM berader (vgl. 4.9.1.7 - data opgesom uit Bylaag D). Dit kom daarop neer dat die berader:

a) homself doelbewus op die agtergrond hou;
b) geestesgawes het en die leiding van die Heilige Gees volg (Bylaag D, punt 6);
c) deur en deur op Christus steun in gebed;
d) die bediening van versoening moet begryp en beoefen;
e) seker maak dat hy optimaal vry en genees is, en sy verdere groei verseker;
f) onderlê moet wees in TPM (Bylaag D, punt 5.5), terwyl dit aanbevelenswaardig is dat hy ook onderlê raak in die bevrydingsbediening (vlg. 3.1.3 en 6.2.3); en
g) moet seker maak dat hy die bonatuurlike beradingsgebeure toets aan die Woord en volgens die gawes van onderskeiding wat die Here verleen (Bylaag D, punt 8.2.5; vgl. D1, par. 23 vir sy soortgelyke manier van toetsing).

Afgesien van die rolle wat uit Hoofstuk 2 opgesom is, is daar ook gewag gemaak van die gesagvolle optrede van die berader (vgl. 2.3.6). Hierdie feit, tesame met enkele ander sake uit die empiriese data, moet kortliks bespreek word vanweë die leerstellige waarde wat daaruit na vore kom ten opsigte van TPM en die evaluering daarvan.

6.3.3.1 Die gesagvolle medewerker met/van God wat kragtig intree vir heling en oorwinning

Die TPM berader tree op as deelnemende helper (6.3.3 i) van God, wat moet help dat God se reddingsmag deurbreek. Daarom is hy of sy ook 'n intersessor wat by God intree (6.3.3 iii) en wat die laste van die beradene help dra (6.3.3 vii). Hierdie intrede kan so ernstig en kragdadig gebeur, dat dit mag oorgaan tot 'n ware geestestryd of, wat genoem word, geestelike oorlogvoering (Smith, 2000a:171). Sodanige rol wat deur die berader vervul word, het 'n sterk siening van die mens as medewerker van God ten grondslag, sterker as die algemene mensbeskouing wat gouer op fatalistiese wyse aan pyn en lyding onderwerp (Coetzer, 1995:33; vgl. Kraan, 1984:62). Die biddende berader is medewerker en "medevegter" met God: ook teen siekte en lyding. Hierdie "strydkarakter" van die gebed is gebore uit 'n kragtige geloof in die opstandingskrag van die verrese Heer en wat graag bid dat daardie opstandingskrag op reddende en helende wyse die beradene tot voordeel sal kom (Coetzer, 1995:32; vgl. Kraan, 1983:105). Met ander woorde, daar word gebid vir die realisering van God se koninkryk in die persoon. Hierdie uiteensetting hou verskillende leerstellige implikasies vir TPM in, byvoorbeeld dat TPM se lydingsleer van groter

optimisme en oorwinningshoop sal spreek as die gangbare reformatories-Skriftuurlike tradisie (vgl. Coetzer, 1995:32-33).

6.3.3.2 Die unieke grondhouding van totale afhanklikheid en die manifestering van geestesgawes

In die praktykteorie van TPM (Hoofstuk 2) het dit duidelik deurgeklink dat Smith 'n nuwe houding van totale afhanklikheid teenoor die Here ingeneem het. Die data vanuit die empiriese studie spreek van dieselfde grondhouding (a en b hierbo). Juis hierdie grondhouding van 'n absolute oorgawe teenoor die Here Jesus en die Heilige Gees open die deur vir die inwerkingtreding van die geestesgawes (c) waarvan deurgaans melding gemaak word (Wilson, 2003:54-55; vgl. Murray, 1980:47-56). Die empiriese studie het immers 'n besondere beklemtoning van die rol van die Heilige Gees, geestesgawes en die geesteryk na vore gebring (4.9.3 d; 4.9.3 e).

Waar deelnemer G1 sy *verwagtinge rondom 'n effektiewe* Theophostic-*berader* uitspel, wys hy op verskillende *gawes* (par. 25) byvoorbeeld die gawe van voorbidding, die onderskeiding van die geeste, om geduldig te kan luister, asook openheid vir die leiding van die Gees van God. Hy noem dat hierdie saak ook weer 'n Bybelse tema is en dat dit volgens alle logika reg aan die orde kom. G1 oordeel met ander woorde dat TPM binne die reformatories-Skriftuurlike bane bly – ook wat betref die pneumatiese of charismatiese karakter van die beradene se rol.

6.3.4 Smith se Skrifgebruik en Skrifuitleg

Die *Community Evangelical Free Church* (2001:14-16) voer aan dat daar 'n deurlopende misbruik van die Skrif in die TPM opleidingsmateriaal voorkom, waarin belangrike eksegetiese beginsels verontagsaam word. Hulle fokus op drie Skrifplase ter illustrasie, naamlik Johannes 8:36, Jesaja 9:5 en Jesaja 64:6. In aldrie gevalle lewer hulle goeie bewyse dat TPM wel fouteer. In byvoorbeeld Jesaja 9:5 word na die komende Messias verwys as "Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors" (Bybel, 1953). Volgens die Ou Testamentiese konteks verwys die term "raadsman" na 'n koning se raadgewer en in die profetiese heenwysing na Christus (Jes. 9:5) dui dit op die Messias se rol as Staatsman van sy ryk (CEFC, 2001:15-16). Smith is dus inderdaad besig om die betekenis van "Raadsman" in Jesaja 9:5 te strek as hy daarin die gelyke raaklees van 'n hedendaagse terapeut of 'n Bybelse berader. Bobgan en Bobgan (1999:33-48) spesifiseer met hulle hoofstuk oor hierdie saak nog meer eksegetiese oortredings waaraan Smith skuldig sou wees, aantygings waarvan sommiges waar is en ander nie.

Velthuysen 1989:3 beskryf die Skrifgebruik en eksegese van tradisionele innerlike genesing as *korrelatief*. Daarmee bedoel hy dat die outeurs met 'n verskynsel begin wat ervaar word en dan Skrifdele soek wat dikwels *eisegeties* - volgens húlle siening van die verskynsel - verklaar word, ten einde die praktyk as geldige, unieke christelike bediening te verklaar. 'n Oppervlakkige lees en beoordeling van die TPM leesstof, laat die navorser met die volgende indrukke: (a) Die begronding van die stappe tot vergifnis vanuit Matteus 18 gee die indruk van behoorlike uitleg (Smith, 2000a:208-218); en (b) die begronding van die trichotomiese antropologie in die hoofstuk oor gemoedsvernuwing (Smith, 2000a:177-189) gee ook die indruk van goeie Skrifgebruik, alhoewel die navorser saamstem met die kritiek dat die mens se herbore gees nie sondeloos is nie. (c) Origens moet egter toegegee word dat ook Smith moontlik skuldig is aan 'n korrelatiewe metode van Skrifgebruik. Tot Smith se krediet kan egter aangeteken word dat hy in die 2007 handboek inderdaad moeite gedoen het om deurgaans 'n Bybelse begronding van die TPM beginsels en prosedures te bied, waarskynlik in antwoord op mense se versugting dat hul meer Bybelse begronding van TPM wil sien (vgl. ook Smith, 2007c).

6.4 EVALUERING VAN DIE TEORIE VAN TPM

Onder hierdie afdeling word gepoog om tersaaklike fasette van die TPM teorie te dek, maar die evaluerende soeklig val die skerpste op die kritiese vrae rakende TPM se kernteorie aangaande psigologiese prosesse en die brein, sy mensbeeld, sondeleer, verlossingsleer en die leer oor heiligmaking.

6.4.1 TPM se werkingsteorie oor die brein en psigologiese prosesse

TPM se werkingsteorie oor psigologiese prosesse en die brein word vervolgens onder die hoofde van die sogenaamde tweekamerteorie, die ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme en die vals geheue-debat bespreek.

6.4.1.1 TPM en die tweekamerteorie

Die kernteorie van TPM kan soos volg kortliks beskryf word (vgl. 2.1.2 en 2.1.3). Smith het met verkragtingslagoffers gewerk en ervaar dat sy oordra van regstellende waarheid aan hulle nie gehelp het dat hulle dit hul eie gemaak het nie. Hul diepste sieninge oor hulself, ander, God en die lewe het onveranderd gebly ten spyte van sy beste pogings. Dit was asof daardie eerste interpretasies van die slegte gebeure in hulle gemoedere bly vassteek het. Smith het deur sy kliniese ervaring afgelei dat die leuen-interpretasies wat die mense glo as gevolg van hul erge

traumatiese ervarings, en selfs minder erge ervarings, ooreenstemmende negatiewe emosies oproep. Hy het later in totale afhanklikheid van die Here, en in 'n soort wanhoop ten opsigte van sy eie beradingsvermoëns, die Here gevra om lig na die mense te bring en hul leuens met waarheid te vervang. Die resultate wat hy waargeneem het, spreek van Godgewerkte wonders, sowel as ware, blywende lewensverandering - selfs met die weerstandigste van probleme.

Smith se ontdekking en stempeling van die sogenaamde *tweekamerteorie,* kan soos volg verduidelik word (vgl. 2.2.1, 2.2.2 en 2.1.2). In die toestand dat mense nie die waarheid oor hulself kon begryp of gelowig toe-eien nie, was dit asof hulle in die duister was ten spyte van die lig van al hul logiese kennis. Hulle ervaringskennis was telkens sterker as hul teenoorgestelde logiese kennis. Smith het die hipotese geponeer dat die mens twee aparte kamers in die huis van sy binneste het, naamlik 'n donker kamer van ervaringskennis en 'n kamer waar die lig aan is en met logiese kennis geassosieer word. Die beradingsuitdaging was om die brug te slaan tussen die donker kamer en die ligkamer, sodat die persoon 'n nuwe ervaring mag hê waardeur die waarheid die leuen kon vervang. Dit het in Smith se berading begin gebeur vandat hy sy beradenes begelei het om met die "rookspoor van hul emosie" na die "oorspronklike geheuehouer" terug te gaan, die "oorspronklike leuen" te identifiseer en dit saam met die pynlike emosies te voel of te "omhels." Die persoon moes ophou om die leuen te ontken en bereid raak om dit te erken en om die meegaande pyn te voel. In 'n fase wat Smith *stirring up the darkness* noem, besef die persoon ook sy eie hulpeloosheid om sigself te help en werp hom volledig op God vir hulp.

Die empiriese data dui op 'n algemene bevestiging van TPM se sogenaamde tweekamerteorie (vgl. 4.9.2 a). Data uit die metateoretiese studie oor EMDR bied eweneens bevestiging vir Smith se tweekamerteorie (vgl. 3.6.1.2). Die gegewens vanuit die neurofisiologie sowel as die neuropsigologie, soos wat die EMDR literatuur dit op die onderwerp van trauma en ervaringsgebaseerde probleme betrek, ondersteun die werkingsteorie van TPM oor soortgelyke traumaverwante sake.

Indrukke wat uit die 2007 handboek na vore kom, is dat Smith minder na sy tweekamerteorie verwys, 'n skuif wat waarskynlik onnodig is. Hy dui heel tereg aan dat hy voorheen 'n oorvereenvoudigde verstaan van die vaslê en oproep van geheue-materiaal gehad het (Smith, 2007b:63), maar met hierdie bekentenis hoef hy nie noodwendig ook sy tweekamerteorie af te sweer nie.

6.4.1.2 TPM en 'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme

In Hoofstuk 3 is kennis geneem van 'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme (vgl. 3.4.7.1; Shapiro, 2001:18, 32) wat volgens die versnelde informasieprosesseringsteorie geblokkeer kan raak as gevolg van die oorbelading van affek tydens 'n trauma, maar wat ook weer gestimuleer word deur EMDR se duale oogbewegings. In die lig van die empiriese studie se afleiding dat TPM moontlik die genadepool van die natuur-genade-dualisme oorbeklemtoon, is voorgestel dat die konstruk van 'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme (aan die natuurpoolkant) geïnkorporeer word in die werkingsteorie van TPM (vgl. 3.6.2.1 en 3.6.3.1).

6.4.1.3 TPM en die vals geheue-debat

Kritici beskou TPM as 'n volgende vorm van die sogenaamde regressieterapie waartydens terapeute valse herinneringe van trauma en misbruik in die gemoedere van hul kliënte kan inplant (Clough, 2004:7). Jan Fletcher (2004:1-139), waarvan in Hoofstuk 2 (2.4.1.5) melding gemaak is, is 'n joernalis wat 'n elektroniese (digitale) boek oor TPM geskryf het en wat drie van haar sewe hoofstukke aan dié saak wy. Sy wys op die gevare van 'n gesoek na verdronge geheues, soos sy dit stel (2004:29-55), sy waarsku pastors teen TPM (2004:110-122) en sy adviseer mense wat alreeds vals beskuldig is op grond van herinneringe wat tydens terapie/berading na vore (sou) gekom het (2004:123-131). Die kritiek is ernstig genoeg dat dit om deeglike verrekening vra.

Clough (2004:7) hanteer die kritiek kort en kragtig in terme van die volgende vrae en antwoorde wat hy bied: Kan herinneringe in die vergetelheid raak en daarna weer ontdek word? Dit kan verseker gebeur. Mense wat in motorongelukke was, kan dikwels nie veel onthou van wat gebeur het nie, ook al was hulle by hulle volle bewussyn ten tyde van die gebeure (Clough, 2004:7). Net so kan gevra word of valse herinneringe in mense se geheue ingeplant kan word. Dit is eweneens moontlik, skryf Clough (2004:7). Hy gee toe dat daar moontlik mense is wat voorgee dat hulle TPM doen en wat valse herinneringe by mense plant. Hulle is egter mense wat nie ag slaan op die voorsorgmaatreëls wat Smith daargestel het nie (Clough, 2004:7).

Smith het die volgende voorsorgmaatreëls getref ten einde te verseker dat mense nie tydens die bediening van TPM hulself aan die moontlikheid van die inplanting van valse geheues skuldig maak nie (Clough, 2004:7; Smith, 2003b:44-45):

- fasiliteerders word baie deeglik voorgelig om nooit enige geheue-inhoude aan kliënte te suggereer nie ("Oh, do you think you may have been sexually abused?");

- fasiliteerders word aangesê om bloot dit wat 'n persoon rapporteer, terug te reflekteer sonder om enige beduidenis van 'n interpretasie daaraan te heg; en
- fasiliteerders word ook aangesê om nie kommentaar te lewer op die geldigheid van ontdekte geheue-materiaal nie.

Hierdie en soortgelyke voorsorgmaatreëls word voortdurend in die opleidingsmateriaal van TPM beklemtoon.

Hier kan volstaan word deur te wys op 'n interessante bydrae van Thiessen (2003:134-138) tot die vals geheue-debat. Eerstens bevestig hy die moontlikheid van "pseudomemories" wat terapeut-geïnduseerd (iatrogenies) kan wees. Wanneer suggestie-tegnieke gebruik word, veral as dit gekombineer word met die verwagting dat 'n ontdekte herinnering 'n teenswoordige probleem sal verduidelik, dan is die moontlikheid van die konstruering van "pseudomemories" heel groot (Thiessen, 2003:136).

Tweedens kan die vraag gevra word of die ontmoetings wat TPM met God fasiliteer, eg is. Indien die ontmoetings eg is, impliseer dit dat die geheues wat sou opkom, ook eg moet wees en nie ingeplant nie. Ten einde bogemelde vraag te beantwoord, moet die volgende vraag beantwoord word: "Are encounters with Jesus actual encounters with a living God or simply believed-in imaginings? Or they may ask the related question: 'Is there a meaningful difference between the two?'" (Thiessen, 2003:136). Thiessen (2003:137) suggereer 'n baie bevredigende verduideliking wat volgens die navorser volkome in pas is met die wysgerige antropologie rakende die mens se ken-, verbeel- en wilaktes. "Actual encounters with God take place within imagination. This is the logical, expected domain for spiritual encounter. No one suggests they are "real" in the sense of being empirically verifiable. Imagination is simply the faculty of the mind where such experiences, genuine or contrived, take place." (Thiessen, 2003:137.)

Die navorser sien geen rede om die "ontmoetings" met God tydens TPM te bevraagteken nie, behalwe vir die kere dat 'n demoniese inmenging tog mag gebeur, waarvoor daar egter die nodige hanteringsriglyne bestaan. Vergelyk ook die waarneming van deelnemers A2 en C3 (vgl. 4.9.1.3) wat daarop dui dat hulle nog nie met opgemaakte "gory memories" te doen gekry het nie (vgl. 2.1.9). Hulle is vas oortuig dat die herinneringe wat by trauma-beradenes opkom na ware historiese gebeure verwys. Hier kan ook verwys word na Shapiro (2001:59; vgl. 3.4.4) se kliniese waarnemings met EMDR wat daarop dui dat die oogbewegings nie daartoe lei dat kliënte historiese feite verander nie en ook nie valse herinneringe in 'n persoon se gemoed bewerkstellig nie.

In die lig van die opmerkings hierbo kan met redelike gerustheid aanvaar word dat TPM genoegsaam bewus is van die gevare verbonde aan die valse geheue-dilemma, die nodige voorsorgmaatreëls getref het, en dat die egtheid van die *Theophostic* ontmoetings bo verdenking staan, waarmee ook die integriteit van herinneringe wat daartydens opkom, bo verdenking gestel word.

6.4.2 Godsleer

Thiessen (2003:63-76) het in sy beoordeling van die Godsleer van tradisionele innerlike genesing afgelei dat, ofskoon baie innerlike genesers van swak teologie beskuldig word, dit blyk dat die oorgrote meerderheid tog 'n gesonde kern van ortodokse geloof handhaaf. Hy wys byvoorbeeld daarop dat al drie persone in die Drie-eenheid op gebalanseerde wyse aandag geniet in die innerlike genesingsteologie (Thiessen, 2003:63; vgl. geloofsverklaring van Smith, 2000a:vi; 2002a:4-6; 2004b:12-13; Wilder & Smith, 2002:5; 2.1). Die empiriese gegewens en gegewens uit die bronnestudie van TPM getuig, wat die navorser betref, van 'n soortgelyke gebalanseerde aanslag in die onderliggende Godsleer van TPM (vgl. Heyns, 1992:113-129).

6.4.2.1 Gegewens uit die empiriese studie in verband met TPM se Godsleer

Empiriese data rakende TPM se Godsleer is onder die volgende hofies opgesom:

- God is ver én naby; verhewe én betrokke (kom deurlopend voor).
- God ag die mens so waardevol dat Hy in hom belangstel en met hom praat (vgl. A2/C3, par. 42-45 van hul onderhoud).
- God is 'n verhoudingsoekende God (A2/C3, par. 43). God is iemand wat die mens nooi om in detail met Hom oor enigiets te praat.
- Van God kan verwag word dat Hy sal antwoord en Homself openbaar (vgl. D1, par. 20).
- God is Vader, Seun en Heilige Gees: sy Vaderhart moet beter leer ken word (vgl. G2, par. 10); sy Seun kom met ons identifiseer tot in ons diepste gebrokenheid en verwonding (A2/C3, par. 13 en 28); Hy beliggaam die waarheid (G1, par. 4) en kyk met versoenende oë na ons (A2/C3, par. 38 en 39); én sy Heilige Gees wil ons in die volle waarheid lei én wil graag sy regmatige plek in ons lewens en kerke inneem (G2, par. 10; vgl. Bylaag D, punte 5.2, 5.3, 6.3 en 7).

Die uitstaande kenmerke van God wat deur bogaande gegewens beklemtoon word, gemeet aan die kernwaarhede wat vroeër in die hoofstuk onder punt 6.2.1 uitgespel is, is God se *immanensie* naas sy transendensie. Dan word God ook geteken as *'n verhoudingsoekende* God, 'n aspek wat

juis nie *God se grootheid* so oorbeklemtoon dat die mens verkeerdelik *klein* geteken word met 'n devaluasie van sy rol, waarde en gevoelens nie. Die toespitsing van die reformatoriese kernwaarhede aan die begin van die hoofstuk (6.2.1) het juis aangedui dat ons in 'n tydsgleuf leef waarin sekere regstellings op die modernisme, met sy eensydighede, aangebring moet word. TPM se Godsleer blyk in pas te wees met die kernwaarhede van God se grootheid, getemper deur sy nabyheid en verbondsoekende aard en werk.

Die Vader: TPM gee spesiale aandag aan die eerste persoon van die Drie-eenheid ten einde skewe persepsies van God as afwesig en veroordelend te vervang met beelde van 'n teenwoordige en liefdevolle Vader (Thiessen, 2003:63; Bennett, 1982:58). Dit kan so maklik gebeur dat mense se ervarings vir hulle 'n verkeerde indruk van God gee, veral as gevolg van ouers se onvermoë om juis hierdie eienskappe van God aan hul kinders reg te reflekteer. Thiessen (2003:63) stel dat die valse persepsies van God tot die skeeftrek van 'n mens se siel of basiese psigologie lei. Al het die kerk dus nog altyd probeer om die ware konsep van God aan mense oor te dra, of wat gesien word as die ware konsep van God, gebeur dit tog dat verskillende meegaande ervarings, herinneringe, sowel as emosies medebepalend is van die prentjie wat mense van God vorm. Innerlike genesing, soos ook TPM, het immers nog altyd daarna gestreef om 'n meer waarheidsgetroue persepsie van God te bedien (Thiessen, 2003:63; vgl. ook Sandford & Sandford, 1985:28-39; Seamands, 1985:95-122; Kraft, 1993:64).

Die Seun: Die TPM benadering blyk gebaseer te wees op die siening dat Jesus die Seun van God is wat deur sy menswording, lewe, kruisdood en opstanding 'n herstelde verhouding met God en 'n nuwe lewe vir die mens in Christus moontlik maak (2.1; alle TPM materiaal). Hy is die Verlosser van wie die mens totaal afhanklik is vir sy redding, sowél as vir innerlike genesing, gemoedsvernuwing en heiligmaking. Jesus Christus is ook die Vader se Verteenwoordiger en ons Advokaat en Middelaar (Smith, 2007b:157).

Thiessen (2003:65; vgl. 2.1; Smith, 2007b:106) maak die gevolgtrekking dat die Here Jesus 'n sentrale rol in innerlike genesing speel daarin dat Hy die manifestering of openbaring van God aan die persoon oordra in die persoon se ervaring. Een van die belangrikste aspekte van TPM, asook van die ander metodes van innerlike genesing, is 'n uitnodiging om met Christus Jesus se teenwoordigheid kontak te maak midde-in 'n emosie-belaaide en leuen-deurdrenkte situasie. In die 2007 handboek verklaar Smith (2007b:157) egter dat hy glo dat dit die Heilige Gees is wat waarheid in die *Theophostic* momente oordra. Derhalwe moet dit verstaan word dat dit die Heilige Gees is wat God se lig of waarheid openbaar en nie die Here Jesus *per sé* nie. Die Heilige Gees mag egter gebruik maak van 'n "Holy Spirit-created word picture communicating the presence of

Jesus" (Smith, 2007b:157). So besien, is die Here Jesus die Verlosser en Geneser, maar die Heilige Gees die "Toepasser" van daardie verlossing en (innerlike) genesing (Cloete & Cloete, 2005:33; vgl. Lotter, 1993b:116, 129-130).

Die Heilige Gees: Tradisionele en TPM innerlike genesing gebeur in besondere noue afhanklikheid van die leiding en werksaamheid van die Heilige Gees (Thiessen, 2003:67; vgl. 6.3.3.2 van hierdie hoofstuk). Dit is te verstane as in ag geneem word dat innerlike genesing vanuit die Charismatiese vernuwing ontstaan het. Dit word algemeen aanvaar en geleer dat die Heilige Gees, en nie die berader nie, die leier van die innerlike genesingsproses is (Smith, 2000a:168; vgl. Sandford & Sandford, 1982:136; Seamands, 1985:27; Kraft, 1993:91-108).

Die data van die empiriese studie wys onteenseglik op die aktualiteit van die geesteryk in die bediening van TPM (Bylaag D, punt 6). Soos 'n goue draad loop dit deur al die onderhoude dat die geesteryk belangrik is en dat ons beter ingelig en bewapen moet wees vir die geestestryd van die lewe (vgl. D1; A2/C3; C2; C4; G1 en G2).

Bykans al die deelnemers bevestig dat die berader gawes van die Gees nodig het vir effektiewe berading en dat die leiding van die Heilige Gees van kardinale belang is vir hierdie bediening (vgl. Bylaag D, punte 5.2 en 6.2.4; vgl. G2, par. 10). Om te vertrou dat die Here Homself in die *Theophostic* proses sal openbaar, is seker die belangrikste geestesgawe wat die gebedsberader tot die bediening van innerlike genesing saambring, merk Thiessen (2003:65) heel tereg op. In terme van Agnes Sanford (1966:13), wat na die geestesgawes as die "spiritual tool kit" verwys, kan verstaan word dat enige TPM berader wat hom- of haarself in absolute afhanklikheid tot die Here en Sy Gees wend in hierdie bediening, implisiet toegang het tot hierdie geestelike gereedskapkis wat in der waarheid die Heilige Gees se kis is (1 Kor. 12-14).

Heyns het in sy *Dogmatiek,* van weliswaar dertig jaar gelede (1978), die suggestie voorgehou dat sekere geestesgawes tydens die periode van kerkstigting nodig was, maar dat dit in "onbruik" verval het na die totstandkoming van die Nuwe Testament, omdat dit nie meer nodig sou wees nie (1978:302). Hy noem dat die Heilige Gees steeds van besondere gawes gebruik *"kan"* maak, "(m)aar die normale en die algemene is dit nie." (Heyns, 1978:302.) Kraan (1984:55-58) hierteenoor, verduidelik dat 'n groot deel van die Protestantse teologie die indeling van die heilsgeskiedenis in heilstye (of dispensasies) verteken het. Hy beskryf die fout van die dispensasionalisme soos volg (Kraan, 1984:56-57):

> De grote fout is dat men in het dispensationalisme uit de feiten tot Gods bedoeling concludeert. Dat men de kerkhistorie in allerlei opzichten tot norm verheft. In het hele Nieuw Testament is er geen spoor van bewijs dat gaven en tekenen in de loop der kerkgeschiedenis minder zullen worden. ...
>
> Het grote gevaar is dat men in de kerkgeschiedenis een alibi zoekt om zich van daadwerkelijke ongehoorzaamheid vrij te pleiten.

Kraan sê met ander woorde dat mense gesien het dat die geestesgawes in die na-apostoliese tyd afgeneem het, en uit daardie feite het hulle verkeerdelik afgelei dat God dit so bedoel het. Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 13 egter dat die besondere gawes eers sal ophou as die volmaakte gekom het, dit is, met die wederkoms (Kraan, 1984:57). Gehoorsaamheid in hierdie konteks vra dat die kerk in volle afhanklikheid van Christus en die Gees moet leef (én beraad) en nie die besondere werking van die Gees weerstaan nie.

TPM is dus 'n beradingsbenadering wat afwyk van 'n dispensasionalistiese siening wat met die reformatoriese tradisie verbind word, 'n afwyking waarmee in die lig van Kraan (1984:55-58) se verduideliking nie fout gevind kan word nie. Deelnemer C4 van die empiriese studie het op 'n stadium van kerkverband verwissel en in sy verduideliking hieroor het hy genoem dat die eerste kerk weerstand teenoor TPM openbaar het vanweë hul dispensasionalistiese siening.

Saam met die beklemtoning van die charismatiese deur TPM, geld die oproep dat die geeste getoets of beproef moet word, soos die empiriese studie duidelik aangedui het (Bylaag D, punt 6; vgl. 4.9.2 h). Om die geeste en geesgewerkte ervaringe te toets, is niks minder nie as 'n Bybelse opdrag (vgl. Momberg, 2003:43-45). Hier kan volstaan word met die gerusstelling dat TPM voldoende erns maak met hierdie opdrag.

6.4.3 Openbaringsleer en Skrifbeskouing

Deelnemer C2 van die empiriese studie, 'n Gereformeerde predikant wat ook 'n TPM berader is, het geoordeel dat die openbaringsleer en Skrifbeskouing van TPM seker die mees deurslaggewende leerstuk van die hele TPM bediening is. Die volgende opsomming van empiriese data kom grootliks uit die onderhoud met C2:

- Jesus Christus is die Logos en Openbaringsmiddelaar.
- As Openbaringsmiddelaar maak Hy God bekend in die skepping en die herskepping.
- God spreek met ander woorde deur die skeppingsmatighede, sowel as deur die momente van herskepping – verligting, verlossing, vernuwing en heling van mense.

- God spreek dus groter as die Skrifwoord, want Hy praat ook deur skeppingswerklikhede en deur sy Gees.
- TPM se Skrifbeskouing moet verstaan word in die lig van God se groter spreke en openbaring.
- Dat God "lig gee" in *Theophostic* momente dui op die verligtende werk van die Heilige Gees.

In Hoofstuk 5 (5.4.3; vgl. Olthuis, 1992:3) is aangedui hoe die Wysbegeerte van die Wetsidee die Woord in sy kosmiese verband verstaan. Heyns (1978:11-12; 1992:7-8) bevestig vanuit die Dogmatiek dat God se openbaring veel meer behels as die Skrifwoord. God openbaar Homself deur die Skeppingswoord, deur die Vleesgeworde Woord, deur teofanieë, deur die Engel van die Here, deur visioene, drome en nog meer. God spreek met ander woorde inderdaad "groter as die Skrifwoord," en C2 kan heeltemal gelyk gegee word in sy opvatting oor TPM se openbaringsleer en Skrifbeskouing.

Entwistle (2004b:35-42) beskuldig TPM daarvan dat dit die verwagting skep dat letterlike verskynings van God tydens die genesings plaasvind. Die empiriese data dui aan dat die beradenes wel "visuele prentjies" van Jesus sien, maar dit bied nie verdere lig op die saak nie (vgl. 4.9.1.3; Bylaag D, punt 2.1.2). Die verduideliking van Thiessen (2003:137), wat ook in verband met die vals geheue-debat vermeld is (vgl. 6.4.1.2), word hier opnuut aangehaal, aangesien dit Entwistle se kritiek effektief weerlê: "Actual encounters with God take place within imagination. This is the logical, expected domain for spiritual encounter. No one suggests they are "real" in the sense of being empirically verifiable. Imagination is simply the faculty of the mind where such experiences, genuine or contrived, take place." Wat dus in werklikheid gebeur, is dat TPM die verwagting skep dat God werklik tydens die TPM sessies met die beradenes sal ontmoet en dat die persoon dit ervaarbaar (al is dit via sy verbeeldingsvermoë) sal beleef.

In die lig van hierdie enkele opmerkings aangaande die reformatories-Skriftuurlike siening van die Woord, kan TPM se openbaringsleer en Skrifbeskouing 'n stempel van goedkeuring kry.

6.4.4 Antropologie

Gegewens uit die empiriese studie ten opsigte van TPM se mensbeeld word soos volg opgesom:

- Die mens is gevalle beeld van God, gebroke mens en sondaar (G2, par. 15).
- Die mens moet verantwoordelik leef en verantwoordelikheid neem vir sy dade en keuses; óók die keuses ten opsigte onreg of trauma gely (vgl. F1, par. 13; G1, par 15). Die mens is 'n antwoord-wese.

- Die mens kan nie homself verbeter of red nie. G1 (par. 15 en 21) reken die mensbeeld wat TPM hanteer is een wat glad nie die mens op enige manier in humanistiese sin wil verheerlik nie. Die volgende twee stellings vloei logies hieruit voort:
  - Die mens moet sy redding en heling van bo en van buite homself (in God) verwag (G1, par. 15 en 21).
  - Die mens kan homself slegs waarlik ken in die lig van wie God is (G1, par. 21).
- Die mens is groter as 'n rasionele wese. Die mens is ook 'n irrasionele wese met emosies en 'n gees (vgl. C2, par. 6). Die mens is met ander woorde 'n drie-dimensionele wese wat saamgestel is as liggaam, siel en gees.
- Die mens het maatskaplike verhoudinge (vgl. F1, par. 5 en 9).
- Die mens is meer as net 'n natuurlike wese; in God het die mens iets "supernaturals," iets bonatuurliks (vlg. D1, par. 7). Dalk moet hier iets raakgesien word van 'n waardering van die nuwe mensheid wat die Christen in Christus is. Dit sluit aan by sake soos die "identiteit," "gesag" en "toerusting" van 'n Christen waaroor deelnemer D1 'n bepaalde entoesiasme het.
- Die mens registreer of stoor alle belewenisse êrens in sy "verstand/denke" (bedoelende: brein) en dit kan in die onderbewuste, voorbewuste of bewuste opereer (vgl. G1, par. 6).
- Die herskepping of verlossing van die mens vind 'n aanvang in sy hart, maar die vernuwing moet deurwerk na sy denke en emosies, sowel as die res van sy lewe (vgl. F1, par. 9).

Die navorser wil hier volstaan met 'n kort kritiese opmerking oor enkele van bogemelde sake met dien verstande dat die werklik-aanvegbare sake soos 'n moontlike determinisme en die trichotomiese mensbeskouing van TPM reeds in Hoofstuk 5 (5.3.3 en 5.3.5) bespreek is. Die uitslag van daardie bespreking word onder die afdelings van TPM se sondeleer, verlossingsleer en heiligmaking hieronder breedvoeriger verreken.

As die tersaaklike dogmatiese leerstukke as maatstaf geneem word (Heyns, 1978; 1992; Dreyer *et al.,* 1983), dan kom dit voor of TPM se antropologie reg laat geskied aan die Bybelse lering oor die mens - as skepsel van God, beelddraer (Heyns, 1992:10-11), mens as verhoudingswese (Heyns, 1978:127-137), mens as antwoordwese (Heyns, 1992:10-11), gevalle sondaar en totaal onmagtig om homself te verlos (Heyns, 178:164-199; Dreyer *et al.,* 1983:34-40, 52-60), iemand met 'n tydelike liggaamlike lewe en 'n bo-tydelike religiese ("supernatural") lewe (Heyns, 1992:173-176; Dooyeweerd, 1942).

Smith se heiligmakingsleer blyk egter 'n probleem te lewer in verband met sy siening dat die herbore mens se gees sondeloos of heilig sou wees en dat heiligmaking alleenlik in die mens se

denke of siel voltrek moet word - by wyse van "mind renewal" of gemoedsvernuwing (vgl. Maier, 2004:24; DeWaay, 2003:5). Selfs Brown (1986:175-177), die mediese dokter met 'n bevrydingsbediening onder sataniste, waarsku teen hierdie siening deur onder andere na 1 Tessalonisense 5:23 te verwys waar gebid word dat die Here ook die Christen se gees sal heilig.

Miller (2005:15) noem dat hierdie siening van Smith uit pas is met die gangbare Protestantse leer, alhoewel Smith aan hom bevestig het dat hy glo dat Christene steeds hul "old propensity to sin" het. Dit moet gemeld word dat Smith deurgaans aandui dat hy ontvanklik is vir konstruktiewe kritiek en dat hy bereid is om sy sienings aan te pas (vgl. Miller, 2005:15). So is opgemerk dat hy in die vroeër weergawe(s) van sy geloofsverklaring nog die standpunt van die sondelose herbore gees onderskryf het (Smith, 2000a:vi; 2.1.1), maar in die latere weergawes reeds aangedui het dat God ook die gees van die mens tot verdere volwassenheid moet lei (Smith, 2002a:6), 'n stelling wat seker steeds meersinnig verstaan kan word.

6.4.5 Sondeleer, verlossingsleer en leer oor heiligmaking

Een belangrike punt van kritiek wat deur die *Community Evangelical Free Church* (2001:1-23), Maier en Monroe (2003: 169-188; vgl. Maier, 2004:23-24) en Almy (1999:1-4) in hul evaluerings van TPM opgehaal word, is dat die sondeleer, verlossingsleer en die aanverwante leer oor heiligmaking van TPM nie Skriftuurlik is nie. Hierdie kritici reken dat Smith se klem op leuens en die psigodinamiese aspekte van probleemgedrag 'n verwatering van die reformatoriese leer oor sonde en menslike verantwoordelikheid impliseer (vandaar die verwyt teen hom in verband met sy "leuengebaseerde teologie"). Die kritici opper soortgelyke besware teen Smith se leer oor heiligmaking en geestesdissiplines.

Een kernwaarheid van die Reformasie is die leerstuk oor die totale verdorwenheid van die mens (Dabney, 2001:3-10; vgl. Dreyer *et al.,* 1983:26-36 oor HK, vr. en antw. 7 en 8; Dordtse Leerreëls, Hoofstukke 3 en 4), wat onder andere lui dat die mens in alle aspekte en tot in die kern van sy wese deur die sondeval geraak is, "glad nie in staat om iets goeds te doen nie en geneig tot alle kwaad." Die vraag wat nou beantwoord moet word, is of TPM hierdie leerstuk reg eerbiedig of nie. Vir eers word na empiriese gegewens oor die saak gekyk, waarna Smith se siening oor sondegebaseerde teenoor leuengebaseerde teologie beoordeel sal word. Die bespreking word voltooi deur kursories na Smith se unieke uitleg van Romeine 7 te verwys, wat verder ondersteun kan word deur insigte uit die wysgerige antropologie van Hoofstuk 5 en uit Velthuysen se fenomenologiese studie.

6.4.5.1 Empiriese data in verband met TPM se sondeleer

Die deelnemers in die empiriese ondersoek is dit almal eens dat dit noodsaaklik is om na leuen-deurdrenkte herinneringe uit die verlede terug te gaan (Bylaag D, punt 2.1.5). Hierdie herinneringe word verstaan as die wortels van sondige gedrag wat opgediep en met waarheid vervang moet word. Deelnemer G2 (par. 14) byvoorbeeld het deur haar werk met mense en deur eie ervaring geleer dat die stryd teen sonde 'n mens "verskríklik maklik magteloos" kan laat voel, want 'n mens sukkel met die regstelling van die gedrag, en die oorsprong van die voortslepende sondepatrone bly ook 'n onverstaanbare raaisel (par. 4). In antwoord op hierdie stryd, getuig G2, bied TPM en die heling wat die Here daardeur bring, die uitkoms. Sy erken egter dat, afgesien daarvan dat TPM help om die dwangmatige element van die sondestryd weg te neem, die mens steeds kan sondig en daarom moet gewaak word oor die keuses wat 'n mens maak.

'n Volgende deelnemer in die empiriese studie, D1, getuig vanuit sy eie lewe dat hy van 'n jarelange stryd met seksuele los verhoudings en pornografie bevry is (par. 4 en 5 van sy onderhoud): "... ek kan met oortuiging sê ek is vry daarvan. Ek weet ek kan nie ... weer 'n kans vat daarmee nie. Dit sal fataal wees, maar ek weet ek is vry ... en ek het nie 'n behoefte om weer gevang te word nie." D1 bevestig met ander woorde dat die dwangmatigheid van die sondeprobleem weg is, wat vir hom ooreenstem met wat TPM "maintenance-free victory" noem. Tog stel hy ook dat selfdissipline nodig is in sy vedere pad van heiligmaking.

Deelnemers G2 en D1 se getuienisse kom daarop neer dat TPM hulle gehelp het om 'n skynbaar onoorkomelike sondestryd te oorwin en/of om die wortels van die stryd beter te verstaan. D1 se getuienis bevestig dat die opklaar van die dwangmatige deel van die probleem ooreenstem met TPM se "maintenance-free victory."

In sy kommentaar aangaande TPM se "maintenance-free victory" maak G1, die NG Kerk predikant, basies twee verduidelikende stellings. Die eerste is dat TPM sodanig erns met sonde maak dat dit nie net "die gras wil sny" en "die vuilgoed wil skoffel" nie; dit wil "die vuilgoed uithaal" – dit wil tot in die ondergrond afsak ten einde die probleem met wortel en tak uit te roei (G1, par. 23). Met die tweede stelling verwys hy na die indikatief en die imperatief in die verlossingsleer van Paulus (G1, par. 22-23; bv. 1 Kor. 6; vgl. Heyns, 1992:283). Die indikatief is die gegewene, naamlik dat die persoon in Christus *'vry is'*. Die imperatief is die appèl wat gemaak word, naamlik om voortaan *'vry te leef'* op grond van die gegewene. Hiermee beklemtoon hy aan die een kant die feit dat Christene nuwe skepsels geword het, maar aan die ander kant dat hulle steeds die

heiligmaking moet nastreef. Heiligmaking word deur TPM verstaan as 'n gawe van oorwinning én 'n opgawe tot die handhawing daarvan (vgl. Bylaag D, punte 8.3 en 8.4).

G1 beantwoord onbewustelik ook die vraag *na die sin van geestelike dissiplines* vir die *Theophostic* benadering deur wat hy byvoeg (par. 23): "Natuurlik beteken dit nou nié dat ek moet terugkeer na my ou lewenstyl nie, want dit is tog trouens wat Jesus vir 'n vrou óók gesê het: 'Gaan heen en moenie meer sondig nie' (Joh. 8:11)."

6.4.5.2 'n Weergawe van Smith se leuengebaseerde teenoor sondegebaseerde teologie

Hierdie unieke "leerstuk" van Smith van leuengebaseerde teenoor sondegebaseerde teologie is uiteraard baie kontensieus. In die 2007 handboek gebruik Smith (2007b:171-180) minder verwarrende terme, maar hy gee volgens die navorser basies dieselfde siening weer as in die 2000 uitgawe daarvan (Smith, 2000a:190-207). Die volgende omvattende aanhaling behoort te help om Smith se sienings rondom leuengebaseerde en sondegebaseerde teologie op te klaar en te evalueer (Smith, 2000a:196):

> Let me say unequivocally that I believe that man is born as a fallen creature, totally separated from God. I believe that through Adam all are fallen. I believe that apart from the atoning blood of the Lord Jesus Christ no man is made right with God. I am not in any shape, form of fashion saying that we are not responsible for our life choices. We will all stand before God and give account for *every word, thought or deed.*
>
> What I am saying is, before Christ we were fallen creatures lost in sin but have become new creatures in Christ Jesus. ... When I come to Jesus He doesn't just say I am righteous (when really I am still just a filthy rag). He makes me righteous and *"all things* (in my person spirit) *become brand new."* But my mind remains in need of renewal. The source of my sin problem is no longer in my heart since I now share the very heart of Jesus for I have become a *"partaker of the Divine Nature."* My trouble with sin is now in my mind or lie based thinking. (Sic! – for several missing commas).
>
> This sin based theology believes the reason we walk in defeat is because we have a sin nature and we choose to sin rather than choose to walk in righteousness.

Met die eerste paragraaf bely Smith die totale verdorwenheid van die (onweergebore) mens en hy bevestig die mens se verantwoordelikheid voor God, in ooreenstemming met die reformatoriese waarheid hieroor.

In die tweede paragraaf som hy sy siening aangaande die verlossing, en die situasie op grond waarvan die heiligmaking voltrek word, op. Kortliks kom dit daarop neer dat die regverdigmaking en wedergeboorte van die mens verstaan word as beide 'n *toesê* van geregtigheid, sowel as 'n *toebedeling* van geregtigheid (vgl. Heyns, 1978:311 oor syns- en regsposisie van die Christen;

1992:279-280). Dit kan ook verduidelik word dat die sondige natuur wat die mens van Adam geërf het, vervang word met die regverdige natuur van Christus, aldus Miller (2005:13). Die mens se gees word dus nuut, terwyl sy siel ("mind") nodig het om vernuwe te word. Volgens hierdie verduideliking van Smith is die oorsprong van die mens se sondeprobleem nie meer, soos voor sy bekering, in die hart geleë nie, maar in die siel met sy leuengebaseerde denke.

Met die derde paragraaf verduidelik Smith dat sondegebaseerde teologie van die vertrekpunt uitgaan dat die Christen (waarskynlik onbewustelik) steeds glo dat hy 'n sondige natuur het. Aangesien Christene volgens hierdie siening steeds glo dat hulle 'n sondaarsidentiteit het, het dit 'n belemmerende rol in die uitleef van hul nuwe natuur en geregtigheid in Christus. Op hierdie wyse verloop sake presies ooreenkomstig die rol wat die geloofsaspek in die ontsluitingsproses in 'n persoon se lewe speel, aldus die Wysbegeerte van die Wetsidee (5.2.5). Christene wat hul christelike lewe vanuit hierdie foutiewe vertrekpunt leef, eindig met 'n fokus op sonde wat hulle meestal deur hul eie wilsbesluite, krag en volharding probeer oorkom. Met ander woorde, hulle neig tot 'n "performance-based spirituality," "controlled behavior," en 'n "self-righteousness" (Smith, 2007b:175).

Smith stempel uiteraard die sondegebaseerde vertrekpunt van Christene in die algemeen as 'n wanopvatting ten opsigte van die ware toedrag van sake (vgl. 2.2.5). Die Christen - of dit nou met 'n sondelose herbore gees is, of met 'n gees wat steeds verder geheilig kan en moet word – het 'n nuwe gees en daardie nuwe gees, mét Christus se inwonende teenwoordigheid (Kol. 1:27; Smith, 2007b:175), impliseer basiese veranderinge wat nie onderskat moet word nie. Smith (2000a:200; 2007b:174) noem byvoorbeeld dat die Christen deur hierdie "heart transplant" *'n nuwe begeerte* openbaar om God te behaag, sowel as *krag* kry om sy liggaamlike vermoëns in diens van geregtigheid te stel (Rom. 6:13). Leuengebaseerde denke in die onderbewuste van die Christen kan, volgens Smith (2000a:200), bydra dat hy nie die geregtigheid en nuwe lewe optimaal uitleef nie. Hierdie standpunt van Smith word die *leuengebaseerde teologie* genoem.

6.4.5.3 Smith se unieke uitleg van Romeine 7 volgens TPM denke

Ruimte en tyd laat nie nou toe dat die uitleg van Smith hier na behore weergegee of geëvalueer kan word nie (Smith, 2000a:202-205). Nietemin kan dit so opgesom word: Smith sluit aan by die siening dat Paulus Romeine 7 skryf as verwysend na die Christen in sy na-Christen-geworde staat (vgl. Pelser, 1984:105 se kontrasterende standpunt). In hierdie staat beleef die Christen die stryd wat in Romeine 7:19 omskryf word: "Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek." Uiteindelik maak Paulus die afleiding dat hy as Christen graag

die wet van God wil doen, en dat die sonde wat 'n aparte bestaan in sy liggaam voer, nie hy is nie (Smith, 2000a:202; Rom. 7:17; vgl. Anderson, 1993:56-68 by wie Smith (2000a:346) waarskynlik aansluit). Paulus identifiseer volgens Smith dus met sy herbore gees, wat ook verteenwoordigend is van sy nuwe natuur. Mense wat die Griekse woord *sarx* met die "ou natuur" van die mens vertaal, is volgens Smith (2000a:203; vgl. Anderson, 1993:60) verkeerd, want die ou natuur van die Christen is met Christus gekruisig. Die "wet van die sonde" of "die vlees" (vlg. Anderson, 1993:63-68), wat hier ter sprake is, verwys na iets anders as die Christen se nuwe aard en identiteit.

Anderson (1993:64) omskryf dit baie duidelik: "Die vlees is die neiging binne elke mens om onafhanlik van God op te tree en om sy belange op homself te fokus." Die vlees in die Christen verwys volgens hierdie standpunt na 'n "aangeleerde onafhanklikheid," 'n vyandigheid teenoor God en 'n selfgerigtheid wat gebotvier het onder die vroeëre heerskappy van die "ou self" (Anderson, 1993:64) en *"die mag van die duisternis"* (Kol. 1:13; Anderson, 1993:63). Die verwarring tree dus in omdat die vlees ná die redding bly bestaan en dit daarom logies lyk dat die ou natuur ook bly bestaan.

> Maar ek is nie meer 'n natuurlike mens nie. Ek is 'n geestelike mens in Christus. Dit is my werklike natuur. Wanneer ek kies om in die ou weë te wandel waarin ek voor my bekering gewandel het, is my gedrag strydig met my nuwe natuur. ...
>
> As jy jou vlees jou ou natuur wil noem, sal ek nie met jou stry oor woorde nie. Maar ek staan by die Bybelse waarheid dat die oorblywende invloed van wie ek in Adam was, nie meer deel van my ware identiteit in Christus is nie." (Anderson, 1993:60.)

Alhoewel Pelser (1984:92-110) vanuit 'n ander vertrekpunt dieselfde perikoop, naamlik Romeine 7:14-25 benader het, kom hy tot die dieselfde gevolgtrekking as Smith. Eers vra hy of die "reformatoriese grondbeskouing oor die Christen as *simul iustus et peccator* op grond van Rom 7:14-25 gefundeer (kan) word?" Dan antwoord hy (Pelser, 1984:110): "Ek meen dat ek met hierdie studie aangetoon het dat dit nie moontlik is nie." Alhoewel die gang van nóg Smith nóg Pelser se redenasies behoorlik deurloop is, lyk dit of die reformatoriese leerstuk oor die Christen as tegelyk regverdig én sondaar in die eerste plek deur Smith bevraagteken word en in die tweede plek moontlik in Pelser 'n beaming vind.

Smith (2000a; 2007b) en Pelser (1984) se standpunte blyk presies ooreen te stem met dié van Rome wat nie die reformatoriese "dialektiek" van regverdige en sondaar – *"simul justus et peccator"* – kan aanvaar nie. Heyns (1992:270; vgl. Heyns, 1978:320-321) verduidelik die Roomse standpunt soos volg:

> Die gelyktydigheid van geregtigheid en sondigheid is 'n wesenlike miskenning van die eintlike wese van die Christelike regverdiging. Rome sê die regverdiging as heilshistoriese gebeure skep in die mens iets nuuts, wat nie tegelyk met die ou toestand kan bestaan nie. Regverdiging is niks minder nie as 'n herskeppende handeling van God waardeur daar in die mens iets ontstaan wat nie vroeër in hom was nie; en wat hy voorheen was, is hy nou nie meer nie. Kortom: die mens hou op om sondaar te wees. Die mens word dus nie net vir regverdig gehou nie, hy is – in homself – regverdig en dit beteken dat hy sondeloos is.

Volgens bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat Smith eerder die Roomse standpunt huldig teenoor die reformatoriese *simul justus et peccator.* Die navorser is die mening toegedaan dat Smith se siening moontlik steeds Bybels mag wees, al wyk hy hierin af van die aanvaarde reformatoriese siening.

John Murray (1965:239-273; vgl. ook Gundry, 1994:385-386) gaan byvoorbeeld in sy kommentaar op Romeine 7 ook van die standpunt uit dat Romeine 7 op die Christen dui, die mens in sy *Christelike staat* (vgl. veral Murray, 1965:256-273). Pelser (1984:94) dui aan dat die interpreteerders van Romeine 7 oor hierdie saak inderdaad in twee groepe verdeel is, met Augustinus, 'n groot groep Latynse kerkvaders, sowel as Luther en Calvyn, en ander wat van oordeel is dat Romeine 7 op die Christelike staat dui, terwyl Origenes en 'n groot groep Griekse kerkvaders, geleerdes uit die Duitse Piëtisme, Wesley en die meerderheid twintigste eeuse kommentatore die standpunt huldig dat Romeine 7 die *voor-Christelike staat* van die mens in die oog het. In hierdie geval blyk dit dat Smith se verklaring van Romeine 7 heeltemal sin maak én dat hy hom tog in reformatoriese geselskap (soos Luther en Calvyn) bevind, al is dit saam met 'n meerderheid Latynse kerkvaders.

6.4.5.4 Insigte vanuit die Christelik-wysgerige antropologie

Paulus skryf in Romeine 7:17 (Smith, 2000a:203): "Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon." (onderstreping deur navorser.) Hierdie onderstreepte terme herinner baie sterk aan die terme wat Olthuis (2000:31-48; 5.3.5) in sy filosofiese weergawe van 'n trichotomiese antropologie gebruik. Die "ek" hierbo dui, wat die navorser betref, op die mens se gees – Olthuis se "myself" (of ekself); en die "my" hierbo slaan op die mens se liggaamlike bestaan in die tyd - Olthuis se "my." Hierdie opmerkings word net saaklik aangeteken met die meegaande suggestie dat die saak van die mens se verlossing in samehang met die drievoudige antropologie verdere ondersoek verdien.

In Hoofstuk 5 (5.3) is aangedui dat die dwangmatige rol wat onverwerkte herinneringe in 'n persoon – selfs in 'n Christen - se lewe mag speel, nie aan 'n deterministiese antropologie toe te skryf is nie. Dit is (hopelik) op oortuigende wyse aangetoon dat sulke oënskynlike deterministiese verskynsels – wat deur innerlike genesing en TPM opgelos kan word – toe te skryf is aan die eensydige enkaptiese vervlegtingstruktuur van die mens sowel as die bestaan van 'n definitiewe bewuste, onderbewuste en onbewuste lewe by die mens. Die hele argument van Hoofstuk 5 teen psigiese en omgewingsdeterminisme blyk ondersteunend te wees van Smith se sogenaamde leuen- en sondegebaseerde teologie.

6.4.5.5 'n Bevestiging van TPM se sondeleer deur 'n fenomenologiese studie van Velthuysen

Een van die slotafleidings waartoe Velthuysen (1989:261-262) in sy fenomenologiese navorsing oor tradisionele innerlike genesing gekom het, is dat die tradisionele evangeliese siening van sonde en heiligmaking in die lig van die fenomenologiese gegewens hersien moet word. Die definisie van **sonde** as *moedswillige ongehoorsaamheid* en die *mis van die teiken of doel*, en die definiëring van **heiligmaking** as *'n wilskeuse om sekere aktiwiteite "af te lê" en ander gebruike "op te neem"* moet ook hersien word. Eweneens moet die tradisionele verstaan van die **oorwinning oor sonde** as "*om jouself dood te reken vir die sonde*" volgens Romeine 6, ook hersien word, aldus Velthuysen (1989:263). Sonde, heiligmaking en die oorwinning oor sonde word in hierdie konteks openbaar as iets baie meer kompleks as bloot sake wat van ge-wilde besluite alleenlik afhanklik is. Sonde moet naamlik ook verstaan word as gewortel in onverwerkte ervarings wat 'n dwangmatige karakter kan hê; heiligmaking as iets waaraan jy met jou wilsbesluite kan werk mits daar terselfdertyd genesende en bevrydende hulp van God ontvang word en derhalwe is oorwinning ook meer as die uitloper van menslike wilsbesluite. Hierdie hersiene definisies stuur volgens Velthuysen (1989:263), sowel as die navorser, suiwerder weg vanaf die tipies-Pelagiaanse definisies.

Maier en Monroe (2003:175-181) het drie besorgdhede met TPM se sondeleer. Die eerste besorgdheid handel oor die onderskeid wat Smith ten opsigte van voor-redding en na-redding sondigheid maak. Hierdie onderskeid word deur Smith geknoop aan die onderskeid wat hy maak tussen 'n mens se gees en siel. Volgens Maier en Monroe (2003:176) is die onderskeid wat Smith tussen siel en gees maak, kunsmatig. Derhalwe mis hulle iets van sy verduideliking ten opsigte van sonde- en leuengebaseerde teologie. Sou hulle dus die trichotomiese uiteensetting van die mens aanvaar, sal TPM se leer hieroor makliker verstaanbaar wees (vgl. Miller, 2005:16 voetnoot 46 vir 'n soortgelyke probleem).

Hul tweede besorgdheid raak TPM se verduideliking aangaande die oorsprong van die leuens as ekstern aan die mens en dat die mens se aandeel aan die interpretasies van ervarings onderwaardeer word. Smith se gedagtegang kom op die volgende neer: "The unbeliever is sinful whereas the believer is merely misled." (Maier & Monroe, 2003:178.) Maier en Monroe (2003:178) wys daarop dat die menslike hart beide voor en na bekering geneig is om mislei te word en om te mislei. Hulle oordeel dat Smith die verantwoordelikheid van veral die weergebore mens in hierdie verband onderbeklemtoon. Gegee die navorsing se afwys van Smith se siening oor 'n sondelose herbore gees, is Maier en Monroe se kritiek hierin te handhaaf. In die 2007 handboek lê Smith opvallend meer klem op die mens se verantwoordelikheid – ook die geredde mens s'n - moontlik in reaksie op hierdie kritiek.

Die derde besorgdheid gaan oor die feit dat Smith leer dat innerlike verwondheid ook aanleiding tot sonde gee. Derhalwe word afgelei dat nie sonde nie, maar verwondheid die mens se diepste probleem is. Hierdie probleem is met die vorige hoofstuk se beoordeling van 'n moontlike determinisme in die TPM teorie bygelê (Hoofstuk 5, afd. 5.3).

6.4.6 Verlossingsleer – verder toegelig

Onder hierdie afdeling word geen nuwe kritiek teen TPM hanteer nie, behalwe dat 'n besondere fokus op die volheid van die verlossingsvoorsiening in Christus bespreek word. Vanuit die empiriese gegewens sowel as die praktykteorie van TPM blyk daar drie faktore te wees wat hierdie saak beklemtoon, te wete: (a) die vraag na wat alles "lig" sou wees wanneer Jesus Christus innerlik helend sy lig tydens *Theophostic* momente openbaar; (b) 'n opmerking of meer van deelnemers D1 en E1 in die empiriese studie; en (c) die beklemtoning van "Christus in ons" (Kol. 1:27) deur Smith (2007b:175) in die praktykteorie van TPM. Hierby kan twee verdere bevestigings gevoeg word, naamlik (d) die besondere boodskap van die psigofortologie (Hoofstuk 3) en (e) 'n rigtinggewing uit die Christelike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing soos deur die Christelike Wysbegeerte beklemtoon (Hoofstuk 5).

a) *Wat is alles "lig" in die* Theophostic *moment?* Die empiriese data teken 'n besondere diamant met verskillende fasette as antwoord op die vraag na wat alles "lig" sou wees tydens die *Theophostic* momente van die bediening. Dit kan bes moontlik soos volg saamgevat word (Bylaag D, punt 2.1.8): *Hierdie lig het te doen met 'n ontmoetingsgebeure waarin die Here se teenwoordigheid leuens belig en dit met waarheidspersepsies vervang, mense uit die gevangenis van onvergewensgesindheid bevry, bindinge verbreek, sowel as mense help om onverwerkte ervarings te integreer en die verslawende effek daarvan op te hef.*

b) *Opmerkings oor deelnemers D1 en E1 vanuit die empiriese studie:* D1 (Bylaag D, punte 3.2 en 3.3) is baie entoesiasties oor wat God in Christus voorsien het, sowel as die ontdekking van sy nuwe identiteit, gesag en toerusting in Christus. Hy pleit derhalwe dat die volle verlossingsboodskap in beradingsessies verkondig moet word (vgl. Bylaag D, punt 8.1.5)

Gespreksgenoot E1 is die enkele persoon wat lank na afloop van die empiriese onderhoude opgespoor is en wat 'n afkeer van TPM ontwikkel het nadat hy vroeër TPM beoefen en selfs gefasiliteer het (vgl. 4.5.2). Die rede vir sy wending weg vanaf TPM, sowel as alle ander beradingsbenaderings, is gebore uit 'n wegstuur van enigiets wat wetties voorkom. Hierdie *wegkeer* vanaf TPM en ander berading het aan die keersy daarvan 'n hernude *toekeer* tot die volheid in Christus deur die Woord en Gees, wat alleenlik deur die *genade* en die *geloof* ontvang kan word (vgl. 4.7.1). E1 se oortuigings kom ooreenkom met die anti-psigologie beweging, daarin dat hy aan die een kant wegstuur van alle berading, maar aan die ander kant die genoegsaamheid van die verlossingsvoorsiening in Christus beklemtoon (vgl. Hindson & Eyrich, *eds.,* 1997; Hunt, 2005:1-2).

c) *TPM beklemtoon Christus-in-ons:* Die verlossingsleer van TPM beklemtoon eweneens die genoegsaamheid en ryk-geskakeerdheid van die verlossing in Christus. Smith (in al sy opleidingsmateriaal) bevestig dat die mens homself nie kan red nie, maar geheel en al van God afhanklik is, wat die verlossing *van bo* en *van buite* na die mens stuur. Smith benadruk dit egter dat hierdie verlossing *binne* die mens tuiskom, veral deur die inwonende Christus (Kol. 1:27; vgl. Smith, 2007b:175). Die vraag kan gevra word of TPM nie hiermee 'n positiewe bydrae lewer deur op die realisering van die verlossing in die mens te wys nie.

d) *Die psigofortologie se boodskap is positief:* Seligman (2002:x), wat 'n aktiewe bevorderaar van die psigofortologie is, beweer in sy boek *Authentic Happiness* dat die psigologiese wêreld vir té lank gekortwiek was deur die "rotten-to-the-core dogma." Hierteenoor is die boodskap van die psigofortologie dat die mens tog ook met positiewe moontlikhede geskape is en dat iets daarvan in die mens kan herontluik.

e) *Skepping, sondeval en verlossing handel nie slegs oor die sondeval nie:* In soverre die leer van die totale korrupsie van die mens inderdaad 'n negatiewe, sondebehepte menssiening help vestig het, soos ATLAS (2007:17) en Nicol (2000:101) beweer, in daardie selfde maat is die Christelike grondmotief ongebalanseerd vertolk. Volgens Kock (1975:196-200; vgl. 5.2.1)

verwys die Wysbegeerte van die Wetsidee in die drieledige kennissleutel van die Christelike grondmotief na skepping, sondeval en verlossing (vgl. Kock, 1975:196-200; 5.2.1); nie net die sondeval alleen nie. Die ander twee sleutels, naamlik dié van skepping en verlossing, verg 'n ewe belangrike beklemtoning, indien nie meer nie.

6.4.7 Genesingsleer

Maier en Monroe (2003:181) stel dat TPM se genesingsleer ooreenstem met die Bybelse geloof dat God deur Jesus Christus die outeur van alle genesing is. Die Here Jesus het aan mense kom openbaar hoe God nog al die tyd was: "Hy gee regtig vir jou om!" (Popejoy, 1976:37-38). Popejoy (1976:39) skryf dat God omgee en kragtens sy aard graag mense na liggaam en siel genees. Seamands (1986:8-22) dui aan dat die bediening van innerlike genesing gegrond word op die versoeningswerk van Jesus wat 'n voorsiening bewerkstellig het vir ons sondes, ons siektes en ons swakhede (iets tussen-in). Jesus Christus het aan die kruis ons sondes, ons siektes én ons swakhede op Hom geneem (Matt. 8:17; Rom. 8:26-27). Hy skryf (Seamands, 2004:10-11): "... letters and testimonies have confirmed that there is a realm of problems that requires a special kind of prayer and a deeper level of healing by the Spirit. Somewhere between our sins, on the one hand, and our sicknesses, on the other, lies an area the Scripture calls 'infirmities'." In die Afrikaanse weergawe van Seamands se boek word dit "verlammende swakhede" genoem (Lotter, 2006:656).

Geen deelnemer in die empiriese studie het aangedui dat TPM se genesingsleer moontlik onskriftuurlik sou wees nie. D1 het net die vraag gevra of Smith oop genoeg is vir die feit dat God mense ook fisies kan genees, afgesien van die emosionele genesing (Bylaag D, punt 10.2.3). Die teenvraag wat hierdeur opgeroep word, is of die bediening van TPM nie in elk geval die gawes van gesondmaking insluit nie. Daarom blyk dit aanbevelingswaardig te wees dat die spesifieke rol wat genadegawes van gesondmaking in innerlike genesing speel, nagevors moet word.

Maier en Monroe (2003:181-188) se kritiek teen TPM se genesingsleer kan kortliks soos volg saamgevat word: (a) Hulle beskuldig TPM van 'n gebrekkige lydingsleer wat medebepalend is van TPM se genesingsleer; (b) hulle voer aan dat Smith die genoegsaamheid van die kruis en die Woord van Christus betwyfel met sy verduideliking dat innerlik-verwonde mense dikwels die hulp van innerlike genesers benodig, ten einde die verlossingsgenade in hul diepste wese te kan toe-eien; en (c) hulle teken beswaar aan teen Smith se "aanname" dat mense blywende "maintenance free victory" van ou gewoontes van die hart kan hê.

Evaluerend kan opgemerk word dat Maier en Monroe (2003:185-186) God se bystand aan mense tydens lyding en sy besondere groeidoele met lyding sodanig beklemtoon dat dit voorkom of hulle selfondersoek en geestelike groei by die noodlydende verhef, ten koste daarvan dat daar ook verligting in die lewe van hier en nou gesoek mag word. Hierdie ietwat fatalistiese lydingsbeskouing verklaar hul beswaar teen instandhoudingsvrye oorwinning oor sekere hartsgewoontes. Die opmerking van D1 en die ietwat eensydige verteenwoordiging van TPM se genesingsleer deur Maier en Monroe, bevestig dat 'n omvattender ondersoek na TPM se genesingsleer en lydingsleer aangewese is.

Origens lyk TPM se genesingsleer reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar. Floor (2005:22-23) skryf byvoorbeeld in Die Kerkblad: "Dat God ook vandag op 'n wonderlike wyse kan genees, (sic!) is bo alle twyfel. Die kerkgeskiedenis lewer vir ons 'n groot aantal bewyse." Eweneens skryf De Klerk (2005:24-25) in dieselfde tydskrif dat Christene 'n voorreg en 'n verpligting het om vir siekes te bid.

6.4.8 Lydingsleer

Brown (1986:193-194) waarsku dat baie mense, veral in die Charismatiese Kerke, 'n evangelie predik en glo waarvolgens die Christen nie hoef te ly, swaar te kry of te sterf nie, aangesien Christus vir die gelowige gely en gesterwe het. Jesus het egter in byvoorbeeld Johannes 15:18-22 geleer dat as die Meester sekere lyding en haat moes deurgaan, moet sy knegte nie verwag dat dit hulle gespaar sal word nie. Op grond van hierdie redenasie stel Brown dit baie sterk (1986:194): "This 'no suffering, health and wealth' doctrine which is being taught across our land is a doctrine of demons ..." Die vraag is of TPM ook hieraan skuldig is.

'n Kritikus soos Jan Fletcher (2004:56-66; vgl. DeWaay, 2006:1-6) meen dat TPM wel 'n onskriftuurlike benadering van lydingsvermyding voorhou. Die empiriese gegewens maak nie direk van hierdie saak melding nie. Die navorser lei wel af dat die *Theophostic* bediening positief aanvaar word (Bylaag D, punt 1), juis omdat dit help om lyding te verlig waar ander pogings vroeër misluk het. Om lyding op te hef in die huidige lewe, word weer verstaan as teken van die huidige realisering van God se komende ryk. TPM (Smith, 1999:23; 2000a:227-228; vgl. 2.2.4 en 2.2.6.2) skep nié die indruk dat dit alle lyding ten alle koste wil vermy, soos wat Fletcher (2004:56-66) oor TPM en DeWaay (2006:1) oor innerlike genesing beweer nie. Smith (2000a:227-228; 2.2.6.2) ondersteun uitdruklik die Bybelse leer dat lyding, swaarkry, teenspoed en vervolging nie as iets vreemds beskou moet word nie, maar dat die Christen hom tydens swaarkry en beproewing moet verbly, dat hy dit moet verdra en gelowig op God moet wag (Smith, 2000a:228).

Onder punt 6.3.3 is die rol van die TPM berader bespreek. Die tipiese TPM berader is iemand wat met God meewerk om mense se pyn en lyding te verlig of op te hef (vgl. 6.3.3.1). Coetzer (1995:33) skryf – in aansluiting by verskeie ander skrywers - dat "die kerk nie sonder meer maar net moet berus in alle lyding nie." Daar moet sterker weerstand gebied word teen lyding, veral deur gebed. Onderliggend aan hierdie houding heers 'n mensbeskouing wat die mens meer as 'n medewerker van God sien, met God as die "senior vennoot" en die mens die "junior vennoot" (Coetzer, 1995:33; vgl. Kraan, 1984:62). Presies hierdie selfde tendens kan juis ook by die TPM berader waargeneem word.

Die TPM berader openbaar ook 'n sterker geloof in die opstandingkrag van die verrese Here en bid graag dat daardie opstandingskrag op reddende en helende wyse vir die beradene tot voordeel sal kom (6.3.3.1; vgl. Coetzer, 1995:32; Kraan, 1983:105). Dit kan dus afgelei word dat TPM se lydingsleer moontlik 'n sterker optimisme en oorwinningshoop vertoon as die gangbare reformatories-Skriftuurlike tradisie (vgl. Coetzer, 1995:32-33). Hierdie skuif kan egter beskou word as in pas met die postmoderne mens wat na 'n God soek wat nie net eendag in die hiernamaals uitkoms bied nie, maar ook in die subjektiewe ervaring van die hier en nou (vgl. Janse van Rensburg, 1995:631-632, 640; Thiessen, 2003:4, 103-107, 204).

6.4.9 Gebed

Steyn (2008:131-32; vgl. Kraft, 1993:46) stel heel tereg dat gebed die belangrikste kenmerk in die TPM beradingsprosedure is. Christus word deur gebed gevra om met die innerlik-verwonde persoon te ontmoet tydens daardie fase van die berading wanneer die beradene 'n onverwerkte herinnering herbeleef. 'n Christen psigiater getuig (Wilson, 2003:55): "In my 54 years of practice, the only alcoholics, drug addicts, sexual addicts, and persons with existential problems who I have seen truly cured, were those who had a radical encounter with Christ." Wilson (2003:56) verwys dan spesifiek na gebed en innerlike genesing as beskikbare geestelike intervensies (2003:55-58) wat ook deur 'n Christen psigiater gebruik kan word om daardie gewenste ontmoeting met Christus te bewerkstellig.

Shadoan (2003:28-31; vgl. Nicol, 2002: 43-55) skryf 'n artikel oor hoe kontemplatiewe gebed ('n gevorderde metode van meditasie-gebed) in berading aangewend kan word. Hy beskryf 'n sestal formate van kontemplatiewe gebed, wat almal in hoofsaak daartoe meehelp dat 'n beradene meer bewus raak van God, leer om God se stem te hoor of sy openbarings beter te ontvang, en uiteindelik innerlike veranderinge en gedragsveranderinge beleef as gevolg van die terapeutiese

effek van bogenoemde. 'n Oppervlakkige vergelyking van TPM en hierdie benadering, toon aan dat TPM van verskillende van hierdie formate van kontemplatiewe gebed gebruik maak, byvoorbeeld (Shadoan, 2003:30-31): woordelikse gebed, gebed wat verbeelding gebruik, aksie-gebaseerde gebed, skietgebede en "centering prayer." Kontemplasie en meditasie word as mistiek geag en derhalwe kan gekonstateer word dat TPM definitief 'n mistieke element in sy gebedsbediening openbaar.

DeWaay (2003:1-7) kritiseer TPM as "unbiblical teaching wedded to mystical experience." Die *mistieke ervaring* verwys na die ontmoetingsgebeure met God waarin die Heilige Gees help dat 'n tersaaklike herinnering opkom, dit helder en emosioneel herbeleef word en waartydens waarheid aan die persoon openbaar word (DeWaay, 2003:1).

Nie alle mistiek is egter van die bose, soos wat DeWaay voorgee nie. Nicol (2002:17-18, 43-55, 57-69), sowel as Shadoan (2003:28-30), wys daarop dat die mistiek sy wortels in die Bybel vind en dat die mistiek nog altyd deel van die Christelike kerk se godsdiensbelewenis was (Nicol, 2002:10-12, 18-31, 57-69). Die rasionalisme het egter die Christendom se mistieke skatte verberg. Die rede waarom die Protestantisme slegs enkele mistieke leiers opgelewer het (Nicol, 2002:58-60) en nie veel aandag aan die mistiek geskenk het nie, is omdat die rasionalisme van die Renaissance en die kerkhervormingstydperk nie waardering vir die intuïtiewe en onverduidelikbare inhoude gehad het nie (Nicol, 2002:19).

Om dan TPM se gebedsleer te beoordeel, vereis dat hoofsaaklik gekontroleer word of TPM se mistiek "gesond" of "ongesond" Christelik is (Nicol, 2002:48-53, 57-71). TPM se "mistiek" kan aan Nicol (2002:57-71) se standaarde vir gesonde, Christelike mistiek getoets word ten einde te bepaal of dit reformatories-Skriftuurlik suiwer is al dan nie. Hierdie standaarde is:

a) *Suiwer mistiek glo dat natuur en genade nie in stryd met mekaar is nie.* Nicol (2002:49) beklemtoon dat suiwer mistiek nie teen-natuurlik is nie, maar dat die genade 'n mens help om sy natuurlikheid te behou, verstandig op te tree, die lewe op die regte manier te geniet en om sinvol betrokke te wees in die praktyk van die lewe. TPM lewer presies dié soort resultate.

b) *Suiwer mistiek maak nie die geestelike ervaringskennis los van die Skrif nie.* Nicol (2002:61-64) verwys na ten minste drie groot geeste wat as 't ware met die "Bybel in die hand" gemediteer het, naamlik Augustinus van Hippo (354-430 n.C.), Teresa van Avila (1515-1582 n.C.) en Andrew Murray junior (1828-1917). Murray se "Binnekamer-mistiek" spoor sy lesers sowel as die kerk aan om die Bybel as basis te gebruik vir hul gebedslewe, maar dit moet nie

slegs met die verstand bestudeer word nie. 'n Mens moet wag dat God sy gedagtes aan jou openbaar. "Dan kry jy nie bloot verstandskennis nie, maar 'die lewende, goddelike en ondervindelike kennis'" (Murray, 1919:110-113, 116, 120, 126, 135 soos aangehaal deur Nicol, 2002:64). TPM moedig sy beradenes aan om op God te wag, in die verwagting dat Hy sy gedagtes aan hulle sal openbaar. In die 2007-uitgawe van die handboek maak Smith (2007b:156-157) baie seker dat mense die band tussen die Skrif en hul openbaringservarings duidelik raaksien en reg hanteer. Smith (2007c; vgl. Lotter, 1995:549-560) spel ook baie duidelik uit dat mense se ervaring getoets moet word aan die Woord, en dat die ervaring nie die Woord moet oorskadu nie.

c) *Suiwer mistiek hou God en mens as onderskeie persone in hul eenwording.* Op globale vlak was daar nog altyd mistiek waarin mense so glo dat hulle op hierdie manier met God kan "een word," versmelt of versink, dat hulle deel van Hom word (Nicol, 2002:51). In daardie geval is daar nie meer 'n onderskeid tussen hulle en God nie. Aangesien Oosterse godsdienste dikwels vir God as onpersoonlike *"wêreldsiel"* voorstel, kom hierdie neiging meer algemeen onder dié godsdienste voor. Dit kom egter ook as onsuiwer mistiek in die kerk voor. Die bekende Duitse mistieke teoloog, Meister Eckard (1260-1327 n.C.), word genoem as een persoon wat die onderskeid tussen God en mens laat vervaag het, en derhalwe tot die onsuiwer mistiek gereken kan word (Nicol, 2002:52).

Nicol (2002:52, 65) verduidelik dat gesonde, Bybelse mistiek nie 'n versmeltings- of versinkingsmistiek is nie, maar eerder 'n liefdesmistiek. Daarmee bedoel hy dat die onderskeie persone van God en mens in die eenwording behoue bly, en dat dit om 'n dialogiese liefdesverhouding gaan. Die mens verloor nie sy persoonlikheid nie, maar word bevestig in sy eie persoonlikheid. Volgens die navorser se waarneming en naleeswerk openbaar TPM 'n liefdesmistiek eerder as versmeltingsmistiek.

d) *Suiwer mistiek is 'n verdiepende en inspirerende dienaar, maar word nie die heilsweg nie.* Mistiek wat die eenwording met God so najaag en beklemtoon, dat dit voorkom of daardie mistieke metode die heilsweg word, is ongesond of nie suiwer Bybels nie. Die mistieke belewenisse word in laasgenoemde geval tot die hoogste element van die Christelike lewe verhef. Nicol (2002:53) reken dat Teresa van Avila (1515-1582 n.C.) haar mistieke stilword so oorwaardeer het. Daar is 'n mate van hoogmoed in daardie siening. Volgens die navorser se beskeie mening maak Smith nie van TPM 'n nuwe heilsweg nie. Hy getuig steeds van sy eie bekering en besing slegs die waarde van TPM in soverre dit die Christen kan help op sy weg van heiligmaking en heelwording (Smith, 2006b:1-2).

Die kritiek van 'n persoon soos DeWaay is derhalwe verstaanbaar teen die agtergrond van die rasionalistiese trekke in die Protestantisme, maar wanneer TPM aan suiwerder (as rasionalistiese) standaarde gemeet word, kan dit nie van onskriftuurlike mistiek aangekla word nie. Sonder om verdere aspekte van TPM se gebed te ondersoek, kan tot die slotsom gekom word dat TPM se gebedsleer reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar is.

6.4.10 Demonologie en die bevrydingsbediening

In 'n baie klein onderafdeling van die praktykteorie is die kwessie van demonoloige, geestelike gesag en geestelike oorlogvoering bespreek (2.1.1; 2.3.6). Smith se standpunt in hierdie verband kan net hier herbevestig word, naamlik dat hy die kwessie van demonologie en 'n bevrydingsbediening as 'n randsaak beskou ter wille van die tegemoetkoming van mense met ander verwysingsraamwerke (Smith, 2004g:28-32; vergelyk ook 2.1.1.1). Met die verskyning van die 2007 handboek het Smith sy beleid hieroor verder deurgevoer. Waar die eerste handboek van driehonderd ses-en-veertig bladsye 'n afdeling van vyf-en-veertig bladsye aan demone en die bevrydingsbediening bestee het, is daar in die nuwe uitgawe geen hoofstuk hieroor nie en word die saak hoogstens aangespreek onder *hindernisse* wat hanteer moet word – 'n skrale vier bladsye (Smith, 2007b:124-127).

Miller (2005:25-26) en die *Christian Research Institute,* wat 'n reformatories-behoudende standpunt verteenwoordig, verduidelik dat Smith 'n radikale verandering in sy denke en aanpak ondergaan en aangekondig het sedert 2001. In 2001 het *Christianity Today* 'n artikel van Kevin Bidwell (2001:18) gepubliseer wat Smith se siening en praktyk op daardie stadium bespreek het. Smith het onder andere geleer dat 'n Christen tot honderde demone kan hê wat sy verstand bewoon en beïnvloed, wat die persoon aan sy leuendenke verslaaf, en wat uitgedryf moet word. Intussen het Smith se siening klaarblyklik so na die ander kant geswaai dat Miller (2005:26) self meen dat Smith nou moontlik die duiwel se mag onderskat.

Nietemin kan Smith se basiese uitgangspunte oor die bose, geestelike oorlogvoering en die Christen se gesag kortweg soos volg saamgevat word (vgl. 2.1.1; 2.3.6):

- In kontras met daardie wêreldbeskouing wat God, geestelike magte en godsdiens in een terrein van die kosmos plaas en die empiriese wêreld van die sintuie en die wetenskap in 'n ander terrein plaas, met 'n "uitgeslote middel" tussen die twee terrreine, kry ons by TPM 'n wêreldbeskouing wat volledig erns maak met die geestelike terrein as onmiddellik hier en naby (die uitgeslote middel; Anderson, 2002:33-39). Die empiriese data het die bestaan van 'n

geesteryk en die noodsaak dat die kerk en beraders daarmee rekening hou en die nodige toerusting bekom, treffend onderstreep (4.9.3 d).

- Smith glo dat Adam sy heersersmandaat op aarde met die sondeval aan Satan afgestaan het en dat Satan hierdie posisie behou het, totdat Christus hom die posisie ontneem het met sy opstanding uit die dood (Miller, 2005:26). Die mensheid in die Nuwe Adam is in beginsel in sy heerskappy op aarde herstel.
- Na Christus se kruisiging en opstanding het die Christus-gelowige 'n ander posisie ten opsigte van die duiwel en sy bose geeste as voor Christus se dood en oorwinning (Smith, 2004:33-37). Dit beteken dat daar huidiglik minder van 'n geestesgeveg met die Bose hoef te gebeur ten einde Gods koninkryk te laat realiseer (nie meer soos in die Evangelies geïllusteer nie); vandaar Smith se standpunt dat die Christen net sy Christus-verkreë oorwinningsposisie (defensief) moet handhaaf, en nie nodig het om (offensief) die Bose te oorwin nie (soos in die res van die Nuwe Testament; vgl. Miller, 2005:26).
- Die Christen het groot gesag oor die Bose en kan en moet die Bose weerstaan. Dit kan egter met 'n eenvoudige bevel gebeur en daarmee afgehandel word. Smith ontmoedig egter "the protracted and sensational battles with demons that are all too familiar in the deliverance movement" (Miller, 2005:26).

Onder hierdie afdeling kan verskillende debatspunte opgehaal word soos die vraag of 'n Christen 'n demoon kan hê, of 'n Christen demonies gebind kan wees (vgl. Janse van Rensburg, 1998:37-52), of Christene geraak word deur sogenaamde "generational curses" (DeWaay, 2002:1-8) of TPM se demonologie en metodes van bevryding en geestelike oorlogvoering moontlik onbybels is (vgl. Miller, 2005:25-26). Vir die oomblik word hierdie vrae egter tersyde gestel. Dit word huidiglik aanvaar dat Smith se standpunte, soos hierbo saamgevat, Bybels korrek is, alhoewel verdere kontrolering waarskynlik aan te beveel is (vgl. Janse van Rensburg & Cilliers, 1998:33-57).

Verskillende innerlike genesingsbeoefenaars verwys daarna dat die bediening van innerlike genesing dikwels hand aan hand gaan met 'n bevrydingsbediening (bv. Anderson, 1993; 2002; Kraft, 1993; Horrobin, 2003a; 2003b). Waar daar tog nog kennis geneem word van Smith se werk met "demonized people," soos verklank in artikels in die *Journal of the International Association for Theophostic Ministry* (Smith, 2004c; 2004d), kan met stellige sekerheid beweer word dat die saak van demonologie en 'n bevrydingsbediening in TPM moontlik meer aktueel is as wat oënskynlik voorkom.

Die fokussake uit die empiriese studie moet dus gehandhaaf word, naamlik (a) dat die duiwel en bose geeste 'n definitiewe realiteit is waarmee mense in die gewone lewe sowel as in die beradingspraktyk te doene kry (Bylaag D, punte 6 en 7); (b) dat D1 as voorbeeld kan dien van 'n innerlike genesingsbeoefenaar wat terselfdertyd 'n bevrydingsbediening aanvullend tot TPM bedryf (vgl. 4.9.1.5); en (c) dat TPM beraders daarby kan baat indien hulle ook in die bevrydingsbediening onderlê kan raak (Bylaag D, punte 3.1.3, 6.2 en 10.2.2).

6.4.11 TPM spiritualiteit en die kerklike konteks

Smith (2000a:219-235; 2007b:191-208) het in albei uitgawes van die basiese handboek wat die navorser ter hand gehad het, 'n hoofstuk afgestaan aan die implementering van TPM in die plaaslike gemeente. Hy voer redes aan waarom TPM dikwels met weerstand te kampe kry (vgl. 2.2.6) en hy dien wenke aan die hand om die weerstand te bowe te kom.

Dat enkele van die deelnemers in die empiriese ondersoek (A2 en C4) hulle ook in teenstand by sekere kerke vasgeloop het en by ander nie (vgl. agtergrondgegewens van die deelnemers - 4.8.1), dien as verdere bevestiging van die aktuele rol wat 'n kerk se spiritualiteit speel in die ontvangs van 'n bediening soos TPM. Hierteenoor dien die anti-dualisme gemeenteprojek waarvan C2 in die empiriese ondersoek getuig het, as voorbeeld van 'n kerk wat 'n verstelling in sy spiritualiteit aangebring het met positiewe gevolge vir die ontvangs van TPM sowel as vir die gemeentelede self (Bylaag D, punt 8.3). Deelnemer C2 het in sy gemeente die tendens waargeneem dat gemeentelede se geloofslewe merkbaar gevorder het, soos wat hulle meer bewus geraak het van die Here se werksaamheid in hul lewe. Die belewenis van al meer "theophostic moments" in hul persoonlike sowel as in die gemeentelike lewe het, volgens C2, hiertoe bygedra (Bylaag D, punt 1.2).

TPM word onder andere as 'n proses van Godgewerkte wonders gedefinieer (2.1.3.5; vgl. Smith, 2000a:12; 2000b:5): "Theophostic Ministry is a process of divinely accomplished miracles ... It sets people free from lifelong fears, shame, false guilt, and anxiety, lifting the dark clouds of depression *in a Divine moment.*" Die hartseer realiteit waarmee Smith en TPM telkens gekonfronteer word, is dat die kerk heel dikwels sukkel om die bonatuurlike te aanvaar (vgl. 2.2.6). "We say we believe in the divine, yet we do not possess a miracle mind set." (Smith, 2000a:20.)

TPM kan ook as 'n beradingsmetode beskou word wat geensins op selfwerksaamheid, eie prestasie of eie pogings vertrou ten einde diepvlak heling en bevryding te bekom of te bewerkstellig nie (vgl. 2.1.1 - Smith se geloofsverklaring; vgl. ook Smith, 2007b:23-24, 175-176,

193-194). Die heil en heling in Christus moet van die begin tot einde deur die *geloof alleen*, deur *genade alleen*, deur *Christus alleen* en op grond van die *Skrif alleen* bekom en toegeëien word (vgl. 6.2). Ook in hierdie opsig kry mense wat TPM in kerke wil implementeer, dikwels met weerstand te kampe, klaarblyklik omdat kerke meer dikwels 'n prestasiegedrewe godsdiens nastreef as wat hulself besef (vgl. 2.2.6; Smith, 2007b:193-194).

Hier kan dus gevra word van watter aard of tipe is TPM se spiritualiteit. Vir die navorser se besef, hang dit nou saam met TPM se lewens- en wêreldbeskouing (vgl. Van der Walt, T., 1996:527; Van der Walt, B.J., 2001:299-316). Om TPM se spiritualteit te beoordeel, behoort die gangbare definisies ten opsigte van spiritualiteit verreken te word, sowel as basisteoretiese insigte oor spiritualiteit. Die bestek van hierdie navorsing laat nie voldoende ruimte daarvoor nie. Venter (1998:457-468) het vanuit 'n dieptesnit in Romeine 12 enkele basisteoretiese perspektiewe op die saak gelewer, terwyl hy ook aansluit by die heersende definisies van spiritualiteit. Die volgende ietwat oppervlakkige oefening sluit by genoemde artikel van Venter (1998:457-468) aan en som die volgende tersaaklike waarnemings oor TPM se spiritualiteit op:

- **TPM stuur weg van die tipiese rasionalistiese lewens- en wêreldbeskouing,** wat ook as regstelling op die nasleep van die modernisme gesien kan word (vgl. 5.5.3). Hierdie lewens- en wêreldbeskouing raak onder andere die volgende sienings en waardes van TPM:
  - TPM se **wêreldbeeld** openbaar groter openheid en waardering vir die geestelike dimensie (vgl. 5.5.1).
  - TPM se **Godsbeeld** (vgl. 6.4.2) lê duidelik meer klem op die gevoelsmatige en immanente sy van God die Vader, 'n groter klem op die mensheid van die Seun in sy identifisering met die mens, en 'n groter klem op die persoon, werk en gawes van die Heilige Gees. Veral word die Gees geteken as Trooster, Toepasser van die heil en Begeleier van die heelwordingsproses.
  - TPM se **mensbeeld** (vgl. 6.4.4) teken die mens as 'n drievoudige wese wat ooreenstem met die drievoudigheid van die goddelike Drie-eenheid (vgl. 5.3.5). Alhoewel die diepste denke van die mens in die beradingsproses blootgelê word (as synde leuen- of waarheid-gebaseer; vgl. 2.2.3), stuur TPM tog weg van 'n rasionalistiese mensbeeld en fokus ook op die mens se emosionele en geestelike dimensies (vgl. 6.4.4). TPM fokus trouens op die mens in die geheel van sy gees, siel en liggaam.
  - TPM se **koninkryksiening** hang saam met die grondhouding van 'n algehele afhanklikheid van God en die Gees (vgl. 6.3.3.2), en die verwagting dat God hier en nou reddend sal ingryp (vgl. 6.3.3.1). TPM se koninkryksiening lê groter klem op die realiserende aard

daarvan as daardie teologië wat die koms van die koninkryk volledig uitstel tot aan die einde van die tyd (Venter, 1998:464; vgl. 6.4.8).

- TPM se **demonologie** (vgl. 6.4.10) erken eerstens die bestaan en werksaamheid van die bose ryk, erken voorts die Here Jesus se voldonge oorwinning oor die Bose, en handhaaf in die laaste instansie die mens se herstelde posisie in Christus as heerser en beelddraer van God op aarde.
- Trou aan TPM se wegstuur van die rasionalisme in sy wêreldbeeld, Godsbeeld, mensbeeld, koninkryksiening en demonologie, openbaar TPM **'n verlossingsleer** wat in 'n waarheidsgetroue verlossingsbelewenis moet manifesteer (vgl. 6.4.6). So veelkantig as wat die mens se sonde en ellende is, so rykgeskakeerd is die verlossing in Christus Jesus. Hierdie verlossing moet in sy volheid verkondig en toegeëien word, al vra dit ook 'n nuwe skoling en toewyding in die mistieke elemente van die Christen se geloofs- en gebedslewe (vgl. 6.4.9). Van die TPM berader word trouens verwag om hom of haar aan die geestesdissiplines toe te wy naas die basiese bekwaming in die TPM kennis en vaardigheid (vgl. 6.3.3).

- Hierdie weliswaar oppervlakkige tipering van TPM se spiritualiteit kan afgesluit word deur TPM te meet aan dr. Willem Nicol se indeling van kerklike tradisiestrome (2000:9-13). In terme van Nicol se tradisiestrome sou TPM se spiritualiteit glad nie as *super-gereformeerd* (2000:96-109) bestempel kan word nie. Dit sou heel moontlik as *charismaties* getipeer kon word, aangesien dit net soos die Charismatiese Kerke wegstuur van die rasionalisme (Nicol, 2000:126, 133). Gegee egter Smith se vashou aan sy *Southern Baptist* geloofsbelydenis (Smith, 2006c:1-3) en beklemtoning van die Skrifwoord as beoordelaar van ervaring (Smith, 2007c), sou die navorser ook nie TPM se spiritualiteit as tipies *charismaties* ag nie. Dit kan ewe moontlik as *evangelies-gereformeerd* (Nicol, 2000:83, 90-94) getipeer word, maar die heel beste moontlikheid blyk te wees Nicol (2000:6, 174-175, 182-201) se geponeerde ***postmoderne gereformeerdheid.*** Met die besef van die voorlopigheid van hierdie beoordeling, word die tema hiermee afgesluit.

Thiessen (2003:190-191) het in sy empiriese ondersoek na tradisionele innerlike genesing waargeneem dat die besondere atmosfeer van die beradingspraktyk van Vina Sweetman, stigter van die *Isaiah 40 Foundation* in Montreal, Quebec (2003:161), 'n bydraende faktor was in die heling van die deelnemers. Thiessen se deelnemers was almal beradenes aan dié genoemde praktyk. Dit bevestig dat die spiritualiteit van die bedieningsituasie waarin innerlike genesing aangebied word, tog van bepaalde belang is. Na aanleiding van hierdie waarneming deur Thiessen het die navorser 'n vraag of meer oor dié saak in sy onderhoude met die empiriese deelnemers ingesluit (vgl. onderhoudskedule - 4.6.3 en Bylaag D). Implisiete en eksplisiete

antwoorde op hierdie vrae is aangeteken in Hoofstuk 4 (vgl. 4.9.3) waar rigtingwysers vir die TPM konteks ter sprake is.

Voorts volg 'n opmerking of meer oor die oorhoofse evaluering van TPM.

6.5 'N OORHOOFSE EVALUERING VAN DIE PRAKTYK EN TEORIE VAN TPM

Hierdie hoofstuk se prakties-teologiese evaluering van TPM wou die drade uit vorige hoofstukke bymekaartrek en wou veral die leerstellige suiwerheid van TPM kontroleer. Met die uitsondering van TPM se (aanvanklike) idee dat 'n Christen se herbore gees sondeloos sou wees en dat die basiese denke rondom Smith se sondegebaseerde en leuengebaseerde teologie moontlik nader aan 'n Roomse as 'n reformatoriese standpunt sou wees, blyk dit uit hierdie hoofstuk se oorhoofse evaluering van TPM dat dit origens as reformatories-Skriftuurlik suiwer beskryf kan word in sy praktyk, leer en filosofie. 'n Vollediger opsomming van die evaluering van Hoofstuk 6 word in die slothoofstuk weergegee.

Hierdie hoofstuk sal onvolledig wees sonder 'n paar rigtingwysers oor hoe die basisteorie van TPM moontlik verbreed en verdiep kan word.

6.6 RIGTINGWYSERS TER VERBREDING EN VERDIEPING VAN DIE TPM BASISTEORIE

Dr. Larry Crabb (1987:29) lê, wat die navorser betref, twee belangrike riglyne neer vir die beoordeling van beradingsteorieë en –modelle. Eerstens stel hy dat alle beradingsteorieë in die lig van die Skrif beoordeel moet word. Vervolgens beveel hy aan dat 'n beradingsmodel nie net ooreenstemming met die Skrif moet toon nie, maar eintlik vanuit die patrone of groot temalyne van die Skrif ontwikkel moet word (Crabb, 1987:29): "It is my view that counseling models must demonstrate more than mere consistency with Scripture; they must in fact emerge from it." Met hierdie laaste riglyn in gedagte, word daar nou gepoog om enkele rigtingwysers voor te stel ter verbreding of verdieping van die TPM basisteorie. Daar moet veral ook gelet word op temas wat deur die res van die studie in hierdie verband na vore gekom het.

6.6.1 TPM in terme van die bediening van versoening

Die bediening van versoening, soos dit klassiek in 2 Korintiërs 5:18-20 beskryf word, word deur Richards en Martin (1981:38; vgl. ook Ladd, 1974a:438) as dié bediening van die liggaam van Christus beskou. Hierdie bediening word primêr *inter-persoonlik* verstaan, as iets wat tussen

persone bedien moet word. In die bronne-ondersoek van Hoofstuk 3 is onder andere nagespeur watter terapeutiese benaderings moontlik in EMDR sowel as in TPM figureer. Daar is onder meer aangedui dat beide van ervaringsgebaseerde benaderings gebruik maak (3.4.8 v). Waar TPM byvoorbeeld mense aanmoedig om op spanninge in die liggaam te fokus ten einde in kontak te kom met moontlike verdronge herinneringe en emosies, word van hulle verwag om 'n vriendelike, nie-veroordelende houding teenoor hulself toe te pas. Wat die navorser betref, dui hierdie houding op 'n *intra-persoonlike* toepassing van die bediening van versoening, 'n konsep waarvolgens die belangrike bediening van versoening verder uitgewerk kan word.

In Hoofstuk 2 (2.2.8) is TPM se siening oor vergifnis (van ander) opgesom. In die huidige Hoofstuk 6 is die saak nie geëvalueer nie, aangesien daar nie vrae of kritiek daaromtrent bestaan nie. Een van die unieke bydraes van TPM tot die pastorale praktyk, is dat dit 'n metode voorsien wat mense kan help wat sukkel om hul oortreders te vergewe (vgl. empiriese studie, Bylaag D, punt 2.1.7). Hierdie benadering slaag juis beter as ander innerlike genesingsmetodes, aangesien dit die mens se emosionele sy beter verreken. Ander metodes mag die opdrag tot vergifnis beklemtoon en dan eenvoudig verwag dat die verontregte of innerlik-verwonde persoon moet vergewe as 'n stap van geloof. Die probleem met daardie benadering is dat mense dan steeds nie daarin slaag om "van harte" te vergewe soos byvoorbeeld Matteus 18:35 van ons verwag nie.

TPM se teorie kan verdiep word deur in die definiëring van TPM aan te dui dat dit 'n innerlike genesingsmetode is wat mense kan help om hierdie Bybelse opdrag tot vergifnis van harte uit te leef.

6.6.2 TPM as geloofsbemoeding – geloofskennis, geloofsvertroue en geloofsbelydenis

In plaas daarvan om TPM as "mind renewal" te definieer (vgl. 6.3.1), kan 'n ander Bybelse tema as moontlikheid ontgin word, naamlik die tema van geloofsloutering of –suiwering in 'n Christen se lewe. Hierdie tema is inderdaad een waarby Smith aansluit, byvoorbeeld met *Beginsel Vier* (vgl. 2.2.2). Hy sal byvoorbeeld aandui dat die Here beproewende omstandighede oor 'n mens se pad toelaat, juis om die vrees of leuengebaseerde denke van sy hart te openbaar (bv. 6.3.2.1). Wat vanuit die filosofiese beoordeling van TPM (bv. 5.3.2.2) na vore kom, is dat geloofsontsluiting 'n belangrike rol in enige mens (en selfs samelewing) speel. Dit blyk dus aanbevelenswaardig dat die tema van geloofsbemoediging, soos wat dit in die Nuwe Testament voorkom, deur ander TPM teoretici verder ondersoek moet word.

Met Barth (1982:15-34) se teologiese definiëring van geloof as vertroue, kennis en belydenis in gedagte, kan byvoorbeeld 'n superponering gedoen word. Geloofsbemoediging kan verstaan word as die oordra of fasilitering van geloof, naamlik geloofsvertroue (op emosionele vlak – wat meehelp dat die persoon veilig voel), van geloofskennis (op kognitiewe vlak – wat leuens met waarheid vervang) en geloofsbelydenis (op behavioristiese vlak – wat meehelp tot 'n meer suksesvolle lewe in woord en daad).

6.6.3 TPM as bediening van innerlike genesing (en bevryding)

Op die oog af kan nie veel fout gevind word met Smith se definiëring van TPM as gemoedsvernuwing of vernuwing van die denke nie. Volgens Anderson (1993:10) se onderskeid tussen "berading" wat op die verlede fokus en "bearbeiding" wat op die toekoms en geestelike groei fokus, sal gemoedsvernuwing eerder as bedieningsdoelwit onder bearbeiding tuiskom. 'n Vroeëre verstelling van Smith se videokursus het trouens hierdie gedagtelyn bevestig (vgl. 2.1.3.6). Hy het byvoorbeeld "Tape 3" wat oor gemoedsvernuwing handel, uit die basiese videokursus weggelaat, aangesien "mind renewal" sterker aansluit by dissipelskap (of dan bearbeiding) – 'n saak wat nie primêr in die TPM konteks tuishoort nie (Smith, 2004j).

Soos vroeër in hierdie hoofstuk aangedui (by 6.3.1), bly dit 'n tekortkoming dat TPM nie sterker gedefinieer word in terme van die relatief ryk tradisie van innerlike genesing nie. Alhoewel Smith (2002a:4-6, 230-231; 2004b:12-13) soms na byvoorbeeld Lukas 4:18-19 verwys, vind die navorser nêrens in die TPM materiaal dat daardie tema van innerlike genesing en bevryding, of genadejaar-proklamering, verder ontgin word nie.

Iets wat hand aan hand met daardie bediening van die Here Jesus gaan, is die groot opdrag wat Hy aan sy dissipels gee om sy bediening voort te sit. Hulle moet naamlik die evangelie verkondig, siekes gesond maak, duiwels uitdryf en dooies opwek (bv. Matt. 10:7-8). Dit is dus aan te bevele dat die tema van die voortgesette bediening van die Here Jesus as synde beide die evangelieverkondiging en ook die genesing van die mens – siel, gees en liggaam – verder ondersoek word.

In die uitwerk van die bediening van innerlike genesing, kom dit voor of die fasette van wag op die Here (soos deur die Christelike mistiek en Skrifmeditasie belig; vgl. 6.4.9), selfondersoek, en selfs kla-gebede (vgl. 6.3.2.3) as verdere temas aangeteken kan word waarvolgens innerlike genesing verstaan en uitgewerk kan word.

6.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is TPM prakties-teologiese geëvalueer in die lig van waarheidsmomente uit die TPM situasie, sowel as uit die Skrif en die reformatoriese tradisie (vgl. 1.3). Die primêre doelwit van die navorsing was/is om te kontroleer of TPM na sy filosofie, leer en praktyk reformatories-Skriftuurlik suiwer is. Die sekondêre doelwit was/is om te bepaal in watter mate die TPM praksis verbeter kan word. Derhalwe is met hierdie hoofstuk se prakties-teologiese evaluering daarop gekonsentreer om TPM se filosofie, leer en praktyk aan die reformatoriese tradisie te toets. Hierdie toetsing het in 'n sekere sin reeds in Hoofstuk 5 met die filosofiese beoordeling begin.

Die wyse waarop Hoofstuk 6 TPM getoets het ten opsigte van leersuiwerheid, was om eerstens die kernwaarhede van die reformatoriese tradisie op te som (vgl. 6.2.1). Hierdie kernwaarhede moes vervolgens in die lig van die pastorale beradingsmodel wat geëvalueer word, sowel as die postmoderne era waarin ons leef, toegespits word (vgl. 6.2.2). Daarna is die TPM praktyk (6.3) en die TPM teorie (6.4) geëvalueer. Die werkswyse (vgl. 1.5) wat gevolg is, was om die data uit die metateoretiese hoofstukke (Hoofstukke 3, 4 en 5) in hermeneutiese gesprek te stel met TPM se aanvanklike praktyk-teorie (Hoofstuk 2), die kritici van TPM (vgl. 2.4) en die reformatoriese teologiese tradisie – soos hierbo (by 6.2) opgesom.

Die hoofstuk is afgesluit met 'n kernagtige opsomming van die oorhoofse evaluering van TPM (6.5; sien ook 6.4.11) en daar is enkele rigtingwysers voorgestel waarvolgens die basisteorie van TPM verdiep en/of verbreed kan word (6.6).

Met die slothoofstuk word beoog om die bevindinge van die totale studie op te som en saam te vat ten einde finaal aan te dui of TPM reformatories-Skriftuurlik aanbevelenswaardig is vir die gereformeerde pastorale praktyk en watter voorstelle gemaak kan word ter verbetering van die TPM teorie, praktyk en konteks.

HOOFSTUK 7
SAMEVATTING EN BEVINDINGE

7.1 INLEIDING TOT DIE HOOFSTUK

Hoofstuk 1 van hierdie navorsing het op die indrukwekkende *suksesaansprake* (vgl. 1.2.2) van *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) as 'n innerlike genesingsmetode gewys. Daar was ook melding gemaak van gevallestudies en omvattender navorsingsprojekte (vgl. 1.2.3) wat onderskeidelik teen 2004 en 2008 voltooi is en wat as empiriese bewyslewering dien ter steuning van die effektiwiteit en blywendheid van TPM se behandelingsresultate.

Die hoofsom van *skeptisisme* (vgl. 1.2.4) uit die Christengemeenskap jeens TPM is dat daar vrae bestaan ten opsigte van belangrike leerstellige en lewensbeskoulike uitgangspunte van TPM, sowel as oor sekere tegnieke wat dit sou gebruik (vgl. ook 6.3.2.2). Daarbenewens veroordeel eksponente van die anti-psigologie beweging (1.2.4; vgl. 2.4.1.1; 2.4.1.5) vir dr. Ed Smith dat hy insigte, teoretiese konstrukte en tegnieke uit die sekulêre psigologie in sy benadering geïntegreer het. Sou die sondeleer en meegaande verlossingsleer en heiligmakingsleer van TPM dan byvoorbeeld onskriftuurlik wees, soos sekere van die evalueerders aandui, dan moet dit verstel word alvorens TPM in die gereformeerde pastorale praktyk aanvaar kan word. Dieselfde argument geld vir TPM se lydingsleer, genesingsleer, antropologie, Skrifbeskouing, openbaringsleer en so meer.

Wat die navorsing oor TPM verder *aktueel* maak, is dat die voorlopige bronnestudie na innerlike genesing *leemtes, voorbehoude en moontlikhede* (vgl. 1.2.5) geïdentifiseer het wat ook vir TPM geld. Een *leemte* in verband met innerlike genesing wat aangeteken is, was dat aangesien baie skrywers en beoefenaars in die innerlike genesingsbeweging uit die leke-geledere van die kerk kom, die teologiese en teoretiese begronding van innerlike genesing dikwels akademies arm is. Dit stem ooreen met soortgelyke kritiek teen Smith dat sy teologiese en filosofiese begronding van TPM uitbreiding kortkom (1.2.5).

'n Volgende *leemte* wat nou met bogemelde gebrek insake die teoretiese begronding saamloop, is die behoefte aan 'n verantwoorde verwysingsraamwerk waarvolgens bydraes uit ander dissiplines beoordeel en in die pastorale praktyk geïntegreer kan word (vgl. 1.2.6).

Voorbehoude wat genoem is (vgl. 1.2.5), is dat tradisionele innerlike genesing alleenlik aanvaarbaar sal wees as die teoretiese en teologiese begronding daarvan voldoende is, as daar nie leersuiwerheidsvrae oor die leerstellige en filosofiese vertrekpunte daarvan bestaan nie, en as die vertwyfeling oor innerlike genesingstegnieke wat ooreenkomste toon met tegnieke uit die okkultisme, spiritisme, sjamanisme, *New Age* en dies meer, effektief besweer is.

Velthuysen (vgl. 1.2.5) het *die moontlikheid* genoem dat tradisionele innerlike genesing die gereformeerde pastorale bediening kan verryk, aangesien dit eintlik in die charismatiese kringe ontstaan het. Alhoewel TPM in 'n Baptistiese kring ontstaan het, gegee die agtergrond van Smith (vgl. 2.1.1) die ontwikkelaar daarvan, bestaan daar dieselfde moontlikheid dat ook TPM die gereformeerde bedieningspraktyk kan verryk. Sou hierdie navorsing dus TPM as reformatories-Skriftuurlik suiwer kan bewys, dan het ons in TPM ten minste een metode van innerlike genesing wat vir die gereformeerde bedieningspraktyk bruikbaar is.

Die uitdaging waarvoor hierdie navorsing dus te staan gekom het, was om vas te stel of TPM wel reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar is en hoe kan of moet die praktyk, teorie en konteks van TPM moontlik verbeter word (vgl. 1.2.7).

In aansluiting by die voorafgaande inleidende gedagtes, wil hierdie hoofstuk nagaan of die oorkoepelende navorsingsvraag, sowel as die ander samehangende navorsingsvrae, beantwoord is. Die insigte en bevindings van die onderskeie hoofstukke moet hier byeengebring word en daar moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word. Daar sal veral gefokus word op die reformatories-Skriftuurlike suiwerheid – en derhalwe aanvaarbaarheid - van TPM, sowel as aan voorstelle ter verbetering van die teorie, praktyk en konteks van TPM. Ten slotte sal enkele aanbevelings oor verdere moontlike navorsing gemaak word.

7.2 DIE OORKOEPELENDE EN ANDER NAVORSINGSVRAE

Die oorkoepelende navorsingsvraag wat hierdie navorsing dus moes beantwoord, was (vgl. 1.2.7): **Kan TPM na sy filosofie, teorie en praktyk as 'n model vir die fasilitering van innerlike genesing aanbeveel word vir die reformatoriese bediening of moet regstellings eers aangebring word alvorens dit op meer as pragmatiese terme aanvaarbaar sal wees, en watter voorstelle ter verbetering van die TPM teorie, praktyk en konteks kan gedoen word?**

Hoofstukke 2 tot 7 het elk 'n onderafdeling van bogenoemde vraag hanteer. Die navorsingsvraag is dan ook in die volgende samehangende navorsingsvrae onderverdeel en soos volg aan die onderkeie hoofstukke toebedeel:

- Hoofstuk 2: Wat behels TPM in terme van sy filosofie, teorie en praktyk en watter fasette daarvan is moontlik aanvegbaar? ['n Eerste Praktykteorie]
- Hoofstuk 3: Watter verheldering lewer 'n vergelykende studie na *Eye Movement Desensitization and Reprocessing (EMDR)* as 'n psigoterapeutiese benadering ten opsigte van die verstaan en beoordeling van TPM? ['n Metateoretiese bydrae]
- Hoofstuk 4: Watter lig werp 'n empiriese studie op die filosofie, teorie en praktyk van TPM? ['n Metateoretiese bydrae]
- Hoofstuk 5: Watter lig lewer 'n filosofiese beoordeling van TPM en sy vernaamste kritici vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee? ['n Metateoretiese bydrae]
- Hoofstuk 6: Hoe moet TPM prakties-teologies geëvalueer word ten opsigte van sy filosofiese en leerstellige onderbou, sowel as praktyk? ['n Verstelde Praktyk- én Basisteorie vir TPM]
- Hoofstuk 7: Watter bevindinge kan, ten slotte, vanuit die prakties-teologiese beoordeling van TPM, sowel as vanuit die totale studie, gemaak word rakende die TPM teorie, praktyk en konteks?

Vervolgens word die eerste been van die oorkoepelende navorsingsvraag aan die orde gestel, naamlik of TPM reformatories-Skriftuurlik suiwer en derhalwe aanbevelingswaardig vir die gereformeerde bedieningspraktyk is. Daarna sal gegewens wat dui op die bevestiging, verbetering, aanvulling of korrigering van TPM uit die verskillende hoofstukke opgesom en finaal beoordeel word.

7.3 'N OORHOOFSE EVALUERING VAN TPM

Die data uit die empiriese studie (vgl. 4.9.1.10) het aangedui dat die deelnemers geen noemenswaardige probleme met die Skriftuurlikheid van TPM ervaar het nie. In Hoofstuk 6 is hoofsaaklik daardie data aan die kernwaarhede van die reformatoriese tradisie getoets. Kritiek van ekstreme en gematigde kritici is deurgaans verreken en ook in die bespreking betrek. Verder is die data uit die ander metateoretiese hoofstukke, naamlik Hoofstuk 3 oor EMDR en Hoofstuk 5 in verband met die filosofiese evaluering van TPM ook verreken. Dan is daar deurgaans terugverwys na TPM se praktykteorie, hoofsaaklik soos dit in Hoofstuk 2 weergegee is.

Vanuit die totale samespel van data en 'n deurlopende kontrolering aan die reformatoriese teologiese tradisie, kan die volgende evaluerende bevindinge vanuit Hoofstuk 6 hier opgesom word:

- Alhoewel die **benaming** *Theophostic Prayer Ministry* 'n goeie aanduiding bied van wat in TPM gebeur, blyk daar tog gegewens te wees wat daarop dui dat TPM eerder gebeds*berading* as gebeds*bediening* genoem moes wees (vgl. 6.3.1).
- Die **definiëring** van TPM as "mind renewal" kan misverstaan word as dat die bediening 'n vorm van dissipelskap of geestelike groei behels instede van innerlike genesing, die tradisie van waaruit dit ontwikkel het (vgl. 6.3.1). Intussen is geestelike groei of heiligmaking bloot die breër konteks waarbinne innerlike heling verstaan moet word.
- Die **"teruggaan na herinneringe in die verlede"** word deur die psigologie gestaaf, sowel as die reformatoriese antropologie, die empiriese data en die Bybel (vgl. 6.3.2.1). Die opdrag tot vergifnis van ander impliseer 'n teruggaan na die gebeure wat vergeef moet word, en die insident by die see van Tiberias waar Jesus vir Petrus in sy menswees en roeping herstel het (Joh. 21), dien as bewyse. Hierdie argumentering het dan glad nie eens daardie Skrifdele ondersoek wat daarop dui dat die Here Jesus se aardse bediening én voortgesette bediening vanuit die hemel 'n definitiewe heling van *verbryselde harte* insluit nie (bv. Luk. 4:18-19, Bybel 1953).
- Die data ondersteun Smith se stellings en beleid dat TPM nie van **tegnieke** (vgl. 6.3.2.2) soos hipnose, visualisering of begeleide verbeelding gebruik maak nie. Smith is bewus van die riskantheid van (sekere van) hierdie tegnieke en tref die nodige voorsorgmaatreëls om daarby verby te stuur. Daar kan egter bewyse aangevoer word wat daarop dui dat die kritici 'n tegniek soos begeleide verbeelding onnodig veroordeel as behorende tot die okkultisme, spiritisme en sjamanisme. Verbeelding is een van die mens se ingeskape vermoëns wat tot eer van God of tot sy oneer aangewend kan word; en dit blyk boonop dat dit in elk geval die kader is waarbinne religieuse ontmoetings met God ervaar word.
- **Dat God lig gee** in TPM deur die openbarende werking van die Heilige Gees kom ooreen met wat ook in tradisionele innerlike genesing gebeur (vgl. 6.3.2.4). Die saak is vollediger onder TPM se openbaringsleer en Skrifbeskouing bespreek.
- Data oor die rol van **die tipiese TPM berader** lewer insigte ten opsigte van 'n hoopvoller lydingsleer as die algemene meer fatalistiese lydingsleer (vgl. 6.3.3.1). Die TPM berader tree as medewerker van God op wat met intreegebed meehelp dat God se reddende ingrype in innerlik verwonde mense se lewens realiseer.

- Dat die TPM berader met 'n houding van **totale afhanklikheid** teenoor Christus en die Heilige Gees opereer, is waarskynlik die aanleiding dat die Heilige Gees 'n oper kanaal vind vir die manifestering van sy **geestesgawes** (vgl. 6.3.3.2).
- Die **vals geheue-debat** bly 'n aktuele kwessie, maar Smith blyk genoegsaam bewus te wees van die riskantheid van hierdie saak en het volgens alle redelike standaarde genoegsame voorsorgmaatreëls in sy opleidingsmateriaal daargestel (vgl. 6.4.1.3).
- Die data dui aan dat TPM, net soos tradisionele modelle van innerlike genesing, 'n reformatories-Skriftuurlike **Godsleer** openbaar (vgl. 6.4.2). Spesifieke aksente wat deur TPM na vore gebring word (vgl. 6.4.2.1), is God se nabyheid (immanensie) teenoor sy afstandelikheid (transendensie), die rol van die Seun in sy identifisering met die mens in die totaliteit van sy sonde en ellende, en die werking van die Heilige Gees as Trooster en Toepasser van die heil. Die Heilige Gees word ook erken en gevolg as die eintlike Berader in die TPM proses. Ten einde die nadruk wat TPM op die charismata plaas vir die pastorale praktyk te verreken, sal deeglike besinning oor die rol van die dispensasionalisme vereis.
- Data oor TPM se **openbaringsleer en Skrifbeskouing** beklemtoon "dat God groter spreek as die Skrif" (vgl. 6.4.3). Hierdie benadering stuur dus weg van 'n verabsolutering van die Skrifwoord ten gunste van die Wysgerig-begronde en dogmaties-ondersteunde verstaan van die Woord as Skeppingswoord, Vleesgeworde Woord en Skrifgeworde Woord. TPM se openbaringsleer en Skrifbeskouing blyk reformatories aanvaarbaar te wees.
- Teoretici wat TPM se **antropologie** vanuit 'n dichotomiese paradigma beoordeel, vind veelal probleme met TPM se trichotomiese uiteensetting (vgl. 6.4.4). Die empiriese data en data uit die filosofiese hoofstuk bied ruimte vir 'n trichotomiese mensbeskouing. Die reformatoriese tradisie kan net nie akkoord gaan met Smith se lering van 'n sondelose herbore gees by die Christen nie. Dit lyk egter of Smith homself in dié laasgenoemde opsig hersien.
- Die **sondeleer, verlossingsleer en heiligmakingsleer** is dié afdeling in TPM wat volgens die data die sterkste gedebatteer word ten opsigte van leersuiwerheid (vgl. 6.4.5). Smith se aanvanklike onderskeid tussen sondegebaseerde en leuengebaseerde teologie was, terugskouend beoordeel, dalk 'n ongelukkige keuse wat onnodig verwarrend was. Smith se vertrekpunt van 'n trichotomiese mensbeskouing maak die saak reeds heelwat duideliker. Die mens se gees word met wedergeboorte en regverdigmaking nuut, wat die mens in sy identiteit en aard tot 'n heilige en geheiligde stempel. Afgesien van Smith se dwaling dat die Christen in sy gees absoluut sondeloos sou wees, probeer Smith net wegstuur van die sondebehepte mensbeskouing wat dikwels die Christen se optimale uitleef van die nuwe lewe verhinder. Data uit die empiriese studie, 'n fenomenologiese studie en veral uit Hoofstuk 5 - wat die voorkoms van die deterministiese effekte van onverwerkte herinneringe in konteks plaas -

stempel TPM se sondeleer, verlossingsleer en heiligmakingsleer as steeds Bybels. Dit mag wees dat die tersaaklike reformatoriese leerstuk van *simul justus et peccator* in die lig van TPM se Rooms-Katolieke standpunt hieroor hersien moet word, of anders moet aanvaar word dat TPM in hierdie verband afwyk van die reformatoriese tradisie.

- Dat God nog altyd die outeur van alle **genesing** was en is, is 'n aanvaarde reformatoriese waarheid (vgl. 6.4.7). Die kerke van die reformasie het egter ook tydens die *Renaissance* slagoffer geword van die rasionalisme; derhalwe is nie alles wat rasioneel bely word ervaringswerklikheid in die kerke nie. Die genesingsleer van TPM kan heel waarskynlik beter uitgewerk word, maar die data wat in hierdie evaluasie benut is, dui daarop dat dié leer van TPM tog ook reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar is.
- Weer eens geld dit dat teoretici wat vanuit 'n sekere paradigma werk, moeilik vrede maak met trekke van TPM se leer en praktyk wat van 'n ander paradigma spreek. Die navorser gee toe dat die meer hoopvolle **lydingsleer** van TPM (vgl. 6.4.8) vir sekere reformatoriese denkers problematies mag wees, maar daar kan eweneens aangevoer word dat die komende koninkryk van God tog ook in die hede realisering vind, al sal die finale realisering eers eendag aanbreek.
- **Gebed** is die uitstaande kenmerk in TPM se beradingsprosedure (vgl. 6.4.9). Die mistieke element in die *Theophostic* gebedsbediening het om nadere ondersoek gevra, aangesien mistiek normaalweg met die Oorsterse nie-christelike godsdienste verbind word en aangesien daar ook in die Christelike mistiek ongesonde uitwasse voorkom. Die data wat vir hierdie evaluering ter tafel was, dui daarop dat TPM tog die toets vir gesonde Christelike mistiek kan slaag. Gegee die postmoderne era waarin ons leef en hoe die kernwaarhede van die reformatoriese tradisie in hierdie denkklimaat toegepas moet word, kan TPM se gebedsleer, die mistieke element daarvan ingesluit, tog 'n stempel van goedkeuring kry.
- Dit is reeds in die praktykteorie (Hoofstuk 2) aangedui dat Smith die saak van **demonologie en bevryding** op die agterste gestoeltes van sy opleidingsmateriaal hou ten einde nie mense wat by die voorportaal van TPM instap, af te skrik as hulle dalk vreemd is met die terrein nie (vgl. 6.4.10). Boonop het Smith in die onlangser tye 'n nuwer aanpak in die saak ontwikkel. Dit is te waardeer dat hy nie die saak systap nie, en ook nie meedoen aan die sensasionele wat dikwels met bevrydingsbedieninge gepaard gaan nie. Wat veral uit die 2007 handboek (en aangepaste geloofsverklaring) blyk, is dat hy sy beradenes toerus om hul eie wil en geloof in te span en om, sover moontlik, die duiwel self te weerstaan in enige moontlike geestestryd (vgl. 6.4.10; asook 2.1.1; 2.3.6).
- Die **spiritualiteit** van TPM is aan die hand van TPM se leer- en lewenskoulike sake, sowel as 'n rigtingwyser oor definiërende komponente van spiritualiteit beoordeel (vgl. 6.4.11). Gemeet aan dr. Willem Nicol se plasing van gereformeerdheid binne die breër konteks van die *super-*

gereformeerde, evangelies-gereformeerde en *charismatiese* strome, oordeel die navorser aan die hand van die beskikbare gegewens dat TPM die beste tuiskom onder Nicol se voorgestelde *post-modene gereformeerdheid.* Die empiriese data dui op 'n terloopse wyse aan dat juis daardie gemeente wat 'n verstelling in sy spiritualiteit aangebring het, 'n besonder gunstige klimaat vir die ontvangs en implementering van TPM gebied het.

7.4 VOORSTELLE TER VERBETERING VAN DIE TPM PRAKTYK, TEORIE EN KONTEKS

In **Hoofstuk 2** is 'n eerste praktykteorie (vgl. 1.5.1.1) van TPM opgesom en omskryf. Die waarde daarvan dat TPM se filosofie (2.1), teorie (2.2) en praktyk (2.3) so gepeil en uitgespel is, is dat die navorser, en hopelik ook die leser, TPM van nader kon leer ken. Dr. Smith en die TPM benadering waaraan hy geboorte gegee het, het vanuit die staanspoor debat ontlok in die kerklike wêreld. Die vernaamste protagoniste (2.4.2) en antagoniste (2.4.1) met die aanvang van hierdie navorsing (in 2004), en hul tersaaklike bydraes is ook in Hoofstuk 2 aangeteken.

Hoofstuk 3 het 'n kort inleiding gebied oor die vernaamste skole in die psigologie (3.2), waarna die ontstaansagtergrond van traumateorie (3.3) kursories aangeteken is. Dit het die weg voorberei om EMDR (3.4) as 'n besondere psigoterapeutiese benadering vir die behandeling van traumaverwante probleme op 'n ondersoekende wyse aan die leser voor te stel. Daar is nader kennis geneem van die talle ondersteunende wetenskaplike studies in verband met die werking en effektiwiteit van EMDR (3.4.3), van die metingskale betrokke (3.4.3.1), die basiese waarnemings-komponente ter sprake (3.4.4), die praktiese stappe van die EMDR prosedure (3.4.5), die verskillende psigoterapeutiese benaderings wat in EMDR geïntergreer is (3.4.8) en die versnelde informasieprosesseringsteorie wat dr. Francine Shapiro as werkingshipotese vir EMDR voorgestel het (3.4.7), asook enkele spekulatiewe verklarings oor die rol wat die oogbewegings of alternatiewe duale stimulasies in die proses mag speel (3.4.6).

Aan die hand van die gegewe inligting is EMDR en TPM met mekaar vergelyk en 'n verskeidenheid ooreenkomste (3.5.1) sowel as verskille (3.5.2; 3.5.3) is waargeneem. Daarna is 'n opsomming gemaak van die belangrikste verhelderende insigte wat Hoofstuk 3 opgelewer het in verband met die verstaan en beoordeling van TPM (3.6). Die hoofsake daarvan word hier kortweg weergegee:

- TPM is nie heeltemal nuut en deur die Here gegee nie, want dit steun ook op ander psigoterapeutiese benaderings, konsepte en tegnieke (vgl. 3.4.8.1 en 3.5.4).

- Die volgende bevestigings vir TPM kan vanuit die ondersoek na EMDR aangeteken word (vgl. 3.6.1):
  - TPM se "more than tolerable" en "maintenance-free recovery" kom ook by EMDR voor;
  - daar is algemene bevestiging vir TPM se huis-met-twee-kamers-teorie;
  - TPM konsepte, faktore en prosedures vind bevestiging in soortgelyke EMDR elemente; en
  - TPM se eklektiese metode vind bevestiging, selfs aanbeveling, in EMDR se integrering.

- Die volgende aanvullings, verrykings en/of verdiepings ten opsigte van TPM is geïdentifiseer (vgl. 3.6.2):
  - Benut EMDR se versnelde informasieprosesseringsteorie om TPM se werkingsteorie te verryk en/of te verdiep.
  - Ondersoek alternatiewe wyses vir teruggaan na pynlike herinneringe naas die "emosionele rookspoor" na aanleiding van EMDR se beligting van assosiatiewe netwerke en patrone.
  - Benut TPM meer effektief vir die opbou van beradenes se interne bronne (vertroue in self, God, die berader en metode) volgens 'n soortgelyke aanwendingsmoontlikheid van EMDR.
  - Voorkom hertraumatisering met TPM deur aanvullende gebruik van EMDR tegnieke.
  - Genees veelvuldige trauma deur "saambondeling" van soortgelyke insidente, soos by EMDR.

- Die volgende korrigerings of aansuiwerings ten opsigte van TPM word vanuit die ondersoek na EMDR voorgestel (vgl. 3.6.3):
  - Die TPM faset van "God wat lig gee" behoort deur verrekening van ten minste die een unieke kenmerk van EMDR, naamlik die ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme (naas die unieke oogbewegings of alternatiewe vorme van duale stimulasie) gebalanseer te word.
  - EMDR belig moontlike eensydighede in TPM se waardering en prosessering van kognisies én emosies. Onder hierdie korrigerende verheldering is basies aangedui dat TPM se kognitiewe siening van die psigologiese prosesse nie verkeerd is nie, maar onvoldoende. Die rol van emosies by die ontstaan en regstelling van die "gevriesde" herinneringe moet beter verreken word in die TPM teorie, en EMDR se versnelde informasieprosesserings-teorie bied 'n meer bevredigende verklaring daarvoor.

In **Hoofstuk 4** vind ons die neerslag van 'n kwalitatiewe empiriese studie na TPM. Die uitdagings was hoofsaaklik om die riglyne vir geldige en betekenisvolle kwalitatiewe empiriese ondersoeke te verreken (vgl. 4.4), 'n simbolies-verteenwoordigende ondersoekgroep saam te stel (4.5), sowel as

'n weldeurdagte onderhoudskedule (4.6), sodat nie alleen die belangrikste navorsingsvrae (vgl. 4.6.1 en 4.6.2) ter sprake sou kom nie; dit moes ook by wyse van gepaste onderhoudsvrae (vgl. 4.6.3) gevra word. Daarbenewens moes genoegsame kontroles ingebou word sodat die deelnemers se indrukke oor TPM se leersuiwerheid geverifieer kon word.

Die resultaat van die onderhoude en verskeie rondtes ontleding wat algaande gedoen is, is onder punte 4.8 en 4.9 weergegee. Dit bied hoofsaaklik agtergrondgegewens oor die deelnemers (vgl. 4.8.1), 'n beskrywing van die data-ontledingsproses (vgl. 4.8.2) en die derdevlak evaluering en weergawe van die data (vgl. 4.9). In Bylaag D is die eerste en tweede rondtes van data en data-ontleding weergegee. Samevattend kan afgelei word dat die deelnemers basies tevrede was met die Skriftuurlikheid van die filosofie, teorie en praktyk TPM (vgl. 4.9.1.10) en talle verhelderings het na vore gekom wat die praktyk (4.9.1), teorie (4.9.2) en konteks (4.9.3) van TPM kan help verbeter. Die hoofgedagtes word vervolgens kortliks opgesom:

Afleidings en voorstelle ten opsigte van **die TPM praktyk** (vgl. 4.9.1):

- *Theophostic Prayer Ministry* werk!
- 'n Tipiese *Theophostic* sessie kan aan die hand van die empiriese data beter verstaan word.
- Enkele punte van kritiek, byvoorbeeld dié insake letterlike verskynings van God, twyfelagtige tegnieke wat TPM sou gebruik en die vals geheue-debat word deels deur die verhelderende data weerlê.
- Meer lig oor hindernisse wat te doen het met "beskermende leuens" en rasionalistiese denke het na vore gekom.
- Die onderhoud met deelnemer D1, wat afwyk van die tipiese TPM benadering, het interessante en verrykende besonderhede opgelewer, byvoorbeeld in verband met die voorkoming van hertraumatisering van beradenes met komplekse trauma.
- Die data het die verrassing opgelewer van 'n (beperkte) begronde teorie wat kan meehelp om hertraumatisering tydens TPM meer effektief te voorkom.
- Belangrike vereistes en wenke vir 'n effektiewe TPM berader is deur die empiriese data onderstreep.
- 'n Verskeidenheid ander wenke ter verryking van die TPM beradingspraktyk is geïdentifiseer, soos byvoorbeeld dat TPM, of 'n soorgelyke innerlike genesingsbenadering, onder 'n ander naam aan Suid-Afrikaners bekend gestel moet word – 'n naam wat beter aansluit by mense se spreektaal en verwysingsraamwerk. 'n
- TPM beoefenaars beperk God nie tot slegs die TPM benadering nie; met ander woorde, die besorgdheid dat alle berading oor die TPM boeg gegooi mag word, is effektief besweer.

Afleidings en voorstelle ten opsigte van **die TPM teorie** (vgl. 4.9.2):

- Daar is 'n algemene bevestiging vir die sogenaamde tweekamerteorie van TPM.
- Onder andere deelnemer D1 se geval het voorstelle gebied ten opsigte van traumaberaad, rasionalistiese denke en die onkunde oor die geesteryk in die kerk en psigoterapie.
- Daar is empiriese bevestiging vir die veronderstelde ooreenkomste tussen EMDR en TPM.
- Die belangrikste leerstellige en filosofiese vertrekpunte van TPM wat verder in Hoofstukke 5 en 6 beoordeel moes word, is deur die empiriese gegewens belig.
- Deelnemer G1 se beoordelingsmaatstaf ten einde die Skriftuurlikheid van 'n pastorale model soos TPM te evalueer, blyk 'n werkbare en geldige maatstaf te wees. Hy het ook enkele leerstellige en beradingsfasette van TPM op voorlopige wyse beoordeel.
- Die bydrae van die innerlike genesingsberader, F1, wat 'n uitgesproke afkeer van charismatiese modelle sou hê, het eweneens verrassende aksente opgelewer. Onder andere het hy die noodsaak daarvan beklemtoon dat bonatuurlike werkinge in die beradingsessie altyd getoets moet word aan die Skrif en volgens onderskeidingsgawes wat God gee, dat die balans tussen geestelik en natuurlik behou moet word, dat daar inderdaad op die Heilige Gees en sy gawes gesteun moet word, en dat die kerk en sy teologiese arbeid tog nie 'n dowe oor vir die praktyk en praktykuitdagings moet draai nie.
- Die kenleer waarmee TPM werk, soos wat uit die empiriese gegewens afgelei kan word, staan definitief nie in die greep van die rasionalisme nie, maar oorbeklemtoon wel moontlik die geestelike pool van die natuur-genade-dualisme.

Afleidings en voorstelle ten opsigte van **die TPM konteks** (vgl. 4.9.3):

- Die kerk moet werklik erns maak met die bediening van versoening.
- Die kerk moet die kernboodskap van bevryding in Christus diepgrypender oordra en leer. Die verlossing wat God in Christus beskikbaar stel, het vele dimensies, soos blyk uit die lig wat God tydens *Theophostic* momente gee. Die verlossing in Christus het ook opwindende gevolge vir die Christen se identiteitsbesef, sowel as sy gesagvolle en oorwinnende lewe.
- Die kerk en sy teologie moet daadwerklik erns maak om die houvas van die rasionalisme op ons teologie en geloofslewe te ontworstel.
- Die kerk moet erns maak om die realiteit van die geesteryk te erken en reg te verreken in sy teologie, opleiding en lewe.
- Die kerk moet meer ruimte maak vir die Heilige Gees en sy gawes.
- Die teologie moet erns maak met die Skrif sowel as met die praktyk – in hierdie geval die pastorale praktyk van innerlike genesing en bevryding.

In **Hoofstuk 5** is die hoofsake van die Wysbegeerte van die Wetsidee (5.2) opgesom. Daarmee is die navorser se filosofiese verwysingsraamwerk meegegee. Die implisiete doel daarvan is ook om in die genoemde leemte wat in Hoofstuk 1 (by 1.2.6; vgl. 5.4.4.3 en 7.1) aangeteken is, te voorsien. Met behulp van hierdie verwysingsraamwerk is 'n faset of meer van die Christelik-wysgerige antropologie uiteengesit (5.3). Aan die hand daarvan is die dikwels gelewerde én aktuele kritiek dat innerlike genesing en TPM 'n psigiese en omgewingsdeterminisme koester, hopelik afdoende weerlê (5.3.1 tot 5.3.3.2).

Die verhelderende korrigering wat vanuit die vergelykende studie na EMDR in Hoofstuk 3 (3.6.3.2) aan die hand gedoen is, is ook met hierdie filosofies-antropologiese beoordeling bevestig. Daarmee is naamlik 'n meer bevredigende verklaringsmodel vir TPM se kognitief-kousale kernteorie voorgestel (5.3.4).

Dan is daar enkele pennestrepe getrek om vanuit die Wysbegeerte van die Wetsidee aan te dui dat TPM se trichotomiese antropologie vir die reformatories-wysgerige standpunt aanvaarbaar kan wees (5.3.5).

Eksponente van die anti-psigologie beweging figureer sterk in die TPM debat; derhalwe is die beweging in sy vernaamste kritiek jeens TPM in die lig van die Wysbegeerte van die Wetsidee beoordeel en daar is aangedui dat hulle self die Christelike balans, soos deur hierdie wysbegeerte belig, skort (5.4.1 tot 5.4.3). In die gang van daardie beoordeling is enkele implikasies uitgespel, byvoorbeeld dat TPM wel by die sekulêre psigologie mag leen (5.4.4.1), dat TPM gerus moet oorweeg om die konstruk van 'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme in sy teorie in te bou (5.4.4.2), en dat psigologie 'n bestaansreg het, maar verchristelik moet word (5.4.4.4).

Hoofstuk 5 het, ten slotte, waarnemings oor TPM se wêreldbeeld (5.5) en kenleer (5.5) gemaak wat in Hoofstuk 6 verder bespreek is.

Die prakties-teologiese evaluering van **Hoofstuk 6** insake TPM is hierbo onder punt 7.3 saamgevat. Daar is hoofsaaklik op die leersuiwerheid van leerstellige, filosofiese en praktiese aspekte van TPM gefokus. Die volgende sake ter bevestiging of verbetering van die teorie, praktyk of konteks van TPM kan hier aangeteken word:

- Daar is definitiewe ooreenkomste tussen **"stirring up the darkness" en rousmart** (6.3.2.3). Die raakpunte wat TPM met EMDR toon, vestig die aandag nog sterker op die

desensifiserende faset van die prosedure. Die implikasie hiervan is dat TPM die aktualiteit van onafgehandelde rouwerk sterker moet verreken ('n rigting waarin die nuwe Stap 8 reeds dui) en moontlik ook beter uit die Skrif moet begrond.

- Die data uit beide die empiriese studie en die vergelykende ondersoek na EMDR dui aan dat Smith se **huis-met-twee-kamers-teorie** wetenskaplike steun geniet (6.4.1.1).
- Die metateoretiese ondersoek van Hoofstuk 3 (na EMDR) lewer onder andere die insig ten opsigte van **'n ingeskape psigologiese selfgenesingsmeganisme** wat waarskynlik meewerk in elke benadering wat innerlike heelwording fasiliteer (6.4.1.2); derhalwe sal TPM goed doen om in sy teorie sterker hiervan kennis te neem en dit te verreken.
- Die empiriese data, sowel as gegewens uit die TPM praktykteorie, bring 'n unieke fokus op die **veelkantigheid van die verlossing** in Christus na vore (6.4.6). Die verlossing of heil in Christus sluit definitief meer dimensies in as die vergifnis van sondes. Een definitiewe dimensie van die verlossing wat verdere ondersoek verdien, is die realiteit van "Christus in ons" (6.4.6). Die unieke geval van E1 (vgl. ook D1) in die empiriese ondersoek lê soveel klem op die genoegsaamheid van die verlossingsvoorsiening in Christus en die Woord, dat hy totaal van alle berading wegstuur – net soos die anti-psigologie eksponente. Die insigte vanuit die reformatoriese Christelike wysbegeerte maan egter tot groter balans.
- Ten slotte is vanuit die gegewens en evaluering van Hoofstuk 6 die volgende voorstelle gemaak ten einde **die basisteorie** van TPM te verdiep of te verbreed (vgl. 6.6):
  - begrond TPM vanuit die Skrif in terme van *die bediening van versoening;*
  - begrond TPM as *geloofsbemoeding* – geloofskennis, geloofsvertroue en geloofsbelydenis; en
  - doen 'n deegliker eksegetiese verklaring van TPM as *bediening van innerlike genesing* (en bevryding).

Hiermee is die belangrikste bydraes uit Hoofstukke 3 tot 6 opgesom, wat kan dien ter bevestiging of verbetering van die TPM teorie, praktyk en konteks.

7.5 SAMEVATTENDE AFLEIDING

Die volgende samevattende afleiding kan ten slotte gemaak word aan die hand van die gegewens wat hierdie navorsing opgelewer het, naamlik (vgl. 1.4) **dat *Theophostic Prayer Ministry* (TPM) wel as metode vir die fasilitering van innerlike genesing vir die gereformeerde pastorale bedieningspraktyk aanbeveel kan word, omdat die filosofie, teorie en praktyk daarvan reformatories-Skriftuurlik aanvaarbaar is met die voorbehoud dat slegs 'n mindere**

verstelling of twee nodig is, terwyl die geheel van die TPM teorie en praktyk verbeter, uitgebrei en/of verdiep kan word.

7.6 AANBEVELINGS OOR VERDERE MOONTLIKE NAVORSING

Die volgende moontlikhede vir verdere navorsing insake TPM word voorgestel:

- 'n verdiepende basisteoretiese studie oor innerlike genesing aan die hand van die bediening van versoening, geloofsbemoeding en die bediening van innerlike genesing;
- die uitwerk van 'n verbeterde praktykteorie vir TPM of die daarstel van 'n praktykteorie vir 'n soortgelyke innerlike genesingsmetode – moontlik onder 'n ander naam - wat die wenke en rigtingwysers van hierdie navorsing inkorporeer; en
- 'n ondersoek na die voorgestelde postmoderne gereformeerde bediening wat goeie ontvanklikheid vir TPM behoort te bied.

BYLAE

Bylaag A: Ingeligte Toestemmingsvorm

'n Empiriese Ondersoek na die Filosofie, Teorie en Praktyk van *Theophostic Prayer Ministry* / Teofoostiese Gebedsbediening

U word gevra om deel te neem aan 'n studie wat ondersoek doen na 'n opspraakwekkende metode van innerlike genesing, die sogenaamde *Theophostic Prayer Ministry.* (Vry vertaal in Afrikaans kan dit Teofoostiese Gebedsbediening genoem word.) Dié metode het sy ontstaan te danke aan dr. Ed Smith van Campbellsville, Kentucky, in die VSA. Wat *Theophostic Prayer Ministry* onderskei van ander metodes van innerlike genesing, is onder andere dat dit teoreties beter begrond is, dat dit aanspraak maak op besondere resultate en dat daar 'n hewige debat rondom die metode heers.

Oral is getuienisse dat "dit werk." Die navorser wil weet waarom dit werk en of die filosofie, teorie en praktyk daarvan suiwer is, gemeet aan die reformatories-Skriftuurlike uitgangspunte. Daarom word onderhoude gevoer met mense wat op verskillende wyses blootstelling aan *Theophostic Prayer Ministry* gehad het en/of dit in hul berading/terapie gebruik. Die oogmerk is veral om uit te vind wat mense se belewenis daarmee is en hoe aanvaarbaar hulle dit vind. Uiteraard sal ingegaan word op die redes vir aanvaarding al dan nie, rakende veral hul siening oor die filosofie, teorie en praktyk daarvan.

Alhoewel u nie self direk deur hierdie ondersoek bevoordeel sal word nie, word verwag dat die resultate van die studie verstellings, verdieping of verbeterings sal kan aanbring aan die *Theophostic* praktyk. Moontlik kan dit bydra daartoe dat die onderbou daarvan meer suiwer raak en/of dit kan help dat die navorser 'n eie model van innerlike genesing daarstel wat meer aanvaarbaar is vir die pastorale en terapeutiese wêreld.

Indien u toestem, word van u verwag om deel te neem aan 'n enkele sessie van gesprekvoering wat ongeveer een uur sal duur. Indien u as berader en/of opleier deelneem, word dit nie verwag dat u enige vertroulikheid teenoor eie kliënte/beradenes moet verbreek nie. Indien u as beradene deelneem, deel u soveel van u persoonlike ervaring as waarvoor u kans sien. Die navorser verseker u dat alle inligting wat u verstrek as sensitief en vertroulik hanteer sal word. U persoonlike gegewens sal in die navorsingsverslag verbloem wees en daar sal van skuilname gebruik gemaak word.

U deelname is volkome vrywillig en dit staan u vry om te eniger tyd tydens die proses te onttrek sonder enige benadeling.

Indien u op enige stadium vrae oor die navorsing het, moet u nie aarsel om myself of my studieleier, Prof. Lotter aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, te kontak nie.

'n Weergawe van die navorsingsresultate sal op aanvraag beskikbaar wees.

MAGTIGING: *Ek het bostaande gelees en verstaan die aard van die studie. Ek verstaan dat ek deur toe te stem tot deelname van geen menslike of wettige reg afstand doen nie en dat ek die navorsers aan die Noordwes-Universiteit te Potchefstroomkampus te eniger tyd kan kontak [Prof. George Lotter by Tel. (Werk): 018 299 1840 of Ds. Banus Botha by Sel. 083 411 6409].*
Ek stem toe tot deelname aan hierdie navorsingsprojek. Ek verstaan dat ek mag weier om deel te neem en dat ek te eniger tyd kan onttrek sonder bevooroordeling. Ek verleen ook toestemming aan die navorser om my inligting op vertroulike en anonieme wyse te gebruik vir die navorsingsdoeleindes.

Handtekening Deelnemer: _____ **Datum:** _____

Handtekening Navorser: _____ **Datum:** _____

Bylaag B: Onderhoudskedule(s)

ONDERHOUDSKEDULE(S)

VIR DIE IN-DIEPTE SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE MET BERADERS EN BERADENES IN *THEOPHOSTIC PRAYER MINISTRY*, SOWEL AS BERADERS IN ANDER MODELLE VAN INNERLIKE GENESING

Datum: September 2006 **Navorser: J.U. Botha**

AGTERGRONDINLIGTING

Hierdie agtergrondinligting help om die situasie van die gespreksgenoot te verken en later ook beter te verreken.

1. **Persoonlike Gegewens**
   a) Noemnaam .....
   b) Van .....
   c) Beroep .....
2. **Naskoolse Opleiding**
   a) Aard

Universiteit		Kollege/Technikon		Bybelskool of Beradingskool		Ander	

   b) Kwalifikasies .....
   c) Spesifiseer ander opleiding, bv. in ander innerlike genesingsmodelle of terapeutiese benaderings .....
   .....
3. **Blootstelling / Opleiding in verband met *Theophostic Prayer Ministry***
   a) Net genoegsame kennis vir verstaan wat met eie berading gebeur
   b) Opleiding ondergaan in *Theophostic Prayer Ministry*
   c) Meld tot op watter vlak

Basiese Kursus met Handleiding (350 p.)		Gevorderde Vlak 1		Gevorderde Vlak 2	

4. **Benutting van *Theophostic Prayer Ministry***

Opleier en Berader in TPM		Benut TPM as Berader		Berading Ondergaan	

   a) Meld asseblief hoe lank jy met TPM te doen het in die jou hoedanigheid van beradene, berader en/of opleidingsfasiliteerder. .....
5. **Kerkverband** .....
6. **GESPREKSVRAE (Stel B^1, B^2, B^3 of B^4)**

B^2 GESPREKSVRAE VIR TPM BERADENES

Die belangrikste basiese vrae wat gevra kan word, is waarskynlik die volgende:

1) Wat is jou belewenis as beradene met die *Theophostic Prayer Ministry?* Vind jy dit effektief ten opsigte van wat jy wou hê die berading of terapie vir jou moes doen? Kan jy voorbeelde gee ter illustrasie?
2) Hoe sal jy TPM vergelyk met ander innerlike genesings- of terapeutiese modelle waarmee jy vertroud is of waarmee jy te doene gehad het?
3) Praat met my oor Ed Smith se "huis-met-twee-kamers-teorie," soos wat jy dit in die beradingsessies ervaar.
4) Watter metodes het die berader/terapeut gebruik om jou as beradene te help om by die herinneringe uit te kom?
5) Het jy enige spesifieke oortuigings ten opsigte van begeleide verbeelding, visualisering, suggestie en hipnose as metodes vir die kontak maak met die aktuele herinneringe? Gee redes.
6) Volgens jou ervaring, hoe belangrik is dit dat 'n persoon weer in voeling kom met die emosies van die betrokke onverwerkte herinneringe? Met ander woorde, hoe belangrik is die herbelewenis daarvan in die faset van "stirring up the darkness?"
7) Wat het jou ervaring met TPM jou geleer oor die hantering van (hewige) emosionele omgekraptheid wat kliënte moontlik tussen (en tydens) sessies mag beleef?
8) Gegee die voorafgaande gesprek, wat sou jy sê is die mensbeeld waarmee TPM werk?
9) Wat is jou belewenisse oor "God wat lig gee" in die *Theophostic* moment van die berading?
10) Wat verstaan jy oor die spreke van God soos dit by TPM aan die orde kom? (die verhouding Woordsiening en Skrifbeskouing).
11) Wat kan ons leer ten opsigte van die Godsbeeld waarmee TPM werk?
12) Word die erns van die mens se sonde en sondegevallenheid, volgens jou kennis en ervaring, deur hierdie beradingsbediening verwater of nie? (Dit raak die debat oor sonde-gebaseerde versus leuengebaseerde teologie.)
13) TPM maak aanspraak op "maintenance-free victory." Wat is jou kommentaar daarop?
14) Ed Smith het 'n spesifieke siening oor heiligmaking. Weet jy wat dit is en wat is jou kommentaar daarop?
15) Dink jy dat TPM in die Skrif voorkom en word dit genoegsaam in die TPM teorie begrond? Gee redes.
16) Watter spesifieke vereistes, hoedanighede of begaafdhede verwag jy by 'n effektiewe TPM berader?
17) Sou jy sê dat iemand wat innerlike genesing doen 'n bepaalde openheid vir die bonatuurlike moet hê?
18) Ed Smith noem dat nie alle kerke die *Theophostic* bediening sonder voorbehoude ontvang nie. Watter verstellings sou jy sê moet kerke, of jou kerk in die besonder, aanbring ten einde die saak van TPM beter te dien?
19) Is daar enige verbeterings wat jy wil voorstel oor die TPM teorie en/of praktyk?
20) Het jy nog enigiets op die hart?

B^3 GESPREKSVRAE VIR DIE BERADER MET 'N AFKEER VAN CHARISMATIESE INNERLIKE GENESINGSMODELLE

Die belangrikste basiese vrae wat gevra kan word, is waarskynlik die volgende:

1) Watter innerlike genesingsmodel gebruik jy? Kan jy die uitgangspunte en prosedures daarvan kortliks verduidelik?
2) Vind jy dit effektief ten opsigte van jou beradings- of terapeutiese doele? Kan jy voorbeelde gee ter illustrasie?
3) Wat sou jy sê is die belangrikste verskille en ooreenkomste tussen jou benadering van innerlike genesing en dié van die meer charismatiese modelle? Waar sou jy TPM inpas in hierdie vergelyking, volgens jou kennis en ervaring daarvan?
4) Is daar moontlik oordrewenhede by van die ander modelle wat jy persoonlik sou wil uitskakel in die bediening van innerlike genesing?
5) Wat sou jy sê is die breinteorie waarvolgens jou innerlike genesingsbenadering werk?
6) Volgens jou belewenis en/of opvatting, hoe belangrik is die teruggaan na onverwerkte herinneringe vir die heelwordingsproses?
7) Watter metodes gebruik jy om die beradene te help om by die herinneringe uit te kom?
8) Het jy enige spesifieke oortuigings ten opsigte van begeleide verbeelding, visualisering, suggestie en hipnose as metodes vir die kontak maak met die aktuele herinneringe? Gee redes.
9) Is daar besondere komponente in die onverwerkte herinnering waaraan besondere aandag gegee word tydens jou soort gebedsberading? (Dink aan sake soos die emosies of die opvattings wat mense nahou as gevolg van traumatiese ervarings.)
10) Wat sou jy sê is die mensbeeld waarmee jou model van innerlike genesing werk?
11) Wat sou jy sê is die Godsbeeld waarmee jou model van innerlike genesing werk?
12) Wil jy iets deel van jou belewenisse en/of indrukke oor die twee pole van verdra van lyding aan die een kant en die soeke na God se genesing vir gemoedspyn aan die ander kant?
13) Dink jy dat Innerlike Genesing (soos jy dit verstaan en bedryf) Skriftuurlik is (en in pas is met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing) of nie? Gee redes.
14) Watter spesifieke vereistes, hoedanighede of begaafdhede verwag jy by 'n effektiewe innerlike genesingsgebedsberader?
15) Het jy enige kommentaar oor die openheid al dan nie vir die bonatuurlike wat 'n innerlike genesingsbeoefenaar moet hê?
16) Het jy enige verbeterings om voor te stel oor die teorie of praktyk van innerlike genesing?
17) Het jy nog iets op die hart?

B[4] QUESTIONS FOR AN INTERVIEW WITH A PERSON THAT USES TPM IN COMBINATION WITH EMDR

The most important questions that can be foreseen, will be the following:

1) How long are you involved with the *Theophostic Prayer Ministry?*
2) And since when are you using the EMDR?
3) How do you combine the two models in your clinical work? How do you determine when to use which method?
4) How would you compare TPM and EMDR? Can you tell me about the similarities and differences of the two models as you understand and experience it?
5) What is your opinion about the "Accelerated Information Processing" as Francine Shapiro and colleagues proposed it? Can that shed light on the brain theory of TPM?
6) What would you suggest is the most important light or correction that the Information Processing theory of EMDR can bring to the brain or personality theory of TPM?
7) Do you have any specific convictions as a Christian psycologist concerning guided imaging, visualisation, suggestion and hypnosis? Your reasons?
8) Do you think that Ed Smith and TPM are borrowing from other therapeutic traditions, and which?
9) What would you say is the "theory about man" basic to the Theophostic theory?
10) And what would you say is the "theory about God" with which TPM is working?
11) Do you have any comments on TPM and spirituality (or openness for the supernatural realm)?
12) Do you think that TPM is Scriptural? Can you give your reasons?
13) What specific characteristics or attributes do you think/deem necessary for an effective TPM practitioner?
14) Do you have any proposals to improve the theory and/or practice of TPM?
15) Do you want to share anything more?

Bylaag C: Ooreenkomsvorm vir Berading

OOREENKOMSVORM

IMPAK BERADINGSENTRUM

1. Inligting oor my Pastorale Diens

1.1 Professionele Diens

My aanpak by Impak Beradingsentrum is Christo-sentries en Bybelgefundeerd. Ek gebruik 'n pastorale model van hulpverlening wat by die wysheid van verskillende behandelingsbenaderings leen. Ek werk egter graag met 'n model van innerlike genesing wat gebaseer is op *Theophostic Prayer Ministry* wat in 1996 deur dr. Ed Smith van Amerika ontwikkel is. My doel is om deur middel van gebedsberading mense te help om hulle probleme te oorkom; hulself, God en ander beter te verstaan; bevredigende verhoudings te beleef; en om hoopvol en sinvol te leef en te werk.

Ekself het vanaf 1990 tot 1995 as pastorale berader in rehabilitasiesentrums vir alkohol- en dwelmverslaafdes gewerk en het huidiglik 12 jaar ervaring as gemeenteleraar. Ek is by die professionele *Raad vir Beraders van Suid-Afrika* geregistreer. My praktyknommer is .....

Ek onderneem om aan u 'n professionele pastorale beradingsdiens te verskaf. Tydens die eerste sessie kan u die volgende verwag:

- 'n evaluering van u agtergrond en probleemsituasie;
- inligting oor my metode en veral die *Theophostic* innerlike genesingsmetode;
- 'n voorstel of meer oor 'n beradingsplan;
- die bou aan 'n beradingsverhouding; en
- 'n eerste fase van berading, indien dit daartoe lei.

1.2 Vertroulikheid

Ek erken en eerbiedig u reg op menswaardige behandeling, privaatheid en vertroulikheid. Ek is bewus daarvan dat geen behandelingsmetode op 'n persoon afgeforseer mag word nie en nooi u dus om deur middel van 'n ingeligte besluit aan die pastorale behandeling deel te neem met die verstandhouding dat u vry is om te eniger tyd te onttrek.

Ek onderneem om die inligting wat u met my deel met die hoogste vertroulikheid te hanteer, soos dit by die etiese kode van my beroep as predikant en berader pas. Geen vertroulike inligting mag aan enigiemand of enige instansie verstrek word nie, tensy dit om een of ander rede regtig nodig blyk, en in daardie geval sal ek dit slegs doen nadat ek u persoonlik gekontak en u goedkeuring verkry het.

1.3 Beskikbaarheid

Indien daar iets drasties na vore tree tydens ons sessies en/of as gevolg van die beradingsproses, of indien u eenvoudig met my kontak wil maak, onderneem ek om my dienste aan u beskikbaar te stel binne alle redelike tye.

Handtekening - Pastorale Berader ..... **Datum** .....

2. Onderneming deur Kliënt

2.1 Vrywillige Toestemming tot Berading

- Ek verstaan dat ek my vrywillig aan die gebedsberading van Impak Beradingsentrum onderwerp en stel die aanbieder vry van enige aanspreeklikheid wat weens 'n negatiewe uitkoms van berading mag ontwikkel.

2.2 Donasie

- 'n Donasie van R..... per sessie word gesuggereer.
- 'n Sessie duur gewoonlik 1 uur, maar dit kan ook wissel vanaf 45 minute tot 1½ uur, afhangend van die omstandighede.

2.3 Afsprake

- Afsprake moet asseblief stip nagekom word.
- Indien u dit onmoontlik vind om 'n afspraak na te kom, moet u asseblief betyds kanselleer.

Handtekening - Kliënt ..... Datum .....

Bylaag D: Eerste en tweede vlakke van ontlede data van die empiriese ondersoek

A. BELEWENISSE, OORTUIGINGS, UNIEKE BYDRAES EN TENDENSE

In hierdie afdeling word die belewenisse, oortuigings en unieke bydraes van die deelnemers in die empiriese studie, sowel as sekere waargenome tendense en eerste afleidings weergegee.

1. "Wat is julle algemene indrukke van *Theophostic Prayer Ministry?*"

Die deelnemers se algemene indrukke word tuisgebring onder die volgende hoofde, naamlik positiewe kommentaar; stawende waarnemings, gevalle en voorbeelde; positiewe vergelykings; en (ontbrekende) negatiewe kommentaar.

1.1 Positiewe kommentaar oor TPM

"Dit werk! DIT WERK!" Só het deelnemers A2 en C3 dadelik uit een mond geantwoord toe die navorser hulle vra na hul algemene indruk van die TPM (A2/C3, par. 5). A2 is 'n opleier en berader vir die grootste deel van sewe of agt jaar. C3 het ongeveer vyf jaar beradingservaring agter die rug. Dit is genoeg rede volgens die navorser om hul bydraes as gesaghebbend te ag. Die Gereformeerde predikant C2 beskryf TPM as "'n baie kragtige bediening om mense te bevry ..." (C2, par. 1). Gegee C2 se teologiese agtergrond, sy opleiding in TPM en die gemeente-eksperiment waarmee hulle besig is rakende berading, kan sy insette van besondere waarde geag word vir die navorsing (vgl. Mason, 2002:192 oor "epistemological privilege"). Deelnemer C1, wie se onderhoud nie behoorlik opgeneem het nie, het bykans in dieselfde woorde gesê dat TPM "'n baie, baie kragtige manier is hoe Jesus Christus sy kerk kan genees en laat genees" (vgl. Labuscagne, 2006). Beradene G2 in Grootstad 1 straal na drie sessies *Theophostic* berading. Die navorser wou by haar weet wat die Here deur TPM doen om 'n mens te help. Sy antwoord baie oortuigend (G2, par. 3.): "Ek dink, om dit op te som, dis 'n wonderwerk!"

1.2 Stawende waarnemings, gevalle en voorbeelde

Bogenoemde predikant C2 (par. 2) neem naamlik twee positiewe effekte waar wat die bediening van TPM op sy gemeentelede en beradenes in die algemeen het. Hy sien: (a) dat Jesus mense

daar en dan bevry; en (b) dat hulle in die algemeen in hul geloofslewe vorder in dié sin dat hulle meer bewus raak van die Here se werk in hul totale lewe. "As 'n mens hulle 'n maand later sien, dan vertel hulle maar hulle het 'n *'Theophostic moment'* gehad. Dan vertel hulle hoe hulle Jesus op nog plekke ontmoet het."

Deelnemer G2 neem op twee vlakke die positiewe effek van die berading in haar eie lewe waar, naamlik: (a) Haar gevoelens in verband met 'n sekere herinnering was vir baie lank "totaal en al afgestomp," maar dit het tog haar lewe beïnvloed (G2, par. 7 en 8). (b) Ten minste twee persepsies het met berading in haar binneste verander (G2, par. 9): "Verséker my persepsie van God, en verséker my persepsie van myself ook ..."

A2 (par. 19) vertel van die beradingsgeval van 'n vrou wat erg kloustrofobies was. Dit dien as 'n mooi voorbeeld van hoe die Here die beradingsmetode gebruik. Die Hére het haar teruggeneem na die ervaring van haar geboorte. Sy het in die geboortekanaal vasgesit, iets wat sy as volwassene glad nie van geweet het nie. In effek het die Here haar met daardie *Theophostic* sessie 'n hernude en suksesvolle geboorte laat beleef. Toe sy die besonderhede van haar geboorte met haar ma nagaan, het haar ma die probleembevalling bevestig. Na die berading was die persoon nie meer kloustrofobies nie.

C2 getuig dat beide hyself en sy vrou groter heling, balans en verryking in die lewe gevind het deur TPM (C2, par. 11). D1 se vrou is net so 'n sprekende voorbeeld van wat die Here deur TPM kan doen (D1, par. 27). Sy het vir sewe jaar of langer antidepressante gebruik en verskeie sielkundiges en psigiaters besoek. "Sy kon nooit haar antidepressante los nie, totdat sy *Theophostic Ministry* ondergaan het." Ten tyde van die onderhoud was sy reeds vir 'n jaar en 'n half of twee van die antidepressante af.

1.3 Positiewe vergelykings

Hoewel daar nie vir G1 pertinent gevra is hoe hy TPM met ander modelle vergelyk nie, het hy dit spontaan gedoen en TPM in 'n baie positiewe lig beoordeel. Hy bied onder andere die volgende argumente aan:

- TPM gee as model nie alleen 'n verklaring van patologiese gedrag nie, maar slaag ook daarin om dit effektief reg te stel. Ander modelle gee dikwels 'n verklaring van patologiese gedrag, maar faal om die pynlike van die patologie op te los. "Hoekom ek so positief daaroor is, is dat 'n mens dan die seer in die oog kyk in die eerste plek. Die tweede plek, is dat daar wel iets met

die seer gebeur ... nié ... op 'n bolangse wyse van 'voel beter!,' 'dink anderster daaroor!' of 'vergeet dit!' nie." (G1, par. 3.)

- TPM werk met 'n mensbeeld wat nie die mens vergoddelik of verheerlik soos wat eie is aan baie ander modelle wat in die greep van die humanisme blyk te wees nie (G1, par. 15): "Geen 'antropologie gloriae' – niks!"
- TPM help om 'n moontlike leuenbasis van 'n mens se teologie, antropologie, demonologie, soteriologie, en so meer reg te stel deur die verligtende werk van die Heilige Gees (G1, par. 4 en 23).

A2 vergelyk TPM met haar eie beradingsmetodes wat sy voorheen gebruik het. Voorheen het sy dikwels misluk, maar vandat sy die *Theophostic* metode gebruik, kon sy "terugsit en kyk hóé die Here in hierdie mense se lewe(ns) ... werk." (A2/C3, par. 5.)

1.4 En enige negatiewe beoordeling van TPM?

In die ontleding van kwalitatiewe data is dit aanbevelenswaardig dat daar nie alleen vir bevestiging van 'n sekere teorie, stelling of afleiding gesoek word nie, maar dat ook seker gemaak word dat alternatiewe verklarings uitgesluit is (vgl. Mason, 2002:196-197). D1, wat dwarsdeur sy onderhoud aangedui het dat hy in sekere opsigte van die *Theophostic* sieninge en praktyk verskil, word gevra om sy beoordeling van winspunte en kwellings ten opsigte van TPM met die navorser te deel. Hy noem – en dit is veelseggend - drie winspunte van TPM teenoor een enkele kwelling (D1, par. 27):

- TPM bewerkstellig werklike genesing. Hierdie genesings word boonop gekontroleer en die probleem bly opgelos. D1 se verwysing na sy eie vrou wat vir ongeveer sewe jaar antidepressante gebruik het en verskeie terapeute besoek het sonder veel gewin, dien as voorbeeld.
- Mense wat deur TPM 'n aanraking van die Here ervaar het, is nooit weer dieselfde nie.
- Dit het ewigheidswaarde in dié sin dat "as jy dié goed beleef het, kán jy nie in die Here twyfel nie" en "jy wéét jy's 'n kind van die Here." (D1, par. 27.)
- Die enigste kwelling wat D1 met TPM het, is die moontlikheid dat Smith na sy oordeel te min maak van God se vermoë om ook liggaamlik te genees (D1, par.28).

Selfs die énkele persoon uit die ondersoekgroep wat beslis op sekere punte van die TPM teorie en praktyk afwyk (vgl. D1, par. 8, 9, 13-20, 28, 29), gee steeds 'n baie positiewe beoordeling. In die lig hiervan en die enkele uitsprake, stawende getuienisse, voorbeelde en vergelykings hierbo genoem, kan daar gewis afgelei word dat die deelnemers 'n uiters positiewe belewenis van TPM as

beradingsbenadering het.

2. 'n Tipiese sessie – meer lig op die TPM beginsels en prosedures

Vanuit die data wat die empiriese onderhoude opgelewer het, kan 'n tipiese TPM sessie, sowel as die beginsels en prosedures wat betrokke is, beter begryp word. Vervolgens word verskillende fasette bespreek, waarna 'n evaluering van die gegewens gedoen word.

2.1 Fasette in fokus

Die empiriese data het nuwe lig na vore gebring, sekere elemente van geringe teorie bevestig en ook 'n punt (of twee) van kritiek teenoor die TPM beginsels en prosedures bygelê. Daar word vervolgens op sekere fasette gefokus.

2.1.1 'n Tipiese beradingsgeval

Van die mooiste voorbeelde ter illustrasie van die werking en effek van *Theophostic* berading is die ervaring van beradene G1. Hy vertel hoe hy tydens berading in sy gedagtewêreld teruggeneem was na 'n spesifieke Kersvader-episode in sy lewe (G1, par. 8):

> Toe die Kersvader die presentjies uitdeel, toe kyk ek as 'n klein seuntjie af, en ek sien maar "die Kersvader deel presentjies uit, maar hy't my pa se skoene aan!" ... En dat ek toe op daai moment glad nie belang gestel het énigsins om presente van die Kersvader te kry nie, want "Kersvader is 'n leuenaar. Kersvader is 'n dief. Hy skep 'n goeie indruk: hy's lief vir kinders, hy deel presente uit, maar ónder sy rooi uniform dra hy gesteelde skoene!" En dat hierdie indrukke baie dieper my gedrag bepaal het as wat ek ooit kon dink. Kyk, synde dat presente, geskenke nie baie sterk in my lewe funksioneer nie, en wanneer ek ook presente kry van geliefdes, dan maak ek dit eintlik nie oop nie.

Eers ná die teruggaan na daardie herinnering, die identifisering van die leuen en die ontvang van 'n regstellende waarheid, was daar herstel of genesing (G1, par. 9). Die leuen was: "Jy's weerloos teenoor grootmense se boosheid!" G1 beskryf sy ervaring van "God wat lig gee" in daardie moment soos volg (G1, par. 10): "Miskien moet 'n mens iets sê van ... dis 'n slegte ervaring wat die angel van weggeneem is. Ek kan nie in my denke dit wegredeneer dat ek wel by 'n Kersvaderpartytjie was nie, maar sou ek nou terugdink aan die Kersvader-episode , dan is die Kersvader 'n vae beeld ... ek het meer 'n ervaring daarvan dat Christus teenwoordig was by my en dat ek nié uitgelewer was aan volwassenes se ... goedertrou nie."

2.1.2 Beradenes sien werklik "visuele prentjies"

A2 is 'n persoon wat tydens haar eerste ervarings met TPM berading dit moeilik verwerk het dat haar kliënte prentjies in hulle gedagtes sien, maar sy nie (A2/C3, par. 13). Sy wou een of ander bewys hê dat dit wel so is. Op 'n dag het sy 'n beradingsessie met haar vriendin C3 gehad, waartydens sy toe self 'n baie wonderlike en werklike ervaring gehad het. Sy het haarself as dogtertjie gesien wat na haar as grootmens gekom het. Die dogtertjie het gesê dat sy as grootmens 'n baie spits berg moes uitklim. "En ek het in my gedagtes opgeklim tot bo ... dat my kuite pyn! ... dat my kuite letterlik seer geword het! ... En sy't vir my gaan wys waar Jesus is, sodat ek kon glo ... En daarna het ek nooit weer getwyfel nie dat my mense wél vir Jesus sien nie." C3 beaam die gebeure en voeg by dat A2 'n soortgelyke twyfel oor die sogenaamde innerlike deeltjies of kindertjies van mense gehad het en daardie twyfel is ook bygelê (A2/C3, par. 14 en 15).

Entwistle (2004b:35-42) is een van die kritici waarna in Hoofstuk 2 verwys is wat in een artikel onder andere hierdie saak aan die orde stel. Hy gee dit weer dat TPM aanspraak maak op Godbegeleide genesings waarin 'n letterlike verskyning van God verwag moet word. So besien, wek dit vrae, aldus Entwistle. Bogenoemde verwysing na kliënte wat werklik "visuele prentjies" sien, gee nog nie duidelikheid op die vraag of Jesus en/of die Vader letterlik aan mense verskyn tydens die *Theophostic* moment nie. Dit bly dus 'n ope vraag. Maar dat hulle werklik 'n visuele beeld van Jesus kan sien, ly geen twyfel nie.

2.1.3 TPM stuur weg van visualisering, suggestie, hipnose en soortgelyke tegnieke

Die navorser het self al sukses tydens berading ervaar deur aan beradenes te suggereer wat hy reken die Here op daardie oomblik aan hulle wil oordra of doen, byvoorbeeld: "Ek sien die Here is by jou en Hy sit sy hand op jou skouer." Beide A2 en C3 sê dat hulle "niks sulke goed (doen) nie" (A2/C3, par. 23). A2 noem dat sy die minimum praat en al tot vier, vyf sessies net gesit het en "luister wat uit daai persoon se mond kom." C3 het ook getuig dat sy haar daarvan weerhou om die berading te begelei soos wat sy dink die Here moes werk (A2/C3, par. 17). C1 handhaaf 'n ewe versigtige houding teenoor die gebruik van genoemde tegnieke en moedig mense eerder aan om rustig op die Here te vertrou dat Hy Homself sal openbaar in hierdie werk waarin Hy die eintlike Terapeut is (vgl. Labuscagne, 2006).

Die navorser maak seker of A2 en C3 nie soms net sê: "Fokus op die Here!" of "Fokus op Sy teenwoordigheid!" nie. Al wat hulle sê, volgens G3, is (par. 24): "Kyk in daai prentjie of jy iets

sien!" Hulle sal nie eens sê: "Kyk na die prentjie en ... sien of jy Jesus sien nie." Dit sou visualisering wees, want "jy probeer nou weer vir hulle sê wat hulle moet soek in daai prentjie." C3 erken egter dat hulle tog gereeld vir 'n persoon sê om terug te gaan na 'n sekere herinnering en te luister wat die Here vir hulle daar sê (A2/C3, par. 23 en 24). Sy hou aan beklemtoon dat die kliënt van die begin af ingelig word oor die doel van die berading, "want ons het nou vir almal al gevra - vir sielkundiges, vir maats, vir dominees en almal, en 'niemand kon vir my vertel hoekom voel ek so nie.' Nou sê ek daarby: 'Kom, ons vra die Here!' Nou sê ons: 'Luister na die Here!'" Sy reken dat dit as 'n vorm van suggestie beskou kan word, "maar dit is die hele punt van die 'exercise' ... om by die Here uit te kom."

Die meer skeptiese buitestaander wat ook 'n vorm van innerlike genesing doen, F1, toon 'n soortgelyke versigtigheid as wat A2 en C3 teenoor suggestie en visualiseringtegnieke openbaar. Sy sensitiwiteit gaan net oor hipnose (F1, par. 21): "Maar as die Heilige Gees daai persoon terugvat, kan ek nie sien dat ek so 'n mens hipnotiseer nie. Want daai persoon is altyd by sy bewussyn – hy weet presies wat gebeur." Ten spyte van sy wegstuur van hipnose, is hy ten volle oortuig dat die Here tog ook hipnose en hipnoterapie in 'n Christelike model kan gebruik (F1, par. 22).

Dit is veral Bobgan en Bobgan (1999:69-94) en Fletcher (2004:67-85) wat TPM kritiseer as dat dit verkeerdelik van visualisering, suggestie, hipnose en soortgelyke tegnieke gebruik maak. Getroue navolgers van die *Theophostic* prosedures stuur egter weg vanaf hipnose, suggestie, begeleide verbeelding en dergelike tegnieke.

'n Evaluerende opmerking: Tog blyk dit ook logies om te aanvaar dat, as die Here werk, Hy aansluit by die bestaande breinprosesse en dat Hy selfs die inset van gewone suggestie (vgl. A2/C3, par. 24), profetiese suggestie (vgl. G1, par. 11) en/of hipnoterapie (vgl. F1, par. 21-22) kan gebruik, soos wat Hy die duale stimulasie (C4, par. 11) tydens EMDR kan gebruik om Sy goddelike doele te dien.

2.1.4 Die rol van pynlike emosies en verdringing

G1 gee 'n baie kort maar duidelike verklaring waarom 'n mens pynlike emosies "wil vergeet" en daarom verdring (G1, par. 13). As die ervaring traumaties was, word die herinnering daaraan "weggebêre omdat dit seer is!" Hierdie pynlike emosies het 'n definitiewe invloed op 'n persoon se bewuste lewe of hy daarvan bewus is al dan nie (G2, par. 7 en 8; G1, par. 8 en 9). Die patologiese

aard daarvan kom dikwels na vore wanneer 'n persoon met heftiger emosie in 'n gegewe situasie reageer as wat die situasie normaalweg sou vereis (G1, par. 13; C4, par. 4).

2.1.5 Die noodsaak en wyse van teruggaan na herinneringe ("memories")

Die deelnemers is dit eens oor *die noodsaak* van die teruggaan na herinneringe. Beradene G1 se tipiese uitdrukking is "dat 'n mens die seer in die oog moet kyk" (vgl. G1, par. 3). Beradene G2 sê dat as jy nog nie die seerplekke van die verlede en die spesifieke leuens wat daarmee saamgaan, "uitgesorteer" het nie, dan "móét" jy teruggaan en "gaan klaarmaak" met dit wat was ten einde regtig vry te kan wees. Berader C2 sê dat hierdie teruggaan en die herbeleef van die trauma in God se "blik" die kern van die berading is (C2, par. 7): "Ja, ek dink ... dit is ... die basis van hierdie hele innerlike genesing om mense in sulke situasies voor die Here dit weer te laat hérleef met 'n nuwe blik, met die blík van God se teenwoordigheid in daai situasie."

C4 (par. 2) se verduideliking van die traumawerk wat hy en sy vrou doen, spel dit uit dat dit trauma van die verre verlede of die trauma van 'n onlangse motorkaping kan wees, maar hulle gaan na die herinneringe daarvan terug. A2 en C3 onderskei op hul beurt 'n onmiddellike teruggaan na herinneringe en 'n langer pad van teruggaan (A2/C3, par. 16 en 17). Die eerste hou verband met trauma waarin nie dissosiasie is nie; die tweede met trauma waarby dissosiasie betrokke is.

Die deelnemers se weergawes van *hoe* daar tydens TPM sessies na herinneringe of "memories" teruggegaan word, strook met die basiese TPM beginsels en prosedures. A2 en C3 sê eenvoudig dat hulle bid en die Here neem die beradene na die aktuele herinneringe (A2/C3, par. 16 en 17). Dit gebeur blykbaar sodra mense hulle "stories" begin vertel. C4 deel sy weergawe van die TPM benadering min of meer soos volg (C4, par. 4):

> *Theophostic* is uiteraard Christusgebaseerd. Die Here word naamlik gevra om die kliënt na die "sneller-gebeurtenis" te neem wat daartoe lei dat hy 'n onvanpaste emosionele reaksie het. Die berader vra die Here om die persoon by die hand te neem, terug te lei na die geheue om hom te help om die pyn te herbeleef en om hom in daardie pyn by te staan. Naas die genesing van die "triggering event," word daar teruggegaan na vorige herinneringe wat 'n "eggo" bied van die pyn in die huidige gebeurtenis (C4, par. 5). Hierdie herinneringe wat met mekaar verband hou, kom dikwels in vinnige opeenvolging na vore.

'n Kantaantekening: C4 gebruik van die EMDR prosedures om hierdie herinneringe aan te teken.

G2 se weergawe van wat haar berader (A1) gedoen het, sluit aan by die fokus op die huidige emosie waardeur dan na vorige herinneringe teruggedryf word (G2, par. 6): "[A1] het eintlik vir die

Hére gevra om my terug te vat na die dele toe wat seer was. En in die begin onthou 'n mens maar nou eintlik half die goetertjies van nóú wat 'n effek het. En dan het sy net vir die Heilige Gees gevra om vir my te help om te onthou waar die wortel van die spesifieke gevoel was. So eintlik, dink ek, dis die Heilige Gees en nie die metode wat my (laggend) vreeslik gehelp het nie."

G1 (par. 12) reken "(j)y pláás die trauma so diép weg in jou onderbewuste dat die kans dat jy dit self kan herroep eintlik nul is." Daarom is dit eintlik net die Here wat die krediet moet kry vir die "opwekking van 'n persoon se geheue" sodat die "issues" na vore kan kom. Die krediet kom volgens G1 nie homself as beradene of die berader of enige tegniek toe nie, maar "die Gees van die Here."

Hierteenoor moet ook erken word dat die Here eweneens tegnieke gebruik. Dat herinneringe na vore kom wanneer 'n beradene sy storie vertel, verwys juis na 'n tegniek, naamlik storievertelling. Dan het C2 (par. 7) genoem van 'n student wat by hom as berader uitgekom het, en waarmee hy nie vordering kon maak in die "terugdryf na herinneringe" nie. Toe hy die student na 'n spelterapeut wat ook TPM doen verwys, het daar 'n deurbraak gekom. Watter tegnieke was ter sprake? "En sy het, deur die student in 'n sandbak te laat speel, vir hom geleer om deur hierdie grense te kom, om te kán teruggryp na dinge in die verlede en dit op 'n gevoelsmatige vlak te beleef, en toe het die *Theophostic* proses gevorder."

'n Samevatting: Aan die een kant lyk dit dus of dit totaal en al die werk van die Heilige Gees is om mense na onverwerkte herinneringe terug te neem. Aan die ander kant verduidelik die kundige C4 (par. 16; vgl. punt 9 'n bietjie later) dat die brein so werk dat dit outomaties na sekere herinneringe kan teruggaan, soos byvoorbeeld tydens die meer sekulêre EMDR metode. Daarom is dit net logies dat tegnieke ook hiervoor ingespan kan word.

2.1.6 Die rol van leuens en waarheid

D1 lê daarop klem dat hy die leuen móét identifiseer in sy traumaberading ten einde innerlike genesing te verkry (D1, par. 13, 16 en 18). C1 omskryf hierdie leuens baie gepas as "wegkruipleuens" (vgl. Labuscagne, 2006). A2 vertel van 'n vyfjarige kind wat onvanpas opgetree het en na berading genees is. Ook in sy geval het 'n leuen 'n kardinale rol gespeel in die onvanpaste gedrag (A2/C3, par. 9) wat hy geopenbaar het. G1 het sy Kersvader-episode tydens die onderhoud opgehaal om juis te bevestig dat daar tydens sy berading ook leuens geïdentifiseer en vervang was (G1, par. 8,9 en 10). C4 (par. 5) verduidelik voorts dat die herinneringe soms te

doen het met "splinter lies" of "thematic lies." Telkens word die pyn beleef en genees, sowel as die duisternis of leuen word openbaar en die Here gee sy waarheid wat dan deur Homself ook "install" of vasgelê word.

'n Verduidelikende opmerking: Die term "install" wat C4 gebruik, is 'n term wat deur die EMDR benadering gebruik word vir die vaslegging van die gewenste kognisie (of waarheid) op 'n belewenisvlak in die gemoed van die persoon (vlg. C4, par. 22).

Nog 'n afleiding: Die navorser het tot nog toe die indruk gehad dat TPM in hoofsaak op die identifisering en regstelling van leuens fokus, maar C4 (par. 5) bevestig dat TPM beide die pynlike herinnering genees en die leuen of verkeerde geloof herstel. Die navorser verstaan dit in hierdie volgorde van eerste die seer wat genees en dan die verkeerde geloof wat herstel word. Dié volgorde is weliswaar anders as wat die *Theophostic* materiaal dit verduidelik, want Smith leer dat die pynlike in die gemoed bly solank as wat die gepaardgaande leuen geglo word. Dr. Charles L. Whitfield (1987; 1990), aan die ander kant, skryf 'n helingsproses voor waar die pyn van onverwerkte rousmart, verliese en traumas eers beween ("grieve") moet word, waarna die "core issues" (soos die leuenpersepsies) deurgewerk moet word (1990:3). Whitfield (1990:agterblad) is 'n mediese dokter wat in 1990 reeds sestien jaar lank mense met alkohol-, dwelm- en gesinsprobleme beradingsgewys behandel het.

2.1.7 Eers genees en dan vergeef

Een persoon, naamlik C1, het tydens die onderhoude die aandag gevestig op TPM se unieke prosedure om diep sere eers genees te kry, alvorens beradenes begelei word om hul oortreders te vergewe (vgl. Labuscagne, 2006; vgl. 2.2.8). Dit kan gekontrasteer word met die meer algemene prosedure in innerlike genesing wat by mense aandring om hul oortreders te vergewe, al vra dit dan ook 'n koue wilsbesluit en 'n stap in die geloof om dit te kan regkry. Een voorstander van daardie metode waarna Labuscagne (2006) verwys, is dr. Neil Anderson (1993; 2002). Die TPM aanslag verteenwoordig 'n beter verrekening van die emosionele sy van menswees, aldus C1 én die navorser, en blyk weliswaar meer effektief te wees in die heling van diep trauma waarby ook onreg vergewe moet word.

2.1.8 Belewenisse van "God wat lig gee"

Die navorser wou van meet af weet wat alles as "lig" beleef word tydens die TPM berading. G2

beleef lig as "waarheid" en "vry-word" (par. 11): "... daai oomblik wat jy besef (dat) die goed waaraan jy vir báie jare geglo het, en eintlik omtrent jou hele lewe aan gely het, nie die waarheid is nie." Lig het te doen met die besef dat die Here anders na jou kyk as wat jy gedink het en dat Hy jou sere raaksien en kom troos.

C2 verwys telkens in die onderhoud na "*Theophostic moments*" wat mense beleef, hetsy tydens berading of selfs daarna. Daarmee verstaan hy onder andere "ontmoetings met God" (C2, par. 2), "God se spreke" tot die beradene (C2, par. 3) en "die werk wat die Gees in mense doen" (C2, par. 2). Dit dui ook op God se teenwoordigheid in 'n herinnering wat 'n nuwe blik of siening van 'n bepaalde ervaring oordra (C2, par. 7). D1 se klem op bevryding, laat ons aflei dat lig ook die breek van geestelike bindinge en die vergifnis van die skuld van voorvaders kan behels. Om op te som: *Hierdie lig het te doen met 'n ontmoetingsgebeure waarin die Here se teenwoordigheid leuens belig, dit met waarheidspersepsies vervang, mense uit die gevangenis van onvergewensgesindheid bevry, bindinge verbreek, mense help om onverwerkte ervaringe te integreer en die verslawende effek daarvan op te hef.*

2.1.9 Beradenes maak nie die stories van "gory memories" op nie ("false memory debate")

Toe A2 van die "claustrophobic" vrou vertel het, het sy self na die vals geheue-debat verwys (A2/C3, par. 19; vgl. Bylaag D, punt 1.2 hierbo). Baie mense kan sê dat die TPM berader se kliënte "dinge opmaak" (vgl. bv. Fletcher, 2004:10, 29-55, 110-131 aangehaal by 2.4.1.5). Enkele redes waarom A2 en C3 nie glo dat hul beradenes sulke stories opmaak nie, is die volgende:

- A2 verwys na 'n verdere geval van iemand wat skielik onthou het hoe sy in 'n letterlike bad vol bloed gesit het. Tydens daardie herinnering het sy histeries aan die huil geraak. "En ek dink nie één mens sal 'n prentjie opmaak waar jy in 'n bad bloed sit nie." (A2/C3, par. 20.)
- C3 bevestig die stelling deur te noem dat alle gevalle van mense wat sulke buite-normale, grillerige herinneringe ("gory memories") tydens beradingsessies by haar beleef het, wél een of ander blootstelling aan satanisme of iets dergeliks gehad het waar dié soort rituele plaasgevind het (A2/C3, par. 21).
- A2 vertrou die Here sodanig dat Hy nié sal reageer op iets wat mense opmaak nie. Sy sal, met ander woorde, aan die Here se reaksie tydens die berading kan aflei of die herinnering eg is of nie (A2/C3, par. 22).

Hierdie is nie naastenby 'n volledige behandeling van die vals geheue-debat in die TPM kringe nie, maar hierdie brokkies empiriese data weerlê op voorlopige wyse die kritiek dat valse geheues

tydens TPM by mense vasgelê en opgewek word. En, soos hieronder by 2.2.1 geïllustreer, dra die twee beraders se suiwer hou by die TPM riglyne en hul beradingservaring tog 'n mate van gewig.

2.1.10 Hindernisse in die beradingsproses

Die deelnemers bevestig dat die TPM proses soms vashaak en dan moet nagespeur word wat dit verhinder. Van die algemeenste hindernisse wat voorkom, is die volgende:

- gebrek aan vertroue as gevolg van vertrouenskokke (A2/C3, par. 32);
- "beskermende leuens" (C4, par. 26);
- vrees vir die pyn van die traumatiese herinneringe (C2, par. 7);
- onbeholpenheid om met eie emosies kontak te maak (C2, par. 7; vgl. A1/Campbell-Lane, 2005);
- rasionalistiese denke (C2, par. 3 en 4);
- demoniese inmenging en/of geestesbindinge (C4, par. 26; D1, par. 14 en 16);
- dissosiasie (C4, par. 26);
- sataniese rituele indoktrinasie en vrees dat hulle iets mag oorkom (A2/C3, par. 30); en
- onbelede sondes van voorvaders (D1, par. 17).

Volgens C4 is die sogenaamde *"guardian lie"* die hindernis wat as die moeilikste ervaar word. Die "guardian lie" is soos die buitenste skille van 'n ui wat eers verwyder moet word, voordat jy by die binneste skil kan kom, naamlik die eintlike leuen wat die probleem veroorsaak. Een van die algemeenste "beskermende leuens" volgens C4 (par. 26), is dat Christene so 'n prestasiegebaseerde idee van Christenskap het, dat hulle hulself te minderwaardig ag vir so 'n wonderlike ervaring, naamlik dat God met hulle sou wil bemoeienis maak en iets aan hulle oordra. Hy gebruik die voorbeeld van die vrou wat glo dat sy 'n mislukking as vrou en moeder is. Maar sy glo dat sy nie 'n goeie Christen is nie, want sy het nie goed "perform" nie en sy is dus nie werd dat God verdere moeite met haar sal doen nie. "I'm not a good Christian; ... I fall short of God's glory; ... I haven't performed in the way that I should have; I'm saved by the skin of my teeth. Why would God bother about me, because ... I'm not good enough?" G2 (par. 19) sê die enigste keer dat die beradingsproses vir haar vasgesteek het, was toe sy aanvanklik gevoel het "dat God nie met my sal wíl praat nie." Haar berader het dit as 'n leuen hanteer en die potensiële struikelblok is uit die weg geruim.

Nou verwant hieraan, is *die rasionalistiese maniere van dink* oor God sodat mense nié kan verwag dat God direk met hulle kan praat en dat hulle dit kan hoor nie. Met verwysing na "God wat lig

gee" in die "*Theophostic* moment", stel C2 (par. 3) dat die Gereformeerde mense met wie hy werk "'n baie rasionele 'hoor' van die Here, 'n baie Skrifgebonde hoor" van die Here het. Dit op sigself word waardeer. Hy voeg egter by dat dit ook 'n hindernis of "barrier" kan wees ten opsigte van die *Theophostic* proses: "Maar hulle kry swaar om ... te verstaan dat die Here deur Sy Gees of deur ... Skeppingswerklikhede ook met hulle praat. ... Hulle moet as't ware verstaan dat die Here praat op nóg maniere bo en behalwe die Skrif." C1 se getuienis rondom TPM ondersteun hierdie gedagte volmondig (vgl. Labuscagne, 2006). Hy reken dat die gereformeerde tradisie waarskynlik onbewustelik 'n oordrewe klem op die linkerbrein, en derhalwe op die rasionele of verstandelike, lê ten koste van die balans wat met 'n heelbrein-aanslag gepaard gaan.

2.2 'n Evaluering

Die volgende evaluering van die empiriese gegewens kan hier gedoen word:

2.2.1 Dit is werklik *Theophostic Prayer Ministry*

Van al die deelnemers wat aangedui het dat hulle die TPM benadering volg of TPM berading ondergaan het, word aanvaar dat daar binne die riglyne van die TPM handboeke, kursusse en opleiding gehou is. Die enkele uitsonderings is D1 wat prontuit gesê het dat hy afwyk en F1 wat juis genader is as iemand wat 'n ander vorm van innerlike genesing doen en 'n bepaalde siening rondom charismatiese modelle sou hê. Daar was egter geen rede, sover die navorser kon vasstel, om te betwyfel of dit wel by die res oor TPM gegaan het nie. Mason (2002:195-196) noem hierdie argumentasielyn "no reason to suspect atypicality."

Die kombinasie-onderhoud met A2 en C3 het 'n rykdom insig en lig na vore gebring in terme van hoe die TPM beginsels en prosedures in die praktyk werk. Die feit dat die dames oor soveel aspekte saamstem, maak hul insette alreeds meer bewyskragtig. Dink in hierdie geval aan die vroeëre verwysing na Yin (1994:31) wat aandui hoe teoretiese veralgemening werk. 'n Vooraf-ontwikkelde teorie word as meester of patroon ("template") gebruik om empiriese gegewens aan te meet. Sou twee of meer gevalle blyk om dieselfde teorie te steun, kan aanspraak gemaak word op replikasie, 'n waarmerk van bewyslewering. Sou dit aangetoon kan word dat twee of meer gevalle dieselfde teorie ondersteun en nie 'n "equally plausible, *rival* theory" nie, dan is die empiriese resultate nog meer bewyskragtig (Yin, 1994:31).

Wat die kombinasie-onderhoud met A2 en C3 besonders maak in hierdie verband, is dat die

navorser op verskeie kritiese punte kon vasstel dat die beraders wel by die TPM benadering gehou het. Hulle het trouens die navorser beïndruk met hul absoluut stiptelike hou by die riglyne soos deur Smith en die TPM paradigma voorgelê. Enkele voorbeelde kan ter illustrasie genoem word:

- *Hulle maak nie van 'n "lewensverhaal- of agtergrondinligtingsvorm" gebruik nie.* Die navorser het kennis geneem van hoe EMDR so 'n lewensverhaal- of agtergrondvorm gebruik en wou seker maak of hierdie TPM mense dit nie ook nuttig vind nie. Persone A2 en C3 antwoord pertinent (A2/C3, par. 19): "Glád nie!" A2 vertel van die geval van 'n vrou wat erg kloustrofobies was. Die klem val op die Hére wat persone na aktuele herinneringe terugneem waaraan Hy graag wil werk. Dit blyk dus nie eens nodig te wees om so 'n lewensverhaal- of agtergrondinligtingsvorm op te stel nie.
- *Hulle weerhou hulself van die gebruik van suggestie, visualisering of soortgelyke tegnieke.* Soos reeds genoem, maak A2 en C3 (par. 23) nie van "sulke goed" gebruik nie. Thiessen (2003:131-134) wat ook oor innerlike genesing navorsing gedoen het, en waarna in Hoofstuk 1 (1.2.1) verwys is, hanteer die debat oor suggestie, visualisering, hipnose en soortgelyke tegnieke volledíger.
- *Hulle suggereer nie eens aan beradenes om op die figuur of teenwoordigheid van Jesus te fokus nie (A2/C3, par. 24).* C3 gee wel toe dat hulle mense aanmoedig om na Hom te luister. Dit is immers die doel van die *Theophostic* proses.

2.2.2 'n Algemene bevestiging van die tweekamerteorie van TPM

Die *Theophostic* benadering is gebaseer op Smith (2000b:32) se sogenaamde "huis-met-twee-kamers-teorie" (kortweg: tweekamerteorie) wat in Hoofstuk 2 by punt 2.1.2 opgesom is.

Praat met my oor die onderliggende teorie van TPM soos wat julle dit ervaar (A2/C3, par. 16 tot 27). A2 (par. 26) vertel van die man wat haar tydens berading stop en vra:

> Maar hoe is dit móóntlik dat die Here by hom is én dan op dieselfde tyd by iemand anderster kan wees, én by iemand anders ... En ek sê: "Here, hoe is dit moontlik?" Navorser: Bid?! Net daar? C3: Ja, jy vra die Here net daar. A2: Ja, vra die Here nét daar! "Hoe? Wys my spesifiek." Jy "refer" na die Here al die tyd. C3: Ja. A2: Ek sê: "Here, hoe's dit moontlik?" Hy maak sy oë oop, en hy kyk my so, en ek sê: "Wat nou?" Hy sê vir my: "Ek is in Bloemfontein. En ek sien net Bloemfontein se huisies en hoe staan Jesus by elke huisie." En só het die Here vir hom gewys: "Ek kan orals wees."

C3 verduidelik wat gebeur het in terme van die "intellectual knowledge," want al die jare weet die man dat die Here oral teenwoordig kan wees, maar sy "experiential knowledge" vra: "Hoe's dit moontlik?" Die stukkie onderhoud word verbatim weergegee (A2/C3, par. 27):

> En hier vat die Here [oor], en Hy wys vir hom 'n prentjie en Hy wys vir hom presies hoe Hy voor elke huis staan. Daar kry die ou die konsep wat nou járe al van die preekstoel af nie indring nie. Navorser: Uh. C3: Hy hoor dit, maar hy ervaar dit nie! Navorser: Uh. C3: Hier kan hy dit ervaar. Navorser: Ja, ja. C3: En skielik word dit vir hom / ... sien, dit is daai hele [ding] van Sielkunde ook, waar jy't "intellectual knowledge" en jy het "experiential knowledge." Navorser: Uhm, die "twee kamers!?" C3: "Exactly!" Die twee kamers! Daar het die Here sy "experiential knowledge" verander. Navorser: Uhm. C3: Sy "intellectual knowledge" sê vir hom: "Ja, die Here kan orals wees," maar sy vraag is: "Hoe's dit moontlik?" Navorser: Uh. C3: Hier wys die Here vir hom; hy érváár dit.

Die navorser onderstreep graag die woorde: "Hy hoor dit, maar hy ervaar dit nie!" G2 (par. 4) verwys op haar manier na dieselfde gedagte wat hierbo onderstreep is, naamlik: "Vir baie, baie lank weer het my kop baie dinge uitgesorteer, maar my hart het só gesukkel om dit te verstaan. ... die Here het my kop en my hart bymekaar gebring in *Theophostic*, sodat dit wat ek met my kop geweet het, het geval in my hart wat dit ook verstaan het." Van die ander deelnemers soos G1 en C2 (par. 7) bevestig ook hierdie tweekamerteorie van die TPM benadering. G1 (par. 6) sê prontuit dat ons ervarings in ons verstand gestoor word en slegte ervarings kan nie eenvoudig "delete" word nie.

> Dit ... is goeie advies, raad om om vir mense te sê: "Gister is die verlede; al wat tel is vandag; môre lê in die toekoms." En dit maak sin en dis logies. Maar die realiteit is dat in jou / in jou denke werk dit nie so nie. My verstand is so geskep dat ek alles stoor van die verlede. Sóú ek die negatiewe ervaring in my verstand kon "delete" deur bloot te sê gister is die verlede – dit maak nie meer saak nie – dan sou sulke aksies natuurlik gehelp het. Ons weet almal: ons denke stoor, stoor die verlede. Dit word gestoor – maak nou nie saak of dit in die onderbewuste is of die voorbewuste òf die bewuste nie – maar dit word gestoor. Jy hét dit; jy kan nie daarvan af wegkom nie. En wat mense in berading baie dikwels probeer soek, is dat hulle wil nie gekonfronteer word met die verlede nie.

3. 'n Afwykende TPM benadering

D1 is 'n Voorligting Psigoloog wat die hele basiese kursus en driekwart van die eerste gevorderde kursus van die *Theophostic* benadering gedoen het. Na twee sessies TPM berading (D1, par. 2 en 4) het hy egter groot baat gevind by 'n unieke kursus van dr. Willem Nicol wat innerlike genesing bevorder deur Skrifmeditasie (par. 2 tot 5). Deur hierdie benadering het D1, soos hy dit stel, totaal en al vry geword van losbandige verhoudings en pornografie waarmee hy jarelank 'n stryd gehad het (par. 4 en 5). Sy beradingsveld fokus op mense met veelvuldige trauma en komplekse patologie. Hierin het sy leeswerk oor dr. Rebecca Brown ook sy eie benadering geslyp in terme van innerlike genesing sowel as bevrydingsbediening.

3.1 Hoe verskil D1 se aanpak van die TPM benadering?

Word gevra hoe D1 se besondere benadering van die voorgeskrewe TPM benadering verskil, kan die volgende aspekte aangeteken word:

3.1.1 TPM se wêreldbeeld is oop is vir die bonatuurlike, maar nie oop genoeg nie!

Aan die een kant gee D1 (par. 8 en 28) vir Smith (van TPM) krediet dat hy die geesteryk raaksien waar wonderwerke plaasvind, waar daar 'n stryd met Satan en sy ryk woed, en waar die gelowige mens as oorwinnaar bo Satan staan. Aan die ander kant reken D1 dat Smith nie oop genoeg is om te erken dat God ook fisiologies kan genees nie. Hy maak darem die toegewing dat TPM waarskynlik nie die oogmerk het om "'n fisiologiese genesingsbediening" óók te wees nie (D1, par. 9).

3.1.2 D1 se siening en hantering van veelvuldige trauma en komplekse patologie wyk af van die tipiese TPM benadering

D1 gaan wel terug na traumatiese insidente, maar is oortuig dat dit nie nodig is om na elke insident én tot by die heel eerste insident terug te gaan nie (D1, par. 13). "Ons hanteer eintlik meer temas op 'n slag, ... byvoorbeeld sy pa-tema in sy lewe waarin ons nié na spesifieke insidente toe gegaan het nie, maar hy ook sy genesing gekry het."

Met die teruggaan na herinneringe lê D1 ook nie soveel klem op die herbelewing van emosies tot dieselfde vlak van intensiteit as wat TPM voorskryf nie (par. 18): "Ek wil net hê die persoon moet bewus wees. Ek wil nie noodwendig hê dat hy dit só intensief moet beleef nie."

Die redes waarom D1 dit so doen, maak baie sin, veral in die lig van G1 se waarskuwing teen hertraumatisering tydens traumaberaad:

- Hy wil die persoon "spaar" en die herbelewing van pyn meer "draaglik maak" (par. 18 en 19). Hy vra selfs by geleentheid die Here om dit meer draaglik te maak vir die persoon, "dat hy na daai gebeure kan teruggaan sonder om dieselfde mate van trauma te beleef."
- Hy wil verhoed dat die persoon moontlik "toemaak" sodat hy as berader hom glad nie weer kan bereik nie (par. 19).
- Die genesings gebeur steeds "as ek net die leuen kan kry" (par. 19).

Die enigste uitsondering waartydens hy wel "die emosie tot dieselfde intensiteit op (laat) kook," is wanneer die persoon aanvanklik sukkel om die Here te hoor (par. 19). Dan laat D1 sy kliënt op die emosie fokus of op die Here Jesus ten einde dit te help aanbring.

Wat D1 op die stadium van die onderhoudvoering nie geweet het nie, is dat dr. Francine Shapiro en haar medewerkers in die veld van EMDR reeds gedetailleerde waarnemings oor assosiasiepatrone in slagoffers van veelvuldige trauma gemaak het waarkragtens hulle dieselfde soort kortpaaie in berading begin volg het as wat D1 nog beproef het (Shapiro, 2001:79-82; vgl. 3.6.2.4).

Wenke vir 'n begronde teorie oor traumaberaad: Die navorser het in sy eie berading van mense met veelvuldige traumas self ook opgemerk dat hierdie mense maklik oorbelaai kan raak met ontstellende emosies, sodra die herinneringe daaraan aangewakker word. Daarom stel die navorser juis op grond van hierdie bevestiging vanuit die navorsingsgegewens oor EMDR, én die genoemde werkswyse van D1, voor dat die TPM praktyk deur die wysheid hiervan verryk moet word (vgl. 3.6.2.4). Dit maak eenvoudig net meer sin om tyd te bespaar, om die risiko van hertraumatisering by die slagoffer-kliënt te verminder en om steeds die gewenste effek te bereik.

3.1.3 Die rol van geestesbindinge en bevrydingsbediening

D1 glo naamlik dat geestesbindinge 'n belangrike rol speel by die verstaan en hantering van komplekse patologie. Dit gaan volgens D1 nie net (1) om die leuens wat ontstaan uit pynlike insidente nie (D1, par. 14) of (2) om "werklike gebeure wat emosionele pyn veroorsaak, maar wat nie noodwendig aan leuens gekoppel is nie" (D1, par. 16); dit gaan (3) ook om "geestesbindinge" (D1, par. 14 tot 17). Daar is naamlik geestelike wette, wat, as jy dit oortree, soos met glasie-glasie speel of buite-huwelikse seksuele verhoudinge, dan kry die duiwel 'n wettige houvas op jou (D1, par. 14 en 29). "En dit is dikwels nodig om eers die bevryding te doen, voordat jy by die genesing kan uitkom," aldus D1 (par. 14.)

Hierin sluit hy aan by Smith se demonologie, maar hy reken hy lê sterker klem op die bevrydingsbediening soos wat Rebecca Brown (1986; 1990) dit bedryf (D1, par. 14 en 17). Hy kan hom nie herinner dat Smith byvoorbeeld melding maak van "die sondes van jou voorvaders nie." Hy het al by minstens drie of vier geleenthede in terapie op 'n punt gekom waar die Here aan die persoon openbaar: "Bely die sonde van jou voorouers en breek daai binding." (D1, par. 17.)

3.1.4 Die skep van 'n verwagting dat die Here sal praat of openbaar

Beradenes ondervind probleme om die Here te hoor wanneer hulle aanvanklik aan TPM blootgestel word. Hierin sluit D1 basies by die ander deelnemers in die empiriese studie aan. Hy beklemtoon dan ook dat veral mense uit die gereformeerde kerklike tradisies skoling nodig het ten einde te verwag dat die Here direk met hulle kan praat en dat hulle dit kan agterkom (D1, par. 20).

In sy eie "skoling" van beradenes hierin reken D1, heel tereg, dat hy ook van Smith verskil. D1 skroom naamlik nie om 'n verwagting by beradenes te skep dat die Here vir hulle persoonlik iets gaan doen of iets aan hulle gaan openbaar tydens die TPM berading nie (par. 20):

> Ed Smith sê: "Moenie vir die persoon 'n verwagting skep nie." Ek sê jy móét by die persoon 'n verwagting skep. Jy kán, want God is nog steeds presies dieselfde as wat Hy was voorheen (sic!). Hy't nie verander vandat Jesus op aarde was tot nou toe nie. En jy kon 'n verwagting hê in Jesus terwyl Hy op aarde was. Hoekom kan jy nie nou 'n verwagting in Hom hê nie? As Hy tóé mense gesond gemaak het, wat maak dat Hy nie nóú mense gesond kan maak nie?! As Hy tóé aan mense openbaar het, hoekom sal Hy nie nóú openbaar nie?"

Ter bevestiging hiervan word na C1 verwys. C1 het in sy onderhoud gesê dat sy blootstelling aan TPM hom die "ontsaglike ontdekking" laat maak het dat God ook op 'n direkte manier met mense kan praat (Labuscagne, 2006). God is naamlik meer as 'n "hemelse antwoordmasjien" wat aangaan en boodskappe ontvang wanneer mense bid. Mense kan 'n ander verwagting van Hom hê as dat Hy eers (heelwat) later sy boodskappe op die antwoordmasjien sal beantwoord. Mense kan verwag om ontmoetings met God te hê (tydens berading en/of later) waarin Hy Homself direk aan hulle openbaar. Hulle moet egter geleer word om na God se stem te luister. God praat deur die Skrifwoord, maar ook deur die Vleesgeworde Woord. Dit impliseer dat God onder andere met ons kan praat deur "spontane gedagtes wat by ons opkom." C1 se opsomming van die saak vat dit volgens die navorser baie gebalanseerd saam: *"God praat met ons deur Sy Gees in die vorm van gedagtes in lyn met die Skrifwoord"* (vgl. Labuscagne, 2006).

3.2 'n Besonderse entoesiasme oor sy nuwe identiteit, gesag en toerusting in Christus

Dit is eweneens verstaanbaar dat D1 (par. 6 en 7) baie entoesiasties is oor die nuwe ontdekkings wat hy maak ten opsigte van sy identiteit in Christus, sowel as sy gesag as Christen, byvoorbeeld oor die Bose. Hy het immers jarelank 'n stryd gevoer teen pornografie en los verhoudings en hy beleef op hierdie stadium die vreugde van vergifnis én daadwerklike oorwinning. "Ek is 'n kind van

God en daarin lê my identiteit." (D1, par. 6.) In verband met die bevryding van 'n satanis, getuig hy (D1, par. 32): "Ek het die hele bevryding deurgegaan en sonder dat daar 'n haartjie op my arms of my kop gelig het. ... En dáái gesag hét ons, en dáái gesag moet ons leer, want dit is op dáái gesag wat ons moet staatmaak om te oorleef in die geestesdól wêreld waarin ons leef." Sy getuienis behels ook verwysings na 'n intieme wandel met die Here dwarsdeur die week, soveel so dat hy teleurstelling met sy kerk op Sondae ondervind, een van die tradisionele Gereformeerde kerke (D1, par. 29 en 30).

3.3 'n Bevraagtekening van die bestaansreg van Psigologie

D1 sê basies (par. 26) (a) dat die oorsake van patologie nêrens in enige handboek bevredigend gedefinieer kan word nie; en (b) "Daar word nêrens melding gemaak van die geestesdimensie wat patologie beïnvloed nie." Hy is volgens die navorser ontnugter met die psigologie en opgewonde oor die Here en Sy verlossingsgenade, want – soos hy dit stel – "daar is nêrens in die Sielkunde 'n ding wat antwoorde gee en wat genesing gee, soos wat die Here gee nie." D1 sien nie raak dat die psigologie waarmee hy te doen gekry het, en wat die siels- en geestesdimensie van die mens nie behoorlik erken nie, heel waarskynlik in die greep van die mediese en/of behavioristiese model staan nie. Hiermee kan D1 in dieselfde kategorie as byvoorbeeld J.E. Adams (vgl. 1970) geplaas word wat bekend is vir sy anti-psigologie houding. Vergelyk egter C1 wat heel tereg opmerk dat Adams, in sy sterk reaksie teen alle psigologie, die kind saam met die badwater uitgooi (vgl. Labuscagne, 2006).

3.4 'n Beoordeling van D1 se benadering

Die navorser oordeel soos volg oor D1 se benadering:

- Die navorser stem toe dat D1 op betekenisvolle wyse van TPM afwyk in verband met sy siening en hantering van veelvuldige trauma (3.1.2), die bevrydingsbediening (3.1.3) en die skep van 'n geloofsverwagting (3.1.4). Volgens die navorser is dit alles verdienstelike gevalle en werd om verder ondersoek te word. Die navorser twyfel egter of D1 reg is dat TPM nie oop genoeg is vir bonatuurlike liggaamlike genesing nie (3.1.1), maar hiermee is die saak van geestesgawes vir genesing op die tafel geplaas en die navorser reken dat dit ook verdere ondersoek verdien.
- Dat D1 die psigologie nie 'n bestaansreg gun nie (3.3), moet egter verstaan word in die lig van sy nuut-ontdekte entoesiasme oor God en sy teleurstelling met die psigologie sonder dat hy die paradigmatiese onderbou daarvan reg verreken. Die navorser oordeel dus dat psigologie wel

'n bestaansreg het, met die ideaal dat die vakfilosofiese vertrekpunte daarvan behoorlik uitgeklaar is.

- Dit is eweneens moontlik dat D1 - in sy opgewondenheid oor die Here en die genesing en bevryding wat Hy gee (3.2) – die *geestesdimensie* van die lewe oorskat en die *natuurlike dimensie* van die lewe, waar gewone psigologiese kennis ook van nut kan wees, onderwaardeer. Waar C2 (vgl. 12.2.11) oor die natuur-genade-dualisme kommentaar lewer, dui hy op presies hierdie soort risiko wat by mense voorkom wat aan die een kant teen (anti-) die psigologie is en aan die ander kant baie entoesiasties oor die Here en die Gees is.

4. Traumaberaad

Die onderhoude bevestig dat die TPM benadering suksesvolle prognoses met verskillende soorte probleemgevalle lewer. Die enkele unieke soorte gevalle waarna die data meer kere verwys, is dissosiasie (soos wat A2 en C3, C4 en die "buitestaander" F1 dit doen); okkultberading en die sogenaamde bevrydingsbediening (soos wat A2 daarmee werk en D1); en traumaberading (soos wat D1, G1, A2, C3 en C4 as respondente die duidelikste daaroor uitwy). Hou in gedagte dat TPM sy beslag gekry het in die tyd toe Smith aanvanklik mense beraad het wat seksueel misbruik en gemolesteer is. Die gegewens van die empiriese studie het 'n unieke storie begin vertel oor die saak van traumaberaad en die moontlikheid van hertraumatisering tydens die teruggaan na verdronge herinneringe. Hier is sprake van "teorievorming op grond van kwalitatiewe data" (vgl. Creswell, 1998:55-58; 150-152). Die navorser reken dit verdien dat die hooflyne hiervan uitgespel word.

4.1 Wysheid is nodig om 'n persoon nie te hertraumatiseer tydens traumaberading nie

Hierdie saak is waarskynlik die belangrikste praktiese les wat die navorser uit sy onderhoud met G1 geleer het. G1 was voor die tyd in verskeie TPM beradingsessies by die navorser self. Hierdie onderhoud kan as 'n vorm van respondentkontrolering beskou word, een metode waardeur die interne geldigheid van 'n kwalitatiewe ondersoek verhoog kan word (vgl. 4.4.1; Leedy & Ormrod, 2005:100). Die volgende sake word aangeteken:

- Die beradene het "die oopmaak van die kasdeure van sy verlede" meer traumaties beleef as wat die navorser-berader aanvanklik besef het. Toe die navorser hom uitvra oor sy kontakmaak met die gevoelens van die traumatiese herinnering, het dit na vore gekom – in altesaam drie lang paragrawe, naamlik 13, 14 en 19. Vir eers verduidelik hy (in par. 13): "Enigiets ... wat trauma was, wat weggebêre word in die onderbewuste, word weggebêre

omdat dit seer is!" Dan beskryf hy die aard van traumagedrag baie raak. Wanneer die stof oor die traumas van die verlede vergader en die gras groei daaroor, dan tree jy emosioneel heftiger op in bepaalde situasies as wat die omstandighede vereis. "Want dan kan ekself nie meer onthou hóékom tree ek so heftig op wanneer ... die konteks dieselfde is as dít waarbinne die trauma plaasgevind het nie." (G1, par. 13.) Met die teruggaan na die pynlike herinneringe en die oopmaak van "die kasdeure van die verlede," was dit vir hom so uiters traumaties dat hy dit as "totale chaos" en "anargie" in sy gemoed beleef het (G1, par. 13 en 14): "... die klerekaste lê alles op die grond." Die gevolg hiervan was dat die beradene "die lig wat God gee" aanvanklik meer as duisternis ervaar het as enigiets anders (G1, par. 19).

- G1 sê die berader móét die beradene telkens van God se nabyheid, liefde en onvoorwaardelike aanvaarding verseker op die pad terug na die traumatiese herinneringe. "'n Mens sal móét in die beradingsessies op 'n manier telkens daardie een verseker, nè, van God se nabyheid, God se troue liefde, die onvoorwaardelike aanvaarding – om dáái goed in die oë te kyk. Anderster voel jy totaal en al weerloos, uitgelewer, nè?!" Navorser: "Uh!?" G1: "Want dis juis hoekom ek dié goed wegsteek," B: "Uh, uh, uh!" G1: "... omdat ek weerloos voel." Indien bogenoemde versekering nie gebeur nie, kan 'n persoon nog meer geslote raak of totaal uit die berading wegstap, sê G1 (par. 13).
- Toe die navorser vra of hierdie toedrag van sake moontlik aan sy eie onervarenheid met die TPM berading toegeskryf kan word, het G1 nee gesê. Hy reken dit is maar die vrug van die proses (par. 14): "Dis nét nie moontlik om die kas se deur óóp te maak en die lig skyn nie op al die items in die rak nie. ... As die kas se deur oop is, dan skyn die lig op ál die items wat op ál die rakke is." Die feit dat die beradene en die berader-navorser persoonlike vriende is, mag dalk 'n rol gespeel het dat die beradene hierdie besondere verduideliking gegee het wat minder blaam op die navorser sou plaas.

4.2 Die navorser se ontdekkings oor hertraumatisering en die voorkoming daarvan

In die lig van veral die sessies met G1, D1, C4, A2 en C3 (kombinasie-onderhoud) asook met F1, kon die navorser die volgende afleidings maak wat terselfdertyd wenke vir die praktyk bied:

- *Beoefen die bediening van versoening doelgerig:* Verskillende getuienisse vanuit die onderhoud met A2 en C3 (par. 28-33, 38-39; vgl. 5.4) wys op die kardinaal-belangrike rol van die regte verstaan en toepassing van *die bediening van versoening.* Dit help naamlik om mense wie se vertroue geskok is, sodanig herstel te kry dat hulle later weer kan oopmaak teenoor hul eie verwondheid, teenoor die berader en teenoor die Here.

- *Vestig 'n veilige plek in die gemoed:* C4 het vanuit sy werk met EMDR 'n definitiewe werkswyse waarvolgens *'n "veilige plek"* vir die persoon geskep word alvorens na die pynlik-traumatiese herinneringe teruggegaan word (C4, par. 15). Sou die persoon tydens berading en/of daarna bang raak, dan kan hy of sy self na daardie "veilige plek" in die gedagtewêreld hardloop en aan hertraumatisering ontkom.
- *Lei beradenes om bewustelik die Here as "veilige Plek" op te soek:* F1, wat weerstand teen die charismatiese modelle sou hê, het ook met negatiewe uitwasse van "veilige plekke" te doen gekry (soos deur ander terapeute vasgelê) en daarom beveel hy baie sterk aan dat *die Here as enigste veilige Skuilplek en Toevlug* aan beradenes voorgehou en bedien moet word (F1, par.22).
- *Benut TPM ten einde eers mense se innerlike vertrouensbronne op te bou*: A2 en C3 het gevind dat die Here in hul beradingsessies dikwels só werk dat Hy *eers vertroue* by 'n erg-getraumatiseerde persoon *bou* voordat na die ware "kwessie" gegaan word. Hy sal byvoorbeeld eers 'n minder-traumatiese of selfs 'n goeie herinnering na vore roep (vgl. die "chappies"-episode van par. 17 in die A2/C3-onderhoud) en aan die persoon openbaar hoe Hy daar in die verlede by hom of haar betrokke was. Daarna, wanneer die persoon self meer vertroue in die Here, in sy liefdestrou, wysheid en nabyheid het, dan neem die Here die persoon verder om die erg pynlike dinge van die verlede te besoek en in die oë te gaan kyk.
- *Bondel traumatiese herinneringe saam en bewerk kontak daarmee sonder om noodwendig erge emosionele herbelewenis aan te bring:* D1 is 'n persoon wat die Here vertrou om die trauma vir mense sagter te maak by die teruggaan na herinneringe. Hy fokus op temas van leuens en gaan dan net na *enkele tipiese herinneringe* terug, maar nie na almal nie. Hy *bring ook nie die emosie so sterk aan* tydens die faset van "bewerkstellig herbelewenis van die donker ervaring" nie. Hy beleef nog steeds sukses met die berading (D1, par. 19, 20 en 21).
- *Laat teken 'n ooreenkomsvorm van vertroulikheid in die aanvangsfase van berading:* Die navorser het self tydens twee sessies berading met 'n beradene wat glad nie in die empiriese studie betrek is nie, ontdek dat die beradene veiliger sou voel as daar aan die begin van die eerste sessie al *'n ooreenkoms van vertroulikheid* geteken kon word. Die navorser wat 'n gemeentepredikant is en intussen by 'n beradingskantoor (Impak Beradingsentrum) betrokke geraak het, het dadelik daarna so 'n konsepooreenkoms opgestel om in berading te gebruik (sien Bylaag C).

Mason (2002:195-196) dui aan dat as 'n situasie, soos hierdie oor hertraumatisering, in besonderhede en op omvattende wyse ontleed is, dan kan die lesse wat daaruit geleer word na ander soortgelyke situasies veralgemeen word. As die navorser maar van beter geweet het

tydens sy berading met G1, kon hy toe reeds al meer klem gelê het op die skep van 'n "veilige plek" onder die Here se vlerk, soos wat Psalm 91 dit uitspel. Die wysheid hierbo genoem, sal beslis enige model van gebedsberading wat op traumamateriaal fokus, verryk.

5. Die rol van die berader

Die navorser het vir die meerderheid deelnemers gevra watter kenmerke hulle as noodsaaklik ag vir 'n effektiewe TPM berader. 'n D-studie van Thiessen (2003:166-194) oor innerlike genesing het die saak beklemtoon dat beradenes met wie hy onderhoude gevoer het, die suksesfaktore van hul berading nie net aan die metode toegeskryf het nie, maar ook aan hul beraders en die atmosfeer van die beradingsentrum waar dit gebeur het. Daarom het die huidige navorser tydens die onderhoude ook die vraag gehad: Wat is jou siening en verwagting in terme van die vereistes, hoedanighede en begaafdhede van 'n effektiewe TPM berader? Die volgende opsomming van antwoorde kan gemaak word:

5.1 Die berader hou hom- of haarself doelbewus op die agtergrond

Dit is veral die onderhoud van A2 en C3 wat hierdie grondhouding as van kardinale belang by die TPM berader onderstreep. "Om terug te sit en te kyk hoe die Here werk" is makliker gesê as gedaan. Dit is uiters moeilik, "want jy moet absoluut aan die Here 'submit.'" (A2/C3, par. 5 en 6.) C3 illustreer dit soos volg (A2/C3, par. 6): "Jy sou nou gedink het die Here moet dit só doen, en dan sit jy terug en as jy jouself net kan kry om bietjie stil te bly en te wag, ... dat die Here sy werk doen, in plaas daarvan om vir Hom te sê wat jy dink Hy moet doen, ... is dit 'amazing' om te sien hoe die Here nog steeds vandag 'miracles' bewerkstellig."

A2 en C3 hou hulleself doelbewus op die agtergrond, selfs met die benutting van hul gawes (par.25, 26 en 27). C3 het byvoorbeeld die gawe van lering, maar sy getuig dat sy ook haar "teaching" moet terughou, al brand sy om die mense reg te help in verband met sake waar hulle verkeerd glo oor God of oor die Bybel. G1 (par. 25) bevestig hierdie houding van volkome afhanklikheid van die Gees.

Dit kan nou gevra word: Waarom is hierdie grondhouding so belangrik? Hierdie houding by die terapeute of beraders is belangrik, omdat TPM "Christusgebaseerd" is (C4, par. 4). Jesus Christus is die ware of eintlike Terapeut en Berader. Dieselfde waarheid word deur deelnemer C1 beklemtoon wat in naspreke van dr. Christo en Marie-Lou Cloete (2005:17) beaam dat Jesus

Christus "die ware Terapeut" is (vgl. Labuscagne, 2006).

5.2 Die berader het gawes en volg die leiding van die Gees

Soos pas genoem, het C3 die gawe van lering, wat sy met groot wysheid moet en kan aanwend.

G1 (par. 25) noem 'n paar gawes wat hy reken moet voorkom:

- die gawe om vir ander te kan bid;
- die gawe van die onderskeiding van die geeste; en
- die berader moet 'n geduldige luisteraar wees.

Toe die navorser vir C4 uitvra na sy siening oor die rol van geestesgawes in hierdie berading, antwoord hy dat hy elke dag vir die Here vra om hom te begiftig met die gawes van (vgl. par. 19) onderskeiding, 'n woord van kennis, 'n woord van wysheid en so meer. Dit is byvoorbeeld nodig om te onderskei of daar enige demoniese aktiwiteit by die berading voorkom en verder om kennis te verkry van wat die Here sê of oordra (C4, par.19). F1 wat 'n eie eklektiese metode van innerlike genesing volg, het ook die belangrikheid van die gawe van onderskeiding beklemtoon om te kan toets wat tydens berading gebeur (F1, par. 6).

5.3 Die berader steun deur en deur op Christus in gebed

"Gebed is die hoofding van *Theophostic,"* beskryf A2 dit (A2/C3, par. 7). Sy verwys na 'n vyfjarige seuntjie vir wie sy in berading moes help (A2/C3, par. 8). Haar krisis was dat sy nie geweet het hoe om die beginsels en proses van TPM aan so 'n jong kind te verduidelik nie. Sy het eenvoudig gebid en vertrou en die Here het die kind onmiddellik in die proses ingeneem en wonders vir hom gedoen. C3 het aangevul dat sy telkens mense met dissosiasieprobleme moes help, insgelyks haarself. Daar vind ook gebedswonders plaas, maar die pad is 'n langsamer proses as met bogenoemde kind, aangesien jy stukkie vir stukkie te werk gaan (A2/C3, par. 10 en 11). D1 (par. 23) noem pertinent dat die gebed die vorm aanneem van 'n gespreksgebed – 'n oop gesprek op 'n gemaklike manier tussen die drie persone, naamlik die berader, God en die beradene.

5.4 Die berader moet die bediening van versoening begryp en beoefen

Weer eens is dit die onderhoud van A2 en C3 wat 'n unieke stukkie lig bring op die noodsaak en wyse van die bediening van versoening tydens TPM berading. A2 vertel byvoorbeeld van 'n

meisie, 'n sataniese ritueel-misbruikte slagoffer, met wie sy twee jaar lank gewerk het en wat uiters baie skanse om haar gehad het (par. 28 tot 31). Wat uit die gesprek na vore kom, soos deur C3 belig, was dat die Here die berader se bid en vas, intersessie, deursettingsvermoë en onvoorwaardelike liefde gebruik het om die skanse af te breek en uiteindelik 'n deurbraak te bewerk.

Die bediening van versoening kan raakgesien word hoofsaaklik in die volgende aspekte wat hulle genoem het (A2/C3):

- Leer om na mense se harte te kyk en nié na hul uiterlike nie. A2 het van iemand vertel waarvan sy aanvanklik net haar rook, vloek en saamslapermans raakgesien het (par. 38). C3 het vertel dat sy vir 'n dame geleentheid moes bied om te rou – al was die man oor wie sy wou rou 'n ander vrou se man (par. 33).
- Laat die Here toe om met jouself te werk, en jou eie hart en vooroordele te verander (par. 29 en 40).
- Wees bereid om tyd, geld, planne, ensovoorts op te offer ten einde die Here en sy liefde aan 'n persoon te verteenwoordig (par. 33). C3 het verwys na 'n dame wie se hare en naels sy gedoen het en met wie sy verskeie koppies koffie en tee gedrink het voor die gereedheid daar was om die proses verder te neem (par. 31).
- Opoffering, gepaardgaande met die regte bediening van versoening, is nodig om die talle mense te help wat voorheen deur die toedoen van hul ouers, gesagsfigure of die kerk seergekry het. Dit is veral die bediening van versoening wat oor tyd meehelp dat hierdie (potensiële) beradenes se vertroue weer gewen kan word vir 'n beradingsproses soos hierdie (par. 32).

5.5 Die berader maak seker dat hy optimaal vry en genees is, en verseker sy verdere groei

C1 het basies vyf vereistes vir 'n effektiewe TPM berader deurgegee (Labuscagne, 2006):

- Maak seker jy is optimaal vry en genees in Christus, al bly dit 'n proses.
- Handhaaf jou voortgaande geestelike vryheid deur geestesdissiplines. Die gebroke wêreld waarin die mens – ook die berader - hom in bevind, impliseer voortdurende geestelike oorlog.
- Sorg dat jy die toerusting van die TPM literatuur en kursusse benut.
- Onthou dat die geheim vir suksesvolle berading nie soseer in die tegniek lê nie, maar in Jesus Christus die Geneesheer-Berader. Hiervolgens moet daar, aldus C1, nog groter klem gelê word op toepaslike Skrifgedeeltes as wat die TPM handleiding tot dusver gedoen het.
- Hoe meer die berader in verhouding met die Here groei, hoe beter sy gebedsverhouding, en

hoe meer effektief sal hy in TPM berading wees.

6. 'n Klem op charisma

Soos 'n goue draad loop dit deur al die onderhoude dat die geesteryk belangrik is en dat ons beter ingelig en bewapen moet wees vir die geestestryd van die lewe (vgl. D1; A2/C3; C2; C4; G1 en G2). Bykans al die deelnemers bevestig dat die berader gawes van die Gees nodig het vir effektiewe berading en dat die leiding van die Heilige Gees van kardinale belang is vir hierdie bediening (vgl. punt 5.2 hierbo en G2, par. 10).

Die bydrae van F1 verdien verdere aandag, juis vanweë die feit dat hy aanvanklik aangedui het dat hy 'n afkeer van charismatiese modelle van innerlike genesing het. Sy bepaalde weerstande, waarvan beslis kennis geneem moet word, is tydens die onderhoud bespreek, maar daar was ook 'n bepaalde erkentlikheid dat die Heilige Gees en die geestesgawes onontbeerlik is vir hierdie soort bediening. Ter wille van die balanserende perspektief wat F1 se bydrae op hierdie saak na vore bring, word die volgende punte aangeteken. [Neem kennis dat F1 (par. 2-3, 5, 7-13) in 'n groot mate gebruik maak van 'n beradingskursus (ontwikkel deur dr. Floris Knowds) van Perspektief Opleidingskollege te Potchefstroom, kognitiewe terapie, transaksionele analise wat aanvanklik deur dr. Eric Berne (1964) sy beslag gekry het en tradisionele innerlike genesing en bevryding.]

6.1 Die belangrikste verskille tussen F1 se aanslag en dié van die charismatiese modelle

Die volgende sake kan as die belangrikste verskille tussen F1 se aanslag en dié van die charismatiese modelle aangeteken word.

6.1.1 Charismatiese modelle aanvaar naïewelik dat alle bonatuurlike werkinge (tydens berading) van die Heilige Gees is

F1 sê hy is versigtig vir die charismatiese dinge, "omdat baie van daardie modelle weghardloop met sekere beginsels rondom die Heilige Gees ..." Hy verduidelik dat sy charismatiese "boeties" te maklik aanvaar dat dit die Heilige Gees is wat werk, sonder dat hulle "toets" en seker maak dat dit bo alle twyfel so is. Die Satan kan immers "in die vermomming van die Heilige Gees" ook werk, spel hy dit verder uit (F1, par. 6).

6.1.2 Charismatiese kollegas oorwaardeer die waarde van sekere geestesgawes ten koste van die rol van natuurlike lewensheiligingsprosesse

Eerstens kan hulle die siening huldig dat as 'n persoon eers wederbaar is deur die Heilige Gees, dan is al sy (sielkundige) probleme iets van die verlede. Wat F1 bedoel, spreek uit die volgende aanhaling (F1, par. 9): "So, God verander die gees - Hy gee vir jou nuwe geboorte, maar dan moet dit ook plaasvind ín die denke, ín die emosies, ín die wil." En dit is in hierdie proses dat verdere werk nodig is in die herbore mens se lewe. "... (D)aar is sekere goeters ... in die mens (wat) ... stukkie vir stukkie herstel (moet) word." (F1, par. 10.) *In hierdie geval kan geoordeel word dat die gawe van die wedergeboorte, soos gewerk deur die Heilige Gees, oorskat word en dat die natuurlike sy van menswees onderskat word of dat heiligmaking nie die nodige aandag kry nie.*

Dan kan die charismate in verband met demoniese besetenheid en bevryding glo dat as sekere demone wat met depressie te doen het, uitgedryf is, dan is 'n persoon totaal van depressie ontslae (F1, par. 16). F1 stel dat dit soms waar is, maar dat hy oordeel dat in nege-en-neëntig persent van die gevalle is terapie/berading nodig om die oorsaak van die depressie innerlik te genees, waarna die demone outomaties uit die persoon se lewe uitgaan. Net soms is dit nodig dat die Bose aangespreek moet word alvorens hulle sal gaan (F1, par. 16). In hierdie geval sou 'n mens kan oordeel dat die geestesgawes waarmee die Bose se teenwoordigheid onderskei en teengestaan word, oorwaardeer word ten koste van ander heling en heiliging wat op meer natuurlike prosesse geskoei is.

6.1.3 Mense kan duiwelbehep raak en hom die skuld vir alles gee

"Maar 'n ou kán nie elke gebrek toeskryf of elke afwyking of elke emosionele probleem toeskryf aan die duiwel nie. ... En dit is waar 'n ou versigtig moet wees om te kan sê: 'Hulle wil die duiwel al die skuld gee vir alles'. En: 'As die duiwel net weg is, dan is daar genesing.'" (F1, par. 19.)

6.1.4 Die sterkste onderskeidende kenmerk van F1 se benadering is dat hy graag vanuit sy gereformeerde agtergrond die teenwoordigheid en werking/manifestasie van die bonatuurlike toets

Vir eers moet genoem word dat F1 die resultate van die innerlike genesing wat hy bedien as wonderwerke van die Here sien, soos by die TPM gebedsbediening (F1, par.4). Hy erken ook dat

God nie net deur die Woord praat nie, maar ook deur die verligtende werk van Sy Heilige Gees en dat Hy herskeppend besig is in die beradingsproses (F1, par. 10 en 15). Daarmee sê hy dat die Heilige Gees "nie ingeperk" moet word nie.

Vervolgens beklemtoon hy ewe sterk dat die geeste ook nie ongetoets gelaat moet word nie. "En wat ek uit my gereformeerdheid daarin ingebou het: - ek moet toets! Toets dit aan die Woord van die verlede, want God praat nie maklik ánders as in die verlede nie - onder leiding van die Heilige Gees. En dat 'n ou ook vir God die gawe sal vra van onderskeiding ... om dit te toets wat daar gebeur en wat aan die gang is." (F1, par. 15; vgl. ook par. 6.) Dit lyk dus of F1 die regte erns maak met daardie aansporings in die Skrif wat aanbeveel dat die geeste getoets moet word, byvoorbeeld 1 Tessalonisense 5:21 en 1 Johannes 4:1.

6.2 Die belangrikste ooreenkomste tussen F1 se aanslag en dié van die charismatiese modelle

Die volgende aspekte kan as die belangrikste ooreenkomste tussen F1 se aanslag en dié van die charismatiese modelle aangeteken word:

- *Die Heilige Gees en gebed speel 'n belangrike rol in F1 se beradingsbenadering.*
  Paragrawe 8, 9 en 10 van die onderhoud is vol verwysings hieroor.
- *God is sprekend, verligtend en herskeppend aan die werk in die beradingsproses.*
  Dit gebeur deur die bemiddeling van die Heilige Gees (F1, par. 15).
- *Die werklikheid van die demoniese wêreld vra eerlike erkenning en gewapende hantering.*
  F1 het 'n oop gemoed en 'n bepaalde ervaring in die veld van demoniese besetenheid en die bevrydingsbediening. F1 het juis begrip daarvoor of – beter gestel – 'n hartseer daaroor dat hierdie saak nie altyd reg besien en hanteer word in die gereformeerde kerkwêreld, sowel as deur sekere psigoloë en psigiaters nie (F1, par. 16).
- *Die Heilige Gees en geestesgawes is noodsaaklik in die beradingswerk wat gedoen word.*
  F1 erken en beklemtoon selfs die noodsaak van die Heilige Gees en sy gawes in die beradingswerk wat hy doen, op byvoorbeeld die volgende maniere:
  - Telkens noem F1 dat wanneer hy 'n saak toets, dat die gawe van die onderskeiding van geeste – iets wat God self gee – teenwoordig moet wees (F1, par. 6 en 15).
  - F1 bevestig nie alleen dat hy 'n openheid vir die gawes van die Gees het nie, maar dat dit 'n noodsaak in hierdie bediening is. "Ja! Want God roep ouens en Hy rus mense toe ..." deur Sy Gees (F1, par. 16).
  - Die hele genesing- en bevrydingsproses is iets waarin die Heilige Gees 'n prominente rol speel (F1, par. 16).

- F1 se kritiek teenoor die narratiewe benadering, waarvan hy terloops melding gemaak het, is dat dit volgens sy oordeel die Heilige Gees onderbeklemtoon (F1, par. 18).

6.3 Regstellings wat F1 reken in die NG Kerk nodig is om sy soort bediening beter te steun

"In ons NG Kerk as sulks ís dit so dat ons te veel werk van die Heilige Gees vir die Charismate gegee het. En in my eie hart was dit so dat 'n ou sekere van die goed bevraagteken het. En God het my 'n pad met hulle laat loop vir 'n hele klompie jare - om te gaan leer, en te kan sien, en te kan ervaar wat die situasie is, hoe dit werk. En ek is dankbaar vir hulle, onder andere, dat 'n ou se oë kon oopgaan ook vir die bonatuurlike, want ... ons het dit nie op *kweekskool* geleer nie." (F1, par. 19.)

Daarmee sê hy, volgens die navorser, dat ons meer moet maak van die Heilige Gees, dat ons verder moet gaan as om charismatiese dinge alleenlik te bevraagteken, dat ons moet kennis neem van sekere praktyksake en dat ons in ons teologiese opleiding daaraan reg moet laat geskied.

7. Die regte kerklike atmosfeer vir TPM

Sou jy sê daar is verstellings wat die kerk in die algemeen, of dalk óns kerk (die NG Kerk), moet doen om 'n groter openheid vir TPM te hê? G1, die NG predikant en beradene, antwoord soos volg (par. 27):

> Ek dink die wortel is geleë in ons Westerse rasionalisme ... Dat ons alles logies-oorsaaklik wil verklaar wat gebeur. En gedrag kán jy nie oorsaaklik verklaar nie. Gedrag ... het te doen met 'n misterie, 'n misterie wat ons nie regtig kan deurgrond nie. En solánk ons probéér om die werklikheid te verklaar vanuit 'n Westerse denkmodel – van oorsaak en gevolg – ... sal ons nooit régtig by die punt kan kom om die ander werklikheid te kan raaksien nie: dat God op mooi en wonderlike maniere, sonder dat dit verklaarbaar kan wees, in mense se lewens werk en hulle núút maak.

Die gespreksgenote A2 en C3, wat onderskeidelik met die Metodiste Kerk (en voorheen die Gereformeerde Kerk) en die *Assemblies of God* te doen het, het sterk oortuigings rondom die regstellings wat hulle dink in die kerk nodig is, byvoorbeeld (par. 35 tot 39):

- Dis hartseer dat mense "sê hulle glo in die Here, maar dat hulle nie bereid is om te luister nie." A2 noem van 'n predikant wat teen TPM gepraat het, voordat hy self kennis en ervaring oor die saak opgedoen het (par. 35).
- Die kerk moet sy "banggeit" oorkom en die Here meer vertrou met sake soos TPM, sê C3 (par. 36). Tog het hulle deernis daarmee dat die kerkmense moontlik vroeër al mense met vreemde

projekte vertrou het en toe bedroë daarvan afgekom het (A2/C3, par.37).

- Die kerk moet erken as hy onbeholpe voel met sake soos satanisme en die okkulte en dit nie ontken of afkam vir onwerklik of hipersnaaks nie (A3/C3, par. 37; sien ook F1, par. 19).

C2, die Gereformeerde predikant en berader, dink "die kerk moet eintlik grondliggend reformeer" en spel dan uit wat hy daarmee bedoel (par. 8):

- Die kerk moet God vind.
- Die kerk moet God hoor praat.
- Die kerk moenie in sy strukture vasval nie.
- Die kerk moet die visie hê om sout en lig in hierdie wêreld te wees, afgesien van die byeenkomste Sondae rondom die Skrif.
- Ten einde sout en lig te wees, moet die kerk fokus op sy spiritualiteit – "op wie God is en op God se spreke in ons hele lewe."
- Die kerk moet ingestel wees "om mense in hul heel-mens te bereik;" dit is, om 'n heelmensbenadering te openbaar in hul uitreik na ander.
- Die kerk moet die bediening van versoening reg verstaan en uitleef. "En, ek meen, wanneer die kerk met hierdie veroordelende bril na mekaar kyk, en nie 'n genesende bril nie, dan – dink ek – dan gebeur hierdie goed nie!"

D1, wat in die proses is om vanaf die Gereformeerde Kerk oor te skuif na 'n ander kerk, het uiteraard ook sterker kritiek, maar hy opper dit met respek en deernis:

- Die kerk leer nie sy lidmate genoeg oor die geestesdomein nie (par. 29). Mense is onkundig oor die Here, sy spreke en wondermag (par. 20) en oor die gevare van "die geestesdól wêreld waarin ons leef" (par. 29, 30 en 32).
- Die kerk moes meer kon help met mense se onbeholpenheid wanneer hulle in die greep van die Bose val of in beradingsituasies van aangesig tot aangesig teen die Bose te staan kom (par. 30).
- Mense is onnodig bang, omdat hulle nie hul gesag, oorwinning en toerusting in Christus goed genoeg ken nie (par. 30) – ook 'n indirekte aanklag teen die kerk wat sy lidmate nie goed genoeg toerus nie.
- Op 'n meer persoonlike vlak het sy eie geloofsbelewenis met die Here so verdiep dat hy deur die week so 'n bevredigende omgang met die Here ervaar dat hy dit Sondae in die eredienste van sy gemeente mis en daarom "by ander kerke rondkuier." Hy stel dit soos volg (D1, par.11): "Weet jy, Banus (navorser), my ervaring van die Here ses dae in 'n week het begin verskil van my sewende dag-ervaring van die Here, in so 'n mate dat ek voel dat ek ses dae van die week

langs die Here staan, terwyl Hy werk en ... Hy's tasbaar naby en ek word gevul en gevoed en versterk, maar op die sewende dag – in die kerk – kry ek Hom nie ontmoet nie."

Om op te som: C4 het op 'n stadium 'n totale koue skouer in die kerk gekry waar hy hom bevind het en het intussen van kerkverband verwissel. A2 en G3 reken dat die kerk nie doelbewus "stroppy" is nie, maar dalk vrese het om te oorkom (par. 36). G2 (par. 10) wil nie sê dat die kerk doelbewus mense verkeerd leer nie, maar onbewustelik het haar kerk van afkoms te min gemaak van byvoorbeeld die Vaderhart van God en die persoon en werk van die Heilige Gees. G1 reken dat die rasionalisme die groot sondaar is wat in die weg staan van 'n beter ontvangs vir die *Theophostic* bediening. C2 beklemtoon ook die uitdaging om die atmosfeer van rasionalisme en veroordeling in die kerk verander te kry.

8. Voorstelle ten opsigte van TPM

Die deelnemers het die volgende *direkte voorstelle* gemaak, maar die navorser kon ook aflei dat sekere stukke inligting as *indirekte voorstelle* geïnterpreteer kan word.

8.1 Direkte voorstelle

8.1.1 Verander die naam na iets meer alledaags en verstaanbaars.
Beide G1 (par. 28) en G2 (par. 21) het voorgestel dat die naam "Theophostic" moet verander. Die naam *Theophostic Prayer Ministry* klink vir mense vreemd en skrik mense af. G1 reken dat selfs name soos "innerlike bevryding" en "innerlike genesing" mense mag afskrik. Daarom stel hy voor dat aan 'n omskrywende frase of iets meer alledaags gedink moet word.

8.1.2 Die kerk moet sy "banggeit" vir vreemde sake soos TPM, en daarmee saam die geesteryk, oorkom (A2/C3, par. 36 en 37). "Banggeit" verwys uiteraard na die vrees en wantroue ten opsigte van die onbekende.

8.1.3 Die kerk moet groter nederigheid aan die dag lê deur byvoorbeeld sy onkunde en onbeholpenheid met genoemde fasette te erken en nie voortyding en onkundig oor sake oordeel nie (A2/C3, par. 36 en 37). Hoogmoed is nie bereid om na God, mekaar en ander te luister nie, soos wat uit die voorbeeld blyk van die predikant wat mense teen TPM gewaarsku het voordat hy nog ingelig was waaroor dit regtig gaan (A2/C3, par. 35; vgl. punt 7 hierbo). Nog 'n voorbeeld van hoogmoedige veroordeling spreek uit die agtergrondinligting van deelnemer C4 wat van kerkverband verwissel het omdat hy en sy

assosiasie met die TPM beginsels by die eerste kerkverband veroordeel is.

8.1.4 Die kerk moet mense doelgerig toerus in verband met die realiteit en hantering van die "geestesdomein." (D1, par. 20, 29, 30, 32; F1, par. 19.) Hierdie toerusting is nodig vir beide die gewone lewe sowel as vir die beradingsituasie. C1 kon bykans nie genoeg beklemtoon hoe belangrik dit is dat mense geleer moet word om na die stem van God (die Gees) te luister nie (vgl. Labuscagne, 2006). Hy het in sy eie pastorale bediening al dikwels vir mense materiaal gegee wat hulle hiermee kon help ter voorbereiding vir die *Theophostic* proses.

8.1.5 Die kerk moet "die kernboodskap van bevryding" in Christus diepgrypender oordra en leer. (D1, par. 30.) Daarmee word enersyds verwys na D1 se ervaring van 'n verdiepte identiteitsbesef en gesagvolle oorwinningslewe in Christus. Andersyds verwys dit na die verlossingservaring ("God wat lig gee") met die verskillende dimensies wat daardeur geaksentueer word (vgl. 2.1.8).

8.1.6 Die kerk moet in sy teologiese arbeid erns maak met die Woord sowel as met die praktyk. F1 stel dit soos volg (par. 20): "En ek wil net hê dat die ouens nie altyd die praktyk moet afskryf nie..." Hy pleit:

- dat daar meer op skrif moet kom in die literatuur oor die praktyk/saak van innerlike genesing en bevryding (par. 20);
- dat die kweekskoolopleiding nie die geesteryk moet ignoreer of belaglik voorstel nie (par. 19); en
- dat erns gemaak word met die lesse wat die pastorale praktyk ons leer (par. 20).

Onbewustelik het F1 met hierdie voorstelle en versoek van hom presies die noodsaak en sin van empiriese studies in die praktiese teologie onderstreep.

8.1.7 Moenie met TPM op loop sit nie!

C2 waarsku meer as een keer dat daar nie met TPM as beradingsmodel op loop gesit moet word nie, byvoorbeeld: "Ag, ek dink die gevaar is, 'n ou moenie met *Theophostic* so op loop sit, dat jy nou weer God in hierdie *Theophostic* 'boxie' sit en sê Hy moet nou net so werk nie" (C2, par. 10, 11 en 12).

8.1.8 Sit maar met TPM op loop!

C1 reken die hoofboodskap van TPM is dat mense ontmoetings met die Here Jesus kan hê waarin hulle deur sy Gees direk kan ervaar dat Hy teenwoordig is, met hulle kontak maak en met hulle praat. Begryplikerwys word dit "goddelike momente" genoem, wat nie net tydens beradingsessies kan gebeur nie, maar feitlik oral. C1 stel voor dat hierdie TPM beginsels benut moet word ter verryking van die kerk se gemeentelike bediening, evangelisasie en ekumeniese betrekkinge (Labuscagne, 2006).

8.1.9 Die kerk moet grondliggend reformeer

C2 se voorstel dat die kerk grondliggend moet reformeer, behels onder andere dat die kerk op 'n ware Bybelse spiritualiteit moet fokus, nie vasval in strukture nie, sy roeping om sout en lig te wees ernstig opneem en 'n holistiese benadering volg in sy bediening en uitreik na mense (vgl. 6 hierbo). In hierdie reformasie is dit belangrik dat mense God ontmoet en sy spreke tot hulle hoor en volg. C2 se voorstel is – wat die navorser betref – moontlik die beste verwoording van die versugting wat by verskillende gespreksgenote deurgekom het (vgl. punte 8.1.2 – 8.1.8 hierbo en punte 8.2.1 – 8.2.7 hieronder, uitgesonderd punte 8.1.7, 8.2.3 en 8.2.5 wat om die beradingsituasie gaan).

8.2 Indirekte of implisiete voorstelle

8.2.1 Die kerk moet die probleem van rasionalisme raaksien en hanteer (C2 en G1).

8.2.2 Mense moet leer om beter in kontak met hul gevoelens te leef en minder rasionalisties optree (C2, par. 6; Campbell-Lane, 2005: mondelinge mededeling; vgl. Labuscagne, 2006).

8.2.3 C4 (vgl. par. 4) se beeldryke en innige manier van bid tydens berading, bied alreeds een voorbeeld van hoe die berader die beradene kan help om beter in voeling met die gevoelsdeel van sy of haar menswees te kom.

8.2.4 Die kerk moet groter ruimte skep vir die persoon, gawes en werk van die Heilige Gees (F1, par. 19).

8.2.5 Beraders moet erns maak met moontlike uitwasse en wanpraktyke in die berading en daarom moeite doen om die regte formaat van toetsing in te bou in die lig van die Skrif en die gawes van onderskeiding wat God gee (F1, par. 6, 10, 15, 16, 19; D1, par. 23).

8.2.6 Die kerk moet die bediening van versoening reg verstaan en uitleef (C2; A2/C3).

8.2.7 Die kerk moet die invloed van die natuur-genade-dualisme op ons kenleer reg verreken (C2; D1; C4; F1). Dit beteken dat 'n gebalanseerde aanpak in die beradingsbediening van innerlike genesing die natuurpool van psigologie en breinteorie mag gebruik in samehang met die sogenaamde geestesdimensie waarbinne die Teologie werk. Dit impliseer dat 'n berader ook van verbeelding, suggestie en selfs hipnose gebruik mag maak, soos wat die sekulêre EMDR en TPM ewe goed langs mekaar gebruik kan word, sonder om te dwaal of te manipuleer.

8.3 Die voorbeeld van 'n anti-dualisme gemeenteprojek

Die Gereformeerde gemeente waarvan C2 'n leraar is, het kort voor die empiriese onderhoude 'n

nuwe kerkkompleks gebou. "En juis om hierdie dualisme tussen kerk en wêreld bietjie te deurbreek, het ons 'n gebou gebou" wat as 'n gemeenskapsentrum funksioneer (par. 9). Die bedoeling is om die kerk se bates in diens van die gemeenskap te stel. "Die Here se bates is daar om die gemeenskap te dien, en dis nie 'n klooster op 'n berg nie!" (C2, par. 9.) 'n Tiental professionele terapeute van verskillende dissiplines doen hul werk vanaf die beradingsentrum by die kerk. Die helfte van hulle het die TPM kursus begin doen en die effek is dat hulle mekaar skool en slyp en ook hul berading in spanverband doen.

B. GRONDLIGGENDE SAKE : TPM Breinteorie, Leerstellings en Lewensbeskouings; en 'n Beoordeling van die Skriftuurlikheid van die TPM pastorale model

In hierdie afdeling kom grondliggende sake aan die orde, soos die TPM breinteorie, leerstellings en lewenbeskouings, asook 'n (voorlopige) beoordeling van die Skriftuurlikheid van die TPM pastorale model. In terme van Diagram 4.2 verteenwoordig afdeling B 'n tweede vlak van data-ontleding, en die ontleding sowel as gegewens is ook meer abstrak as die ontleding en data van afdeling A.

9. 'n Beter verstaan van TPM "breinteorie" in die lig van EMDR teorie

Die onderhoud met deelnemer C4 het waardevolle inligting opgelewer ten dienste van 'n beter begrip van TPM in die lig van EMDR. Daar word in hierdie afdeling veral by die gegewens van daardie onderhoud aangesluit.

9.1 TPM se brein- en psigologiese teorie is nie op standaard nie

Dit is een van die besware wat dr. David N. Entwistle (2004a:26-34 en 2004b:35-42; vgl. 2.4.1.4) onder andere in twee artikels in die *Journal of Psychology and Theology* oor TPM geopper het. Smith gee volgens hom onvoldoende en dikwels onakkurate verduidelikings van basiese psigologiese prosesse.

Dit moet in ag geneem word dat 'n studie soos hierdie empiriese kwalitatiewe studie onder andere kan meehelp om byvoorbeeld Smith se tweekamerteorie as 'n *akkurate* teorie te bevestig (vgl. 2.2.2 hierbo). Die verwysing na EMDR wat volg, beoog om uiteindelik by te dra tot 'n *vollediger* verstaan en verduideliking van die tweekamerteorie.

Wat sal gebeur as 'n mens in 'n terapeutiese benadering soos EMDR moontlik beter verduidelikings van die basiese psigologiese prosesse kry? Dr. Francine Shapiro skryf in 2002 'n artikel, *EMDR 12 years after its introduction: past and future research,* waarin sy oortuigend aantoon dat EMDR die fase van "eksperimentele metode" ontgroei het nadat genoegsame gekontroleerde, onafhanklike, bevestigende studies daaroor gedoen is. Dit word as 'n volwaardige, standaard behandelingsmodel geag (Shapiro, 2002a:4). Een illustrasie van hierdie erkenning vind ons daarin dat handboeke soos die vyfde uitgawe van *Crisis Intervention Strategies* (James & Gilliland, 2005:125-136) en *Kaplan & Sadock's Comprehensive Textbook of Psychiatry (Volume 2, eighth edition)* EMDR insluit en omskryf as 'n aanvaarde psigoterapeutiese metode (Sadock & Sadock, 2005:2537). Kan daardie beter verduidelikings gebruik word om die TPM teorie aan te vul en/of te verdiep?

Die navorser het na aanleiding van die opmerkings van Bobgan en Bobgan (1999:95-134) en sy eie naleeswerk oor EMDR begin agterkom dat dié twee benaderings baie in gemeen het. Doktore Karl D. Lehman en Charlotte E.T. Lehman (2005a:2) skryf dat "shared principles and techniques with research-supported psychotherapies provide indirect research support for Theophostic." Die geval van C4 wat TPM en EMDR in kombinasie gebruik, is volgens die navorser 'n unieke praktiese bevestiging van die hipotese dat TPM en EMDR baie in gemeen het en dat die een derhalwe by die ander kan leer.

9.2 Die kombinasiebenutting van EMDR en TPM is 'n unieke geval van beradingspraktyk

Net voor een en ander uit die onderhoud van C4 aan die orde gestel word, moet nog aangetoon word dat een van die vyf strategieë wat Mason (2002:194-197) voorstel, waardeur kwalitatiewe navorsers teoretiese veralgemenings kan doen, is dat jy mag argumenteer "that you have produced an explanation of *an extreme or pivotal case, or set of processes,* and you might have done this in tandem with your sampling strategy." Die navorser glo graag dat hy presies dit reggekry het deur die opspoor van 'n persoon soos C4 wat met sy kombinasie-benutting van TPM en EMDR 'n toonaangewende bydrae (baanbrekerswerk) kan lewer ten opsigte van die ontwikkeling van die TPM teorie en praktyk.

C4 (par. 3) gebruik nie 'n eklektiese metode nie, maar maak grootliks van TPM, EMDR en REBT (rasionele emotiewe behaviorterapie) as aparte volwaardige beradings- of psigoterapeutiese benaderings gebruik na gelang van omstandighede. Enkele redes waarom hierdie onderhoud volgens die navorser 'n unieke situasie was ten opsigte van die navorsingsdoel:

- Dit het unieke bevestiging gebied vir die hipotese wat in die navorser se gemoed vorm aangeneem het, naamlik dat EMDR en TPM baie in gemeen het. Hier was 'n terapeut/berader wat EMDR en TPM in kombinasie gebruik juis op grond van die ooreenkomste tussen die twee benaderings. Kan daar dan nie met groter vrymoedigheid voortgegaan word om uit die wetenskaplike werk rondom EMDR te leer ter verryking van die teoretiese onderbou van TPM nie?
- Die onderhoud het self inligting verskaf rondom die praktiese aanwending van die metodes. Dit op sigself hou die moontlikheid van verryking in vir die beradingspraktyk van TPM.
- Soos die onderhoud sy gang geneem het, is al meer besef dat die persoon van C4 self uniek is. Beide sy besondere geloofstoewyding en sy teoretiese ingeligtheid – wat byvoorbeeld getoets kon word teen die leeswerk wat die navorser self reeds oor TPM en EMDR gedoen het – was iets besonders. Dit maak sy bydrae op meer as een vlak besonder geloofwaardig en gesagvol.
- Die onderhoud was boonop uniek in dié sin dat dit nie met die aanvanklike beplanning van die ondersoekgroep in die vooruitsig gestel was nie, maar toe die navorser "toevallig" van dié man hoor wat die twee modaliteite in kombinasie gebruik, het hy dadelik met hom ook 'n onderhoud gereël. Dié werkswyse strook met wat skrywers soos Leedy en Ormrod (2005:95) oor die kwalitatiewe empiriese ondersoek sê, naamlik dat die metodes en werkswyse self mag ontwikkel na gelang van die vordering van die ondersoek.

9.3 'n Voorlopige verheldering oor die TPM teorie vanuit die kombinasiebenutting met EMDR

Die verheldering hier word "voorlopig" genoem, bloot omdat die empiriese studie voor die skryf van die vorige hoofstuk, naamlik Hoofstuk 3, plaasgevind het. Met ander woorde, vir die leser sal Hoofstuk 3 die aanvanklike kennismaking met EMDR wees en hierdie dan die verheldering uit die empiriese gegewens, sowel as die rasionaal of bevestiging waarom by EMDR aangesluit is ter verdieping of verryking van die TPM breinteorie.

Theophostic teorie: C4 verduidelik die psigologiese teorie waarvolgens TPM werk. Hy gee terselfdertyd te kenne dat hy nie 'n gekwalifiseerde psigoloog is nie en daarom nie op absolute gesagvolheid aanspraak maak nie. *Theophostic* is uiteraard Christusgebaseerd. Die Here word naamlik gevra om die kliënt na die "sneller-gebeurtenis" te neem wat daartoe gelei het dat hy 'n onvanpaste emosionele reaksie het. C4 dui aan hoe hy met beeldryke gebed die Here vra om die persoon by die hand te neem, terug te lei na die geheue om hom te help om die pyn te herbeleef en om hom in daardie pyn by te staan. Dan word daar gebid dat die Heer die pyn moet wegneem

- dit genees - en dat Hy die persoon in die holte van sy hand sal hou. Vervolgens word die Heer gevra om die "duisternis" in daardie pynlike herinnering na vore te bring; dit is, die leuen moet openbaar word. Uiteindelik word die Here gevra om Sy waarheid aan die persoon oor te dra en om die leuen daarmee te vervang.

Naas die genesing van die "triggering event," word daar teruggegaan na vorige herinneringe wat 'n "eggo" bied van die pyn in die huidige gebeurtenis. Hierdie herinneringe wat met mekaar verband hou, kom dikwels in vinnige opeenvolging na vore.
'n Terloopse opmerking: C4 gebruik van die EMDR hulpmiddels om hierdie herinneringe aan te teken, naamlik die sogenaamde "lewensverhaal- of agtergrondvorm."

Hy verduidelik voorts dat die herinneringe te doen het met "splinterleuens" of "tematiese leuens." Die navorser het tot nog die indruk gehad dat TPM in hoofsaak fokus op die identifiseer en regstel van die leuen, maar C4 bevestig dat TPM beide die emosionele pyn genees en die verkeerde geloof herstel. Telkens word die pyn beleef en genees, sowel as die leuen of duisternis word openbaar, en die Here gee sy waarheid wat dan deur Homself ook "install" word. *"Install"* is 'n term wat deur die EMDR benadering gebruik word vir die vaslegging van die gewenste kognisie op 'n belewenisvlak in die gemoed van die persoon (vgl. Lipke, 2000:21-23).

EMDR se breinteorie: In verband met EMDR gee C4 eers sy verstaan van die grondliggende breinteorie wat verduidelik waarom dit werk. Daarna verwys hy na die raakpunte tussen EMDR en TPM. Hy, soos ook die navorser, het kennis geneem daarvan dat daar meer as een teorie geponeer word as werkshipotese vir EMDR. Die één teorie wat volgens sy oordeel die beste is en die meeste sin maak, is die volgende: EMDR simuleer die breinaktiwiteit wat met *REM*-slaap (*Rapid Eye Movement*-slaap) gepaard gaan; dit is die selfgenesingsmeganisme van die brein. C4 spel een implikasie hiervan komies uit, naamlik dat trauma wel "met tyd genees" soos die spreekwoord lui, maar dan onder die spesifieke voorwaarde dat genoeg tyd in *REM-slaap* deurgebring word. Tog is daar sekere trauma wat so erg is dat die brein nie soontoe wil gaan nie, en hierdie vermyding van traumamateriaal word ook oor tyd versterk. Gevolglik is kundige hulp en/of gebed nodig.

Met die ontwikkeling van die psigo-neurologie het mense "masjiene" ontwerp wat die funksionele geografie van die brein kan aandui. Dit dui naamlik die "geografiese" lokaliteit in die brein aan van aktiwiteite wat met sekere breinfunksies gepaard gaan. So byvoorbeeld is ontdek dat die breinaktiwiteit tydens *REM*-slaap ossilleer tussen die regter- en linkerbreinhemisfere. Wanneer 'n

mens 'n probleem het, kyk jy afwisselend daarna met die regterbrein en sien die groot prent, en dan weer met die linkerbrein en sien die detail. Daarna word die groot prent vanuit hierdie detail verryk en word die probleem weer vanuit die regterbrein met sy aangevulde groot prent bekyk. Die detail word dus in nuwe lig besien en sodoende word die probleem uiteindelik verwerk of opgelos. Dieselfde gebeur met die verwerking van traumatiese probleme. EMDR werk "because it causes the brain to oscillate while doing the EMDR" (C4, par. 7).

Daar is ook gevind dat alle belewenisse van die herinneringe baie helder en intens is tydens EMDR, soos dit ook tydens droomslaap gebeur. Alles word duidelik, glashelder onthou en beleef en gevoelens word intens ervaar. Dit is 'n meesprekende stukkie inligting wat C4 (par. 8) deel ten einde te verklaar waarom EMDR effektief is in die opklaar van traumatiese herinneringe.

C4 (par. 9) voeg by dat EMDR ook gebruik maak van "somatic markers" of "body memories" – sogenaamde liggaamlike merkers of liggaamlike geheues. Hiermee word bedoel dat tydens die EMDR prosedure ook na liggaamlike aanduidings van psigiese spanning gekyk word ten einde die psigiese spanning op te spoor. 'n Knop op die maag, 'n lae rugpyn, 'n pyn in die nek of 'n skeelhoofpyn kan sielkundig inderdaad veelseggend wees.

'n Verdere bevestiging vir die teoretiese onderbou van EMDR kom volgens C4 (par. 10) uit die werk wat gedoen word rondom 'n behandelingsmetode vir angs en depressie wat hoofsaaklik gebruikmaak van psigo-neuro-tegnologie. Daar word naamlik (drie) monitors aan 'n persoon gekoppel wat sigbare en hoorbare terugvoer aan die pasiënt bied. Blykbaar in reaksie op hierdie terugvoer kom daar 'n spontane aanpassing in die pasiënt en word 'n staat van genesing bereik wat uiteindelik die angs en depressie onder beheer kry. Die eerste monitor gee 'n aanduiding van die persoon se alfagolwe en linkerbrein-aktiwiteit; die tweede van thetagolwe en regterbrein-aktiwiteit; en 'n middelste monitor dui die ratio of verhouding tussen die twee aan. Tydens depressie bied die alfagolwe 'n sekere afwykende lesing. Tydens angstigheid lees die thetagolwe nie reg nie. Die verhouding tussen die alfa- en thetagolwe is tydens daardie toestand ook nie op die normale ratio nie. As albei die alfa- en thetagolwe op die aangewese merk is en die verhouding tussen die twee is ook reg, dan het die persoon die angs en depressie onder beheer. Die merkwaardige ooreenkoms met hierdie behandelingsmetode is dat EMDR blykbaar die mense in dieselfde staat van genesing plaas, want – so word daar per monitor waargeneem - die alfagolwe lees reg, die thetagolwe lees reg, sowel as die ratio tussen hulle tydens die EMDR behandeling. Dit is dus 'n aanvaarde dat EMDR genees, stel C4 (par. 10) dit, 'n stelling waarmee die navorser volledig saamstem.

9.4 Enkele voorbeelde van die praktiese kombinering van TPM en EMDR

Die volgende voorbeelde van hoe C4 op praktiese vlak TPM en EMDR in kombinasie benut, word aangeteken:

- C4 gebruik die EMDR veral om die hindernis van "beskermende leuens" – die moeilikste hindernis in die *Theophostic* proses, volgens C4 - te oorkom (par. 26).
- C4 gebruik die "lewensverhaalvorm" van die EMDR prosedures om traumatiese herinneringe tydens die *Theophostic* proses aan te teken (par. 5 en 13).
- C4 skryf neer wat die Here ook aan hom openbaar tydens *Theophostic* momente (par. 18). Vir die EMDR proses is dit baie nuttig en effektief om van die Here die gewenste positiewe kognisie te ontvang (par. 17). In beide die EMDR en TPM prosedures dien dit tot uitstekende bevestiging vir die beradene om, nadat hy sy aankondiging van wat die Here sou sê gemaak het, te verneem dat die berader presies dieselfde "openbaring" van die Here ontvang het (par. 18).

C4 het selfs enkele sinvolle afwykings van die EMDR prosedures waarvan mense wat EMDR doen, kennis kan neem. Sy spesifieke gebruik van die handklap duale stimulasie terwyl die persoon sy of haar oë toehou, is een voorbeeld (C4, par. 12). Dit maak net eenvoudig meer sin, aangesien dit minder bedreigend vir die beradene is as die manipulasiebewegings van 'n hand wat kort voor die oë heen en weer beweeg. Bowendien kan die persoon met toe oë makliker op geheue-inhoude fokus as met oop bewegende oë en daardeur word een van die EMDR doelwitte makliker bereik.

10. Leerstellige en lewensbeskoulike boustene van TPM

Een van die hoofsake van die navorsing is om die leerstellige en lewensbeskoulike boustene van TPM te beoordeel in die lig van die Skrifopenbaring volgens die reformatoriese tradisie en waarheidsmomente uit die konteks van die TPM bedieningspraktyk (vgl. 1.3 en 4.1 vir navorsings-doelwitte). Daarom moet hierdie empiriese studie ondersoek doen na onder andere die leerstellige en lewensbeskoulike onderbou van TPM. Al pas dit dat die gegewens wat die empiriese studie oor hierdie sake opgelewer het, ook hier in hierdie hoofstuk weergegee moes word, doen die navorser dit egter eers in Hoofstuk 6 waar dit deel vorm van die prakties-teologiese beoordeling van TPM. Daar sal dit in meer besonderhede weergegee en teen die Bybel en ander geopenbaarde waarheid uit die TPM konteks gemeet kan word. Ten einde die belangrikste

leerstellings en lewensbeskoulike sake wel aan die orde te stel, sal dit vervolgens net by wyse van 'n kort opsomming weergegee word.

10.1 Die belangrikste leerstellige en lewenbeskoulike boustene van TPM

Die belangrikste grondliggende leerstellings en lewensbeskouings rakende TPM, soos deur die empiriese gegewens belig, is die volgende:

- Mensbeeld
- Godsbeeld
- Skrifbeskouing en openbaringsleer
- Sondeleer
  - Die teenstelling sondegebaseerde teologie teenoor leuengebaseerde teologie
- Verlossingsleer
  - Lig as belewenisse van verlossing
  - "Maintenance-free victory" wat van innerlike wesensverandering spreek
  - Waardeer die verlossing van bo en van buite wat nou binne die Christen is
  - Die verskeidenheid dimensies van die "lig wat God gee" tydens TPM sessies
- Die leer oor heiligmaking
- Lydingsleer
- Demonologie
- Wêreldbeeld van die TPM benadering
- TPM se kenleer
  - Vry van die greep van rasionalisme
  - Verstaan en implementeer die natuur-genade-dualisme moontlik ongebalanseerd

10.2 Verdere temas wat navorsingsaandag verdien

Vanuit die onderhoud van D1 kan enkele leerstellige en lewensbeskoulike sake aangeteken word wat nie voldoende deur die empiriese studie verhelder is nie, maar wat moontlik verder (deur ander teoretici) nagevors kan word, naamlik:

10.2.1 Innerlike genesing deur Skrifmeditasie?

Na aanleiding van die feit dat gespreksgenoot D1 se eie innerlike genesing en bevryding deur *Theophostic* berading sowel as deur 'n metode van Skrifmeditasie plaasgevind het, en dat hy

moontlik as gevolg daarvan en nog ander faktore, 'n afwykende vorm van TPM bedryf, oordeel die navorser dat dit goed sou wees as die tema elders verder ondersoek kan word.

10.2.2 Waarom gaan die bevrydingsbediening in samehang met innerlike genesing?

A2 (par. 3), F1 (par. 17) en D1 (par. 14, 15 en 17) doen blykbaar aldrie okkultberading in samehang met innerlike genesing. Weer eens is dit D1 wat in waarskynlike navolging van Rebecca Brown se bevrydingsbediening, hom die meeste en duidelikste uitgespreek het oor sake soos "geestesbindinge" en "die sondes van die vaders" sowel as die hantering daarvan (vgl. Bylaag D, punt 3.1.3). Hy het trouens die saak opgehaal dat daar definitiewe geestesbindinge kan bestaan en dat dit volgens sy ervaring soms nodig is om die bindinge nietig te verklaar en die sondes van die vaders te bely (D1, par. 14, 16 en 17). G1 verwys ook na Satan se "vashouplekke" in die mens wat hy nie graag prysgee nie (par. 25). Die navorser oordeel eweneens dat hierdie 'n tema is wat verdere ondersoek verdien.

'n Terloopse waarneming: Die psigoloog met 'n militêre graad (in Krygskunde) is 'n voorstander van geestelike oorlogvoering – 'n baie interessante "toevalligheid."

10.2.3 Hoe aktueel is die genadegawes van gesondmaking in innerlike genesing?

Die algemene indruk wat die navorser uit die empiriese data kry, is dat TPM verstaan word as 'n bediening (hetsy gebedsbediening of beradingsbediening) waardeur die Here mense innerlik heel of gesond maak. D1 fokus die aandag op goddelike genesing deurdat hy skepties vra of TPM oop is vir goddelike genesing op liggaamlike vlak. Die teenvraag wat hierdeur opgeroep word, is of die bediening van TPM nie in elk geval die gawes van gesondmaking insluit nie. Daarom reken die navorser is dit aktueel om verder na te vors watter rol die genadegawes van gesondmaking in innerlike genesing speel.

11. 'n Beoordelingsmaatstaf vir die Skriftuurlikheid van die TPM model

Hoe beoordeel 'n mens die reformatoriese Skriftuurlikheid van 'n pastorale beradingsmodel? In die eerste plek moet die grondliggende sake in verband met 'n pastorale beradingsmodel soos TPM helder in die kollig gebring wees, want dit is immers van die belangrikste sake wat beoordeel moet word. Die waarde van die empiriese kwalitatiewe studie is juis dat dit onder andere daardie grondliggende sake duideliker help identifiseer en belig. By punt 10 hierbo is die belangrikste

leerstellings en lewensbeskoulike sake van TPM kortweg aangeteken.

Ten tweede moet 'n werkbare en geldige beoordelingsmaatstaf aangelê word ten opsigte van daardie grondliggende sake. In hierdie kwalitatiewe studie het daar reeds ook evaluering van beradingsfasette, leerstellings en lewensbeskoulike sake van TPM plaasgevind. G1 se voorstel vir die beoordeling van die Skriftuurlikheid van 'n pastorale beradingsmodel lyk na 'n geldige en werkbare beoordelingsmaatstaf.

Die navorser het naamlik telkens in die onderhoude vir die deelnemers na hulle beleefde ervarings en oortuigings oor die TPM praktyk en teorie uitgevra. Een van die vrae was of hulle dink dat TPM Skriftuurlik is; alternatiewelik, of hulle dink dat die *Theophostic* benadering 'n geldige gebruik van die Skrif handhaaf? G1 (par. 20) se bepaalde inset lewer 'n goeie rigtingwyser:

> Onthou, ons léwe nie met 'n teksversie nie; ons lewe met 'n Bybel. En ons takseer ons lewensoortuigings op grond van 'n Bybelse verwysingsraamwerk. Dus, ek het nie nodig om in my lewe elke slag 'n Bybelversie vir elke iets aan te haal nie, want die gróót boodskap van die Bybel beheer mos my lewe. ... En as die gróót lyne van die Bybel aanwesig is in hierdie terapeutiese model – van ... sonde / van sonde-oortuiging; van verligting van die Gees (wat 'n tema is in Paulus se prediking); die waarheid / dat die waarheid vrymaak; dat God gekom het om die leuen te ontmasker – dis die groot temas van die Evangelie. Verlossing, vernuwing, herskepping; 'n nuwe mens, beeld van God, beeld van Christus – dis die sake wat in die Bybel na vore kom; dis die temas. En as hierdie temas funksioneer in 'n terapeutiese model, dan kan ons met gerustheid sê dat ons hier te doen het met 'n Bybelse model.

Om saam te vat: Die voorstel is, met ander woorde, dat 'n mens die Skriftuurlikheid van 'n pastorale beradingsmodel meet aan die regte voorkoms en hantering van Bybelse temas. Daar word seker gemaak of die bepaalde model die groot lyne van die Bybelse boodskap reg verklank. Soos wat 'n Christen onder die beheer van die Bybel leef deurdat die groot boodskap 'n greep op sy hart het, so moet die Bybel en 'n Bybelse verwysingsraamwerk die hart, uitgangspunte en toepassing van die pastorale benadering beheer. As dit die geval is, en G1 reken dit is die geval, dan word TPM as 'n reformatories-Skriftuurlike model beskou. Die navorser kan geen rede sien om met G1 hieroor te verskil nie.

Om dit nog 'n keer te stel: Dit pas dat al die empiriese gegewens vanuit die onderhoude in Hoofstuk 4 en Bylaag D aan die bot moes kom, maar aangesien daar volgende hoofstukke is waar die gegewens weer sal moet meespreek, word dit daar in groter besonderhede behandel. Hier word vervolgens slegs na enkele beradingsfasette, leerstellings en lewensbeskouings in verband met die *Theophostic* benadering verwys, hoofsaaklik om te illustreer hoe G1 sy beoordelingsmaatstaf aangelê het.

11.1 Die *Theophostic* beradingsfasette lyk Bybels verantwoordbaar

11.1.1 Die *"teruggaan na herinneringe uit die verlede"* is volgens G1 Bybels. Hy sien onder andere in die Ou Testament hoe die profete mense se "geheue verfris" of sonde blootlê deur mense terug te voer na belewenisse uit hul verlede (vgl. G1, par. 6, 7 en 11). Die navorser oordeel dat G1 reg redeneer, maar reken dat die inset van die psigologie ook sinvol kan meespreek in die saak.

11.1.2 Die fundamentele bousteen van *"God wat lig gee"* knoop G1 dadelik aan die Bybelse tema van God wat deur sy Gees in mense se binnekante werk, byvoorbeeld (G1, par. 17): "Ek dink 'n mens moet die openheid ook behou, omdat die Skrif vol is daarvan, dat die Here in die mense se binnekant direk werk."

11.1.3 Waar G1 sy *verwagtinge rondom 'n effektiewe TPM berader* uitspel, wys hy op verskillende *gawes* (par. 25), byvoorbeeld die gawe van voorbidding, die onderskeiding van die geeste, om geduldig te kan luister en openheid vir die leiding van die Gees van God. Hyself noem dat dit ook weer 'n Bybelse tema is en dat dit volgens alle logika reg aan die orde kom.

11.2 Die TPM leerstellings en lewensbeskouings lyk Bybels verantwoordbaar

11.2.1 *Mensbeeld:* G1 (par. 15 en 21) reken die mensbeeld wat TPM hanteer is een wat glad nie die mens op enige manier wil verheerlik in humanistiese sin nie. Hieruit vloei logies dat die mens homself net reg kan ken in die lig van wie God is (G1, par. 21) en dat sy redding en heling van bo en van buite homself (in God) verwag moet word (G1, par. 15 en 21). Uiteraard blyk so 'n mensbeeld die Bybelse mensbeeld te wees.

11.2.2 *Verlossingsleer:* G1 (par. 23) verstaan TPM se "maintenance-free victory" in die lig van die innerlike wesensverandering waarvan Paulus in 1 Korintiërs 6:9-11 praat:

> Julle weet mos daar was homoseksueles onder julle, daar was dronkaards, daar was leuenaars en en en ...;" hy sê, "máár julle het julle sonde laat afwas, julle is gereinig, julle is geheilig. So wás party van julle juis ook gewees." Die "was" beteken nou vir my dat die wortel verander het, dat daar nie meer 'n wortel is nie. Dís die verskil. As jy werk met ... 'n eg-Bybelse mensbeskouing ... en met 'n eg-Bybelse soteriologie, dan (word) ... die wortel van die kwaad aangespreek. Ons is nie besig om die gras te sny en die vuilgoed te skoffel nie; ons is besig om die vuilgoed úít te haal.

TPM se sogenaamde "maintenance-free victory" is volkome verstaanbaar in die lig van 'n Bybelse tema soos hierdie.

11.2.3 *Leer oor heiligmaking:* G1 (par. 22) beoordeel Smith se definisie van *heiligmaking* deur dit te meet aan Paulus se hantering van die "in Christus"-frase (G1, par. 22): "Julle deel ten volle aan die vryspraak, ... heiligmaking en die volharding (1 Kor. 1:30); ... hou op om te lewe soos julle voorheen geleef het!" Heiligmaking word deur TPM verstaan as 'n gawe van oorwinning én 'n opgawe tot die handhawing daarvan.

Die navorser volstaan in hierdie Bylaag D met hierdie enkele verwysings ter illustrasie. Volgens sy oordeel blyk die beoordelingsmaatstaf 'n werkbare en geldige een te wees en dit wil voorkom of die genoemde TPM beradingsfasette sowel as leerstellige en lewensbeskoulike boustene reformatories-Skriftuurlik is. Hierdie saak word/is in Hoofstukke 5 en 6 breedvoeriger hanteer.

BRONNELYS

ADAMS, J.E. 1970. Competent to counsel. Grand Rapids, Mich.: Baker Book House. 287 p.

ADLER, A. 1943. Neuropsychiatric complications in victims of Boston's Coconut Grove disaster. *Journal of the American Medical Association,* 123:1098-1101.

AITKEN, P. 1993 – 2002. Psychotherapy. (*In* Microsoft Encarta Encyclopedia 2003.) [CD].

ALMY, G. 1999. TheoPhostic counseling: divine or what? http://www.psychoheresy-aware.org/ga_tpc76.html Date of access: 16 Nov. 2004.

AMEN, D.G. 2004. Healing the hardware of the soul: nine principles of the Amen Clinic. *Christian counseling today,* 12(3):19-24.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION (APA). 1980. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 3rd ed. Washington, Wash.: American Psychiatric Association. 494 p.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION (APA). 1994. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 4th ed. Washington, Wash.: American Psychiatric Association. 358 p.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION (APA). 2000. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 4th ed., Text Revision. Washington, Wash.: American Psychiatric Association. 943 p.

ANDERSON, N.T. 1993. 'n Lewe van oorwinning: hoe om jouself te bevry van die bande van sonde; besef wie jy in Christus is; hoe om die geestelike mens te word wat jy graag wil wees; hoe om in die Gees te wandel. Uit die Engels vertaal deur Elna Redelinghuys. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 197 p.

ANDERSON, N.T. 2002. Bevryding van kettings: oorkom negatiewe denke, irrasionele gevoelens, gewoontesondes. Uit Engels vertaal deur Cliff Smuts. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 316 p.

ANDERSON, N.T., ZUEHLKE, T.E. & ZUEHLKE, J.S. 2000. Christ centered therapy: the practical integration of Theology and Psychology. Grand Rapids, Mich.: ZondervanPublishingHouse. 431 p.

ANDRADE, J., KAVANAGH, D & BADDELEY, A. 1997. Eye-movements and visual imagery: a working memory approach to the treatment of post-traumatic stress disorder. *British journal of clinical psychology,* 36:209-223.

ANTONOVSKY, A. 1979. Health, stress and coping. San Francisco, Calif.: Jossey-Bass. 255 p.

ANTONOVSKY, A. 1987. Unravelling the mystery of health: how people manage stress and stay well. San Francisco, Calif.: Jossey-Bass. 218 p

ANTROBUS, J.S., ANTROBUS, J.S. & SINGER, J.L. 1964. Eye movements accompanying daydreaming, visual imagery, and thought suppression. *Journal of abnormal and social psychology,* 69(3):244-252.

ARMSTRONG, M.S. & VAUGHAN, K. 1996. An orienting response model of eye movement desensitization. *Journal of behavior therapy and experimental psychiatry,* 27(1):21-32.

ARTZ, S. 1994. Feeling as a way of knowing: a practical guide for working with emotional experience. Toronto: Trifolium Books Inc. 108 p.

ATLAS (ALGEMENE TAAKGROEP VIR LEER EN AKTUELE SAKE, NG KERK). 2007. Gereformeerde identiteit. (*In* Algemene Sinode van die NG Kerk. Agenda, deel 1: Dokumentebundel vir die 13de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. p. 11-17.)

BANKART, C.P. 1997. Talking cures: a history of Western and Eastern psychotherapies. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company. 528 p.

BARRETT, D., *ed.* 1996. Trauma and dreams. Cambridge, Mass.: Harvard University Press. 270 p.

BARTH, K. 1982. Dogmatics in outline. Uit die Duits veraal deur G.T. Thomson. London: SCM Press. 155p.

BASDEN, A. 2000-2005. The Dooyeweerd Pages. http://www.business.salford.ac.uk/legacy/isi/dooy/ Date of access: 6 Sept. 2008.

BASDEN, A. 2002. Spirituality: religion and faith. http://www.business.salford.ac.uk/legacy/isi/dooy/spirituality.html Date of access: 6 Sept. 2008.

BASDEN, A. 2006. On the human selfhood, ego, heart. (16/4/2003; revised 7/7/2006). http://www.business.salford.ac.uk/legacy/isi/dooy/self.html Date of access: 6 Sept. 2008.

BASSON, P.J., FOUCHÉ, J.B., SAAIMAN, C.I. & VAN EEDEN, C. 2003. Psychology of well-being (PSY5004). Study guide Psychology. Pretoria: Vista University. 98 p. (3/PSY5004/WB:345.)

BAUER, M.W. & GASKELL, G., *eds.* 2000. Qualitative researching with text, image and sound: a practical handbook. London: SAGE. 374 p.

BAUER, M.W., GASKELL, G. & ALLUM, N. 2000. Quality, quantity and knowledge interests: avoiding confusions. (*In* Bauer, M.W. & Gaskell, G., *eds.* Qualitative researching with text, image and sound. London: SAGE. p. 3-17.)

BAYS, B. 1999. The Journey: an extraordinary guide for healing your life and setting yourself free. London: Thorsons. 196 p.

BAYS, B. 2003. The Journey for kids: liberating your child's shining potential. London: Element. 238 p.

BECK, A.T. 1967. Depression, causes and treatment. Philadelphia: University of Pennsylvania Press. 370 p.

BECK, A.T. 1976. Cognitive therapy and emotional disorders. New York: International Universities Press, Inc. 356 p.

BECK, J.R. & BANKS, J.W. 1992. Christian anti-psychology sentiment: hints of an historical analogue. *Journal of psychology and theology,* 20:3-10.

BENNETT, R. 1982. Emotionally free. Eastbourne: Kingsway Publications. 253 p.

BERNE, E. 1964. Games people play: the psychology of human relationships. London: Penguin Books. 173 p.

BEZUIDENHOUT, A.P. 2005. Die klaarblyklike onversoenlikheid tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie: 'n prakties-teologiese studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (M.A. graad – ongepubliseer). 134 p.

BIDWELL, K. 2001. Deliverance debate. *Christianity today,* Febr. 5. http://www.christianitytoday.com/ct/2001/002/19.18.html Date of access: 1 Dec. 2004.

BISBEY, S. & BISBEY, L-B. 1998. Brief therapy for post-traumatic stress disorder: traumatic incident reduction and related techniques. Chichester: Wiley & Sons. 173 p.

BOBGAN, M. 2005. A response to the Christian Research Institute's evaluation of Theophostic Prayer Ministry. *Psychoheresy awareness letter,* 13(5). http://www.psychoheresy-aware.org/MillerTPC.html Date of access: 18 Sept. 2008.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 1997. The end of "Christian Psychology." Santa Barbara: Eastgate. 290 p.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 1998. About this ministry: PsychoHeresy Awareness Ministries. http://www.psychoheresy-aware.org/ministry.html Date of access: 18 Sept. 2008.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 1999. TheoPhostic counseling: divine revelation? or psychoHeresy? Santa Barbara: Eastgate. 143 p.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 2000. Inner healing. *Psychoheresy awareness letter,* 8(2). http://www.psychoheresy-aware.org/inner82.html Dates of access: 30 Jul. 2004; 18 Sept. 2008.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 2002. "Theophostic Ministry." *Psychoheresy awareness letter,* 10(4). http://www.psychoheresy-aware.org/tpmin104.html Date of access: 1 Dec. 2004.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 2004. Theophostic Prayer Ministry. http://www.psychoheresy-aware.org/theo_prayer12_4.html Dates of access: 2 Aug. 2004; 18 Sept. 2008.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 2007a. Psychoheresy and inner healing. Part One. *Psychoheresy awareness letter,* 15(1). http://www.psychoheresy-aware.org/psy-innerhealing1.html Date of access: 18 Sept. 2008.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 2007b. Psychoheresy and inner healing. Part Two. *Psychoheresy awareness letter,* 15(2). http://www.psychoheresy-aware.org/psy-innerhealing2.html Date of access: 18 Sept. 2008.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 2007c. Psychoheresy and inner healing. Part Three. *Psychoheresy awareness letter,* 15(3). http://www.psychoheresy-aware.org/psy-innerhealing3.html Date of access: 18 Sept. 2008.

BOEHME, R. 1989. Leadership for the 21st century: changing nations through the power of serving! Seattle, Wash.: Frontline Communications. 235 p.

BOHART, A.C. & GREENBERG, L. 2002. EMDR and experiential psychotherapy. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 239-261.)

BOHLIN, S. s.a. What about TPM? http://www.probe.org/docs/e-theophostic.html Date of access: 7 Feb. 2003.

BREUER, J. & FREUD, S. 1974 [1895]. Studies on hysteria. Penguin Books: England. 425 p. (The Pelican Freud Library, 1974:3). Translated in English by James and Alix Strachey (ed. & trans.); first published in 1955 *as* The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud (Vol. 2). London: Hogart Press. (Original work published 1895).

BREWIN, C.R. 1989. Cognitive change processes in psychotherapy. *Psychological review,* 96(3):379-394.

BREWIN, C.R., DALGLEISH, T., JOSEPH, S. 1996. A dual representation theory of posttraumatic stress disorder. *Psychological review,* 103(4):670-686.

BROWN, R. 1986. He came to set the captives free. New Kensington, Pa.: Whitaker House. 288 p.

BROWN, R. 1990. Becoming a vessel of honor in the Master's service. New Kensington, Pa.: Whitaker House. 305 p.

BROWN, R. & KULIK, J. 1977. Flashbulb memories. *Cognition,* 5:73-99.

BURGER, C.W. 1991a. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap: nuut gedink oor gemeentes. Kaapstad: Lux Verbi. 155 p. (Gemeente en Bediening-reeks, 1991:1.)

BURGER, C.W. 1991b. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Pretoria: RGN. 121 p. (RGN-reeks in Metodologie, 1991:23.)

BURGER, C.W. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees: oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus. Stellenbosch: BUVTON. 327 p. (Gemeente en Bediening-reeks, 1999:4.)

BURTON, R. 2003. Spiritual pain: a brief overview and initial response within the Christian tradition. *The journal of pastoral care & counseling,* 57(4):437-446, Winter.

BYBEL (Ou Afrikaanse Vertaling = OAV). 1953. Die Bybel: dit is die ganse heilige skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat oorgesit uit die oorspronklike tale en uitgegee in opdrag van die gesamentlike kommissie verteenwoordigende die drie Hollandse kerke in Suid-Afrika. Hersiene uitg. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

BYBEL (Nuwe Afrikaanse Vertaling = NAV). 1986. Die Bybel: nuwe vertaling. 6de uitg. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAMPBELL-LANE, Y.C. 2003. Inner change: a pastoral-theological study. Potchefstroom: PU for CHE. (Thesis – Ph.D.) 270 p.

CAMPBELL-LANE, Y.C. 2005. Mondelinge mededeling aan outeur. Bloemfontein.

CAMPBELL-LANE, Y.C. 2006. Mondelinge mededeling aan outeur. Bloemfontein.

CARLSON, J.G., CHEMTOB, C.M., RUSNAK, K., HEDLUND, N.L. & MURAOKA, M.Y. 1998. Eye movement desensitization and reprocessing (EMDR) treatment for combat-related posttraumatic stress disorder. *Journal of traumatic stress,* 11(1):3-24.

CARSTENS, W.A.M. 2003. Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. 4de uitg. Pretoria: Van Schaik. 478 p.

CARTER-STAPLETON, R. 1977. The gift of inner healing. London: Hodder and Stoughton. 126 p.

CARTWRIGHT, R.D. 1983. Rapid eye movement sleep characteristics during and after mood-disturbing events. *Archives of general psychiatry,* 40:197-201, Feb.

CARTWRIGHT, R.D. 1996. Dreams and adaptation to divorce. (*In* Barrett, D., *ed.* Trauma and dreams. Cambridge, Mass.: Harvard University Press. p. 179-185.)

CHEMTOB, C., ROITBLAT, H.L., HAMADA, R.S., CARLSON, J.G., TWENTYMAN, C.T. 1988. A cognitive action theory of post-traumatic stress disorder. *Journal of anxiety disorders,* 2:253-275.

CLINEBELL, H. 1984. Basic types of pastoral care and counseling: resources for the ministry of healing and growth. 2nd ed. Nashville, Tenn. :Abingdon Press. 463 p.

CLOETE, C. de M. 2005. Mondelinge mededeling aan outeur. Klerksdorp.

CLOETE, C. de M. & CLOETE, M-L. 2005. Gemoedsgenesing, bevryding en oorwinning deur gebedsterapie: 'n Christus-gesentreerde beradingshandleiding. Pretoria: Dr. C. de M. Cloete. 169 p.

CLOUGH, D.A. 2004. In defense of Theophostic®: why this Christian inner-healing approach is Biblical, workable and a good choice for many people. (Revised and updated 15 Sept. 2004). http://www.dwightclough.com/theophostic_defense.php Date of access: 1 Dec. 2004.

COETZER, W.C. 1995. Heling in Christus: die pastorale roeping van die kerk aan mense na krisiservarings. Durban: Universiteit van Durban-Westville. (Proefskrif – D.Th.) 180 p.

COLLINS, G.R. 1997. Does faith heal? *Christian counselling today,* 5(3):24-27.

COMMUNITY EVANGELICAL FREE CHURCH (CEFC). 2001. A Biblical evaluation of Theophostic Ministry. Elverson, Pennsylvania. September 28. http://www.communitychurch1950.org/theophostic.htm (23 p.) Date of access: 2 Jul. 2003.

CORSINI, R.J. & WEDDING, D., *eds.* 1995. Current psychotherapies. 6th ed. Itasca, Ill.: Peacock Publishers. 491 p.

CRABB, L.J. 1977. Effective biblical counseling. Grand Rapids, Mich.: Zondervan Publishing House. 191 p.

CRABB, L.J. 1987. Understanding people: deep longings for relationship. Grand Rapids, Mich.: Zondervan. 224 p.

CRESWELL, J.W. 1998. Qualitative inquiry and research design: choosing among *five* traditions. Thousand Oaks: SAGE. 403 p.

DABNEY, R.L. 2001. The five points of Calvinism. http://www.spurgeon.org/~phil/dabney/5points.htm (*from* The Hall of Church History site, by Phillip R. Johnson). Date of access: 27 Sept. 2008.

DAYTON, T. 2000. Trauma and addiction:ending the cycle of pain through emotional literacy. Deerfield Beach, Fla.: Health Communications, Inc. 400 p.

DE GRAAFF, A. 1980. Psychology: sensitive openness and appropriate reactions. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 16:135-152, 3de en 4de Kwartaal.

DE KLERK, B. 2005. Ek mag en moet vir siekes bid! *Die Kerkblad,* 107(3172):24-25, Febr.

DE KLERK, W.J. 1985. Rousmart: die pastorale sorg oor bedroefdes na die oorlye van 'n dierbare. Johannesburg: Boekhandel De Jong. 294 p.

DE VOS, A.S., *ed.* 1998. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik. 436 p.

DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se handelingswetenskaplike model in prakties-teologiese teorievorming – 'n gereformeerde perspektief. *In die Skriflig,* 40(1):57-87.

DEN HOLLANDER, W. 2007. Mondelinge mededeling aan outeur. Bloemfontein.

DENTON, R. 2007a. Postmodernistiese strominge: teologiese denke. *Hervormer,* 99(20):5, Febr. 15.

DENTON, R. 2007b. Die bydrae van postmodernisme. *Hervormer,* 100(1):5, Apr. 1.

DENZIN, N.K. 1978. The research act: a theoretical introduction to sociological methods. 2nd ed. New York: McGraw-Hill. 370 p.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S., *eds.* 1998. The landscape of qualitative research: theories and issues. Thousand Oaks: SAGE. 470 p.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S., *eds.* 2000. Handbook of qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks: SAGE. 1065 p.

DEWAAY, B. 1993. Inner healing. *Critical issues commentary: a monthly commentary on Biblical concerns that impact you,* (11):1-4. http://cicministry.org/commentary/issue11.pdf Date of access: 6 April 2008.

DEWAAY, B. 2002. Generational curses. *Critical issues commentary: a Biblically based commentary on issues that impact you,* (68):1-8, Jan/Feb. http://cicministry.org/commentary/issue68.pdf Date of access: 6 April 2008.

DEWAAY, B. 2003. Theophostics: unbiblical teaching wedded to mystical experience. *Critical issues commentary: a Biblically based commentary on issues that impact you,* (79):1-7, Nov./Dec. http://cicministry.org/commentary/issue79.pdf Date of access: 2 Jul. 2008.

DEWAAY, B. 2006. The healing of memories of cleansing of the conscience? *Critical issues commentary: a Biblically based commentary on issues that impact you,* (96):1-6, Sept./Oct. http://cicministry.org/commentary/issue96.pdf Date of access: 6 April 2008.

DINGEMANS, G.D.J. 1989. Praktische theologie als een academische discipline. *Nederlands theologisch tijdschrift,* 43(3):192-212.

DIRKS, T. 2007. Mondelinge mededeling aan outeur. Bloemfontein.

DOOYEWEERD, H. 1935a. De Wijsbegeerte der Wetsidee, I: De Wetsidee als grondlegging der wijsbegeerte. Amsterdam :H.J. Paris. 530 p.

DOOYEWEERD, H. 1935b. De Wijsbegeerte der Wetsidee, II: De functioneele zin-structuur der tijdelijke werkelijkheid en het probleem der kennis. Amsterdam :H.J. Paris. 534 p.

DOOYEWEERD, H. 1936. De Wijsbegeerte der Wetsidee, III: De individualiteits-structuren der tijdelijke werkelijkheid. Amsterdam :H.J. Paris. 630 p.

DOOYEWEERD, H. 1942. De leer van de mensch in die wijsbegeerte der wetsidee. *Correspondentiebladen van de Vereeniging Voor Calvinistische Wijsbegeerte,* 7(5):133-144.

DOOYEWEERD, H. 1960. In the twilight of Western thought: studies in the pretended autonomy of philosophical thought. Nutley, N.J.: The Craig Press. 195 p.

DOOYEWEERD, H. 1969a. A new critique of theoretical thought. Volume I: The necessary presuppositions of philosophy. Uit die Nederlands vertaal deur D.H. Freeman & W.S. Young. Philadelphia, Pa.: The Presbyterian and Reformed Publishing Company. 566 p.

DOOYEWEERD, H. 1969b. A new critique of theoretical thought. Volume II: The general theory of the modal spheres. Uit die Nederlands vertaal deur D.H. Freeman & H. de Jongste. Philadelphia, Pa.: The Presbyterian and Reformed Publishing Company. 598 p.

DOOYEWEERD, H. 1969c. A new critique of theoretical thought. Volume III: The structures of individuality of temporal reality. Uit die Nederlands vertaal deur D.H. Freeman & W.S. Young. Philadelphia, Pa.: The Presbyterian and Reformed Publishing Company. 784 p.

DOOYEWEERD, H. 1979. Roots of Western culture: pagan, secular, and Christian options. Uit die Nederlands vertaal deur John Kraay. Toronto: Wedge Publishing Foundation. 228 p.

DOOYEWEERD-CENTRE (The Dooyeweerd Centre for Christian Philosophy). 2008a. A brief biography of Dooyeweerd. (2 p.) http://alpha.redeemer.on.ca/Dooyeweerd-Centre/ Date of access: 6 Sept. 2008.

DOOYEWEERD-CENTRE (The Dooyeweerd Centre for Christian Philosophy). 2008b. Links to websites. http://alpha.redeemer.on.ca/Dooyeweerd-Centre/ Date of access: 6 Sept. 2008.

DORDTSE LEERREëLS. Sien NG KERK-UITGEWERS. 1983b.

DREYER, J.S. 1997. Praktiese teologie, refleksiewe verwetenskapliking en die verhouding tussen wetenskaplike kennis en praktiese handelinge. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 12(1):13-30.

DREYER, P.S., KOEKEMOER, J.H. & VAN WYK, D.J.C. 1983. So glo ons. Pretoria: Kital. 98 p.

DREYER, T.F.J. 1981. Poimeniek: 'n pastorale oriëntasie. Pretoria: Haum. 135 p.

DREYER, T.F.J. 1991. Eerste treë in die Praktiese Teologie – waarheen? *Hervormde teologiese studies,* 47(3):597-608.

DREYER, Y. 1999. 'n Besinning oor meta- en basisteoretiese aannames in die praktiese teologie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 14(1):46-62, Aug.

DRYDEN, W. 1995. Preparing for client change in rational-emotive behavior therapy. London: Whurr Publishers Limited. 142 p.

DUNN, T.M., SCHWARTZ, M., HATFIELD, R.W. & WIEGELE, M. 1996. Measuring effectiveness of eye movement desensitiztion and reprocessing (EMDR) in non-clinical anxiety: a multi-subject, yoked-control design. *Journal of behavior therapy and experimental psychiatry,* 27:231-239.

EDWARDS, D.J.A. & LOUW, D.A. 1998a. Bewussynstoestande. (*In* Louw, D.A. & Edwards, D.J.A., *reds.* Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitg. Johannesburg: Heinemann. p. 159-208.)

EDWARDS, D.J.A. & LOUW, D.A. 1998b. Die sielkunde as wetenskap en professie. (*In* Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitg. Johannesburg: Heinemann. p. 1-56.)

ELDREDGE, J. 2002. Die ongetemde hart: ontdek die geheim van 'n man se siel. Uit die Engels vertaal deur Jan Schaafsma; hersien deur Botes, E. & Griebenow, F. 2de uitg. Paarl: Struik Christelike Boeke. 218 p.

ELLICOTT, C.J. 1971. Ellicott's Bible commentary in one volume: a verse-by-verse explanation by Charles John Ellicott. (Condensed and edited by Donald N. Bowdle.) London: Pickering & Inglis. 1242 p.

ELLIS, A. 1990 [1962]. Reason and emotion in psychotherapy. New York: Carol Publications Group. 442 p.

ELLIS, A. 1995. Rational Emotive Behavior Therapy. (*In* Corsini, R.J. & Wedding, D., *eds.* Current psychotherapies. 6th ed. Itasca, Ill.: Peacock. p. 162-196.)

ENTWISTLE, D.N. 2004a. Shedding light on Theophostic Ministry 1: practice issues. *Journal of psychology and theology,* 32(1):26-34.

ENTWISTLE, D.N. 2004b. Shedding light on Theophostic Ministry 2: ethical and legal issues. *Journal of psychology and theology,* 32(1):35-42.

EPSTEIN, S. 1994. Integration of the cognitive and psychodynamic unconscious. *American psychologist,* 49(8):709-724, Aug.

FLETCHER, J. 2004. Lying spirits: a Christian journalist's report on Theophostic® Ministry. 2nd ed. Columbia, Ky.: Jan Fletcher. 139 p. (PDF version).

FLOOR, B. 2005. Die gawe om gesond te maak. *Die Kerkblad,* 107(3172):22-23, Febr.

FOA, E.B. & KOZAK, M.J. 1986. Emotional processing of fear: exposure to corrective information. *Psychological bulletin,* 99(1):20-35.

FOA, E.B., FESKE, U., MURDOCK, T.B., KOZAK, M.J., McCARTHY, P.R. 1991. Processing of threat-related information in rape victims. *Journal of abnormal psychology*, 100(2):156-162.

FOA, E.B., STEKETEE, G. & ROTHBAUM, B.O. 1989. Behavioral/cognitive conceptualizations of post-traumatic stress disorder. *Behavior therapy*, 20:155-176.

FOA, E.B., ZINBARG, R. & ROTHBAUM, B.O. 1992. Uncontrollability and unpredictability in post-traumatic stress disorder: an animal model. *Psychological bulletin,* 112(2):218-238.

FOLLIS, B.A. 2006. Truth with love: the apologetics of Francis Schaeffer. Wheaton, Ill.: Crossway Books. 206 p.

FONTANA, A. & FREY, J.H. 2000. The interview: from structured questions to negotiated text. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., *eds.* Handbook of qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks: SAGE. p. 645-672.)

FRANK, J.D. & FRANK, J.B. 1991. Persuasion and healing: a comparative study of psychotherapy. 3rd ed. Baltimore: The John Hopkins University Press. 343 p.

FREEDY, J.R. & DONKERVOET, J.C. 1995. Traumatic stress. (*In* Freedy, J.R. & Hobfoll, S.E., *eds.* Traumatic stress: from theory to practice. New York: Plenum Press. p. 3-28.)

FREUD, S. 1963. Introductory lectures on psychoanalysis XVII. *In* J. Strachey (ed. and trans.), The standard edition of the complete psychological works of Sigmund Freud (Vol. 16). London: Hogarth Press. (Original work published in 1917).

FRIESEN, J.G. 2006. Imagination, image of God and wisdom of God: theosophical themes in Dooyeweerd's philosophy. http://www.members.shaw.ca/hermandooyeweerd/Imagination.pdf (190 p.) Date of access: 17 Sept. 2008.

FRIESEN, J.G. 2008. Linked glossary of terms. Opening. http://members.shaw.ca/jgfriesen/Definitions/Opening.html Date of access: 17 Sept. 2008.

FURLONG, R. 2003. Theophostic: God's light or Satan's lie? http://www.erwm.com/Psychology%20&%20the%20Bible.htm (7 p.) Dates of access: 10 Aug. 2004; 31 Mar. 2008.

GANZ, R. 1993. PsychoBabble: the failure of modern psychology – and the Biblical alternative. Wheaton, Ill.: Crossway Books. 173 p.

GARFIELD, P. 1996. Dreams in bereavement. (*In* Barrett, D., *ed.* Trauma and dreams. Cambridge, Mass.: Harvard University Press. p. 186-211.)

GARZON, F. 2003. How is the research stacking up? 1354 TPM users surveyed with dramatic findings! *Theophostic journal (IATM),* (1):4+8, Fall.

GARZON, F. 2004. Research corner. *Theophostic journal (IATM),* p.10-11, March, Spring.

GARZON, F. 2006. 13 Outcomes-based case study. http://www.theophostic.com/content.asp?ID=17#section2 (3 p.) Date of access: 24 Oct. 2008.

GARZON, F., *ed.* 2008. Pursuing peace: evaluating the effectiveness of Theophostic Prayer Ministry. United States of America: Xulonpress. 119 p.

GARZON, F. & BURKETT, L. 2002. Healing of memories: models, research, future directions. *Journal of psychology and christianity,* 21(1): 42-49, Spring. Abstract in EBSCOHost database, reference number 0733-4273.

GARZON, F. & POLOMA, M. 2005. Theophostic ministry: preliminary practitioner survey. *Pastoral psychology,* 53(5):387-396.

GASKELL, G. 2000. Individual en group interviewing. (*In* Bauer, M.W. & Gaskell, G., *eds.* Qualitative researching with text, image and sound. London: SAGE. p. 38-56.)

GENDLIN, E.T. 1998. Focusing-oriented psychotherapy: a manual of the experiential method. New York: Guilford Press. 317 p.

GETZ. G.A. 1976. Genotvolle lewe. Uit die Engels vertaal deur Annemari Hartmann. Brakpan: Verenigde Gereformeerde Uitgewers. 117 p.

GILLIGAN, S. 2002. EMDR and hypnosis. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 225-238.)

GODDARD, W. & MELVILLE, S. 2001. Research methodology: an introduction. 2nd ed. Landsdowne: Juta. 148 p.

GRAY, D.E. 2004. Doing research in the real world. London: SAGE. 422 p.

GREEF, M. 2007. Wat verwag lidmate van die kerk? 'n Toenemende ontevredenheid by lidmate van veral die tradisionele hoofstroomkerke verklap 'n denkskuif oor wat hulle by kerke soek. *Lig,* 72(4):52-54, Apr.

GROENEWALD, E.P. 1980. Die Evangelie van Johannes. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers. 418 p.

GUMPRECHT, J. 1997. Abusing memory: the healing theology of Agnes Sanford. Moscow, Id.: Canon Press. 167 p.

GUNDRY, R.H. 1994. A survey of the New Testament. 3rd ed. Grand Rapids, Mich.: Zondervan. 495 p.

HABERMAS, G.R. 1993. Psychological versus Biblical counseling: a house divided? *Christian counseling today,* 1(4):32-35.

HAWKEY, R. 1999. Freedom from generational sin. Chichester: New Wine Press. 62 p.

HAYWARD, K. 2005. Telefoniese mededeling aan outeur. Klerksdorp.

HEALTH PROFESSIONS COUNCIL OF SOUTH AFRICA (HPCSA). 1974. Health professions Act 56 of 1974. http://www.hpcsa.co.za/hpcsa/UserFiles/File/ACTS/HEALTH%20PROFESSIONS%20ACT%2056%20OF%201974.doc Date of access: 24 Nov. 2008.

HEIDELBERGSE KATEGISMUS (HK). Sien NG KERK-UITGEWERS. 1983a.

HEITINK, G. 1983. Gids voor het pastoraat. Kampen: Kok. 104 p.

HERMAN, J.L. 1998. Trauma and recovery. London: Pandora. 292 p.

HERRING, S. 2004. Building blocks of memory. *Theophostic journal:* 22-25, Winter, Nov.

HEYMANN, T. 2002. Die pad na heelheid: ontdek jou innerlike krag. Hermanus: Hemel & See Vermont. 235 p.

HEYNS, J.A. 1977. Gestaltes van die Woord van God. (*In* Strauss, D.F.M., Stone, H.J.S., Lombard, J.C. & Gerber, J.M., *reds.* Woord en wetenskap. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery (VCHO). p. 62-72.)

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal. 448 p.

HEYNS, J.A. 1992. Inleiding tot die dogmatiek. Pretoria: NG Kerkboekhandel. 413 p.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die Praktiese Teologie. 2de uitg. Pretoria: Gnosis. 97 p.

HINDSON, E. & EYRICH, H. 1997. Total sufficiency and biblical truth. (*In* Hindson, E. & Eyrich, H., *eds.* Totally sufficient. Eugene, Oreg.: Harvest House. p. 265-277.)

HINDSON, E. & EYRICH, H., *eds.* 1997. Totally sufficient. Eugene, Oreg.: Harvest House. 299 p.

HINTERKOPF, E. 2005. The experiential focusing approach. (*In* Sperry, L. & Shafranske, E.P., *eds.* Spiritually oriented psychotherapy. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 207-233.)

HOBFOLL, S. 1989. Conservation of resources. *American psychologist,* 44(3):513-524.

HORROBIN, P.J. 2003a. Healing through deliverance. Volume 1. The foundation of deliverance ministry. Tonbridge: Sovereign World. 320 p.

HORROBIN, P.J. 2003b. Healing through deliverance. Volume 2. The practice of deliverance ministry. Tonbridge: Sovereign World. 320 p.

HUNT, D. 2005. Victory in Christ. *The Berean call,* 1-2, Nov. 2005.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2006. What's wrong with Theophostic counseling? http://www.thebereancall.org/node/1937 (2 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007a. Is psychology ungodly counsel? http://www.thebereancall.org/node/2670 (9 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007b. Is psychotherapy just conversation? http://www.thebereancall.org/node/4984 (10 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007b. Is psychotherapy just conversation? http://www.thebereancall.org/node/4984 (10 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007c. Is psychotherapy only subjective opinion? http://www.thebereancall.org/node/4993 (9 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007d. Should pastors rely on psychologists? http://www.thebereancall.org/node/5101 (10 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007e. Is psychology connected to Eastern religion? http://www.thebereancall.org/node/5214 (9 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007f. What's wrong with inner healing? http://www.thebereancall.org/node/5296 (9 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007f. What's wrong with inner healing? http://www.thebereancall.org/node/5296 (9 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007g. Can your memories be healed? http://www.thebereancall.org/node/5387 (10 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

HUNT, D. & McMAHON, T.A. 2007h. Is psychology a belief system? http://www.thebereancall.org/node/5477 (9 p.) Date of access: 3 Mar. 2008.

JAMES, R.K. & GILLILAND, B.E. 2005. Crisis intervention strategies. 5th ed. Belmont: Thomson Brooks/Cole. 612 p.

JANESICK, V.J. 1998a. "Stretching" excercises for qualitative researchers. Thousand Oaks: SAGE. 135 p.

JANESICK, V.J. 1998b. The dance of qualitative research design: metaphor, methodolatry, and meaning. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., *eds.* Strategies of qualitative inquiry. Thousand Oaks: SAGE. p. 35-55.)

JANESICK, V.J. 2000. The choreography of qualitative research design: minuets, improvisations, and crystallization. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., *eds.* Handbook of qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks: SAGE. p. 379-399.)

JANOFF-BULMAN, R. 1992. Shattered assumptions. New York: Free Press. 256 p.

JANOV, A. 1970. The primal scream: primal therapy. New York: Dell. 446 p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1995. Perspektiewe op 'n kontemporêre gereformeerde bediening. *In die Skriflig,* 29(4):623-644.

JANSE VAN RENSBURG, J. 1998. Die betekenis van Lukas 13:10-17 en 2 Korintiërs 12:1-10 vir die okkultisme-diskoers. *In die Skriflig,* 32(1):37-52.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The paradigm shift: an introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria: Van Schaik. 105 p.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2007. Navorsingsmetodologie. (Lesing gelewer tydens 'n seminaar vir studente in Praktiese Teologie aan die Noordwes-Universiteit op 9 Maart 2007.) Potchefstroom. 11 p. (Ongepubliseer.)

JANSE VAN RENSBURG, J. & CILLIERS, J.H.J. 1998. 'n Poimenetiese ondersoek na 'n basisteorie vir die pastoraat aan okkultgekweldes. *Acta theologica,* (2):33-57.

JEEVES, M.A. 1997. Human nature at the millennium: reflections on the integration of psychology and Christianity. Grand Rapids, Mich.: Baker Books. 254 p.

JENSEN, J.A. 1994. An investigation of Eye Movement Desensitization and Reprocessing (EMD/R) as a treatment for Posttraumatic Stress Disorder (PTSD) symptoms of Vietnam combat veterans. *Behavior therapy,* 25:311-325.

JOHNSON, E.L. & JONES, S.L. 2000. A history of Christians in psychology. (*In* Johnson, E.L. & Jones, S.L. *eds.* Pscyhology & Christianity: with contributions by Gary R. Collins, David G. Myers, Dawid Polison, Robert C. Roberts. Downers Grove, Ill.: InterVarsity. p. 11-53.)

JOHNSON, E.L. & JONES, S.L., *eds.* 2000. Pscyhology & Christianity: with contributions by Gary R. Collins, David G. Myers, Dawid Polison, Robert C. Roberts. Downers Grove, Ill.: InterVarsity Press. 271 p.

JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1992. Mens in konteks. 2de uitg. Johannesburg: Lexicon Uitgewers. 886 p.

JOSEPH, S., WILLIAMS, R. & YULE, W. 1997. Understanding post-traumatic stress: a psychosocial perspective on PTSD and treatment. Chichester: Wiley & Sons. 198 p.

JOUBERT, P. 2005. Trichotomous therapy: a proposed pastoral paradigm. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – Ph.D.) 299 p.

KEMP, E.R. 2001. Die gebruik van neurolinguistiese programmering in Bybelse berading. Johannesburg: Brixton Bookbinders. (Proefskrif – Ph.D.) 202 p.

KIDDER, L.H. & JUDD, C.M., WITH SMITH, E.R. 1986. Research methods in social relations. 5th ed. New York: CBS Publishing Japan Ltd. 563 p.

KIDWELL, T.L. 2008. Mondelinge mededeling aan navorser. Welkom.

KNUDSEN, R.D. 2000. The religious foundation of Dooyeweerd's transendental method. (*In* Strauss, D.F.M & Botting, M., *eds.* Contemporary reflections on the philosophy of Herman Dooyeweerd: a supplement to the collected works of Herman Dooyeweerd. Lewiston: The Edwin Mellen Press. p. 271-285.)

KOCK, P. DE B. 1974. Die Christelike mensbeskouing. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 10:3-11, 1ste Kwartaal.

KOCK, P. DE B. 1975. Christelike Wysbegeerte: inleiding. Bloemfontein: Sacum. 261 p.

KOCK, P. DE B. 1992. Hooflyne van 'n Christelike wetenskapsleer. (*In* Smit, J.H., Strauss, S.A., Strauss, P.J., *reds.* Reformasie in ootmoed: opstelle opgedra aan Professor Pieter de Bruyn Kock - in lewe professor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. p. 223-233.)

KRAAN, K.J. 1983. Genezing en bevrijding. Deel 1: De dienst der genezing. Kampen: Kok. 179 p.

KRAAN, K.J. 1984. Genezing en bevrijding. Deel 2: Spanningen in de dienst der genezing. Kampen: Kok. 168 p.

KRAAN, K.J. 1986. Genezing en bevrijding. Deel 3: Bevrijding en innerlijke genezing. Kampen: Kok. 178 p.

KRAFT, C.H., WITH KEARNEY, E. & WHITE, M.H. 1993. Deep wounds, deep healing: discovering the vital link between spiritual warfare and inner healing. Ann Arbor, Mich.: Servant Publications. 295 p.

KRYSTAL, S., PRENDERGAST, J.J., KRYSTAL, P., FENNER, P., SHAPIRO, I. & SHAPIRO, K. 2002. Transpersonal psychology, eastern nondual philosophy, and EMDR. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 318-339.)

KÜBLER-ROSS, E. 1989 [c1969]. On death and dying. London: Tavistock/Routledge. 260 p.

KVALE, S. c1996. Interviews: an introduction to qualitative research interviewing. Thousand Oaks, Calif.: SAGE. 326 p.

LABUSCAGNE, G. 2006. Mondelinge mededeling aan outeur. Bloemfontein. (Kassetopname in besit van die navorser.)

LABUSCHAGNE, J.P. 1991. Die humanistiese mensbeeld. *Hervormde teologiese studies,* 47(2):400-414.

LADD, G.E. 1974a. A theology of the New Testament. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 661 p.

LADD, G.E. 1974b. The presence of the future: the eschathology of Biblical realism. (A revised and updated version of *Jesus and the kingdom.)* Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 370 p.

LANG, P.J. 1977. Imagery in therapy: an information processing analysis of fear. *Behavior therapy,* 8:862-886.

LANG, P.J. 1979. A bio-informational theory of emotional imagery. *Psychophysiology,* 16:495-510.

LANG, P.J., LEVIN, D.N., MILLER, G.A. & KOZAK, M.J. 1983. Fear behavior, fear imagery, and the psychophysiology of emotion: the problem of affective response integration. *Journal of abnormal psychology,* 92(3):276-306.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. 2005. Practical research: planning and design. 8th ed. Upper Saddle River: Pearson Prentice Hall. 319 p.

LEGARD, R., KEEGAN, J. & WARD, K. 2003. In-depth interviews. (*In* Richie, J. & Lewis, J., *eds.* Qualitative research practice: a guide for Social Science students and researchers. London: SAGE. p. 138-169.)

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2002. Theophostic® Ministry: a brief review. (Revised 10/10/2001; 15/5/2006). (3 p.) www.kclehman.com Dates of access: 1 Dec. 2004; 14 Dec. 2006.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2003a. Cognitive therapy and Theophostic ministry. (6/10/2001; revised 26/6/2003). (6 p.) www.kclehman.com Date of access: 29 Feb. 2008.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2003b. Theophostic & EMDR: F.A.Q.'s and commom misunderstandings. (18/1/2002; revised 17/12/2003). (13 p.) www.kclehman.com Date of access: 29 Feb. 2008.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2005a. The place of Theophostic-based Therapy/Ministry in the treatment of clinical disorders. (Revised 10/06/2006). (6 p.) www.kclehman.com Date of access: 14 Dec. 2006.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2005b. Theophostic Ministry: assessment and recommendations. (Revised 17/1/2002; 6/7/2005). (5 p.) www.kclehman.com Dates of access: 1 Dec. 2004; 14 Dec. 2006.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2006a. Theophostic^{R} Ministry: a brief review. (10/10/2001; revised 5/10/2006). (3 p.) www.kclehman.com Date of access: 29 Feb. 2008.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2006b. Compare and contrast: EMDR^{R}, "Traditional" Prayer for Emotional Healing, Theophostic^{R} Ministry, and Cognitive Therapy. (2001; revised 6/10/2006). (6 p.) www.kclehman.com Date of access: 29 Feb. 2008.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2006c. Theophostic^{R}, what is unique? (32/5/2001; revised 6/10/2006). (13 p.) www.kclehman.com Date of access: 14 Dec. 2006.

LEHMAN, K.D. & LEHMAN, C.E.T. 2008. Our relationship to Theophostic^{R} Ministry. (2008). (1 p.) www.kclehman.com/index.php?view=new_theopostic Date of access: 29 Feb. 2008.

LEMAN, K & CARLSON, R. 1989. Unlocking the secrets of your childhood memories. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers. 218 p.

LEWIS, S.L. 2001. Psychotherapy and spirituality: a paradigm for healing. *Dissertation abstracts international: Section B: the sciences & engineering,* 61(10-B):5570, May. Abstract in EBSCOHost database, reference number 0419-4217.

LILLY, G. 1977. God is calling his people to forgiveness. Kingwood, Tex.: Hunter Books. 96 p.

LINDERMANN, E. 1944. Symptomatology and management of acute grief. *American journal of psychiatry,* 101:141-148.

LIPKE, H.J. 2000. EMDR *and* psychotherapy integration: theoretical and clinical suggestions with focus on traumatic stress. Boca Raton: CRC Press. 152 p.

LIPKE, H.J. & BOTKIN, A.L. 1992. Case studies of Eye Movement Desensitization and Reproces-sing (EMDR) with chronic post-traumatic stress disorder. *Psychotherapy,* 29(4):591-595, Winter.

LOTTER, G.A. 1987. Counseling divorsees on forgiveness. Westminster: Westminster Theological Seminary. (Thesis – D.Min.) 178 p.

LOTTER, G.A. 1993a. 'n Ander plek vir teologie binne die wetenskappe? PU vir CHO, Skool vir Kerkwetenskappe. (Ongepubliseerde artikel.) p. 1-23.

LOTTER, G.A. 1993b. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korintiërs. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.) 164 p.

LOTTER, G.A. 1995. Is Paulus 'n ervaringsteoloog? *In die Skriflig,* 29(4):549-560.

LOTTER, G.A. 2001. The "reformation" of counselling. *In die Skriflig,* 35(2):317-329.

LOTTER, G.A. 2006. Die Heilige Gees genees – ook emosionele pyn. (Resensie van Seamands, D.A. 2004. Genesing van emosionele pyn. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 136 p.) *Koers,* 71(2,3,4):655-657.

LOTTER, G.A. 2007. Pastorale Teologie: voëlvlug en (voorlopige) landing. (Intreerede met inhuldiging as professor in die Pastorale Teologie aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus op 29 Oktober 2004.) Potchefstroom: NWU. 11 p. (Wetenskaplike bydraes, reeks H: Intreerede nr. 185.)

LOUW, D.A. 1987. Die psigologie as wetenskap. (*In* Louw, D.A., *red.* 1987. Inleiding tot die psigologie. 2de uitg. Johannesburg: Lexicon Uitgewers. p. 1-41.)

LOUW, D.A. & EDWARDS, D.J.A., *reds.* 1998. Sielkunde: 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitg. Johannesburg: Heinemann. 858 p.

LOUW, D.A., *red.* 1987. Inleiding tot die psigologie. 2de uitg. Johannesburg: Lexicon Uitgewers. 649 p.

LOUW, D.J. 2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: from metaphysics (sub-stantial thinking) to empirism (experiential thinking); from theism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 18(2):33-54.

LUKOFF, D. & LU, F. 2005. A transpersonal-integrative approach to spiritually oriented psychology. (*In* Sperry, L. & Shafranske, E.P., *eds.* Spiritually oriented psychotherapy. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 177-205.)

MAARTENS, H. 2001. Beseer in sy diens: God se genesing vir gelowiges wat seergekry het. Kaapstad: Struik Christelike Boeke. 264 p.

MACNUTT, F. 1990 [1974]. Healing. New York: Image Books Doubleday. 335 p.

MAHRER, A.R. 1989. How to do Experiential Pscychotherapy: a manual for practitioners. Ottawa: University of Ottawa Press. 153 p.

MAIER, B.N. 2004. Evaluating Theophostic Ministry. *Trinity magazine, Leanne Payne / Pastoral Care Ministries newsletter, p.*23-24, Spring.

MAIER, B.N. & MONROE, P.G. 2003. A theological analysis of Theophostic Ministry. *Trinity journal,* 24(2):169-188, Fall.

MASON, J. 2002. Qualitative researching. 2nd ed. London: SAGE. 223 p.

MAXFIELD, L. & HYER, L.A. 2002. The relationship between effficacy and methodology in studies investigating EMDR treatment of PTSD. *Journal of clinical psychology,* 58:23-42.

MCCORMACK, G. 2005. Telefoniese mededeling aan outeur. Klerksdorp.

McINTIRE, C.T. 1985. Herman Dooyeweerd in North America. (17 p.) http://www.freewebs.com/ctmcintire/DooyeweerdNorthAmerica1985.pdf Date of access: 6 Sept. 2008.

MEYER, W.F., MOORE, C. & VILJOEN, H.G. 1988. Persoonlikheidsteorieë: van Freud tot Frankl. Johannesburg: Lexicon Uitgewers. 492 p.

MILES, M.B. & HUBERMAN, A.M. 1994. Qualitative data analysis: an expanded sourcebook. 2nd ed. Thousand Oaks: SAGE. 338 p.

MILLER, E. 2005. An evaluation of Theophostic Prayer Ministry. http://www.theophostic.com/freepdfs/PST001.pdf Date of access: 6 April 2008.

MILLER, W.R., *ed.* 1999. Integrating spirituality into treatment: resources for practitioners. Washington, Wash.: American Psychological Association. 293 p.

MINIRTH, F., MEIER, P., HEMFLET, R., SNEED, S. & HAWKINS, D. 2004. Love hunger. 2nd ed. Nashville, Tenn.: Thomas Nelson Publishers. 326 p.

MÖLLER, A.T. 1987. Wat is persoonlikheid? (*In* MÖLLER, A.T., *red.* 1987. Persoonlikheidsielkunde. Durban: Butterworth. p. 1-17.)

MÖLLER, A.T., *red.* 1987. Persoonlikheidsielkunde. Durban: Butterworth. 271 p.

MOMBERG, H. 2003. "Stel die geeste op die proef ..." *Die Kerkblad,* 106(3150):43-45, Apr..

MORRIS, L. 1971. The Gospel acccording to John: the English text with introduction, exposition and notes. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 936 p.

MÜLLER, M.C. 2003. Skryf Afrikaans: van A tot Z. Kaapstad: Pharos. 718 p.

MURRAY, A. 1980. Algehele oorgawe. Uit Engels vertaal deur Timo Kriel. 3de uitg. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers. 117 p.

MURRAY, J. 1965. The epistle to the Romans. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 286 p. (The New International Commentary on the New Testament series.)

NEE, W. 1968. The spiritual man: in three volumes. New York: Christian Fellowship Publishers, Inc. 694 p.

NEL, M. 1991. Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die praktiese teologie. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 6(1):22-37.

NG KERK-UITGEWERS. 1983a. Die Heidelbergse kategismus of onderwysing in die Christelike leer. (*In* NG Kerk-Uitgewers. Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Goodwood: NG Kerk-Uitgewers. p. 185-222.)

NG KERK-UITGEWERS. 1983b. Dordtse leerreëls. (*In* NG Kerk-Uitgewers. Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Goodwood: NG Kerk-Uitgewers. p. 223-261.)

NICOL, W. 2000. Godsdiens wat wérk: ontdek die soort godsdiens wat vir jou die beste werk. Wellington: LUX VERBI.BM. 211 p.

NICOL, W. 2002. Gebed van die hart: word stil en beleef God. Wellington: Lux Verbi.BM. 191 p.

NICOSIA, G. 1995. Eye movement desensitization and reprocessing is not hypnosis. *Dissociation,* 8(1):69.

NORCROSS, J.C. & SHAPIRO, F. 2002. Integration and EMDR. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 341-356.)

NWU (NOORDWES-UNIVERSITEIT). 2007. Handleiding vir nagraadse studie. Potchefstroom: Noord-wes-Universiteit. 45 p.

ODENDAL, F.F & GOUWS, R.H., *reds.* 2005. HAT: verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 5de uitg. Kaapstad: Maskew Miller Longman. 1448 p.

OLTHUIS, J.H. 1992. The Word of God and Creation. (Also in *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 25 (1989):25-37.) (14 p.) http://www.freewebs.com/jamesolthuis/WordGodCreation.pdf Date of access: 6 Sept. 2008.

OLTHUIS, J.H. 2000. Of webs and whirlwinds; me, myself and I. (*In* Strauss, D.F.M & Botting, M., *eds.* Contemporary reflections on the philosophy of Herman Dooyeweerd: a supplement to the collected works of Herman Dooyeweerd. Lewiston: The Edwin Mellen Press. p. 31-48.)

OTERO, T.M. 1986. Altering your inner limits: imagery-related techniques in Neuro-linguistic Programming. (*In* Sheikh, A., *ed.* Anthology of imagery techniques. Milwaukee, Wis. :American Imagery Institute. p. 289-312.)

PAVLOV, I.P. 1928. Lectures on conditioned reflexes: twenty-five years of objective study of the higher nervous activity (behaviour) of animals. Volume 1. Uit die Russies vertaal deur W. Horsley Gantt. New York: International Publishers. 414 p.

PAYNE, L. 1995. The healing presence: curing the soul through union with Christ. Grand Rapids, Mich.: Baker. 288 p.

PEARSON, M. & NOLAN, P. 1995. Emotional release for children: repairing the past – preparing the future. Melbourne: ACER (The Australian Council for Educational Research Ltd). 212 p.

PELSER, G.M.M. 1984. Die reformatoriese grondbeskouing oor die Christen as *"simul iustus et peccator"* in die lig van Rom 7:14-25. *Hervormde teologiese studies,* 40(1):92-110, Febr.

PERETTI, F. 2002. Die gewonde gees. Uit die Engels vertaal deur Cliff Smuts. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 140 p.

PIETERSE, H.J.C. 1992. Woord en werklikheid in die moderne Praktiese Teologie. *In die Skriflig,* 26(3):325-335.

PIETERSE, H.J.C. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN. 203 p.

PIETERSE, H.J.C., GREYLING, S. & JANSE VAN RENSBURG, H.J. 2004. Die implikasies van P. Ricoeur se handelingsteorie vir die homiletiek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 19(1):89-118.

PLUTCHIK, R. 2003. Emotions and life: perspectives from Psychology, Biology, and Evolution. 2nd ed. Washington, Wash.: American Psychological Association. 381 p.

POPEJOY, B. 1976. The case for divine healing. Springfield, Mo.: Gospel Publishing House. 63 p.

POWLISON, D.A. 1996. Competent to counsel? The history of a conservative Protestant anti-psychiatry movement. Pennsylvania, N.J.: University of Pennsylvania. (Dissertation – Ph.D.) 461 p.

RALPH. 2003. Reaction to "I get concerned when we criticize things like Theophostic Ministries." http://www.behindthebadge.net/apologetics/discuss1116.html Date of access: 2 Jul. 2003.

READER'S DIGEST ASSOCIATION, INC. 1990. ABC's of the human mind: a family answer book. New York: The Reader's Digest Association, Inc. p. 336.

RETIEF, Y. 2000. Joy comes in the morning: letters to a survivor of abuse. Cape Town: Struik Chrsitian Books. 206 p.

RETIEF, Y. 2004. Genesing vir trauma: in die Suid-Afrikaanse konteks. Kaapstad: Struik Christelike Boeke. 160 p.

RICHARDS, L.O. & MARTIN, G. 1981. A theology of personal ministry: spiritual giftedness in the local church. Grand Rapids, Mich.: Zondervan. 332 p.

RIDGWAY, I.R. 2006. A disclosing model of psychotherapy. (28 p.) (Paper for Tabor College, Victoria; Semester 2) http://www.freewebs.com/reformational/ADisclosingModelofPsychotherapy_1_.pdf Date of access: 6 Sept. 2008.

RIDGWAY, I.R. 2007a. Sensory perception in Christian counselling: insights form Herman Dooyeweerd's philosophy. (21 p.) (Lecture 13; Theory & Practice 1; Semester 1) http://www.myauz.com/ianr/articles/2221lect13sens.pdf Date of access: 31 Mar. 2008.

RIDGWAY, I.R. 2007b. Theophostic Prayer Ministry. (Revised 25/2/2008). (18 p.) (Lecture 12; Theory & Practice 2; Semester 2) http://myauz.com/ianr/articles/lect12theophosticprayerministry.pdf Date of access: 31 Mar. 2008.

RITCHIE, J. & LEWIS, J., *eds.* 2003. Qualitative research practice: a guide for Social Science students and researchers. London: SAGE. 335 p.

RITCHIE, J., LEWIS, J & ELAM, G. 2003. Designing and selecting samples. (*In* Richie, J. & Lewis, J., *eds.* Qualitative research practice: a guide for Social Science students and researchers. London: SAGE. p. 77-108.)

ROGERS, C. 1951. Client-centered therapy: its current practice, implications and theory. London: Constable. 560 p.

ROGERS, C. 1960. On becoming a person: a therapist's view of psychotherapy. London: Constable. 420 p.

ROGERS, C. & KINGET, G.M. 1960. Psychotherapie en menselijke verhoudingen: theorie en praktijk van de non-directieve therapie. Utrecht: Uitgeverij het Spectrum. 302 p.

SACKS, O. 1996. Neurological dreams. (*In* Barrett, D., *ed.* Trauma and dreams. Cambridge, Mass.: Harvard University Press. p. 212-216.)

SADOCK, B.J. & SADOCK, V.A., *eds.* 2005. 2 vols. Kaplan & Sadock's comprehensive textbook of psychiatry. Vol. 2. 8th ed. Philadelphia: Lippincott Williams & Wilkins. 2055-4064 p.

SANDFORD, J.L. & SANDFORD, P. 1982. The transformation of the inner man. Tulsa, Okla.: Victory House. 412 p.

SANDFORD, J.L. & SANDFORD, P. 1985. Healing the wounded spirit. Tulsa, Okla.: Victory House. 473 p.

SANFORD, A.M.W. 1966. The healing gifts of the Spirit. New York: HarperSanFrancisco. 222 p.

SANFORD, A.M.W. 1972 [1947]. The healing light. 2nd ed. New York: Ballentine Books. 174 p.

SCHOEP, G.K. 1948. Neurose en religie. *Philosophia reformata: orgaan van de Vereniging voor Calvinistische Wijsbegeerte,* 13:168-186, 4de kwartaal.

SEAMANDS, D.A. 1985. Healing of memories. Amersham-on-the-Hill: Scripture Press Foundation. 190 p.

SEAMANDS, D.A. 2004. Healing for damaged emotions. Colorado Springs, Colo.: Life Journey. 142 p.

SELIGMAN, M.E.P. 2002. Authentic happiness: using the new positive psychology to realize your potential for lasting fulfillment. New York: Free Press. 321 p.

SHADOAN, J.M. 2003. Therapy in solitude: the application of contemplative prayer to counseling. *Chistian counseling today,* 11(4):28-31.

SHAPIRO, F. 1989a. Efficacy of the Eye Movement Desensitization procedure in the treatment of traumatic memories. *Journal of traumatic stress,* 2(2):199-223.

SHAPIRO, F. 1989b. Eye Movement Desensitization: a new treatment for post-traumatic stress disorder. *Journal of behavior therapy and experimental psychiatry,* 20(3):211-217.

SHAPIRO, F. 1991. Eye Movement Desensitization and Reprocessing procedure: from EMD to EMD/R – a new treatment model for anxiety and related traumata. *The behavior therapist,* 14(5):133-135.

SHAPIRO, F. 2001 [1995]. Eye Movement Desensitization and Reprocessing: basic principles, protocols, and procedures. 2nd ed. New York: Guilford Press. 472 p.

SHAPIRO, F. 2002a. EMDR 12 years after its introduction: past and future research. *Journal of clinical psychology,* 58(1):1-22.

SHAPIRO, F. 2002b. EMDR and the role of the clinician in psychotherapy evaluation: towards a more comprehensive integration of science and practice. *Journal of clinical psychology,* 58(12): 1453-1463. www.interscience.wiley.com Date of access: 8 Dec. 2004.

SHAPIRO, F. 2004. Welcome to EMDR Institute, Inc. http://inst@emdr.com Date of access: 27 April 2007.

SHAPIRO, F. 2004. What is EMDR? Frequently asked questions: Nr. 12. Is EMDR an exposure therapy? http://www.emdrnetwork.org Date of access: 27 April 2007.

SHAPIRO, F. & FORREST, M.S. 1997 [2004]. EMDR: the breakthrough therapy for overcoming anxiety, stress, and trauma. Updated ed. New York: Basic Books. 311 p.

SHAPIRO, F. & MAXFIELD, L. 2002. Eye movement desensitization and reprocessing (EMDR): information processing in the treatment of trauma. *JCLP/In Session: Psychotherapy in practice,* 58(8):933-946, Aug. www.interscience.wiley.com Date of access: 8 Dec. 2004.

SHAPIRO, F., *ed.* 2002. EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. 441 p.

SHAPIRO, S. 2001. Enhancing self-belief with EMDR: developing a sense of mastery in the early phase of treatment. *American journal of psychotherapy,* 55(4):531-542, Jan. 1. http://search.epnet.com/login.aspx?direct=true&AuthType=cookie,ip,url,uid&db=aph&an=5963070 Date of access: 8 Dec. 2004.

SHURINK, E.M. 1998. The methodology of unstructured face-to-face interviewing. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik. p. 297-312.)

SHURINK, W.J. 1998. Participant observation. (*In* De Vos, A.S., *ed.* Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik. p. 277-296.)

SIEGEL, D.J. 2002. The developing mind and the resolution of trauma: some ideas about information processing and an interpersonal neurobiology of psychotherapy. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 85-121.)

SILVERMAN, D. 2006. Interpreting qualitative data: methods for analyzing talk, text and interaction. 3rd ed. London: SAGE. 428 p.

SILVERMAN, R.E. 1974. Psychology. 2nd ed. New Jersey: Prentice-Hall, Inc. 746 p.

SKINNER, B.F. 1990. Can psychology be a science of mind? *American psychologist,* 45(11):1206-1210, Nov.

SMELIK, E.L. 1973. Het Evangelie naar Johannes: de weg van het Woord. Nijkerk: Uitgeverij G.F. Callenbach. 348 p.

SMIT, J.H. 1992. Dooyeweerd oor die hart. (*In* Smit, J.H., Strauss, S.A., Strauss, P.J., *reds.* Reformasie in ootmoed: opstelle opgedra aan Professor Pieter de Bruyn Kock - in lewe professor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. p. 159-190.)

SMIT, J.H., STRAUSS, S.A., & STRAUSS, P.J., *reds.* 1992. Reformasie in ootmoed: opstelle opgedra aan Professor Pieter de Bruyn Kock - in lewe professor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Bloemfontein: Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. 238 p.

SMITH, E.M. 1996. Beyond tolerable recovery: TPM (basic training video's). Campbellsville, Ky.: Alathia.

SMITH, E.M. 1999. Beyond tolerable recovery: TPM (basic video seminar workbook). Campbellsville, Ky.: Alathia. 49 p.

SMITH, E.M. 2000a. Beyond tolerable recovery: moving beyond tolerable existence into Biblical maintenance free victory! 4th ed. Campbellsville, Ky.: Alathia. 350 p.

SMITH, E.M. 2000b. Genuine recovery: orientation and overview of the basic principles of Theophostic Ministry. 2nd ed. Campbellsville, Ky.: Alathia. 77 p.

SMITH, E.M. 2002a. Healing life's hurts through theophostic prayer. 2nd ed. Ventura, Calif.: Regal Books. 174 p. [Formerly published as *Healing life's deepest hurts* by Servant Publications and New Creation Publishing in 2002.]

SMITH, E.M. 2002b. Theophostic Ministry: advanced training level one. 3rd ed. Campbellsville, Ky.: New Creation Publishing. 132 p.

SMITH, E.M. 2002c. Theophostic Ministry troubleshooter's guide. Campbellsville, Ky.: New Creation Publishing. 130 p. (Compiled by Andrea Panozzo).

SMITH, E.M. 2003a. Forgiveness with feelings: being in the right position so that you can genuinely forgive from a place of peace. *Theophostic journal (IATM),* (1):9-10.

SMITH, E.M. 2003b. Forgotten memories. *Theophostic journal (IATM),* (1):44-45..

SMITH, E.M. 2003c. Memories of the womb? *Theophostic journal (IATM),* (1):29-31.

SMITH, E.M. 2004a. A comparison of Theophostic Ministry and Recovered Memory Therapy. *Theophostic journal (IATM):* 44-48, March/Spring.

SMITH, E.M. 2004b. Frequently asked questions and other information. http://www.theophostic.com Date of access: 11 Aug. 2004.

SMITH, E.M. 2004c. Ministry mishaps when dealing with demonized people. *Theophostic journal (IATM):* 18-21, March/Spring.

SMITH, E.M. 2004d. Ministry with the demonized. *Theophostic journal (IATM):* 6-9, March/Spring.

SMITH, E.M. 2004e. Other negative postings. http://www.theophostic.com Date of access: 30 Jul. 2004.

SMITH, E.M. 2004f. Positive reviews and testimonies. http://www.theophostic.com Date of access: 30 Jul. 2004.

SMITH, E.M. 2004g. The 12 essentials of Theophostic Ministry. *Theophostic journal (IATM)*: 28-32, March/Spring.

SMITH, E.M. 2004h. Theophostic Prayer Ministry guidelines: for the facilitator of a Theophostic Prayer Ministry session. http://www.theophostic.com Date of access: 30 Jul. 2004.

SMITH, E.M. 2004i. What are the primary ciriticisms of Theophostic Prayer Ministry? http://www.theophostic.com Date of access: 31 Jul. 2004.

SMITH, E.M. (http://www.theophostic.com) 2004j. Why was Tape 3 replaced in the basic video training? E-mail to: Botha, J.U. (hsbenade@absamail.co.za) Nov. 22.

SMITH, E.M. 2006a. A "Theophostic" moment in the life of Simon Peter. http://www.theophostic.com/content.asp?ID=143 Date of access: 2 Jul. 2008.

SMITH, E.M. 2006b. Salvation from our sin and from ourselves. http://www.theophostic.com/content.asp?ID=39 Date of access: 5 May 2007.

SMITH, E.M. 2006c. Statement of faith. http://www.theophostic.com/content.asp?ID=54 Date of access: 24 Oct. 2008.

SMITH, E.M. 2006d. TPM continually improves with the help of redemptive criticism. http://www.theophostic.com/content.asp?ID=25 Date of access: 6 April 2008.

SMITH, E.M. 2007a. Theophostic prayer ministry: basic training seminar manual. 5th ed. Campbellsville, Ky.: New Creation Publishing. 238 p. [Formerly published as *Beyond tolerable recovery: moving beyond tolerable existence into Biblical maintenance free victory!* 4th ed. Campbellsville, Ky.: Alathia in 2000.]

SMITH, E.M. 2007b. Theophostic prayer and the Word of God: Theophostic Prayer Ministry basic training seminar 2007. [PowerPoint presentation].

SMITH, W. 2000. Dichotomy of trichotomy? How the doctrine of man shapes the treatment of derpression. *Journal of Biblical counseling,* 18:21, Spring.

SMYTH, N.J. & POOLE, D. 2002. EMDR and cognitive-behavior therapy: exploring convergence and divergence. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 151-180.)

SNAPE, D. & SPENCER, L. 2003. The foundations of qualitative research. (*In* Richie, J. & Lewis, J., *eds.* Qualitative research practice: a guide for Social Science students and researchers. London: SAGE. p. 1-23.)

SPERRY, L. 2005. Integrative spiritually oriented psychotherapy. (*In* Sperry, L. & Shafranske, E.P., *eds.* Spiritually oriented psychotherapy. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 307-329.)

SPERRY, L. & SHAFRANSKE, E.P., *eds.* 2005. Spiritually oriented psychotherapy. Washington, Wash.: American Psychological Association. 368 p.

SPIEGEL, H., GREENLEAF, M. & SPIEGEL, D. 2005. Hypnosis. (*In* Sadock, B.J. & Sadock, V.A., *eds.* Kaplan & Sadock's comprehensive textbook of psychiatry. Vol. 2. 8th ed. Philadelphia: Lippincott Williams & Wilkins. p. 2548-2568.)

SPIER, J.M. 1972. Oriëntering in die Christelike wysbegeerte. Uit Engels vertaal deur H.J. en D.F.M. Strauss. Bloemfontein: Sacum. 159 p.

SQUIRE, L.R. 1986. Mechanisms of memory. *Science,* 232:1612-1619.

SQUIRE, L.R. 1987. Memory and brain. New York: Oxford University Press. 217 p.

SQUIRE, L.R. & ZOLA-MORGAN, S. 1991. The medial temporal lobe memory system. *Science,* New Series, 253(5026):1380-1386, Sep. 20. http://www.jstor.org/about/terms.html Date of access: 25 Feb. 2006.

STAKE, R.E. 2000. Case studies. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., *eds.* Handbook of qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks: SAGE. p. 435-454.)

STARK, F., ARGYLE, M. & SCHWARZ, N., eds. 1991. Subjective well-being: an interdisciplinary perspective. Oxford: Pergamon Press. 291 p.

STEYN, J. 2008. Guidelines for the application of the Theophostic Prayer Ministry. *In die Skriflig,* 42(1):127-144.

STEYN, R.S. 2005. Die impak van die postmodernisme op voor-huwelikse verhoudings: 'n pastorale studie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.) 210 p.

STEYN, R.S. & LOTTER, G.A. 2006. Voor-huwelikse verhoudings: 'n verkennende kwalitatiewe empiriese ondersoek. *Praktiese teologie in Suid-Afrika,* 21(1):104-120.

STICKGOLD, R. 2002. EMDR: a putative neurobiological mechanism of action. *Journal of clinical psychology,* 58:61-75.

STOOP, D. & MASTELLER, J. 1996. Forgiving our parents, forgiving our selves: healing adult children of dysfunctional families. Ann Arbor, Mich.: Servant Publications. 370 p.

STRAUSS, D.F.M. 1969. Wysbegeerte en vakwetenskap. Bloemfontein: Sacum. 358 p.

STRAUSS, D.F.M. 1971. Wetenskap en werklikheid: oriëntering in die algemene wetenskapsleer. Bloemfontein: Sacum. 70 p.

STRAUSS, D.F.M. 1979a. Die uniekheid van die mens: intreerede van professor D.F.M. Strauss, Departement Wysbegeerte, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1 Mei 1979. Bloemfontein: UOVS. 15 p.

STRAUSS, D.F.M. 1979b. Die teoretiese blootlegging van Skeppingsbeginsels. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 15:254-264, 3de en 4de kwartaal.

STRAUSS, D.F.M. 1980. Geskiedenis van die humanistiese Wysbegeerte. Deel A. Bloemfontein: UV. 96 p. (Studiegids Wysbegeerte 3.)

STRAUSS, D.F.M. 1992. Kritiese denke en denkkritiek. (*In* Smit, J.H., Strauss, S.A., Strauss, P.J., *reds.* Reformasie in ootmoed: opstelle opgedra aan Professor Pieter de Bruyn Kock - in lewe professor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. p. 112-122.)

STRAUSS, D.F.M. 2002. Is it possible to do theology without philosophical presuppositions? *Acta theologica* 22(1):146-164.

STRAUSS, D.F.M. 2006. The best known but least understood part of Dooyeweerd's philosophy. *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 42(1&2):61-80.

STRAUSS, D.F.M. & BOTTING, M., *eds.* 2000. Contemporary reflections on the philosophy of Herman Dooyeweerd: a supplement to the collected works of Herman Dooyeweerd. Lewiston: The Edwin Mellen Press. 295 p.

STRAUSS, D.F.M., STONE, H.J.S., LOMBARD, J.C. & GERBER, J.M., *reds.* 1977. Woord en wetenskap. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery (VCHO). 290 p.

STRAUSS, P.J. 1992. P de B Kock: prediker-filosoof in die greep van die reformasie. (*In* Smit, J.H., Strauss, S.A., Strauss, P.J., *reds.* Reformasie in ootmoed: opstelle opgedra aan Professor Pieter de Bruyn Kock - in lewe professor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. p. 17-26.)

STRAUSS, S.A. 1987. 'n Geheiligde lewe: oefening in die toewyding aan God. *Fax theologica: tydskrif van die fakulteit teologie,* 7(1):20-38.

STRÜMPHER, D.J.W. 1990. Salutogenesis: a new paradigm. *South African journal of pscychology,* 20(4):265-276.

STRÜMPHER, D.J.W. 1995. The origins of health and strenght: from 'salutogenesis' to 'fortigenesis.' *South African journal of pscychology,* 25(2):81-89.

SUE, D., SUE, D. & SUE, S. 2000. Understanding abnormal behavior. 6th ed. Boston, N.Y.: Houghton Mifflin Company. 579 p.

SUINN, R.M. 1975. Fundamentals in behavior pathology. 2nd ed. New York: Wiley & Sons. 595 p.

SWEET, L. 2000. Postmodern pilgrims: first-century passion for the 21st century world. Nashville, Tenn.: Broadman & Holman Publishers. 194 p.

TAPSCOTT, B.S. 1975. Inner healing through healing of memories. Houston, Tex.: Tapscott Ministries. (distributed by Kingwood, Tex.: Hunter Publishing Company). 96 p.

TAPSCOTT, B.S. 1987. Ministering inner healing Biblically: that you and others may be healed. Houston, Tex.: Tapscott Ministries. 184 p.

TASKER, R.V.G. 1989. The Gospel according to St. John: an introduction and commentary. Leicester: Inter-Varsity Press. 237 p.

THIESSEN, W.J. 2003. Praying in a new reality: a social constructionist perspective on inner healing prayer. Pretoria: University of South Africa (UNISA). (Thesis - D.Phil.) 227 p.

THIESSEN, W.J. 2006. Inviting God into our stories: a social constructionist description of inner healing prayer. *Practical theology in South Africa,* 21(3):207-223.

VALLE, R.S. 1989. The emergence of transpersonal psychology. (*In* Valle, R.S. & Halling, S. *eds.* Existensial-phenomenological perspectives in psychology: exploring the breath of human experience. New York: Plenum Press. p. 257-268.)

VALLE, R.S. & HALLING, S., *eds.* 1989. Existensial-phenomenological perspectives in psychology: exploring the breath of human experience. New York: Plenum Press. p. 355.

VAN DER KOLK, B.A. 2002. Beyond the talking cure: somatic experience and subcortical imprints in the treatment of trauma. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 57-83.)

VAN DER KOLK, B.A., WEISAETH, L. & VAN DER HART, O. 1996. History of trauma in psychiatry. (*In* Van der Kolk, B.A., McFarlane, A.C. & Weisaeth, L., *eds.* Traumatic stress. New York: Guilford Press. p. 47-74.)

VAN DER MERWE, C.L. 2007. 'n Ondersoek na die pastoraal-terapeutiese interaksie tussen vergifnis, selfvergifnis en spiritualiteit. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. (Proefskrif – D.Th.) 320 p.

VAN DER WALT, B.J. 2001. What does it mean to be reformed? An answer from a worldview perspective. *In die Skriflig,* 35(2):299-316.

VAN DER WALT, T. 1996. Hoekpale van gereformeerd wees: kernwaarhede van die gereformeerde leer. *In die Skriflig,* 30(4):519-532.

VAN DER WALT, T. 2007. Die Messias het gekom: 'n gids in die Evangelies vir toegewyde Bybelstudente. Pretoria: V&RDrukkery. 309 p.

VAN EEDEN, C. 2003. Psychological well-being. (*In* Basson, P.J., Fouché, J.B., Saaiman, C.I. & Van Eeden, C. Study guide Psychology (PSY5004). Pretoria: Vista University. p. 1-22.)

VAN ETTEN, M.L. & TAYLOR, S. 1998. Comparative efficacy of treatments for posttraumatic stress disorder: a meta-analysis. *Clinical psychology and psychotherapy,* 5:126-144.

VAN OLST, E.H. 1982. Lichamelijkheid als probleem in de wijsgerige antropologie: rede uitgesproken bij de aanvaarding van het ambt van gewoon hoogleraar in de wijsgerige antropologie, inzonderheid met betrekking tot de biopsychische aspecten van het menselijk bestaan in de Centrale Interfaculteit en in de faculteit der Sociale, Wetenschappen/Subfaculteit der Psychologie van de Vrije Universiteit te Amsterdam op 21 mei 1982. Amsterdam: Vrije Universiteit. 21 p.

VELTHUYSEN, D.N. 1989. A pastoral theological examination of inner healing. Grahamstown: Rhodes University. (Thesis - D.Phil.) 287 p.

VENTER, C.J.H. 1991. "Jou enigste troos": pastorale perspektiewe en motiewe uit die Heidelbergse Kategismus. *In die Skriflig,* 25(1):47-69.

VENTER, C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit – 'n verkenning. *In die Skriflig,* 26(1):15-28.

VENTER, C.J.H. 1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig,* 27(2):247-260.

VENTER, C.J.H. 1998. Spiritualiteit in die lig van Romeine 12. *In die Skriflig,* 32(4):457-468.

VENTER, E.A. 1970. Wysgerige temas: 'n keur van Christelik-wysgerige opstelle uit die pen van wyle Prof. dr. Erasmus Albertus Venter. Bloemfontein: Sacum. 192 p.

VILJOEN, H.G. 1988. Historiese oorsig van sielkundige denke. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. Persoonlikheidsteorieë: van Freud tot Frankl. Johannesburg: Lexicon Uitgewers. p. 19-32.)

VITZ, P.C. 1977. Psychology as religion: the cult of self-worship. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 149 p.

VOSLOO, W. & JANSE VAN RENSBURG, F., *reds.* 1999. Die Bybellennium: eenvolumekommentaar: die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 1902 p.

WACHTEL, P.L. 2002. EMDR and psychoanalysis. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 123-150.)

WAGNER, C.P. 1999. Churchquake! How the new apostolic reformation is shaking up the church as we know it. Ventura, Calif.: Regal. 276 p.

WEAVER, A.J. 1993. Psychological trauma. What clergy need to know. *Pastoral psychology,* 41(6):385-408.

WESTEN, D. 1996. Psychology: mind, brain, & culture. New York: Wiley & Sons. 735 p.

WHITFIELD, C.L. 1987. Healing the child within: discovery and recovery for adult children of dysfunctional families. Deerfield Beach, Fla.: Health Communications, Inc. 150 p.

WHITFIELD, C.L. 1990. A gift to myself: a personal workbook and guide to healing my child within. Deerfield Beach, Fla.: Health Communications, Inc. 263 p

WILDER, E.J. 2003. Current brain theory and basic TheoPhostic ministry. *Theophostic journal (IATM),* (1):15-19.

WILDER, E.J. & SMITH, E.M. 2002. Keeping your ministry out of court: avoiding unnecessary litigation while ministering to emotionally wounded people. Campbellsville, Ky.: Alathia. 174 p.

WILKINSON, D. & BIRMINGHAM, P. 2003. Using research instruments: a guide for researchers. London: RoutledgeFalmer. 175 p.

WILSON, W.P. 2003. There is power, wonder-working power: the power of God in therapy. *Christian counseling today,* 11(4):54-58.

WITHERSPOON, M.E. 2003. An outcome study of TPM. *Dissertation abstracts international: Section B: the sciences & engineering,* 63(9-B):4391. Abstract in EBSCO-host Database, reference number 0419-4217.

WOLPE, J. 1973 [1969]. The practice of behavior therapy. 2th ed. New York: Pergamon Press. 318 p.

WOLPE, J. & ABRAMS, J. 1991. Post-traumatic stress disorder overcome by eye movement desensitization: a case report. *Journal of behavior therapy and experimental psychiatry,* 22:39-43.

WOLTERS, A.M., WITH GOHEEN, M.W. 2005. Creation regained: Biblical basics for a reformational worldview. 2nd ed. Grand Rapids, Mich.: Eerdmans. 143 p.

WORLD HEALTH ORGANIZATION (WHO). 1992. ICD-10: The ICD-10 classification of mental and behavioural disorders: clinical descriptions and diagnostic guidelines. Geneva: World Health Organization. 362 p.

YANKURA, J. & DRYDEN, W. 1990. Doing RET: Albert Ellis in action. New York: Springer Publishing Company. 185 p.

YIN, R.K. 1994. Case study research: design and methods. 2nd ed. Thousand Oaks: SAGE. 171 p. (Applied Social Research Methods series, 1994:5.)

YOUNG, J.E. 1990. Cognitive therapy for personality disorders: a schema-focused approach. Sarasota, Fla.: Professional Resource Exchange, Inc. 79 p. (Practitioner's Resource series, 1990.)

YOUNG, J.E., ZANGWILL, W.M. & BEHARY, W.E. 2002. Combining EMDR and schema-focused therapy: the whole may be greater than the sum of the parts. (*In* Shapiro, F., *ed.* EMDR as an integrative psychotherapy approach: experts of diverse orientations explore the paradigm prism. Washington, Wash.: American Psychological Association. p. 181-208.)

ZADRA, A.L. 1996. Recurrrent dreams: their relation to life events. (*In* Barrett, D., *ed.* Trauma and dreams. Cambridge, Mass.: Harvard University Press. p. 231-247.)

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handelungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. *(Hrsg)* Praktische Theologie heute. München: Kaiser. p. 164-177.)